UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE GESKIEDENIS VAN PRETORIA 1855 - 1902.

deur

R O B E R T P E A C O C K, M.A.

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes

vir die

G R A A D van D. P H I L.

IN DIE FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

P R E T O R I A.

Januarie 1955.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## BEDANKINGS EN VOORBERIG.

Hiermee wil ek graag my dank betuig aan almal wat my in hierdie studie behulpsaam was.

Eerstens my innige dank en waardering teenoor my promotor Dr. F. du T. Spies, vir sy belanstelling, leiding, aanmoediging, opbouende kritiek en voorligting. Veral sy gewilligheid om te alle tye te help was vir my van baie waarde. Ook my dank aan Mevr. Dr. Spies wat haar huis altyd beskikbaar gestel het vir samesprekings met my promotor en gereeld gesorg het vir lafenis na die gewaardeerde kritiek en besprekings.

Ook dank aan Prof. Dr. A.N. Pelzer, hoof van die departement van Geskiedenis, vir sy baie goeie wenke. Dit is veral op sy aanbeveling dat hierdie werk 'n persoonsregister bevat.

Verder wil ek graag bedank die personeel van die Staatsargief - Pretoria en in besonder Mnre. P.J. Nell, F.P. Pieterse, J.H. Cilliers en H. Botha wat so baie moeite moes doen om die nodige dokumente aan te bring en altyd kon vriendelik bly. Ook dank aan die personeel van die Universiteit van Pretoria se biblioteek, die van die Transvaalse Onderwysdepartement en Staatsbiblioteek van Pretoria. Ook dank aan die personeel van die Aktes- en Landmeter-generaal kantore en in besonder Mnre. van Zyl, Keith en Verdoorn.

Ook maak ek graag melding van die hulp van die Genootskap Oud-Pretoria en belangstellendes in die geskiedenis van Pretoria wat deur Pretoriana en andersins hulle kennis ook aan my laat bekom het.

Dank ook aan Mnr. J.L. van Heerden van die personeel van die Hercules Hoërskool vir die deurlees van die manuskrip en aan Mevr. T.C. Cronjè vir die tikwerk.

Ten laaste ook dank aan my vrou en kinders wat so baie vakansies moes tuisbly en my altyd so aangemoedig het.

************

Van / .........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van alle persone is ek seker die meeste bewus daarvan dat oor dieselfde onderwerp nog baie meer gesê of geskrywe kan word.

Waar groot stede in Europa soos Rome, Berlyn en Londen vir ons 'n weerspieëling is van daardie betrokke volk se politieke, maatskaplike en kulturele groei en ontwikkeling, netso ook is Pretoria die weerspieëling van die politieke maatskaplike en kulturele ontwikkeling van die Boere-nasie, nasate van die Voortrekkers wat hulle in Transvaal gevestig het.

Terwyl daar so dikwels al die geskiedenis van die volkslewe en volksverlede benader en bestudeer is, was daar egter nog altyd 'n leemte in soverre die geskiedenis van die stad Pretoria, in die dae van die Z.A.R., nie ten volle beskryf is nie. Hierdie leemte en die Eeufeesviering van Pretoria in 1955 was die kernmotief tot die aanpak van hierdie werk.

Daar was egter probleme wat oorbrug moes word. Die werk moes of tematies of chronologies benader word en as of die een of die ander skema uitsluitend toegepas word sou die werk nie aan sy vooropgestelde doel beantwoord het nie. Daarom dat die geskiedenis van Pretoria tot 1902 eers chronologies behandel is om die groei gedurende die eerste jare aan te toon en later tematies, toe kerke, skole, posgeriewe en ander instellinge alreeds bestaan het, om sodoende die verdere ontwikkeling aan te toon.

Die afsluiting in 1902 is ook die afsluiting van Pretoria onder die regering van die Z.A.R. Hierna het die huidige of nuwere Pretoria begin en tog is Pretoria nog die stad waar Paul Kruger se gees woon.

R. Peacock,
Montaquestraat 713,
Hercules,
PRETORIA.

JANUARIE 1955.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# I N H O U D.


## H O O F S T U K I. — Bladsye.

PRETORIA T O T 1855. - 1-30

(a) Die eerste bewoners van die terrein waar in 1855 die dorp Pretoria sou ontstaan:- Die Amandebele. Die Soeloes onder Silkaats. G.S. Bronkhorst, P.C. Minnaar, A. v.d. Walt en die Fourie-trek. - 1

(b) Staatkundige ontwikkeling in die Transvaal 1838 - 1853 : - 7

Die eerste Trekkers in Transvaal. A.H. Potgieter in Potchefstroom en Andries Ohrigstad. J.J. Burger en A.H. Potgieter. Lydenburg en Zoutpansbergdorp. Die koms van A.W.J. Pretorius. Die Zandrivier-konvensie. Memories vir die stigting van 'n sentrale setelplaas vir die Volksraad. Die Lydenburg-besluit. Die voorspelling van Pretoria deur die „Zuid-Afrikaan."

(c) Kerklike aangeleenthede :- 19

Behoefte aan predikante in Transvaal. Ds. D. v.d. Hoff. Die stigting van 'n vyfde gemeente op Elandspoort onder die naam Pretoria Philadelphia. Die naam Pretoria.

(d) Die gemeenteplaas „Pretoria Philadelphia" word dorp:- 24

Gewestelike geskille in die Transvaal. Die tweede aansoek vir die stigting van 'n dorp op Elandspoort en Daspoort. Rede vir die stigting van Pretoria. Die derde poging vir die stigting van Pretoria. Pretoria was nooit hoofstad van die Z.A.R. nie.

**********************

## H O O F S T U K II. — Bladsye.

PRETORIA 1855 TOT 1860. - 31-65

(a) Die bou van die kerk en die eerste inwoners van Pretoria tot 1857: - 31

Die kollektelys van ouderling N.J. Smit. Die bou


van / .........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die kerk. Die uitmeet van Kerkplein deur Devereux en J. Visage. Die eerste inwoners rondom Kerkplein. Die koms van A.F. du Toit. Inwyding van die kerk. Weereens gewestelike geskille. Veldkornet A. v.d. Walt. Landdros A.F. du Toit. Die goedkeuring van die grondwet van 1858. Die grenslyn van Pretoria.

(b) Die opmeting van Pretoria deur A.F. du Toit in 1857 (Erwe en watervore): - 43

Die dorpsplan van du Toit. Die uitmeting. Bakens van die dorp.

(c) Die algemene vooruitgang van Pretoria vanaf die aanstelling van die eerste landdros tot 1860: - 53

Dorpsregulasies vir Pretoria. Moeilikhede van A.F. du Toit. Die distriksgrens is verander. J.J.P. Prinsloo word landdros.

(d) Die instelling van 'n posdiens na en van Pretoria, skoolgeriewe en sosiale lewe tot 1860: - 60

Posdiens tussen Pretoria en Potchefstroom. J.W. Struben begin die eerste skool. Stiemens volg Struben op. B.G.A. Arnoldi die eerste mediese dokter. Sosiale lewe in Pretoria.

****************

HOOFSTUK III. Bladsye.

PRETORIA 1860 - 1872. - 66 - 96

(a) Die regeringskantore word na Pretoria oorgeplaas en regeringsaangeleenthede in Pretoria tot 1872 : - 66

Pretoria die mees sentrale dorp in Transvaal. Vanaf 1 Mei 1860 word Pretoria die setel van die Goewerment. Die regering neem transport van die grond wat Pretorius gekoop het. Die regering sorg vir watertoevoer. Die dam en watervore. Die oprigting van die Goewermentsgebou. Winkels rondom die Kerkplein.

(b) / .........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsye.

(b) Pretoria en die Burgeroorlog van 1862 - 1864: - 73
M.W. Pretorius word president van die Vrystaat. J.H. Grobler word waarnemende president in Transvaal. S. Schoeman veroorsaak moeilikheid. S.J.P. Kruger besoek Schoeman. Die Volksraad skors sekere amptenare. Die voorgestelde hoëgeregshofsitting. Verset teen die geregshofsitting. Paul Kruger na Pretoria. Schoeman ontsnap uit Pretoria. Van Rensburg word president. Van Rensburg verlaat Pretoria. M.W. Pretorius word weer president.

(c) Die totstandkoming en geskiedenis van verskillende kerkgenootskappe in Pretoria 1860 tot ± 1872: - 82
Die Nederduitsch Hervormde Kerk in die Transvaal. Die Gereformeerde Kerk. Die Wesleyaanse Kerk en die Berlynse Sendinggenootskap.

(d) Pogings tot die stigting van 'n munisipaliteit in Pretoria. - 88
F.K. Mare word landdros na J.J.P. Prinsloo. J.G. Bantjes word landdrosklerk. J.F. Schutte volg F. K. Mare op. 'n Munisipaliteit vir Pretoria word toegestaan. Die munisipaliteit word teruggegee aan die regering. C. Moll word landdros. Markpryse in Pretoria.

(e) Algemene uitbreiding en sosiale lewe in die sestiger en begin sewentiger jare tot die koms van President Burgers : - 91
Nog erwe vir 'n plein word afgestaan. Huise om Kerkplein. Swaardgeveg in Pretoria. Die „Pretoria Rifle Corps." Sport. Poskoetse. Die begraafplaas.

*********************

H O O F S T U K IV.

DIE BURGERSTYDPERK 1872 - 1877. - 97 - 134

(a) Die koms van President Thomas Francois Burgers na Pretoria : - 97

Iets /.......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



T.F.Burgers 1834-1872 Die huis van Pres. 97
Burgers in Pretoria. „De Volksstem" in Pretoria.
Die Burgersponde. Die spoorwegplanne van Pres.
Burgers. Die artillerie-korps. Regter J.G. Kotze
in Pretoria. Pres. Burgers was sy tydgenote voor-
uit.

(b) Pretoria as die kern van die Burgers-onderwyswet:- 102
'n Skoolkommissie vir Pretoria. J.N. Jackson word
Engelseonderwyser. Die Burgers-onderwyswet. Ver-
skillende ander skole in Pretoria. W.J. van Gorkom
word superintendent van Onderwys. Die „Gymnasium" onder
Dr. Roorda-Smit. Ds. Bosman se „Prospect Seminary."
Agitasie teen die Burgers-onderwyswet.

(c) Die Botaniese Tuin en algemene groei van Pretoria
1872 - 1877 : - 110
Die oprigting van 'n botaniese tuin . J.H. McLea
word kurator. Skenkings aan die botaniese tuin.
Indeling van die tuin. O. Lincke volg McLea op.
Die begin van 'n biblioteek en museum. Die eerste
bank in Pretoria. Goud in Pretoria. Insameling
van fondse vir 'n hospitaal. Die tronk. Besig-
hede en hotelle. Pogings om 'n stadsaal te bou.

(d) Die heropmeting van Pretoria in 1873 - 1877
deur A.H. Walker : - 119
Moeilikhede met erfnommers. Die dorp en dorpsgronde
moet weer opgemeet word. Die werk van A.H. Walker.
A.F. du Toitse besoek aan Pretoria in 1877. A.
Bechtle se opmeting kom op die Walker-kaart
voor. Pretorius-plein.

(e) Sosiale aangeleenthede in Pretoria gedurende
die sewentiger jare : - 127
Die inwonerstal van Pretoria ± 1875. Lys van
stemgeregtigde burgers. Vermaaklikhede In
Pretoria. 'n Gedig van W.J. van Gorkom,

die / ........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsye.

Die vrywillige „Artellerie Corps". Dokters in Pretoria Weereens 'n munisipaliteit.

*****************

## H O O F S T U K V.

## DIE BRITSE REGERINGSTYD IN PRETORIA 1877 TOT 1881. - 135 - 171

(a) Shepstone se koms na Pretoria en die eerste anneksasie van Transvaal : - 135

Die Britse Buitelandse politiek. Carnarvon se federasie-skema. Opdragte aan Shepstone. Shepstone se koms na Pretoria. Shepstone se ontvangs in Pretoria. Eetmale en partytjies. Morcom se beskrywing van Pretoria. Die sitting van die Volksraad. Shepstone se anneksasie.

(b) Die administrasie van Transvaal en gebeurtenisse in Pretoria tydens die Britse bewind van 12 April 1877 tot Desember 1880. - 143

Redes waarom Shepstone so lank gewag het. Britse troepe in Pretoria. Inswering van Shepstone. 'n Troepemag na Lydenburg. „The Pretoria Municipal Board." Sir Owen Lanyon volg Shepstone op. Pretoria word 'n stad met vier wyke. Stadsraadsverkiesing. J.C. Preller word Burgemeester. Die mark verskuiwe van Kerkplein. Paaie uit Pretoria. Pretoria word telegrafies verbind. Voorstel vir 'n opgaardam vir Pretoria. Die Standard Bank en Loretoklooster. 'n Biertuin en Duitse klub. Sport. Die Britse bewind aanvaar Pretoria as hoofstad. Afskeid van Pres. Burgers.

(c) Politieke woelinge in Transvaal 1877-1880 - 151

Paul Kruger en Dr. Jorissen na Europa. 'n Verslagvergadering in Pretoria op 7 Januarie 1878. Die hou van publieke vergaderings word belet. Die tweede deputasie. Die Imperiale „Tien Geboden." Die sending

na / .......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsye.

na die Kaapkolonie. Die Bezuidenhout voorval in Potchefstroom. Paardekraal. Heidelberg word tydelik hoofstad. Pretoria bly lojaal.

(d) Die Eerste Vryheidsoorlog in Transvaal en die beleg van Pretoria 1880 - 1881. - 160
Die eerste skote val te Potchefstroom. 'n Ultimatum aan Sir Owen Lanyon. Pretoria word georganiseer vir die stryd. Die slag van Bronkhortspruit. Die kamp in Pretoria. Die dorp is verlate. Die kamp-lewe. „The news of the camp." Kamp-rantsoene. Gevegte om Pretoria. Groente- en vrugtepr--se. Die nuus van Majuba. Vrede.

***************

H O O F S T U K VI.

ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE. 172 - 210

(a) President Kruger noem die leisels oor of Transvaal vanaf Maart 1881 tot Maart 1884. - 172
Vredesonderhandelinge. Samesprekings op O'Neill se plaas. Finale reëlings in Pretoria. Die Pretoriase Konvensie. Begrafnis van die „Union Jack." Die inswering van amptenare van die Z.A.R. Die presidentsverkiesing. Paul Kruger word president. Die Londense Konvensie vervang die Pretoriase Konvensie.

(b) Administratiewe aangeleenthede: 'n Kort oorsig van wat die landdroste vir Pretoria gedoen het vanaf 1857 tot 1896 en die totstandkoming van 'n onafhanklike munisipaliteit in 1897. - 180.
Landdroste A.F. du Toit, P.J. Botha, J.J.P. Prinsloo, F.K. Mare, J.F. Schutte, C. Moll, W. Skinner, J.R. Lys, J.Z. de Villiers, J.S. Smit en C,E. Schutte. Die tydelike stadsbestuur. Dorpsregulasies. Amptenare van die tydelike stadsbestuur. Die permanente stadsbestuur van 19 Januarie 1899.

(c) / ........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsye.

(c) Die oprigting van Staatsgeboue en die markhuis 1877 - 1899. - 189
Die Raadsaal of „Gouvernements-Gebouwen." Die Paleis van Justisie. Ander Regeringsgeboue. Die Markgebou.

(d) Pretoria as middelpunt van die Spoorweg-aangeleenthede in die Z.A.R. - 201
M.W. Pretorius probeer om die Z.A.R. met die Indiese oseaan te verbind. Pres. Burgers probeer Lourenco Marques koop. Pres. Burgers probeer toe 'n spoorweg bou tussen Pretoria en Lourenco Marques. Pres. Kruger gaan voort met die plan om 'n spoorweg tussen Pretoria en Lourenco Marques te bou. Die konsessie van E.McMurdo. Pogings van die Kaapkolonie om 'n aansluiting met Transvaal te kry. Die N.Z.A.S.M. Die bou van die spoorlyn tussen Boksburg en Johannesburg. Die Suiderlyn. Die Delgoabaailyn. Amptelike opening van die Delgoabaailyn in 1895. Die feestelikhede in Pretoria.

*************

H O O F S T U K VII.

SOSIALE AANGELEENTHEDE. - 211-256.

(a) Die algemene ontwikkeling en groei van Pretoria 1881 - 1899. - 211
Die „Uitspanningsplein" word Markplein. Kerkplein grens aan die omliggende erwe. Die grasdak Kerk op Kerkplein stort in. Inwyding van die nuwe Kerkgebou in 1885. Die opleiding-skool van W. Louis. Die Stadsaal, hotelle en besighede. Weereens 'n munisipaliteit in 1884. Die Volkshospitaal in 1888. Elektriese verligting vir Pretoria. 'n Brandweerstasie. 'n Speurderskantoor. Die opmeting van Arcadia, Muckleneuk en Sunnyside.

(b) / .......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsye.

(b) Openbare Geriewe : - 221

Die Staatsbiblioteek. „Paardetrems". Ander publieke voertuie. Telefoondiens. Allerlei soos banke, tolhekke, landbougenootskap en Pretoria klub.

(c) Hospitale, die Museum en Dieretuin in Pretoria. - 231

Die Volkshospitaal. Die Leprose-gestig. Die Kranksinnige Gestig. Die Museum. Die Dieretuin.

(d) Watervoorsiening en Parke 1890-1899. - 238

L.G. Forstman kry 'n konsessie vir watervoorsiening in Pretoria. Voorwaardes vir die konsessie. Reëls en regulasies vir die lewering van water. Arcadia en Sunnyside is nog sonder water. Lewering van water aan parke.

(e) Die Nie-blankewoonbuurtes in Pretoria. - 243

Naturellebediendes woon eers in buitegeboue. Dr. Wangemann van die Berlynse Sending-genootskap. Die Skoolplaas. Marabastad. Indiërs in Transvaal. Indiërs in Pretoria. Wet No. 3 van 1885. Indiërs moet in lokasies woon. Die Indiërlokasie. Erwe waarop Indiërs gewoon het.

(f) Allerlei sake tot 1899. - 249

a. Waar sommige inwoners van Pretoria gewoon het.
b. Besighede rondom Kerkplein in 1899.

*****************

H O O F S T U K VIII.

DIE KRUGERBEWIND IN PRETORIA - 257-307

(a) Kerklike Aangeleenthede. - 257

Pogings om kerke te verenig. Die Ned. Hervormde of Gereformeerde kerk. Skeuring. Kerkplein die twisappel. Pres. Kruger probeer sake skik. Die regering koop Kerkplein.

(b) Onderwys in Pretoria 1881 - 1899. - 264

Pres. / ........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsye.

Pres. Burgers se onderwyswet. Dr. Vacy Lyle. Ds. H.S. Bosman volg Dr. Vacy Lyle op. Ds. S.J. du Toit as Superintendent van onderwys. Verskillende skole in Pretoria. Die „Hooge School" van W. Louis. Die skool van Mej. van Pommeren. Dr. N. Mansvelt word Superintendent van onderwys. Die Mansvelt onderwyswet. Die Staats-Gimnasium. Die Staatsmodelskool. Die Staatsmeisieskool. Die Transvaalse Onderwysers-Vereniging.

(c) Die geskiedenis van die verskillende koerante in Pretoria tot 1899 - 274.

1. Die Staatskoerant.
2. De Volksstem.
3. Land en Volk.
4. The Transvaal Argus.
5. Transvaal Advertiser.
6. The Press, The Weekly Press en „De Pers."
7. The Pretoria News.

(d) Pretoria en die Jameson-inval. - 284

Johannesburg en sy goud. Die Uitlanders. Die Uitlander-griewe. Dr. Jameson na Pitsani. Die „National Union." Die „Reformers." Die Jameson-inval. Jameson en sy gevolg in Pretoria. Die verhoor van die Reformers. Die Marksaal word hofsaal. Die vonnisse.

(e) Die Verdediging van Pretoria. - 296.

Die Artillerie- en „Rifle" korps. Die „Rydende Staats-artillerie en Polisiekorps. Die Staatsartillerie. Saluut skote in Pretoria. Forte om Pretoria.

**************

HO O O F S T U K IX.

DIE ANGLO-BOEREOORLOG. 308-338.

(a) Pretoria en die politieke vertroebelinge 1895-1899. - 308

Botsing met Sir John Kotze. Die skaakspel tussen Kruger en Milner. Nogeens Uitlandergriewe. Samesprekings in Bloemfontein / ......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bloemfontein. Hofmeyr in Pretoria. Die stemregkwessie. Troepesametrekkings op die grense.

(b) Die Ultimatum en verdere verloop van gebeurtenisse tot Mei 1900. - 316

Die Ultimatum. Brittanje se antwoord. Oorlog. Krygswet. Reëlings in Pretoria. Krygsgevangenes. Wintson Churchill. Dood van Kom.-Gen. P.J. Joubert.

(c) Die oorgawe van Pretoria. - 325

Johannesburg val in Britse hande. Die opmars na Pretoria. Pretoria word oorgegee. Die intog van Lord Roberts. Die kampterrein van die troepe.

(d) Die tydperk 5 Junie 1900 tot 31 Mei 1902 in Pretoria.- 332

Generaal-Majoor J.G. Maxwell se reëlings. R.K. Loveday word Burgemeester. Spioene in Pretoria. Blokhuise om Pretoria. Onderhandelings vir vrede. Die vrede van Vereniging.

**********

Bylae 1 ~~HOOFSTUK 10~~.

STRAATNAME VAN PRETORIA-SENTRAAL. - 339 - 359.

Alle strate in Pretoria-sentraal soos op die kaart van die Pretoriase Publisiteitsvereniging 1953. Sketskaart van die strate.

************

B Y L A E.

2. Brief van A.F. du Toit aan H. Stiemens - 6 Maart 1875 (R558/75). - 360
3. Kaart van dorpsgronde.1875 - 363
4. Kaart van die Oostelike voorstede. - 1890 - 364
5. Saamgestelde kaart van von Wielligh.1890. - 365
6. Brief van M.W. Pretorius aan Pres. Kruger oor Kerkplein (R 1913/90). 366

**************

LITERATUUR EN BRONNELYS. 367

*************

PERSOONS- EN PLEKREGISTER. 376

********************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK I.

## PRETORIA TOT 1855.

### A. DIE EERSTE BEWONERS VAN DIE TERREIN WAAR IN 1855 DIE DORP PRETORIA SOU ONTSTAAN.

Dit is nie bekend watter naturellestamme almal in die Moot (die gedeelte waarop die stad Pretoria aangelê is en verder Wes tot by Hartebeestpoort) gewoon het nie. Die oorlewering van die Mapokkers bring egter aan die lig dat 'n Bantoehoofman, Musi, leier van die Amandebele, waarskynlik byne twee eeue gelede bewoner van die omstreke van die Wonderboom was.

Die oorlewering bring verder aan die lig dat Musi twee seuns gehad het en dat stamrusies as gevolg van bedrog tussen die twee broers, oor wie leier moes word, die Amandebele genoodsaak het om die gebied te verlaat.[1)]

Na die Amandebele die Moot verlaat het, het die Bapoo en Baquanas die woonstreke oorgeneem en rustig hier bly woon. Hulle hoofman was Matseli en hulle het so lank hier gewoon dat afstammelinge van hierdie Bapoo en Baquanastamme in die eerste helfte van die vorige eeu beweer het dat hulle altyd hier gewoon het.[2)]

Die Sesothos moes ook stellig saam met die Baquanas hier gewoon het want in Sesotho word Pretoria nie as dorp gesien nie maar as 'n rivier met baie water, wat vermoedelik die Apiesrivier moet wees.[3)]

Hierdie skynbaar rustige samelewing tussen die Magalies- en Witwatersberge (Die Moot) sou egter wreed verstoor word weens moeilikheid wat in Natal onder die Soeloes (of Zoeloes) ontstaan het.

---

1) Pretoriana, Deel 2 No. 4 :- E.F. Potgieter : Pretoria - Voor die koms van die Blanke.

2) Die Van Riebeeck-Vereniging :- Andrew Smith Diary, II, p.110.

3) In Sesotho word gepraat van Pretoria as Tshwanie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Mzilikazi, een van Tsjaka se beste en betroubaarste generaals, was uitgestuur op 'n uitdelgingsveldtog en het so baie buit terug gebring na Tsjaka dat hy besluit het om sommige beeste vir homself te hou.

Tsjaka het van die bedrog van Mzilikazi gehoor en om van sy sekere straf te ontkom het Mzilikazi met ongeveer 15,000 Soeloekrygsmanne oor die Drakensberge gevlug na Transvaal. Op hierdie vlug het Mzilikazi geen mens ontsien of gespaar nie. Die een stam na die ander het hy wreedaardig uitgeroei en hom uiteindelik in die omstreke van Magaliesberg kom vestig.

Vanaf 1824, die jaar waarin Mzilikazi hom langs die Magaliesberge gevestig het, is opnuut oorlog gemaak teen die naburige Bantoestamme sodat die hele Suid-Wes-Transvaal en die Vrystaat onder sy tirannie feitlik ontvolk geraak het.

Presies waar sy hoofvesting langs die Magaliesberge was, is moeilik vas te stel. Volgens 'n kaart van Robert Moffat wat Mzilikazi, of soos die Boere hom later genoem het Silkaats, besoek het, moet dit Oos van die Krokodilrivier en Suid van die Magaliesberge wees.[4)]

Sy hoofkraal moes egter op 'n rant naby 'n rivier en tussen die berge gewees het en daarvolgens stem die teenswoordige Meintjies-kop en omgewing met die Apiesrivier ooreen met die beskrywing. Volgens die plekbepaling van die stat van Silkaats op die kaart van Moffat moes die afstand ongeveer 20 myl van die Krokodilrivier af gewees het.[5)]


Silkaats moes egter die Baquanas (of Bakwenas) van hierdie verblyfplek langs die Magaliesberge met sy baie water en berge verjaag omdat die Apiesrivieroewers vir die Baquanas

ook / .........

---

4) Robert Moffat:-Missionary Labours and Scenes in Southern Africa, p.18 - Kaart en p.530 'n beskrywing van sy besoek.
5) Ibid, p.18 - Kaart. Die skatting wat gemaak word volgens die kaart is na aanleiding van die afstand van die stat na 'n groot sytak van die Krokodil (vermoedelik Pienaarsrivier) en die afstand van die stat van die Krokodilrivier af. Daar die afstand na Pienaarsrivier 40 myl is en die afstand twee maal sover is as die afstand van die Krokodilrivier, kom ek tot die gevolgtrekking van 20 myl. Sien bygaande kaart.

© University of Pretoria




Die Uririvier is die Krokodilrivier

Oorgeteken uit:- Moffat, R. Missionary Labours and scenes in Southern Africa, p 18.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook die gewensde verblyfplek was. Minder belangrike stamme soos die Mapokkers het Silkaats nie verjaag nie en hulle kon suid-wes van die teenswoordige Pretoria bly woon. Sommige van hierdie stamme is selfs ingelyf by Silkaats en daarom word die Mapokkers deur die Sesothos as halwe Mathabeles beskou.

Die heerskappy van Silkaats was maar van korte duur want toe Dingaan vir Tsjaka as koning van die Soeloes opgevolg het, het hy besluit om Silkaats te straf vir sy ontrou aan die Soeloenasie. Hy het 'n impi teen Silkaats uitgestuur en alhoewel Silkaats nie verslaan is nie, het die Soeloes baie van sy beeste saamgeneem Natal toe.

Die gevolg hiervan was dat Silkaats in 1832, na agt jaar se heerskappy, die omstreke van die Apiesrivier noodgedwonge vaarwel gesê het en verhuis het na Groot Marico waar hy die statte Mosega en Kapain aangelê het.

Toe Andrew Smith in 1835 die vorige woonplek van Silkaats langs die Magaliesberge besoek het, was die Bapoo en Baquana stamme nog daar woonagtig maar as onderdane van Silkaats. Vir die Mathabeles het hulle die grootste agting gehad.[6)]

Hierdie heerskappy van Silkaats oor die Baquanas is eers beëindig nadat Dingaan hom in Groot Marico vir 'n tweede maal laat aanval het en Potgieter en Maritz na die slag van Vegkop (16 Oktober 1836) hom te Mosega gaan straf het.

Met die verskuiwing van Silkaats na Mosega en Kapain het daar langs die Apiesrivier moontlikhede ontstaan vir woonplek vir naturelle en blankes. Dit wil egter voorkom asof naturelle nie in Silkaats se vroeëre grondgebied belang gestel het nie sodat die volgende intrekkers blankes was. Dit het egter eers gebeur na die stigting van Potchefstroom in 1838.

Die eerste blanke bewoners van die Apiesrivier-omgewing was Gerhardus Stephanus Bronkhorst met sy vrou Anna Susanna (geb. Minnaar), wat in 1834 uit die distrik Graaff-Reinet

---

6) Die van Riebeeck-Vereniging :- Andrew Smith Diary, II, pp. 107 - 110.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

saam met A.H. Potgieter getrek het en Lukas Bronkhorst, sy broer en mede-trekgenoot, met sy huisgesin.

Hierdie twee broers het in 1842 die plaas Elandspoort aangelê en „besluit om daar te gaan woon, omdat die water vir hulle so mooi was en die saaigeleentheid hulle ook toegelag het. Hulle het met erns hulle toegelê op die uithaal van 'n watervoor en die bou van die eerste hartbeeshuisies."[7)]

Die opstal van G.S. Bronkhorst het gestaan waar die teenswoordige spoorbrug na Lourenco Marques die Apiesrivier kruis, terwyl L. Bronkhorst hoër op in die poort naby die Fontein se oog vir hom 'n aanleg gemaak het. In 1842 is Maria Jacoba, 'n dogter van G.S. Bronkhorst, te Mooirivier met Philippus Carel Minnaar getroud en het die jong egpaar hulle ook in die onmiddellike nabyheid van G.S. Bronkhorst op Elandspoort gevestig.[8)]

Die naaste burè van die Bronkhorst-familie was Andries Beetge, 'n swaer van G.S. Bronkhorst, wat op Garsfontein suid van die teenswoordige Waterkloof gewoon het en Piet Smit in Daspoort.[9)]

In 1845 het G.S. Bronkhorst en sy skoonseun P.C. Minnaar saam met A.H. Potgieter na Ohrigstad versit. Ohrigstad se wêreld was egter baie ongesond. G.S. Bronkhorst het malaria opgedoen en is daar oorlede. Na sy dood het sy weduwee en P.C. Minnaar weer teruggetrek na Elandspoort toe waar Lukas Bronkhorst, wat nie saamgetrek het nie, nog besig was met plant en saai terwyl sy huis nog maar net 'n skerm was.[10)]

In 1844 was die Apiesrivier sterk en het op plekke diep geloop. Die oog, waar die water uitborrel, was oop en omring van varings en struike. Die vallei onderkant die oog was begroei met pragtige groot „vaarlands wilker," soetdoring,

wag-en-bietjie / ........

---

7) Preller, G.S.:-Voortrekkermense, Deel IV, p.137. (Herinnerings van Maria Jacoba Minnaar (geb. Bronkhorst).
8) Ibid p. 138. Lees ook bylaag III in Preller se „Dagboek van Louis Trichard", Tweede Druk, Kaapstad, 1938 waar "G.S.Bronkhorst se voorletters aangegee word as „J.G.S."
9) Ibid. Sien ook R. Peacock :-Die Geskiedenis van Hercules, Ongepubliseerde werk, opgestel tydens die van Riebeeckfees 1952, p.3.
10) Preller, G.S. : Ou Pretoria, p.13.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wag-en-bietjie en buffelspeerbome met biesies, riete, palmiet en braambosse op die oewers van die stroom.[11] Die natuurskoon het menige besoeker gelok (vandag nog) om onder die skaduryke bome uit te rus en drome te droom van wat was en wat nog moet kom. Water was volop en die klimaat van die aangenaamste in Transvaal. Die bulte en vlaktes na die ooste en weste was ruig begroei met soet- en kameeldoringbome terwyl die middelste gedeelte van die teenswoordige stad begroei was met bome waar die gras op die oopkolle jou laat dink het aan goedversorgde grasperke. Die mengelmoes van geure, afkomstig van doring-, wag-en-bietjie- en buffelspeerbome het swaar in die lug gehang en bye was besig om groot voorrade vir hulle neste in te samel terwyl kwaggas, elande en koedoes lui gewei het onder die kwistige hitte van die son.

Snags was dit egter 'n ander toneel want dan het die konings van die woud hulle stem verhef en jag gemaak op die wild wat hier langs die Apiesrivier volop was.[12]

Die rivier, die bronaar van die omgewing, was nie net vir die diere 'n versekering van oorvloed water en gras nie maar het, behalwe die Bronkhorst- en Minnaarfamilies, ook ander blankes van 'n goeie bestaan verseker. Hierdie vrugbare vallei het na 1844 vir Andries van der Walt (die latere veldkornet) bygekry as bewoner. Van der Walt, gedagtig aan die onheile van die wildernis, het hom toe reg teenoor die weduwee Bronkhorst en P.C. Minnaar gaan vestig in die nabyheid van die teenswoordige spoorwegstasie en die Hotel Belgrave.[13]

Maar nog meer Voortrekkers het gehoor van die Apiesrivier se natuurskoon en vooruitsigte. Na die slag van Boomplaas in die Oranje-Vrystaat (1848) het A.W.J. Pretorius 'n hele Trek

saam / ..........

---

11) Ibid, p.p. 10-14- Herinneringe van Maria Jacoba Minnaar (geb. Bronkhorst) in 1915.

12) Volgens M.J. Minnaar moes die eerste intrekkers gereeld jag gemaak het op die leeus en beskrywe sy die Apiesrivier-oewers as 'n „leeunes."

13) Stadsraad van Pretoria :-Eeufeesalbum, p. 15 - Skets van huis van van der Walt.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

saam met hom gebring om hier te kom woon. Hulle was die Fouries, Smits, Minnaars, Vermeulens, van Rensburgs, Prinsloos en Pretoriusse wat mekaar êrens op die Hoëveld aangetref het en saam hierheen gekom het. A.W.J. Pretorius het die Trekkers by die Apiesrivier agtergelaat om self woonplekke te kies terwyl hy na sy plaas, wat langs die Magaliesberge, nie ver van die Apiesrivier gelê het, terug is.[14)]

Die meeste van hierdie nuwe intrekkers, behalwe die Fouries wat op Wildebeesthoek, noord van die Magaliesberge anderkant Hornsnek, gaan woon het, het hulle langs die Apiesrivier op die plase Koedoespoort, Elandspoort en Daspoort gevestig.

Saam met van der Walt het 'n sekere du Preez hom ook langs Apiesrivier kom vestig maar net laer af naby die teenswoordige dieretuin. Hulle almal, ou en nuwe intrekkers was Pretorius-ondersteuners en sou seker hulle stem verhef om die Apiesrivieromgewing as dorp verklaar te kry in later jare toe M.W. Pretorius gepoog het om op die plase Elandspoort en Daspoort, 'n dorp aan te lê.

---

14) Preller G.S. :-Ou Pretoria, p.9 - Beskrywing van die 1848 Trek.

***************

## H O O F S T U K I.

## B. STAATKUNDIGE ONTWIKKELING IN DIE TRANSVAAL 1838-1853.

Verskillende motiewe kan gewoonlik aangevoer word vir die stigting van 'n dorp op 'n besondere plek. Die geografiese ligging en die bodemgeaardheid van die terrein het altyd veel gewig gedra. Potchefstroom kom aan die waterryke Mooirivier tot stand; Pietermaritzburg in 'n pragtige waterryke dal; ook by die uitkies van 'n geskikte terrein vir Pretoria sou waterbronne van invloed wees.

Maar afgesien hiervan was die eintlike motiewe vir

die / ............

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die stigting van dorpe in 'n pioniersgemeenskap gewoonlik van staatkundige en kerklike aard, met die aksent dan op die een, dan op die ander. Pietermaritzburg is miskien in die eerste plek gestig om as hoofstad te dien en tog word die geloftekerk ook daar opgerig. By die stigting van Potchefstroom het die kerklike en staatkundige motiewe miskien weer die deurslag gegee.

Beide motiewe speel 'n rol by die stigting van Pretoria - en hulle word dan ook apart behandel.

Nie dat net staatkundige en kerklike motiewe verantwoordelik is vir die stigting van Pretoria nie, maar waar in hierdie werk die geskiedenis en ontstaan van Pretoria behandel sal word en omdat die stigting van Pretoria in 1855 nou saamhang met die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek, is dit nodig om op die geskiedenis van die Oor-Vaalse gebied, gedurende die wordingsjare, enigsins in te gaan.

************

Die doel van die Groot Trek was om 'n onafhanklike staat tot stand te bring. So kom die Republiek Natalia met die gebied noord van die Vaal, onder 'n adjunkraad te Potchefstroom, as deel daarvan, tot stand.

Hierdie Republiek wat op 16 Oktober 1840[1] gebore is uit verskillende Trekgroepe, wat dieselfde doel gehad het, se bestaan was egter van 'n korte duur. Met die anneksasie van Natal op 15 Julie 1842 het die Adjunk-Raad te Potchefstroom hulle, alhoewel onderhorig aan die Natalse Volksraad, nie aan die Britse gesag onderwerp nie en onafhanklik gebly.[2]

Hiermee is die samewerking tussen die twee Boeregemeenskappe, oos en wes van die Drakensberge, verbreek en het die Republiek Natalia tot 'n einde gekom.

A.H. Potgieter / .......

1) S.A. Argiefstukke:-Transvaal No. 1,1845-1850 - Inleiding, p.XXIII, bevestig die datum.

2) Ibid, p. XXIV - Die onafhanklikheidsverklaring van Potchefstroom.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

A.H. Potgieter, die swerwerpionier en leier in Transvaal, was na die anneksasie van Natal nog meer vasbeslote om niks gemeens met die Britse gesag te hê nie. Nadat hy Smellekamp te Delagoabaai in 1844 ontmoet het, het hy besluit om sy Boeregemeenskap tot noord van die 25ste Suiderbreedtegraad te verskuiwe om sodoende die Britse aanspraak wat vasgelê is in die „Cape of Good Hope Punishment Act" te ontkom en 'n nuwe hoofstad vir sy volgelinge aan te lê.

Die nuwe dorp Andries Ohrigstad is dus om politieke redes gestig maar daar was ook ekonomiese motiewe wat die dorp laat ontstaan het. Met die oog op handel sou dit wenslik wees om naby die Portugese hawe, Delagoabaai, 'n tuiste te vind. Die geografiese ligging van Ohrigstad was, om gesondheidsredes, nie goed gekies nie want die Trekkers sou hierdie oord later moes verlaat. Dit sou egter eers wees nadat broedertwiste die inwoners van Ohrigstad ook in twee kampe verdeel het.

Die Trekkers wat na die anneksasie van Natal, hulle na die Transvaal begewe het en hulle by Potgieter in Ohrigstad gaan vestig het, het weldra met hom gebots oor wie die oppergesag in Ohrigstad sou besit. A.H. Potgieter wat „Hoofd commandant en bestierder" van sy volgelinge was, het die idee van J.J. Burger,[3)] met sy aanhang uit Natal, dat die Volksraad die hoogste gesag moet wees, verwerp.

Uit hierdie botsing is 'n nuwe dorp te Zoutpansberg gebore aangesien A.H. Potgieter, wat die Noordelike bosveld goed geken het, besluit het om liewer van die Burgergroep weg te trek.

Die agterblywende Burgergroep het na A.H. Potgieter se vertrek besluit om ook te verskuif. Op 21 September het die Volksraad besluit om 'n nuwe dorp wat Lydenburg geword het, uit te lê.[4)]

Hierdie twee dorpe, Zoutpansbergdorp en Lydenburg is nie

as / ...............

---

3) J.J. Burger was die gewese sekretaris van die Natalse Volksraad voor die anneksasie.

4) Pelzer, Prof. Dr. A.N.:-Wordingsjare, p. 134-135, beskrywe ook die totstandkoming van Lydenburg en Zoutpansbergdorp.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as gevolg van dieselfde motiewe aangelê nie. Soos uit voorafgaande geblyk het, is Zoutpansbergdorp om politieke redes gestig. Lydenburg is weer om gesondheidsredes aangelê daar baie mense te Ohrigstad aan malaria gesterf het en die Trekkers besluit het om 'n gesonder woonplek te soek, maar die hoofstad-motief soos by die stigting van Ohrigstad is voortgedra ook met die stigting van Lydenburg.

Die stigting van dorpe het wel groei in die Transvaal aangetoon maar die ontwikkeling kan ook toegeskrywe word aan gebrek aan samewerking. Hierdie toestand van sake het nog verder versleg met die aankoms van H.T. Bührmann onder die trekkers. Hierdie H.T. Bührmann het om sy eie populariteit aan te help die Burgergroep en Potgietergroep nog verder teen mekaar uitgespeel en soos weldra gesien sal word, het hy A.W.J. Pretorius ook onder verdenking probeer bring.

Intussen het A.W.J. Pretorius ook die hoop laat vaar om met die Engelse in Natal saam te werk en hom na die Transvaal begewe. A.W.J. Pretorius het ook volgelinge gehad sodat daar by die Volksraad- en Potgieterparty nou 'n derde, die Pretoriusparty, gekom het.[5)]

Hierdie drie partye het verskil oor wie die hoogste gesag in Transvaal sou besit maar aldrie het tog in hierdie opsig ooreengestem dat hulle onafhanklik van Groot Brittanje wou wees. Hierdie gemeenskaplike gedagte is nog sterker uitgebou na die neerlaag van die Boere onder A.W.J. Pretorius te Boomplaas in die Oranje-Vrystaat toe dit duidelik was dat Sir Harry Smith die nuutgestigde Oranje-rivier Soewereiniteit ook vir Groot Brittanje bygekry het en dit gaan behou.

Om seker te maak wat die Transvalers gaan doen ingeval Brittanje die Oor-Vaalse gebied ook sou annekseer, is 'n Volksvergadering te Hekpoort aan die Magaliesberge belê. By die vergadering is besluit dat alle persone wat Britse inmenging in Transvaal sou bewerkstellig as verraaiers gestraf

sal/ ............

5) Engelbrecht, Prof. Dr. S.P.:-Staatkundige Strominge, uit Herv. Teologiese Studies, Sept. 1948, p. 34.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sal word en dat die Transvaal hom nooit aan Britse gesag sou onderwerp nie.

By dieselfde geleentheid is ook gepoog om die ou bestaande geskille in Transvaal tussen die verskillende groepe uit die weg te ruim. H.T. Bührmann wat ook op die vergadering teenwoordig was, het A.W.J. Pretorius by hierdie samekoms dan ook voor die publiek gevra of hy „indien men hem van de overzyde Vaalrivier, of aan deezen zyde, weeder tot zulk eene zaak opriep, of hy dan zulks doen zou of niet," waarop A.W.J. Pretorius verseker het dat hy dit nie weer sou doen nie.[6)]

Hierdie gebeure te Hekpoort word deur H.T. Bührmann per brief aan die Volksraad en publiek van Ohrigstad oorgedra, maar in sy brief maak Bührmann daar melding van dat hy nie glo dat broedertwiste sal ophou nie en plaas hy A.W.J. Pretorius onder verdenking deur te beweer dat wat Pretorius beloof het nog eers bewys moet word.

Nieteenstaande H.T. Bührmann se pessimisme het die vergadering besluit om 'n einde aan die twis te maak en om 'n beter regering daar te stel. 'n Volksraad moet gekies word en dit sou die hoogste gesag onder die Trekkers wees. Selfs A.H. Potgieter wat ook teenwoordig was, het ingestem.[7)]

Om hierdie besluite deur te voer is 'n volgende vergadering op 20 Maart 1849 aan die Olifantsrivier te Van der Merwesdrift belê. Op 22 Maart het die publiek wat opgeroep is na bogenoemde vergadering besluit dat die Volksraad die hoogste gesag is en dat lede intussen vir die Volksraad gekies moes word. Hierdie lede sou dan te Derdepoort op die plaas van Roelof Jansen ingesweer word. Verder is besluit om 'n Regbank op te rig om al die ou twiste en beskuldigings te ondersoek en uitspraak te gee.[8)]

Op 23 Mei 1849 word dan op Derdepoort die eerste Volksraad vir die hele gebied noord van die Vaalrivier ingesweer en die

drie-en-dertig / ...........

---

6) V.R. 64/49.- 'n Brief van H.T. Bührmann aan die lede van die Volksraad en publiek van Ohrigstad, waarin verslag gegee word van die vergadering. 7) Ibid.

8) Soutterversameling, Pak 1 No. 9 - Verslag van die vergadering te van der Merwesdrift, 20 Maart 1849.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

drie-en-dertig artikels wat op 9 April 1844 te Potchefstroom opgestel was, aangeneem.[9)]

Die feit dat 'n Regbank ingestel is om vrede te bewerkstellig, is 'n bewys dat daar, nieteenstaande beroepe wat op die publiek gemaak is vir samewerking, nog nie samewerking was nie. A.H. Potgieter was ook opgeroep om voor die Regbank te verskyn maar die ou leier het geweier om te verskyn en gemoedere het weer begin hoogloop. Die Regbank wat te Elandsrivier op 15 Januarie 1851 bymekaar gekom het, het toe weens A.H. Potgieter se weiering om te verskyn, besluit om vier Kommandant-Generaals aan te stel om sodoende te probeer om tevredenheid te verskaf.[10)]

A.H. Potgieter en A.W.J. Pretorius het nou albei die Volksraad as hoogste gesag erken maar hulle het nog nie heelhartig saamgewerk nie. A.H. Potgieter het homself nog as die vernaamste leier beskou en het eintlik verwag dat A.W.J. Pretorius hom moes raadpleeg aangaande voorgestelde planne vir die regering van Transvaal. Toe A.W.J. Pretorius dus sonder samespreking met A.H. Potgieter op 16 Januarie 1852 te Zandrivier, die Zandrivier konvensie van Hogge en Owen verkry was A.H. Potgieter baie ontevrede oor Pretorius se optrede.

Potgieter se volgelinge het Pretorius verdink van samewerking met die Engelse en die Volksraad het besluit dat die twee leiers mekaar te Rustenburg moes ontmoet. Dit het gelyk asof 'n burgeroorlog sou begin indien Potgieter en Pretorius mekaar nie kon vind nie.

Die kerkraad van die Nederduits Gereformeerde Gemeente van Rustenburg het dan ook daadwerklik opgetree om 'n versoening te bewerkstellig. A.H. Potgieter en A.W.J. Pretorius het mekaar in 'n tent op die kerkplein ontmoet en hulle met mekaar versoen. Die Zandrivier-konvensie wat die onafhanklikheid van die Transvaal

erken / ..........

---

9) S.A. Argiefstukke : Transvaal No. 1, 1845-1850, pp. 99-100.

10) Ibid, No. 2, 1851-1853, pp. 3-4 en E.V.R. 3, pp. 111-138.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

erken het, is aangeneem en nou kon die leiers saam met die opbou van die Oor-Vaalse gebied voortgaan.

Dis ongelukkig dat A.H. Potgieter in Desember 1852 en A.W.J. Pretorius in Julie 1853 gesterf het. Nadat hulle mekaar gevind het, kon hulle gesamentlik opgetree het vir die vooruitgang van die Transvaal maar die heengaan van genoemde twee leiers het hulle gesamentlike optrede belet. Gelukkig dat hulle twee seuns P.J. Potgieter en M.W. Pretorius wat in hulle plekke gekies is as Kommandant-Generaals hand aan hand saamgewerk het.

Een van die eerste sake wat P.J. Potgieter en M.W. Pretorius aangepak het was „om de zittings plaatz der Volksraad te bepalen in het midden des Lands dewyl dit tot grooter gemakte der geheele bevolking strekken zou."[11]

Hierdie behoefte vir 'n sentrale setelplaas vir die Volksraad het nie in een oomblik opgevlam nie, want so vroeg as April 1851 rig die burgers van Suikerbosrand 'n memorie tot die Volksraad waarin hulle, hulle begeerte dat „ons hoofstad meer in't dikste midden van die bevolking mag te zyn en niet op het uithoek waar het niet kan beschermd worden," uitspreek.[12]

Die hoofstad waarna in die memorie verwys word was Lydenburg[13] nadat Ohrigstad van die toneel verdwyn het. Vir Suikerbosrand was Lydenburg dus wel op 'n uithoek, maar hulle gee ook nie in die memorie 'n uiteensetting van waar die hoofstad moet wees nie. Miskien is toe reeds aan die omgewing van Derdepoort gedink aangesien die Volksraad in 1849 aldaar byeengekom het om die Volksraadslede te bevestig.

Waar P.J. Potgieter en M.W. Pretorius in 1853 nou amper dieselfde voel as die memoraliste van Suikerbosrand kan ons aanneem dat daar 'n behoefte aan 'n sentrale hoofstad of setel-

plaas / ............

11) Art. 50 van Kommissieraadsvergadering te Rustenburg, 9 Aug. 1853.

12) S.A. Argiefstukke:- Transvaal No. 2, p. 204 waar die oorspronklike memorie opgeneem is.

13) Pelzer, Prof. Dr. A.N.:-Wordingsjare, p. 143 en V.R.B., 19 Sept. 1849, Art. 22.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plaas vir die Volksraad bestaan het maar of die samewerking in Transvaal nou al van so 'n mate was dat Lydenburg dit sou toelaat, sal weldra gesien word.

M.W. Pretorius het blykbaar vermoed dat Lydenburg teen die aanlê van 'n sentrale setelplaas sou wees en om hulle enigsins voor te berei, skrywe hy vanaf Magaliesberg op die 23ste Augustus 1853 aan die „W.Ed. Heere Volksraad tans zitting houden te Lydenburg" onder andere die volgende in 'n brief : „Op aanzoek van het publiek met de zitting te Rustenburg om een plaats in het midden der bewoond land te hebbe, waar de Ed. Volksraad hunne zitting neeme zal, op dat van alle kanten de belang hebbende de zitting van den Ed. Raad by woone kan en ook een vaste instelling dat geene te leurstelling meer voort komt, zoo heb ik gevonden de plaats van de Heer J.J.P. Prensloo en A. van der Walt boven aan Apiesrivier, voor een der geschikste plaatsen tot dien einde, om rede het in het midden legge, en ook bekwaam gelegen voor een stad te bouwe, groote en uitgestrecte bouw grond en water ........ "

Voorts meld M.W. Pretorius in sy brief dat die publiek en die kerkraad (kerken colegie) van Rustenburg hom aangeraai het om na van der Walt en Prinsloo se plase te gaan kyk en dit indien nodig ook te koop. Hy het die plase na besigtiging toe aangekoop vir 8,000 Rds. Die twee eienaars sou in elk geval hulle tuine kon uithou aangesien dit nie binne die voorgestelde dorpsgrond sou val nie.

M.W. Pretorius bring die gunstige ligging van die plase onder die aandag van die Volksraad - nie alleen as dorp nie, maar ook as setel van die Volksraad. Deur die meer sentrale ligging daarvan sou beter bywoning van die Volksraadsvergaderings verwag kan word.

Oor die naam van die voorgestelde dorp laat M.W. Pretorius hom nie uit nie maar gee aan die hand dat die naam van die dorp aan hulle oorgelaat word. Wie presies die „hulle" was kan nie gesê word nie; dit mag of die publiek en kerkraad van Rustenburg

gewees / ..........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewees het of dit kon M.W. Pretorius in samewerking met ander persone soos die twee oorspronklike eienaars Prinsloo en van der Walt wees of dit kon Potgieter en Pretorius wees.

Tog maan M.W. Pretorius dat daar dadelik erwe verkoop moet word aangesien die Koopvoorwaarde is dat drie maande na die sitting van die Volksraad te Lydenburg die eerste paaiemente betaal moet word.

Verder meld M.W. Pretorius dat Kommandat-Generaal Potgieter hom opdrag gegee het om te soek na 'n geskikte plaas om die dorp aan te lê en dat Potgieter ook die brief mede sou onderteken het as hy nie siek was nie.[14)]

Hiervolgens (die brief van M.W. Pretorius) kan twee gevolgtrekkings gemaak word nl. dat P.J. Potgieter nie 'n plaas gekies het waarop die voorgestelde dorp aangelê moes word nie en dat M.W. Pretorius op aandrang van die publiek en kerkraad van Rustenburg die twee halwe plase van Prinsloo en van der Walt aangekoop het.

Waarom die publiek en kerkraad van Rustenburg die plase van Prinsloo en van der Walt gekies het, word nie in die brief genoem nie. Vir my is dit duidelik dat M.W. Pretorius die publiek en kerkraad van die plase moes vertel het en dat hulle toe ingewillig het want M.W. Pretorius het te Kalkheuwel naby Apiesrivier gewoon en daar A.W.J. Pretorius in 1848 mense juis na hierdie streek langs Apiesrivier gebring het, moes M.W. Pretorius die plase en bewoners dus goed geken het. Oor sy aandeel in die keuse van die dorpsterrein wy M.W. Pretorius nie uit nie.* Hierdie brief (van M.W. Pretorius) is, soos M.W. Pretorius voorgestel het, te Lydenburg in September 1853 behandel maar die uitslag was negatief.[15)]

Wat / .........

---

14) V.R. 310/53:- Brief van M.W. Pretorius aan die Volksraad, - 23 Augustus 1853.
* In 'n volgende hoofstuk "Die stigting van Pretoria," word meer breedvoerig hieromtrent geskrywe.

15) V.R.B:-19 September 1853, Art. 80.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat het dan te Lydenburg gebeur?

Die endossement op die brief lui : „Van de hand geweesen volgens Art. 80 der Raadsbesluiten van September 1853 te Lydenburg." Die rede hiervoor was omdat „de Ed. Raad nog geen uitkomst ziet nieuwe dorpen aan te leggen omdat de noodige fondsen daartoe ontbreeken."

Saam met M.W. Pretorius se brief is ook 'n memorie van Suikerboschrand gedateer 1 September 1853 behandel. Die memorie was ook ten gunste van 'n sentrale setelplaas maar die Volksraad het dit ook afgekeur omdat „de zaken nog niet zoo zyn geregeld om tot zulk een stap te kunnen overgaan."[16)]

Gebrek aan „de noodige fondsen" was die vernaamste rede aangegee waarom die voorstelle tot stigting van 'n sentrale vergaderplek vir die Volksraad afgestem is. Geld was ongetwyfeld uiters skaars. Op dieselfde vergadering is die traktement vir M.W. Pretorius as Kommandant-Generaal afgestem omrede hulle „niet weten waar de fondsen uit te vinden."[17)]

Die wenk van M.W. Pretorius in sy brief om die koste te bestry deur die verkoop van erwe het blykbaar nie die oorweging van die Volksraad geniet nie. Die vernaamste rede was blykbaar die gebrek aan die nodige samewerking tussen die verskillende dele van Transvaal.

Die besluit van die Volksraad was egter nie eenparig nie. J.J.P. Prinsloo en H.A. Pretorius het teen die besluit van die Volksraad gestem en hulle name is aangeteken.

As die publiek en kerkraad van Rustenburg, soos in die brief van M.W. Pretorius vermeld word, oor die aanlê van die dorp langs Apiesrivier besluit het nog voor M.W. Pretorius die idee gekry het moes hulle Volksraadslid ook teen die besluit van die Volksraad gestem het. Daar die teenstemme egter van M.W. Pretorius se oom en die eienaar van een van die twee aangekoopte plase kom, wil dit voorkom asof die idee van die

nuwe / ..........

---

16) V.R. 318/53:- Memorie van Suikerboschrand vir 'n sentrale setelplaas, 1 September 1853.
17) V.R.B:- Lydenburg, 19 Sept. 1853, Art. 27.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nuwe dorpaanleg van M.W. Pretorius afkomstig is.

Persone laer af langs die Apiesrivier was ook nie ten gunste van die stigting van 'n dorp op Elandspoort en Daspoort nie. Hulle maak beswaar teen die voorgestelde dorp omdat hulle plase „vervallen en onbestaanbaar worden (sal) door dien aanleg."[18)]

Die voordele wat so 'n nuwe dorp vir die Republiek sou inhou word nie bespreek nie. Die Apiesrivierbewoners sien nie 'n nuwe mark vir hulle produkte en die styging in grondpryse nie. Die Lydenburgers is bang dat hulle nie meer erkenning vir Lydenburg as hoofstad sou kry nie, maar aan die samewerking wat daar behoort te wees tussen die publiek word nie gedink nie.

Die persone te Suikerboschrand was egter nie te vrede met die uitspraak van die Volksraad te Lydenburg nie en op 7 November 1853 rig hulle weer 'n versoek aan die Volksraad wat gedurende daardie maand te Potchefstroom sou sit. Hulle vra om op die plaas „Eilanspoord" wat deur M.W. Pretorius aangekoop is 'n dorp te stig."[19)]

Die persone van Suikerboschrand meen dat die dorp vir homself kan betaal. Hoe dit gedoen moet word stel hulle nie vas nie, maar dit moet seker uit die verkoop van erwe wees.

M.W. Pretorius het die saak van 'n dorp op die aangekoopte plase langs Apiesrivier ook weer voorgebring, maar hierdie keer vra hy die Volksraad dat die plaas goedgekeur word as 'n „Colonieplaats" of dorp. Die term „Colonieplaats" word nie baie in ons geskiedenis aangetref nie maar dit beteken 'n plek waar mense bymekaar woon sonder dat die plek as dorp verklaar is.

M.W. Pretorius het verder aangevoer dat die dorp onder 'n veldkornet kan sorteer wat as 'n wyk van die Landdros van Rustenburg opgeneem kan word. Die pleidooi het egter op dowe ore

geval / .............

---

18) VR 312/53:- Memorie van Apiesrivier teen die stigting van 'n dorp langs Bo-Apiesrivier.

19) S.A. Argiefstukke: Transvaal. No. 2, p. 485 - Kopie van memorie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geval en „door de verschillende gevoelens der Leden heeft zyn E. Zyn versoek terug gevraagd."[20)]

Terwyl die stryd vir die stigting van 'n dorp in die middel van die Republiek in Transvaal nog aan die gang is, skets „De Zuid-Afrikaan" van Kaapstad op 17 Oktober 1853 'n heel ander prentjie, asof die goedkeuring vir die stigting al verkry was. Daar word berig : „Men is ook overeengekomen eene nieuwe stad aan te leggen en dezelve ter gedachtenis van den overleden Generaal Pretorius te noemen : Pretoriusstad." Verder word geskrywe van wie die plase gekoop is en teen watter prys, ook dat dit een „der schoonste streken dezer gewesten, gelegen aan Derdepoort, in het middenpunt der Republiek" is. Oor die toekoms van die dorp word daar ook heelwat gespekuleer. Die plan sou wees dat die Kommandant-Generaal, M.W. Pretorius hom op die nuwe dorp sou vestig. Die Volksraad sou daar sitting hou en 'n Hooggeregshof sal daar saamgestel word. Sodra 'n kerk en pastorie gebou is, sal die predikant hom waarskynlik ook in die nuwe dorp gaan vestig sodat „alle vooruitzigt bestaat dat die stad spoedig zal bebouwd en bevolkt worden.[21)]

Dit sou egter nie so maklik gaan as wat die artikel dit voorspel het nie aangesien ons reeds gesien het dat die Volksraad van Transvaal die stigting van die dorp nie wou goedkeur nie.

Was die berig 'n vergesig, sou baie dinge waar gekom het, net baie stadiger. Die kerk sou eerste gebou word en dit was juis die kerk wat die stigting van Pretoria weer in die Volksraad ter sprake gebring het. Deur die werk van die kerkraad,

van / .............

---

20) Art. 63:- Volksraadsbesluit, 21 Nov. 1853, te Potchefstroom en S.A. Argiefstukke :-Transvaal No. 2, p.180 - waar die Artikel opgeneem is.

21) Pieterse J.J. :-Geskiedenis van Pretoria tot 1877 : Bylaag I word die hele berig weergegee. In die verhandeling van J.J. Pieterse, p.7, word Dr. Bernhardus Poortman genoem as die waarskynlike korrespondent van die berig in die „Zuid-Afrikaan." Dr. Gustav Preller :-Ou Pretoria, p.50 skrywe egter dat die berig vanuit Potchefstroom gestuur is na „De Zuid-Oost Afrikaan te Pietermaritzburg en wel in November i.p.v. „De Zuid-Afrikaan" te Kaapstad deur 'n korrespondent te Rustenburg.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die gemeente Rustenburg, sou die Volksraad dit goedkeur om 'n kerkplaas of gemeente op die twee aangekoopte plase van M.W. Pretorius te stig, maar daarvan word in die volgende hoofstuk geskrywe.

************

## HOOFSTUK I C : KERKLIKE AANGELEENTHEDE

Soos bekend het geen Kaapse predikant die Trekkers gevolg nie en moes hulle bedien word deur sendelinge soos Erasmus Smit en Daniel Lindley.

Tog word in Potchefstroom 'n begin gemaak met die oprigting van 'n Kerkgebou deur A.H. Potgieter. Sonder 'n predikant moes 'n Kerkraad sorg vir die geestelike belange van die Trekkers en op 23 Februarie 1842 stel die Volksraad die eerste Kerkraad vir Potchefstroom aan.[1)]

Die behoefte vir 'n predikant was groot en nadat die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Kaap, af en toe 'n paar leraars uitgestuur het om die Trekkers met die sakramente te bedien, het die Trekkers pogings aangewend om predikante uit Nederland te beroep. Dit was nie omdat die Transvalers Ds. A. Murray Sr. en Ds. P.K. Albertyn beskuldig het dat hulle nie goeie werk gedoen het nie, maar omdat die Kaapse predikante deur die Britse regering besoldig is en die Transvalers Britse inmenging gevrees het. „Inteendeel, hulle werk in Transvaal was net soos elders tot groot seën, en tot verkwikking van baie."[2)]

Met die tweede besoek van Kaapse predikante, hierdie keer was dit Ds. Faure en Dr. Robertson (1849), het Ds. Faure aan die Kerkraad die inligting gegee hoe om te werk te gaan om 'n predikant uit Nederland te beroep.[3)]

Die Kaapse Synode was nie onwillig nie maar dan moes die Transvaalse gemeentes onder die „Synode der Nederduitsch Gereformeerde /..........

---

1) Engelbrecht, Dr. Prof. S.P.:-Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, (Tweede uitgawe), p. 50.
2) Ibid, p. 55. 3) Ibid , p. 55.
4) Prof. Lauts het sedert 1847 in Holland morele en geestelike hulp vir die Voortrekkers gesoek. Alhoewel beroepsbriewe aan die Synode van die Hervormde Kerk in Holland gerig is, is die koms van Ds. v.d. Hoff aan hom te danke.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

reformeerde Kerk in Zuid-Afrika" sorteer. Korrespondensie oor hierdie saak is gevoer maar geen instemmende antwoord is van die Transvaal ontvang nie. Die rede waarom die Transvalers nie onder die Kaapse Synode wou sorteer nie was omdat hulle bang was dat die Engelse deur die Kaapse kerk 'n houvas op Transvaal sou kry.

Intussen het Prof. U.G. Lauts[4] tog daarin geslaag om 'n predikant vir die Voortrekkers te kry. Ds. Dirk van der Hoff word in 1852 na Suid-Afrika gestuur en nadat hy in Kaapstad gelegitimeer is as predikant kom hy in 1853 in Transvaal aan.

Nou ontstaan die vraag of die Trekkers met 'n Hollandse predikant onder die Kaapse Synode sou staan of nie. Hulle het immers ook van die Kaap predikante probeer kry, alhoewel sonder sukses. Hierdie vraag is met die sitting van die Algemene Kerkvergadering op Rustenburg op 8 Augustus 1853 beantwoord. Daar is besluit om nie onder die Kaapse Synode te staan nie maar om Ds. Dirk van der Hoff voor te stel as predikant van die „Nederduitsch Gereformeerde Gemeenten in de Zuid-Afrikaansche Republiek" en om geen ander kerk toe te laat nie.[5] Ouderling F.G. Wolmarans en Ds. van der Hoff is deur die Kerkvergadering benoem om 'n kerkwet saam te stel.

Waar daar in die Transvaal op hierdie tydstip alreeds vier dorpe aangelê was, was daar ook vier gemeentes want alhoewel die Trekkers geen predikante voor 1853 in die Transvaal gehad het nie, het hulle sodra 'n dorp aangelê is ook daar 'n gemeente gestig. Hierdie gemeentes Potchefstroom, Rustenburg, Lydenburg en Zoutpansberg was ver uitmekaar geleë en daar is ook op kerklike gebied gevoel dat dit wenslik sou wees om 'n volgende gemeente tussen die vier bestaande gemeentes te stig.[6]

In werklikheid moes 'n dorp gestig word en dan sou die stigting van 'n gemeente outomaties gevolg het, maar toe die

Volksraad / ........

5) Notule:- Algemene Kerkvergadering op Rustenburg, 8 Aug.1853.
6) V.R. 310/53:- Brief van M.W. Pretorius aan die Volksraad te Lydenburg, waarin M.W. Pretorius aansoek doen vir die stigting van 'n dorp. In die brief meld hy dat hy die steun van die kerk het vir so 'n stap.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volksraad van die Republiek die stigting van 'n sentrale dorp in die Transvaal nog nie wou goedkeur nie het die kerk nie daarby berus nie.

Op 5 Junie 1854 het die Algemene Kerkvergadering van die „Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de Z.A. Republiek," weer te Rustenburg bymekaar gekom onder die leiding van Ds. Dirk van der Hoff. Die stigting van 'n vyfde gemeente is bespreek en nadat die Kerkraadslede van die verskillende gemeentes in Transvaal die stigting van 'n nuwe gemeente goedgekeur het, is die besluit van die vergadering na die Volksraad, wat ook terselfdertyd 'n sitting te Rustenburg gehad het, gestuur vir goedkeuring.

Die Volksraad wat ingestaan het vir die predikant se salaris moes die besluit van die Algemene Kerkvergadering dus eers goedkeur en toe „voorgekomen (is) eene kennisgeving van den Kerkeraad om eene afzonderlyke gemeente te stichten op de aangekochte plaats Elandspoort," is die besluit van die Algemene Kerkvergadering goedgekeur.[7)]

Op die sewende Junie 1854 bereik die kerk dus wat die Volksraad in 1853 te Lydenburg nie wou goedkeur nie. Waar die begeerte in 1853 vir die stigting van 'n dorp, waaruit 'n gemeente sou ontstaan, was, sou die gemeente wat in 1854 goedgekeur word die voorloper vir die dorp van 1855 wees. Die naam van die nuwe gemeente sou „ Pretoria Philadelphia" of „Pretorius Broederschap" wees tot nagedagtenis van wyle Kommandant Generaal A.W.J. Pretorius.[8)]

Wie die naam vir die gemeente gegee het word nie vermeld

nie / ..........

---

7) Art. 29 - Volksraadsbesluit 7 Junie 1854, te Rustenburg. Lees ook Wypkema, A.: Munisipaliteite van Transvaal, Hoofstuk VII p.3, oor die stigting van die vyfde gemeente, asook Prof. Dr. S.P. Engelbrecht, in 'n artikel in „Die Volkstem" - 10 Oktober 1930. Vir die ligging van die plase sien Bylae 3.

8) R. 671/54: - Brief van Oud. Smit, waarin bydraes gevra word om 'n kerk te bou vir die pas gestigte gemeente, 11 Aug. 1854.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie, maar aangesien dit 'n Latynse naam is en dit met veiligheid kan aangeneem word dat Ds. van der Hoff die enigste man in die Kerkvergadering was wat Latyn geken het, moes Ds. van der Hoff die naam gegee het.

In 1853 het „De Zuid-Afrikaan" van Kaapstad geskrywe dat 'n dorp in Transvaal gestig is met die naam van „Pretoriusstad",[9] maar dit was die tyd 'n bietjie vooruit. „De Zuid-Afrikaan" het nie rekening gehou met die Volksraadsitting te Lydenburg in 1853 nie. Te Lydenburg moes die stigting van die dorp „Pretorius-stad" eers goedgekeur word en toe die voorstel tot stigting van die dorp afgestem is het „Pretorius-stad" ook verdwyn. In 1854 word die naam „Pretoria Philadelphia" gebruik[10] en tog kom „Pretorius-stad" en „Pretoria Philadelphia" in soverre ooreen dat albei name ter ere van wyle Kom. Gen. A.W.J. Pretorius is. Dit kan dus aangeneem word dat sedert 1853 daar doelbewus gestrewe was om Gen. A.W.J. Pretorius te vernoem. Sy nagedagtenis moes voortlewe in die naam van 'n dorp of 'n gemeente.

Die naam „Pretoria" kan egter misleidend wees omdat Pretoria die vroulike vorm van Pretorius is. Dit kan hiervolgens beweer word dat die naam iets te doen moet hê met die vrou van Generaal A.W.J. Pretorius. As ons egter die tweede naam „Philadelphia" neem dan verklaar „Pretoria" homself. „Philadelphia" se betekenis is „Broederskap" en waar „Broederskap" wys op manlike handeling alhoewel die „a" van Philadelphia vroulik is, is die eerste naam as adjektief gebruik om dit te laat ooreenstem met die tweede naam.

Die „Philadelphia" of „Broederskap" kan ook verkeerd geinterpreteer word. Dit kan aangeneem word dat „Broederskap" sinspeel op die broers van Gen. A. W.J. Pretorius maar waar

daar / ............

---

9) Die artikel van „De Zuid-Afrikaan" is oorgeneem in Pieterse, J.J.: Die geskiedenis van Pretoria tot 1877, Bylae 1.

10) Oud. Smit in sy brief:- R.671/54, 11 Aug. 1854.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daar in 1854 geen Pretorius in Transvaal was behalwe M.W. Pretorius, die seun van A.W.J. Pretorius, wat 'n leidende aandeel in die Trekkergemeenskap gespeel het nie, moes „Philadelphia" 'n ander betekenis hê.

Die behoefte tot samewerking in Transvaal was in 1854 deur sommige persone gevoel. Die naam „Philadelphia" of „Broederskap" hou dus 'n wens in. Dit wys meer op die samewerking wat daar tussen die verskillende gemeenskappe in die Transvaal moet kom met die stigting van die vyfde gemeente op Elandspoort langs die Apiesrivier.

Hierdie wens wat uitkom in die naam „Philadelphia" is na die stigting van die gemeente „Pretoria-Philadelphia" in 1860 vervul. Binne ses jaar na 1854 sou die verskillende Boeregemeenskappe in die Transvaal verenig om 'n hegte Republiek, met 'n grondwet, te vorm. In hierdie vereniging het „Pretoria" die dorp wat in 1855 uit die gemeente „Pretoria-Philadelphia" ontstaan 'n groot aandeel want Pretoria was na sy stigting die mees sentrale dorp in die Transvaal[11)] en het as sentraalste dorp die aantrekkingskrag tot samewerking begin uitoefen.[12)]

Die / .................

---

11) Pretoria was die sentraalste dorp, maar hy is nie die geografiese middelpunt van Transvaal nie. Die geografiese middelpunt tussen Lydenburg, Rustenburg, Zoutpansbergdorp en Potchefstroom moet naby die teenswoordige Warmbad wees.

12) Uit die Staatsekretarisstukke (kladnotule R165/49, te vind in Voortrekker-Argiefstukke, bl. 355) kan i.v.m. die stigting van „Pretoria" per abuis afgelei word dat Pretoria reeds in 1849 bestaan het. Uit die kladnotule is daar sprake van die woonplek „Poortje" van Jacob Roedolf Janse van Vuuren „gel. aan die boskop tusschen Commaas en Pretoria aan de zyde onder de Gat zyn rand." Nou kan aangeneem word dat „Pretoria" alreeds in 1849 bestaan het. By nadere ondersoek van genoemde R165/49 vind ons op die volgende bladsye die datums 1847, 1848, 1849, 1852 en 1853 wat bewys dat die dokument nie net betrekking het op 1849 nie maar op 'n hele aantal jare en dus nie tuis hoort by die Staatsekretarisstukke van 1849 nie. By ontleding van die handskrif blyk dit ooreen te stem met die van J.G. Bantjies - Landdrosklerk van Pretoria van 1864 (vergelyk die handskrif van R 165/49 met die van J.G. Bantjies soos in Band 31 van die Landdrosstukke van Pretoria.) Die dokument hoort dus eintlik tuis onder die Landdrosstukke van Pretoria nadat Pretoria alreeds gestig was en was daar dus nie sprake van 'n Pretoria in 1849 nie.

In die werk van J.J.Pieterse:-Geskiedenis van Pretoria tot 1877, p.13, is ook sprake van die naam Pretoria vir 'n plek in die Oranje-Vrystaat en wel in 1861. (O.V.S. Wetboek, 1854-1880 - Volksraadsbesluit, 26 Feb. 1861.)
(Vervolg op bladsy 24).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die naam „Pretoria-Philadelphia" is in 1855, met die goedkeuring van die gemeenteplaas tot dorp, nie deur die Volksraad te Potchefstroom aanvaar nie. Die dorp se naam het „Pretoria" geword. Dit is waarskynlik omdat „Pretoria-Philadelphia" te lank was, maar dit sou nog 'n paar jaar na 1855 neem voordat „Pretoria" heeltemal in gebruik geneem is, want selfs die latere Landdros du Toit het nie altyd net die naam Pretoria in sy briefhoofde gebruik nie.13)

---

12) Vervolg van bladsy 23).

In die dokument word die wyke Bo-Caledonrivier en Onder-Caledonrivier genoem en in die lynbepaling kom die naam Pretoria voor.

Vir my lyk dit waarskynlik dat Pretoria, in die lynbepaling, die naam van 'n plaas is wat eenvoudig na Pretoria in Transvaal vernoem is. Die verskynsel om aan 'n plaas dieselfde naam te gee as 'n dorp kom in die Transvaal ook voor. In Waterbergdistrik is daar byvoorbeeld 'n plaas met die naam Rustenburg, terwyl daar ook 'n dorp Rustenburg in die Transvaal is.

13) Oor die stigting van Pretoria in 1855 en die briewe van Landdros du Toit word in die volgende hoofstukke weer melding gemaak.

*********************

## H O O F S T U K I.

### D. DIE GEMEENTEPLAAS „PRETORIA PHILADELPHIA" WORD DORP.

Ds. Dirk van der Hoff, die eerste predikant in Transvaal, wat in Mei 1853 hier aangekom het en in Augustus 1853 deur Ouderling F.G. Wolmarans te Rustenburg voorgestel is, het ongelukkig nie die samewerking van die hele Transvaal gehad nie.

Soos reeds in die vorige hoofstuk genoem, het daar 'n botsing tussen J.A. Smellekamp van Lydenburg en Ds. Dirk van der Hoff gekom wat in Junie 1854 te Rustenburg sy toppunt bereik het. Die Volksraad wat terselfdertyd as die Kerkraad ook te Rustenburg bymekaar gekom het, het Smellekamp beboet en omdat hy nie sy boete betaal het nie word hy later verband deur landdros D. Botha van Potchefstroom,

maar / ........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar daarmee was die saak nog nie afgehandel nie. Die onmiddellike gevolg was verdeeldheid en skeuring, nie alleen op kerklike gebied nie, maar ook staatkundig.

Hierdie skeuring kon voorkom word, was dit nie dat die Volksraad besluit het om 'n Hooggeregshof saam te roep om al die bestaande kwessies te behandel en die nodige vonnisse uit te spreek nie.

Die Volksraad en die Hooggeregshof het op 10 September 1855 op die plaas van Holtzhausen aan die Pienaarsrivier bymekaar gekom om die bestaande kwessies te behandel en daar is agt van die Lydenburgers elk tot 'n boete van 150 Rds. gevonnis. Verder is hulle verklaar „onwaardig om eenige betrekking binnen deze landpalen te bekleeden", terwyl hulle al die koste van die regspleging moes dra.[1)]

Op hierdie tydstip was daar dus nie meer 'n eenheidstrewe in die Republiek nie. Die Lydenburgers het hulle nie meer tuis gevoel by die Potchefstroom-Rustenburggroep nie en met die volgende sitting te Potchefstroom in November was hulle afwesig.[2)]

Vir M.W. Pretorius wat die teenkanting van die Lydenburgers in 1853 nog goed onthou het, het die tyd nou aangebreek om die twee plase, wat hy aan die Apiesrivier gekoop het en waarop die gemeente Pretoria Philadelphia gestig was in 1854, nou as dorp verklaar te kry.

Pretorius was egter seker bewus van die moontlikheid dat Potchefstroom ook die stigting van 'n dorp as nuwe hoofstad, sou teëwerk indien hy sou poog om Pretoria Philadelphia tot Hoofstad verklaar te kry, daarom dat hy volgens Artikel 70 van die Volksraadbesluit vra „of de twee door zyn Ed. gekochte

plaatsen / ........

---

1) S.A. Argiefstukke:- Tvl. No. 3, p.102 - Volksraadsnotule van 11 Sept. 1855, - Art. 54 - Op die plaas van Holtzhausen - Pienaarsrivier. Ook aangehaal deur Prof.S.P.Engelbrecht „Die Volkstem" 10 Okt. 1930. Sien ook Malan J.H. »Die opkoms van 'n Republiek, p.284 en Wichmann,Dr.F.A.F. »Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, p.161.

2) Pieterse J.J.: »Geskiedenis van Pretoria tot 1877, p.16 en Prof.Dr. S.P. Engelbrecht, in „Die Volkstem", van 10 Okt.1930.

© University of Pretoria

plaatsen van de Heeren Prinsloo en van der Walt, voor een dorp kunnen worden aangenomen."[3]

Die Volksraad het M.W. Pretorius hierdie keer nie weer teleurgestel nie „en neem de twee plaatsen aan tot een Dorp onder benaming van „Pretoria".[4]

Die Volksraad het dit verder aan M.W. Pretorius oorgelaat om erwe te verkoop tot delging van die skuld (seker wat Pretorius aangegaan het met die koop van die grond) en „voor zÿn Ed. uit te houden een Blok grond ter zyner Dispositie."[5]

16 November 1855 is dus die stigtingsdatum van Pretoria.

Die vraag wat nou ontstaan, is wat die motief vir die stigting van Pretoria was.

Die algemeen-aanvaarde motief is dat die stigting van Pretoria nou saamhang met die eenheidstrewe van die inwoners van Transvaal gedurende hierdie jare. „Een van die uitvloeisels van hierdie eenheidstrewe was die stigting van Pretoria as sentrale middelpunt en as hoofstad."[6]

Bostaande aanhaling hou egter nie steek as ons in gedagte hou dat Lydenburg reeds voor die stigting van Pretoria van die Potchefstroom-Rustenburggroep te Pienaarsrivier vervreemd geraak het nie. Ook hou die aanhaling nie steek as ons daaraan dink hoe die Volksraad te Lydenburg met hulle sitting van 19 Sept. 1853 die voorstel van Pretorius, soos vervat in sy brief van 23 Augustus 1853, toe alreeds van die hand gewys het nie.

Tussen die dorpe was daar 'n onafhanklikheidsgevoel sodat „elke dorp hom volkome onafhanklik teenoor elke ander geag het, en van 'n groter eenheid soos gesimboliseer in 'n sentrale setelplaas, waarvandaan leiding vir die gebied kon uitgaan, geen sprake was nie."[7]

En tog het daar so vroeg as April 1851 reeds 'n behoefte vir 'n sentrale setelplaas ontstaan.[8]

Hierdie behoefte van Suikerbosrand word ook aangevoel deur M.W. Pretorius / .........

---

3) V.R.B. van 16 Nov. 1855:- Art. 70. 4) Ibid. Sien ook die Stadsraad van Pretoria:- Eeufeesbundel, p.11, waar Art.70 afgedruk is. 5) Ibid. 6) Die Stadsraad van Pretoria - Eeufeesalbum, p.9
7) Pelzer, Dr.A.N.: Wordingsjare, Deel I, p.143. 8) S.A.Argiefstukke: Transvaal No. 2, p.204 - Memorie van Suikerbosch Rand."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

M.W. Pretorius in sy brief van 1853 aan die Volksraad te Lydenburg waarin hy die twee deur hom aangekoopte plase langs Apiesrivier wou laat goedkeur het as dorp.

Waar die Suikerbosrand-memorialiste egter geen duidelike uiteensetting gegee het van waar die sentrale setelplaas moet wees nie (dit kon dalk Suikerbosrand self gewees het), het M.W. Pretorius die sentrale setelplaas langs die Apiesrivier gesien.

Om sy saak sterker te maak stel M.W. Pretorius dit in sy brief van 1853 asof die voorgestelde dorp die middelpunt van die Republiek vorm. Die middelpunt van die Republiek moet egter aardrykskundig naby die teenswoordige Warmbad wees, op dieselfde Suiderbreedte as Lydenburg, as ons Soutpansberg ook in aanmerking neem.

Die keuse van 'n voorgestelde setelplaas vir die Volksraad in die middel van die Republiek, soos ook beliggaam in die Kommissieraadsbesluit te Rustenburg op 9 Augustus 1853, was dus nog geen uitgemaakte saak nie.

As die voorgestelde setelplaas terselfdertyd ook hoofstad van die Republiek moes word, sou die Lydenburgers in 1853 daarteen gewees het omdat Lydenburg die offisiële hoofstad was.[9] Potchefstroom sou weer gevoel het dat hulle as oudste dorp ook in aanmerking moes kom as hoofstad.[10]

Waar M.W. Pretorius bewus was van die behoefte aan 'n sentrale setelplaas in die Republiek, alhoewel daar nog te veel gewestelike patriotisme en so te sê geen doelbewuste eenheidsstrewe in 1853 was nie, maak hy gebruik van die behoefte om myns insiens 'n nuwe dorp gestig te kry om sy vader te vernoem.

Waar A.H. Potgieter reeds 'n paar dorpe in die Transvaal gestig en na hom vernoem het, het daar volgens my mening onder die A.W.J. Pretorius-aanhangers die idee posgevat dat A.W.J. Pretorius / ..................

9) Pelzer, Dr. A.N.:- Wordingsjare, Deel 1, p.143, en p. 146.

10) Na die afstigting tot 'n aparte groep deur die Lydenburgers in 1856 het Potchefstroom ook werklik hoofstad geword - Sien art. 17 van die Grondwet van 1858, uit Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretorius ook 'n dorp moes stig en na hom moes vernoem. Met die dood van A.W.J. Pretorius het die idee sterker geword en toe die Kommissieraad te Rustenburg in 1853 aanbeveel „om de zittingsplaatz der Volksraad te bepalen in het midden des Lands, dewyl dit tot grooter gemakt der geheele bevolking strekken zou,"[11] het M.W. Pretorius nie gras onder sy voete laat groei om met die Apiesrivierbewoners te onderhandel nie.

Aangesien die gebied toe alreeds dig bewoon was en die omgewing hom so goed geleen het vir die stigting van 'n dorp, koop M.W. Pretorius die twee halwe plase Elandspoort en Daspoort van J.J.P. Prinsloo en A. v.d. Walt vir die bedrag van 8,000 Rds.[12]

Toe die Lydenburgers M.W. Pretorius se plan verongeluk het, het hy egter nog nie moed opgegee nie maar weer sy versoek herhaal te Potchefstroom in November 1853, waar dit weer van die hand gewys is.[13]

Vir 'n derde keer het M.W. Pretorius weer gepoog om sy toe alreeds aangekoopte plase langs Apiesrivier tot dorp verklaar te kry. In hierdie derde poging het Ds. D. v.d. Hoff 'n groot aandeel. As vriend van M.W. Pretorius het Ds. v.d. Hoff die naam vir die voorgestelde dorp verskaf en toe die Volksraad nie die stigting van die voorgestelde dorp wou goedkeur nie het Ds. van der Hoff en sy kerkraad te Rustenburg (op 2 Junie 1854) besluit om „eene afsonderlyke gemeente te stichten op die aangekochte plaats Elandspoort."[14] Hierdie besluit, soos reeds gesien in die vorige hoofstuk, is deur die Volksraad goedgekeur.

Indien / ..........

11) Kommissieraadsbesluit, Art. 50 - Rustenburg, 9 Aug. 1853. Lees ook oor die stigting R. 1608/57 waar erken word dat die dorp hoofsaaklik aangelê is tot nagedagtenis van A.W.J. Pretorius.

12) V.R. 310/53. In die brief vra M.W. Pretorius dat indien die plase tot dorp goedgekeur word, die naam van die dorp aan hom en andere (ons) oor te laat.

13) V.R.B. 21 Nov. 1853, te Potchefstroom - Art. 63.

14) V.R.B. 7 Junie 1854, te Rustenburg.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Indien die sieletal vir 'n gemeenteplaas dit ook nie regverdig het nie, sou die Volksraad in 1854 dit stellig ook nie goedgekeur het nie en as A.W.J. Pretorius, soos reeds genoem in Hoofstuk Ia, die „Fourie-Trek" in 1848 nie na Koedoespoort, Daspoort en Elandspoort gebring het nie, sou daar nie genoeg siele of getalle vir 'n gemeenteplaas gewees het nie.

Op sy beurt sou die „Fourie-Trek" van 1848 hulle ook nie op Elandspoort, Koedoespoort en Daspoort gevestig het nie as die plekke hulle aardrykskundig nie so goed geleen het as woonbuurt nie.[15]

Pretoria is wel gestig op die inisiatief van M.W. Pretorius en met die hulp van Ds. van der Hoff en andere[16] maar dit sou ook nie kon gebeur het nie as Pretoria nie die aardrykskundige eienskappe, soos genoegsame water, beskermende berge en vrugbare grond vir die aanlê van 'n dorp, gehad het nie.[17]

Vir my is dit dus duidelik dat met die stigting van Pretoria daar nie so 'n algehele eenheidstrewe, wat as motief vir die stigting van die dorp aangegee kan word, onder die inwoners van Transvaal was nie. Die eenheidstrewe in die Republiek het eers na 1858 gekom toe Lydenburg, Zoutpansberg en Utrecht hulle by Potchefstroom, Rustenburg en Pretoria gevoeg het as deel van die Z.A.R.

Pretoria was ook nooit hoofstad van die Z.A.R. nie.

Met die offisiële goedkeuring tot die stigting van Pretoria, soos reeds genoem in hierdie hoofstuk, word daar hoegenaamd geen melding gemaak dat Pretoria enigiets anders as dorp sal wees nie.

Potchefstroom / ..............

---

15) Lees ook Pretoriana, Deel 2, Nr. 1 - die artikel van Dr.T.S. van Rooyen :- Pretoria is nie gestig om as Regeringsetel te dien nie.

16) Eienaardig genoeg woon baie van A.W.J. Pretorius se familie vandag nog op Heidelberg (Suikerbosrand) vanwaar twee memories vir die stigting van 'n sentrale setelplaas die lig gesien het.

17) Pelzer Dr. A.N.:- Wordingsjare, Deel I, p.143 - meld die skrywer dat die plase hulle uitmuntend sou leen vir die aanlê van 'n dorp.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Potchefstroom het sedert 1855, toe Lydenburg weggebreek het van die Rustenburg-Potchefstroomgroep, daarop aangedring dat hy die hoofsetelplaas moet wees.[18] Volgens die grondwet wat in 1858 aangeneem is word Potchefstroom toe ook die hoofstad en word Pretoria omdat hy meer sentraal geleë is in die Z.A.R. die setelplaas van die Volksraad.[19]

Behalwe vir die periode 1877-1881, toe Shepstone en die Engelse bestuur Pretoria as die Transvaalse hoofstad aanvaar het, het Potchefstroom dwarsdeur die Republikeinse tyd die hoofstad van die staat gebly. In 1881 is die ou grondwet van 1858 weer aanvaar. Nooit is deur wetgewing Pretoria as die hoofstad van die Z.A.R. aangewys nie.

Vanaf 1902 tot 1910 is Pretoria weer deur die Engelse-bewind beskou as die hoofstad maar eers met die Unie-Grondwet 1910 het Pretoria deur wetgewing die Administratiewe hoofstad van die Unie van Suid-Afrika geword.[21]

---

18) R. 777/55:- Burgers van Potchefstroom aan die Volksraad, 8 Maart 1855.

19) Art. 17 van die Grondwet van 1858, uit Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885.

20) Vergelyk die Brosjure :- „Pretoria" van die Pretoriase Publisiteitsvereniging en S.A.S., Cape Time Bpk., Kaapstad, 1948, waar op p.1 aangehaal word :- „Pretoria was dus altyd 'n hoofstad."

21) Art. 18, van die Suid-Afrika wet. (1909).

******************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K II.

## PRETORIA 1855 TOT 1860.

### A. DIE BOU VAN DIE KERK EN DIE EERSTE INWONERS VAN PRETORIA TOT 1857.

Die besluit om 'n vyfde gemeente in die Transvaal te stig is wel deur die Volksraad goedgekeur[1], maar die nodige geld vir die bou van die kerk moes nog bymekaar gemaak word.

Vir die doel word 'n kollektelys deur ouderling N.J. Smit, die vader van die latere veggeneraal en vise-president N.J. Smit, opgetrek en aan die Trekkers in die „over vaal revier"[2] gestuur vir vrywillige bydraes.

'n Bygaande brief, ook van ouderling N.J. Smit, het die doel van die kollektelys mooi uiteengesit en 'n beroep is op die Trekkers gedoen om selfs in die vorm van arbeid by te dra vir die oprigting van die kerkgebou, daar dit gedoen word tot nagedagtenis van wyle A.W.J. Pretorius.[3]

Die oproep om by te dra tot die oprigting van die kerkgebou te Pretoria-Philadelphia het ook nie op dowe ore geval nie. Hendrik Vermeulen en Kootjie, sy broer, sou help messel, H.A. Pretorius (Bart) sou timmerhout gee, Hendrik Ras sou ses kapstukke lewer en H.P.J. van der Walt sou help om vloer in te sit.[4]

Die / .................

1) S.A. Argiefstukke :-Tvl. No. 2, R643/54 en V.R.B:-7 Junie 1854, te Rustenburg , Art. 29.

2) In Pelzer, Dr. A.N.:-Wordingsjare, p.226 word die naam „Over vaal" gewoonlik vir Transvaal geneem, maar in Pieterse, J.J.:-Die geskiedenis van Pretoria tot 1877, p.12 en Preller, Dr. G.S.:-Ou Pretoria, p.54, word die „over vaal revier", vir die Vrystaat geneem. Die naamtekeninge op die kollektelys dui egter daarop dat die lys in die Transvaal gesirkuleer is. (Sien voetnoot 4 van dieselfde hoofstuk.)

3) R 671/54:- Ouderling N.J. Smit , Magaliesberg , 11 Aug. 1854.

4) Hendrik en Kootjie Vermeulen het altwee naby die latere Kerkplein in Pretoria gewoon en was intrekkers in 1848 saam met die Fourietrek. (Sien Preller, Dr. G.S.: Ou Pretoria p.62. Vir die belofte van H.A. Pretorius sien R 1183/56, vir H. Ras - R 1181/56 en vir die van van der Walt R 1253/56.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die brief van Ouderling N.J. Smit is mede-onderteken deur J.H. Visage, die Staatsekretaris, om dit offisieël te maak, maar ook om die beloftemakers later te verplig om hulle beloofde bydraes te lewer. Dit het ook gebeur want op 1 September 1856 word Hendrik Ras deur J.H. Visage aangesê om die kapstukke te lewer omdat die mure van die kerkgebou reeds klaar was.[5] Dit wil dus voorkom asof daar nie met die kerkbouery 'n kommissie was wat toesig gehou het oor die werk nie, maar dat J.H. Visage die gemeenskaplike werk moes organiseer. Alle klagtes i.v.m. die bouery is ook aan Visage gerig[6] en waar bydraes van heinde en verre gemaak is, het dit die werk aan die kerk baie vertraag. Dit is miskien die rede waarom toe daar in die sestiger jare weer aan die kerkgebou gewerk is, die werk aan Devereux en Skinner opgedra is.

Die planne vir die kerkgebou kom vermoedelik van William Skinner en Lewis Devereux in samewerking met Ds. Dirk van der Hoff daar die eerste twee, twee ambagsmanne was wat nog deur A.W.J. Pretorius vanuit Natal na Transvaal gebring is om sy huis te Grootplaas te bou[7] en Ds. van der Hoff weer die vereistes vir 'n kerkgebou geken het.

Die mure van die kerkgebou was van steen met trapgewels en 'n grasdak waaronder eers 'n laag latte aangebring is op die balke.[8] Die kappe was van hout en moes 3 tot 4 duim dik gewees het. Instede van die regte dikte het H.A. Pretorius houtkappe gelewer van 2½duim aan die dunste punt tot 5 of 6 duim deurnsit aan die dikste punt.[9] Die kappe was egter sterk genoeg want met die inwyding van die kerkgebou in 1857 het sommige persone bo-op die balke gesit en hulle het nie gebreek nie.[10]

Die / .............

5) R 1181/56:- Visage aan Ras - 1 Sept. 1856.
6) R 1253/56:- v.d. Walt aan Visage oor gebrek aan toesig-5 Des. 1856.
7) Preller, Dr. G.S. :-Ou Pretoria, p. 43.
8) R 265/62:- Beskrywing van die kerk, 27 Junie 1862.
9) R 1183/56:- Beskrywing van die kappe, 3 September 1856.
10) R 1362/57:- Brief van Ds. van der Hoff aan M.W. Pretorius - 25 Feb. 1857.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die keuse van die terrein waarop die kerkgebou opgerig is, moes nogal heelwat probleme meegebring het. Die gewoonte by die Trekkers was om gereeld met wa en osse na die kerk te kom en dan in tente op die kerkplein te woon tydens die nagmaalvierings. By so 'n geleentheid sou dit egter 'n moeilike situasie geskep het as die nagmaalterrein met reëntye nie goed gedreineer is nie. Vir die doel is die teenswoordige Kerkplein natuurlik nie meer geskik nie weens die uitgrawing wat gemaak is, maar met die bou van die kerkgebou was die dreinering baie goed want die gebou het op 'n hoogte of heuweltjie gestaan.[11)]

Waar die heuweltjie in die onmiddellike nabyheid van Hendrik en Kootjie Vermeulen se opstalle gestaan het was die keuse daarvan nog beter, want dan was daar tog persone wat kon toesig hou oor die kerkgebou. Die veronderstelling dat Hendrik en Kootjie Vermeulen later na die teenswoordige Kerkplein getrek het, is nie aanneembaar nie omdat hulle al sedert 1848 in die omgewing moes gewoon het en in 1857 met die opmeting van Pretoria was hulle tuinerye al gevestig want A.F. du Toit moes juis sorg dat sy erwe nie te veel van die Vermeulens se tuine in beslag geneem het nie.[12)]

Dan was die hoogtetjie waarop die kerkgebou opgerig is ook taamlik sentraal op die grond wat M.W. Pretorius in 1853 aangekoop het vir die uitlê van 'n dorp. Die grens tussen die halwe plase Daspoort en Elandspoort moes nagenoeg oor die hoogtetjie gegaan het.[13)]

Sou 'n dorp nou rondom die Kerkplein uitgelê word dan sou die plein altyd in die hartjie van die dorp wees. L. Devereux / ............

---

11) Sien afdruk van 'n waterverf-skildery van Mej. M.Churchill in die Eeufeesalbum van Pretoria, p.16 of toets dit self uit deur net so stelling in te neem op die trappies aan die suidekant van die plein dat jy grondhoogte kan sien en jy sal vind dat die grond na al vier kante van die plein 'n val het.

12) Vergelyk Preller, Dr. G.S.:-Ou Pretoria, p.62 en Pretoriana, Deel 2, No.4:-H.M.Rex: Enige mededelings i.v.m. die Geskiedenis van twee erwe en 'n straat, 111, p.18.

13) Die erweboeke van Pretoria dui aan van watter oorspronklike plaas die erwe is en daarvolgens het die grens tussen die plase geloop vanaf Prinshof tot êrens in Pretoriusstraat en nagenoeg oor Kerkplein.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Devereux en J. Visage wat belas was met die afmeet van die voorgestelde kerkplein het wel geen landmetergereedskap gehad nie, maar hulle kennis van bouaangeleenthede en woongeriewe was uitstekend. Die plein, wat hulle afgemeet het, sou dan ook die begin punt wees van waar A.F. du Toit met sy opmeting van die dorp kon voortgaan in 1857.[14)]

Die uitmeet van die plein het die woonhuise van Hendrik en Kootjie Vermeulen gladnie geraak nie en hulle het daar rustig bly woon totdat die dorp in 1851 deur A.F. du Toit uitgemeet is. Na die opmeting het albei verskuiwe. Hendrik, wat gewoon het waar die Paleis van Justisie tans staan, het op die oorspronklik gemente erf 250 waar A.F. du Toit aan die begin van 1857 gewoon het gaan woon. Kootjie, wat gewoon het waar tans die Capitol Teater is, het gaan woon op die hoek van Kerk- en van der Waltstraat waar later die besigheid van T.W. Beckett was.[15)] Dit het gebeur omdat die erwe na die uitmeting almal aan M.W. Pretorius behoort het[16)] en die erwe rondom die Kerkplein die waardevolste was.

Op die latere erf 350, nie ver van die opstal van Kootjie Vermeulen nie, het Dolf Jansen die dorpsmid, wat die hoekpenne vir A.F. du Toit gemaak het tydens die opmeting in 1857, gewoon.[17)]

Hierdie Dolf Jansen was 'n groot kêrel met blonde hare en baard en was nooit so gelukkig as wanneer hy 'n klomp kinders rondom hom gehad het nie. "Oompie Dolf" was bekend en beroemd as wamaker en dit is dus begryplik dat wyle senator Gert du Toit sy held se smidswinkel onder die koelte van 'n reuse doringboom nog na 1910 kon onthou.[18)]

Die / ................

---

14) R 558/75. Waar A.F. du Toit erken dat hy begin het (6 Maart 1875) op die hoekpenne van die plein uitgelê deur genoemde twee here.
15) Preller Dr. G.S.:— Ou Pretoria, pp. 60 en 65-66, volgens oorlewering van wyle senator Gert du Toit, die seun van Landdros A.F. du Toit, wat Pretoria opgemeet het.
16) V.R.B. 16 Nov. 1855: te Potchefstroom - Art. 70.
17) Preller Dr. G.S. :- Ou Pretoria, pp. 62-63.
18) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die ander bewoners van die omgewing van die „Kerkplaas" het meestal buite die grense van die blokke erwe, wat A.F. du Toit in 1857 begin uitmeet het, gewoon. Joachim Prinsloo (J.J.P. Prinsloo ook bekend as Joachim Tweeduim) het net noord van die hoek van Boom- en du Toitstraat gewoon terwyl Wessel Schutte en Philip Bronkhorst aan die oostekant van Apiesrivier, suidoos van die opgemete blokke erwe gewoon het.

Jan du Preez en Andries van der Walt het weer aan die westekant van Apiesrivier gewoon maar nagenoeg reg suid van die blokke erwe tussen Andries- en van der Waltstraat.[19)]

Jan du Preez was die skoonseun van Andries van der Walt, die veldkornet van Pretoria, en Jan se kliphuisie was die latere berugte of beroemde „Jess Cottage" van die skrywer Rider Haggard ten tye van die Shepstone-regering in Transvaal.[20)]

Andries van der Walt het die regeringspligte vir die wyk Apiesrivier waargeneem en het voorwaar 'n moeilike taak gehad om te verrig. Hy moes orde handhaaf, belasting invorder vir die Staat en dit het moeilik gegaan want daar was nog so te sê geen sentrale regering in Transvaal nie. M.W. Pretorius het wel getrag om 'n nuwe grondwet vir die Transvaal daar te stel in die plek van die drie-en-dertig artikels maar het heelwat teenkanting van Kommandant-Generaal Schoeman ondervind.

In November 1855 het sake in die Transvaal darem verbeter toe die Volksraad vir M.W. Pretorius gekies het as voorlopige President[21)] en Schoeman saamgestem het om stappe te doen vir die daarstelling van 'n nuwe grondwet.[22)]

Voor / ................

---

19) Gegewens op die kaart van A.F. du Toit, in besit van die Stadsraad van Pretoria.

20) Preller, Dr. G.S. :- Ou Pretoria, p. 61 en Pretoriana, Deel 1, Nr. 1, in artikel van Dr. W. Punt met die verskil dat in Pretoriana „Jess Cottage" as 'n aparte gebou naby Jan du Preez se huis genoem word.

21) V.R.B.:-15 Nov. 1855.- Art. 47, te Potchefstroom.

22) J.H. Breytenbach : Andries Francois du Toit, sy aandeel in die Transvaalse geskiedenis, Argief Jaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1942, Deel 2, p.7.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Voor Schoeman se samewerking het M.W. Pretorius 'n sekere A.F. du Toit in die Vrystaat raakgeloop en hom genooi om na Transvaal te kom as landmeter [23] en persoonlike raadgewer van Pretorius. [24] Noudat Schoeman egter saamgewerk het, moes 'n ander betrekking vir du Toit gevind word. A.F. du Toit word toe gekies as Landdros van Potchefstroom maar du Toit het verkies om Landdros van Pretoria te word. [25]

In November 1855 het Pretoria 'n dorp geword en was dus geregtig op 'n landdros maar die inwoners van Pretoria het beswaar gemaak teen die benoeming van A.F. du Toit as Landdros omdat hy 'n nuwe intrekker was. [26] Intussen het A.F. du Toit na die nuutgestigte dorp getrek en hom aldaar aan die begin van 1857, eers op die latere erf 250 en toe op Arcadia wat hy van M.W. Pretorius geruil het vir 'n Basoetoeponie, gevestig. [27]

Vanaf sy koms na Pretoria het A.F. du Toit dadelik ingewillig om sy raad, opinie en kragte tot die beskikking van sy medemens te stel.

Die jaar 1857 sou 'n jaar van betekenis vir Pretoria word. Die kerkgebou waaraan sedert 1854 gewerk is, is voltooi en moes in Februarie ingewy word. Die Landdrosverkiesing was op hande asook moeilikheid tussen die Schoeman- en Pretoriusgroepe oor die voorgestelde grondwet en die reënseisoen was in volle swang.

Op 13 Februarie 1857 skrywe du Toit aan M.W. Pretorius en vra permissie om die dorp in „order te krygen het water stroomt overal" rond. [28]

Hy / .............

---

23) Ibid, p. 4. 24) Ibid, p.6.

25) Ibid, pp. 7 - 8.

26) R. 1431/57:- du Toit aan M.W. Pretorius - 30 Mrt. 1857.

27) J.H. Breytenbach :-Andries Francois, du Toit, p. 9 en Preller Dr. G.S.:-Ou Pretoria, p. 60.

28) R. 1326/57:- Du Toit aan M.W. Pretorius-13 Februarie 1857.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hy bied hulp aan aan Veldkornet van der Walt maar niks kon aan die toestand gedoen word nie want nog meer reën het geval sodat du Toit in April 1857 van nog erger toestande kon skrywe. Pretoria lyk volgens hom „zoo als een water valley met modderplassen, ik neul alle dagen aan onse veldkornets ooren om 4 of 6 kaffers om de slooten van de straten uit te halen maar nog geen succes gevonden."[29)]

Dus nog voor sy werklike verkiesing as Landdros het A.F. du Toit ingespring om dinge wat verkeerd gegaan het reg te maak.

Met die inwyding van die Kerkgebou op Sondag 22 Februarie 1857 het du Toit ook getoon dat hy die belange van die Transvaal op sy hart dra. 'n Dag na die openingsrede, waar daar so baie mense was dat sommiges op die balke moes sit, 114 kinders gedoop, 70 aangeneem, 30 aangemeld het vir voorstelling sodat 'n totaal van oor die 100 voorgestel is en 'n kollekte van £12 geneem is, het Ds. van der Hoff die nuwe vlag van die Republiek gehys en 'n verduideliking daarvan gegee.[30)] Na die afvuur van drie sarsies deur 20 man onder bevel van Veldkornet A. v.d. Walt, het A.F. du Toit op 'n wa geklim en die nuwe grondwet aan die mense voorgelees.[31)]

Aangesien Schoeman, gerugsteun deur Bührmann van Lydenburg die mense onder 'n verkeerde indruk gebring het i.v.m. die doel en waarde van die Grondwet,[32)] het du Toit hom van toe af beywer om die grondwet aanvaar te kry.

Sake in Pretoria het amper tot 'n klimaks gekom. Bührmann en Schoeman het na die inwyding van die Kerkgebou nog voortgegaan met hulle tweedragsaaiery.[33)] Veldkornet A. v.d. Walt wat orde moes handhaaf, laat Bührmann toe arresteer en 'n beroep word gedoen/ ...........

29) R 1453/57:- Ibid. 11 April 1857.

30) R 1362/57:- Ds. v.d. Hoff aan M.W. Pretorius, oor die inwyding van die Kerkgebou te Pretoria-25 Feb. 1857.

31) R 1360/57:- du Toit aan M.W. Pretorius-25 Feb. 1857.

32) R 1294/57:-Protes teen die grondwet deur Schoeman en aanhangers-29 Jan. 1857.

33) R 1360/57 en R 1361/57:- Oproer in Pretoria, du Toit aan Pretorius - 25 Feb. 1857 en v.d. Walt aan M.W. Pretorius - 25 Feb. 1857, res.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedoen op die burgers om gereed te wees om „ons lands vyand" te beveg.[34]

Die gevolg van hierdie optrede van Schoeman was dat hy as Kommandat-Generaal gearresteer moes word[35] en Zoutpansberg onder 'n staat van blokkade geplaas moes word. Geen handelaar mag met koopware of ammunisie noordwaarts trek nie en Pretoria moes as instrument dien om die blokkade doeltreffend toe te pas. Om sy blokkade-opdrag uit te voer, kommandeer Veldkornet Andries van der Walt op 15 April 1857 'n klomp burgers om die ammunisie te kom beskerm want volgens 'n gesant van Schoeman wat ondervra is, het dit geblyk dat hy „de gelegentheid afzien om de ammunitie die gestopt is, te overweldigen."[36] Verder arresteer van der Walt vir Lace, Lyn en Cox (handelaars) om te verhoed dat kruit en ammunisie na Schoeman gaan[37] aangesien die persone nie van plan was om in Pretoria te bly nie.

Schoeman se Kommandant, W. van Rensburg, sou egter nie toelaat dat 'n Veldkornet hom in die wiele ry nie. Met 'n groep Schoeman-ondersteuners ruk hy op na Pretoria en dwing Veldkornet van der Walt om die kruit wat vir Zoutpansberg bestemd was af te gee. Van der Walt wou eers die ammunisie verdedig maar met slegs 25 man tot sy beskikking was hy nie daartoe instaat nie.[38]

Nou het die pligte van Veldkornet Andries van der Walt vir hom te veel geword te meer nog omdat die distriksveldkornet D. Erasmus niks wou doen om hom te help nie. Van der Walt roep nou die hulp van A.F. du Toit, nog voordat hy as Landdros verkies is, in. Hy gelas A.F. du Toit om met 'n gewapende

groep / ..............

---

34) R 1398/57:- Oproep van van der Walt, aan burgers van Pretoria-20 Maart 1857.

35) R 1515/57:- Proklamasie van Pretorius - 4 Mei 1857.

36) R 1459/57:- Veldkornet v.d. Walt - 15 April 1857. Waarin Burgers opgekommandeer word om die ammunisie te beskerm.

37) R 1473/57: - Veldkornet v.d. Walt aan M.W.Goetz-18 April '57.

38) R 1477/57: - van der Walt aan M.W. Pretorius - 20 April 1857.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groep burgers na Assistent-Kommandant-Generaal G. Kruger te gaan om van hom te verneem wat gedoen moet word aangesien hy hom nie meer op sy eie burgers in Pretoria kon verlaat nie. Baie van hulle het geweier om hulp teen Schoeman te verleen.[39)]

Onder al hierdie moeilikhede het die Landdrosverkiesing in Pretoria ook plaasgevind op die 5de April. Die kandidate was A.F. du Toit, Jacobus Uys en Hans Grobbelaar en alhoewel die kieslote oopgebly het tot 20 April het die nuwe intrekker A.F. du Toit tog die paal gehaal.[40)]

'n Kantoor moes nou vir die nuwe Landdros beskikbaar gestel word en vir die doel word 'n kamer in M.W. Pretorius se huis gevra totdat 'n landdroskantoor gebou kon word.[41)]

Hierdie huis van M.W. Pretorius het hy in 1856 laat bou, net langs die opstal van Hendrik Vermeulen, aan die Noord-Westelike kant van die plein. Aangesien M.W. Pretorius nie self op Pretoria gewoon het nie, het hy van Joachim Prinsloo 'n span osse gekry vir die transportwerk met die bou van die huis. Vir die gebruik van die osse sou hy aan Joachim Prinsloo 'n stuk grond langs die Apiesrivier gee.[42)]

M.W. Pretorius het nie self in die huis gaan woon nie en dit is nie duidelik waarom hy die huis laat bou het nie. Die huis het egter nadat dit voltooi is baie handig ingekom. Nadat A.F. du Toit tot Landdros van Pretoria gekies is, het hy van die huis as kantoor gebruik gemaak. Nog later word in die huis skoolgehou en die vermoede is dat die Volksraad met hulle sittings na 1857 totdat die Volksraadsaal in Pretoria gebou was, van die huis as vergadersaal gebruik gemaak het. In 1856 het die Volksraad reeds in Pretoria vergader en moes die sitting in die huis van Vermeulen gehou word omdat daar nie

'n / ..................

39) Ibid:- Assistent Kommandant-Generaal G.Kruger was in bevel van die afdeling Rustenburg-Apiesrivier en dit is daarom dat van der Walt hom op Kruger se hulp beroep het.
40) Ibid.
41) R 1477/57:- van der Walt aan M.W. Pretorius - 20 April 1857.
42) Ooreenkoms of koopkontrak tussen M.W. Pretorius en J. Prinsloo, gedateer 1 September 1856. (Die dokument is in besit van Dr. W. Punt.) Die afleiding van waar die huis gestaan het, is van Transportaktes, R 2021/58 du Toit aan M.W. Pretorius - 21 April 1858 en die feit dat dit die landdroskantoor en skoollokaal geword het, gemaak.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n geskikte regeringsgebou was nie.[43] Die regeringspligte van Veldkornet A. v.d. Walt moes hy tot 1856 tuis aan sy eie woning uitvoer maar nadat M.W. Pretorius die huis in Pretoria laat bou het, het die veldkornet ook 'n plekkie gehad waar hy sy amptelike sake kon afhandel.

Op 2 Mei 1857 is A.F. du Toit behoorlik ingesweer voor die President en Uitvoerende Raad volgens Artikel 144 van die nuwe grondwet en het du Toit hom verbind om vir minstens 'n jaar in die betrekking te bly.[44]

Saam met Veldkornet Andries van der Walt en Assistent-Kommandant-Generaal G. Kruger het A.F. du Toit nou gepoog om vrede tussen M.W. Pretorius en Stephanus Schoeman te weeg te bring. Landdrost du Toit het nou met Schoeman begin korrespondeer[45] en by hom gepleit om vrede, maar tevergeefs. Op 9 Junie 1857 moes du Toit by die president raad vra want Schoeman, wat Pretoria besoek het, het gemaak asof hy boos is oor die Landdros en du Toit het nie genoeë daarmee geneem nie.[46] Dit kan verstaan word want die Grondwet wat op 16 Desember 1856 aanvaar is[47] en die Uitvoerende Raad wat op 6 Januarie 1857 die ampseed afgelê het,[48] is nie deur Schoeman erken nie. A.F. du Toit is dus deur Schoeman ook as onwettig beskou daar hy weer sy ampseed voor die Uitvoerende Raad afgelê het.

Gelukkig het hierdie toestand 'n einde gekry toe Schoeman en Pretorius elkeen bygestaan deur ses ondersteuners op 1 Februarie 1858 die nuwe Grondwet gesamentlik weer moes nagaan[49]

en / ..............

---

43) Die Volkstem - 10 Oktober 1930, in 'n artikel van Dr. S.P. Engelbrecht, waar verwys word na die Volksraadsitting te Pretoria - Mei 1856.

44) Breytenbach, J.H.:-Andries Francois du Toit, p.11 na aanleiding van R 1512 a & b/57.

45) Landdros Pretoria, Uitgaande stukke, Band 30, Brief 27.

46) R 1585/57:- du Toit aan Pretorius-9 Junie 1857.

47) Wichmann, Dr. F.A.F.:-Wordingsgeskiedenis, p.175.

48) R 1266/57:- Volksraad aan M.W. Pretorius - 5 Januarie 1857.

49) V.R. 456/58 en Pelzer, Dr. A.N.:-Wordingsjare, p.160.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en die Volksraad na die gesamentlike werk van Schoeman en Pretorius die Grondwet weer goedgekeur het met hulle sitting van 16 Februarie 1858.[50] Schoeman het nou Kommandant-Generaal geword, M.W. Pretorius die President en J.H.Visage die Staatsekretaris.

Landdros du Toit het vanaf 2 Mei 1857 tot 16 Februarie 1858 toe die Grondwet aanvaar is, egter nie gras onder sy voete laat groei nie. Pretoria was nou wel dorp sedert 16 November 1855 maar nog niks is in die dorp self totstand gebring nie. Behalwe die Kerkplein wat afgepen was het niemand geweet waar om juis te gaan woon nie want die dorp moes nog in erwe uitgemeet word.

Die rede waarom M.W. Pretorius so lank getalm het om die dorp te laat uitmeet was omdat hy alreeds in 1855 vir A.F. du Toit gevra het om opmetingswerk in die Transvaal te kom doen, en hy dus vir du Toit gewag het.[51]

Du Toit kon egter eers na sy aanstelling as Landdros in 1857 met die opmeting van Pretoria begin en toe ook sy landdroskantoor in orde bring want tussen 1855 en 1857 was hy nog nie inwoner van Pretoria nie.

Die grondwet van 1858 maak voorsiening vir die opdeling van die Republiek in distrikte, dorpe en stede[52] wat bestuur sal word deur 'n landdros, ses heemrade, 'n klerk, mark- en skutmeester.[53] Die werk van die landdros sou wees „het toezigt over stad of dorp, benevens over alle ondergeschikte beampten, opdat alle zaken in geregelde orde geschieden."[54] Die belastings moes ook by die landdroskantoor betaal word.[55]

Die/ ..................

50) V.R.B:-16 Februarie 1858, Art. 25, 26, 27 en 32 en Pelzer, Dr. A.N.:-Wordingsjare, p. 160.

51) Breytenbach, J.H.:-Andries Francois du Toit, p. 6.

52) Locale Wetten :-p.35, Art. 173 - Grondwet van Z.A.R. 1858.

53) Ibid, Art. 174

54) Ibid , Art. 187.

55) Ibid , Art. 205.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Grondwet het die pligte van die landdros aangedui maar die landdros moes self sien hoe hy sy pligte gaan uitvoer. Dit was 'n nuwe staat met 'n nuwe regering, alles nuut met min gegewens wat 'n aanduiding kon gee van hoe sake gedoen moes word.

Veldkornet Andries van der Walt wat sedert 1854 reg en geregtigheid moes laat geskied langs die Apiesrivier, op die Kerkplaas en in die dorp, het 'n welverdiende rus nodig gehad en noudat A.F. du Toit daar was om aan te gaan het hy sy ontslag, wat nie toegestaan is nie, gevra.[56)] Vir du Toit was dit gladnie bemoedigend toe hy verneem dat van der Walt wou bedank nie en daarom kla hy dat 'n toestand van algemene gemor en wetloosheid in Pretoria heers.[57)]

Van der Walt is nie ontslaan nie maar J.J. Prinsloo is ook aangestel as Veldkornet om hom te help met 'n verdere bepaling dat elke veldkornetwyk in die toekoms net 60 huise sou uitmaak.[58)] In sy kantoor het du Toit egter geen vorms om persone te dagvaar gehad nie, geen Transportaktes en Lisensie-vorms nie en selfs nie eers afskrifte van die ou Raadsbesluite nie. Hy het dus geen bepalings gehad van hoe hy moes optree t.o.v kantiene, waterslote en ander sake nie en hy vra toestemming om dorpsregulasies vir Pretoria op te trek.[59)]

Om te weet hoe ver sy jurisdiksie strek, moes die grens-bepalinge tussen die verskillende distrikte vasgelê word en dit het M.W. Pretorius en fungerende Staatsekretaris J.H. Visage gelukkig in November 1857 gedoen. Pretoria word net afgesny van Potchefstroom en Rustenburg maar die oostelike

grenslyn / .................

---

56) R 1660/57:- van der Walt aan M.W. Pretorius - 29 Julie 1857.

57) R 1672/57:- du Toit aan M.W. Pretorius - 10 Augustus 1857.

58) R 1742/57:-J.J. Prinsloo aan M.W. Pretorius.- Oktober 1857.

59) R 1738/57:- du Toit aan M.W. Pretorius - 3 Oktober 1857.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

grenslyn word nie bepaal nie. Die grens tussen Potchefstroom en Pretoria begin waar Kliprivier in Vaalrivier loop, dan Noordwaarts met die stroom van Kliprivier tot aan die rivier se oorsprong op die plaas van die weduwee P. Lindeque en vandaar tot aan die oorsprong van die Krokodilrivier op die plaas van M. Scheepers. Hiervandaan gaan die grens wes met 'n regtelyn tot aan die plaas Skeerpoort van F. Pieterse en dan oor die Magalies berge deur Kommandonek tot aan die Krokodilrivier by Kloppersdrif en dan weer Noordwaarts tot by Vlieëpoort. Vanaf Vlieëpoort gaan die lyn Ooswaarts tot by Rooiberg.[60]

Landdros du Toit het 'n groot distrik gekry om te behartig. Die distrik was egter nie die moeilikheid nie maar die dorp. Op die plase het die boere geweet waar hulle grense is maar in Pretoria het die mense nie geweet waar om te woon nie.

Die eerste groot werk wat du Toit dus sou moes aanpak was die opmeet van die erwe, waarmee hy begin het na sy verkiesing as Landdros in 1857.[61]

So vinnig het du Toit gewerk dat alhoewel hy nie klaar was met sy opmeting nie, hy in Augustus 1857 al erwe kon verkoop.[62]

---

60) Locale Wette, p. 34, Grensbepaling tussen Pretoria, Rustenburg en Potchefstroom - 16 November 1857.

61) R 558/75:-du Toit aan Stiemens - 6 Mrt. 1875.

62) R 1672/57: - du Toit aan M.W. Pretorius - 10 Augustus 1857, en Landdros Pretoria :-Inkomende Stukke, Pa 1 - Opdrag van Pretorius aan du Toit om erwe te verkoop vir £4 stuk „uitgezonderd aan de plyn niet." - 20 Sept. 1857.

*******************

## H O O F S T U K II.

### B. DIE OPMETING VAN PRETORIA DEUR A.F. DU TOIT IN 1857. (ERWE EN WATERVORE.)

Landmeters of persone wat van opmeting iets geweet het, was besonder skaars in Transvaal gedurende die vyftiger jare van die 19de eeu.

Toe M.W. Pretorius dus vir Andries Francois du Toit

tussen / ........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tussen die jare 1852 en 1854 in die Vrystaat raakloop en Pretorius hoor dat du Toit iets weet van die opmeting van gronde, het hy hom uitgenooi om plase vir die Voortrekkers in Transvaal te kom opmeet.

A.F. du Toit het nie dadelik na die Transvaal gegaan nie. In 1854 het hy hom verkiesbaar gestel met die eerste presidentsverkiesing in die Vrystaat. Ongelukkig vir hom, kon hy die paal nie haal nie.

Met die tweede presidentsverkiesing van die Vrystaat in 1855 was du Toit weer kandidaat en weer het hy uitgeval. Nou het du Toit aan die versoek van M.W. Pretorius voldoen en die Vrystaat verlaat om hom in Transvaal te vestig. In die Transvaal sou hy saam met die opmeting van plase ook die persoonlike raadgewer van M.W. Pretorius insake die optrek van 'n grondwet word.[2]

Ook hiermee het du Toit hom misgis want die Volksraad het nog voor sy koms na Transvaal die optrek van 'n nuwe Grondwet aan J. Stuart, K.J. de Kok en andere[3] opgedra en Stephanus Schoeman, wat aanvanklik nie wou saamwerk nie, het in 1855 tog wel saamgewerk.[4]

In die vorige hoofstuk het ons gesien hoe du Toit toe Landdros van Pretoria geword het en hoe een van sy eerste take die opmeting van die dorp Pretoria sou wees.

M.W. Pretorius het met du Toit ooreengekom dat hy as vergoeding vir sy werk i.v.m. die opmeting ook sy eie stuk grond, Arcadia, kon opmeet in erwe om dit „als erven des dorp te verkoopen.[5]

Met / ................

---

1) Breytenbach, J.H.:-Andries Francois du Toit, p.4 en Die Brandwag - 24 Des. 1919, 'n artikel van G.J.W. du Toit : Ou Pretoria.

2) Ibid. 3) Pelzer, Dr. A.N.:-Wordingsjare, p.158.

4) Breytenbach, J.H.:-A.F. du Toit, p. 7.

5) R 312/63:-du Toit aan Staatsekretaris-17 April 1863 en Breytenbach, J.H.:-A.F. du Toit, p. 31.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die versekering dus dat sy werk beloon sou word het du Toit begin met die opstel van 'n plan van die dorp. Die plein sou die kern uitmaak. Vanaf die beginpunt sou dan verder gemeet word totdat die dorp dan sou grens aan die omliggende plase van A. v.d. Walt, J. Prinsloo, S. Schoeman en A.F. du Toit se Arcadia.

Volgens hierdie plan sou daar 'n straat Oos-Wes oor die plein loop en hierdie straat sou dan op die plein reghoekig gekruis word deur 'n straat wat Noord-Suid loop. Die plein self sou die grootte hê van agt erwe as die strate self nie getel word nie.[6] Die strate sou egter nie deur die plein loop nie maar net tot op die plein want die kerkgebou was die middelpunt met die klok, wat aan 2 pale gehang het, aan die Suidoostekant van die kerk.[7] Rondom die kerk was dan die plein wat in 1854 deur Devereux en Visage uitgemeet is. Wes van die Noord-Suidstraat oor die plein sou daar nog drie strate Noord-Suid loop en Oos van die Noord-Suidstraat oor die plein sou vier strate Noord-Suid loop. Noord van die Oos-Wesstraat oor die plein sou vyf strate Oos-Wes loop en Suid van die Oos-Wesstraat oor die plein vier strate wat ook Oos-Wes loop.

Nadat die plan toe opgetrek was is werk „Door my begonnen op de hoekpennen rondom de Kerkplein uitgelegd door de Heeren Louw Devereax, en Jan Visage zonder Compas of Eenig instrument, met een ketting van 50 voeten rylands maat; en een verrekyker in 1857 en ik vervatte in 58 en 59;"[8]

Die / ..............

---

6) Afleiding van die kaart van du Toit, in besit van die Stadsraad van Pretoria.

7) Brandwag - 28 Junie 1910, Artikel van H.C. Marais.

8) In die lees van hierdie aangehaalde sinne uit R 558/75 A.F. du Toit aan H. Stiemens - 6 Maart 1875, vanaf Middelburg, oor die opmeting van Pretoria is daar uiteenlopende gedagtes. Breytenbach J.H.:-A. F. du Toit, p. 31, meen dat Devereux en Visage onder toe sig van du Toit die opmeting begin het in 1857. Preller, Dr. G.S.:-Ou Pretoria, p. 64, sien alleen die werk van du Toit en hoe hy 'n pen in die grond dryf en dan verder daarvandaan meet. (Preller kry nogal sy gegewens van G. du Toit, seun van A.F. wat sy vader behulpsaam was.) Pieterse J.J.:-Die Geskiedenis van Pretoria tot 1877, p. 22, meen weer dat du Toit self die hoekpenne rondom die plein ingeslaan het en die werk toe verder laat doen het deur Devereux en Visage. In die Brandwag-24 Des. 1919, vertel G.J.W. du Toit weer dat na enige metingsbepaal was hoe die grond rondom

(Vervolg op bladsy 46)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die erwe het du Toit genommer so ver as wat hulle strek, met elke erf dieselfde maat nl. „75 tree of $\frac{3}{225}$ foet reilands voeten lank en 40 tree of $\frac{3}{120}$ reilands voeten" breed. Die strate was 26 tree 2 voet of „$\frac{3}{80}$ reilands voeten" breed, sodat 'n ossewa daarin kon draai. Prinsloostraat wat tien voet smaller is (70 voet) se afmetings is in opdrag van M.W. Pretorius so geneem om die blokke erwe op die klipbult, met 'n lyn van du Toitstraat teen Arcadia, te laat uitkom.9)

Die nommers van die erwe begin in die Noord-Westelike hoek van die opgemete gebied, d.w.s. waar Boom- en Potgieterstraat mekaar ontmoet. Van hier loop die nommersop na die Ooste al met Boomstraat langs. Alleen die erwe ten suide van hierdie straat is opgemeet - tot aan die einde van hierdie straat. Dan gaan dit verder langs die Noordekant van Bloedstraat van Wes na Oos, dan die Suidekant van die straat van Wes na Oos, dan dieselfde met Strubenstraat en al die ander Wes-Oos-strate tot dit op die Oostelike einde van Visagiestraat eindig.10)

Die / ......

---

8) (Vervolg vanaf bladsy 45).
die bestaande kerk „sou uitgelegd word, werd een van die hoeke vasgestel en daarvandaan die res gemeet, die jonge du Toit met 'n kaffer sleep die meetketting." Van Devereux en Visage word nie melding gemaak nie.

By die deurlees van die brief van A.F. du Toit soos in R 558/75 en met die wete dat die kerk êrens op Daspoort of Elandspoort opgerig is asook dat iemand moes gewys het waar die kerk opgerig moes word is dit vir my duidelik dat A.F. du Toit se brief nog nie eners gelees is nie. Du Toit verklaar tog self dat hy op die hoekpenne van die plein wat uitgelê was deur Devereux en Visage begin het. Nie du Toit was sonder instrumente nie, want hy had tog immers 'n verkyker en maatketting, maar wel Devereux en Visage toe hulle die plein afgepen het. Om dus seker te maak van die werk van Devereux en Visage wat hulle met die oprigtingvan die kerk gedoen het en om die mate van die plein te kry het hy (du Toit) die sye van die plein weer oorgemeet.

As Devereux wel die plein help opmeet het kon hy tog seker die informasie aan Stiemens in 1875 gegee het want as vennoot van William Skinner was hy nog in Pretoria in 1875 en kort na Skinner eers oorlede in 1885. Die naam van Visage voer ons ook terug na die dae van die kerkgebou toe J.H. Visagie eintlik toesig oor die bouery moes hou.

Dat G.J.W. du Toit, wat sy vader gehelp het, ook geen melding gemaak het van Devereux en Visage nie is nog verder bewys dat die twee here nie in die opmeting van 1857 betrokke was nie. Omdat du Toit ook Landdros sedert 1857 was, kon hy die werk eers voltooi in 1859.


9) R 558/75:- du Toit aan Stiemens, Middelburg 6 Mrt. 1875 en G.J.W. du Toit in die Brandwag van 24 Des. 1919.

10) Sien die volgende bladsy - 'n skets van die oorspronklike kaart van du Toit - waarop die nommers soos hier beskrywe voorkom.

©University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Skets van du Toit se kaart.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Westelike en Oostelike blokke het elk 10 erwe, terwyl die middelblokke elk 12 erwe het.

Die nommers begin dus in Boomstraat en eindig in Visagiestraat met 'n totaal van 604 erwe. 'n Eienaardigheid is dat toe du Toit by die hoek van Visagie- en Prinsloostraat gekom het, hy van Suid na Noord nog erwe in Prinsloostraat bygevoeg het. Hierdie erwe loop van 605 tot 622.

Met hierdie blokke erwe 1 tot 622 kon du Toit egter nog nie sy opdrag van M.W. Pretorius uitvoer nie. Die erwe het nog nie aan die aangrensende gronde gekom nie en daaraan uitvoering te gee is Suid van Visagiestraat maar Oos van 'n verlenging van Markstraat-suid nog 9 blokke erwe uitgemeet bestaande uit 12 erwe elk. Nog drie strate het dus aan die suidekant bygekom.

Oos van Prinsloostraat is ook nog blokke uitgemeet tot regoor Bloedstraat. Al hierdie latere uitgemete erwe het nie nommers gekry nie maar die blokke is genommer van A tot I en van K tot T. (Soos op die voorafgaande skets.)

Blok J. het weggeval en Blok G is vergroot tot 14 erwe. Blokke K, L en M het ook nie 12 erwe nie maar vermeerder tot 9 van Blok K af na gelang die Apiesrivier van die blokke weggeswaai het. Vanaf Blok N het al die Blokke weer 12 erwe.

Die erwe rondom die Kerkplein het egter duidelike nommers gehad en waar persone eerste erwe rondom die plein sou begin koop, het die opmeting van A.F. du Toit dus aan die behoeftes van 1857 voldoen.[11] Om 'n idee te kry van hoe die erwe om die plein gemeet is sou dit beter wees om daarvan 'n aparte skets te maak.


Volgens /.......

---

11) In die sewentiger jare het die erfnommers van A.F. du Toit egter moeilikheid begin lewer en moes Pretoria weer opgemeet word. In die sentrale stad het geen moeilikheid ontstaan nie, alleen aan die kante van „Ou Pretoria". Hierdie opmeting word egter nog behandel in Hoofstuk IV d.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Volgens hierdie nommers van du Toit sou M.W. Pretorius se huis op erf 289 gestaan het. Erf 289 sou die latere pastorie-erf word. Op erf 290 het 'n hartbeeshuisie gestaan maar later sou daar die Strubenhuis gebou word. Op erf 291 het Hans Human hom bevind.

Erf 320 het die eiendom van Struben geword en erf 321 die van J. F. Schutte maar hy het nog in 1857 weer verkoop aan Evans en Churchill. Erf 322 was ook J.F. Schutte se eiendom maar hy het in 1864 verkoop aan Dr. B.G.A.D. Arnoldi. Erf 323 word die eiendom van H.J. Vermeulen, alhoewel hy self op die Noord-Westelike hoek van Vermeulen- en Kockstraat gaan bly nadat hy van 288 weg is.

Erf 350, die tuiste van Dolf Jansen,word St. Schoeman se eiendom en hy verdeel die erf sodat dit later aan meer eienare behoort. Erf 351 bly M.W. Pretorius se eiendom maar ook hy verdeel. Erf 352 bly tot 1864 die eiendom van John Robert Lys asook erf 353.

Erf / ..........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Erf 382 behoort aan H.S. en C.P. Pretorius maar hulle verdeel dit in 1866 terwyl erf 383 oorgaan op die naam van die Z.A.R. Erf 384 word die eiendom van J.R. Lys terwyl erf 385 Barend Pretorius se eiendom word en bly tot 1864.[12)]

Al hierdie erwe opgemeet deur A.F. du Toit was ewe groot van pen tot pen.[13)]

Dat dit moeilik gegaan het is seker. Van die een pen word die meetketting gesleep tot op die nuwe bepaalde afstand en nadat die rigting met die verkyker behoorlik gepeil was en die afstand bepaal was, word 'n gat in die grond gesteek met die koevoet en daarin 'n hoekpen aangebring van 'n duim dik en ongeveer nege duim lank.[14)]

Die maker van hierdie penne was Dolf Jansen, die dorpsmid,[15)] en hy moes seker ook meer as eenmaal byle vir du Toit skerp gemaak het aangesien menige boom in sy pad moes gestaan het.

Die werk van du Toit kon weens al sy ander pligte nie spoed nie. Hy moes erwe verkoop, transporte uitreik, belastings invorder, sake aanhoor, bandiete oppas en kosgee en ook sorg vir die watertoevoer na die dorp.

In 1854 het M.W. Pretorius al die behoefte aan water vir Pretoria aangevoel en het toe aan Veldkornet Andries van der Walt opdrag gegee om 'n watervoor vanuit die fonteinevallei, suid van die teenswoordige stad, na die Kerkplein uit te haal. Van der Walt het al in 1854 begin met die voor en in April 1855 kon hy aan M.W. Pretorius laat weet dat hy nog net 200 tree moet gaan voordat hy die poort deur is. Die watervoor sal 'n hele distansie agter sy huis verbygaan. (Sien sketskaart van

du Toit / .........

---

12) Hierdie gegewens oor wie die eerste eienaars rondom Kerkplein was, is verkry uit die Akteskantoor: Erweboeke van Pretoria. Die nommers van die erwe is egter nommers soos deur A.H. Walker daaraan toegeken in 1875 en moes herlei word na die nommers soos deur A.F. du Toit toegedien in 1857.

13) R 558/75:- du Toit aan Stiemens oor opmeting-6 Maart 1875.

14) Die Brandwag 24 Desember 1919 - G.J.W. du Toit: Ou Pretoria.

15) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

du Toit se erwekaart vir die ligging van van der Walt se huis.)


Oor die vordering van die werk word daar gekla want die kerkplaasbewoners lol om sy kaffers te wil gebruik om stene te maak. Die pikke en ysters wat gebruik word om die voor deur die klippe van die poort te maak, kon ook nie hou nie.[16]

Die watervoor het na 1855 nie verder gevorder nie, want toe het van der Walt, nadat hy die watervoor tot by sy huis gebring het, aan die dam waar die watervoor begin het, moes werk.[17]

Du Toit het toe in 1858 die voor vanaf van der Walt se huis tot by die kerk gebring.[18] Die voor het al met Markstraat na die Kerkplein gegaan.[19] Die dam wat op van der Walt se grond was, is van hom geruil vir 12 erwe in Kerkstraat-wes. Die blok waarop die Krugerhuis tans staan.[20]

Toe die dorp klaar gemeet is, is Arcadia se dam asook die dam van Klein Schoemansdal aangewys.[21] Ten opsigte van Klein Schoemansdal moes die dam net onderkant die Arcadiadam gewees het. Albei die damme was in die Apiesrivier en du Toit en Schoeman moes self vir die vore na hulle grond sorg.

Schoeman moes die straat onderkant sy watersloot vanaf du Toitstraat as 'n publieke straat ooplaat tot waar sy watervoor die straat sou kruis waar dit in Steenoondspruit gaan.[22] (Sien Skets).




Die bakens van die dorp moes ook opgerig word en ook van die werk gee du Toit verslag.[23] Daar was vier bakens: Een op die

Klipbult / ..........

---

16) R 800/55:- v.d. Walt aan Pretorius - 16 April 1855.
17) R 558/75:- du Toit aan Stiemens - Opmeting 6 Maart 1875.
18) Ibid.
19) Kaart van du Toit van Pretoria 1857.
20) R 558/75:- du Toit aan Stiemens - Opmeting 6 Mrt. 1875.
21) Ibid. 22) Ibid. 23) Vir 'n volledige beskrywing van die bakens sien Bylae 2, waar die brief van du Toit (R558/75) voorkom.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Klipbult waar vandag die terrein van die Spoorwegstasie is, 'n tweede Noord-wes van die eerste op die hoogte van die klipperige vaal bult (nagenoeg waar die gevangenisterrein is), die derde baken lê reghoekig met die lyn wat die eerste twee bakens verbind op die vlakte waar Prinsepark tans is en die vierde baken lê oor die Apiesrivier teen die rand op Prinshoff. Van Prinshoff gaan die grens met die Apiesrivier na die Dorpsdam wat in Apiesrivier lê waar die terrein van die huidige spoorweg-stasie aan die Apiesrivier grens.

As beloning kon A.F. du Toit sy grond, Arcadia, wat hy geruil het van M.W. Pretorius, ook opsny en as dorpserwe verkoop.[24)] Die werk het hy vermoedelik na 1859 gedoen en die grond in 82 erwe opgesny wat hy later aan Stephanus Meintjies vir £1,200 op 'n skuldbewys van drie maande, verkoop het. By betaling het Meintjies met Goewermentsnote wat 2/6 in die pond werd was betaal, sodat du Toit maar £150 gekry het vir sy 82 erwe.[25)]

Hierdie erwe van du Toit het vanaf du Toitstraat tot teen Beatrixstraat en vanaf Schoemanstraat tot Boomstraat gelê.[26)]

In 1863 het du Toit nog verdere opmetings gedoen van 'n stuk grond wat aan Bronkhorst behoort het. Die grond was 'n smal streep ten Suid-Ooste van die dorp langs die Apiesrivier aan die voet van die huidige Muckleneuk. Die loon vir die drie blokke erwe wat gemeet is was £2. 5. 0 sterling.[27)]

Alhoewel A.F. du Toit met sy opmeting net gebruik gemaak het van 'n landmetersketting, 'n skeepsverkyker met waterpas, 12 metaal penne (6 koper en 6 van staal) en 'n kruishout,[28)] het hy sulke goeie werk gedoen dat A.H. Walker in 1875 geen foute met sy opmeting kon kry nie.

---

24) R 312/63 - du Toit aan Staatsekretaris - 17 April 1863.
25) G.J.W. du Toit in die Brandwag - 24 Desember 1919.
26) Sien Bylae + - 'n Kaart van die Oostelike voorstede, waarop die grond van du Toit te sien is.
27) Pa 1 dd. 3 en 8 September 1863 en R 588/63 - du Toit aan Fung. St. Sekretaris - 21 Augustus 1863 - waar du Toit inwillig om Bronkhorst se grond te gaan opmeet - 21 Augustus 1863.
28) G.J.W. du Toit, in die Brandwag - 24 Desember 1919.

©University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K II.

## C. DIE ALGEMENE VOORUITGANG VAN PRETORIA VANAF DIE AANSTELLING VAN DIE EERSTE LANDDROS TOT 1860.

Nadat 'n begin gemaak is met die uitmeting van die erwe in Pretoria, het die Landdros se probleme i.v.m. die handhawing van tug en orde toegeneem.

Ses maande na A.F. du Toit se inswering as landdros van Pretoria, het hy van die president toestemming gevra om dorpsregulasies vir die dorp op te stel.[1)]

Op 29 Julie 1857 het du Toit alreeds die inwoners van Pretoria byeengeroep en toe is 'n konsep-vorm van die regulasies opgestel. A.F. du Toit, A. v.d. Walt, J.H.M. Struben, F. Schutte, P.J. Smit, H. Vermeulen, W. Schutte, Jan Farrell, H. Austin, J. Vermeulen en alle ander inwoners van Pretoria het die dorpsregulasies eenparig aangeneem.[2)]

Nadat du Toit dus seker gemaak het dat die inwoners te vrede sou wees om onder dorpsregulasies te staan, het hy die toestemming van die President gevra. Die President het sy toestemming gegee en nog verder gegaan deur dorpsregulasies vir alle dorpe in die Z.A.R. te publiseer.[3)]

Almal het die noodsaaklikheid van dorpsregulasies ingesien. Die vernaamste klousule het egter gegaan oor die watervoorsiening aan 'n dorp.

Landdros du Toit wat ook besef het dat die watervoorsiening van Pretoria onder streng kontrole geplaas moes word, het dus aanbeveel dat 'n waterfiskaal gekies moes word om die dam, watervoor en watertoevoer in orde te hou en te reguleer.[4)]

Elke persoon wat water uit die dorpswatervoor gebruik, moes daarvoor 6d. per dag betaal en dan nog bereid wees om aan die waterfiskaal 'n werksman te verskaf indien aan die voor of dam gewerk moes word.[5)]

Die / ..........

1) R 1738/57:- du Toit aan M.W.Pretorius - 13 Oktober 1857.
2) Pa 1 dd. 29 Julie 1857 - Dorpsregulasies vir Pretoria.
3) Staats Courant der Z.A.R. - No. 38 - 6 Augustus 1858 - Dorpsregulasies vir dorpe in die Z.A.R.
4) Pa 1 dd. 29 Julie 1857 - Dorpsregulasies - Art. I.
5) Ibid, Art. 2 - Hierdie punt bly oop vir verandering en verbetering namate die dorp sou groei.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die waterfiskaal moes dan sorg dat die watervoor ten alle tye in orde is. Geen mens of dier of pluimvee mag in die watervoor mors nie. Indien iemand hierdie regulasies oortree, sal hy beboet word. Elke eienaar sou ook verantwoordelik gehou word vir sy diere sodat hulle ook nie die regulasie oortree nie. 'n Boete van twee sjielings is opgelê indien iemand oortree of van sy diere in die watervoor gevind word. Van hierdie twee sjielings gaan een sjieling na die waterfiskaal terwyl die ander sjieling in die dorpskas gestort word.[6)]

Elke inwoner sou verplig wees om sy eie wasdam in sy erf te maak en geen „vuilnis of puinhopen" in die strate te laat nie.[7)]

As diere uitgespan word, moes dit minstens twaalf voet van die watervoor gebeur, anders sou die boete twee sjielings wees wat weer tussen die waterfiskaal en die dorpskas verdeel sou word.[8)]

Aangesien die vyftigerjare van die negentiende eeu nog die tyd van uitspan was, moes voorsiening gemaak word vir publieke uitspanplekke. Persone moes dus of op hulle eie grond uitspan of van die publieke uitspanplek die „Markplein"[9)][10)] gebruik maak.

Niemand sou ook toegelaat word om buite die uitgemete strate met 'n ossewa of enige ander rytuig te ry nie. Ook sou niemand takke of brandhout deur die strate mag sleep nie. Vir die ry buitekant die strate was die boete £1 en vir die sleep van takke of brandhout deur die strate, vyf sjielings. By elke oortreding sou die fiskaal een sjieling van die boetegeld kry.

Ook is daar besluit op 'n dorpskut waarvoor die Staatsekretaris alreeds regulasies opgetrek het vir die hele Transvaal.

Die / ..........

---

6) Ibid, Art. 3.
7) Ibid, Art. 4.
8) Ibid, Art. 5.
9) Die markplein is hier effens misleidend want die teenswoordige Markplein is eers in die tagtiger jare in gebruik geneem. Voor die tyd was Kerkplein ook Markplein.
10) Pa 1 dd. 29 Julie 1857 - Dorpsregulasies - Art. 6.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die regulasies vir die skutmeester is in Pretoria effens verander t.o.v. ryperde wat nie langer as 'n uur bedags in die skut gehou moes word nie en die skutfooie wat tussen die dorpskas en skutmeester verdeel word in die verhouding van een tot twee respektiewelik.

Hierdie skutregulasies is egter nie van toepassing op varke en pluimvee nie. By die eerste oortreding moes die eienaar die skade betaal en by die tweede oortreding het die beskadigde die reg om net soveel skade aan die eienaar van die pluimvee of vark te gaan aanrig.[11)]

Vir die voorkoming van longsiekte moes elkeen by die eerste tekens van die siekte dit aan die Veldkornet rapporteer wat dan die nodige aanwysings sal gee waar sulke vee gehou moes word.[12)]

Ten laaste word besluit dat die regering behoort by te dra tot die instandhouding van die dienste van Pretoria en dat die inwoners met meerderheid van stemme die regulasies kan wysig of aanvul.[13)]

By die ondertekening van die regulasies kom die name van John Robert Lys en Row Wm. Payne tussen die eersgenoemde name in die dokument ook voor.

Sedert 1855 het die Afrikaansprekende en Engelssprekende inwoners in Pretoria versterking in getalle gekry. Die geskiedenis van Pretoria toon ook tot op die huidige aan dat Afrikaans- en Engelssprekendes hartlik saamgewerk het tot die vooruitgang van die dorp. Die Afrikaanssprekendes was die oudste bevolkingsgroep en die Engelssprekendes het met hulle saamgewerk.* Pretoria het hierdeur al die jare sedert 1855 'n

oorwegend / ............

---

11) Ibid , Artikels 7 en 8.

12) Ibid , Art. 9 - Siek vee moes op die erf of erwe gehou word en persone wat nie erwe besit nie moes die vee oor die Apiesrivier net voor die poort by Daspoort hou.

13) Ibid , Art. 10 en 11.

*Dit is baie moeilik om presies te bepaal van watter jaartal af Afrikaans as taal gebesig is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oorwegend Afrikaanssprekende dorp en later stad gebly.

Die eerste regulasies toon duidelik aan dat dit meer huishoudelike aangeleenthede was wat gereël is en tog was dit die voorloper van die regulasies wat in 1858 vir alle dorpe in die Transvaal gepubliseer is.[14] Punte een tot twaalf van die 1858 regulasies handel, net soos die 1857 regulasies van Pretoria, oor watervoorsiening, watergebruik, weiveld en die hoeveelheid vee. Punte 13 en 14 gaan oor diere wat losloop wat geskut sal word en die instandhouding van die watervoor. Punte 16 tot 20 bepaal, netsoos artikels 4 en 7 van 1857, die verkeer van ossewaens in die strate, die skoonhou van erwe, die verbod op die sleep van takke deur strate en skoonhou van strate.

Die 1858-regulasies is natuurlik meer uitgebreid want daarin word verder bepaal die omheining van erwe, die oprigting van huise en krale en die aanplant van vrugtebome. Verder word voorsiening gemaak vir markregulasies en spoedbeperking in die strate.

Waar die 1857-regulasies verskil van die 1858-regulasies is dit ten opsigte van die tugtoepassing en die persoon wat die regulasies moes uitvoer. Waar die 1857-regulasies die pligte van die dorpsbewoners onder die sorg van 'n fiskaal gestel het moes die Landdros in die 1858-regulasies toesien dat alle regulasies nagekom word. In 1858 is ook 4 Rds erfbelasting per jaar ingestel.[15]

Die inwoners van Pretoria het hierdie regulasies van 1857 en later die van 1858 sonder enige teëstribbeling aanvaar behalwe die erfbelasting wat volgens F. Pretorius, J.G.C. Van Leenhof, H. Lombaardt en Dr. B.G. Arnoldi te hoog was. Hulle

stel /...........

14) Staats Courant No. 38 -6 Augustus 1858 - Dorpsregulasies vir dorpe in die Z.A.R.

15) Ibid; ook gepubliseer in Staats Courant van 2 Mei 1865 - No. 95 en is ook te kry in Band 102 van die Landdrosstukke van Pretoria. Daar riksdalers algemeen gebruik is in die Transvaal word hier nie weer van sjielings gebruik gemaak soos in die 1857 regulasies nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stel voor dat die belasting verlaag moet word na „Rds 1-5-2" aangesien „die Erven zeer klein zynt" en „niet voldoende Interest opleveren."[16)]

Landdros du Toit het die dorpsregulasies toegepas en alhoewel hy baie te doen gehad het, het hy nie soos sy opvolger Landdros J.J.P. Prinsloo gemeen dat die dorpsregulasies van 1858 „nog te groot" vir Pretoria was nie.[17)]

Die insameling van belastings was du Toit se grootste moeilikheid want baie persone was onwillig om belasting te betaal. Hy wou die onwilliges dagvaar voor die hof maar M.W. Pretorius het moedeloos geantwoord dat hy die persone maar moes laat om hulle self te regeer of regeringloos te bly want hyself is „uitgeput en tot den grond gerenueerd." Hy had nie eers geld om die amptenare te betaal nie.[18)]

Du Toit het ook nie die nodige hulp gehad om verskillende werke te laat doen nie. Hy het alle werk maar self gedoen, alhoewel M.W. Pretorius reeds in Augustus 1857 hom die reg gegee het om 'n geregsbode en skutmeester te benoem.[19)] Hierdie persoon, John Farrell, wat albei poste gevul het sedert 25 Julie 1857,[20)] het du Toit se pligte t.o.v. die dorp verlig maar nie in die kantoor nie. Die eerste hulp wat du Toit in die kantoor gekry het was in Junie 1859 toe J.G.C. van Leenhof die pos van Landdrosklerk aanvaar het teen 'n salaris van £75 per jaar.[21)]

Van geriewe vir die uitvoering van du Toit se werk was daar ook haas geen sprake nie. Aanvanklik het M.W. Pretorius sy huis as Landdroskantoor beskikbaar gestel maar in Februarie 1858 maan hy die Landdros om „niet te verzuimen met de werken van het nieuwe Landdrostkantoor .... daar ik myn huis zal nodig hebben wanneer ik daar moet zyn."[22)] Du Toit het dadelik

aan / .........

16) R 3109/59:- H. Pretorius aan die Uitv.Raad - 16 Sept.1859. Memorie om erfbelasting te verlaag.
17) R 3761/60:- J.J.P. Prinsloo aan Struben - 24 Mei 1860.
18) Pa I dd. 27 Sept. 1858 - Pretorius aan du Toit.
19) Pa I dd. 14 Aug. 1857 - Pretorius aan du Toit.
20) R 1659/57 - du Toit aan president - 27 Julie 1857.
21) Pa 1 dd. 30 Junie 1859 en UR 6 Mei 1859, Art. 13.
22) Pa 1 dd. 22 Feb. 1858 - Pretorius aan du Toit.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan die werk gespring maar van die nuwe Landdroskantoor het daar egter niks totstand gekom voor 1864 nie.[23] Weliswaar is na veel rondskrywery bepaal dat die kantoorerf op die suidwestelikehoek van die plein aan Markstraat is[24] en toe is 'n beroep gedoen op die veldkornette om kaffers te verskaf om stene en klippe in gereedheid te bring, maar niks is vermag nie.[25]

Die grootste behoefte was die daarstelling van 'n tronk en reeds in 1857 het du Toit opdrag gekry om reëlings te tref vir die oprigting van 'n gevangenis te Pretoria[26] maar ook die noodsaaklike gebou moes wag tot 1864 toe dit eers gebou is.[27]

Nieteenstaande al die tekortkominge het du Toit nie moed opgegee nie. Hy het gedurig gevra vir 'n tronk en ysters om die gevangene in vas te sluit vir die nag.[28] Die landdros stel selfs voor om die kantoorerf met toekomstige geboue te gee as sekuriteit om die tronk voltooi te kry op die erf „regt over u door op het hoek van Markstraat."[29]

In Mei 1858 het die Volksraad weer in Pretoria byeengekom op die „zetel van het Gouwernement" volgens Art. 17 van die grondwet[30] en na die sitting het Pretoria 'n hele paar meer inwoners bygekry. Pretoria en distrik het nou 6 veldkornetskappe gehad[31] en die distriksgrens is effens verander.[32] Ook 'n weeskamer is vir Pretoria in die lewe geroep met die Landdros aan die hoof.[33]

Intussen is tenders gevra vir die lewering van klip en

steen / .............

---

23) Landdros Pretoria, Band 30 - brief 66 en Staats Courant No. 54 dd. 21 Junie 1964 - Tenders vir Goew. gebou.
24) Pa 1 dd. 2 Mei 1858 - M.W. Pretorius aan Du Toit.
25) Pa 1 dd. 1 Maart 1858 - Pretorius aan du Toit.
26) Pa 1 dd. 13 Oktober 1857. - Pretorius aan du Toit.
27) U.R. 28 Oktober 1864, Art. 27.
28) R 1980/58: - du Toit aan M.W.Pretorius - 30 Maart 1858.
29) R 2021/58: - du Toit aan M.W.Pretorius - 21 April 1858. - Die beskrywing van waar die tronk moet wees.
30) Locale Wetten, p. 36 - Art. 17 van Grondwet van 1858.
31) Ibid, p. 113 - 10 Nov. 32) Ibid, p. 130 - Goew. kennisgewing 25 Jan. 1860.
33) R 2289/58: - M.W. Pretorius aan A.F. du Toit - 13 Sept.1858.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

steen vir die oprigting van die Goewermentskantoor[34] maar dit het ongelukkig net by tenders gebly tot 1864 soos ons reeds gesien het.

In September 1859 is die heer B.C.E. Proes aangestel as Staatsprokureur en is die weeskamer aan sy sorg toevertrou.[35] Die werk het dus gaandeweg vir A.F. du Toit ligter of minder geword maar ongelukkig moes hy weens swak gesondheid teen die einde van 1859 vra om ontslaan te word as Landdros van Pretoria.[36] Nadat A.F. du Toit dus vanaf 1857 sonder duidelike regulasies, wetsbepalings, vorms of voorskrifte van enige aard, behalwe die grondwet, moes klaarkom[37] en hy die rol van „jek of all trades"[38] moes vervul, lê hy die tuig neer en word opgevolg deur J.J.P. Prinsloo nadat P.J. Botha tydelik waargeneem het.[39]

A.F. du Toit was 'n man wat veel gedoen het vir Pretoria. Behalwe sy Landdroswerk het hy ook aandag gegee aan onderwys, die posdiens en opbou van die dorp in die algemeen nieteenstaande baie gesukkel.[40] Sy klagtes : „Ik heb geen tronk, geen diender nog schout nog polies - ik was verpligt om hem in de kettings te slaan om hem te bewaren. Ziet de bittere gezukkeld, der Landdrost is jek of all trades, hy moet nu de gevangenen zelf oppassen en kost geven"[41] was nie tevergeefs nie want daardeur het hy die pad aangetoon wat vanaf 1860 bewandel is.

---

34) R 1969/58:- A.F. du Toit aan M.W. Pretorius - 20 Maart 1858.

35) R 3093/59 en R 3120/59: - Albei van B.C.E. Proes aan Reg. - 13 en 20 September 1859.

36) R 3300/59:- du Toit aan Schubart-28 Nov. 1859.

37) R 1619/57:-du Toit aan M.W. Pretorius-30 Junie 1857 en Landdros Pretoria:- Band 30 I, Brief 30.

38) R 2063/58:-du Toit aan M.W. Pretorius-5 Mei 1858 en Landdros Pretoria:- Band 30 I, Briewe 76 en 169.

39) R 3408/60:-du Toit aan Schubart-2 Jan. 1860 en Landdros Pretoria :-Uitgaandestukke 1860, Band 30.

40) Oor sy aandeel aan hierdie genoemde sake word in die volgende hoofstuk aandag gegee. Indien meer besonderhede oor du Toit verlang word lees dan Breytenbach, J.H. :— Andries Francois du Toit, Argiefjaarboek, 1942, Deel II.

41) Landdros Pretoria:- Band 30 I, Brief 76 - du Toit aan Pretorius.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## D. DIE INSTELLING VAN 'N POSDIENS NA EN VAN PRETORIA, SKOOLGERIEWE EN SOSIALE LEWE TOT 1860.

Vanaf die stigting van Pretoria tot die aankoms van A.F. du Toit, was hier geen posgeriewe nie. Pretoria het geen posverbinding met Potchefstroom of ander dorpe gehad nie en klaarblyklik het die inwoners hulle ook nie daaroor bekommer nie. As 'n persoon met iemand anders wou kontak maak, het hy of gaan kuier of 'n boodskap gestuur. Die skryfkuns is maar selde beoefen en vir die paar briewe wat persone jaarliks geskrywe het, sou dit die staat nie geloon het om 'n gereëlde posdiens in te stel nie.

Dan was die Trekkers, noord van die Vaalrivier ook nog nie heeltemal gevestig nie en het die nodige samewerking tussen verskillende groepe ook nog ontbreek.

A.F. du Toit wat 'n nuwe intrekker was en voor 1850 nog in die Kaap-Kolonie gewoon het,[1] waar wel posgeriewe was, het hierdie gemis in Pretoria baie sterk aangevoel. Hy het „ongeveer die begin van 1857"[2] in Pretoria aangeland en reeds so vroeg as 11 April van dieselfde jaar pleit hy vir die instelling van 'n posdiens.[3]

Du Toit was 'n ontwikkelde man. Hy het as kandidaat gestaan vir 'n presidentsverkiesing en het gevolglik belanggestel in heersende toestande. Hieruit kan afgelei word dat hy die gebrek aan leesstof en 'n posverbinding gevoel het. Op 11 April 1857 versoek hy Pretorius : „Zend toch als u beliefd koranten, en brieven, en laat Pretoria toch een post door kaffers krygen; 4 of 6 kaffers kan het makkelyk alle weken afloopen, en het zal maar 4 of 6 faersen kosten,'t welk door brieven zal betaal worden."[4]

Na / ................

1) Breytenbach, J.H.:-A.F. du Toit, p.4.
2) Ibid, p. 9.
3) R 1453/57;- du Toit aan M.W. Pretorius - 11 April 1857.
4) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na 'n tweede versoek word eindelik 'n posdiens tussen Pretoria en Potchefstroom ingestel,[6] maar toe moes du Toit weer kla dat hy geen posmeester kon vind nie.[7] Du Toit moes toe self posmeester wees en hy word deur Stephanus Schoeman ook aangespreek as „de Beambten ten Pretoria."[8]

Die briefversending was maar wisselvallig want die poskaffers het die afstand tussen Pretoria en Potchefstroom te ver gevind en dan wou hulle nie langer die werk gedoen het nie. Om ander kaffers te kry wat die werk dan weer moes doen, was ook nie 'n maklike taak nie.[9]

'n Gereelde posdiens kom eers in Maart 1858 totstand. Op Woensdae het die pos van Pretoria vertrek en op Saterdae het die kaffer Potchefstroom verlaat.[10]

Posbraak het ook dikwels voorgekom. 'n Sekere familie Kotze, by wie die poskaffers op die pad oornag het, het daar geen fout in gevind om die koerante en briewe, wat die kaffer vervoer het, te lees nie. Du Toit was met die toestand egter nie te vrede nie en het daarom die gesinshoof Arnoldus Kotze beboet met die maksimum boete van 500 Rds.[11]

Omdat die kaffers wat die pos vervoer het, gekla het dat hulle te Potchefstroom stene moes maak en dat hulle voete daarvan oopgebars het,[12] het du Toit by Staatsekretaris Schubart hieroor gekla. Schubart het weer aangevoer dat „de post kaffers in hunnen vryen tyd niet leeg moeten liggen"[13] en om ontslae te raak van die gesukkel met kaffers het du Toit toe 'n burger vrygestel van gewone burgerpligte net om die pos gereeld te vervoer.[14]

J.G.C. van Leenhof / .....

---

5) R 1482/57. - du Toit aan Pretorius - 20 April 1857.
6) Pa 1 - 22 Feb. 1858.
7) R 1634/57:- du Toit aan Pretorius - 6 Julie 1857.
8) R 1574/57:- St. Schoeman aan du Toit - 6 Junie 1857.
9) Pa 1 - 14 Augustus 1857.
10) Ibid - 1 Maart 1858 en Pieterse, J.J.:- Gesk. van Pretoria, p.55.
11) R 1980/58:- du Toit aan M.W. Pretorius - 30 Maart 1858.
12) R 2230/58:- du Toit aan M.W. Pretorius 9 Augustus 1858.
13) R 3138/59:- Schubart aan du Toit - 24 September 1859.
14) Pa 11 dd. 10 Des. 1858 (Band 30)-Du Toit aan M.W.Pretorius.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

J.G.C. van Leenhof, die Landdrosklerk, is in Mei 1860 ook aangestel as posmeester. Hy het hierdie amp gevul tot 13 September 1862 toe hy ontslaan is en opgevolg is deur E.H. Finley.[15)]

En tog wou die posvervoer maar nie vlot nie. Gedurig het klagtes oor die stadige vervoer voorgekom.[16)]

Op 8 Julie 1864 het J.C. Proller die tender om die pos tussen Pretoria en Potchefstroom te vervoer, gekry en dit sou ons by 'n nuwe tydperk in die posweso bring. Die pos is nou met poskoetse vervoer.

In 1860 is die poswese ook vanaf Pretoria na Waterberg en Schoemansdal uitgebrei.[17)] So is gaandeweg aan hierdie behoefte voorsien.

Dan was daar die behoefte aan 'n behoorlike onderwys-inrigting wat tot 1857 nog nie bestaan het nie.

In 1856 het J.W. Struben 'n skooltjie in die buitekamer van J.J.P. Prinsloo begin. Later toe Prinsloo sy buitekamer vir ander doeleindes nodig gekry het, is dit oorgeplaas na 'n kamer in die huis van M.W. Pretorius op die plein. Maar die volgende jaar, 1857, moes die skool gesluit word omdat slegs 40 Rds. per jaar aan skoolgelde ingevorder is.[18)]

Du Toit wat self 'n paar kinders van skoolgaande ouderdom gehad het, het sedert sy koms gewys op die gebrek aan onderwys-fasiliteite. Hy het gemeen dat dit die owerheid se Goddelike" plig is om te sorg vir die opvoeding van die jeug.[19)]

Die gevolg was dat die skool in 1859 heropen is. Die huis van Zagarias Pretorius is tydelik gebruik as skoollokaal en op 1 November 1859 is die eerste Goewermentskool op die dorp geopen met 26 leerlinge.[20)]

Die / ................

15) R 3774/60:- Van Leenhof aan Struben-30 Mei 1860.
16) R 4540/61:- C.A. Preller aan Uitv. Raad - 2 Augustus 1861.
17) Pa 1 - 12 Mei 1860.
18) R 1228/56:- Struben aan M.W. Pretorius - 26 Oktober 1856.
R 1326/57:- du Toit aan M.W. Pretorius - 13 Februarie 1857.
19) R 1767/57:- du Toit aan C. Moll - 25 Oktober 1857.
Lees ook A.N. Pelzer :-Wordingsjare, pp. 192-194.
20) R 3219/59:- du Toit aan M.W. Pretorius - 31 Oktober 1859.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die onderwyser was Hendrik Stiemens wat 'n salaris van 1,000 Rds. per jaar en vrye inwoning ontvang het.[21)]

Die huis van Z. Pretorius was egter nie geskik as 'n skool nie en nou is daar sprake van in die kerk skool te hou. Toe dit bekend word by die publiek van Pretoria het hulle by wyse van 'n memorie aan die President hulle misnoë daaroor uitgespreek. In die memorie spreek die memoraliste hulle ook uit teen die idee om self te sorg vir die oprigting van 'n skoollokaal. Hulle protesteer ook teen die salaris van die onderwyser tensy dit deur die regering betaal word.[22)]

Die regering het die memoraliste in al hulle eise tegemoet gekom, behalwe in een. Hulle moes self die skoollokaal oprig. Hiermee was die inwoners van Pretoria tevrede en almal het nou hartlik saamgewerk om stene te maak, gras en riete aan te bring en kalk te brand.[23)] Die skoolgebou is op die pastorie-erf opgerig en het jare daarna nog daar gestaan.[24)]

Stiemens, wat deur Prof. Lauts na Suid-Afrika gestuur was en dadelik na sy aankoms in Potchefstroom deur die regering aangestel is as goewermentsonderwyser op Pretoria, was 'n goeie onderwyser. Daar is nie veel van hom verwag nie - die kinders moes slegs goed leer lees en skryf en so gou moontlik daarna dan begin met Rekene en Aardrykskunde. Die draaiing van die aarde, waarvan in 'n Aardrykskundeles melding gemaak is, het egter 'n groot bom laat bars. Die ouers het Stiemens beskuldig van vervalsing van die Bybel en die resultaat was dat sommige van sy leerlinge die skool verlaat het.[25)]

In / .............

---

21) R 2965/59:- Schubart aan du Toit - 14 Julie 1859.

22) R 3204/59:- 'n Memorie aan M.W. Pretorius - 28 Oktober 1859.

23) Pieterse, J.J.:-Geskiedenis van Pretoria tot 1877, p. 63.

24) R 395/64:- A.J. Begemann aan die President en Uitvoerende Raad - 22 Junie 1864.

25) Dr. A.H. Lugtenburg :-Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900, J.L. van Schaik, (Pretoria 1925), p. 70.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1860 is 'n skoolkommissie vir Pretoria benoem, te wete J.W. Struben, J.J. Prinsloo, J.F. Schutte en A.F. du Toit met Dr. B.G. Arnoldi as Sekretaris. En so het die onderwys in Pretoria stapsgewyse[26)] gevorder tot 1862 met die uitbreek van die Burgeroorlog in Transvaal.

Stiemens, wat 'n Schoemanondersteuner was, is in die gevangenis gestop en in „de stok" vasgesluit.[27)] Die skoolgebou moes dien as tydelike gevangenis en die skool is gesluit tot 1864 toe die Burgeroorlog beëindig is.[28)]

Met 'n Landdros, kerk, posgeriewe en skoolgebou het Pretoria nog nie sy landelikheid ontgroei nie. In die wintermaande het die inwoners nog gereëld verskuiwe na die bosveld en was dit vir A.F. du Toit „compleet" of „de laaste man is in de bosvelt."[29] Die inwonerstal van Pretoria was nie hoog nie. Behalwe dat daar saam met die inwoners ook 'n paar algeméne handelaars hulle in Pretoria gevestig het, het J.J.P. Prinsloo die dorp in 1860 nog as „weinig bevolkt" beskou.[30)]

In 1857 het John Robert Lys 'n algemene handelaarssaak begin met H. Austin kort op sy hakke[31)] terwyl Pretoria in 1859 sy eerste medikus gekry het in die persoon van B.G.A. Arnoldi.[32)]

In 'n klein plekkie is daar gewoonlik ook baie praatjies en so was dit ook in Pretoria kort na sy stigting. 'n Egskeidingsaak tussen B. de Lange en sy vrou (geb. Prinsloo) het die tonge lekker losgemaak[33)] en die tonge het ook oor ander dinge tot lank na 1857 losgebly. Op 20 April 1857 kla A.F. du Toit „ik hoor

en / ...............

26) R 3499/60:- Struben aan M.W. Pretorius - 25 Januarie 1860.

27) Lugtenburg, Dr. A.H.:- Geskiedenis van die onderwys in die Zuid-Afrikaanse Republiek 1836-1900, Pretoria 1925, p.7.

28) De Gids:- Mei 1934 : Ouden tyden in Natal en Transvaal - deur Stiemens.

29) R 2180/58:- du Toit aan M.W. Pretorius - 12 Julie 1858.

30) R 3765/60:- J.J.P. Prinsloo aan Staatsekretaris, 25 Mei 1860.

31) Albei het die Dorpsregulasies van Julie 1857 onderteken. Vergelyk hier A.N. Pelzer :-Wordingsjare, p.176, waarvolgens die herinneringe van P.S. Rademeyer, Austin in 1859 in Pretoria 'n besigheid begin het. Preller, G.S.:-Ou Pretoria, p.64 meen weer dat Austin die eerste handelaar in Pretoria was.

32) R 3013/59:- Dr. Arnoldi aan President-16 Augustus 1859.

33) R952/55:-en R 976/56:- Verklaring M.M. de Lange, dd.28 Jan.1856.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en ziet hier niets als die puure Schoemans praaitjes, ik ben reeds ziek er van, geef nu andere stof"[34] want toe was die stryd teen die Grondwet van 1858 op sy hewigste.

Inwoners van die dorp het nog hulle eie koeie gémelk en die kalwers het los rondgeloop tot ergernis van A.F. du Toit wie se koringlande dit moes ontgeld.[35]

Die teenswoordige Bloedstraat was nog ruig begroei met doringbome en langs die Apiesrivier het alle soorte ongediertes hulle versteek in die ruigte en riete. In 1860 het 'n kraag-mannetjie 'n drie jaar oud os van Frans Schutte in sy kraal dood gebyt. 'n Tier is ook in 1860, in 'n bos oos van die teenswoordige Goewerneurshuis geskiet terwyl daar nog kwaggas suid van die teenswoordige Rissikstasie was.[36]

Saterdae was skietdag. Op die plase rondom die dorpie was nog baie kwaggas, blesbokke, springbokke en wildebeeste en waar slaghuise nog ontbreek het, moes op die manier gesorg word vir 'n spesiale vleisgereg vir Sondag.[37]

Saterdagaande was daar by die een of ander huis 'n dans-partytjie en die bure het nie gewag vir formele uitnodigings nie maar vanself gekom. As die gasheer dan nog mense wou hê, is verskeie skote afgevuur wat beteken het dat alle bure hartlik uitgenooi word.[38]

So het Pretoria stadig ontluik. Met plesier, werk, gesels en probleme het die inwoners hulle besig gehou. Skoene is ge-maak, kerse gegiet en elke huis het probeer om selvoorsienend te wees.

Vanaf 1860, toe die Regeringskantore na die Setelplaas van die regering oorgeplaas is, het die vordering ook vinniger geskied.

---

34) R 1482/57:-du Toit aan M.W. Pretorius-20 April 1857.
35) Pa 1 - 13 Augustus 1860 - du Toit aan die Landdros Pretoria.
36) G.W. du Toit : Die Brandwag-24 Desember 1919.
37) Ibid.
38) De Gids:- Stiemens - Mei 1934.

*******************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK III.

## Pretoria 1860 - 1872.

### A. DIE REGERINGSKANTORE WORD NA PRETORIA OORGEPLAAS EN REGERINGSAANGELEENTHEDE IN PRETORIA TOT 1872.

Op 16 November 1855 is Pretoria tot dorp verklaar. Op 20 April 1857 het die dorp sy eerste Landdros gekry nadat daar al in Mei 1856 'n Volksraadsitting in Pretoria gehou is.

Hoewel daar in 1857 nog geen eensgesindheid in die Reppubliek was nie en daar heelwat moeilikhede in verband met die grondwet was wat moes opgelos word, het persone tog gevoel dat dit vir die vooruitgang van die Republiek beter sou wees om die regeringskantore op 'n sentrale plek in die Republiek te hê.

Pretoria was nie juis Aardrykskundig die middelpunt van die Republiek nie, maar seker die mees sentrale dorp in die Republiek en daarom rig 'n klomp memorialiste 'n versoek aan die Uitvoerende Raad om die regeringskantore na Pretoria oor te plaas. Hulle gee „gaarne de Eere als Hoofdplaats van dezen staat", aan Potchefstroom maar beskou Potchefstroom ook weens sy ligging as ongeskik en te afsydig om te dien as setel van die Uitvoerende mag. Daar die Republiek ook 'n „inlandsche staat" is, verlang die „regvaardigheid zoowel als de onpartydige" burgers van die staat dat die Uitvoerende mag sy setel so na moontlik in die middel van die Republiek moet hê.

Aangesien Pretoria hoofsaaklik aangelê is tot eer en tot nagedagtenis van A.W.J. Pretorius en die dorp taamlik sentraal lê in die Republiek, dring die memorialiste daarop aan dat die dorp Pretoria die setel van die Uitvoerende mag moet word.[1)]

Hierdie / ..............

1) R 1608/57.- Burgers van die Z.A.R. aan President en Uitv.-Raad. 23 Junie 1857.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierdie petisie van „burgers van de Zuid-Afrikaansche Republiek" word byna woordeliks herhaal op 6 Februarie 1858[2] en onder die druk daarvan en moontlik ook na aanleiding van die opinie van Stuart en andere,[3] wat belas was met die optrek van die grondwet, word in die grondwet van 1858 vasgelê dat Potchefstroom die „hoofplaats" en Pretoria die „zetel" van die regering sou word.[4]

Op 3 April 1860 word aan die waarnemende president opgedra om sonder versuim maatreëls te tref tot die aanbou van 'n behoorlike „lands-kantoor" te Pretoria met twee vergadersale (een vir die Volksraad en een vir die Uitvoerende Raad) en aparte kantore vir die landdros, weesheer, staatsprokureur, posmeester en drukkery[5] en op 9 April besluit die Volksraad te Pretoria dat die „zetel van het Gouvernement van 1 Mei 1860 te Pretoria zal gevestigd zyn, en dus alle geschriften als anderzints aan den Hoog Ed. Fung. President en Uitvoerende Raad gerigt, van den 1sten Mei aanstaande te Pretoria moeten bezorgd worden."[6]

Op 1 Mei 1860 was daar behalwe M.W. Pretorius se huis wat as sodanige gebruik is, nog geen kantore in Pretoria nie. Die Uitvoerende Raad het gemeen dat die landdros van Pretoria vir die oprigting van die geboue moes sorg; die landdros het weer na die Uitvoerende Raad gekyk om die inisiatief te neem. Daarom is daar so gesloer met die oprigting van die landdros- en regeringskantore.

In die staatskoerant van 12 Oktober 1860 word daar nou

van / ..........

---

2) R 1906/58:- Memorie van burgers van die Z.A.R. aan die Volksraad - 6 Februarie 1858.

3) Pelzer Dr. A.N.:-Wordingsjare, p.158 en Een Hollander : Toen en Tans, H.A.U.M., Kaapstad, bl. 128.

4) Grondwet 1858 - Art. 17.

5) V.R.B: - 3 April 1860, Art. 52 en Staatskoerant - 12 Oktober 1860.

© University of Pretoria

6) Lokale Wette, p 141 en V.R.B:-9 April 1860 - Artikel 45.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van regeringskant tenders gevra vir die oprigting van die goewermentsgebou en op 8 November word 'n kontrak met Frederik Botes aangegaan vir die lewering van 100 vragte klippe teen 3 Rds. per vrag vir die fondament van die gebou.[7)]

Gelyktydig met tenders vir die goewermentsgebou is ook tenders gevra vir die oprigting van 'n behoorlike tronk.[8)]

Op die 27e September 1860 het die Volksraad besluit om transport te neem van die halwe plaas Daspoort, die halwe plaas Elandspoort en die plaas Nooitgedacht wat M.W. Pretorius ook in 1853 gekoop het en dat die Goewerment aan M.W. Pretorius transport sal verleen van die lap grond „makende een deel van het dorp Pretoria gelegen ten noorden van de Kerkstraat ten oosten begrensd door du Toitstraat." Die wesgrens sou oor Potgieterstraat tot aan die „steenoven-sloot" gaan en met steenoondspruit af tot aan Apiesrivier. „Ten noorden door de Apiesrivier met uitzondering van de gronden van die Wel Ed. heer J.J.P. Prinsloo, en die overige uitgehouden" of verkoopte grond wat binne die lyn gelê het. Ook erwe 348, 349, 350 en 351 en 378, 379, 380 en 381 het die regering uitgehou. M.W. Pretorius sou geen belasting betaal op sy erwe solank hulle nog nie verkoop of bebou was nie. Alle vorige verkope of gifte sou erken word. Die Regering het ook transport van die erwe op die hoek van Potgieter en Kerkstraat geneem.[9)] Dit was eintlik die blok noord van Kerkstraat tussen Potgieter en Schubartstraat. Uit die erwe wat M.W. Pretorius gekry het moes hy die plase wat hy in 1853 gekoop het verder betaal en het hy nes A.F. du Toit meer onkoste met Pretoria gehad as winste.[10)]

Sedert / ......

---

7) R 4110/60:- Kontrak met F. Botes - 8 November 1860.

8) Staatskoerant (Gouvernements Courant)-12 Oktober 1860. - Tenders vir die Landskantoor met 2 vergadersale en kantore vir die landdros, weesheer, staatsprokureur, posmeester en drukkery asook vir die tronk. Pelzer, Dr. A.N.:- Wordingsjare, p. 146.

9) V.R.B:- 27 Sept. 1860 te Pretoria - Art. 144 en Lokale Wette, p. 141.

10) A.F. du Toit het maar £150 gekry vir sy 82 Arcadiaerwe en M.W. Pretorius is as 'n betreklike arm man dood.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sedert 1860 was die regering i.p.v. die landdros ook verantwoordelik vir die watertoevoer na die dorp en word 'n kontrak met J.F. Schutte en Andries van der Walt op die 4de Junie 1860 gesluit om die dam en watervoor vir Pretoria op die volgende voorwaardes te maak :

Die watervoor moes van waar hy uit die bestaande dam in die Fonteine kom tot aan die bo-end of suidekant van die plein, drie voet wyd en agtien duim diep wees. Dan rondom die plein, twaalf voet binne die grense van die plein. Reg rondom die plein moes die voor 'n maat van agtien duim wyd en twaalf duim diep hê. Waar die voor weer in die groot watervoor aan die onderkant of noordekant van die plein kom moes die voor dan weer drievoet wyd en agtien duim diep wees.

Dit kon dieselfde dam wees, maar hy moes so groot en sterk gemaak word dat hy soveel water as wat benodig was vir Pretoria kan uitkeer.

As beloning sou hulle £120 ontvang maar as hulle in gebreke bly om die werk te doen dan sou die Goewerment die reg hê om die werk op hulle rekening, volgens kontrak, te laat voltooi.[11)]

Waarom die voor en dam wat reeds in 1858 deur du Toit, Schutte en van der Walt gemaak is oorgemaak moes word, is nie duidelik nie. Dit is waarskynlik gedoen omdat die eerste dam en watervoor nie groot genoeg was nie.[12)]

Die waterregulasies waarop die inwoners in 1858 self besluit het, het van krag gebly.[13)] Daarvolgens sou geen water uit die voor, voordat dit die dorp binnekom, geneem word nie. By oortreding hiervan, sowel as vir was of vir enige gemors in die water sou die persoon met 'n boete van £1 tot £5 strafbaar wees.[14)]

Met die nuwe voor van 1860 moes die bepalings van die

dorp /

11) Pa I - 4 Junie 1860 by Suplimentêrestukke 4/60.
12) Volgens R 558/75 het du Toit die watervoor vanaf van der Walt se huis tot aan die plein gebring en het Schutte en v.d. Walt die dorpsdam onder kontrak gebou.
13) R3761/60 - Mnr. J.J.P.Prinsloo aan Struben - 24 Mei 1860.
14) R 1989/58 - A. du Toit i.v.m.sake van Pretoria - 6 April 1858. In die vorige hoofstuk is net melding gemaak van die regulasies maar hulle is nie behandel nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dorpsregulasies van 1858 t.o.v. die gebruik van water ook nagekom word. Dit is die volgende :

Die landdros moes waar vore in die Goewermentserwe of in die strate nodig was, behoorlike sluise maak om die loop van die water deur die dorp nie te belemmer of vuil te maak nie. Die bewoners van erwe moes die voor skoon hou en behoorlike sluise maak as hulle van die water wou gebruik. Die persoon wat wel van die water gebruik maak, moes sorg dat daar altyd genoegsame water in die voor bly as drinkwater vir mense en diere.[15)]

In 1860 het die landdros 'n kaffer gehuur om te help met die watertoevoer na die dorp,[16)] maar die werk is so swak gedoen dat Struben, Marais en Pretorius gekla het dat hulle watergeld betaal maar geen water kry nie.[17)]

Die oorsaak van hierdie watertekort het egter gelê in die vergunning wat Lukas Bronkhorst gehad het om 'n kwart van die water uit die dorpsdam op sy aanleg te gebruik.[18)] Om ook hierdie water beskikbaar te stel vir die dorp, ruil die Goewerment in Augustus 1863 van Bronkhorst 'n stuk van sy plaas Groenkloof ten Suid-ooste van die dorp Pretoria op die regter oewer van die Apiesrivier. Bronkhorst kry in ruil vir hierdie grond erwe 273, 274, 275, 276, 277, 307, 308, 309, 310 en 311.[19)] (Die blok tussen Potgieter-, Vermeulen-, Schubart- en Kerkstraat wat die regering in 1860 uitgehou het.)

In 1863 is die dam, wat nagenoeg op dieselfde plek was as waar die sementwal tans nog in die Fonteine is, en watervoor deur J.R. Lys geinspekteer en goedgekeur maar hy beveel aan dat daar sluise by die erwe en by die dam aangebring moet

word / ...........

15) Dorpsregulasies 1858:- Staatskoerant No. 95 van 2 Mei 1865.
16) SS Stukke - B.B. 1860 - Brief 267 - 3 Oktober.
17) Pa 1 - 26 Julie 1862.
18) R 1989/58:- du Toit i.v.m. sake van Pretoria - 6 April 1858.
19) Pa I-17 Augustus 1863. Dit is die grond wat du Toit in 1863 opgemeet het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word wat onder die toesig van 'n waterfiskaal moet wees.[20]

Die uitkeer van water het egter maar moeilikhede bly lewer[21] tot 1876; nieteenstaande daar 'n waterfiskaal aangestel was, teen £75 per jaar, wat moes toesig hou oor die waterbeurte, waarvoor die inwoners 10/- waterbelasting per erf per jaar betaal het.[22]

Met die bou van die Goewermentskantoor op die hoek van die suidwestelike gedeelte van die plein en Markstraat-Suid het dit ook nie te voor die wind gegaan nie as gevolg van die Burgeroorlog wat in 1862 begin het en eers in 1864 beëindig is.

In Junie 1864 is weer tenders gevra vir die oprigting van die Goewermentsgebou en hierdie keer is meer besonderhede verskaf. Die fondament moes 2 voet bokant die grond, op die laagste plek, met klippe gemessel wees en die mure moes 11 voet hoog onder die balke wees. Die mure moes gemessel wees met goed gebrande stene en 18 duim dik wees. Die gebou moes verder voorsien wees van 11 vensters met 20 ruite van agt by tien duim elk, twee buitedeure en sewe binnedeure.[23]

Skinner en Devereux het die boukontrak aanvaar nl. om die gebou binne 9 maande teen £680 af te lewer.[24]

Die Goewerment het na die voltooiing van die gebou egter nie die geld gehad om Skinner en Devereux te betaal nie en hulle moes dit van C. Moll, wat dit in 1866 nog nie terug gekry het nie, leen. Nuwe note moes in 1866 gedruk word en nou vra Moll dat aangesien van der Linden besig is „om Noten te teekenen, aan my by sy zyne terugkomst een voorschot te geven

voor / ..............

---

20) Pa I dd. 15 Januarie 1863.
21) Pa I-17 Desember 1868 - Klagte van S.J. Meintjies en Pa I-12 September 1870 - Klagte van J.C. Preller.
22) Pa I-30 November 1876.
23) Staats Courant No. 54 - 21 Junie 1864.
24) R 428/64:- W. Skinner i.v.m. voorwaardes by die bou van die Gouv. Kantoor - 27 Junie 1864.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voor de kosten van het Gouvernementsgebou."[25]

Die gebou het met sy voltooiing nog nie genoeg kantore gehad nie. Op voorstel van Landdros C. Moll wat nou sy geld gekry het, en Staatsekretaris J.W. Spruyt is die binnemuur van die raadsaal uitgeslaan en agter aan kantore opgerig. Een daarvan sou vir die privaatgebruik van die president wees.[26]

In 1866 kon die nuwe kantore na bogenoemde verand ·ings betrek word en kon aan die behoefte wat sedert 1857 bestaan het voldoen word.

Dit was 'n langwerpige „L"-vormige gebou wat aan die plein gefront het met 'n veranda en geheel onder grasdak. Agter aan die vergadersale is die kantore aangebou. Die gebou het dus gedeeltelik langs Markstraat-suid en gedeeltelik aan die plein gestaan.[27] Hierdie gebou sou eers in 1888 in die tyd van President S.J.P. Kruger vervang word deur die teenswoordige „Ou Raadsaal" op Kerkplein.[28] Agter die Landskantore op dieselfde erf is die tronk opgerig. Hierdie geboutjie met 4 kamers was elf voet breed en 30 voet lank. Die mure was van klip en steen en 10 voet hoog. Daar was net een buitedeur en die klein venstertjies was van ystertralies voorsien. Die dak was van gras.[29]

President M.W. Pretorius het ongelukkig nog nie in Pretoria gewoon nie. As die hoof van die Staat ook in Pretoria gewoon het noudat die Goewermentskantore hier gebou was, sou dit die aansien van die dorp verhoog het en sou die dorp moontlik vinniger ontwikkel het.

Die kantore was van 'n „primitiewe voorkome" en die

winkels / ............

---

25) R 1154/66 - C. Moll aan Staatsekretaris J.W. Spruyt en die president-22 November 1866.
26) R 1151/66 - C. Moll en J.W. Spruyt - 21 November 1866.
27) Sien die Eeufeesalbum van Pretoria, pp 24 - 25 vir afdrukke van foto's van die 1866 raadsaal en beskrywing van H.C. Marais - Die Brandwag-28 Junie 1910.
28) De Volkstem-5 November 1888 - Begin met die afbreek van die Volksraadsaal.
29) Pa 2 (1861 - 1866).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

winkels en ander geboue was nie veel beter nie. Die woonhuise, meestal met grasdakke, was oral versprei teen die bult wat nou die Sentraal-stad uitmaak en op klein afstande van mekaar. Van die een huis na die ander was daar voetpaaie asook na die middelpunt van die verkeer - die Kerkplein.[30]

Die Kerkplein was meer plein in naam as in werklikheid. Die gras het daar weelderig getier en die paaie het kruis en dwars daaroor geloop, net so breed as wat nodig was vir die ossewaens.[31]

Die volgende winkels het toe om Kerkplein gestaan : Die van J.R. Lys teenoor die Raadsaal, die van W. Austin waar die Poskantoor tans staan,[32] die van A. Brodrick op die hoek van Kerkstraat en die plein waar Barclays Bank vandag staan, en op die teenoorgestelde hoek die winkel van Field en Hoffman wat egter eers in 1874 opgerig is.[33]

---

30) H.C. Marais, in die Brandwag 28 Junie 1910.

31) Ibid.

32) Pieterse, J.J.:- Die geskiedenis van Pretoria, p. 39.

33) Eeufeesalbum van Pretoria, p.22.

**************************

## H O O F S T U K  III.

## Pretoria 1860 - 1864.

### B. PRETORIA EN DIE BURGEROORLOG VAN 1862 - 1864.

Toe President Boshof van die Oranje-Vrystaat die presidentskap in 1859 neergelê het, het M.W. Pretorius, die president van die Z.A.R. daarin die moontlikheid gesien om die Transvaal en die Oranje-Vrystaat te verenig en so 'n vergrote Boere-republiek tot stand te bring.

In Desember 1859 sou die verkiesing in die Vrystaat plaasvind en M.W. Pretorius laat hom as kandidaat vir die Vrystaatse presidentsverkiesing nomineer.

In / .........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Januarie 1860 het die Staatsekretaris en stemopnemingskommissie van die Vrystaat vir Pretorius laat weet dat hy as president van die Vrystaat gekies is en dat sy pligte as president in Februarie 1860 sou begin.

M.W. Pretorius het toe vir ses maande verlof by die Transvaalse Volksraad aangevra en toe dit toegestaan is, vertrek na die Vrystaat waar hy in Februarie 1860 as president ingesweer is. In die Transvaal het J.H. Grobler waarnemende president geword.

Die ses maande waarin M.W. Pretorius gemeen het dat hy die Vrystaatse Volksraad sou oorhaal om 'n vereniging met die Transvaal aan te gaan sou aan die begin van Augustus verstreke wees. In Augustus 1860 was die voorgestelde vereniging egter nog nie deurgevoer nie en moes die Vrystaatse Volksraad vir Pretorius weer drie maande verlof toestaan om sy verlof in die Transvaal te probeer verleng.

In September 1860 het die Transvaalse Volksraad bymekaar gekom. Uit vrees vir Britse inmenging was die Transvaalse Volksraad nie gediend met Pretorius se verenigingsplanne nie en toe hy vra vir verlenging van verlof het hulle hom dit nie toegestaan nie, maar hom die keuse gestel van of in die Vrystaat te bedank as president of sy presidentskap in die Transvaal neer te lê.

Pretorius het sy amp neergelê en J.H. Grobler sou verder waarneem as president totdat 'n presidentsverkiesing in die Transvaal gehou is.

Pretoria, die setel van die regering van die Z.A.R., het deur hierdie toedoen van sake die speelbal van omstandighede geword. In die Transvaal het daar nou tweepartye ontstaan. 'n Pretoriusgroep met Kommandant-generaal S. Schoeman aan die hoof wou M.W. Pretorius se verlof met nog 'n jaar verleng terwyl die Volksraadgroep, met Kommandant S.J.P. Kruger as die leier, die besluit van die Volksraad wou uitvoer. Op verskeie plekke soos Potchefstroom en Rustenburg het Schoeman vergade-

rings /........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

rings gehou en op die vergaderings is besluit dat Stephanus Schoeman, die Kommandant-Generaal, tydens Pretorius se afwesigheid as president moes waarneem.

Hierop het Schoeman teruggegaan na Pretoria en Grobler as waarnemende president afgedank. Hy het die regeringskantore, papiere en dokumente van die regering opgeëis. „Grobler het hom wel daarteen verset, maar moes tenslotte tog sy plek opgee."[1)]

Paul Kruger, wat nie tevrede was met die handelwyse van Schoeman in April 1861 nie, het gevoel dat hy moes optree. Op sy beurt het hy van Rustenburg af na Pretoria vertrek om die regeringskantore weer van Schoeman op te eis. Schoeman wa Kruger te wagte en het die nodige voorsorgmaatreëls getref want 'n botsing kon ontstaan wat tot burgeroorlog kon lei.

„Toe Kruger, onderweg na Pretoria, by Daspoort aangekom het, het hy bevel van generaal Schoeman gekry dat hy nie nader moes kom nie maar moes bly waar hy was."[2)] Kruger het hom nie aan Schoeman gesteur nie. Sy kommando het hy „op die oopveld, wes van die dorp, waar teenswoordig die Gereformeerde Kerk staan, teenoor die latere Presidentswoning, gelaat, om Generaal Schoeman te gaan spreek.[3)]

Schoeman en Kruger het saamgestem om die hele aangeleentheid deur die volk te laat besleg. Kruger is hierop terug na sy mense wat vir hom, op die teenswoordige Gereformeerde Kerkplein, gewag het maar sou van Schoeman se mense afskeid geneem het met die woorde: „As ek oor die Magaliesberge is, moet julle my as julle vyand beskou.[4)]

Schoeman het die besluit van hom en Kruger wel nagekom.

Op / ..............

---

1) Bredell H.C. en Grobler, Piet :-Gedenkskrifte van Paul Kruger, p. 37.

2) Ibid, p. 37.

3) Preller, Dr. G.S.:- Ou Pretoria, p.81.

4) Bredell, H.C. en Grobler, Piet:-Gedenkskrifte van Paul Kruger, p.38.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op die 11de Oktober 1861 het hy die volgende oproep in die Staatskoerant gepubliseer: „dat alle getrouwe onderdanen die den bloei en de welvaart deze lands willen bevordelyk zyn en tot eenen meer duurzamen vrede willen medewerken op den tweeden November aanstaande te Pretoria teegenwoordig te zyn, om krachtdadig de wet te handhaven."[5)]

Met hierdie byeenkoms het die volk besluit 'n kommissie te benoem om die Volksraad vir April 1862 op te roep. Die nuutversamelde Volksraad het in Pretoria vergader en daar verskeie hooggeplaaste amptenare, waaronder die fungerende President, Stefanus Schoeman, in hulle betrekking geskors[6)] en W.C. Janse van Rensburg aangestel as fungerende President.[7)]

Die verontwaardiging van die Pretoriusvolgelinge, waarvan Schoeman die leier was, het byna geen perke geken nie. Die gesag van die Volksraad is betwyfel en Schoeman het hom nog as fungerende President beskou.[8)]

Die ergste was dat die Volksraad besluit het om die geskorste amptenare in Augustus 1862 voor 'n hoë geregshof te Pretoria te dagvaar om verantwoording van hulle dade te doen.[9)]

Schoeman het sy ou Uitvoerende Raad nog rondom hom geskaar gehad nieteenstaande die Volksraad 'n Uitvoerende Raad daargestel het. Die fungerende President, van Rensburg en sy Uitvoerende Raad het egter niks gedoen om teen Schoeman op te tree nie en geduldig die sittingsdatum van die hooggeregshof afgewag.[10)]

Vanaf April tot Augustus 1862 het dit betreklik stil gegaan. Schoeman en sy volgelinge sou egter nie in Augustus voor die hooggeregshof verskyn nie.

Op die môre van 13 Augustus, die dag wat bepaal was vir

die / ............

5) Staats Courant No. 41 - 11 Oktober 1861 - 'n Oproep tot 'n Volksvergadering geteken deur Schoeman en Stiemens.
6) V.R.B. - 17 April 1862 - Art. 82.
7) Ibid - Art. 90.
8) Ibid Art. 93.
9) Staats Courant der Z.A.R. - 1862 - In die verslag van de werksaamhede van den Krygsraad der Z.A.R.
10) Argief jaarboek, 1942, Deel II, Breytenbach, J.H.: Andries Francois du Toit, p.38.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die sitting van die hooggeregshof, het die Schoeman-ondersteuners in die huis van Schoeman, wat op die terrein waar die Dieretuin tans is, gestaan het, vergader. H. Stiemens, die vroeëre Goewermentsonderwyser en latere Staatsekretaris van Schoeman, het die groepie van 20 of 21 persone toegespreek.[11)]

Stiemens het vertel dat die Geregshofsitting onwettig is. Dit sou dan teen die Volksbesluit van November 1861 en teen die Grondwet van die Republiek wees. Hy het die aanwesiges aangespoor om nie die sitting toe te laat nie, maar om na die Landdroskantoor te gaan om die „spul daar uit elkander te maken."[12)]

Hierna het C.F. Preller (Snr.) die woord gevoer. Hy het verklaar dat hy tot voorman gekies was en dat hulle dadelik moes vertrek na die Landdroskantoor want as hulle daar kom sou die landdroste, wat opgeroep was om die saak te verhoor, die kantoor dadelik verlaat. Op 'n vraag van Rademeyer wat hulle sou doen as die landdroste nie die kantoor sou verlaat nie het hy toe geantwoord dat as hulle dit nie sou doen nie „dan slaat ons hen daaruit."[13)]

J.P. Prinsloo, W. Boshof, C. Boshof, G. Zwarts, F. Schryver, M. Preller, H. Schoeman, J. Weeber en J. Rademeyer het beswaar teen so 'n handeling gemaak. Stephanus Schoeman het toe voorgestel dat hulle eers teen die sitting van die hoë geregshof moes protesteer en as die landdroste dan nie gehoor wou gee nie kon C. Preller en sy ondersteuners, nl. H. Stiemens, J. Lastdrager, J. van Leenhof, Piet Weeber, W. Schurman en A. du Toit (Snr.), dan maak wat hulle wou. C. Preller het hierna die leiding geneem met die woorde: „laat ons naauw gaan, en ze gaan verjagen met geweld en jy moet vandaag in die kantoor komen als President."[14)]

By / .......

---

11) Staats Courant der Z.A.R. - 1862 - Verslag van de werkzaamhede van den Krygsraad der Z.A.R. -September en Oktober 1862 - die verklaring van J. Rademeyer.
12) Ibid.
13) Ibid - Verklaring van Rademeyer wat staatsgetuie geword het.
14) Ibid - Rademeyer.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By die landdroskantoor aangekom het hulle Landdros C. Potgieter van Lydenburg en Landdros C. Verceul van Zoutpansberg in die kantoor gekry en C. Preller het protesteer teen die sitting van die hof. Die landdroste het daarop die kantoor verlaat omdat Stiemens verklaar het dat die kantoor verseël sou word totdat M.W. Pretorius terug is in Pretoria.[15)]

Nadat C. Preller en sy helpers die Landdroskantoor toe verseël het is hulle terug na Schoeman se huis en op pad daarheen het hulle Dolf Jansen die Veldkornet gearresteer en saamgeneem. By Schoeman se huis het die aanwesiges besluit dat as iemand die Landdroskantoor sou oopmaak dit oorlog sou beteken.

Die opgewondenheid was hiermee nog nie tot bedaring gebring nie. Schoeman, Preller, Stiemens en hulle gevolg is toe weer terug na die Landdroskantoor toe. Hulle het die kantoor weer oopgemaak, die Staatsvlag geneem en dit gehys. Schoeman was weer President en hy het die Volk opgeroep vir 'n byeenkoms in Pretoria op die 10de September 1862. Die Staatsvlag is die aand, 13 Augustus, weer van die vlagpaal afgehaal en onder die persoonlike bewaring van Schoeman geplaas.[16)]

Eienaardig genoeg het Landdros F.K. Mare en waarnemende president van Rensburg geen openlike verset teen hierdie handelwyse van Schoeman en sy gevolg getoon nie. Op die 19de Augustus verlaat van Rensburg, op aanbeveling van Schoeman, die dorp Pretoria, tot tyd en wyl die onluste onder die blanke bevolking „zyn gedemp."[17)]

Toe Paul Kruger van hierdie verwikkelinge in Pretoria gehoor het, is hy dadelik daarheen om die Regeringskantore namens van Rensburg op te ruim. Te Daspoort is Kruger weer

gewaarsku / ...........

15) Ibid - Rademeyer.
16) Ibid - Rademeyer.
17) Pa 1 - 19 Augustus 1862:- Waarn. President, W.C.J. van Rensburg aan Landdros F.K. Mare - 19 Augustus 1862. Die spelling van Pretoria is op die brief as „Prietoorie."

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewaarsku om nie Pretoria binne te kom nie. Kruger wou egter nie gehoor gee nie en toe hy deur die poort by Daspoort kom, het Mauritz Preller (kannonnier) van Schoeman 'n saluut gelos met ou Grietjie. Preller het te veel kruit vir sy saluut gebruik sodat ou Grietjie ontplof het en Preller se hand beseer is. Die Rustenburgers het hierdie daad as 'n oorlogsverklaring beskou en die aand van 13 September 1862, Schoeman se huis omsingel.[18]

Kommandant Kruger het behalwe die omsingeling van Schoeman se huis besit van die dorp geneem. Brandwagte is op verskillende punte uitgesit en Kruger wou die volgende oggend Generaal Schoeman in hegtenis neem.[19]

Kommandant-Generaal H. Steyn, wat deur Schoeman in die pos aangestel is, het Schoeman 500 man uit Potchefstroom belowe indien Paul Kruger teen hom sou optrek.[20] Met die wete het Schoeman hom dus taamlik veilig in Pretoria gevoel. Die vinnige handeling van Kruger nadat hy Pretoria binnegeruk het, het die wind uit Schoeman, Preller, Stiemens en hulle aanhangers, se seile geneem.

Op Sondag 14 September is 'n seun van A.F. du Toit wat onderweg was na Schoeman, deur die wag om Schoeman se huis gewaarsku om stil te hou en toe hy nie gehoor gee nie is agt skote op hom afgevuur. Die perd is onder hom gedood en die ruiter in die skouer gewond.[21]

Die Sondagnag ontsnap Schoeman en vertrek na Potchefstroom maar sy ontvlugting is eers Maandag toe sy huis beset is ontdek.[22] Die doel van die vlug was om vanuit Potchefstroom die gewapende verset teen die militêre mag van die staat te organiseer.[23]

Paul Kruger / ........

---

18) G.J.W. du Toit - Die Brandwag - 24 Desember 1919.
19) Preller, Dr. G.S.:-Ou Pretoria, p. 82.
20) Getuienis van J. Rademeyer - September 1862.
21) Hierdie voorval is ook verantwoordelik vir die naam Bloedstraat in Pretoria.
22) G.J.W.du Toit, t.a.p.
23) Breytenbach J.H.:-A.F.du Toit, p.43.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Paul Kruger het Schoeman en sy gevolg agternagesit na Potchefstroom en na 'n geveg op 9 Oktober moes Schoeman die aftog blaas na die Oranje-Vrystaat.

Pretorius het nou tussenbei getree en die vyandelikhede is gestaak.

In Pretoria is Stiemens en ander Schoeman-ondersteuners soos Preller, du Toit en van Leenhof gedagvaar weens rebellie teen die wettige gesag. Pretorius was magteloos om enigiets teen die verhoor van die rebelle te doen en die hofsitting het op 20 Januarie 1863 begin. Die gevolg was dat Schoeman en sy aanhangers verban is uit die Transvaal met verbeurdverklaring van hulle eiendomme.[24)]

'n Volgende presidentsverkiesing is uitgeskrywe en in Mei 1863 is van Rensburg met 'n meerderheid van 370 teen 246 vir Pretorius, verkies as president. Paul Kruger is verkies tot Kommandant-Generaal in die plek van Schoeman wat verban is.

Teen die verkiesing is beswaar gemaak sodat 'n nuwe verkiesing uitgeskrywe is. In Oktober was die uitslag bekend en weer is van Rensburg bo Pretorius verkies en Paul Kruger sou Kommandant-Generaal bly.[25)]

A.F. du Toit, wat net gedeeltelik aan die rebellie deelgeneem het, is nie verban nie maar moes 'n boete van 500 Rds. betaal. Later is die boete verlaag tot 250 Rds. maar behalwe dit het du Toit soveel skade gely met die Burgeroorlog dat hy as 'n verarmde man gereken is.[26)]

Op 24 Oktober 1863 het van Rensburg die ampseed afgelê maar sy teenstanders het beweer dat met die verkiesing geknoei is en Kommandant Viljoen het in samewerking met Schoeman weer

'n / ............

---

24) Manfred, Nathan : Paul Kruger , The Knox Publishing Co. , 36 Baker Street, Durban, pp.71.
25) Ibid.
26) Breytenbach J.H.:-A.F. du Toit , p.45.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n opstand begin. Potchefstroom word beset en Paul Kruger wat hom haas om die nuwe opstand te onderdruk, moes hierdie keer self die wyk neem die Vrystaat in.

Schoeman en Viljoen trek daarop na Pretoria terwyl president van Rensburg by voorbaat die wyk neem na Rustenburg.[27] Hulle het weer die ontslane amptenare herstel en vir Kruger gewag om eerste te roer.

Van Rustenburg het Paul Kruger opgeruk na Pretoria en Schoeman en Viljoen het hom tegemoet getrek. Die twee kommandos het mekaar agter Silkaatsnek in die Magaliesberge ontmoet en op 5 Januarie 1864 het 'n warm geveg die oggend begin. Aan Kruger se kant het twee gesneuwel en is agt gewond. Viljoen het vyf gesneuweldes en by die dertig gewondes gehad.[28]

Weereens het Pretorius, wat die presidentskap in die Vrystaat in 1863 neergelê het, tussenbei gekom. Wapenstilstand en vrede[29] is gesluit en op aanbeveling van Pres. Brandt van die Oranje-Vrystaat, wat Pretorius opgevolg het as president, is geen verdere hofsittings gehou nie.

'n Presidentsverkiesing is weer uitgeskrywe en hierdie keer is Pretorius bo van Rensburg verkies. Sy inswering het op 10 Mei 1864 plaasgevind[30] en daar kon weer voortgegaan word met opbouende werk.

H. Stiemens, die rebel, is weer as Goewermentsonderwyser aangestel en die skool is weer op 1 Julie 1864 heropen.[31]

---

27) Preller, Dr. G.S. :-Ou Pretoria, p. 83.

28) Manfred, Nathan :-Paul Kruger, p.71 en G.J.W. du Toit, t.a.p. maar du Toit gee die gewondes as 20 aan.

29) R 24/64:- „Copy van Vredesbesluit genomen uit St. Courant No. 41" dd. 19 Januarie 1864.

30) R 266/64:- J. van Dyk aan M.W. Pretorius - 11 Mei 1864.

31) R 395/64:- A.J. Begemann aan President en Uitvoerende Raad - 22 Junie 1864.

**********************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## HOOFSTUK III.

## PRETORIA 1860 - 1872.

### C. DIE TOTSTANDKOMING EN GESKIEDENIS VAN VERSKILLENDE KERKGENOOTSKAPPE IN PRETORIA VANAF 1860 TOT ± 1872.

#### (a) DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK IN DIE TRANSVAAL.

Die eerste kerkgebou in Pretoria was die van die „Nederduitsch Gereformeerde Gemeenten in de Z.A. Republiek" wat in 1858, volgens die grondwet, die „Nederduitsch Hervormde Kerk in de Transvaal" geword het.

Hierdie gemeente van Pretoria is sedert sy stigting in 1854 bedien deur Ds. D. v.d. Hoff, predikant van Potchefstroom. In 1857 is hulle kerkgebou deur Ds. D. v.d. Hoff ingewy maar eers in Januarie 1861 het die gemeente sy eerste predikant gekry.

Op Sondag 27 Januarie 1861, is die eerwaarde heer Begemann plegtig aan die gemeente, deur Ds. D. v.d. Hoff, voorgestel en dieselfde middag het Ds. A.J. Begemann sy intreerede gehou.

Aangesien die „Nederduitsch Hervormde Kerk in de Transvaal" in 1858 Staatskerk geword het, [1] het waarnemende president Stephanus Schoeman op 29 Januarie op seer paslike wyse Ds. Begemann verwelkom. By die geleentheid is ook aan Ds. Begemann 'n verwelkomingsbrief oorhandig. [2]

Reeds 'n jaar te vore is daar 'n begin gemaak met kollektes vir die bou van 'n pastorie [3] wat gedurende die loop van die jaar voltooi is, sodat Ds. Begemann in Januarie 1861 sy intrek kon neem. Dit het op die Noord-Westelike hoek van die plein en Markstraat-Noord gestaan.

Die landdros van Pretoria was verantwoordelik vir die betaling van die traktement van Ds. Begemann [4] aangesien hy die predikant van die Staatskerk was. Met die Burgertwiste

gedurende/...........

1) Die Grondwet 1858 - Art. 20-24.
2) De Zuid-Afrikaan - 4 Maart 1861.
3) R 3507/60:- Struben aan M.W.Pretorius - 27 Januarie 1860.
4) Pa 1 - 23 Oktober 1863.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedurende die jare 1862 en 1863 kon die landdros nie die traktement betaal nie sodat Ds. Begemann in Augustus moes klae dat sy traktement 'n jaar agterstallig is.[5)]

Die gemeente kon Ds. Begemann ook nie die geld voorskiet nie aangesien hulle self nog £300 skuldgehad het op die tweegewel pastorie.[6)] Om darem nie sy geld te verloor nie, het Ds. Begemann voorgestel dat hy erwe sou neem in die plek van die geld en die regering het aan hom vier erwe, waarop hy later gaan woon het, gegee. Op hierdie erwe in Marestraat, naby die hoek van Mare- en van der Waltstraat het hy vir hom 'n huis laat bou en daar die eerste „Loekwart" van Pretoria geplant.[7)]

Teen 1866 het die kerkgebou op die plein te klein geword en 'n vleuel is deur Ds. Begemann laat aanbou.[8)] Aan die begin van 1867 het President M.W. Pretorius die Kerkplein op die naam van die „Nederduitsch Hervormde Kerk van de Transvaal," getransporteer sonder dat die gemeente die plein van hom gekoop het.[9)]

Na elf en 'n half jaar se diens in Pretoria het Ds. Begemann die tuig as herder van die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Pretoria neergelê en op sy erwe in Marestraat gaan woon.[10)]

Tot vier jaar hierna, met die koms van Ds. H.S. Bosman, het Ds. D. v.d. Hoff weer as konsulent van die gemeente opgetree.

****************

(b) DIE GEREFORMEERDE KERK.

In November 1858 het Ds. D. Postma in die Transvaal aangekom. Die Gereformeerde Sinode in Nederland het hom na die Transvaal gestuur om die moontlikhede om 'n Gereformeerde Gemeente in die Transvaal te stig, te ondersoek. Sy besoek

was ......../

5) R 563/63:- A.J. Begemann aan M.W. Pretorius - 6 Aug.1863.
6) R 512/62:- A.J. Begemann aan M.W. Pretoria - 29 Des.1862.
7) De Volkstem - 16 Feb. 1917:- 'n Artikel van Ds. A.J.Begemann.
8) Pa 1 - 14 Mei 1866.
9) R 382/67:- Transport aan N.H. Kerk.
10) De Volkstem - 16 Februarie 1917:- 'n Artikel van Ds.A.J. Begemann.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was op 'n baie vriendskaplike voet met die Nederduitsch Hervormde Kerk maar so vroeg as Desember van dieselfde jaar het hy hom teen die sing van Gesange uitgespreek.[11)]

Op 10 Januarie 1859 word die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van de Transvaal te Pretoria gehou en op 11 Januarie 1859 besluit 15 broeders dat hulle onder Ds. D. Postma „as vrye Gereformeerde Kerk" wil afskei.[12)]

Die eerste Gereformeerde gemeente is te Rustenburg met Ds. Postma as predikant gestig en kort daarna ook 'n gemeente in Pretoria.

In 1863 het die gemeente in Pretoria so gegroei dat Ds. Postma, wat die gemeente ook bedien het, van die Uitvoerende Raad grond vra vir die bou van 'n kerk en pastorie.[13)] Hierdie aansoek van Ds. Postma word herhaal in Maart 1863 maar hierdie keer vra hy vir 'n blok erwe op die hoek van Skinner- en Markstraat.[14)]

Waarnemende president van Rensburg het na hierdie tweede aansoek aan Landdros F.K. Mare opdrag gegee om aan P.A. Venter en R.J. Holsthuizen, Kerkraadslede van die Gereformeerde Gemeente van Pretoria, as geskenk transport te gee van die blok erwe 337 tot 341 en 367 tot 371[15)] d.i. tussen Kerk- en Pretoriusstraat vanaf Potgieter- tot Schubartstraat.[16)]

In November 1866 het die Kerkraad van die Gereformeerde Gemeente tenders gevra vir die bou van 'n kerk in Pretoria[17)] en in 1867 het hulle hulle eerste predikant gekry in die persoon van Ds. N.J.R. Swart, die latere Staatsekretaris.[18)]

Die ........../

---

11) du Toit, Prof. Dr. S.:-Kerkgeskiedenis - Calvyn Jubileum Boekefonds , Tweede Hersiene, Uitgawe 1945, p.135.
12) Ibid en R 2539/59:- Ds. Postma aan die Kerkvergadering - 11 Jan.1859.
13) R 83/63:- Ds. Postma aan die Fng.President - 24 Jan.1863.
14) R 222/63:- Ds. Postma aan die Fung.President - 17 Maart 1863.
15) Pa 1 - 12 Junie 1863 en R 454/63 - F.K. Mare aan President - 12 Jun. 1863.
16) Die nommers is volgens du Toit se kaart van 1857.
17) Staats Courant No. 175 - 14 November 1866.
18) du Toit, Prof. Dr. S.:-Kerkgeskiedenis, p.146.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Kerkgebou is eers in 1868 voltooi aangesien die bou-aannemer Arnoldi, vermoedelik Dr. Arnoldi wat ook kontrakteur was, so stadig gebou het dat die bou-kommissie later self moes help bou.[19)]

Die Gereformeerde Kerk was ook van die Kruisvormige tipe soos die kerk op Kerkplein maar net van 'n meer moderne ontwerp.[20)]

In 1872 het Ds. N.J.R. Swart, Staatsekretaris geword en is opgevolg deur Ds. J.S.L. Venter wat predikant van die Pretoriase gemeente tot 1888 gebly het.[21)]

(c) DIE WESLEYAANSE KERK.

Hierdie kerkgenootskap het sy ontstaan in die Goewermentskool van Pretoria op die plein gehad en is gelei deur die Goewermentsonderwyser J.N. Jackson.[22)]

Vanaf 1866 tot die koms van Ds. G. Weavind het J.N. Jackson 'n tweeledige taak verrig. Hy was onderwyser en predikant maar hy het hom so beywer dat die Wesleyaanse gemeente weldra 'n predikant kon beroep.

In 1867 kom Ds. G. Weavind in Pretoria aan en hy het hom dadelik beywer om grond, waarop sy gemeente 'n kerk kon bou, te bekom. Op 10 Mei 1873 doen hy aansoek by die Uitvoerende Raad om 'n erf om 'n kerk vir die Wesleyaanse gemeente te bou, maar ongelukkig het die Uitvoerende Raad nie sy versoek toegestaan nie „daar zy geene magt heeft over grond te beskikken."[23)]

Die gemeente het egter hulle aktiwiteite voortgesit. Op kersaand 1873 is 'n partytjie vir die kinders van bogenoemde kerk gehou en is aan Ds. Weavind 'n geskenk oorhandig vir sy dienste.[24)]

T.W. Beckett,........

19) R 488/67 - Boukom. aan U.R. - 6 Mei 1867.
20) Eeufeesalbum p.39 - Afbeelding van die kerk.
21) Ibid.
22) R 1240/66 - J.N.Jackson aan die President - 12 Des.1866, en R 308/67 - J.N. Jackson aan die Pres. & U.R.-28 Mrt.1867.
23) U.R. 15 Julie 1873 - Art. 105.
24) Die Volkstem 27 Desember 1873.

© University of Pretoria

T.W. Beckett, C. Evans en 'n sekere Hartley het Ds.Weavind so goed ondersteun dat die Wesleyaanse gemeente die erf op die hoek van Kerk- en Andriesstraat, waar tans die Nederlandse Bank se gebou opgaan, in besit gekry het. Later isdie erwe waarop die huidige „Wesley" Metodiste Kerk in Andriesstraat en waar die „Wesley" gebou tans opgerig word, by gekoop sodat die Wesleyaanse gemeente in 1876 hulle eie Kapel kon inwy.[25)]

Die inwydingsdienste is waargeneem deur Ds. Weavind, Ds. van Warmelo van Heidelberg en Ds. Bosman; albei die laasgenoemde predikante was van die Nederduitsche Hervormde Kerk.[26)]

Die Kapel, ook bekend as „Hartley's Hall" het in die negentiger-jare te klein geword en toe is die huidige Wesley Metodiste Kerk in Andriesstraat gebou.

Met die hoeksteenlegging op 6 September 1893 is twee hoekstene gelê. Die een steen is gelê deur Mevrou T.W. Beckett en die ander deur Mevrou C. Evans.[27)] In 1894 is die gebou voltooi en die ideaal wat Ds. Weavind in 1873 gekoester het, is verwesenlik.*

(d) <u>DIE BERLYNSE SENDINGGENOOTSKAP</u>.

In 1866 het A. Merensky namens die Berlynse Sendinggenootskap, vir die toekenning van grond om 'n sendingstasie in Pretoria op te rig, aansoek gedoen by die president en Uitvoerende Raad van Transvaal.[28)] Die aansoek is klaarblyklik nie toegestaan nie want toe eerwaarde J. Knothe na Pretoria gestuur is, het hy by sy huis in Visagiestraat tussen van der Walt- en Andriesstraat, ook 'n kerkie opgerig.[29)] In 1867 het Dr. G. Wangemann, direkteur van die Berlynse Sendinggenootskap,

Pretoria ......... /

---

25) Gegewens van „Rev. J.W. Massey", die huidige leraar - „Wesley House", Schoemanstraat 570.
26) De Volkstem - 20 Augustus 1876.
27) Gegewens van die hoeksteenlegging is tans nog op die hoekstene te sien. 28)R842/66:- A.Merensky aan Reg.-22 Aug.1866.
*Op bladsy 55 van die Eeufeesalbum van Pretoria word die datum waarop die kerk in Andriesstraat gebou is, gegee as 1903. Op die gebou self kom die datum 1894 voor.
29) Eeufeesalbum van Pretoria, p 16 en Pretoriana, Deel 3, No.1, p.2 :-Eerwaarde D.J.Baumbach:Lewenssket van eerw.Frans Motau.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Pretoria besoek en weer van die Uitvoerende Raad grond gevra. Twaalf erwe is vir die doel net buite die opgemete gebied aan Dr. Wangemann se genootskap gegee.[30)]

Hierdie grond wat die Berlynse Sendinggenootskap in 1867 gekry het, het later die naam „Skoolplaas" gekry en is geleë waar die huidige Munisipale Busloodse tans is. Die naam „skoolplaas" is natuurlik afgelei van die Duitse benaming „Schule Platz" vir 'n skoolgebou. In Suid-Afrika moes die sendelinge die inboorlinge noodwendig leer lees en skrywe om hulle enigsins met die inhoud van die Bybel vertroud te maak. Die sendeling moes op sy beurt weer 'n deel, indien nie die geheel, van die Bybel vertaal in die taal van die inboorlinge en dit was dus noodsaaklik om by elke sendingkerkie ook 'n skool te hê. Baiemaal is in dieselfde gebou kerk en skool gehou.

In 1870 het eerwaarde Knothe met 'n ander sendeling eerwaarde Grünberger, van Wallmannsthal in Noord-Transvaal, arbeidsvelde omgeruil omdat Grünberger hom meer aangetrokke gevoel het om in 'n blanke gemeenskap sendingwerk onder die naturelle te verrig en Knothe hom weer meer aangetrokke gevoel het om onder onbeskaafde heidene te werk.[31)]

Met sy aankoms in Pretoria, het Grünberger 'n nuwe kerk in Boomstraat in 1870 gebou. Later het hy ook sy woonhuis na Boomstraat verskuiwe en daar met vrug onder die naturelle gearbei.[32)]

Die Uitvoerende Raad was aanvanklik baie skepties teenoor hierdie Berlynse Sendinggenootskap[33)] maar hulle het goeie werk gedoen in Pretoria en menige naturel aangemoedig om self onder sy eie mense evangeliewerk te doen.[34)]

30) U.R. 5 Junie 1867 - Art. 4.
31) Pretoriana Deel 3, Nr. 2, p.18 :-'n Artikel van Dr.T.S.van Rooyen : Die kronieke van Wallmannsthal.
32) Ibid, p. 16 - Byskrif by die afdruk van 'n foto van die 1870 sendingkerkie in Boomstraat.
33) Pieterse, J.J.:-Die Geskiedenis van Pretoria, p.36.
34) Pretoriana, Deel 3, No. 1 p.2:-Dr. J. Baumbach: 'n Lewenskets van Eerwaarde Frans Motau.

**** ***** ******** ****

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K III.

## PRETORIA - 1860 - 1872.

### D. POGINGS TOT DIE STIGTING VAN 'N MUNISIPALITEIT IN PRETORIA.

Nadat Landdros A.F. du Toit sy pos aan die einde van 1859 neergelê het, is die pos tydelik gevul deur P.J. Botha totdat J.J.P. Prinsloo as Landdros ingesweer is.[1)]

J.J.P. Prinsloo wat gemeen het dat die 1858 dorpsregulasies nog „te groot" was vir Pretoria[2)] lê sy pos as Landdros in Mei 1861 neer en hy word deur F.K. Mare opgevolg.[3)]

Vir F.K. Mare het daar darem verligting in sy pligte gekom. Hy was wel belas met die toesig oor die dorp maar hy het tog Veldkornette onder hom gehad en hulle het weer Wetbeskermers onder hulle gehad. Hierdie Wetbeskermers was nie voltyds in diens nie maar net deeltyds. As hulle aangesê word om sake te behartig vir die Veldkornette of Landdros is hulle „6:5:2 Rds." per dag betaal en as betaalde amptenare moes hulle hulle werk tog deeglik doen.[4)]

Met die Burgeroorlog van Augustus tot Oktober 1862 het van Leenhof, die Landdrosklerk, aktief deelgeneem aan die rebellie[5)] en in sy plek was Jan Gerritze Bantjes aangestel.[6)] Die werk in die landdroskantoor het nou minder geword omdat die landdros toe 'n landdrosklerk gehad het om hom te help.

Van die kant van die Landdros is alles gedoen om die Dorpsregulasies van 1858 so goed moontlik uit te voer. 'n Wyksmeester, wat waarskynlik die werk van Skutmeester moes doen, sou aangestel word teen 'n salaris van 320 Rds. per jaar[7)] maar die inwoners van Pretoria het gevoel dat die tyd ryp geword het om 'n eie munisipaliteit in die lewe te roep.

Op/ ...............

1) R 3408/59:- du Toit aan Schubart-2 Jan. 1860 en Pa I 1860.
2) R 3761/60:- J.J.Prinsloo aan Struben.-24 Mei 1860.
3) Pa 1 dd.10 Mei 1861.
4) Pa 1 dd. 6 September 1861.
5) Staats Courant 1862 - Verslag van die Krygsraad vir September en Oktober 1862.
6) Pa I dd. 6 Feb. 1863. (In Hoofstuk I C Kerklike aangeleentheid word ook melding gemaak van J.G.Bantjes as Landdrosklerk
7) Pa I dd. 5 Maart 1863.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op 28 Maart 1864 is 'n vergadering belê waarop besluit is om 'n munisipaliteit in Pretoria te stig. Landdros J.F. Schutte wat F.K. Mare opgevolg het,[8] het saamgewerk en onder Voorsitterskap van J.H.W. Struben met J.G.C. van Leenhof as Sekretaris[9] is die regulasies vir die Munisipaliteit opgetrek.

Hierdie regulasies is deur die Uitvoerende Raadgoedgekeur. Op 18 April 1864 vaardig president W.C.J. van Rensburg, 'n proklamasie uit dat die Uitvoerende Raad aan Pretoria 'n Munisipaliteit toestaan en dat die Munisipaliteit dadelik in werking sou tree.[10]

Die inwoners van Pretoria sou egter die kans kry om na drie maande die regulasies te hersien.[11] Die bepaling dat die Landdros verantwoordelik is vir die toesig oor die dorp het dus met hierdie proklamasie verval. Die werk sou voortaan deur die Munisipaliteit gedoen word.

Die poging wat aangewend is, was om 'n selfstandige Munisipaliteit vir Pretoria daar te stel. Dit was prysenswaardig maar die nodige samewerking van die inwoners en van die regering het ontbreek. Sonder die nodige fondse kon die werk van die Munisipaliteit nie uitgevoer word nie.

Op 20 September 1864 was die Voorsitter van die Munisipaliteit genoodsaak om die teuels weer oor te gee aan die Regering. Weliswaar is die nadeel van so 'n stap ingesien maar aangesien die regering niks bygedra het tot die fondse van die Munisipaliteit nie, kon die amptenare nie voortgaan met die werk nie.[12]

Met die teruggawe van die dorpsbeheer aan die Landdros het J.F. Schutte sy pos ook neergelê en is hy deur C. Moll opgevolg.[13]

J.G.C. van Leenhof /......

---

8) Pa 31 dd. Nov. 1863.
9) R 249/64:- Struben aan U.R. - 5 Mei 1864.
10) Staats Courant No. 48 van 19 April 1864.
11) Ibid - Die regulasies kon ongelukkig nie opgespoor word nie.
12) R 829/64:- 20 September 1864 - Teruggawe van Munisipaliteit.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

J.G.C. van Leenhof het nadat die Munisipaliteit verval het die markmeester geword met 'n salaris van „Rds.133-2.4."[14] John Cobitt het tot Desember 1862 die pos beklee[15] en J.G. Bantjes, die Landdrosklerk, het die werk hierna tydelik gedoen.[16]

Die markregulasies is vervat in artikels 25 en 26 van die Dorpsregulasies van 1858 en hulle was nog steeds van toepassing in 1864. Die markmeester moes alle onwettige handel op markdae wat in die somer om seweuur en in die winter om agtuur begin het, teëgaan. Op Sondae en publieke vakansiedae sou daar geen mark gehou word nie.

Die Kommissie wat die produsente aan die markmeester moes betaal, moes by die landdros inbetaal word en hy moes daarvan boekhou.[17] By oortreding van die regulasies het die landdros die boete opgelê. So is twee boere Schoeman en Hermann wat uit die hand goedere verkoop het aan „Beckett and Co.", elk met 7/6 beboet.[18]

Die lewe kon in die sewentiger jare nie te duur gewees het nie as die markpryse enigsins vergelyk word met die van 1953 nieteenstaande die huidige daling van die waarde van geld. In Oktober 1873 was aartappels £1.15.0 per sak, botter 1/4 per pond, eiers 1/- per dosyn en hoenders 1/- stuk. Hout was van 11/- tot £1.13. 0 per vrag, kalkoene 7/6 stuk, mielies 13/- tot 16/- per sak en springbokke 5/6 stuk.[19]

Die grootste winskopie wat daar op die mark gemaak is, was seker toe Mnr. de Meillon 'n koolkop wat 28lb. geweeg het op die mark gekoop het vir 2/-.[20]

In/ ................

---

13) Pa 31 - In Brief 149 teken J.F. Schutte nog as landdros terwyl in 150 C.Moll die landdros is.
14) R 1037/64:- J.G.C.v.Leenhof aan St. Sekr.- 15 November 1864.
15) Pa I dd 17 Desember 1862.
16) Pa 31 dd 9 Augustus 1864.
17) Pa I - 25 Augustus 1864.
18) De Volkstem-8 Mei 1875.
19) De Volkstem - 10 Oktober 1873.
20) Ibid - 21 Augustus 1875.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1879 is die mark wat sedert 1855 op die teenswoordige Kerkplein gehou was, na die teenswoordige Markplein verskuiwe.[21)]

21) R 1740/79 - Lys aan Osborn 1879 en R 1562/79 - N.H. Kerkraad aan Osborn 1879.
G.J.W. du Toit - Die Brandwag-24 Desember 1919, gee egter die datum waarop die mark verskuiwe is aan as 1882, „Markstraat het sy oorsprong as gevolg van die Mark wat op Kerkplein gehou was tot 1882."

**************************

## H O O F S T U K III.

## PRETORIA 1860 - 1872.

### E. ALGEMENE UITBREIDING EN SOSIALE LEWE IN DIE SESTIGER EN BEGIN SEWENTIGER JARE TOT DIE KOMS VAN PRESIDENT BURGERS.

Reeds in 1861 het Kerkplein al te klein geword vir al die waens en karre van die besoekers en omliggende plaasbewoners. C.F. Preller, 'n handelaar, beveel aan dat ten minste nog twee pleine by Kerkplein gegee moet word om aan die behoeftes van die inwoners te voldoen.[1)]

Aan hierdie versoek is voldoen en die Uitvoerende Raad, wat alleen beskik het oor die erwe suid van Kerkstraat,[2)] het toe besluit dat twee blokke erwe vir die doel afgestaan sou word.[3)] Die een plein het die latere Gereformeerde Kerkgronde geword en die ander in 1879 die Markplein.

Rondom die Kerkplein het daar nie veel woonhuise gestaan nie behalwe aan die Noordelike-kant waar Ds. Begemann se pastorie en Struben se huis was. In 1863 toe die drukpers van die Republiek na Pretoria oorgebring is, het Struben sy huis waar die Reserwebank tans staan aan Moll, die staatsdrukker, afgestaan en die drukpers van die Staat was tydelik daar gehuisves.[4)] In 1864 is die drukpers verskuiwe en het H. v.d. Linde sy intrek in die huis geneem tot 1870 toe James Brooks, die landmeter, daar gaan woon het. Gedurende die Strubendae was die Strubenhuis die Engelse vergaderplek in Pretoria. J.R. Lys, Brodrick, White, Moodie en andere

het/..........

1) R 4537/61 - C.F.Preller aan U.R.-2 Aug.1861.
2) V.R.B.-27 Sept. 1860 - Art. 144. 3) U.R.dd.1 Aug.1861 - Art. 39. 4) OnsVaderland - 4 Maart 1929.

© University of Pretoria

het daar gereëld besoek afgelê. In die tyd van van der Linde was dit weer net andersom. M.W. Pretorius, Paul Kruger, Schoeman, Viljoen en Christiaan Joubert, die latere minister van mynwese, was toe weer die besoekers. Dit word ook vertel dat die bekende Afrikaanse lied, „Sarie Marais", sy ontstaan in die tuin van hierdie beroemde huis gehad het.[5)]

Pretoria het so vroeg as 1862 ook sy eerste swaardgeveg gehad. C. F. Preller en L. Devereux het woorde gekry waarop Preller vir Devereux „twee steken met den sabel heeft toegebragt."[6)] Die gevolg hiervan was dat 'n reeks regulasies uitgevaardig moes word om nog sulke voorvalle te verhoed. Die landdros en veldkornette word gelas „dat gene vechtpartyen zullen plaas hebben op dit dorp daar deze dorp als het zetel van het gouvernement niet door dien ongeregeldhede agter uit gaad."[7)] Ook word verbied dat enigiemand 'n ander sou daag tot 'n tweegeveg „waaruit moord kan voortspruiten."[8)]

Toe die swaarde belet is, het persone weer geweers gebruik nieteenstaande dit belet word in die Dorpsregulasies van 1858. Ook hierteen moes gewaarsku word. Die Staatsekretaris gee aan die landdros opdrag : „Daar nu het schieten in het dorp dagelyks toeneemt, zoo wordt U Ed verzocht die stappen te nemen, waartoe U Eds instructie u regt geef."[9)]

Nie dat Pretoria 'n tweede Texas geword het nie maar die inwoners was net lewendig van geaardheid.[10)] Hulle lewendigheid is soms nog meer aangehelp deur die ware wat hulle by „A.K. Murray & Co." en „C. Meyer" kon koop.[11)]

Om die lewenslustigheid in 'n dienliker vorm te omskep is in 1865 die „Pretoria Rifle Corps," gestig[12)] waarby selfs Ds. A.J. Begemann aangesluit het.[13)] President /..........

5) Ibid. 6) Pa 1 - 1 Mei 1862. 7) Pa 1 - 16 Julie 1863.
8) Pa 1 - 23 Julie 1863.
9) Pa I - 4 Des. 1863 - Lees ook Art. 27 en 32 van die Dorpsregulasies oor skietvoorvalle in die dorp.
10) Die gebeurtenisse met die Burgeroorlog bewys dit.
11) Murray en Meyer het dranklisensies sedert 1867 gehad - (R 687/67 en R 689/67).
12) Rifle Corps aan U.R. - 11 Julie 1865 (R771/65)
13) R 1149/65. - Rifle Corps aan Pres. - 23 Oktober 1865.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



President M. W. Pretorius was die beskermheer van hierdie „Rifle Corps" en Stephanus Schoeman, wat nog steeds op Klein Schoemansdal (waar die dieretuin tans is) gewoon het, was in bevel met die rang van kaptein. Die skoolmeester H. Stiemens was die sekretaris en sou help met die strenge tug en orde waaronder die lede sou staan. Die jong manne van die dorp moes elke week parades bywoon om die nodige dissipline aan te kweek aangesien die doel van die Vereniging was „de bescherming van het dorp Pretoria en naby liggende omstreken."[14]

Met die verjaarsdag van die President op 17 September is jaarliks 'n sportbyeenkoms gereël. „Races, zakloopen, hardloop en met kaffers, mastklimmen en des avonds vuurwerk, maakten de vermakelykheden van den dag uit."[15]

Perderesies moes baie gewild gewees het want 'n resiesbaan word aan die weste kant van Kerkstraat aangelê. Perde was nog volop en die ruiters behendig. Om die rede word die „Pretoria Turf Club," met J.R. Lys as president en J.C.Preller as ere-sekretaris, gestig.[16]

Hierdie resiesbaan word vandag gebruik as voetbalveld (net langs Yskor-klub) maar dra nog die naam „Reisiesbaan."

Vanaf Januarie 1870 is daar 'n gereëlde poskoetsverbinding tussen Pretoria en Potchefstroom ingestel. Die koets het Woensdae van Potchefstroom na Pretoria vertrek en Saterdae van Pretoria na Potchefstroom. Die reisgeld was £3 vir 'n enkel en £5 vir 'n retoerkaartjie. Dit het ingesluit 10lb. vry bagasie.[17] Vir ander pakette was die vervoerkoste 6d. per lb.

Die Posdiens is ook uitgebrei na Lydenburg waarheen die koets elke veertien dae op Maandae vertrek het. Vanaf Lydenburg/...........

---

14) Staatskoerant (Courant), No. 106 van 18 Julie 1855.
15) Staatskoerant, No. 66 - 20 September 1864.
16) Ibid, No. 199 - 15 Mei 1867.
17) Ibid, No. 309 - 19 Januarie 1870 - Die agent in Pretoria was Robert C. Green en die Kontrakteurs vir die poskoetse was volgens die Preller versameling en die Volkstem 8-Augustus 1933:-H.J. (Doel) Zeederberg vir Noord-Transvaal, Geo Heys vir Pretoria-Kimberley en Gibson vir Mafeking - Johannesburg.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

burg vertrek die koets ook op Maandae terug na Pretoria.[18]

Tussen Rustenburg en Pretoria het die poskoetse weekliks gegaán. Dit het vanaf Pretoria op Dinsdae vertrek en vanaf Rustenburg op Saterdae.

Tussen Pretoria en Heidelberg was die diens ook weekliks, na Heidelberg op Vrydae en na Pretoria op Dinsdae.

Tussen Pretoria en Marabastad was weer 'n veertiendaagse diens. Van Pretoria het die koets op Dinsdae vertrek en van Marabastad op Saterdae.[19]

Hierdie poskoetse met hulle tien perde en trompetgeskal was deel van die lewe van die dorp en op posdae het persone lank voor die tyd voor die ou poskantoortjie wat agter die Raadsaal gestaan het, bymekaar gekom om die koetse in te wag. Die poskantoortjie was maar 'n klein en armsalige geboutjie met grasdak en grondvloer. Die plafon was van linne en vol vlekke en skeure as gevolg van reënwater wat jaar na jaar daarop deur die dak gedrup het. Die posmeester (in 1870 was dit O.C. Weeber)[20] was nie baie besig nie maar het sy werk goed gedoen.

As die poskoets laat was, het die wagtende mense, wat uit klein en groot, wit en swart, amptenaar en dagloner bestaan het, hulle besig gehou met stokkies in die watervoor te gooi om so met mekaar reisies te jaag. Met luide applouse word die stokkie toegejuig wat eerste by die gegewe punt in die watervoor verby geseil het.

Kom die koets aan, was almal gereed om die laaste tyding of brokkie nuus uit die mond van die koetsier te verneem.[21]

Maar mense kom en gaan, word oud en dan kom die dood.

In Pretoria was daar voorsiening gemaak vir pleine, kerke, 'n skool, watertoevoer en posdiens maar tot 1861 was daar nog geen voorsiening gemaak vir 'n begraafplaas nie.[22]

Vanaf / ............

18) Ibid, 349 - 25 Oktober 1870.
19) Ibid, 389 - 1 Aug. 1871.
20) Ibid, 349 - 25 Oktober 1870.
21) De Volkstem - 20 Junie 1916:- 'n Vertelling van Ds.H.S. Bosman.
22) R. 4537/61:- C.F. Preller aan U.R.- 2 Augustus 1861.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vanaf 1855 is nogaltyd gebruik gemaak van die familiekerkhof van J.J.P. Prinsloo [23] maar persone het ook op verskeie ander plekke in die dorp hulle dode ter ruste gelê. [24] Die kerkhof van J.J.P. Prinsloo was op Prinshof tussen die Apiesrivier en huidige verlenging van Boomstraat na die hospitaal. Om dus 'n begraafplaas vir alle blankes in Pretoria van die Uitvoerende Raad te verkry, is 'n komitee, bestaande uit S.J. Meintjies,(Voorsitter) Ds. N.J.R. Swart, P. Marais, M. de Vries, H. v.d. Linde, W. Skinner, J.C. Preller, Ds. Begemann en H. Struben gekies om namens die inwoners die nodige grond te kry en 'n reglement vir die begraafplaas op te stel. [25]

Die Komitee het die blokke wat DD en CC ten weste van Potgieterstraat op die kaart gemerk is, aangevra maar dit is nie toegestaan nie. [26] Reeds in 1864 is egter 'n stuk grond aan die westelike kant van die dorp vir die doel afgestaan, maar die grond moes ommuur word. [27] Aangesien dit nie ommuur is nie, was dit tot dusver nog nie gebruik nie. Hierdie grond was Noord van Kerkstraat en volgens die Volksraadsbesluit van 27 September 1860, Artikel 144, sou Pretorius die gronde Noord van Kerkstraat op sy naam getransporteer kry. Die begraafplaas word dus eiendom van M.W. Pretorius en dis eienaardig dat die latere presidente van die Z.A.R. daar begrawe lê maar nie die eienaar van die grond nie.

Die reglement [28] is in 1868 goedgekeur. [29] Die Kerkhof is egter reeds in Oktober 1867 in gebruik geneem deur 'n optog vanaf die Raadsaal na die Begraafplaas (tans Ou-Kerkhof.) [30]

Die / .............

23) U.R.:-1 Augustus 1861 - Art. 39.
24) R 881/67:- M. de Vries aan Pres. & U.R. - 27 Augustus 1867.
25) Ibid.
26) Hierdie grond is in 1865, ten weste van Potgieterstraat en ten Suide van Kerkstraat, opgemeet. Op du Toit se kaart kom hulle nie voor nie maar wel op die Walkerkaart van 1875.
27) Pa I - 8 Oktober 1864.
28) R 896/67:- Reglement van die Algemene Burg. Begraafplaas - 30 Aug. 1867.
29) U.R.:-29 Januarie 1868 - Art. 37.
30) R 1087/67 en R 1088/67:- M.J. Viljoen en S.J. Meintjies aan Pres. & U.R. - 24 Oktober 1867 - Inwyding van Begraafplaats.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Reglement het veertien artikels bevat wat hier kortliks weergegee word :

1. Daar sou 'n komitee van 9 lede gekies word.
2. Hierdie komitee moeseenmaal per maand vergader en 5 lede vorm 'n kworum.
3. 'n Boete van 2/6 word opgelê by afwesigheid van 'n komiteevergadering.
4. By afwesigheid van die Voorsitter of Sekretaris word 'n ander lid in die hoedanigheid gekies.
5. Grafte moet genommer word van Noord na Suid en elke graf moet minstens 8 vt. lank, 4½vt. wyd en 5 vt. diep wees met 'n ruimte van 4 voet tussen die grafte.
6. 'n Begraafplaasopsigter sal aangestel word.
7. Die prys vir 'n graf sou 7/6 wees.
8. Die koste om 'n graf te grawe sou 15/- wees.
9. Net op versoek van families sou twee lyke in een graf geplaas word.
10. Behoeftiges het 'n vry graf gekry.
11. Kennis van 'n begrafnis kan aan enige komiteelid gegee word.
12. Elke familie moet sy eie grafte instand hou.
13. Die Komitee sal, indien dit verlang word, 'n begrafnis reël teen betaling.
14. Jaarliks in Januarie sal verslag aan die regering gegee word.

By hierdie reglemente is 'n bepaling gevoeg dat 'n familie 'n stukkie grond21 voet by 21 voet, om as familie begraafplaas te dien, vir £5 kon koop.[31]

Jammer dat hierdie kerkhof met tye verwaarloos is[32] want dit is 'n monument vir en rusplaas van geslagte wat verby is.

---

31) R 568/68:-M. de Vries aan S. Sekr.- 8 Mei 1868 en U.R.:- 10 Junie/68-Art. 21.

32) De Volkstem-2 Oktober 1875 - J.F. Celliers oor die verwaarlosing van die Kerkhof.

**********************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K IV.

## DIE BURGERSTYDPERK 1872 - 1877.

### A. DIE KOMS VAN PRESIDENT THOMAS FRANCOIS BURGERS NA PRETORIA.

Thomas Francois Burgers is as die jongste kind uit die derde huwelik van Barend Jacobus Burgers met Elizabeth Magdalena Theron, weduwee van Willem Jacobus van Heerden, op 15 April 1834 gebore.

Op die plaas Langfontein, in die Camdeboo, het die jong Thomas sy ryke sielelewe kon ontwikkel, waaruit die verhewe idealisme van sy latere lewe gegroei het. Sy eerste onderwys het hy in die ouerlike woning ontvang totdat hy na sy halfbroer Barend Burger van Vleiplaas gestuur is, waar hy by 'n sekere Fuge, 'n Skotse onderwyser, skoolgegaan het. Later is hy na Graaff-Reinet gestuur waar hy by George Bremner, ook 'n Skot, skoolgegaan het en tuis was by Ds. A. Murray (Snr.)

In die skool op Graaff-Reinet het Burgers 'n merkwaardige vlugheid van gees openbaar en het hy hom onder leidingvan George Bremner vir die Universiteit bekwaam.

In 1853 is hy na Europa om te Utrecht in die teologie te studeer en aan die einde van 1858 het hy na Suid-Afrika teruggekeer as Ds. T.F. Burgers.

Sy eerste gemeente was te Hanover. Hy het na sy tuiskoms egter baie gebots met die Kaapse Sinode van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Kaapland, sodat toe hy, op aanbeveling van Pres. Brand van die Vrystaat, gevra is om hom in Transvaal as president verkiesbaar te stel, hy dit aanvaar het.

Met die presidentsverkiesing van 1872 het Burgers 'n maklike en groot oorwinning oor sy opponent Wm. Robinson behaal en op Maandag 1 Julie 1872 is Ds. Thomas Francois Burgers ingesweer as President van die Transvaal.[1)]

Anders / .............

---

1) Engelbrecht, Dr. S.P.:-Thomas Francois Burgers, J.H. de Bussy, Pretoria, 1933, pp. 1 - 110.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Anders as M.W. Pretorius het T.F. Burgers hom in Pretoria, die tuiste van die Uitvoerende Raad en die setelplaas van die regering van die Z.A.R., gevestig.

Die huis wat die president betrek het, was 'n lang geel gebou, aan die oostekant van die Markplein, in Prinsloostraat.2) Hier sou die nuwe president vir vyf jaar vertoef en in die vyf jaar sou belangrike gebeurtenisse hulle in Pretoria afspeel.

Burgers was 'n persoon met 'n breër en meer moderne uitkyk as sy tydgenote in Transvaal. Deur sy bemoeiing het daar dus heelwat nuwe ontwikkelinge in Pretoria ontstaan. Burgers wou die Z.A.R. inwendig sterk maak en een van die eerste oogmerke in hierdie rigting was die daarstelling van 'n onafhanklike nuusblad en drukpers.

Deur sy toedoen word J.F. Celliers/oorreed om in Pretoria 'n koerant „De Volksstem" te kom uitgee, want deur die koerant kon die inwoners van die Z.A.R. op hoogte gehou word met belangrike gebeurtenisse en staatsaangeleenthede.3)

'n Tweede oogmerk van Pres. Burgers was die daarstelling van 'n eie muntstelsel omdat geen sake in die Republiek sonder die nodige geld aangepak kon word nie. Om ontslae te raak van die waardelose papiergeld, bekend as „Bluebacks", het die President 'n lening van £60,000 by die „Cape Commercial Bank" aangegaan en van goud, afkomstig van die Lydenburgse Goudvelde, het hy 800 goue ponde in Engeland laat munt. Op die eenkant van hierdie muntstukke was die wapen van die Republiek en op die ander kant die beeltenis van die President.4)

Hierdie ideaal van die President om 'n muntstelsel op te rig, is egter nie verwesenlik nie en die muntstukke het

bekend / ..........

2) Erasmus, J.L.P.: Die Rand en sy Goud, p. 88 en Eeufeesalbum van Pretoria, p. 25.

3) Die geskiedenis van die „Volksstem" word in Hoofstuk 8 van hierdie werk, onder die opskrif : „Die Geskiedenis van die verskillende koerante in Pretoria," volledig behandel.

4) Kotze, Sir John :- Biographical memoirs and reminiscences, Cape Town, 1934, pp. 268 - 271.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bekend gestaan as Burgersponde. Burgers is daarvan beskuldig dat hy homself wou vereer met die muntstukke en tog het hy die weg gebaan vir Pres. Kruger wat, nes hy, geld met die beeltenis van die Staatshoof daarop, laat munt het.

Die onderwysstelsel in die Z.A.R. het volgens Burgers ook veel te wense oorgelaat. Hy wou skole bekombaar vir alle blanke inwoners in die Transvaal gemaak het. Hoe pragtig die ideaal ook mag wees, was die president nie by magte om sy ideale verwesenlik te sien nie, omdat die Transvaal in 1877 in Engelse hande oorgegaan het.[5)]

Om die onafhanklikheid van die Republiek te waarborg, het Burgers gevoel dat 'n verbinding met die see deur 'n neutrale hawe on-ontbeerlik was. Hy het dus getrag om 'n spoorwegverbinding met Lourenco Marques te bewerkstellig. Die Volksraad het hulle goedkeuring aan hierdie onderneming gegee en aan Moodie is 'n konsessie uitgereik om die verlangde spoorlyn te bou. Toe Moodie nie daarin kon slaag om die spoorlyn te bou nie, is die konsessie teruggeroep en Pres. Burgers het self na Europa vertrek om die nodige reëlings te tref.[6)]

Die waarde van die optrede van Pres. Burgers is op daardie tydstip nog nie besef nie. Pretorianers het dikwels skepties teenoor die spoorwegplanne van die President gestaan, maar toe die Lourenco Marques-Pretoria-spoorweg in 1895 ingewy is, het die Z.A.R. sy erkenning teenoor Pres. Burgers bewys deur sy eggenote (hy was toe alreeds oorlede) as eregas van die Republiek uit te nooi.[7)]

Die President het ook die noodsaaklikheid van 'n opgeleide verdedigingsmag besef. Die kommandostelsel, wat tot 1872 nog in die Z.A.R. van toepassing was, sou indien die Republiek hom

teen / ...............

5) Die onderwysstelsel van Pres. Burgers word in Hoofstuk IV breedvoerig behandel.

6) Engelbrecht, Dr. S.P.:-Thomas Francois Burgers, pp. 155 - 159.

7) Die Spoorwegaangeleenthede onder Pres. Kruger word in Hoofstuk VII behandel.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teen 'n buitelandse moontheid moes verdedig, nie effektief genoeg wees nie. Die president het toe nog voor sy besoek aan Europa in 1875, getrag om met 'n paar kanonne, van die jongste uitvindings wat hy in die hande gekry het 'n artillerie-korps vir die Z.A.R. op die been te bring.[8)]

Ook op die gebied het Pres. Burgers dus ver vooruit gesien. Die latere Staats-artillerie onder Pres. Kruger het sy begin dus eintlik in die Burgerstydperk gehad.

In die laaste snikke van sy regeringstyd het Pres. Burgers nog getrag om die Republiek vooruit te help. Tydens die sitting van die Volksraad wat op 13 Februarie 1877 begin het, het hy getrag om die Grondwet van die Z.A.R. so te verander dat die Geregtelike gesag in die Hoërhof toevertrou word aan drie regters. Die rondgaande-hof moes 'n regter aan die hoof hê, terwyl die landdroste dan nog gewone sake of sake van die laerhof kon behandel.[9)]

Die ou Geregtelike stelsel in die Z.A.R. het by die jurisdiksie van die landdros of in spesiale sake by die uitspraak van drie landdroste en 'n jurie berus. Baie maal was die landdroste nie persone wat 'n wetsopleiding gehad het nie, maar wat uitspraak na die beste van hulle vermoë moes gee. Pres. Burgers het nou getrag om opgeleide regsgeleerdes, in diens van die Z.A.R., te verkry.

Die Volksraad het ingewillig om die Grondwet te verander en Pres. Burgers het dadelik met Mnr. J. Marquard, die Konsul-Generaal van die Z.A.R. in Kaapstad, in verbinding getree om die dienste van regter J.G. Kotze te verkry as hoofregter van die Transvaal. Op 4 April 1877 het regter Kotze 'n telegram van van Mnr. Marquard gekry. Die posisie in die Transvaal was op hierdie tydstip so haglik dat Pres. Burgers dadelik moes

handel/ .........

8) Die oprigting van die Artillerie-korps word in Hoofstuk IV E, behandel.

9) Kotze, Sir John :- Biographical memoirs and reminiscences, p. 309.

© University of Pretoria

handel om Shepstone te oortuig dat hulle hulle interne sake self kon reël en dat dit dus nie nodig sou wees om die Transvaal te annekseer nie. Die President het dus versoek dat indien regter Kotze sy voorstel sou aanvaar, hy dadelik moes afreis na Pretoria.

Regter Kotze het die pos aanvaar en na Pretoria vertrek.[10)]

Nog voordat regter Kotze die Transvaal bereik het, het Shepstone te kenne gegee dat die Transvaal geannekseer moes word en dit was regter Kotze se eerste werk in die Transvaal, as Hoof-regter, om Shepstone as Administrateur van die Transvaal in te sweer.[11)]

Die gesonde voet waarop die Geregtelike gesag van die Z.A.R. na 1881 berus het, was dus ook te danke aan die optrede van Pres. T.F. Burgers.

President Burgers was ongelukkig sy tydgenote in die Transvaal ver vooruit. Die feit dat hy die Evangelie-werk verlaat het om President te word en sy botsing met die Kaapse Sinode, het vir hom baie vyande besorg. Hy was ook ongelukkig om juis die tyd President te word toe Carnarvon besluit het om die Transvaal te annekseer om sy Federasie-skema in Suid-Afrika te kom deurvoer. En tog het Pres. Burgers se teenwoordigheid in die Transvaal en in Pretoria in die besonder, baie vir die Transvaal se toekoms beteken.

Hy het getoon dat die Z.A.R. hulp van buite nodig gehad het om hom binnelands op te bou. Hy het onderwysmanne en regsgeleerdes na die Transvaal laat kom en Pretoria moes hulle huisvesting gee. Hy het vergesigte oor spoorweë, onderwys, verdediging en finansies gehad en Pretoria het daarby gebaat. Die pad wat hy wou bewandel is later deur Pres. Kruger bewandel

en die / .............

---

10) Ibid p. 207.

11) Die anneksasie word in Hoofstuk V, behandel.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en die bloei wat hy vir Pretoria gesien het, het in die tyd van Pres. Kruger plaasgevind.[12)]

12) In hierdie hoofstuk is net in breë trekke aangetoon wat Pres. Burgers vir Transvaal beoog het. In die volgende hoofstukke sal, soos aangetoon, meer breedvoerig by die dinge stil gestaan word en aangetoon word hoe Pretoria daarby gebaat het. Hierdie hoofstuk is nie 'n miskenning van Pres. Kruger nie, inteendeel ek stem saam met Prof. Dr. A.J.H. van der Walt in die Huisgenoot van 5 Oktober 1934 waar Burgers en Kruger na aanleiding van Sir John Kotze se werk bespreek word.

**********************

## H O O F S T U K IV.

### B. PRETORIA AS DIE KERN VAN DIE BURGERS-ONDERWYSWET.

Na die be-eindiging van die burgeroorlog van 1864 is H. Stiemens, die vroeere goewermentsonderwyser en latere staatsekretaris, weer in sy pos as goewermentsonderwyser herstel.[1)]

Die skoolkommissie wat saamgestel is, het bestaan uit Ds. A.J. Begemann (voorsitter), J.F. Schutte, A.F. du Toit, J.R. Lys, W. Skinner en J.G.C. van Leenhof (sekretaris.)[2)] Die skoolgebou was nog op die plein maar daar was nog geen skoolwet opgestel nie.[3)]

Intussen het die Engelssprekendes van Pretoria gevoel dat hulle kinders nie in die staatskool tot hulle reg kom nie en hulle het 'n aparte skool met J.N. Jackson as onderwyser begin. Hierdie optrede van die Engelssprekendes het die skool van Stiemens se getalle laat daal en dis algemeen besef dat die twee skole moes verenig, wat dan ook gebeur het. In Oktober 1865 is J.N. Jackson met sy leerlinge opgeneem in die Staatskool.[4)] Omdat daar egter 'n moontlikheid bestaan

Het / ................

1) R 395/64:- A.J. Begemann aan M.W. Pretorius - 22 Junie 1864.

2) Staats Courant No. 54 - 21 Junie 1864.

3) R 456/64:- J.G. van Leenhof aan St.Sekretaris - 6 Julie 1864

4) Staats Courant No. 121 - 31 Oktober 1864.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het dat Jackson weer 'n aparte skool kon begin as hy nie dieselfde salaris as Stiemens sou kry nie, is hy op dieselfde salariskerf as Stiemens geplaas.[5)]

Om aan die leemte wat daar op onderwys-gebied bestaan het te voldoen, word besluit om 'n skoolwet saam te stel en „op grond dat onze betrekking met het Britsche Gouvernement en de Engelsche onderdane dagelyks toenemend, de Engelsche taal onmisbaar in eene Gouv. school" is, het die Uitvoerende Raad besluit om 'n algemene skoolwet vir die Z.A.R. op te stel; gebaseer op die beginsel van volle tweetaligheid.[6)]

Hierdie wet toon 'n aansienlike verbetering op die vroëëre onderwysreglemente, veral ten opsigte van die samestelling en formulering van die verskillende afdelings. Die regte en verpligtinge van die Algemene Skoolkommissie, die plaaslike kommissies en die onderwyspersoneel word behoorlik uiteengesit. Al die bepalings dui daarop dat dit suiwer staatsonderwys is : die kerk sowel as die ouers erlang geen seggenskap nie.[7)]

In ooreenstemming met die 1866 wet, moes skoolkommissies jaarliks op 'n dag tussen Kersfees en Nuwejaar 'n openbare eksamen hou. Ds. Begemann, W. Skinner en nog twee lede van die reeds genoemde kommissie vir Pretoria, het egter reeds vanaf 1864 die eksamens, voor toeskouers, in Pretoria afgeneem.[8)]

Vir die keuring van onderwysers is 'n eksamenraad na 1869 ingestel[9)] en van toe af moes onderwysers eers gekeur word voordat hulle in 'n betrekking aangestel is.[10)]

Toe T.F. Burgers in 1872 president van die Transvaal geword het, het die onderwys dus nie heeltemal braak gelê nie, maar daar was nog ruimte vir verbetering. Die nuwe president

was / ..............

5) U.R.B. dd. 29 Nov. 1865 - Art. 28 en R 1267/65 - A.J. Begemann aan Pres. & Uitv. Raad - 28 Nov. 1865.
6) Staats Courant, No. 155 - 26 Junie 1866.
7) Basson, M.A.:-Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys (1836-1907), Doktorale verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1950, pp.117-118 en Byvoegsel tot die Staats Courant, No. 165 - 4 Sept.1866 waar die wet gepubliseer is.
8) Staats Courant - 6 Sept. 1864 en „The Transvaal Argus - 26 Junie 1866.
9) R 289/69 : - A.J. Begemann aan St. Sekretaris - 30 Maart 1869.
10) Staats Courant, No. 367 - 28 Febr. 1871 - Keuring van Eerw. J.H. Wills.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was vas van plan om „een behoorlyk en weluitgevoerd plan van onderwys voor alle standen der Maatschappy" in die Transvaal die lig te laat sien.[11)]

In Pretoria was daar die Staatskool onder C. van Boeschoten wat Stiemens opgevolg het[12)] en die „Grammar School", van eerwaarde J.H. Wills, wat in 1871 geopen is.[13)] Die leemtes in die skole sou die President kon wys hoe hy sy voorgestelde Onderwys-wet sou moes opstel om die gebreke uit te skakel. Om die president dus te help het die inwoners van Pretoria 'n kommissie bestaande uit W. Skinner, P.J. Marais, T.W. Struben, J. Rhind en J. Buchanan saamgestel om 'n rapport uit te bring oor die onderwys-toestande.[14)]

Aangesien dit egter nie 'n regeringsbenoemde kommissie was nie, is hierdie verslag nooit deur die regering in oorweging geneem nie en is dit ook nie, soos alle staatsdokumente, in die argief geplaas nie.[15)] Dit is egter moontlik dat Pres. Burgers wel van die rapport van die Pretoria-kommissie gebruik gemaak het in die opstelling van sy Onderwyswet, want sy wet is nie voor 1874 voor die Volksraad gelê nie. Op 23 Oktober 1874 is die wet voor die Volksraad gelê en as Wet 4 van 1874 goedgekeur.[16)]

Die wet het voorsiening gemaak vir drie soorte skole: Plaaskole, Dorpskole en Gymnasiums. Die eerste twee maak vir laer en die laaste vir Middelbare onderwys voorsiening. Aan die hoof van die Onderwysdepartement sou 'n Superintendent van Onderwys staan wat die skole persoonlik moes besoek.[17)]

Elke / ..............

---

11) Staats Courant - 20 Feb. 1872 - Verkiesingsmanifes van T.F. Burgers.

12) Ibid - No. 404 - 5 Desember 1871.

13) Ibid - No. 367 - 28 Februarie 1871.

14) Engelbrecht, Dr. S.P:-Thomas Francois Burgers, pp. 135-136, Lugtenburg, Dr. A.H.:-Geskiedenis van die onderwys in die Z.A. R., p.90 en Dr. E.G. Malherbe:-Education in S.A., pp. 236-237.

15) Basson, M.A.:-Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys, p. 130.

16) Byvoegsel tot die Staats Courant, No. 550 - 4 Nov. 1874.

17) Engelbrecht, Dr. S.P.:-T.F. Burgers, pp. 136 - 138.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Elke skool sou onder die toesig van 'n skoolkommissie staan. Die skoolkommissie hou toesig oor die skoolgeboue, stel onderwysers aan en kon onderwysers ook afdank, maar dit was onderhewig aan die goedkeuring van die Superintendent van Onderwys.[18)]

Om die nodige onderwysers te verkry vir die skole moes aspirant-onderwysers 'n eksamen aflê. Om die standaard van die eksamens dieselfde te hou is 'n reglement van wat vereis word opgestel.[19)]

In die plaas- of wykskole sou die kinders lees, skryf, reken en Aardrykskunde, Geskiedenis en Sang geleer word. In die dorpskole was die vakke : Hollands, Engels, Wiskunde, Landboukunde, Gimnastiek, Tekene, Musiek en ook handwerk vir meisies.

In die Gymnasium is voorsiening gemaak vir „Hoogere Hollandsche en Engelsche Taalkunde, Fransch, Hoogduitsch, Latyn en Grieks, Hoogere Reken- en Meetkunde, Algebra, Scheikunde, ook die van den Landbouw, Natuurlyke Historie, Physiologie der dieren, Geologie, Mineralogie, Technologie, Politieke en Physieke Aardrykskunde, Algemene Geschiedenis en geschiedenis der Letterkunde, Sterrekunde, Logika, Muzyk en Teekenkunst."[20)]

Die salaris van die onderwysers was vasgestel volgens die soort skool waarin hulle werk. By die wykskole was die maksimum £100, by dorpskole £200 en in die Gymnasium £400 per jaar, terwyl die Superintendent van Onderwys £500 per jaar sou ontvang.[21)]

Die medium van onderwys was Hollands en volgens Art. 26 van die wet sou alleen uit die Bybel gelees en Bybelgeskiedenis gegee word.[22)]

Die Onderwyswet van Pres. Burgers was van die begin af onpopulêr en dit was seker die rede waarom in 1875 so baie nuwe

skole / ............

---

18) Basson, M.A.:-Die Britse invloed in die Tvl. onderwys, p.134.

19) U.R.B. - 12 Mei 1876. Art. 95 - Konsep Reglement.

20) De Volksstem - 7 Febr. 1874:- Die Burgersonderwyswet.

21) Ibid.

22) Engelbrecht, Dr. S.P.:-T.F. Burgers, p. 137.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skole in Pretoria die lig gesien het - anders sou die persone gewag het vir die Goewermentskole wat voorsiening gemaak het vir bykans alle vakke of sou die privaat-skole aansoek gedoen het om as staatsskole oorgeneem te word.

Mevr. A.H. Smithers het reeds in Mei 1874 vir jong dames in Pretoria, klasse in Frans, Duits, Sang en Dans gegee teen 'n fooi van 10/- per maand.[23] Mevr. Noble het ook in haar huis, „Mecklenburg Villa", musieklesse teen £1.0.0 per maand gegee.[24] Kaptein O'Riedell het met 'n gimnastiek-klub begin[25] en C. van Boeschoten het bedank as Goewermentsonderwyser en sy eie private skool begin met 'n maandelikse fooi van 15/- per leerling. Seuns bo 8 jaar sou alle vakke neem wat in die Goewermentskool gedoseer word, maar die lestye was net van 4 tot 6 nm.[26]

Die Goewermentskool het nieteenstaande van Boeschoten se bedanking tog voortbestaan. Nikkelen Kuyper en W.A. Dely het die werk voortgesit. Kuyper was die hoof van die skool en W.A. Dely was die Engelse onderwyser.[27]

Op 26 Januarie 1874 is die St. Albans College in Pretoria deur die "Lord Bishop of the Diocese" geopen. Die skool sou onder die leiding van „Rev. George Sharley" staan, gebaseer „on the system of the best English Grammar and Middle Class Schools". Die vakke het ooreengekom met die van die Goewermentskole maar die medium van onderrig sou Engels wees. Die jaar is in drie kwartale verdeel nl. Januarie tot April, April tot Julie en September tot Desember. Die fooie vir seuns bo 12 jaar was £6 per kwartaal en vir seuns onder 12 jaar £5 per kwartaal. Die lestye was van 9 - 12 vm. en van 2 tot 4 nm. van Maandag tot Vrydag. Op Saterdae was

daar /......

23) De Volkstem - 23 Mei 1874.
24) Ibid - 1 Aug. 1874.
25) Ibid.
26) De Volksstem - 23 Jan. 1875.
27) Ibid - 11 Mrt. 1876.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daar geen skool nie en Woensdae net tot 12 vm.[28]

Ongelukkig vir Pres. Burgers kon hy nie dadelik 'n begin maak met sy voorgestelde skole nie, aangesien die leerkragte ontbreek het. Tydens sy voorgestelde besoek aan Europa in 1875 moes hy nog die nodige leerkragte werf, sodat die Burgersonderwyswet eers aan die begin van 1876 in werking kon tree.[29]

In Holland het Pres. Burgers sy eerste Superintendent van Onderwys, sowel as 'n personeel van uitgesoekte onderwysmanne raakgeloop en na Transvaal gestuur.[30]

Ongelukkig was W.J. van Gorkom, die Superintendent van Onderwys sowel as sommige van sy ondergeskiktes, net soos die President, liberalisties gesind en die bevolking het hulle dus nie vertrou nie. Teen die aanstelling van van Gorkum het daar selfs heelwat memories by die Volksraad ingekom, omdat die mense oor sy godsdienstige opvattings bekommerd was.[31]

Dr. E.J.P. Jorissen moes die hoof van die Gymnasium in Pretoria geword het, maar deur sy aanstelling as Staatsprokureur,[32] het Dr. J.A. Roorda Smit die pos gekry.[33]

Op 5 Mei 1876 het Dr. Roorda Smit toe die Gymnasium in sy huis met vier leerlinge (volgens „De Volksstem" vyf) begin. Ook het hy 'n begin gemaak met die aanleg van 'n museum en biblioteek, waaruit die Staatsbiblioteek en die Staatsmuseum gegroei het. Die botaniese tuin, wat ook in verband gebring kan word met die opleiding in Plantkunde in die Gymnasium, is baie deur Dr. Roorda Smit aangehelp.[34]

Hoewel / ........

---

28) Ibid - 10 Jan. 1874.
29) Pa.I - 16 Febr. 1876 en BB. No. 294/1876.
30) Basson, M.A.: Die Britse invloed i/d. Tvl. onderwys - p. 140.
31) Ibid. Liberalisties staan hier in die gees van verligte denke
32) A.K. Bot: Die ontwikkeling van ons Onderwys in Die Volkstem - 9 Des. 1938 en Dr. E.J.P. Jorissen: Tvlse. Herinneringe.
33) Engelbrecht, Dr. S.P.:-T.F. Burgers , P.142.
34) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Hoewel president Burgers daarna gestrewe het om die Hollandse beslag van die onderwys te verstewig het die houding van ingevoerde Nederlandse onderwysmanne die teenstaanders van die President die kans gegee om sy Onderwyswet aan te val en is die Hollandse onderwys daardeur ondermyn. Die Engelse skole het hieruit voordeel getrek en die Britse invloed in die onderwys is verstewig.[35)]

Ds. H.S. Bosman, wat as predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die plek van Ds. A.J. Begemann beroep is, het hom ook sterk vir Engelse onderwys beywer en in 1876 sy bekende Engelse skool, die „Prospect Seminary" gestig.[36)]

Ds. Bosman het sy skool in die konsistorie van die kerk op Kerkplein begin en die eerste onderwyseresse was Mevre. Impey en von Levetzow. Om die onderwyseresse te betaal is van elke gemeentelid 1/- gevra, maar dit het geweldig teëkanting uitgelok.[37)] Die gevolg was dat Ds. Bosman 'n komitee in die lewe geroep het om fondse in te samel vir die oprigting van 'n Kosskool vir die opleiding van dames en van seuns onder tien jaar. Die voorsitter van hierdie komitee was Ds. H.S. Bosman, die sekretaris was G. Mynhardt en die tesourier was eerwaarde Grünberger.[38)]

As teenvoeter vir die Gymnasium, onder Dr. Roorda Smit, het die Engelssprekendes ook 'n hoërskool, onder die naam „Academy", met J. Lawrie as hoof, in die lewe geroep.[39)]

Tesame met die teenkanting wat Pres. Burgers van die

Engelse /......

---

35) Basson, M.A.: Die Britse invloed i/d. Tvl. Onderwys, p.141.

36) Ibid, p. 146.

37) Ds. Bosman in „De Volksstem" - 1 Mrt. 1912 en Engelbrecht Dr. S.P.: T.F. Burgers, p. 143.

38) De Volksstem - 1 Aug. 1877.

39) Basson, M.A.: Die Britse invloed i/d. Tvl. Onderwys, p. 145.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Engelse gemeenskap ondervind het, was die Transvaal ook nog in 1876 in 'n finansiële wurggreep. Die nodige geld het ontbreek om die skoolgeboue in orde te hou. Daar-teen-oor het die private skole 'n beter indruk gemaak en dus ook meer leerlinge getrek.

Die Gymnasium het 'n vroeë dood gesterf. Op 27 Julie 1877, d.w.s. kort na die anneksasie deur Shepstone, het Dr. Roorda Smit opdrag gekry om die Hoërskool te sluit tot verdere kennisgewing. Hy sou nog salaris ontvang en aan hom is die pos van Registrateur van die Hoër-hof toegeken.[40)] Sy laboratorium is van hom vir 'n bedrag van £200 gekoop[41)] en die moontlikheid van hoër onderwys in Hollands, in Pretoria, was hiermee ook voorlopig op die langbaan geskuiwe.

Indien Burgers die tyd en geld tot sy beskikking gehad het, sou sy Onderwyswet nie misluk het nie. Die besware wat teen die wet ingebring was, sou hy kon opgelos het. Die Volksraad het met die aanname van die wet op 23 Oktober 1874 ook die waarde van die wet ingesien, nadat 'n Volksraad-kommissie die wetsontwerp in ooreenstemming met die gevoelens van die Volksraad, gewysig het.

Burgers se grootste struikelblok was egter dat in sy regeringstyd die Britse Buitelandse politiek daarop ingestel was om Transvaal onder die vleuels van Brittanje in te trek. Gedurende 1876, toe die agitasie teen die Burgersonderwyswet toegeneem het en 'n groot aantal memories aan die Volksraad gestuur is, was Shepstone alreeds besig om sy planne agter mekaar te kry om die Transvaal te annekseer.

Hierdie agitasie teen die wet het sterk meegewerk om die President se mag te ondermyn en wantroue in hom te skep, met die gevolg dat hy nie kragtig teen Shepstone kon optree nie. Die Britse anneksasieplanne en invloed het dus ruimskoots deur die agitasie gebaat.[42)]

Hoewel / ........

40) BB 1147/77 dd. 27 Julie 1877 en BB 1165/77.

41) BB 1239/77 dd. 4 Augustus 1877.

42) Basson, M.A.: Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys, pp. 138-139.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel die Burgerswet misluk het, het Pretoria baie by hierdie wet gebaat. Prominente persone het deur die wet na die Transvaal en hoofsaaklik na Pretoria gekom. Pretoria het deur die wet 'n klomp nuwe skole asook sy eerste hoërskole gekry. Die Burgerswet was ook myns insiens 'n leidraad waarvolgens Pres. S.J.P. Kruger sy onderwysmasjien (alhoewel in gewysigde vorm) aan die gang gesit het.

Die Britse tydperk, tussen die Burgersonderwyswet en die hervatting van onderwysaangeleenthede onder Ds. S.J. du Toit in die Kruger-tydperk, was ook maar van 'n te tydelike aard om verrykende gevolge op onderwysgebied na te gelaat het.

********************

## HOOFSTUK IV.

### C. DIE BOTANIESE TUIN EN ALGEMENE GROEI VAN PRETORIA 1872-1877.

Reeds in Augustus 1861 het C.F. Preller by die regering aansoek gedoen om vier erwe waarop 'n botaniese tuin aangelê kon word.[1] Die aansoek is egter van die hand gewys omdat „zoodanige erven op Pretoria niet meer aanwezig zyn, maar dat buiten het dorp een stukje grond daartoe kon aangewezen worden."[2]

C.F. Preller het nie gesê waar die erwe moes wees nie en aangesien M.W. Pretorius in 1861 nog baie erwe te koop aangebied het[3] kon die regering van hom die nodige erwe gekoop het vir 'n botaniese tuin as hulle self nie oor erwe beskik het nie.

Dit skyn dus asof die regering nie belang gestel het in die oprigting van 'n botaniese tuin nie. Buite die dorp is ook nie 'n begin gemaak met die tuin nie en dit was nie voor 1874 dat die saak van 'n botaniese tuin weer aangeroer is nie.[4]

President /....

1) R. 4537/61:- C.F. Preller aan Uit. Raad dd. 2 Aug. 1861.

2) U.R.B: - 1 Aug. 1861 - Art. 41.

3) R.4571/61: - S. Schoeman aan M.W. Pretorius - 15 Aug. 1861.

4) U.R.B: - 8 Okt. 1874 - Art. 91 en Locale Wetten der Z.A.R. (1849-1885), p.595.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



President T.F. Burgers het in Oktober 1874 die Volksraad versoek om 18 erwe beskikbaar te stel vir die oprigting van 'n botaniese tuin in Pretoria. Die strate wat die erwe sou skei moes gesluit word, sodat die blok 'n geheel vorm en voorts moes 'n honderd pond per jaar gestem word as ondersteuning en salaris van die opsigter.

Hierdie versoek van die president is deur die Volksraad toegestaan. Die £100 per jaar is toegestaan vir drie jaar mits 'n begin gemaak word met die tuin en met sy uitleg voortgegaan word. Die tuin sou onder die toesig van die regering geplaas word.[5)]

Staatssekretaris N.J.R. Swart het na die besluit van die Volksraad dadelik aan die werk gespring en die heer John Hunter McLea as kurator van die Botaniese tuin aangestel.
Swart het McLea 'n salaris van £25 per maand toegestaan, wat natuurlik teenstrydig met die Volksraadsbesluit was en dit het veroorsaak dat von Breda, die Tesour-Generaal, nie die salaris van McLea wou uitbetaal nie. Die saak is weer terug verwys a die Volksraad en die het hulle gehou by die besluit van Oktober 1874. Die kontrak tussen Swart en McLea is tot niet verklaar.[6)]

McLea het nieteenstaande hierdie besluit van die Volksraad tog voortgegaan met sy werk, aangesien die belangstelling in die Botaniese tuin, wat tussen Visagie-, Mare-, v.d. Walt en Andriesstrate gelê het, groot was. Mnr. McGibbon van die Kaapse Botaniese Tuin het 64 pakkies boom- en blommesaad geskenk. Mnr. J.C. Preller het sierbome en struiksaad gegee en Mnr. Brink van die Fonteine het boom- en ook struiksaad geskenk.[7)]

In /.......

---

5) Ibid. Ook in die Staats Courant, No. 547 van 1874.

6) U.R.B. - 2 Mrt. 1875-Art. 61 en U.R.B. - 25 Mei 1875-Art. 129.

7) De Volksstem - 26 Desember 1875.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Mei 1875 het die tuin reeds besoekers begin aanlok en is reeds baie werk verrig. Verskeie soorte bome, blomme, rooslanings, struike en gewasse was reeds aangeplant. McLea het die grond in 4 dele verdeel waarop hy verskillende soorte bome, blomme, rooslanings, struike en gewasse gekweek het. Talle jong „Blackwood" en „Norfolk Island Pine" bome moes verplant word, maar ongelukkig het die arbeidskragte ontbreek, sodat McLea die bome te koop moes aanbied en dit later gratis moes weggee.[8)]

Die inwoners van Pretoria het op hierdie tydstip ingegryp. 'n Vergadering is belê en 'n komitee is gekies om beheer oor die tuin te aanvaar. Staande skenkings vir die tuin sou kollekteer word om die kurator se salaris aan te vul en bandiete sou verkry word om die werk in die tuin te help doen.[9)]

In Augustus het McLea selfs van Engeland saad ontvang vir die Botaniese tuin. Dr. Hooker, direkteur van die Koninklike tuin te Kew in Engeland, het 484 pakkies blom- en boomsade gestuur; 155 was geskik vir Suid-Afrikaanse klimaatstreke, 124 vir Amerikaanse klimaatstreke, 140 vir Europese klimaatstreke en 65 was geskik vir Asiatiese klimaatstreke. Die totale waarde van die besending was van £25 tot £30.[10)]

Na die ontvangs van die saad uit Engeland het die Kurator die tuin in 'n Afrikaanse, Europese, Amerikaanse en Asiatiese afdeling ingedeel. Die Afrikaanse afdeling sou beplant word met rose, inheemse plante en bome en daar moes plek wees vir 'n broeikas. Behalwe die ruimte wat gelaat moes word vir die oprigting van kantore moes daar ook nog ruimte wees vir die aanplanting van groot boomsoorte. Die Engelse afdeling sou uitgelê word soos 'n Engelse park met Europese bome en

plante / ......

---

8) Ibid - 8 Mei 1875.

9) Ibid - 19 Junie, 26 Junie en 10 Julie 1875.

10) Ibid - 21 Aug. 1875.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


plante en die Amerikaanse en Asiatiese afdelings moes nes die vooraafgaande afdelings 'n weergawe wees van Amerikaanse en Asiatiese plantegroei.[11]

McLea het groot ideale met die aanlê van die tuin gehad en sou indien hy die ondersteuning van die regering gehad het die tuin tot iets groots ontwikkel het. Toe die duisende blomplante en boomsoorte gereed was vir uitplanting kon McLea nie die nodige arbeidskragte vir die werk kry nie en so mismoedig het die kurator toe geword dat hy besluit het om te vertrek.

Alhoewel daar sprake van 'n huis vir die kurator was, het dit nie in die tyd van McLea gekom nie. McLea, wat ook die botaniese tuin van Graaff-Reinet uitgelê het, moes by sy aankoms in Pretoria sy kampie oprig langs die woning van die president, aan die oostekant van Markplein. Die president was bly om sy ou vriend van Graaff-Reinet weer te sien en dit was juis deur sy toedoen dat McLea Staatsbotanis geword het. Later het McLea 'n huis gehuur aan die suidekant van die tuin en die buurman van Ds. A.J. Begemann, Mevr. MacCorkindale en die van Boeschotens geword. Saam met die kinders van die van Boeschotens, die Jutas, die Stiemense en Bergmanns het die van McLea toe ook by van Boeschoten, in sy nuwe aandskool, skoolgegaan.

McLea het gemeen om in Pretoria te bly. Hy het vir hom 'n huis in Sunnyside op grond wat hy vir £200 gekoop het, gebou, maar na al die gesukkel het hy alles verkoop en sy familie teruggeneem na Graaff-Reinet toe.[12]

Die sorg van die Botaniese tuin is na McLea se vertrek aan O. Lincke toevertrou. Vir Lincke was daar darem beter vooruitsigte. Hy sou 'n gewaarborgde salaris van £200 per jaar ontvang

en / .....

---

11) De Volksstem - 2 Oktober 1875.

12) Erasmus, J.L.P.: Die Rand en sy Goud, Pretoria, 1944, p.88.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en 'n woonhuis vir die kurator is in die vooruitsig gestel.[13)]

Lincke was ongelukkig nie teen al die probleme wat die Botaniese tuin opgelewer het, opgewasse nie. By dit het nog die anneksasie van 1877 gekom,[14)] wat meegebring het dat die nuwe regering nie die ontwikkeling van die tuin deur dieselfde bril, as die Boere-regering, gesien het nie. Alhoewel Franken en Heyjenks die huis in die tuin gebou het vir £410,[15)] het Lincke tog die pos as kurator in 1879 neergelê en is hy deur G. Baikie opgevolg.[16)]

Die Botaniese tuin, wat tussen Visagie- en Marestraat en van van der Walt- tot Andriesstraat gestrek het, was nou 'n instelling in Pretoria en sy lewe was verseker. In die tagtiger jare het die regering die park op nuut aangelê en is dit Burgerspark, ter ere van Pres. T.F. Burgers, genoem.

Langs die twee hooflane, wat die tuin in vier dele verdeel het, is swart akkasië- en eikebome geplant. In 1890 is die tuin omskep tot 'n ry-en-wandelpark[17)] en tot vandag toe is Burgerspark een van die sierade van Pretoria.

Kort na die oprigting van die Botaniese tuin het Dr. J.A. Roorda Smit in belang van die onderwys aan die Gymnasium te Pretoria, met die oprigting van 'n museum en biblioteek begin.[18)]

Op 16 September 1876 het hy 'n beroep op die publiek vir skenkings van minerale, fossiele en gesteentes vir die Geologiese afdeling, opgestopte diere en diere op versterkwater, kopbene en geraamtes vir die Dierkundige afdeling en

soveel /......

---

13) De Volksstem - 2 Okt. 1875.

14) Shepstone het die Transvaal in 18 annekseer.

15) R. 3364/78 Klerk van Werke aan St. - 23 Sept. 1878.

16) De Volksstem - 29 Julie 1879.

17) Staats Courant - 29 Jan. 1890.

18) De Volksstem - 23 Sept. 1876.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

soveel moontlik matematiese, fiesiese en gemiese instrumente, gedoen. Hy het almal versoek om iets af te staan vir die museum en biblioteek. Alle donateurs sou vrye toegang tot die Museum en Biblioteek verkry en hulle name sou van tyd tot tyd in „De Volksstem" vermeld word.

Mnr. J. Preller het dadelik 120 species buitelandse minerale geskenk. Laurie het kaarte vir Plantkunde, Dierkunde, Sterrekunde en Geologie gegee terwyl Peereboom en Budke twee kaarte van stoommasjiene aan Dr. Roorda Smit oorhandig het. Verdere donateurs was Russel, F. Stiemens, Thos. Bührmann, Löding, H. Stiemens, Die Staatspresident en Juta. Almal was van die eerste donateurs, maar so baie gifte het ingestroom dat die huis van Dr. Jorissen ook weldra gebruik moes word as bergingsplek.[19)]

Die boeke wat versamel is, is in die skoollokaal gebruik maar die Gymnasium is in 1877,na die Britse Anneksaie, gesluit en daar was vir die publiek dus toe geen toegang tot die biblioteek nie. Ds. Weavind het toe 'n leessaal in die winkel van J.R. Lys begin en Juta se boekwinkel het ook meegehelp met die daarstelling van 'n sirkulerende biblioteek.[20)]

In 1874 het Pretoria ook sy eerste bank gekry. In sy poging om die finansies van die Z.A.R. op te knap het Pres. Burgers die „Kaapsche Handelsbank" oorreed om 'n tak in Pretoria te open.

In Junie 1874 het die „Kaapsche Handelsbank" toe sy besigheid ook in Pretoria op Kerkplein, met J.F. Ziervogel as bestuurder, begin. Die besigheidsure was op weeksdae van 9 vm. tot 2 nm. en op Saterdae was dit van 9 vm. tot 12 vm.[21)]

Die / .......

---

19) Ibid en De Volksstem - 21 Okt. 1876.
Vergelyk Pretoriana,Deel 1, Nr. 1, waar Dr. V. FitzSimons die ontstaan van die Staatsmuseum toeskrywe aan Dr. W.J. Leyds in 1892.

20) De Volksstem-16 Feb. 1917 en Ibid - 25 Sept. 1875

21) B.B. 789/74:- Swart aan die Landdros - 12 Junie 1874.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die ontdekking van goud in die Lydenburgse distrik was natuurlik 'n groot beweegrede vir die „Kaapsche Handelsbank" om 'n tak in Pretoria te open, maar eienaardig genoeg is in 1875 ook goud in Pretoria ontdek. Geen 150 tree van Pres. Burgers se huis af het Bernard Meintjies, op die teenswoordige Markplein, betaalbare aluwiale goudstukkies uitgegrawe.[22)]

Kaptein Bawden wou van hierdie ontdekking seker gemaak het en met sy ondersoek het hy 'n paar „fraaije kleine nuggets" gevind.[23)]

Die regering het toe vir Stiemens die Staatssekretaris, die Landdros en die Staatsprokureur opdrag gegee om ook ondersoek in te stel. Die rapport wat hierdie drie here uitgebring het, was egter negatief en toe is alle grawery van gate in Pretoria of op die dorpsgronde ten strengste belet.[24)]

Mevrou Pres. Burgers en die dames van Pretoria het die gemis aan 'n hospitaal vir Pretoria aangevoel en 'n begin gemaak om fondse vir die oprigting van so 'n inrigting in te samel. Binne 'n afsienbare tyd is £1,200 vir 'n Volkshospitaal vir navorsing van koors en ander inheemse kwale ingesamel en kon die gebou begin word op die stuk grond waar vandag die Brandweerstasie van Pretoria staan.[25)]

Ook die tronk het aandag ontvang. Die ou geboutjie agter die Raadsaal by Kerkplein was die meeste van die tyd erg verwaarloos. Die gevangenes moes in die blok opgesluit word om hulle in die tronk te hou. Gedurende Pres. Burgers se regering is die geboutjie weer opgeknap maar toe Jacob Bredenhand uit die tronk ontsnap en met die President se blouskimmels na Bloemfontein gevlug het, is 'n begin gemaak met die bou van 'n nuwe tronk op die Suid-westelike hoek van

die / ........

22) Pa. I - 29 Julie 1875 en De Volksstem - 24 Julie 1875.

23) De Volksstem - 31 Julie 1875.

24) Ibid - Aug. 1875.

25) H.C. Marais - Die Brandwag - 1 Aug. 1910.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die huidige Bosman- en Visagiestraat.[26)]

In 1878 is selfs 'n matrone vir die tronk aangestel weens die toename in vroulike gevangenes.[27)]

Pretoria was in 1873-1874 al 'n besige dorp. Besighede en hotelle was oral aan Kerkplein en in die omgewing van Kerkplein versprei. Die bekendstes hiervan was : J.R. Lys en Austin se winkels wat ook van die oudste winkels in Pretoria was. Dan was daar „The Hole in the Wall", 'n drankwinkel, C.J. Juta se boekwinkel, nog 'n drankwinkel van A. Broderick en verder nog winkels van R. Winstanley, R.C. Green, B.P. Perreira, J. de Waal, E. Fleischman, C. Blohm en Field en Hoffman.[28)] In 1875 het ook nog bygekom die winkels van T.W. Beckett, John Sturgis, Kirsten, P.J. Marais en Schiffman.[29)]

Die mededinging was skerp en sommiges van die winkels het Sondae ook oopgebly. Die Landdros van Pretoria, W. Skinner, het dit egter belet en boetes is vir oortreding opgelê.[30)] Die lisensiegelde vir winkels was £1 per jaar. Drankwinkels het egter meer betaal. Die lisensie vir groothandel drankwinkels was £6 per jaar terwyl die wat drank op kleinhandel verkoop het £24 per jaar moes betaal.[31)]

Die vernaamste hotelle was: Mnr. Gaisford se „Family Hotel", die „Masonic Hotel" van J. de Meillon, die hotel „Royal" en die „European Hotel". Verder weg van die plein was „The Travellers' Home" van G. Hippert in Pretoriusstraat en „Jacksons Home" in Schoemanstraat.[32)]

Ook / .....

26) Mondelingse gegewens van Mnr. J.A. Peacock, wat met die Burgerstydperk as 16 jarige seun in Pretoria gebly het - tans te Holtzstraat 18, Krugersdorp-Wes.

27) R.3430/78:- Waarn. Landdros aan St. Sekr. - 27 Sept. 1878.

28) De Volksstem - 1873-1874 - Advertensies van besighede.

29) Ibid, 1875.

30) Pa. I - dd. 10 Julie 1863.

31) Pieterse, J.J.:-Die geskiedenis van Pretoria tot 1877, p.48.

32) De Volksstem - 1873 tot 1876 - Advertensies.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ook bakkerye en slaghuise verskyn, waarvan J. Andrews se bakkery en J. de Meillon se slaghuis, waar skaapvleis teen 6d. per lb. en beesvleis vir 4-5d. per lb. verkoop is, die bekendstes was.[33]

Die grootste behoefte in Pretoria was 'n saal. Die behoefte aan 'n stadsaal is erg gevoel. Daarom is 'n basaar gereël om fondse vir die oprigting van 'n stadsaal in te samel. Die basaar het maar £75 ingebring en daarom het Kirch, Melville, Brooks, Preller en Green 'n maatskappy gevorm om aandele te verkoop vir die oprigting van 'n saal. Hierdie „Pretoria Mutual Hall Joint Stock" maatskappy het 'n voorgestelde kapitaal van £2,010 gehad in 134 aandele van £15 elk. Die saal wat beoog is, sou vir lesings, konserte, danse, etes, vergaderings ens. gebruik kon word. Die huurgelde sou dan mettertyd die saal se boukoste kon dek en dan winste kon afwerp wat aan die aandeelhouers uitbetaal sou word.

Die dames van Pretoria was die saak goedgesind en het £200 geskenk terwyl boumateriaal teen kosprys aangebied is.[34]

Die perseel waarop die gebou opgerig is, was die bekende kluberf waar in die tagtigerjare die „Town Hall" gepryk het op die hoek van Court Lane en Vermeulenstraat.[35]

---

33) Ibid - 1876.

34) Ibid - 13 Maart 1875.

35) Eeufeesalbum van Pretoria , p.43 - Kaart van J. van Vooren en J.H. Oerder.

********************

<u>HOOFSTUK IV</u> /......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK IV.

## D. DIE HEROPMETING VAN PRETORIA IN 1873-1877 deur A.H. WALKER.

In 1870 het die erfnommers van A.F. du Toit moeilikheid begin oplewer. Die blokke A tot I en K tot T, wat du Toit aan die suide van die dorp opgemeet het, was nie van nommers voorsien nie. Die erfnommers het op die hoek van Visagie- en du Toitstraat opgehou en verder is die grond tussen Visagie- en Scheidingstraat tussen Mark- en Prinsloo-straat net in blokke opgemeet. Ook Oos van Prinsloo-straat tot by du Toitstraat vanaf Bloedstraat tot by Scheidingstraat was daar net blokke met twaalf erwe elk.

Verder het die eerste 604 erfnommers van Wes na Oos geloop terwyl die erfnommers in Prinsloostraat van Suid na Noord geloop het. Dit was moontlik ekstra grond wat oopgebly het en toe by die oorspronklike 604 erwe van die stad bygevoeg is.1)

Die erfnommers in Prinsloostraat het verwarring veroorsaak en aangesien die blokke A tot T ook nie van erfnommers, wat op die oorspronklike 622 erwe se nommers gevolg het, voorsien was nie, het die inwoners van Pretoria in 1870 hulp by die Uitvoerende Raad gaan soek. Hulle meen „dat die behoefte om het dorp te hebben opmeten zeer noodsakelyk wordt omdat er hoe langer zoo meer gebouwen en omheininінge worden gemaakt, zoodat wanneer het dorp niet spoedig wordt opgemeten er even veel onnauwkeurigheden met betrekking tot de omheininge zulle ontstaan als het geval te Potchefstroom en Wakkerstroom."2)

Die Uitvoerende Raad wat seker bewus was van al die moeilikhede i.v.m. erfnommers en die omheiningsmoeilikhede wat

ontstaan /.......

---

1) Sien hoofstuk IIB, van hierdie werk en veral die gedeelte wat betrekking het op voetnoot 9 van dieselfde hoofstuk.

2) R.393/70: - 'n Memorie van Lys en 41 andere vir die opmeting - 6 April 1870.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontstaan as erwe nie goed afgebaken is nie, het besluit om die landmeter-generaal op te dra om die dorp, Pretoria, met die dorpsgronde op te meet of te laat opmeet.[3)]

Die landmeter-generaal het nie self die opmeting waargeneem nie, maar tenders gevra. Die tenders wat ingekom het vir die opmeting was uiteenlopend. Volgens sommige tenders moes nuwe planne van die dorp opgestel word, maar asgevolg van die reeds bewoonde erwe, was dit onmoontlik om die dorp anders as wat du Toit dit gedoen het, te laat opmeet. Eers in Oktober 1873 is daar finaliteit omtrent die opmeting bereik en is die tender van A.H. Walker aangeneem.[4)]

Die dorpsgronde het bestaan uit die plaas Welgevonden, wat in 1860 deur die regering ook bygekoop was en gedeeltes van die plaas Daspoort en Elandspoort, wat in 1853 deur M.W. Pretorius gekoop was. Die omliggende buurplase was Elandsfontein, Sandfontein, Les Marais (Daspoort), Rietfontein, Koedoespoort, Elandspoort, Groenkloof, Swartkop en Mooiplaas. Die dorpsgronde was 8,979 morge 280 vk. roede groot en het vir die grootste gedeelte wes van die dorp gelê.[5)]

Die dorp self is volgens die plan van A.F. du Toit opgemeet. By die 622 erwe en blokke A tot I en K tot T van du Toit het Walker nog 5 blokke erwe van 12 erwe elk, wes van Potgieterstraat en tussen Vermeulen- en Visagiestraat, bygemeet. Wes van Markstraat (Paul Krugerstraat) en tussen Visagie en Jacob Maréstraat het in 1887 nog twee blokke ook van 12 erwe elk bygekom maar origens het die opmeting van A.F. du Toit net so gebly.

Die / ......

---

3) U.R.B. - 20 April 1870 - Art. 26.

4) U.R.B. - 14 Oktober 1873 - Art. 174.

5) Sien bylae 3 - 'n Kaart van die dorpsgronde deur Walker in 1875.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die nommers van die erwe is egter heeltemal verander. Waar daar tussen Potgieter- en Schubartstraat en tussen van der Walt- en Prinsloostraat aanvanklik deur du Toit net blokke van 10 erwe elk opgemeet is, het Walker al die blokke in Pretoria 12 erwe groot gemaak. Die Suid na Noord genommerde erwe van du Toit het ook verdwyn in die Walkeropmeting. Die blokke A tot I en K tot T van du Toit is ook doodgewoon bygenommer. Van Bloedstraat- tot by Skinnerstraat is blokke N tot T, van du Toit, dadelik bygenommer. Ook die vyf blokke wes van Potgieterstraat is dadelik bygenommer sodat Walker 712 erwe agtereenvolgens genommer het voordat hy die blokke A tot I en K tot M, van du Toit, genommer het. In blok A, van du Toit, het erf No. 713 van Walker gekom en blokke F en I, van du Toit, is verder by die erwe van blok A, van du Toit, bygenommer van Wes na Oos sodat die hoogste nommer (802) in blok G, van du Toit, gekom het.

Hierna het Walker blok M, van du Toit, begin nommer as erf No. 803 en vervolgens blokke L en K van du Toit sodat in blok K erf 820 voorgekom het. Oos van blok G het erwe 820 en 823 gekom, aangesien erf 821 'n driehoekige stuk grond, wat Oos van du Toitstraat en teenoor blokke M en L gelê het, uitgemaak het.

Daar Walker egter erf No. 1 van Pretoria begin het op die Suid-Oostelike hoek van Bloed- en Potgieterstraat, was die erwe tussen Boom- en Bloedstraat nog nie genommer nie en het hy na die 823 genommerde erwe toe in Boomstraat begin, sodat erf 824 tot erf 876 in Boomstraat is.

Tussen Bloed- en Boomstraat het Walker nog 66 erwe bygenommer sodat daar toe in totaal 890 erwe was.[6] Hy moes die penne van die blokke erwe nog net oorgedra het aan die landdros van Pretoria, maar op hierdie tydstip het T.N. de Villiers, die eienaar van „Belle Ombre" net noord van Boomstraat, beswaar / .....

---

6) Afleidings van die Walkerkaart - 1875 te vinde in die Landmeter-generaal Kantore te Pretoria.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beswaar gemaak teen die opmeting van Walker, omdat hy benadeel is volgens die Walker-opmeting en die hulp van A.F. du Toit moes ingeroep word.[7)]

Waarnemende Staatssekretaris H. Stiemens (N.J.R. Swart was saam met die President na Europa) het dadelik vir A.F. du Toit, wat toe te Middelburg (Tvl.) woonagtig was, genader om besonderhede te verstrek van hoe hy die dorp in 1857 opgemeet het. Du Toit het sonder versuim geantwoord en alhoewel sy brief 'n baie duidelike uiteensetting van sy opmeting gee (sien Bylae 1) kon dit nog nie Walker se probleem oplos nie.

Die enigste oplossing was om A.F. du Toit na Pretoria te laat kom om aan te wys hoe die opmeting gedoen was. Dit kon egter nie gebeur voor 1877, na die anneksasie van Shepstone nie, omdat die staatsaangeleenthede van die Z.A.R. in 1876 en begin 1877 taamlik verward was.

Na die anneksasie van 1877 het landmeter-generaal Melvill, wat ook graag meer besonderhede i.v.m. grense, waterregte en deurgangsregte wou gehad het, voorgestel dat 'n kommissie bestaande uit die Registrateur van Aktes en hyself, A.F. du Toit moes ontmoet om die nodige informasie te kry.

Staatssekretaris N.J.R. Swart, wat nog tydelik waargeneem het totdat M. Osborn hom opgevolg het, het du Toit net na die anneksasie uitgenooi om na Pretoria op staatsonkoste te kom. Met du Toit se koms was Swart nie meer staatssekretaris nie maar wel M. Osborn en Osborn het toe opdrag gegee dat Melvill en J.J. Meintjies, die registrateur van aktes, du Toit moes ontmoet.[8)]

Hierdie ontmoeting het toe op 21 November 1877 plaasgevind. Die 3 here het by Boomstraat die oorspronklike noordelike grens van die dorp begin en na sy verduideliking het A.H. Walker toe sy foute in Boomstraat herstel en sy opmeting voltooi.[9)]

Die /......


7) R. 558/75:- A.F. du Toit aan St. Sekr. - 6 Maart 1875.
   R. 2928/77:- Landmeter-Genl. aan St. Sekr. 7 Aug. 1877.
8) BB. 1371/77:- St. Sekr. aan A.F. du Toit - 11 Aug. 1877, en
   R. 2928/77:- Landmeter-Genl. aan St. Sekr. - 6 Maart 1877.
9) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# Die Walkerkaart van 1875




Die stippellynblokke tussen Visagie- en Marestraat en tussen Kock- en Markstraat is eers in 1887 gemeet maar kom tog op die Walkerkaart voor.
X - was die watervoor wat du Toit aangewys het.
Y - was die watervoor wat Walker geneem het.
~~810~~ - was dus 'n verkeerde nommer.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Du Toit het aangetoon dat hy in 1859 'n watervoor as noordelike grens geneem het. Die watervoor het by du Toitstraat, op die grens van Arcadia, die eiendom van S.J. Meintjies, begin en weswaarts met draaie geloop tot by Markstraat en daarvandaan in 'n reguitlyn verby die skoolplaas tot teen die Steenoondspruit. Verder het hy verklaar dat hy 'n straat van 80 voet noord van die watervoor gelaat het, sodat die watervoor die suidelike lyn van Boomstraat was.

Walker het die verkeerde watervoor geneem. Hy het die watervoor wat na Prinshof gelei het as die grens van Boomstraat geneem[10)] en toe van N.T. de Villiers se grond weggeneem om Boomstraat in 'n reguitlyn uitgemeet te kry.

Soos reeds genoem het Walker sy fout herstel, maar hy moes van sy erwe tussen Boomstraat en Bloedstraat asook sekere erwe in die ou gemete blok T, van du Toit, kanselleer, sodat daar toe nie 890 erwe sonder die twee blokke wes van Markstraat tussen Visagie en Jacob Maréstraat was nie, maar net 876.[11)]

Die erwe wes van Markstraat tussen Visagie- en Jacob Maréstraat begin dus by 877 en eindig by 896. Hulle kom op die Walkerkaart voor maar is eers in 1887 deur A. Bechtle bygemeet.[12)]

Die besoek van du Toit in 1877 het ook 'n hele paar ander interessante gegewens aan die lig gebring.

Du Toit het verklaar dat Markstraat net tot in Boomstraat en nie verder geloop het nie. Die grond van die Apiesrivier af tot teen Boomstraat, was die private eiendom van M.W. Pretorius. Voorts het hy verklaar dat die waterregte

van / ......

---

10) Ibid.

11) Walkerkaart, 1875.

12) Ibid. Hierdie gebeure asook du Toit se besoek aan Pretoria val buite die Burgerstydperk maar dit word tog hier behandel omdat dit by die heropmeting in 1875 tuishoort.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die eiendomme op die gedeelte van Elandspoort wat vroeër aan A.P. van der Walt behoort het en geleë was aan die suidekant van die dorp, onderkant Scheidingstraat en Ooswaarts van die hoof dorpswatervoor en wat in 1872 behoort het aan J. du Preez, A.H. Smithers, L. van Wyk en D.M. Kirch deur M.W. Pretorius in omstreeks 1859 aan A.P. van der Walt gegee is. Van der Walt het die reg gekry om water uit die teenswoordige (1877) dorpsvoor te neem vir die besproeiing van al die grond wat hy nie uit sy eie watervoor, uit die rivier, kon besproei nie.

Du Toit het ook, in spesiale opdrag van M.W. Pretorius, Marestraat uitgemeet tot teen die Apiesrivier en het op die blok, suid van die blok wat „K" geletter was, uitspanningsregte gereserveer. Hierdie uitspanning was vir die gerief van waens wat by die rivier moes wag ingeval die brug stukkend of die rivier vol was.[13)]

Alhoewel A.H. Walker se kaart die jaartal 1875 dra, is sy werk eers na die ontmoeting met du Toit, in 1877 voltooi. Met die opmeting van A.F. du Toit het Walker geen fout gevind nie. Die plan wat deur du Toit ontwerp is, is netso deur Walker aanvaar en alhoewel daar heelwat byvoegings gemaak is in die negentiger jare het die kaart van du Toit tot op die huidige tydstip nog die kern gebly waarvolgens die ander kaarte van Pretoria gemaak is.[14)]

In die blokke erwe, wat A. Bechtle in 1887 bygemeet het, is voorsiening gemaak vir 'n derde plein in Pretoria. Die plein sou Pretoriusplein, ter ere van M.W. Pretorius, genoem word en was geleë waar die huidige stadsaal van Pretoria tans is. Na regte moes dit die vyfde plein gewees het, maar die een plein van agtien erwe het die Botaniese tuin geword en die andereen die Gereformeerde Kerkgrond aan Potgieter- en

Kerkstraat./.....

---

13) R. 2928/77.- Landmeter-Genl. aan St. Sekr. - 7 Aug. 1877.

14) Sien Bylae 5. - 'n Samegestelde kaart van Pretoria van G.R. von Wielligh.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kerkstraat. Daar was dus net Kerkplein, in die middestad, Markplein, tussen van der Walt- en Prinsloostraat en nou Pretorius-plein.

Pretorius-plein het net uit vier erwe bestaan maar hulle het met die opmeting van A. Bechtle nie nommers gekry nie. In 1927 is erwe 879 en 883 eers by Pretorius-plein gevoeg en vandag is dit die hele blok grond tussen Visagie-, Paul Kruger-, Minnaar- en Bosmanstraat.[15)]

In die middel van die volgende blok het Bechtle 'n straat ingevoeg wat Jacob Marestraat en Minnaarstraat verbind het. Hierdie straat, Pleinstraat, is later verander na Christina-straat. Aan al die straatname word egter 'n aparte hoofstuk gewy en hier word nie verder daaroor geskrywe nie.

'n Eienaardige verskynsel is egter dat A.F. du Toit op sy kaart al die straatname van Pretoria geskrywe het, alhoewel party straatname die van persone en gebeurtenisse dra wat na die tyd, toe du Toit landdros van Pretoria was, in Pretoria gewoon of gebeur het.

Dit wil dus voorkom asof du Toit die dorpsplan net van sekere straatname voorsien het en dat sommige name eers later op die kaart ingevul is.[16)]

In die hoofstuk oor „Straatname van Ou Pretoria," sal ook name behandel word wat nie op die Walkerkaart van 1875 voorkom nie maar dit is alleen die strate wat in 1875 nog nie bestaan het nie..

Die straatname op die Walkerkaart kom ooreen met die van die du Toit-kaart en dus kan aangeneem word dat daardie strate almal hulle name gekry het voor 1875.[17)]

---

15) Byskrifte by die Walkerkaart van 1875.
16) Sien Pretoriana, Deel 2, Nr, 1 p.13.
17) Die ~~hoofstuk~~ Bylae oor „Straatname van Ou-Pretoria" behandel alle name van strate wat tans in die Sentraal van Pretoria voorkom. So ver moontlik sal daar ook aangetoon word wanneer die strate gemaak of wanneer hulle van name voorsien is.

************************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K IV.

## E. SOSIALE AANGELEENTHEDE IN PRETORIA GEDURENDE DIE SEWENTIGER JARE.

Wat die inwonerstal van Pretoria gedurende die Burgerstydperk betref, kom mens nogal uiteenlopende gegewens teen. A. Wypkema stel die getal vir 1871 op 3000[1], terwyl Ds.H.S. Bosman, wat destyds ook 'n inwoner van Pretoria was, in later jare beweer dat daar „niet meer dan 60 huisgezinne" was nie.[2]

In die landdrosstukke van 1875 kom egter 'n lys van 184 stemgeregtigde burgers voor.[3] Die name is net van mans, vermoedelik bo 21 jaar en as almal getroud was en as elke huisgesin gemiddeld 5 kinders gehad het, dan kon die sieletal van Pretoria in 1875 op nagenoeg 1400 gestel word. Met die name wat moontlik uitgelaat is en die moontlike getal

kinders /........

---

1) Wypkema, A.: Munisipaliteite van Transvaal, Onuitgegewe M.A. verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Hoofstuk VII, P. 13.
2) Ds. H.S. Bosman: Pretoria veertig jaar gelede, De Volksstem - 20 Junie 1916.
3) Pa I 1875 - Band 99. Die volgende burgers kom voor as inwoners van Pretoria :

Anderson, H.
Argondonia, R.
Austin, F.
Arnoldi, B.G.A.D.
Anderson, W.A.B.
Andrews, J. (Sr.)
Andrews, J. (Jnr.)
Boeschote, H. von
Boeschote, C. von
Begemann, A.J.
Badenhorst, P.
Brodrick, A.
Brouwer, H.W.
Becker, C.J.
De Meillon, J.
De Beer, J.
Du Preez (sonder voorletter)
Dore, J. (Sr.)
Dore, H.
De Gier, P.A.
Durham, J.
Evans, C.
Engelmohr, C.
Eckhout, E.V.
Evans, E.
Engelmohr, C.
Fischer, J.
Fischer, L.

Becker, C.A.E.
Brooks, J.
Behr, M.C.
Beckett, T.W.
Botha, L.
Booysens, B.
Booysens, N.
Bistow, C.
Breda, H.W. von
Butterworth, H.
Borker, C.
Bergsma, H.C.
Brits, I.
Cato, J.P.
Hither (sonder voorletter).
Horsont, C.
Heiderich, J.
Hoven, T.
Hammond, A.
Johnson, E.
Johnson, J.
Jeppe, J.(Jr.)
Juta, I.
Jeppe, C.
Jeppe, J. (Sr.)
Johnstone (sonder voorletter)
Jackson, R.
Knap (sonder voorletter.)

Celliers, J.
Clark, J.
Cubitt, J.
Celliers, C.
Clark, H.
De Waal, J.
De Vries, M.
De Vogel, J.
Dely, W.A.
Du Preez*
Douthwaite, R.
Dore, J.
Dawes, W.
Devereux, L.
Melvill, S.
McDonald, P.
Mussa, V.
McKenzie, D.
Marais, H.
Meintjies, S.
Meintjies, P.
Minnaar, J.C.
Mellvill, A.E.
Moshert, S.
Mare, W.
Peacock, R.
Preller, C.
Potgieter, P.

Francis /.........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Voetnoot 3, vervolg).

Francis, H.
Francis, F.
Foley, I.
Fleischman, E.
Fleischman, F.
Frey, R.
Griffiths, E.
Grunberger, D.
Green, R.C.
Griffen, I.
Gaisford, J.
Genis, M.
Gras, F.

Hayes, P.
Haybittle, W.
Henshall, H.W.
Heyberg, J.
Henry, J.
Schoeman, S.
Scanlem.
Smith
Sternberg, P.
Shanon, P.
Sturgis, J.
Sharley, G.
Swart, N.J.R.
Smithers, A.
Smithers, B.
Schiffman, F.
Skinner, W.
Struis, N.
Schoeman, F.
Sleightholmi J.
Sherman.

Kirsten, P.A.
Kelly, J.
Krogh, I.
Kisch, D.M.
Kirsten, F.
Lys, R.
Le Rooy, R.
Leenhof I.G.C.van
Lazenby, W.(Jr.)
Levetzon, A.
Loveday, R.K.
Lazenby,W. (Sr.)
Linkt (sonder voorletters)
Marais, P.J.
Marais, J.C.N.
Meintjies, J.J.
Meintjies, A.C.
Moll, C.
Struben, W.
Trautman.
Taylor, G.
Thompson.
Taylor, H.
Taylor N.
Veen, I. v.d.
Veen, W. v.d.
Vermeulen, I.
Villiers, T.N. de
Venter, J.S.L.
Vinte, K.
van Haal.
Veen, A. v.d.
Villiers, J.A. de
Vermeulen J.
Viljoen, A.

Pewsson (sonder voorletter).
Potgieter, H.
Preller, J.C.
Pereira, B.
Patterson, W.
Palmer, G.
Riedel, C.
Rex, F.C.
Roth, G.A.
Roos D.
Russell, H.
Rogers, C.
Rous, J.C.
Roos, F.
Stiemens, H.
Stiemens, F.
Smithers, B.
Smithers, H.
Walker, A.H.
Walker, J.
Westhuizen, H.v.d.
Williams, W.
Winstanley, R.
Weavind, I.
Waldek, H.
Zeiler, J.
Zeiler, F.
Ziervogel, J.F.**

* Verskeie plekke in die lys van inwoners van Pretoria kom net die van voor, sonder die voorletters. Die spelling van die vanne is netso oorgeneem uit die lys.

** 'n Soortgelyke lys van stemgeregtigde burgers van Pretoria van 1877 is te vind as byvoegsel van die Staats Courant - 10 Mrt. 1877. Uit hierdie lys is baie van die ontbrekende voorletters geneem vir die voorafgaande lys.

Die 1877 lys bevat egter net 168 name. Die lys van 1877 is vermoedelik baie onvolledig, want heelwat name wat in die 1875 lys voorkom, kom op die lys nie voor nie alhoewel die volgende 43 name bykom :

Adams, W.
Aylbag, J.N.
Bosman, W.
Burnham,T.B.
Booisen, S.
Beuitke,F.
Bruce T.
Buskes, G.H.
Beer, J.F. de
Burger, T.J.

Dore,H.
Devison,A.S.
Devenluw,L.
Eidervelt,J.N.
Engenrade,I.N.
Gorkom,W.J.van
Gier, P.A. de
Hippert, G.
Immelmann,D.P.
Jorissen,E.J.P.

Jenkins, R.
Jenkins, S.
Kaptein,I.W.H.
Kuipers,S.F.J.
Lincke, O.
Melvill,A.G.
McKenzie,G.
Neal.
Nays, F.
Neys,M. de

Rissik,G.N.
Stiemens,A.
Sterpstra,G.
Solomon,C.
Smit,Roorda.
Schunkei, A.
Taunay, F.
Trollope, S.
Tromp,I.M.
Vuyk, F.

Vogel,J. A. de
White,W.
Wyman,J.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kinders wat dan by die huisgesinne geneem kan word, kan die sieletal na 1500 opgeskuiwe word.

Die 3000 siele van A. Wypkema en die 60 huisgesinne van Ds. H.S. Bosman is dus albei twee uiterstes.

Die inwoners van Pretoria moes in die sewentiger jare 'n gawe klomp mense gewoes het. Allerhande soorte van vermaaklikhede is gedurende hierdie jare gereël en gehou. Op die Kerkplein het hulle selfs krieket gespeel terwyl die Volksraad in sitting was.[4] Daar word vertel dat 'n kriketspeler eenkeer 'n bal deur die lae venster van die eerste Goewermentsgebou tot binne in die Raadsaal geslaan het terwyl 'n warm debat juis aan die gang was.[5] Pres. Burgers, toe alreeds Staatspresident van die Z.A.R., was oor die voorval so verontwaardig dat die speel van krieket op Kerkplein toe voortaan belet is.[6]

Op 'n keer wou die inwoners van Pretoria selfs 'n dans in die Raadsaal reël maar Fungerende Staatspresident D.J. Erasmus het dit belet.[7] Die skoolgebou is gebruik vir konserte van die „Pretoria Musical and Dramatic Club"[8] en lesings van die „Transvaal Literary and Scientific Society" is in die Raadsaal gehou.[9]

Verder is daar gereëld danse gehou[10] „waar zich Pretoria's jeugd en schoonheid en ook degenen van middelbaren leeftyd zich uitmuntend met dansen amuseerde." Die jongmans wat nie krieket gespeel het nie, het hulle ledige ure gevul deur voetbal te speel.[11]

Ook verskeie verenigings soos die „Transvaalsch Letterkundige en Wetenschappelyk Genoodschap" wat hulle besig gehou het

met /.......

4) Eeufeesalbum van Pretoria, p. 79.
5) Ibid.
6) Pa 2 - 18 Februarie 1874.
7) Pa 2 - 19 Maart 1872.
8) De Volkstem - 15 Augustus 1873 en Pa 2 - 28 November 1876.
9) De Volkstem - 2 Mei 1874.
10) Ibid - 25 April 1874 - Inwyding van die winkel van Field en Hoffmann.
11) De Volkstem - 22 Augustus 1873.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met die nuutste litterêre en wetenskaplike werke en die Vrymesselaars Vereniging, Lodge Aurora, waaraan die vooraanstaande sakemanne soos : Lys, Preller, Krogh, de Villiers, Arnoldi, Meintjies e.a. behoort het, het bestaan.[12)]

Die volgende gedig[13)] gee skertsenderwyse 'n idee van wat destyds in Pretoria aangegaan het :

A PRETORIA REVERIE.

Oh isn't Pretoria a nice little little oord
With zetelplaats title so grand?
Here dwell many ambtenäars, both klein en groot
And the big swells ruling the land.

---

Its scenery is beauteous, its climate is fraai
Its townfolk are worthy and true
But as to tell waarheid, I always shall try
I'll admit there are onkruids here too.

---

But the nooientjies - they are the pride of the place
Ja jong! hulle's mooi al te danig.
Where ever one turns one sees a nice face
Dit laat onze jong kerels zoo zanik.

---

The spoorweg, or railway, wat blaas as hy loop
Will soon maak geraas hier naby
And with Meneer Burgers we uiter de hoop
That we erelong shall welcome the day.

---

Pretoria will soon all her troubles oorkom
And soon shall we see alles regt:
The new hooge school under Mr. Gorkum
En de meesters zoo goed - of zoo slecht.

---

Of municipal rule we stand sorely in need
En daarom wordt Lys dan zoo kwaad
And if the executive will not take heed
He'll brand hullè op in de Raad.

---

What though we "our commerce" in jeopardy bring
By judgement so awfully queer
That „holders" of „paper" most dolefully sing:
O Mozes, hoe lyk die wet hier.

---

At / .............

12) Ibid - Advertensies van 1874.

13) P.J. van Gorkom in De Volksstem - 15 Januarie 1876.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

At least we can point to the meineed zaak snaaks
Fore His Worship of Zeerust so wise
And say though our jud'ments are not always haaks
"His Worship" "our worship" out vies.

--------------

Natuurlyk zal alles regt kom met der tyd
We'll be "all serene" some fine day
We'll pull altogether and patiently wait,
Tot wy onze ou land regt zal kry.

-------------------------------

Prokureurs, dokters, winkeliers en amptenare het almal saamgewerk en Pretoria het langsamerhand 'n meer stedelike aansien gekry. Die strate is verbeter, nuwe gebou het verrys en nog verenigings is gestig.

Die President het van Europa 'n paar kanonne, „mitrailleuses etc. van de jongste uitvindingen" gekry en 'n vrywillige „Artellerie Corps" is op die been gebring.

Kaptein Riedell, wat in die Frans Duitse oorlog gedien het, is in bevel geplaas.

Die plan was om 'n fort op een van die koppe te bou en „daar zullen wonen de Kommandant, Kapitein Riedell, een Luitenant, en vyf sergeants." Dan sou 25 jongmanne van bo 17 jaar, van die verskillende distrikte, beurtelings opgekommandeer word om vir twee maande, teen betaling, in die fort opleiding deur te maak.

Aan die vrywilliger-Korps het behoort : J.R. Lys (voorsitter), A. Raphael, J. Buchanan, C.A. Becker, H.W.A. Cooper, J. de Meillon, T.N. de Villiers, J.A. de Vogel, Wm. Harris, T. en R. Jackson, K. Jeppe, J.C. Krogh, R.K. Loveday, A.C. en W.R. Meintjies, Paul Mare, J.C. Minnaar, J C. Preller, F.C. Rex, W.S. Rens, H. Russel, N.J.R. Swart, F. Stiemens en D. Schutte.

Die uniform van die Vrywillige „Artellerie Corps zullen zyn blauw met rood afgezet, het hoofddeksel een helm; de wapens voor de officieren, een kavelleriesabel en revolver, en voor de kannoniers een geweer met sabel bayonet."

Lys het die kommanderende offisier en Rex die sersant-majoor geword. Die oefendae was Maandae en Donderdae en die

oefenplek /..........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oefenplek was 3 myl ten weste van die stad.[14]

Die „Pretoria Rifle Corps" het nog bestaan onder P.J. Marais (Kapt.), R. Jackson en J.R. Lys (Luitenante), Dr. Taylor as dokter en M. de Vries as sekretaris[15] en saam met die Artillerie korps was Pretoria dus tot 'n mate beskerm teen 'n vyandelike aanval.

In 1874 het Dr. Bösenberg, hy was die president se huisdokter, ook die eerste operasie in Pretoria uitgevoer. R. Peacock, grofsmid en ingenieur van beroep, het sy linker voorvinger sodanig beseer dat indien die vinger nie afgesit sou kon word nie, hy moontlik aan bloedvergiftiging sou kon sterf. Dr. Bösenberg het die vinger egter in sy spreekkamer afgesit en die operasie was so geslaag dat „De Volksstem" 'n lang relaas van die gebeurtenis gegee het.[16]

Dr. Bösenberg was maar een van die baie ander bekwame dokters van Pretoria. Daar was nog dokters Arnoldi, Taylor, Graham en Barbour en alhoewel T. Cowen die gesondheidtoestand in Pretoria as sorgbarend beskrywe het,[17] het hulle die siektes in Pretoria onder beheer gehad.

In 1872 het die publiek weer 'n poging aangewend om 'n munisipaliteit op die been te bring en die regering het toegestem tot die oprigting mits : 1. Alle regulasies eers deur die regering goedgekeur word

2. Die regering die reg sal hê om die dorpsplan te verander en drie blokke erwe aan die regering afgestaan sal word vir 'n spoorwegstasie.[18]

Die / ..............

14) De Volksstem - 17 Januarie 1874 - Die oprigting en Ibid, - 22 Mei 1875 - Die oefenplek.
15) Ibid - 8 Julie 1876.
16) De Volksstem - 10 Oktober 1874.
17) Ibid 8 Augustus 1877. Cowen beskrywe die toestand as volg: „The homesteads of Pretoria, how fearfully they smell, there's fever in the furrow, there's sewage in the well."
18) De Volksstem - 26 Desember 1874.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die inwoners het die voorwaardes van die regering verwerp en dit was nie voor 1874 dat weer pogings aangewend is om die bestuur van Pretoria uit die hande van die regering oor te neem nie.

'n Komitee bestaande uit M. de Vries, J. R. Lys, J.C. Preller en W. Skinner, is deur die inwoners gekies om die voorwaardes van 1872 verander te kry. „De Volksstem" sou die orgaan wees waarin hulle die publiek op hoogte sou hou met wat hulle bereik het en J.F. Celliers, die redakteur, het ook heelhartig saamgewerk.[19]

Om die nodige fondse te kan verkry wou die komitee die reg gehad het om die belastings (erfbelasting) self in te samel, aangesien die regering nie baie ag gegee het aan die insameling van die erfbelasting nie. Die „Volksstem" het openlik met die toestand gespot en het die volgende gesprek, wat glo in 1864 gevoer,is, gepubliseer:[20]

(Twee raadslede by die landdroskantoor en die landdrosklerk oor erfbelasting) :-

Committee Member : "Do you know who the erven in the town belong to?"

Clerk : "No I do not."

Com. Member : "Then how do you collect the taxes?"

Clerk : "Oh the people come and pay."

Com. Member: "How do you know, who do not pay?"

Clerk : "Don't know."

Com. Member : "This is a grand arrangement! Those who like to pay do so, and those who don't don't?"

Clerk : "I suppose so."

Landdrost (smiles graciously and says) : „Ja net zoo."

Die gesprek is natuurlik oordryf, altans, in 1875 het die landdroskantoor met meer energie opgetree. In November 1875 het G.A. Roth, die waarnemende publieke-aanklaer, 'n lys van agterstallige erfbelasting gepubliseer en daarvolgens was net £191.10.0 aan erfbelasting, uitstaande.[21]

Die / .........

19) De Volksstem - 10 Jan. 1874. 20) Ibid - 17 Julie 1875.
21) Gouvernements Kennisgeving, No. 2136 - 15 Nov. 1875.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die belasting was maar 10/- per erf per jaar[22] en al sou die voorgestelde munisipaliteit die reg gekry het om alle erfbelastings vir hulle gebruik in te samel, sou hulle maar, volgens die Walkeropmeting van 1875, £438 per jaar ge-in het. Dit was dus tog onmoontlik vir die inwoners van Pretoria om die saak van plaaslike bestuur op hulle skouers te neem en daarom het die publiek in September 1875 besluit om 'n vereniging daar te stel om die regering in die vooruitgang van die dorp te steun. Die lede van hierdie komitee was : H. Struben (Voorsitter), J.R. Lys (Onder-Voorsitter), D.M. Kisch, J.F. Celliers, J.C. Preller, R.C. Green, J.C.N. Marais, C.J. Juta en C. Evans.[23]

Die pogings om 'n eie munisipaliteit daar te stel het ook in 1874 - 1876 misluk en dit sou eers gedurende die Engelse bewind van 1877 - 1881 weer aangedurf word.

---

22) Ibid.

23) De Volksstem - September 1875.

**********************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K V.

## DIE BRITSE REGERINGSTYD IN PRETORIA 1877 TOT 1881.

### a. SHEPSTONE SE KOMS NA PRETORIA EN DIE EERSTE ANNEKSASIE VAN TRANSVAAL.

Pretoria het op 16 November 1876, sy een-en-twintigste verjaarsdag, onbewus van die planne van Disraeli, die eerste minister en Carnarvon, die Koloniale Sekretaris, van Brittanje, gevier.

Disraeli het nadat hy eerste minister van Brittanje geword het, daarin geslaag om by die Britse volk die begeerte vir koloniale uitbreiding aan te wakker en het hulle gaandeweg in sy buitelandse politiek geskool. Hy slaag daarin om die vroëere afkeur teen Buitelandse besit te laat verander in 'n drang om nuwe kolonies te verower.

Carnarvon se planne het hoofsaaklik betrekking op Suid-Afrika gehad. Hy wou graag die verskillende state in Suid-Afrika federeer en het vir die doel van Sir H. Barkly, die Goewerneur van die Kaapkolonie, Sir H. Bulwer, die Luitenant Goewerneur van Natal en van Sir Theophilus Shepstone, spesiale Hoë-Kommissaris in Suid-Afrika, gebruik gemaak.

Nadat samesprekings oor federasie tussen die verskillende state in Suid-Afrika nie wou vlot nie, het Shepstone opdrag ontvang om die Transvaal te annekseer en sodoende die Oranje-Vrystaat te dwing om tot 'n federasie tussen die Kaapkolonie, Natal en Transvaal, wat dan ook 'n Britse kolonie sou wees, toe te tree.

Daar was egter 'n voorwaarde. Shepstone moes seker maak dat die Volksraad van Transvaal of 'n gedeelte van die bevolking vir die anneksasie sou wees.

Die Volksraad van Transvaal was onbewus van hierdie opdrag aan Shepstone. Dit sou dus wenslik wees dat die Transvaalse Volksraad ontmoet moes word om hulle te pols oor 'n moontlike anneksasie. Die delwers van die nuutontdekte goudvelde in Lydenburg sou wel vir die anneksasie van Transvaal wees maar dit sou effens gewaag vir Shepstone gewees het om enkel op hulle uitnodiging na die Transvaal te kom.

Die /.........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Sekoekoeni-oorlog van 1876 het aan Shepstone die kans gegee waarvoor hy gewag het. Hy sou die Volksraad van die Transvaal in Pretoria ontmoet en aan hulle voorstel dat Brittanje gewillig is om die Transvaal te help om 'n einde aan die naturelle-onluste te maak.

Alhoewel Shepstone die inwoners van Transvaal by monde van Fred Jeppe, Percy Whitehead en J. Henderson voorberei het vir sy voorgenome besoek aan Transvaal[1) ]was dit nie voor 20 Desember 1876 dat hy President Burgers skriftelik van sy voorgenome besoek in kennis gestel het nie.[2)]

In Natal is gereël dat Shepstone sou vergesel word van vyf-en-twintig gewapende polisie en sewe lede van sy persoonlike personeel, terwyl verskeie vegtende eenhede, ingeval dit nodig mag wees, op Newcastle, gereed vir 'n opmars na Pretoria, gewag het.[3)]

Die inwoners van Pretoria was wel bekommerd oor die Sekoekoeni-moeilikhede, die haglike finansiële toestand, President Burgers se spoorwegplanne en die steeds toenemende wantroue in die leiding van die president, maar hulle was seker nie bereid om die onafhanklikheid van die Transvaal prys te gee nie.

President Burgers het Shepstone se brief van 20 Desember 1876 nie beantwoord nie en Shepstone het ook nie gewag op 'n antwoord nie. Op 4 Januarie 1877 het hy die Transvaalse grens by die teenswoordige Volksrust oorgesteek op pad na Pretoria.[4)]

In Pretoria het J.R. Lys begin organiseer. 'n Verwelkomingskomitee, met Lys as voorsitter, is in die lewe geroep en die dorp is met vlae versier. Shepstone sou tuisgaan in Moodie se nuwe huis, op die hoek van Schoeman- en Andriesstraat en dan kon die Volksraad verdere reëlings i.v.m. Shepstone se

besoek /..............

1) C.J. Uys : In the era of Shepstone. Lovedale press C.P. South Africa p. 226.
2) Ibid p. 242
3) Ibid pp. 242. 243.
4) Ibid p. 242.

© University of Pretoria

besoek tref.[5]

Vanaf die Transvaalse grens, so ver as wat Shepstone gekom het, is hy met die grootste agting behandel en is hy gulhartig ontvang. Op 22 Januarie 1877 sou hy Pretoria binnekom. Staatsekretaris N.R. J Swart, het met vier grys perde voor die staatskoets, Shepstone gaan inhaal. Verskeie koetse en tagtig perderuiters het Swart vergesel. Op die hoogte, waar die Potchefstroom- en Heidelberg-pad vanaf Pretoria uitmekaar wegswaai, het hulle Shepstone ingewag.[6]

Toe Shepstone opgedaag het, het Lys die besoeker namens die inwoners van Pretoria verwelkom en „three cheers were called for and heartily given."[7]

Toe die stoet die dorp bereik, by C. Evans se huis, het 'n groep persone die perde uitgespan en self die koets met Shepstone, Swart en Lys daarop, die dorp ingetrek tot by Lys se huis op Kerkplein. Daar het Lys weer 'n verwelkomingsadres voorgelees, waarop Shepstone as volg geantwoord het : „Gentlemen, I thank you most sincerely for your kind address and for your other demonstrations of so hearty a welcome to the Capital of your country."[8] Om die verrigtinge af te sluit het die persone teenwoordig begin om „God save the Queen" te sing en „the words "Send her victorius long to reign over us" (sic) were sung with much emphasis and sounded strange in this yet strange land."[9]

Hierna het Shepstone met sy gevolg by Lys gaan eet en die President en die Belgiese Konsul het hulle verwelkomingskaartjies oorgestuur. Shepstone het geantwoord deur ook kaartjies oor te stuur.[10]

Van Lys se huis is Shepstone en sy personeel na die huis

van /..............

5) De Volksstem - 22 Jan. 1877.
6) Ibid.
7) C.J. Uys : In the era of Shepstone p. 252.
8) De Volksstem - 27 Januarie 1877.
9) C.J. Uys : In the era of Shepstone p.252.
10) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van Moodie, waar hy sy intrek geneem het. Sy lyfwag het hulle tente in die agterplaas van Moodie opgeslaan en die huis gedoop as „Ulundi House" ter herinnering van die slag van Ulundi.[11)]

Die volgende dag het Shepstone by die president gaan besoek aflê waarna hy en sy personeel, vir 'n eetmaal in die Volksraadsaal, geneem is.[12)] President Burgers het Shepstone toe offisieël verwelkom en nadat toesprake en gelukwensings oor en weer gemaak is, is gereël dat Shepstone samesprekings met die Uitvoerende Raad, oor die probleme van Transvaal, sou hou. Die president het ook toegestem om 'n spesiale sitting van die Volksraad te gelas en tot tyd en wyl die Volksraadsitting sou plaasvind, het Shepstone getrag om die publieke opinie in sy guns te laat swaai.

Die een eetmaal het die ander gevolg en op 2 Februarie 1877 is 'n dans ter verdere verwelkoming van Shepstone gehou. Nêrens in die Transvaal was Shepstone so gulhartig ontvang is in Pretoria nie. „No less than fifty-nine social functions given either in honour of or by the Special Commissioner" was gehou. Die onthale het bestaan uit „dinners, dances, picnics, whist driver or "moonshine" parties" en op die meeste van hierdie onthale was die president en sy vrou die eregaste.[13)]

Een van Shepstone se gevolg, 'n sekere Morcom het veral baie oor die inwoners van Pretoria te sê gehad. Hy was veral bevooroordeeld teen die ondersteuners van Paul Kruger en teen die Gereformeerde Kerk. Sy bevinding van die dames was dat hulle slordig was en dat hulle kleredrag as „the most horrid style imaginable" gereken kon word.[14)] Nieteenstaande hierdie aantyging was Shepstone en sy gevolg egter besig om die dames van Pretoria te gebruik om van hulle funksies 'n sukses te maak.

Van die dorp se voorkoms weet Morcom die volgende te verhaal : „The town is sadly in want of a Corporation or some

authority / ........

---

11) De Volksstem - 27 Januarie 1877.
12) C.J. Uys :- In the era of Shepstone, p. 252.
13) Ibid p. 267 en De Volksstem - 3 Februarie 1877.
14) Morcom soos aangehaal deur C.J. Uys :- In the era of Shepstone, p. 285.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

authority to look after the sanitary conditions. At present there is no one, apparently, to see to this most important matter and the nose is met in all parts of the town with the most disagreeable and unhealthy smells. Cattle kraals are never cleaned out, rubbish and dirt are allowed to accumulate in backyards, lands which a small trench would drain are allowed to remain under water, always moist, exhaling miasmatic vapours of the most deadly character. There is no authority to look after the streets and the most frequented thoroughfares are consequently in many places the worst. This is a state of things which must ere long be changed and to it must be attributed the feverish attacks, the sore throats and the mortality among the children. The town lies so low that every possible artificial means should be taken to promote the efficient drainage of every part of it."[15)]

Die Boere-gemeenskap in en buite Pretoria het die besoek van Shepstone met agterdog bejeen. Twee weke na Shepstone se aankoms in Pretoria het ses- tot agthonderd mans op 6 Februarie die dorp binne gery om van die President te verneem wat Shepstone se teenwoordigheid in Pretoria beteken. Eers nadat hulle verseker was dat geen besluite rakende die onafhanklikheid van die Z.A.R. sonder die meerderheidsbesluit van die volk geneem sou word nie, het die burgers hulle toestemming tot verdere onderhandelings gegee.[16)]

Nog voordie byeenkoms van die Volksraad was Pres. Burgers egter al bewus daarvan dat Shepstone die Transvaal wou anneksseer as hulle nie die moeilikhede van die Transvaal kon oplos nie. Die president was dus vas van plan om in sy openingsrede voordie Volksraad, op 13 Februarie 1877, die Volksraad op die dreigende onheil te wys.[17)]

Soos die gewoonte was, het Pres. Burgers 'n afskrif van sy voorgestelde openingsrede aan C. Bodenstein, die voorsitter van......

15) Ibid, p. 285.
16) Tromp, T.M. :-Herinneringen uit Zuid Afrika, Leiden, 1879, p. 209.
17) Bulpin, T.V.:-The Golden Republic, Cape Town, p. 161.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Volksraad, gestuur. Op die aand van die twaalfde Februarie het Bodenstein, Dr. Jorissen en nog 'n paar lede van die Volksraad hulle opwagting by die president gemaak en beswaar aangeteken teen die opskudding wat sy onthullings sou veroorsaak. Hulle het hom gevra om hom liewer net by die vraagstukke, waaroor Shepstone hulle kom spreek het, te bepaal en net voorstelle vir die oplossing van die probleme aan die hand te gee.[18)]

Die president het hom laat oorreed en op 13 Februarie 1877 het hy wel aangetoon hoe benard die finansiële toestand van die republiek was maar hy het niks van wat Shepstone in die mou gevoer het, gerep nie. Die president het ook 'n nuwe grondwet vir die Z.A.R. bepleit en die Volksraad het akkoord daarmee gegaan.[19)]

Shepstone se posisie het gevaarlik geword. Op die veertiende Februarie was hy genoodsaak om sy vlag by „Ulundi House" neer te haal en beskerming vir hom en sy gevolg by Burgers en Kruger te soek.[20)] Kruger het aan Shepstone die nodige beskerming belowe en Burgers het die agenda van die verrigtinge van die Volksraad so gewysig dat Shepstone se sending na die Transvaal eers bespreek sou word nadat die vraagstukke van die Z.A.R. behandel is.[21)]

Hierdie optrede van Burgers en Kruger was so na die smaak van Shepstone. Terwyl die Volksraadsitting aan die gang was, kon hy poog om Burgers teen Kruger uit te speel en om verdeeldheid onder die geledere van die Volksraad te bring.

Dag vir dag het die spanning opgelaai. Gerugte dat Shepstone gestuur was om die Transvaal te annekseer, het versprei en toe Shepstone daaromtrent genader is, het hy verklaar dat „if the Republic could not guarantee a proper and strong

government / .......

---

18) Engelbrecht, Dr. S.P :-T.F. Burgers,p. 275.
19) Ibid, pp. 274 - 311.
20) Uys, C.J.:-In the era of Shepstone,p. 313.
21) Ibid, pp. 313-314.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

government in the country as well as peaceful relationship with the natives, he would appropriate the country, voluntarily if possible, otherwise he would adopt other measures."[22)]

Die Volksraad het 'n geheime sitting belê en die vergadering het die toestand aan die adres van President Burgers gebring. Hy was beskuldig dat hy vir anneksasie was en dat hy die Volksraad nie op hoogte met Shepstone se planne gehou het nie.[23)]

In hierdie chaos was dit vir Shepstone baie maklik om sy posisie sterker te maak. Die beroep wat Pres. Burgers op die Burgers van die Z.A.R. gemaak het om hulle belastings te betaal, het op dowe ore geval. Volksraadslede het nie geweet wat hulle wou gehad het nie. Sommiges het selfs gevoel dat dit beter sou wees as Shepstone die Transvaal annekseer.[24)] En onder al hierdie moeilike omstandighede het Pres. Burgers gepleit vir samewerkingen die daarstelling van 'n sterk regering volgens 'n hernude grondwet.

Op 7 Maart 1877 was dit vir die Volksraad duidelik dat geen hervorming Shepstone sou kon beweeg om sy voorgestelde anneksasie van die Z.A.R. te laat vaar nie. Die Volksraad het dus besluit om voort te gaan met sy voorgestelde wysigings van die Volksraad en om langs die weg van onderhandelings met Shepstone die onafhanklikheid van die Republiek te behou.[25)]

Op 8 Maart het die Volksraad verdaag tot Mei 1877 en het hulle hulle onafgehandelde werk aan die Uitvoerende Raad en die President opgedra om af te handel.

Op 13 Maart het die Uitvoerende Raad ook verdaag en die lede het doodkalm huistoe gegaan. Burgers moes in die geveg met Shepstone alleen staan.[26)]

Dit / .........

22) Bulpin, T.V.:-The Golden Republic, p. 164.
23) Engelbrecht, Dr. S.P. :-T.F. Burgers, pp. 296 - 297.
24) Bulpin, T.V. :-The Golden Republic, p. 165.
25) Kotze, Sir John:-Biographical Memoirs and Reminiscences, p. 310.
26) Engelbrecht, Dr. S.P.:-T.F. Burgers, p. 329.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit was nou 'n snelle afloop van die waters. Op 28 Maart hetdie berig dat die Britse troepe uit Natal op weg was na Transvaal toe, Pretoria bereik. In die nag van 3 April is die regeringskruitmagasyn oopgebreek en beroof en op 7 April het die Engelssprekende inwoners van Pretoria 'n verdedigingsmag op diebeen gebring om hulle, indien nodig, teen die Regering te verdedig.[27)]

Shepstone het nou die redes vir die anneksasie agtermekaar gehad. Die Volksraad en Uitvoerende Raad het verdaag en aangesien die winter op hande was, wasdie meeste mense in die Bosveld. Pretoria was stil in afwagting van wat sou gebeur.

Op 11 April 1877 was dit bekend dat Shepstone op 12 April sy proklamasie sou voorlees. Pres. Burgers het nog verlaas gepoog om die Transvaal eervol te laat staan in sy magteloosheid. Hy protesteer teen die anneksasie omdat „ik niet de macht heb om met goed gevolg ter verdediging der onafhankelykheid van dezen Staat het zwaard te trekken tegen eene overmacht als die van Engeland."[28)]

Shepstone het hom egter nie aan die protes van Burgers gesteur nie. Hy sou op 12 April 1877 die Transvaal in naam van die Britse Koningin annekseer omdat :

1. Die Transvaal nie by magte was om Sekoekoeni te onderwerp nie.
2. Die Soeloes op die punt staan om die Transvaal binne te val.
3. Die Transvaal bankrot is.
4. Die burgers hulle president gewantrou het en die president nie die steun van die bevolking gehad het nie.
5. Die meerderheid van die inwoners van Transvaal vir anneksasie was.[29)]

Tussen 11 en 12 uur vm. op 12 April 1877 het Shepstone

sy /.......

---

27) Ibid 344 en Tromp, T.M.:-Herinneringen uit Zuid Afrika, pp. 264 - 265.
28) Engelbrecht, Dr. S.P.:-T.F. Burgers, p. 351.
29) Redes oorgeneem uit C.J. Uys :-In the era of Shepstone, pp. 213 - 389.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sy proklamasie voor die Goewermentskantore aan die publiek laat voorlees. Die Engelse het drie harde applouse gegee na die aanhoor van die proklamasie en Engelse vlae is op sommige geboue en winkels gehys. Kantore is gesluit en die dag is verder feestelik gevier.[30)]

C.J. Juta, lid van die Uitvoerende Raad het, na die Shepstone-proklamasie afgekondig is, die Burgers-protes gelees en 'n beroep gedoen op die publiek om, sonder geweldpleging, die nuwe regering te aanvaar.

Sonder enige verset het Shepstone met 'n paar vriende en 25 berede polisie daarin geslaag om die Britse vlag op die Republikeinse vlagpaal in die hart van die Z,A.R. te hys.

Pretoria was op 12 April 1877 die middelpunt van besprekings in die hele Britse Ryk en „no sooner had the Union Jack been hoisted than a sheaf of congratulatory messages from admiring and sychophantic friends was received by Shepstone."[31)]

---

30) De Volksstem - 18 April 1877.

31) C.J. Uys :-In the era of Shepstone, p. 392.

****************************

## H O O F S T U K V.

### b. DIE ADMINISTRASIE VAN TRANSVAAL EN GEBEURTENISSE IN PRETORIA TYDENS DIE BRITSE BEWIND VAN 12 APRIL 1877 TOT DESEMBER 1880.

Daar was twee redes waarom Shepstone die Transvaal eers in April van 1877 geannekseer het. Die een rede was dat die Boere-bevolking in April gewoonlik met hulle vee van die Hoëveld na die Laeveld getrek het en dan nie belang sou stel in politieke aangeleenthede nie. Die tweede rede was dat die jaarlikse Nagmaalvierings dan verby sou wees en die inwoners van Transvaal dan nie weer gou in groot getalle bymekaar sou kom nie.[1)]

Met die anneksasie was die Volksraad bereid om die gebeure van 12 April in kalmte te aanvaar, maar of die houding lank

so /.........

---

1) C.J. Uys :-In the era of Shepstone, p. 369.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

se sou aanhou was 'n ope vraag. Om dus gereed te wees vir moontlike verset teen die anneksasie van 12 April 1877, het Shepstone die troepe wat in Newcastle gewag het, gelas om na Pretoria te vertrek.

Op 8 Mei 1877 het die Britse troepe in Pretoria aangekom en kamp opgeslaan op die Klipbult naby die teenswoordige Spoorwegstasie.[2)]

Op 9 Mei 1877 het die militêre orkes 'n uitvoering op „Markplein" gegee en het die militêre owerheid besluit dat die orkes elke Woensdag en Saterdag uitvoerings sou gee.[3)]

Die hoofgedagte met die orkesuitvoerings was, myns insiens, om die publiek van Pretoria so stadigaan voor te berei op die inswering van Shepstone as Administrateur van die Transvaal. Die Pretorianers het die orkesuitvoerings bygewoon en „soon caught on to the event as a social occasion and milled around listening to the music, gossiping, the girls glancing sideways at the foppish young subalterns, strulting about like peacocks in all the finery of their uniforms."[4)]

Die inswering het plaasgevind op Saterdag 19 Mei 1877. Die Britse vlag sou by die geleentheid offisieël, met militêre vertoon, gehys word en 'n grootse vertoon van militêre krag moes aan die publiek gedemonstreer word. Die Saterdagoggend het die Britse troepe onder leiding van die militêre orkes posisie ingeneem voor die Nederduitsch Hervormde Kerk op „Markplein." Dit was die teken vir die publiek dat die insweringsplegtigheid aan die gang was en die mense het die Kerk binnegegaan.

Ds. H.S. Bosman, wat sedert 1876 die predikant van die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Pretoria was, het die diens gelei. Nadat die orkes, voor die kerk, „God save the Queen" gespeel het, het die soldate Sir T. Shepstone met militêre eerbied gesalueer en is hy, hoofregter Kotze en Shepstone se ge-

volg/.........

2) De Volksstem - 9 Mei 1877 en Tromp, T.M.:-Herinneringen uit Zuid-Afrika, pp. 293-295.
3) Bulpin T.V.:-The Golden Republic, p. 166, De Volksstem - 9 Mei 1877 en Tromp, T.M.:-Herinneringen uit Zuid-Afrika, p. 295.
4) Bulpin, T.V.:-The Golden Republic, p. 166.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volg die kerk binne. Shepstone het toe die hoofregter in sy amp bevestig waarna Hoofregter Kotze die ampseed van Shepstone as Administrateur van Transvaal, afgeneem het. Ds. Bosman het die seënbede uitgespreek.[5)]

In sy kapasiteit as Administrateur van Transvaal moes Shepstone toe uitvoering gee aan die beloftes wat hy gedoen het voor die anneksasie. Sake wat verkeerd was onder die Burgersregering moes nou verander word.

'n Troepemag is na Lydenburg gestuur om Sekoekoeni in toom te hou. Die bankrotskap van die Transvaal moes verbloem word met die vestiging van die Standard Bank in Pretoria onder Hugh Crawford en aandag moes gegee word aan die treurige toestand van Pretoria, soos beskrywe deur Morcom in die voorafgaande hoofstuk.

Die stelsel dat die Landdros beklee was met die handhawing van rus en orde van 'n dorp is deur Shepstone veroordeel en hy moes nou bewys lewer dat hy 'n beter stelsel het om in die plek van die landdrosstelsel te plaas.

Shepstone was ten gunste daarvan dat dorpsrade in die lewe geroep moes word en daarom het hy in Junie 1877 „Het Pretoria Municipaliteits Comite" in die lewe geroep. Luitenant-Kolonel Montgomery, W. Skinner, J.R. Lys, J.A. de Villiersen T.H. van den Hove is deur die Administrateur benoem om die toesig oor die dorp waar te neem.[6)]

„Het Pretoria Municipaliteits Comitee" of soos hy ook bekend was „The Pretoria Mnnicipal Board", het dadelik regulasies vir die bestuur van die dorp opgestel en dit aan Shepstone vir goedkeuring voorgelê.[7)]

Die regulasies is goedgekeur maar die komitee was nie by magte om sake sonder die nodige fondse te behartig nie en in

Junie /..........

5) C.J. Uys:-In the era of Shepstone, p. 421 De Volksstem - 23 Mei 1877 en Tromp T.M.:-Herinneringen uit Z.A., pp.304-307.
6) De Volksstem - 6 Junie 1877.
7) R 2654/77:- „Municipal Board" aan St. Sekretaris - 20 Julie 1877.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Junie 1878 het hulle die boeke van die „Municipal Board" weer teruggegee aan die Landdros en dus weer aan die regering.[8)]

Net soos die inwoners van Pretoria van te vore probeer het om 'n munisipaliteit in die lewe te roep en dit weer moes laat vaar omdat daar geen fondse beskikbaar was nie, net so het dit nou in 1878, onder Engelse bewind, ook gebeur.

In 1880 het Sir Owen Lanyon, wat Sir T. Shepstone opgevolg het, weer getrag om 'n munisipaliteit vir Pretoria in die lewe te roep. In 'n proklamasie van 26 Augustus 1880 het Sir. O. Lanyon die dorp Pretoria tot stad verklaar met vier wyke, wat elk, in die toekoms, verteenwoordigers vir die Stadsraad kon kies.[9)]

Wyk No. 1 se grense was as volg : „Van het snydingspunt op Kerkplein van de twee lynen door het midden van Markstraat en Kerkstraat, die elkander regthoekig snyden, naar het punt waar genoemde lyn gaande door Markstraat de zuidelyke lyn der stad snydt tuschen baken 49 en baken 18 : van daar in Oostelyke rigting langs de grens der stad naar baken gemerkt C, van daar naar het punt waar gezegde lyn langs Markstraat de Oostelyke lyn der stad snydt tusschen bakens C en 37, en van daar in een regtelyn naar het eerst genoemd snydingspunt op Kerkplein."

Wyk No. 2 se grense was : „Van genoemd snypunt op Kerkplein in eene regte lyn naar het punt waar de lyn langs Markstraat de Westelyke lyn der stad snydt tusschen bakens 42 en 43; van daar met de stadslyn naar bakens 43, 44, 45, 46, 47, 48 en 49; van daar naar de voorgenoemde snyding van de lyn langs Markstraat met de stadslyn tussen bakens 49 en 18, en van daar naar het snydingspunt op Kerkplein."

Wyk No. 3 se grense was : „Van snypunt op Kerkplein waar de lyn langst Markstraat de noordelyke lyn der stad snydt

tusschen /................

8) R 2169/78.- Kol. Montgomery aan St. Sekr. - 27 Junie 1878.
9) Locale Wetten, p. 939 - 'n Proklamasie van Kol. Sir W. Owen Lanyon, 26 Augustus 1880. - Die kaart waarvan gebruik gemaak is by die omskrywing van die wyksgrense is vermoedelik die Walkerkaart van 1875 wat alreeds in Hoofstuk IV behandel is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tusschen bakens 40 en 41; van daar in Westelyke rigting met de stadslyn naar bakens 41 en 42, van daar naar de bovengezegde snyding der lyn langs Kerkstraat en de westelyke lyn der stad, en van daar in een regte lyn naar het snydingspunt op Kerkplein."

Wyk No. 4 se grense was : „Van snydingspunt op Kerkplein tot waar de lyn langs Kerkstraat de oostelyke lyn der stad snydt tusschen bakens C en 37; van daar met de stadslyn naar bakens 37, 38, 39 en 40; van daar naar de voorgezegde lyn langs Markt-straat en de noordlyn der stad tusschen bakens 40 en 41 en van daar met een regte lyn naar het snydingspunt op Kerkplein."[10]

Die wyksgrense is baie duidelik in die voorafgaande aanhaling beskrywe maar dit het in kort net hier op neergekom dat Wyk 1 die Suid-Oostelike gedeelte van die stad tussen Kerkstraat-Oos en Markstraat was. Wyk 2 was die suid-westelike gedeelte tussen Kerkstraat-Wes en Markstraat, wyk 3 was die noord-westelike gedeelte tussen Kerkstraat-Wes en Markstraat en wyk 4 was die noord-oostelike gedeelte tussen Kerkstraat-Oos en Mark-straat.

Die vier wyke was geregtig om twee verteenwoordigers elk te kies vir die stadsraad. Met die nominasie van kandidate vir die stadsraadsverkiesing het soveel persone hulle laat nomineer dat 'n verkiesing moes gehou word.

Die uitslag van die verkiesing, wat op die 25ste Oktober 1880 plaasgevind het,[11] was die volgende dag bekend en die volgende persone het die verkiesing gewen: J.C. Preller, T.W. Beckett, R.C. Green, W. Skinner, E. Struben, J.J. Lithauer, E. Bourke en G. Bannatyne.

Met die eerste raadsvergadering is J.C. Preller gekies as Burgemeester, terwyl W.R. Meintjies benoem is tot markmeester, V. van Mussa tot die waterfiskaal en C.F. Preller tot skut-meester.[12]

Die /............

---

10) Die bakens wat hier genoem word is die van Landmeter Walker 1875.
11) De Volksstem - 26 Oktober 1880.
12) T.A. - Z.A.R. publikasies - Band 179.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die fondse van die stadsraad sou kom uit : Erfbelasting, markinkomste, huurgelde, boetes en „slyters licentien."[13)]

Die eerste vergaderings het die stadsraad in die Landdroskantoor gehou en daar is besluit dat Preller, Bourke, Beckett en Lithauer die bywette (regulasies) vir die stadsraad sou opstel.[14)]

Ongelukkig het hierdie stadsraad nie 'n lang termyn van sitting gehad nie, want in Desember 1880 het die Eerste Vryheidsoorlog in Transvaal begin en is die Engelse bewind omvergegooi met die vrede van 1881.

Toe die Boere-regering na 1881 die leisels weer oorgeneem het, is die sorg van Pretoria weer aan die Landdros oorgedra.

Alhoewel hierdie stadsraad van 1880 geen kans gehad het om veel goeds te vermag nie, het Pretoria tog van 1877 tot 1880 heelwat veranderings ondergaan.

Ds. H.S. Bosman het in 1879 sy kerkraad aangeraai om by die regering aansoek te doen dat daar vanaf 1 Junie 1879 nie meer produkte en ander artikels op die plein rondom die Nederduitsch Hervormde Kerk verkoop word nie.[15)]

Staatsekretaris Osborn het die Kerkraad se aanspraak op die plein in twyfel getrek maar nadat ondersoek ingestel is, het dit geblyk dat M.W. Pretorius reeds in 1867, op die 8ste April, aan die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Pretoria, transport van die plein gegee het.[16)]

Vanaf 1 Junie 1879 het die mark toe na die plein wat ingesluit is deur Prinsloo-, van der Walt-, Pretorius- en Kerkstraat verskuiwe en het die plein rondom die Nederduitsch Hervormde Kerk toe die naam van Kerkplein gekry.

In 1879 is die pad na Rustenburg deur die teenswoordige poort na Hercules gemaak[17)] en in 1880 is die pad na Sunnyside vanaf Marestraat verleng.[18)]

In / .........

13) De Volksstem - 9 November 1880.
14) Ibid.
15) R 1562/79:- Landdros aan St. Sekr. - 9 Mei 1879.
16) R 1740/79:- Landdros aan St. Sekr. - 25 Mei. 1879.
17) Locale Wetten, p. 726 - Proklamasie van Sir O.Lanyon - 24 Oktober 1879.
18) Ibid, p. 736 - 21 Jan. 1880.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In 1879 is Pretoria ook telegrafies verbind met die buitewêreld. Op Donderdag 21 September 1879 is die laaste telegraafpaal tussen Newcastle en Pretoria, in Pretoria geplant. Die laaste draad is klaar gespan om 1 uur nm. en tussen 2 en 3 uur nm. het verskeie persone in Pretoria komplimentêre boodskappe ontvang en versend. Die aand het die handelaars van Pretoria 'n dinee in die hotel „European" aan die ingenieurs gegee.[19]

Die watervoorraad van Pretoria het vanaf 1877 vir baie inwoners moeilikheid begin oplewer. Die erwe aan die noordelike kant van die dorp het al minder water gekry. Reeds in Desember 1877 het R.T. Hall, 'n siviele ingenieur, voorgestel dat 'n opgaardam gebou moes word en dat waterpyplyne na die huise aangelê kan word. Sy mening was dat 'n miljoen gelling water per dag verlore gaan deur swak beheer oor die dorpswatervoor, maar dat as 'n opgaardam gebou sou word die watervoorraad van Pretoria op twee en 'n half miljoen gelling per dag gereken kan word.[20]

Ook die voorkoms van Pretoria het verander deurdat nuwe geboue soos die Standard Bank op 11 Junie 1877[21] geopen is en die Loreto Kloosterskool in 1878 begin is.[22] Eersgenoemde gebou het op die Kerkplein te staan gekom terwyl laasgenoemde opgerig is op die hoek van dieteenswoordige Bosman- en Skinnerstraat.

In 1877 het 'n sekere van Lennep, 'n Hollander, op die noord-oostelike hoek van die stad aan die Oostekant van Apiesrivier 'n bierbrouery begin. Die gebou was 104 voet lank en 30 voet breed, maar dit was nie groot genoeg vir al die bedrywe van die bierbrouery nie. Langs die gebou het van Lennep 'n „Biertuin" aan-gelê. Die tuin was voorsien van tafels en stoele waar besoekers hulle bier kon geniet en die tuin was

groot /..........

19) De Volksstem - 23 September 1879.
20) Ibid - 11 Desember 1877.
21) Ibid en Bulpin T.V.:-The Golden Republic, p. 166.
22) Kotze, Sir John : Memoirs and Reminiscences p. 453.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groot genoeg vir persone om eers te gaan wandel voordat hulle by die tafels kom rus het.[23)]

Die Duitse gemeenskap in Pretoria het op hulle beurt weer in September 1879 'n Duitse Klub, die „Leseverrein" begin[24)] en dit was die voorloper van die huidige Duitse Klub op die hoek van Paul Krugerstraat en Proesstraat.

Ook op die gebied van sport het daar vooruitgang gekom. Behalwe dat Krieketwedstryde en perdereisies nog gehou is, is in Mei 1877 ook 'n Atletiekbyeenkoms gehou. Op die byeenkoms was daar agtien verskillende nommers wat by die hardloopnommers ook Paalspring, Hoogspring en Verspring ingesluit het.[25)]

Dat die eerste anneksasie van Transvaal baie vir die vooruitgang van Pretoria as dorp beteken het, kan nie weggeredeneer word nie. Voor 1877 was Pretoria net die Setelplaas van die Regering terwyl Potchefstroom die hoofstad was. Vanaf 1877 is Potchefstroom gaandeweg op die agtergrondgeskuif en Pretoria het die rol van hoofstad begin speel. Shepstone en Sir Owen Lanyon het albei aanvaar dat Pretoria die hoofstad van Transvaal was en alhoewel Potchefstroom na 1881 weer volgens die Grondwet van die Z.A.R. die hoofstad geword het, het die publiek van Transvaal en die Buiteland aan Pretoria as die hoofstad gedink.

Die jong dorpie wat in 1880 maar 25 jaar oud was, het tydens die Britse Bewind van 1877 tot 1880 ook in getalsterkte toegeneem. Oral het nuwe intrekkers huise gebou of erwe gekoop. Name soos Burnham, Buchanan, Katz, Crawford, Walsh, Jolivet, Wyan en Kotze het almal gedurende hierdie tyd op die naamlys van Pretoria bygekom.[26)]

In 1877 het Pretoria ongelukkig ook afskeid moes neem van Pres. Burgers. Op Maandag-môre 7 Mei 1877 het die gewese president en sy familie Pretoria verlaat, „never to return."[27)]

Pres. Burgers /.......

23) U.R.B.:- 13 Maart 1877 - Art. 76 en De Volksstem 12 September 1877.
24) De Volksstem - 30 September 1879.
25) Ibid - 18 Mei 1877. Ongelukkig is daar nie iets oor die prestasies bekend nie.
26) Die Brandwag - 28 Junie 1910 en Eeufeesalbum van Pta, pp.30-31.
27) Kotze Sir John :- Memoirs and Reminiscences, p. 413.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pres. Burgers het hom in Hanover in die Kaapkolonie gaan vestig en moes teen wil en dank die £500 toelae per jaar, wat die Britse regering hom toegestaan het, aanvaar om sy familie aan die lewe te hou. Op 9 Desember 1881 is T.F. Burgers die gewese staatspresident van die Z.A.R. oorlede. Sy laaste wens was dat hy in die hek van sy skaapkraal begrawe moes word sodat alle spore van hom „be trampled into oblivion by their hooves."[28] Anders as wat hy gewens het, rus sy stoflike oorskot vandag egter in die Ou-Kerkhof in Pretoria, as erkenning vir die dienste wat hy vir die Transvaal gelewer het.

---

28) Bulpin, T.V.: The Golden Republic, p. 166.

**************************

## H O O F S T U K V.

### c. POLITIEKE WOELINGE IN TRANSVAAL 1877 - 1880.

Oppervlakkig beskou het dit gelyk asof die Volksraad hulle aan die anneksasie van Shepstone onderwerp het. Op 12 April 1877 het geen openbare geweldpleging plaasgevind nie en Shepstone het verwag dat die toestand sou voortduur.

Paul Kruger, wat op die vooraand van die anneksasie teen Pres. Burgers gekant was, het hom ook tydelik onderwerp aan die anneksasie omdat hy nes die ander Volksraadslede besef het dat die Republiek nie by magte was om die wapens teen die Britse Ryk op te neem nie. Hulle sou die mag van die pen aanwend instede van die mag van die swaard te gebruik.

Die Sekoekoeni-moeilikhede, die opstandigheid van die Soeloes, die finansiële laste van die Z.A.R. en die groeiende onpopulariteit van Pres. Burgers was almal faktore wat tot die oënskynlik onderworpenheid bygedra het. Die hoop het egter bestaan dat die twee afgevaardigdes na Brittanje daarin sou slaag om Lord Carnarvon van hulle misnoeë met die anneksasie te oortuig. Paul Kruger en Dr. Jorissen sou gaan pleit vir die teruggawe van die Republiek en op hierdie moontlikheid het die inwoners van Transvaal hulle hoop gevestig.

Nagenoeg /.........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nagenoeg £2000 moes gevind word om die koste van die deputasie na Brittanje te dra en omdat dit vir Shepstone gelyk het of dit onmoontlik was om die bedrag bymekaar te bring, het hy geglo dat die deputasie nooit sou gaan nie.

Wat was Shepstone se verbasing dus toe die verlangde bedrag, nog voor sy inswering as Administrateur van die Transvaal, volgeskrywe was en die afvaardiging op 9 Mei 1877 na die buiteland vertrek het.

Shepstone se grootste probleem was om die staatsmasjienerie in Pretoria aan die gang te hou. Winkeliers het onbetaalde rekeninge, wat Pres. Burgers se regering nie kon betaal nie, vir hom gegee om te betaal. Staatsamptenare moes besoldig word anders kon aangeneem word dat Brittanje se finansiële posisie dieselfde as die van die Republiek was.[1)]

Sekoekoeni het na sy aanvanklike onderwerping in 1877 ook weer begin met strooptogte en Shepstone was in 1878 genoodsaak om Kolonel Hugh Rawlands te gelas om teen Sekoekoeni op te trek.[2)]

Aan die begin van 1878 was Shepstone se moeilikheid dieselfde as die van Pres. Burgers. Hy moes geld hê om sy regering aan die gang te hou en by gebrek aan inkomste moes hy sy uitgawes òf verminder of lenings aangaan. Gedurende 1878 het die uitgawes die inkomste met £91,234 oorskry en hierdie syfers het Sir Bartle Frere, die goewerneur van die Kaap kolonie, laat twyfel aan die bekwaamheid van Shepstone.[3)]

Die deputasie na Brittanje was in Januarie 1878 terug in Transvaal.

Carnarvon wou die onafhanklikheid van die Transvaal nie teruggee nie en het beweer dat die inwoners van Transvaal in die afwesigheid van die deputasie die Britse gesag aanvaar het. Paul Kruger wou dit nie aanneem nie en het Carnarvon verseker dat hy hom van die teenoorgestelde sou oortuig.

Paul Kruger /.........

---

1) Uys, C.J.: In the era of Shepstone p. 444.
2) Peacock, R.: Die geskiedenis van die Lydenburgse Goudvelde tot 1881. Ongepubliseerde M.A. verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1950, p. 100.
3) Uys t.a.w. pp. 439-444.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Paul Kruger en Dr. Jorissen het na hulle terug was 'n publieke vergadering vir 7 Januarie 1878 in Pretoria belê om verslag van hulle sending na Brittanje te gee. Osborn, die Staatsekretaris, het die "Markplein" (Kerkplein) vir die vergadering beskikbaar gestel maar Paul Kruger het die Gereformeerde Kerkplein verkies.

Shepstone het die Britse troepe verbied om die vergadering by te woon. Alle drinkplekke en drankwinkels in Pretoria is gesluit en die militêre owerheid het voorsorgmaatreëls getref om die stad te verdedig, 'n maatreël, wat seker nie nodig was, as die Engelse bewindhebbers seker was dat die Boere die Britse gesag aanvaar het nie.

Op 7 Januarie 1878 om 10 uur vm. het Kruger, Dr. Jorissen en Bok op 'n wa, wat as verhoog moes dien, geklim om verslag te gee. Elke distrik moes iemand naby die wa laat kom om later verslag aan sy distrik te doen.

Voordat Kruger begin het, het hy die mense gemaan om kalm te bly en gehoop dat niks onbehoorliks sou gebeur nie. Hierna het hy verduidelik dat sy groot probleem die feit was, dat hy nie Engels kon praat nie. Hy moes met sy onderhandelinge altyd op 'n vertaling wag en dit het die samesprekings baie vertraag.

Lord Carnarvon het hulle goed ontvang, vertel hy, maar hy het dieselfde argumente as Shepstone vir die anneksasie aangevoer. Sy vernaamste argument was dat die meeste mense in die Transvaal vir anneksasie was. Carnarvon het verder beweer dat dit 'n vernedering vir Brittanje sou wees om die anneksasie terug te trek.

Dr. Jorissen het toe aan die woord gekom en die publiek verseker dat alhoewel hulle ontevrede is omdat hulle nie die onafhanklikheid terug gekry het nie, die deputasie hulle bes gedoen het om dit te verkry.

Uiteenlopende /....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uiteenlopende opinies is hierna gegee. Sommiges het gemeen dat hulle nie vir Carnarvon gunste moes vra nie. Andere het weer gemeen dat 'n tweede deputasie gestuur moes word om Carnarvon te oortuig dat die meeste van die inwoners van Transvaal teen anneksasie gekant was en dat indien die Britse owerheid dan nog nie gehoor wou gee nie, hulle die wapens moes opneem teen Brittanje om so hulle onafhanklikheid weer terug te kry.

Weer het Kruger die mense gemaan tot lydelike verset en hulle daarop gewys dat hulle nog nie die onafhanklikheid van die Transvaal prys gegee het nie.[4)]

So het dit gekom dat in April 1878 die Boere 'n tweede deputasie gekies het om weer by Carnarvon vir die onafhanklikheid van Transvaal te gaan pleit.

Nog voor die vergadering wat vir 4 April 1878 te Doornfontein langs die Pretoria-Potchefstroom pad, naby Pretoria, belê was, gehou was, het Shepstone per proklamasie die hou van publieke vergaderings belet. Pers-sensuur sou voortaan toegepas word en alle amptenare, landdroste, vrederegters en veldkornette was gelas om „in die uitoefening van die voorschriften der wet en von deze myne proclamatie te helpen."[5)]

Nieteenstaande die proklamasie het die Boerebevolking van Transvaal die vergadering bygewoon. 'n Kommissie van vyf lede is gekies om die versoekskrifte met naamtekeninge, wat moes bepaal of die bevolking voor of teen die anneksasie was, in te samel. Hierna is die lede van die tweede deputasie gekies en is bepaal dat Kruger en P.J. Joubert die afvaardiging sou uitmaak. Toe die name op die versoekskrifte getel was, het dit geblyk dat 6591 naamtekeninge teen en 587 naamtekeninge ten gunste van anneksasie was. Kruger het dus sy woord

gestand /........

---

4) De Volksstem - 12 Januarie 1878 en Leyds, Dr. W.J. :- De eerste Annexatie, Amsterdam, 1906, p. 280.

5) Government Gazette - 12 Maart 1878.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gestand gedoen om Carnarvon te oortuig dat die bevolking van die Transvaal teen die anneksasie was.[6)]

Shepstone was nie meer by magte om sake in die Transvaal te beheer nie. Hy word deur die Britse owerheid onbekwaam beskou om verder Administrateur van die Transvaal te wees. In Maart 1879 word Kolonel, Sir William Owen Lanyon as Administrateur van Transvaal in die plek van Sir T. Shepstone ingesweer. Regter Kotze het weer, soos in die geval van Shepstone, die inswering waargeneem. Die verrigtinge het egter maar stil-stil in Pretoria.plaasgevind.[7)]

Die tweede deputasie se sending na Brittanje het ook misluk. Kruger, Joubert en Bok moes ook onverrigter sake na die Transvaal terugkeer. Nou het dit gelyk asof 'n oorlog nie meer ver kon wees nie en tog het Paul Kruger nog die mense gemaan tot kalmte.

In Pretoria het die „Volksstem die Boere se saak gedurig onder die aandag van Sir Owen Lanyon gebring. Bedekte spot is ook met die Britse owerheid gedryf, soos uit die volgende aanhaling sal blyk:

<u>IMPERIALE „TIEN GEBODEN".</u>

Ik ben de Heere uw God Engelschman die u reeds vanaf 1795 tot heden toe vervolgd heb.

<u>1e Gebod:</u> Gy zult geen andere God voor myn aangezigt hebben dan uwe Godin Victoria.

<u>2e Gebod:</u> Gy zult u geene gelykenis maken van het geen in den Hemel of op de aarde of in de zee is, gy zult die niet dienen of gehoorsamen, dan my alleen, want

ik /......

6) Leyds, Dr. W.J. :-De eerste Annexatie, p. 281 en Mouton, J.A.:- Genl. Piet Joubert in die geskiedenis van die Transvaal tot 1884, Ongepubliseerde M.A. verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1935, pp. 31-32

7) De Volksstem - 11 Maart 1879 en Kotze, Sir, John:- Memoirs and Reminiscences, p. 578.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ik uwe Koningin, ben een yverig Koningin die de trouw der vaderen bezoekt aan de kinderen tot aan de Zambesie toe. Doch hul zal genodig zyn die myne zoo wyser vrye wetten te eerbiedigen en voor my de knie te buigen.

3e Gebod: Gy zult den naam Victoria, uwe Godin niet ydelyk gebruiken, want geene regtbank zult u onschuldig houden.

4 Gebod: Gedenk myn geboortedag dat gy dien viert, doch al uwe levensdagen zult gy voor my arbeiden en ook annexeren zonder einde. Gy zult zulks niet verzuimen, noch uwe zoon, noch uwe dochter, noch uwe dienstboden, noch uwe vreemdeling die in uwe poorten is, noch uwe vee, want ik ben het zout der aarde en de Godin der zegen, die alles regeer en dwingen wil, zonder rust.

5e Gebod: Eert uwe moeder Victoria - vader is niet nodig - opdat uwe dagen verlengd worden in dat land dat ik uw laten bewonen.

6e Gebod: Gy zult niet doodslagen behalve diegenen die my in myne zoo nuttige bezigheden storen.

7e Gebod: Gy zult niet echtbreken, dan alleen in kleine en weerlooze staten of vrye republieken.

8e Gebod: Gy zult niet stelen, maar wel jumpen.

9e Gebod: Gy zult geene valsche getuigenis spreken tegen uwe naasten, indien het niet noodig is tot bereiking van „zekere doeleinden".

10e Gebod: Gy zult niets begeeren, dan alleen wat ik zal begeeren dat gy doen zult en blindelings zonder morren opvolgen alle myne geboden.[8]

Die /......

---

8) De Volksstem : 2 Maart 1880 - Afrikaanse uitgawe alleen.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Boerebevolking was teen die einde van 1879 vasberade om hulle onafhanklikheid terug te win. 'n Volkskomitee is saamgestel om die belange van die Boere te behartig. Verskeie kere het die Volkskomitee vergader om 'n program van aksie daar te stel. Die volk moes in elk geval altyd geken word en daarom het die komitee 'n groot samekoms vir 10 Desember 1876 te Wonderfontein, 6 uur te perd van Pretoria, byeengeroep.

Weereens is per proklamasie die byeenkoms verbied maar niemand het hom aan die proklamasie gesteur nie. „Meer as 6000 man het op die bepaalde dag byeen gekom en vir die eerste maal sedert April 1877 is die Transvaalse vlag, die ou Vierkleur, onder 'n salwo van geweerskote ontplooi."[9] Die gevolg was dat M.W. Pretorius, die voorsitter en W.E. Bok die sekretaris van die vergadering gearresteer is weens hoogverraad. Albei here is egter weer losgelaat.[10]

Die een onweerswolk het op die ander gepak. In Mei 1880 het Paul Kruger en Piet Joubert die Kaapkolonie se regering gaan spreek. 'n Wetsontwerp vir 'n konferensie waarop die basis van konfederasie bepaal sou word, sou by die Kaapse Parlement ingedien word. Sou die wetsontwerp aangeneem word sou die Transvaalse saak skade ly. Die Kapenaars het Kruger en Joubert vriendelik ontvang maar hulle besoek het niks insake die teruggawe van die Transvaalse onafhanklikheid totstand gebring nie.[11]

In /.......

---

9) Mouton, J.A.:- Genl. Piet Joubert, p. 52.

10) Ibid, p. 54, De Volksstem - 13 en 27 Jan. 1880 en H.C. Bredell en Piet Grobler :-Gedenkskrifte van Paul Kruger, Pretoria, 1947, p. 75.

11) Engelbrecht, Dr. S.P. :-T.F. Burgers, p. 402 en Mouton, J.A.:- Genl. Piet Joubert, p. 55.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Pretoria het J.F. Celliers hom skerp uitgelaat oor die onwilligheid van die Britse owerheid om die onafhanklikheid van die Transvaal terug te gee. Op 14 September 1880 publiseer hy die volgende gedig sonder om te sê op wie dit betrekking het:

Slavenketen, zielenmoorder
Twistvuurstoker, rustverstoorder
Echtvertreker, vrouweplager
Ruziekweeker, Kinderslager
Kerkervuller, galgenbouwer
Eerverdoover, huis uitsjouwer
Noodlotzaaier, vriend in schyn
Drank uit duivels magazyn
Roover van des hemelsgaven
Armoestichter, schrik der braven
Nacht van zonden, bron van druk
Kanker van ons volksgeluk.[12)]

Intussen het die Britse regering besluit dat die inwoners van Transvaal hulle belastings moet betaal. Die inwoners het op hulle beurt weer geweier om enige vorm van belasting te betaal. Toe 'n sekere Piet Bezuidenhout wat ook geen belastings wou betaal nie se wa gekonfiskeer is en verkoop moes word om die belastings te betaal, het Genl. Piet Cronje die oggend van die vendusie in Potchefstroom opgedaag, die vendu-afslaer van die wa gegooi en die wa vir Piet Bezuidenhout terug geneem.[13)]

Die vet was nou in die vuur. Op 8 Desember 1880 het Paul Kruger, Piet Joubert en M.W. Pretorius 'n volksvergadering te Paardekraal belê en op 16 Desember 1880 het die gewese Z.A.R. die Britse owerheid van Transvaal verwittig dat hulle sou veg vir die onafhanklikheid van hulle gewese republiek.[14)]

Pretoria /......

---

12) De Volksstem - 14 September 1880.
13) Ibid - 16 November 1880 en Mouton, J.A.:-Genl. Piet Joubert , p. 60.
14) Mouton, J.A. :-Genl. Piet Joubert pp. 60 , 61 en De Volksstem - 14 Desember 1880.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretoria was die mikpunt van die Boeremagte maar omdat die Engelse owerheid hulle daar bevind het, het die Driemanskap, Paul Kruger, Piet Joubert en M.W. Pretorius, Heidelberg as tydelike hoofstad gekies.[15)]

Die Britse owerheid was die oorlog te wagte en in November 1880 het die troepemag in Pretoria alreeds aan die suide van die dorp laergetrek en hulle het begin om die huise in die omgewing van die kamp te verskans.[16)]

Op 7 Desember, 'n dag voor die byeenkoms van die Boere op Paardekraal, het sommige inwoners van Pretoria ook 'n publieke vergadering byeengeroep. Waar die Boere vir die onafhanklikheid van die Transvaal wou veg, was die gevoel in Pretoria weer om die stad te verdedig teen die Boere-Kommando's. Vrywilligers het aangebied om die stad te verdedig om sodoende die troepe vir militêre diens elders in die Transvaal beskikbaar te stel.[17)]

'n Soortgelyke vergadering is op 15 Desember weer in Pretoria gehou en op die vergadering het Eerw. Weavind die inwoners aangeraai om kalm te bly. Die vergadering het egter 'n mosie aangeneem waarin die Boere as rebelle bestempel word.[18)]

Pretoria het dus lojaal aan die Britse owerheid gebly. Die ou setelplaas van die regering van die Z.A.R., het vanaf 1877 die Engelse bewindhebbers se hoofstad van Transvaal geword en die oorlog van 1880-1881 sou beslis wat die lot van Pretoria in die daaropvolgende jare sou wees.

***************

---

15) Mouton, J.A. :-Genl. Piet Joubert , p. 63.

16) De Volksstem - 27 November 1880.

17) De Volksstem - 7 Desember 1880.

18) Ibid - 18 Desember 1880.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## d. DIE EERSTE VRYHEIDSOORLOG IN TRANSVAAL EN DIE BELEG VAN PRETORIA 1880-1881.

Op 16 Desember 1880 het die eerste skote, wat die oorlog begin het, te Potchefstroom geval.[1] Die plan was om die dorpe waar die Engelse besettingstroepe gehad het, te omsingel, alle verbindings af te sny en die oorblywende burgers na die grense van Natal te stuur om versterkings van die vyand te keer.[2]

Sir Owen Lanyon, wat 'n ultimatum vir die oorgawe van die landsbestuur binne agt-en-veertig uur ontvang het, het besef dat sy troepe in die Transvaal nie genoegsaam was om teen die Boeremagte te velde te trek nie. Hy het van Gen. Colley hulp gevra, maar aangesien Natal self bedreig was deur die Pondo's, was hy op die hulp van lojale of Engelsgesinde inwoners van Transvaal aangewys.[3]

In Pretoria het Lanyon daarin geslaag om die hulp van baie van die inwoners te verkry. Pretoria sou ook die maklikste beheer kon word, want die dorp was die hoofkwartier van die Britse regering in Transvaal.

Aangesien Lanyon nie aan die ultimatum vir die oorgawe van die landsbestuur kon voldoen nie, was sy eerste stap om die inwoners van Pretoria in 'n sekere mate te organiseer. Die onder-assistent kommissaris Gen. Heygate is aangestel as kamp-kwartiermeester met verskeie siviele persone wat in verskillende hoedanighede onder hom moes dien. J.C. Preller, die pasverkose burgermeester van Pretoria, is aangestel as hoofwyksmeester met Regter Kotze, Browne, Meintjies, McKenzie en Verdoorn as wyksmeesters om Preller te help. Menere Dely, Hill, Roos, Swart, van Leenhof, van Reenen en Zeederberg sou weer onder die wyksmeesters dien.[4]

Aanvanklik was Lanyon van plan om Pretoria as geheel

teen /..........

1) Mouton, J.A. :- Genl. Piet Joubert, p.63.
2) H.C. Bredell en Piet Grobler :- Gedenkskrifte van Paul Kruger, p. 81.
3) Mouton, J.A.: Genl. Piet Joubert, p. 64 en Manfred, Nathan:- Paul Kruger, p. 153.
4) Bellairs, Lady :- The Transvaal War 1880-81, Blackwood 1885, p. 109.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teen moontlike invalle van Boeremagte te verdedig. „Stores were converted into temporary fortifications, loopholed and barricaded, private houses and public offices shared the same fate, and an earthwork was rapidly projected around the old Dutch church, in the centre of the market square."[5] Die geledere van die berede infanterie is aangevul met vrywilligers onder die leiding van R.H.K. D'Arcy, 'n vroeëre magistraat van Kimberley. Die berede infanterie se taak was om die westelike en noordelike weë na Pretoria te verdedig en te bewaak terwyl die vrywilligerskorps onder D'Arcy, toe „D'Arcy's Horse" infanterie genoem, die suidelike en oostelike weë na die stad moes verdedig.[6] Dit was egter net 'n tydelike maatreël want Lanyon het reeds die 94ste regiment onder Luit. Kol. Anstruther, van Lydenburg, na Pretoria ontbied[7] en hulle kon enige dag opdaag.

Die Boeremagte was ook bewus van die koms van Anstruther en Kommandant Frans Joubert, wat Kommandant Hans Bothe se hulp gekry het, het opdrag ontvang om Anstruther se opmars na Pretoria ten alle koste te stuit.[8] Op 20 Desember 1880 het kommandant Frans Joubert 'n boodskap aan Anstruther gestuur en hom gewaarsku dat hy nie verder na Pretoria moes trek nie. Toe Anstruther nie wou gehoor gee nie, het die geveg van Bronkhorstspruit plaasgevind. Die geveg wat maar ongeveer twintig minute geduur het, was 'n skitterende oorwinning vir die Boere. Anstruther was dodelik verwond en meer as die helfte van sy troepe het gesneuwel. Die res het as krygsgevangenes oorgegee.[9]

Die nuus van die slag van Bronkhorstspruit „came like a thunder-clap upon one and all at Pretoria."[10] Egerton en Bradley het toestemming gekry om na Pretoria te vertrek om mediese hulp te ontbied en hulle het die tragiese nuus in/............


5) Du Val, Charles:-With a show through Southern Africa, London, 1885 p. 175.
6) Ibid pp. 172-173. 7) Bellairs, Lady:-The Transvaal War 1880-81, p. 73.
8) Mouton, J.A.:-Genl. Piet Joubert, p.65, Bellairs, Lady:-The Transvaal War 1880-81, p.82 en H.C.Bredell en Piet Grobler:-Gedenkskrifte van Paul Kruger, pp. 81-82.
9) Du Val, Charles:-With a show through Southern Africa, pp.200-207, Mouton, J.A.:-Genl. Piet Joubert, p.65 en Bellairs, Lady:-The Transvaal War 1880-81 pp. 83 - 87.
10) Manfred Nathan:-Paul Kruger, p. 156.

© University of Pretoria

in die vroeë môre-ure van 21 Desember 1880 aan Lanyon bekend gemaak.[11)]

„The Bronkhorst Spruit Disaster" het al Lanyon se vroeëre planne in die war gestuur. Die Pretorianers het op Kerkplein saamgedrom en wou weet wat die owerheid van plan was om verder te doen. Sir Owen Lanyon het toe dadelik besluitom krygswet af te kondig. Hyself, Kol. Bellairs, Luit. Kol. Gildea, lede van die Uitvoerende Raad wat deur Lanyon saamgestel is en die Britse staatsekretaris het die aanwesiges op Kerkplein gaan toespreek. Majoor le Mesurier het aan die publiek 'n algemene plan vir die verdedigingvan die stad voorgelê. Die inwoners moes almal verhuis na die militêre kamp aan die suide van die stad. Die stad het oor 'n te groot oppervlakte gestrek om dit behoorlik te kon verdedig. Die verdediging moestoegespits word op die gebied tussen die tronk, op die hoek van Visagie- en Bosmanstraat, en die Loreto Klooster. Verder het Kol. Bellairs en Luit. Kol. Gildea 'n beroep op alle mans, wat 'n wapen kon hanteer, gedoen om as vrywilligers aan te sluit om Pretoria te verdedig.[12)]

Groot skaalse voorbereiding vir die uittog is dadelik na die afkondigingvan krygswet getref. Die kampterrein is vermoedelik volgens onderstaande skets ingedeel :[13)]




Mnr. Fox, /.............

11) Du Val, Charles :-With a show through Southern Africa,p.180.
12) Ibid, p. 181.
13) Bellairs, Lady :-The Transvaal War, pp. 114 - 117.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mnr. Fox, bygestaan deur menere James, Clark, Byerly, Redpath en Hollard, was die kwartiermeesters van die siviele kamp. Aan die hoof van die Tronk-laer was Dr. Rutherford, bygestaan deur Nixon, terwyl Eerw. Weavind, regter de Wet, T.W. Beckett, Calderwood, Keet en Hawkins as die sanitêre inspekteurs aangestel is.[14)]

Die eerste groot werk was om die kamp vir die militêre en siviele persone in gereedheid te bring. Tente en langwerpige eenkamergeboue van klip is op die kampterrein, wat die grond van die Loreto-klooster en die huidige Brandweerstasie en Staatsmunt ingesluit het, of opgeslaan of gebou. Die kamp was beskerm deur twee „loopholed" mure van agt voet, wat vanaf die klooster tot by die tronk en verder suidwaarts langs Bosmanstraatgebou is, met 'n toring op die hoek van Bosman- en Visagiestraat. In die toring was 'n 4 ponder „Krupp kanon" aangebring. Suidvan die kamp was Fort Commeline met Fort Tully op die kop net oos van die Fonteine-vallei. Fort Royal was waar die Z.A.S.M.-geboue tans staan en hierdie forte was beman met lede van die 94ste Regiment. Dan was daar nog twee blokhuise aan die noordekant van die dorp. Een blokhuis was opgerig naby die teenswoordige kerkhof en 'n andereen was opgerig in die rant waar die dieretuin tans is.[15)]

Hierdie werk is meestal deur die soldate en onwilliges, wat nie as vrywilligers wou aansluit nie, gedoen. Die vrywilligers is in kompanies ingedeel en in die wapenkuns geoefen terwyl die onwilliges gearresteer en aan die werk gesit is. „Tien dagen werken we dag en nacht met pik en spade om verschansigen en zandzakken te maken."[16)]

Jan Celliers was een van die onwilliges en hy is vir meer as 100 dae in die militêre kamp te Pretoria opgesluit. Sedert die arrestasie van Celliers het „De Volksstem" dus nie meer verskyn nie en Celliers het eers na die vrede van Maart 1881

die /..............

14) Ibid, p.109.
15) H.E. Hall and F.R. Paver:- Pretoria,- the administrative Capitol of South Africa, Johannesburg 1910, pp. 22-24, Bellairs, Lady:-The Transvaal War, pp.99,113-114 en Du Val:- t.a.p., pp.176, 190.
16) De Volksstem - 25 Mei 1881.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die publikasie van die Volkstem hervat.

Op die 22ste Desember het die uittog uit die stad na die kamp begin. „All day long streams of men, women and children continued to flow along the hot dusty roads, backwards and forwards, carrying articles of bedding furniture, cooking utensils, clothing, etc., to their new homes. The scene could not be without its pitiful aspects. The women, of course, suffered most: some, who soon expected to become mothers, might be seen sitting by the wayside, worn out, and weeping; others dragging themselves despondingly along, with wailing infants in their arms, or frightened children clinging to their skirts."[18] Die persone wat nie na die kamp wou gaan nie moes die dorp verlaat.[19]

Die vrywilligerskorps se getalle is weens die afkondiging van krygswet geweldig aangevul. Die „Pretoria Carbineers" of „D'Arcy's Horse infantry" en „Nourses Horse infantry" was die eenhede wat daagliks die omgewing van Pretoria gefynkam en gepatroleer het. Hulle moes die Boeremagte terughou, die kamp beskerm en vir weiveld vir die beeste sorg.[20]

Die „Transvaal Artillery" onder Luit. F. Stiemens was in die toring op die hoek van Bosman- en Visagiestraat gestasioneer en moes help met die oppas van die beeste. Die „Pretoria Rifles" onder Majoor le Mesurier en Kaptein R.K. Loveday was verantwoordelik vir die beskerming van die klooster en die Tronk-laer. Die forte en blokhuise was weer met lede van die „Royal Scots Fusiliers" en lede van die 94ste Regiment, wat nie in Lydenburg was nie, beman.[21]

Vanaf /............

17) Ibid - 2 April 1881.

18) Bellairs, Lady :-The Transvaal War p. 108.

19) Du Val :-t.a.w. p.182.

20) Bellairs :-t.a.w. pp. 109 - 110.

21) Ibid pp. 110 - 115 en H.E. Hall and F.R. Paver :- t.a.w. pp. 22-24.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vanaf 19 Desember 1880 was Pretoria alreeds beleër deur die Boeremagte onder Kommandant Henning Pretorius, die latere hoof van die Staatsarillerie onder Pres. Kruger, en alle verbindings na die dorp was afgesny. Na die afkondiging van krygswet en die versorging van die nagenoeg 1,200 weerbare manne asook die versorging van die vrouens en kinders het die krygsoperasies van Engelse kant begin. [22)]

Die vrouens en kinders kon bedags wel na hulle huise gaan om te gaan bad of om iets tuis te gaan doen, maar daarvoor moes hulle permitte kry. Een van die voorwaardes waarop 'n permit uitgereik was, was dat sodra die alarmsein gehoor word, alle persone dadelik na die kamp moes terugkeer. [23)] Vir die gerief van die vrouens en kinders wat na die dorp wou gaan, is daar gereël vir vervoer met muil- of ossewaens wat daagliks van die kamp na die dorp en terug gegaan het. Sommige winkels was met sulke besoeke aan die dorp ook oop om besigheid te doen maar alleen artikels wat nie deur die owerheid benodig was nie kon verkoop word. Baiemaal het die eienaar van die winkel net die deure oopgesluit en by die deur gewag vir die vrouens, wat hulle self bedien het, om te betaal. [24)]

Soos reeds genoem, het die militêre owerheid sekere winkelvoorrade opgekommandeer en na die kamp vervoer. [25)] Vleis was volop want die berede afdeling was uitgestuur om alle beeste en perde wat hulle op naburige plase kon kry na die kamp te bring. Binne 'n kort tyd was die kamp toe in besit van nagenoeg 4,000 beeste en perde. [26)] Daagliks is van die beeste geslag en van die surplus vleis het die owerheid biltong laat maak. [27)] Die perde het hulle gebruik vir hulle mobiele eenhede. Die groot probleem was egter om genoegsame voer vir die perde en beeste te kry. Om enigsins voorsorg te tref, het hulle in die omgewing van die kamp gras laat sny. [28)]

Om /..........

---

22) H.F. Hall and F.R. Paver:- t.a.p., pp. 22-24 en Bellairs:- t.a.p., pp. 167-168. - Bellairs weerlê die getal van 2,000 man deur Hall & Paver genoem.
23) Lochhead:- Guide, Handbook and directory of Pretoria, Pretoria, 1912, pp. 53-59. 24) Bellairs: t.a.p., p. 125.
25) Du Val: t.a.p., p.182. 26) Hall and Paver t.a.p., pp. 22-24.
27) T.A.-Foto Kabinet - Foto 3/A/396 met byskrif.
28) Ibid: - Foto 3/A/394 met byskrif.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Om die eentonigheid van die kamplewe te verbreek het die owerheid saans danse gegee of konsert gehou [29] en Charles du Val en Charles Deecker het vanaf die 25ste Desember 1880 'n koerant in die kamp uitgegee.[30]

Die leuse van hierdie koerant, „The News of the Camp," was : „Cribbed, Cabined, Confined, Bound-in." Hieruit kan ons aflei dat die uitgawes die ware toestand in Pretoria beskrywe het.

In die eerste uitgawe van „The News of the Camp," het die redakteure die hele toestand waaronder die koerant uitgegee is, as volg weergegee : „Bungalow for a Printing-office, with canvas thrown over its unfinished roof, through which the rain freely penetrated, a gentle waterspout running down the compositor's back as he stood with a bandolier of Martini-Henry cartridges over his shoulder, his white apron for a uniform, composing-stick in hand, and his rifle lying suggestively near his printing frame - none of these assistants to getting out a paper comfortably; the Editors' quarters - an army bell-tent and a trasport wagon, the space between ingeniously roofed in with a tattered soil, stretched on telegraph poles."[31]

Bedags het die redakteure aan hulle koerant gewerk en snags moes hulle wagstaan. Sou hulle gaan slaap, dan was dit „in a pair of leather breeches, longboots and jackspurs, a bandoliar instead of a wife's arms as a necklace, a bag of cartridges for a bolster and a Snider carbine as a sleeping partner."[32]

Die koerant het elke Dinsdag, Donderdag en Saterdag verskyn. Altesaam veertig uitgawes het verskyn en behalwe die oorlogsnuus het die redakteure die publiek vermaak met humoristiese sketse aangaande/............

---

29) Bellairs:-t.a.p., pp. 178-183, Lochhead: t.a.p., pp.53-59 en mondelingse vertelling Mevrou G.M.Verdoorn van Alma Court, Arcadia wat as tienjarige dogter die kamplewe deurgemaak het
30) The News of the Camp - 25 Des. 1880. In die Staatsbiblioteek Pretoria is 'n volledige oplaag in een band te kry. Ook Bellairs :-t.a.p. p. 212 en Du Val:-t.a.p., p. 193.
31) The News of the Camp - 25 Desember 1880, Lochhead: t.a.p., p. 59 waarin 'n foto van die drukkery in die kamp voorkom en Du Val:-t.a.p. p. 195.

32) The News of the Camp - 25 Desember 1880.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangaande die kamplewe. Die drukpers het du Val en Deecker uit die kantore van „The Transvaal Argus", 'n tydgenoot van „De Volksstem" in 1880, verkry. Advertensies sou teen 'n koste van 2/- per reël geplaas kon word. Die prys van die koerant was ses pennies per eksemplaar.[33)]

Alhoewel verwag kan word dat die oorlogsberigte eensydig sou wees, het die uitgawe van hierdie koerant waardevolle gegewens oor die lewe van die kamp-inwoners vir Pretoria nagelaat.

Die rantsoene wat die kampowerheid aan die inwoners daagliks uitgereik het, was die volgende per man :

1¼lb. brood of 1 lb. beskuit of 1 lb. Boeremeel.

2/3 ons koffie met 2½ ons suiker.

½ lb. ertappels of ander groente.

1¼ lb. vars- of soutvleis of 'n half pond biltong en 'n ½ ons sout.

Kerse is per tent uitgereik en vuurmaakgoed is daagliks op verskillende plekke verskaf.[34)]

Die taktiek van die Britse magte was om daagliks 'n uitval teen die Boere-laers te maak om sodoende die Boere te verhoed om die kamp aan te val. Die eerste botsing het op 28 Desember 1880 te Sesmylspruit, suid van Pretoria plaasgevind. Kol. Bellairs, wat in bevel van die gewapende magte in die kamp was, het gedurig verkenners uitgestuur en hulle het 'n Boere-laer by Sesmylspruit opgemerk. Vroeg die oggend van 28 Desember is 'n berede afdeling onder D'Arcy uitgestuur om die Boere uit te lok tot 'n geveg. Behalwe dat oor en weer geskiet is, het dit egter nie tot 'n geveg ontwikkel nie. Die volgende dag is weer 'n afdeling uitgestuur en in 'n poging om 'n klomp beeste van die Boere af te neem, is Kaptein D'Arcy sodanig in sy voet verwond dat hy buite aksie was. Geen ongevalle is aan Engelse kant gerapporteer nie terwyl Gert Neethling aan Boerekant gesneuwel het.[35)]

Op/............

---

33) Ibid. Du Val:-t.a.w., p.193 en Pretoriana, Deel 1, Nrs. 2,3 en 4 - 'n artikel van Dr. T.S. van Rooyen: Oorlog en 'n koerant
34) The News of the Camp - No. 3 - 30 Desember 1880.
35) Bellairs:-t.a.w. pp. 119-122, Du Val :-t.a.w. pp. 208 210, „The News of the Camp - 30 Desember 1880" en „De Volksstem" - 15 Junie 1881.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 5 Januarie 1881 het Kaptein Burr rapport ingebring dat 'n Boerelaer by Zwartkoppies ongeveer 12 myl noord van Pretoria opgemerk is. Kol. Gildea met 'n mag van 140 berede en 280 voetsoldate op muilwaens is toe vroeg die oggend van 6 Januarie uitgestuur om die laer op te breek. Alhoewel die nodige voorsorg maatreëls deur Kol. Gildea getref is het die Boere tog die Engelse gewaar. Veertig van die „Pretoria Rifles" wat op 'n koppie naby die Boerelaer gelaat is om die Boere, ingeval hulle sou terugval, voor te keer, is omsingel en Gildea moes weldra hulp stuur om hulle te ontset. Hierna het die Boere op 'n taamlike bebosde koppie stelling ingeneem en losgebrand op die Engelse. Die hele Engelse mag het toe op die koppie toegesak en dit was nie lank hierna nie toe die Boere die Witvlag moes opsteek. Sewentien Boere is gevange geneem o.a. Kommandant Hans Botha wat swaar gewond was. Voordat die gevangenes in Pretoria aangekom het, is twee aan wonde oorlede maar Kom. Botha het nog gelewe. Aan Engelse kant het ses gesneuwel en dertien is gewond.

Die Boere wat by Zwartkoppies gevang is, is in die tronk in die kamp opgesluit. Kom. Botha het, danksy die mediese hulp aan hom verleen, weer heeltemal herstel en is na die oorlog saam met die ander gevangenes ontslaan.[36)]

Verdere skermutselings het op 16 Januarie 1881 te Elandsfontein,[37)] op 23 Januarie te Wonderboom, op 4 Februarie te Derdepoort[38)] en op 12 Februarie op Erasmus se plaas, ook genoem „Red House Kraal" naby Sesmylspruit[39)] voorgekom, maar geen noemenswaardige ongevalle is aan albei kante gely nie.

Die Engelse owerheid in Pretoria het nog steeds gehoop dat hulle deur Sir George Colly ontset sou word en het met danse en konserte die inwoners van die kamp besig gehou.

Vanaf die 31ste Januarie 1881 het die skole in Pretoria weer begin. Die „Pretoria High School", Loreto-klooster en „Prospect/.......

---

36) Bellairs: t.a.w., pp. 129-136, Du Val: t.a.w. pp. 216-221 en „News of the Camp," - 6 Januarie 1881.
37) Bellairs: t.a.w. pp. 146-155. 38) Ibid, p. 172.
39) Du Val: t.a.w., pp. 253-256, Bellairs: t.a.w. pp. 185 - 192 en „De Volksstem - 15 Junie 1881.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

„Prospect Seminory" het bedags die kinders in die dorp besig gehou met onderrig maar middae en saans moes almal weer in die kamp terug wees.[40] Vir die kinders wat nie die skole in Pretoria wou besoek nie het J. Lawrie vanaf 1 Februarie 1881, in die kamp skoolgehou.[41]

Op Woensdag 2 Februarie het die Kamp 'n groot Atletiek-byeenkoms gereël. Alle soorte items soos hoogspring, verspring en hardloopnommers is gehou. 'n Volledige verslag van die byeenkoms is nie gepubliseer nie, maar daar word gemeld dat die Sussens-broers omtrent al die nommers gewen het.[42]

Vanaf die begin van Februarie het die „Cape Commercial Bank" en die „Standard Bank of British South Africa" ook bedags tussen 11 uur en 12 uur vm. sake gedoen op Kerkplein.[43] Soggens kon die huisvrouens in die Kamp hulle rantsoene gaan aanvul op die mark wat ook sedert die begin van Februarie, van 6 tot 12 vm. daagliks in die kamp gehou is. Die pryse van groente en vrugte was soos volg : Beet 7/6 per emmer, bone 3/- per emmer, kool 3d. tot 1/- per kop, wortels 6/- per emmer en groenmielies 'n pennie per kop. Appelsen appelkose was 5/- per 100, druiwe 5/- per emmer, pere 6/- per 100, perskes 2/6 per 100 en lemoene 7/6 per 100.[44]

'n Gees van optimisme het in die kamp geheers. Op die 22ste Januarie het Sir O. Lanyon die nuus versprei dat Genl. Colley versterkings ontvang het en dat Pretoria enige dag ontset kon word. Die Vrymesselaars het op 11 Februarie 'n verskeidenheidskonsert in die kamp gegee en op 12 Februarie 'n vergadering in die „Templar's Hall" in Pretoriusstraat gehou. Die Stadsraad van Pretoria het ook nie op hulle laat wag nie en het 'n Raadsvergadering op 9 Februarie gehou. Die regulasies of bywette vir Pretoria is nagegaan. Die salaris van Von Mussa, die waterfiskaal, moes ook bepaal word, maar aangesien die/.........

40) The News of the Camp - 25 Januarie 1881.
41) Ibid - 1 Februarie 1881.
42) Ibid - 3 Februarie 1881.
43) Ibid - 27 Januarie 1881.
44) Ibid - 10 Februarie 1881.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Stadsraad nie in die stad beheer gehad het nie as gevolg van Krygswet, het die saak oorgestaan.[45] Burgemeester J.C. Preller, Beckett, Struben, Lithauer, Green, Skinner, Bannatyne en Bourke het daarna uitgesien om die stad weer in orde te kry na die kamplewe, maar 'n groot teleurstelling het op hulle gewag.

Van die beroemde slag van Majuba het die Pretorianers niks verneem voor die 15de Maart nie. Die Boere het die droewige nuus van Colley se neerlaag soos dit in die „Staats Courant" en 'n Vrystaatse koerant „De Express" verskyn het, aan die kamp-owerheid gestuur.[46]

Dit was met gemengde gevoelens wat die kampinwoners die nuus verneem het. Sommiges wou dit nie glo nie terwyl andere nie wou aanneem dat 'n wapenstilstand tussen die strydende magte aan die gang was nie.[47]

Van 19 Maart tot 30 Maart 1881 het 'n neerslagtige gees in die kamp geheers. 'n Sekere Kaptein Churchill, wat hom in die kamp bevind het, se liedjie : „When the rebel Boer is fool enough to defy the British sway - But we'll teach him yet to rue it, in a quiet sort of way," wat vanaf 22 Januarie 1881 baie gesing is in Pretoria, het in die vergetelheid verdwyn. Du Val en Decker se optimisme oor die uitslag van die oorlog het plek gemaak vir die diepste pessimisme.

Op 30 Maart 1881 was die beleëring van Pretoria verby. Die kamphekke is oopgegooi en die inwoners kon na hulle huise terugkeer. Die wyksmeesters se laaste werk was om vervoer na die dorp te verskaf.[48]

Die laaste nommer van „The News of the Camp", wat op 9 April 1881 verskyn het, het 'n verloop van die oorlog weergegee en daarmee is 'n gordyn oor die veelbewoë drie-maande van kamplewe in Pretoria, getrek.[49] Inplaas van waterby die waterkarre te kry[50] en vuur met miskoeke te maak[51] kon die huisvrouens/........

45) Ibid. 46) Du Val:- t.a.p. pp. 270-271.
47) The News of the Camp - 19 Maart 1881.
48) Ibid - 30 Maart 1881. 49) Ibid - 9 April 1881.
50) Bellairs:-t.a.p., p.142. 51) Ibid, p. 164.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

huisvrouens hulle weer verlustig in hulle geriewe tuis.

Om die soldate besig te hou het die militêre owerheid die forte wat tydens die beleg van Pretoria (1880-1881) gebou was, laat sloop om „geene onaangename herinneringe van de jongste vyandelykhede te willen achterlaten."[52)]

Die „Union Jack" het nog voor die Volksraadsgebou gewapper want die vredesonderhandelinge was nog nie finaal afgehandel nie. Die twee bevolkingsgroepe het mekaar na 'n paar dae weer as vriende aanvaar en baie Engelse het gevoel dat „their quarrel now should be less with the Boers than with the imperial Government, who, they considered, had deceived them."[53)]

Boere-waens het weer met plaasprodukte mark-toe gekom. Persone het weer 'n normale lewe begin lei behalwe 'n paar vrywilligers, wat so gewoond geraak het om hulle loon van vyf sjielings per dag uit te drink, dat hulle hulle nie weer in die sosiale lewe kon aanpas nie en as „canteen loafers" uitgesak het.[54)]

---

52) De Volksstem - 14 September 1881.

53) Bellairs :- t.a.w., p. 234.

54) Ibid, p. 235.

*************************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K VI.

## a. PRESIDENT KRUGER NEEM DIE LEISELS OOR OF TRANSVAAL VANAF MAART 1881 TOT MAART 1884.

President Brand van die Oranje-Vrystaat het deur sy optrede, na die slag van Amajuba op 27 Februarie 1881, daarin geslaag om 'n wapenstilstand tussen die vegtende magte te bewerkstellig.[1)]

Die verdere onderhandelinge van 4 Maart 1881, 6 Maart 1881, 18 Maart 1881 en 21 Maart 1881 het plaasgevind[2)] sonder dat Pretoria op hoogte gestel is daarvan. Die kamp in Pretoria was nog onder militêre beheer tot 30 Maart 1881[3)] en daarna het die inwoners van Pretoria eers die nuus broksgewyse verneem.

Die eerste paar dae in Pretoria nadat die kamphekke oopgegooi was, was maar taamlik gespanne. Die Britse-element het verwag dat die Boere-element hulle sou uittart en beskuldig van verraad maar net die teenoorgestelde het gebeur.

Die Boere het die ou bevolkingsgroep in Pretoria, hetsy Engelssprekend of Afrikaanssprekend, aanvaar soos voor die oorlog. Die Afrikaanssprekendes het die Engelssprekendes en selfs die Afrikaanssprekendes, wat die wapen saam met die Engelse of Britse regering opgeneem het, behandel „with a magnanimity, a generosity which is unparalleled in history."[4)]

Niemand is beledig of het van sy besittings verloor nie. Geen winkeliers is doelbewus vermy nie alhoewel hulle met die Britse regering saamgewerk het.
Die prokureurs en ander sakemanne het weer hulle ou klandisie teruggekry en sake het weer normaal verloop soos voor die / .........

1) Leyds, Dr. W.J. : - De eerste Annexatie van de Transvaal, Amsterdam, 1906, pp. 357-359.

2) Britse Blouboeke :- C 2837, pp. 23 - 25-onderhandelinge van 1881 en Volksstem - 13 April 1881.

3) The news of the Camp - 30 Maart 1881.

4) McCord, Capt. J.J.:- South African Struggle, Pretoria, 1952, p.73.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


die oorlog.[5)]

En tog was Pretoria nie gelukkig nie. Met die wete dat die Z.A.R. weer aan die Boereregering teruggegee sou word het die banke hulle geld begin opeis, "they called in all outstandings, and ruthlessly enforced their claims. This was followed by the withdrawal of much other capital invested there. The value of property depreciated to an alarming extent. The large sums spent by the British prison and the well-paid officials no longer found their way into the till of the shopkeeper."[6)]

Intussen is Sir. E. Wood, Sir Hercules Robinson, goewerneur van die Kaapkolonie en Sir Henry de Villiers, hoofregter van die Kaapkolonie, op die koninklike kommissie, wat met die Driemanskap moes onderhandel, benoem.[7)]

Gespanne het Pretoria en die hele Transvaal gewag op die finale reëlings wat in Pretoria getref moes word.

Paul Kruger het gevoel dat die finale onderhandelinge daarop gemik moes wees om tot 'n bevredigende resultaat en 'n eervolle vrede te kom.[8)]

Daar was gepraat oor die voorgestelde soesereiniteit van Brittanje oor die Z.A.R. Oor die voorgestelde Britse Resident in Pretoria is gegis en daar is gespekuleer oor die magte van die Koninklike Kommissie.

Daar is in vooruitsig gestel dat die vrede binne ses maande vanaf 21 Maart 1881 gesluit sou word. Algemeen was die verwagting en vertroue dat Transvaal sy volle onafhanklikheid sou terugkry, d.w.s. dat die toestand van voor 1877 herstel sou word.

Gaandeweg / ..........

---

5) Jeppe, C. :- Kaleidoscopic Transvaal, pp. 111 - 112.

6) Ibid.

7) Britse Blouboeke : - C 2837, pp. 24 - 25 - benoeming van die Koninklike Kommissie.

8) Ibid, p. 23 - Onderhandelinge van 1881.

©University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gaandeweg het dit egter duidelik geword dat dit nie die geval sou wees nie en dat die Transvaal sy onafhanklikheid sal moet neem soos deur die Britse Regering - met heelwat voorbehoude - aangebied.[9)]

Gemoedere het weer hoog geloop. Baie was bereid om die wapens weer op te neem, maar verantwoordelike persone het besef dat dit net verder bloedvergieting sou meebring. Die wapenstilstand wat op die slag van Amajuba gevolg het, het die Engelse genoeg kans gegee om versterkings na Natal te stuur en daarom het die inwoners van die Republiek en die van Pretoria in besonder maar gewag vir die finale reëlings wat getref moes word.

Na die 21ste Maart 1881 is die Boeremagte terug huis-toe. Sir Owen Lanyon, die administrateur van Transvaal, is teruggeroep. Hy verlaat Pretoria en Kol. Bellairs, wat op 25 Maart tot Brigadier-Generaal bevorder is, het tydelik sy plek ingeneem.[10)]

Op 6 April het Sir. E. Wood in Pretoria aangekom maar aangesien die Koninklike Kommissie nog dieselfde maand in Newcastle byeen sou kom, het hy net 'n paar dae in Pretoria vertoef.[11)] Hierdie kommissie, bestaande uit Sir E. Wood, Sir Hercules Robinson, Sir Henry de Villiers en Pres. J. Brand, kom op 14 Junie in Pretoria aan om die finale reëlings vir die vrede met die Driemanskap te tref.[12)]

Die / ................

9) De Volksstem - 13 April 1881 tot Junie 1881. In hierdie uitgawes word die vredesonderhandelinge na 6 Maart 1881 baie volledig bespreek en behandel.

10) Bellairs, Lady : - The Transvaal War, p. 236.

11) Bulpin, T.V. :- The Golden Republic, p. 206.

12) Mouton, J.A. :- Genl. Piet Joubert, p. 80.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die finale onderhandelings het vanaf 14 Junie tot 2 Augustus geduur en in hierdie tydperk is die 33 artikels van die konvensie een vir een behandel en alhoewel teen die Driemanskap se sin, op 3 Augustus deur die lede van die Driemanskap en lede van die Koninklike Kommissie onderteken. Die Driemanskap het gevoel dat die Transvaal nie sy volle onafhanklikheid teruggekry het nie, maar dat die Transvaal ook nie by magte was om weer die wapens teen Brittanje op te neem nie. 13)

Die klousules waarteen hulle die meeste gekant was, was dat die republiek nie sy ou naam teruggekry het nie, maar die "Transvaal-staat" genoem is, dat die staatskuld, wat die republiek moes oorneem, tydens die Britse bewind van 1877 tot 1881 vergroot is en dat die republiek verantwoordelik vir die naturelle was, maar nie vry was om hulle te regeer nie. Dan is daar ook gevoel dat die grense van die republiek nie teruggeplaas is na plekke soos dit voor die Keate-uitspraak was nie en dat die republiek nie heeltemal onafhanklik gemaak is nie, maar gebind was in onderhandelinge met die buiteland. 14 )

Aangesien die finale onderhandelinge egter in Pretoria plaasgevind het, het die konvensie die naam van "De Pretoria-Conventie" gekry en was die Britse bewind in die Transvaal daarmee voorlopig beëindig. 15)

Op / ................

---

13) Leyds, Dr. W.J. :- De eerste Annexatie, p. 367.

14) Leyds, Dr. W.J. : - De eerste Annexatie, p. 403.

15) Die bepalings van die konvensie word nie hier weergegee nie, maar is te vinde in Eybers, G.W.:- Select Constitutional Documents Illustrating South African History - 1795-1910, London, 1918, pp. 455 - 463.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op die aand van 2 Augustus het die Engelse inwoners van Pretoria 'n skyn-hof in die „European Hotel" gehou en daar is Gladstone beskuldig dat hy die „British Flag" vermoor het. Die volgende middag terwyl die Koninklike Kommissie en die Driemanskap toe die Pretoria Konvensie onderteken het, het 'n groep van nagenoeg 600 persone op Kerkplein vergader om die „Union Jack" plegtig te gaan begrawe. Die stoet het agter 'n klein doodskissie, waarin 'n „Union Jack" geplaas was, stadig na „Ulundi House" voortbeweeg en op die hoek van Andries- en Schoemanstraat, regoor „Ulundi House" 'n graf gegrawe waarin die vlag toe begrawe is. Die grafsteen wat dadelik opgerig is, was van hout gemaak met die volgende woorde as opskrif:

„In Loving Memory of the
British Flag in the Transvaal
who departed this Life
August, 3rd, 1881
Aged 4 years.

---

„In other climes none knew thee but to love thee"

---

Resurgam."

Die volgende môre was die graf leeg en die leë doodskissie het aan 'n vlagpaal naby die Poskantoor gehang.[16)]

Dit word vertel dat dieselfde vlag weer met die oorgawe van Potchefstroom in 1900 daar gehys is.[17)] Die woord „Resurgam" (rise again), wat 'n wens was, is dus in 1900 of liewer 1902 vervul, toe die Republiek vir 'n tweede maal sy onafhanklikheid moes prysgee.

Waar /.......

---

16) MacMillan, A:-The city of Pretoria, Johannesburg, 1903, pp.7 en 27 en Bulpin, T.V. :-The Golden Republic, - p.207.

17) Eeufeesalbum van Pretoria, p.36

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Waar die 3de Augustus vir die „loyalists" 'n droewige dag was, was 8 Augustus 1881 weer vir die Boere 'n blye dag. Groot getalle het voor die regeringskantore op Kerkplein bymekaar gekom. Die „Vierkleur" is plegtig gehys. Eduard Bok, die latere Staatsekretaris, het die Pretoria-Konvensie voorgelees en gewese president M.W. Pretorius, het 'n toespraak gehou omdat Paul Kruger, die Vise president, siekerig was.

M.W. Pretorius het aangetoon dat die Pretoria Konvensie nog nie die volle onafhanklikheid van die Transvaal gewaarborg het nie, maar dat die regering sal poog om die konvensie verander te kry. Hy het ook die persone wat nie burgers van die Republiek wou wees nie gevra om hulle name by die Britse Resident as Britse-onderdane op te gee.

Assistent Kommandant-Generaal Hendrik Schoeman was belas met die handhawing van rus en orde tydens die byeenkoms, maar geen onreëlmatigheid het voorgekom nie.[18]

Na die toespraak het die hoof amptenare van die Republiek na die landdroskantoor gegaan waar hulle in hulle ampte bevestig is en die eed van getrouheid aan die Z.A.R. afgelê het.[19]

Die na-middag om 3 uur is 'n diens in die kerk op Kerkplein gehou. Ds. H.S. Bosman, wat die diens gelei het, se preek was na aanleiding van Psalm 46 vers 8: „De Here van de leërskare is met ons; de God van Jacob is een rotsvesting voor ons. Sela," en dit was seker baie van pas by die geleentheid.[20]

In Augustus is die lede van die Volksraad, onder Sir Owen Lanyon, byeengeroep om 'n verkiesing van lede vir 'n nuwe Volksraad goed te keur en uit te skrywe met die doel om die

Pretoria /......

---

18) De Volksstem - 10 Augustus 1881.

19) Ibid en Kotze, Sir John :-Memoirs and Reminiscenes , p.797.

20) De Volksstem - 10 Augustus 1881.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Pretoria Konvensie aan die nuwe Volksraad voor te lê.[21]

Op 21 September het die nuutverkose Volksraad onder Voorsitterskap van C. Bodenstein byeengekom en het Paul Kruger die inhoud van die Pretoria Konvensie aan die volksraadslede verduidelik. Na lang en warm besprekings wat dae geduur het, het die Volksraad beswaar gemaak teen die Konvensie en 'n telegram met nagenoeg die volgende inhoud is aan "Downing"-straat gestuur:

(1) Die Konvensie stem nie ooreen met die Sandrivierkonvensie nie.

(2) Die konvensie is strydig met die vredesvoorwaardes van 21 Maart 1881 en daarom wil die Volksraad die volgende veranderinge voorstel :

a. Die behartiging van buitelandse aangeleenthede mag alleen gekontroleer word deur die Soeserein~~iteit~~. Artikels 2 en 18 moes dus verander word.

b. In interne sake moes die Britse Resident geen seggingskap hê nie. Artikels 3, 13 en 26 moet dus verander word.

c. Die skuldelas van die Republiek moet heroorweeg word.

d. Grense moes weer vasgestel word.

e. Artikels 15, 16, 26 en 27 moes geskraap word.[22]

Lord Kimberley se antwoord was egter dat die Britse Regering bereid sou wees om griewe te bespreek nadat die Konvensie eers in die praktyk toegepas is.[23]

Alhoewel /.......

---

21) Kotze, Sir John :-Memoirs en Reminiscences, p. 797.

22) Ibid, pp. 800-801 en Staats Courant, - 18 Oktober 1881.

23) Kotze, Sir John :-Memoirs en Reminiscences, p. 802.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Alhoewel nie tevrede nie, het die Volksraad by die antwoord van Lord Kimberley berus[24] en hulle kon toe aandag gee aan die heropbou van die Z.A.R.

Met die sitting van die Volksraad in Mei 1882 het 'n volgende presidentsverkiesing ter sprake gekom. Die gevoelens van die lede was egter baie uiteenlopend. Sommiges het gemeen dat die „Driemanskap" so goed die belange van die Republiek gedien het dat hulle moes voortgaan met die land se regering. Andere was weer ten gunste van 'n president en toe uiteindelik besluit is om 'n presidentsverkiesing uit te skrywe, was die lede weer baie verdeeld oor wie die kandidate moes wees. J.H. Hofmeyr, die redakteur van die „Zuid Afrikaan", Paul Kruger en Piet Joubert is genoem en na heelwat gekorswil is Paul Kruger en Piet Joubert as kandidate genomineer.[25]

In April 1883 het die presidentsverkiesing in Transvaal plaasgevind. Kruger het 'n groot oorwinning van 3431 teen 1171 stemme oor Joubert behaal[26] en van toe af kon Pretoria weer met die teenwoordigheid van 'n president spog.

Op 13 Junie 1883 het die Volksraad besluit dat die Pretoria-Konvensie toe lank genoeg in die praktyk toegepas is om Brittanje van sy mislukking te kan oortuig en hulle het 'n deputasie gekies om die Britse Regering in Londen te gaan spreek. In September 1883 het Kruger, Nicolaas Smit, Ds. S.J. du Toit en Eloff, wat as sekretaris sou optree, na Engeland vertrek[27] en na drie maande van onderhandelinge het hulle tog daarin geslaag om die Pretoria-Konvensie met die Londen-Konvensie vervang te kry.[28]

Op /.......

---

24) Ibid.

25) „De Volksstem" - Mei tot Julie 1882.

26) „De Volksstem" - 11 April 1883.

27) Mouton, J.A.:-Genl. Piet Joubert, pp.92-93.

28) Leyds, Dr. W.J. :-De eerste annexatie, p. 414.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 27 Februarie 1884 het die verteenwoordigers van beide regerings die Londen-Konvensie onderteken en behalwe dat die Soosereiniteit, soos vervat in die Pretoria-Konvensie, bly staan het, is die ander vernaamste griewe uit die weggeruim. Die Z.A.R. het sy naam teruggekry, die Britse Resident het 'n ambassadeur geword, die Republiek kon sy eie naturellesake reël, die Wesgrens is weswaarts geskuiwe en Brittanje sou die skulde wat hy aangegaan het, betaal.29)

In die afwesigheid van Pres. Kruger het Genl. Piet Joubert, wat in November 1883 tot Kommandant-Generaal verkies is, waargeneem as president. In 1884 was President Kruger en sy deputasie terug in Pretoria en het hy die leisels weer oorgeneem.

Pretoria sou in die jare na 1884 dan ook sy vinnigste groei belewe.

---

29) Gevolgtrekkings uit die Londen-Konvensie soos opgeneem in Eybers, G.W. :- Select Constitutional Documents - pp.469-474.

**********************

## H O O F S T U K VI.

### ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE.

b. 'N KORT OORSIG VAN WAT DIE LANDDROSTE VIR PRETORIA GEDOEN HET VANAF 1857 TOT 1896 EN DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N ONAFHANKLIKE MUNISIPALITEIT IN 1897.

Die eerste persoon wat die pos van landdros in Pretoria gevul het, was A.F. du Toit. Die vernaamste gebeurtenisse in sy ampstyd van 1857 tot 1859 was die opmeting van die grond vir die dorp, Pretoria, die instelling van 'n posverbinding met ander dorpe in die Transvaal, die begin van die eerste skool, die opstelling van die eerste dorpsregulasies en die bou van 'n dam en vore vir die watertoevoer na die dorp.

Na /......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Na du Toit het F.J. Botha tydelik die pos gevul totdat J.J.P. Prinsloo in 1860 in die amp van landdros bevestig is. In Prinsloo se tyd word die regeringskantore na Pretoria oorgeplaas en toe het die pligte van die landdros so toegeneem dat Prinsloo gevind het dat hy dit nie meer kan behartig nie. In 1861 het hy die pos neergelê.

Nou word F.K. Maré landdros, maar ongelukkig het die Burgeroorlog van 1862-1863 so 'n beroering onder die inwoners van Pretoria gebring dat hy niks noemenswaardig vir die dorp totstand gebring het nie.

In 1863 het F.K. Maré bedank as landdros en J.F. Schutte is in sy plek gekies. Schutte het hom beywer om 'n selfstandige munisipaliteit vir Pretoria daar te stel, maar toe die inwoners van die dorp die stadsbeheer weens te kort aan geld in 1864 weer aan die regering moes teruggee, het Schutte ook sy pos neergelê.

C. Moll, die vader van die latere staatsdrukker, het toe die pos gevul tot 1867. Moll was hoofsaaklik verantwoordelik vir die oprigting van die Goewermentsgebou, wat die voorganger van die huidige Ou-Raadsaal was. Toe die regering nie die geld gehad het om die kontrakteurs, Devereux en Skinner, vir die oprigting van die Goewermentsgebou te betaal nie, het hy hulle die geld voorgeskiet. In sy tyd is die eerste skoolgebou in Pretoria opgerig.[1)]

Toe C. Moll die tuig in 1867 neergelê het, het William Skinner sy plek geneem. Skinner, wat reeds vanaf 1852, toe hy 'n huis vir A.W.J. Pretorius gebou het, in die Transvaal was, het hierdie pos tot 1878 beklee. In sy tyd het die inwoners weer probeer om 'n begin met 'n munisipaliteit vir Pretoria te maak maar hulle moes dit ook maar as 'n onbegonne taak laat vaar. Skinner was ook vir die bou van 'n doeltreffender tronk in Pretoria verantwoordelik. Die boukommissie wat oor die

bou /.......

---

1) Die geskiedenisse van die eerste landdroste van Pretoria word in die voorafgaande hoofstukke breedvoeriger behandel maar dit volg nie kronologies nie en dus kan nie so maklik vasgestel word wie hierdie belangrike poste beklee het nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bou van die tronk op die hoek van Visagie- en Bosmanstraat[2] (die vroeëre Koch- en nog vroeëre Kockstraat) moes toesig hou, was F. Jeppe en M.W. Vorster.[3] Die Volksraad en later die Uitvoerende Raad sou moontlik nie die behoefte vir 'n nuwe tronk so sterk aangevoel het nie, was dit nie dat W. Skinner dit pertinent onder hulle aandag gebring het nie.

Die rede waarom William Skinner sy pos as landdros van Pretoria in 1878, tydens die Shepstone-regering, neergelê het, is nie heeltemal duidelik nie. Hy het dit moontlik gedoen omdat hy in 1878 op die „Pretoria Municipal Board" gekies is en daar hy toe sy aandag net aan munisipale aangeleenthede wou gee.

J.R. Lys, een van die eerste handelaars in Pretoria, het W. Skinner in 1878 opgevolg. In die kort tydjie, 1878 tot 14 Augustus 1880, toe hy oorlede is, kon hy nie veel vir die dorp doen nie. In 1879 het hy egter die aansoek van die Nederduitsch Hervormde Kerk gesteun nl. dat daar voortaan nie meer mark op die Kerkplein gehou moes word nie. Deur sy toedoen is die aansoek toegestaan.[4]

In Oktober 1880, dit is net twee maande na Lys se dood, het Pretoria weer 'n munisipaliteit of stadsraad gekry. J.C. Preller en sy raad kon egter nie veel vermag nie want in Desember 1880 het die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek en in Augustus 1881 het Paul Kruger die regering van die Republiek weer aanvaar.[5] Van die stadsraad van Pretoria het daar toe na 1881 niks gekom nie. Hulle het outomaties ontbind want die toesig oor die interne sake van Pretoria is in Augustus 1881 aan die sorg van Landdros J.Z. de Villiers toevertrou.

J.Z. de Villiers /.....

---

2) U.R. - 13 Okt. 1873 - Art. 168.

3) Ibid.

4) Hierdie gegewens is alreeds meer breedvoerig behandel in Hoofstuk V - b - Die administrasie van Transvaal en gebeurtenisse in Pretoria tydens die Britse bewind.

5) Sien hoofstuk 6 a, p. 177 van hierdie werk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

J.Z. de Villiers se ampsduur (1881-1887) was nie gekenmerk deur besondere prestasies in Pretoria nie, maar dit was die voorbereidingstyd vir die snelle ontwikkeling wat in die tyd van sy opvolger plaasgevind het. Wat wel van belang was, was die verskuiwing van die mark vanaf Kerkplein na Markplein; die poging om weer 'n selfstandige munisipaliteit in die lewe te roep waaruit die 1887-dorpsregulasies gebore is; die aanstelling van 'n gesondheidsinspekteur van die stad en die verskuiwing van die poskantoor na dieselfde plek waar tans die huidige Hoofposkantoor staan. So baie het J.Z. de Villiers van Stadsaangeleenthede geweet en so 'n vertroue het die regering in hom gehad dat hy die eerste burgemeester van Johannesburg geword het.

In 1887 is J.Z. de Villiers opgevolg deur Landdros J.S.Smit, die latere Spoorwegkommissaris van die Z.A.R. As stadsvader het landdros Smit seker trots gevoel op die verandering wat Pretoria in die jare ondergaan het. Die nuwe Goewermentsgebou, tans Ou-Raadsaal, die markgebou, die nuwe Landdroskantoor op die hoek van die huidige Bosman- en Pretoriusstraat en die Volkshospitaal, in die ou Offisierskwartiere, is gebou en opgerig. Daar is 'n begin gemaak om die strate van Pretoria te verlig, om water in pype na die verskillende geboue en woonhuise aan te lê en om publieke voertuie vir Pretoria daar te stel. Die spoorlyn tussen Pretoria en Lourenco Marques was amper voltooi, maar dit was juis hierdie aangeleentheid wat veroorsaak het dat assistent-landdros C.E. Schutte aan die einde van 1892 in sy plek aangestel is.

In Schutte se tyd het die een gebeurtenis die ander snel opgevolg. Pretoria het sy elektriese verligting in 1894 gekry, die verskillende staatskole in Pretoria is begin, die spoorweg na Delagoabaai is geopen, „Paardetrems" is ingevoer, die verhoor van die „Reformers" het in Pretoria plaasgevind en 'n museum is in die stad geopen. In 1897 het die inwoners egter weer begin poog om 'n onafhanklike munisipaliteit vir Pretoria in die lewe

te /.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te roep. Hierdie keer het dit dan ook geslaag en is die landdros van een van sy pligte nl. toesig oor die dorp Pretoria, onthef.[6]

Op 4 Desember 1897 het die regering 'n tydelike "commissie" of stadsbestuur uit T.N. de Villiers, P.v.d. Byl, P. Botha, E.P.A. Meintjies, R.K. Loveday, E. Bourke, P. Beyers, P. Kruger, Ex-pres. Reitz, Dr. Lingbeek en Paul Maré aangestel. Die regering sou op die "commissie" deur Landdros C.E. Schutte, Kommissaris Zeiler, Kaptein Schiel, Dr. Messum en die stadsingenieur Wierda verteenwoordig word.[7] Die pligte en magte van die "commissie" sou verlopig, totdat ander regulasies opgetrek kon word, wees soos vasgelê in die Dorpsregulasies vir dorpe in die Z.A.R. wat in 1896 gepubliseer is.

Die regulasies van 1896 het uit 42 artikels bestaan maar baie van hierdie artikels het oor dieselfde onderwerp gegaan. In artikel een word vasgelê dat die dorpsgronde tot die beskikking van die dorpsbewoners en reisigers is. Art. 2 gee aan elke dorpsbewoner die reg om een span osse, tien koeie en 100 skape op die dorpsvelde te laat wei. Art.s 3 tot 11 het oor die watervoorsiening van die dorp gegaan terwyl Art.s 12-21 oor die rus en orde van die dorp gaan. Art.s 22-28 gaan oor die gesondheidstoestand van die dorp terwyl die res van die artikels tot by Art. 38 bepaal wat nie in die dorp en strate mag gedoen word nie. Art.s 39 en 40 is strafregulasies en Art.s 41 en 42 bepaal dat die regulasies verander kan word en dat hulle 14 dae na publikasie in werking sou tree.[8]

Omdat die 1896-regulasies egter nie alle sake rakende 'n dorp goed omskrywe het nie, het die stadsraad na hulle aanstelling in Desember 1897 daartoe oorgegaan om meer uitgebreide regulasies vir Pretoria op te stel. In totaal het hulle 187

regulasies,/......

---

6) Die werk van landdroste de Villiers, Smit en Schutte word in die volgende hoofstukke meer in besonderhede behandel.

7) R.16420/97:- Proklamasie van die St. Pres. - 25 Nov.1897.

8) Die regulasies is gedateer 10 Feb. 1896 en is opgeneem in R.7194 b/90.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

regulasies, wat in 21 onderafdelings verdeel kan word opgestel.[9]

<u>Afdeling 1 (Art. 1-4)</u> het oor die beskrywing van die stadsgrense en verdeling van die stad in ses wyke gehandel.

Arcadia, Sunnyside, Trevenna, Tricarrel en Muckleneuk sou volgens hierdie beskrywing dan deel van Pretoria uitmaak. Die totale grootte van die dorp en dorpsgronde was ± 14,000 morge wat ook Groenkloof ingesluit het.

<u>Afdeling 2 (Art. 5-12)</u> handel oor die stadsraad se verkiesing en gee die aantal raadslede nl. 2 vir elke wyk aan.

<u>Afdeling 3 (Art. 13-39)</u> gee 'n beskrywing van die magte van die stadsraad soos bv. die aanstelling van amptenare en die reg om belastings te hef.

<u>Afdeling 4 (Art. 40)</u> gee die bronne van inkomste vir die stadsraad nl.

1. „Recognitiegeld" van erfbewoners of gedeelte daarvan volgens wet.
2. 'n Sekere pennie uit getakseerde waarde van beboude en onbeboude erwe en wonings, nie een pennie in die pond te bowegaande.
3. Mark- en skutgelde.
4. Huur en gebruik van stedelike eiendom.
5. Boetes vir oortreding van stadsregulasies.
6. Honde-, fiets-, rytuie-, ryperde- en waar meer as twee by 'n woning is, diensbodebelasting.
7. Alle lisensiegelde.
8. Alle boetes deur die landdros of „Rechter Commissaris" opgelê.
9. Fooie vir bouplanne.
10. Inkomstes verkry uit konsessies en kontrakte deur die regering aangegaan wat oorgeneem word.

11. 'n /.....

---

9) T.A.:- Z.A.R. Publikasies - Band 150 - Pretoria - 'n Voorbeeld van die 1898 regulasies vir Pretoria.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

11. 'n Jaarlikse toelae van die regering van £25,000.

Afdeling 5 (Art. 41-48) handel oor strate.

Afdeling 6 (Art. 85 - 102) handel oor ry- en voertuie.

Afdeling 7 (Art. 103-108) gee 'n beskrywing van diere wat op 'n erf aangehou mag word en hoe hulle opgepas moes word.

Afdeling 8 (Art. 109-119) gaan oor honde en die verpligtinge wat 'n eienaar van 'n hond teenoor die stadsraad het.

Afdeling 9 (Art. 120-128) gaan oor die voorkoming en blus van brande.

Afdeling 10 (Art. 129-133) verwys na die beskerming van stadsgronde.

Afdeling 11 (Art. 134-155) beskrywe die gesondheidsregulasies.

Afdeling 12 (Art. 156-170) bevat regulasies treffende Brood- en Eethuise.

Afdeling 13 (Art. 171) gaan oor mate en gewigte.

Afdeling 14 (Art. 172) behandel die registrasie van geboortes en sterfgevalle.

Afdeling 15 (Art. 173) bepaal dat werkgewers nie kleurlinge of nie-blankes mag wees nie.

Afdeling 16 (Art. 174) handel oor nie-blanke-lokasies.

Afdeling 17 (Art. 175) gaan oor begraafplaas-regulasies.

Afdeling 18 (Art. 176-177) handel oor bouplanne.

Afdeling 19 (Art. 178) bevat skutregulasies.

Afdeling 20 (Art. 179) bevat „Cab"-regulasies.

Afdeling 21 (Art. 180-187) handel oor allerlei regulasies soos:

a. By die verkoop van grond moet alle belastings betaal wees.

b. Geen nie-blanke mag op straat tussen 9 nm. en 4 vm. wees nie.

c. Vrye toegang vir amptenare op persele vir die uitvoering van die regulasies.

d. Die regulasies mag verander word.[10]

Die /....

---

10) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die volgende persone is as amptenare van die tydelike stadsbestuur aangestel : J. Bosch (Sekr.), L.E. Lutz (Stadsingenieur), A.F. du Toit (Inspekteur van Slagpale), J.W. Bosman (veldwagter), F.A. Smit, B. Lottering, G. Lottering, B.D. Bouwer (almal as stadsinspekteurs) en W. Smit, M. Smit en L. Meyer (waterfiskale).

Die publiek van Pretoria het die regulasies op 14 April goedgekeur [11)] en toe moes die verkiesing van stadsraadslede plaasvind.

Aangesien oorlogswolke oor die Z.A.R. saamgepak het, is die verkiesing nooit gehou nie en het die Tydelike Stadsbestuur tot die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 aan bewind gebly.

Die kamer wat, as eerste munisipale kantoor, gebruik is, was in die Landdroskantoor op die hoek van die huidige Bosman- en Pretoriusstraat. „Dit was die sesde of sewende venster aan die westekant van die gebou, vanaf Pretoriusstraat getel" [12] daar die kantoor op Bosmanstraat uitgekyk het.

In 1898 het die Stadsraad £58,986-17-4 aan inkomste gehad terwyl die uitgawes maar £38,781-19-10½ was. 'n Batige saldo van £20,204-17-5½ kon dus oorgedra word vir 1899. [13)] Van die totale som van die uitgawes was £36,234-18-4½ uitgegee vir tegniese dienste. 10,365 jrt. nuwe strate is gemaak, 12,745 jrt. van die bestaande strate is herstel, 30,350 jrt. dreineerslote is opgemessel, 2,385 jrt. bedekte dreineringslote is gemaak terwyl 2,464 jrt. oop en 1,184 jrt. bedekte watervore gemaak is. Twee-en-twintig nuwe sluise is aangebring en 77 is reggemaak met 100 sluisputte en 63 deksels oor die sluisputte. Dan is daar 16,936 jrt. sypaaie gemaak langs

reeds /....

---

11) Pa I - Band 16 - Stadsklerk aan Landdros - 14 April 1898.

12) Pretoriana, Deel 2, Nr. 1 , A.C. Kotterer in 'n onderhoud met H.P.H. Behrens :-Pretoria se eerste Munisipalekantoor.

13) T.A.:- Z.A.R. Publikasies - Band 150 - Pretoria, Bylae D - Werksaamhede van die Tydelike Stadsbestuur - Pretoria 1898.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

reeds bestaande strate en is 4,246 jrt. twaalfduim en 1,788 jrt. agtduim reënwaterpype onder die sypaaie deur gelê na die dreineringslote.[14)]

Hierdie tegniese dienste is uitgevoer onder die toesig van die Stadsingenieur, E. Lutz en H.G. Ysebrand, die Stadsklerk. Die sanitêre dienste van die stad was deur Sutherland behartig aangesien daar toe nog nie spoelstelsels in Pretoria was nie.[15)]

Die tydelike stadsbestuur het op 19 Januarie 1899 afgetree en 'n permanente stadsraad is aangestel.[16)]

Om 5 uur nm. op 19 Januarie is die heer Potgieter in die Landdroshof „geinstalleerd en zal hy als voorsitter van het nuwe stadsbestuur optreden."[17)] Potgieter se mederaadslede was Loveday, Wilson, van der Byl, Dr. Lingbeek, Dr. Messum, Kruger, Maritz, en Meintjies, terwyl Bosch weer as sekretaris, Lutz as stadsingenieur, Westmaas as tegniese assistent en Olie as sekretaris van die stadsingenieur aangestel is.[18)]

In 1899 het die munisipale kantoor verhuis na Kerkstraat 155, waar tans Edworks se winkel is en daar het die kantore gebly tot die einde van die oorlog in 1902.[19)]

Vanaf 1897 het Pretoria dus, onafgebroke tot vandag, 'n stadsbestuur gekry. Na 1902 is alleen voortgebou op die werk wat in 1897 begin is.

---

14) Ibid.

15) Ibid en Pretoriana, Deel 2, Nr. 1 ; A.C. Kotterer in 'n Onderhoud met H.P. Behrens :- Pretoria se eerste Min. Kantoor

16) De Pers - 3 Jan. 1899.

17) De Volksstem - 14 Jan. 1899.

18) Ibid - 11 Maart 1899.

19) Pretoriana, Deel 2, Nr. 1 ; A.C. Kotterer in 'n onderhoud met H.P. Behrens :- Pretoria se eerste Munisipale kantoor.

**************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K VI.

## c. DIE OPRIGTING VAN STAATSGEBOUE EN DIE MARKHUIS 1887 - 1899.

### 1. DIE RAADSAAL OF „GOUVERNEMENTS-GEBOUWEN" te PRETORIA :

Met die voltooiing van die kerkgebou op Kerkplein was die eerste ou „Goevernements Gebou" nog in gebruik. Dit wil dus voorkom asof met die voltooiing van die kerkgebou, wat op groei en vooruitgang gewys het, die regering gevoel het dat die toen bestaande Goewermentsgebou ook deur 'n meer doeltreffende gebou vervang moes word.

In die loop van 1887 was die Staatsowerhede dan ook vas van plan om 'n aanvang te maak met die bou van 'n nuwe Goewermentsgebou op erf 412. „'n Ontwerp van J.W. Leslie Simmonds was goedgekeur en 'n kommissie bestaande uit Johan Rissik (Inspekteur van Publieke werke), J.W.L. Simmonds (Argitek), Marinus Franken (Boukontrakteur) en Klaas van Rysse (Argitek), is aangestel om die ontwerp en bestek weer noukeurig na te gaan."[1] Die kommissie het die planne noukeurig bestudeer en hulle, maar veral Klaas van Rysse, die Sekretaris van die kommissie, het gevoel dat erf 412 ongeskik en veels te klein sou wees vir 'n gebou, soos wat die regering van plan was om op te rig.[2]

Die gevolg was dat van Rysse op 21 Julie 1887, in opdrag van die kommissie, aan die regering geskrywe het dat die erf te klein sou wees vir 'n gebou soos wat die regering verlang het. Hy beveel ook aan dat of 'n ander terrein wat groter is, bekom moes word of dat die terrein uitgebrei moes word. Verder skrywe van Rysse dat die aanvanklike bewilligde bedrag geld (£25,000) te min sou wees met die oog op die voorgestelde veranderinge van die kommissie en dat ten minste £40,000 nodig sou wees.[3]

Op 13 Junie 1887 het M. Franken, die eienaar van die vroeëre Pastorie-erf aan die plein, sy erf in ruil vir erf 412,

waar /..........

1) Pretoriana, Deel 2, Nr. 2 :- H.M. Rex :- Enige mededelings i.v.m. die geskiedenis van twee erwe en 'n straat.
2) R 2136/87:- Ouditeur Genl. aan die St. Sekr. - 4 April 1887.
3) R 4892/87 by R 4496/87:- Van Rysse aan die St. Sekr. - 21 Julie 1887.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarop die Goewermentsgebou was, aangebied sodat die regering dan 'n tweede erf langs die skoolerf (No. 275) sou hê. Instede van twee aparte erwe (no. 275 en No. 412) sou die regering dan twee erwe, No. 275 en No. 276, langs mekaar gehad het. Die voorstel van Franken is egter van die hand gewys omdat die regering toe nog gemeen het dat erf 412 groot genoeg sou wees om die voorgestelde Goewermentsgebou daar op te rig.[4)]

Ook L.G. Forstman, die eienaar van die „European Hotel", wat net langs die Goewermentsgebou op 'n gedeelte van erf 411 gestaan het, het sy gebou te koop aangebied omdat daar dan voorsiening vir 'n geregsaal en die nodige kantore by die Goewerments-gebou op die gedeelte van erf 411 gemaak kon word. Die regering het ook hierdie aanbod van die hand gewys.[5)]

Toe van Rysse se brief, van 21 Julie 1887, dus die regering bereik, het die Uitvoerende Raad besluit om die hele aangeleentheid i.v.m. die oprigting van die Goewermentsgebou te laat vaar, die kommissie, wat verslag moes doen, te ontbind en op 'n latere geleentheid weer op die saak terug te kom.[6)]

En tog was die enigste moontlike uitbreiding na erf 411 as op erf 412 gebou moes word. Hierdie erf wat aanvanklik die eiendom van M.W. Pretorius was, is in 1860 op die name van Christiaan Petrus en Hendrik Stephanus Pretorius getransporteer. Op die oostelike helfte van erf 411, die eiendom van C.P. Pretorius het mettertyd die Hotel „European" verrys en alhoewel L.G. Forstman, soos ons reeds gesien het, die half-erf aan die regering te koop aangebied het, het dit tot 1888 nog aan C.P. Pretorius behoort.[7)]

Die Westelike helfte van erf 411, die eiendom van H.S. Pretorius is in 1889, nadat dit reeds verskeie eienaars gehad het, nog verder verdeel. Die toenmalige eienaar R.C. Green het eerstens 'n servituut vir 'n pad of straat vanaf Pretorius-straat

na /..........

4) R 3926/87:- M. Franken aan die St. Sekr. - 13 Junie 1887.
5) R 4534/87:- L.G. Forstman aan die St. Sekr. - 5 Julie 1887.
6) U.R.B.:- Artikel 251 dd. 21 Julie 1887.
7) Akteskantore :-Erweboeke Pretoria - Erf 411.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na Kerkplein aan E.J. Kock en J.P. Kock langs die westelike grens van erf 411 gegee. 'n Verdere gedeelte van die half erf is toe aan die „Kaap de Goede Hoop Bank Beperkt" verkoop vir £3000.[8] Op hierdie stukkie grond is die latere „Doodskis"-gebou opgerig. 'n Nou gang van drie voet het die gebou geskei van die Alhambra-saal en die twee reuse akkerbome, wat deur Kootjie Vermeulen geplant is en vir baie jare op daardie gedeelte van die Kerkplein gepryk het.[9]

Kort nadat Zytze Wierda, aan die einde van 1887, regeringsargitek en ingenieur geword het, het hy nadat hy van Rysso geraadpleeg het die regering oortuig dat die oostelike helfte van erf 411 bygekoop moes word.[10] Aangesien Wierda belas was met die optrek van die planne vir die nuwe Goewermentsgebou en hy die gebou so beplan het dat dit die hele erf 412 en oostelike helfte van erf 411 sou beslaan het, het die regering toe in Augustus 1888 die halwe erf van C.P. Pretorius gekoop.[11] Die koopsom van die erf was £1,500 plus erwe 877, 878, 881 en 882 (die vier erwe wes van Pretorius-plein).[12] Aan L.G. Forstman, wat 'n huurkontrak vir die „European Hotel" tot 1898 gehad het, het die regering £8,000 vir sy kontrak moes betaal.[13]

Die tenders vir die Goewermentsgebou het op 5 Oktober 1888 om 12 uur gesluit en nog dieselfde dag om 3 uur het die Tenderkommissie saam met die Uitvoerende Raad vergader om die kontrakteur aan te wys.[14]

J.J. Kirkness het die tender gekry en op 6 Mei 1889 het Pres. Kruger die hoeksteen van die nuwe Goewermentsgebou (tans Ou-Raadsaal) gelê.[15]

Aanvanklik sou die gebou net 'n grondvloer en een verdieping gehad het. Op die grondvloer is voorsiening gemaak vir

die /............

8) Ibid en H.M. Rex in Pretoriana, Deel 2, Nrs. 2-4 en Deel 3, Nr. 1, waar die hele aangeleentheid behandel word.
9) Eeufeesalbum van Pretoria, p. 68 - 'n foto van die „Doodskis"
10) H.M. Rex :-Pretoriana, Deel 2, No. 3.
11) Transportakte 2211 van 1888.
12) U.R.B.:- Art. 436 dd 15 Augustus 1888.
13) U.R.B.:- Art. 506 dd 30 November 1888.
14) T.A.: - P.W.D. - Band 1 - St. Sekr. aan S.Wierda - 5 Okt.1888.
15) Eeufeesalbum Pretoria, p. 44 en U.R.B. - Art. 292 dd. 7 Mei 188[illegible]
Die hele aangeleentheid i.v.m. die Raadsaal is vervat in R 6985/88 en R 12069/90.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

drie ingange na die gebou. Een ingang sou van Pretoriusstraat wees, een van Markstraat en die hoofingang van die Kerkplein, aangesien die gebou vanaf Pretoriusstraat, langs Markstraat tot aan Kerkplein, oor die hele oppervlakte van erf 412 en die oostelike helfte van erf 411, sou strek. Op die grondvloer is verder voorsiening gemaak vir 2 kantore vir die President net links van die hoofingang, 'n kantoor of kamer vir die Uitvoerende Raad, kantore vir die Staatsekretaris, Kommandant-Generaal, Registrateur van Aktes, die Landmeter-Generaal, Staatsprokureur, Publieke wagkamer, argief, magesyn, stoorkamers, 'n wagkamer vir naturelle en waskamers.[16)]

Op die eerste verdieping was die Volksraadsaal, leeskamer, koffiekamer, waskamers, kantore van die Tesourier-Generaal, Ouditeur-Generaal, Departement van Onderwys, Departement van Mynwese, Departement van Publieke werke en van die inspekteur van Invoerregte.[17)]

In 1889 het Wierda by die regering aangedring om ook die gedeelte van erf 411, wat aan R.C. Green behoort het, aan te koop. Sy argument was dat Green moontlik geboue op sy erf kon oprig wat die lig van die Goewermentsgebou aan die westekant dan heeltemal sou belemmer. Hy sou liefs sien dat die hele helfte van erf 411 'n publieke straat gemaak word, aangesien dit dan die nodige lig sal verskaf en die skoonheid van die gebou sal verhoog.[18)]

Op aandrang van Wierda is die eiendom van Green toe vir 'n bedrag van £10,000 gekoop met "overname van daarop rustend servituut."[19)]

In 1890, nog voordat die gebou voltooi was, het President Kruger die daarstelling van 'n tweede Volksraad bepleit en moes daar toe voorsiening vir 'n vergadersaal vir die tweede Volksraad gemaak word.[20)]

Om /...........

16) Die grondplan van die "Gouvernements-Gebouwen te Pretoria" - te verkry by die P.W.D. h/v Bosman- en Vermeulenstraat.
17) Plan van die eerste verdieping.
18) T.A. - P.W.D. - Wierda aan St. Sekr. - Briewe 1709 en 2301 van 1889.
19) U.R.B. - Art. 685 dd. 22 Oktober 1889.
20) Die Samestelling van die tweede Volksraad word as bekend beskou

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Om nou voorsiening te kan maak vir 'n vergadersaal vir die tweede Volksraad, moes daar nog 'n verdieping op die Goewermentsgebou aangebring word.

Hierdie vergadersaal is op die eerste verdieping aan die westekant van die oorspronklike plan aangebring. Op die grondvloer was daar op die plan van 1888 (die oorspronklike) 'n kiel gelaat. In hierdie kiel is toe 'n opsigterswoning gebou en bo-op die woning is die tweede Volksraadsaal aangebring. Albei die vergadersale van die Volksraad se mure was twee verdiepings hoog. Op die tweede verdieping (of derde vloer) was daar in albei gevalle 'n galery vir die publiek om die sittings van die Volksrade by te woon. Die gebou is egter op so 'n wyse verander dat die tweede plan pragtig by die eerste aangesluit het en die voorkoms van 'n geheel gegee het. Op die verdieping was daar toe ook nog ekstra kantore beskikbaar, maar ongelukkig toon die planne nie aan waarvoor of vir watter doel hulle gebruik is nie.[21)]

Die tweede Volksraad sou dan gewoonweg eerste vergader om besluite te neem maar hulle besluite was onderhewig aan die goedkeuring van die eerste Volksraad. Baie persone in die Z.A.R. het egter gemeen dat die tweede Volksraad 'n onbenullige rol vervul het en hulle het spottenterwyse na die oprigting van die derde verdieping van die Goewermentsgebou verwys as 'n poging wat aangewend is om nie by die „President Hotel" (Later „Grand Hotel"), wat drieverdiepings hoog was af te steek nie.[22)] Die Grand Hotel het gestaan waar die Standard Bankgebou tans is.[23)]

Die hoofingang van die Goewermentsgebou is vir aldrie verdiepings effens uitgebou sodat die pilare waarop 'n gedeelte van die toring rus, nie op erf 412 te staan gekom het nie, maar wel op die Kerkplein wat na die Kerkvereniging van 1885 toe die eiendom van die Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde Gemeente van Pretoria was. Dit het natuurlik verset uitgelok wat daarop/..........

21) Planne - Uitbreiding van die „Staatsgebouw". 22) Oorvertelling uit die negentiger jare van wyle Mnr.J.F.van Zyl - in lewe opsigter van die „Ou-Raadsaal."
23) Eeufeesalbum Pretoria, p. 45.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarop uitgeloop het dat die regering in 1899 die hele Kerkplein gekoop het.[24)]

In die toring van die gebou is vier klokke by die oorlosie aangebring. Op die klokke kom onderskeidelik die volgende woorde voor :

1. Staatspresident Paul Kruger.
2. Het recht der volken is aan onze zÿde en hoe zwak wy zyn onze God is een rechtvaardig God.
3. Onze leus is de leus onzer vaderen : Eendracht maakt macht.
4. Wy herhalen plechtig, onze leuze is : Eendracht en Verzoening, onze Vryheid is Orde en Wet.[25)]

„Dit is nog, vir sover ek weet, die enigste klok in die wêreld vandag wat die tyd in Afrikaans aankondig nl. half-tien i.p.v. 'n halfuur na nege. Luister gerus wanneer u op Kerkplein staan."[26)] As hierdie feit nie bekend is nie dan wonder 'n mens waarom die oorlosie nie reggesit word nie.

Bo-op die toring is 'n beeld aangebring wat nie juis op een of ander persoon betrekking het nie. Behalwe dat dit algemeen aanvaar word as 'n „Vryheidsbeeld" kan ongelukkig nie meer gegewens daaromtrent verkry word nie.[27)]

In November 1890 kon sommige van die kantore in die Goewermentsgebou betrek word.[28)] In dieselfde jaar is daar ook 'n kontrak met P.C. Paff aangegaan om telefone, „schelgeleidingen en spreekbuizen," in die gebou aan te bring.[29)]

Die deure en vensters van die gebou is deur Kirkness se skoonvader Samuel Baikie van Kirkwall, Orkney Eilande, gemaak. Vandaar is die deure en vensters per boot na Durban en van Durban per spoor na Charleston, naby die Transvaalse grens, ver-

voer /..........

---

24) Die hele aangeleentheid word in die hoofstuk oor die Kerkvereniging behandel.
25) Eeufeesalbum Pretoria, p. 44.
26) Pretoriana, Deel 3, Nr. 3 : Oom Henk : 'n Paar kykies in Markstraat - Vir my lyk die verklaring juis.
27) Skrywer hiervan het heelwat persone omtrent die beeld ondervra en kon nie meer gegewens kry nie.
28) T.A.:- Z.A.R. Publikasies - Band 183 (1894)- Pretoria.
29) T.A.:- P.W.D. - Band 4 - P.C. Paff aan Wierda - 17 Julie 1891.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voer. Van Charleston moes die goedere natuurlik per wa na Pretoria vervoer word omdat die spoorwegaansluiting met Pretoria toe nog nie bestaan het nie.[30)]

Met die voltooiing van die Goewermentsgebou, wat £135,489. 16.11 gekos het,[31)] het die Kerkplein 'n indrukwekkender vertoning gemaak, maar daarop sou nog verbeter word met die oprigting van die Paleis van Justisie, wat op die teenoorgestelde kant van die plein opgerig sou word.

---

## 2. DIE PALEIS VAN JUSTISIE:

Met die uitbreiding en vooruitgang wat Pretoria in die tagtiger-jare van die negentiende eeu gemaak het, kon al die hofsittings nie meer in die Landdroskantoor gehou word nie en is die Hoër-hofafdeling verskuiwe na 'n gebou op die hoek van Andriesstraat en Bureaulaan. Regsgeleerdes het hulle in Bureaulaan kom vestig om naby die geregshof te wees, vanwaar dus die bynaam Aasvoëlstraat (Shark's Alley) gekom het. Die gebou was e waar Turkstras se eerste koffiekamer was, maar wat vandag deur 'n gedeelte van Hamilton se winkel in beslag geneem word.[32)]

Hierdie gebou op die hoek van Andriesstraat en Bureaulaan was nie die eiendom van die regering nie, maar moes vir £500 per jaar gehuur word.[33)] Toe die Goewermentsgebou in 1892 voltooi is en dit duidelik geword het dat daar nog nie genoeg ruimte vir al die regeringsdepartemente in die gebou beskikbaar was nie, het die Volksraad besluit om 'n volgende gebou op te rig waar die hoëgeregshof, Staatsprokureur en Kommissaris van Polisie dan bymekaar kon wees.[34)]

Die hoof van Publieke Werke, S. Wierda, het toe opdrag gekry om die nodige planne vir so 'n voorgestelde Hoëgeregshof of Paleis van Justisie in samespreking met hoofregter J.G. Kotze

en /............

30) Pretoriana, Deel 3, Nr. 2, p. 2.
31) T.A.:- Z.A.R. Publikasies Band 121 - Verslag van die P.W.D. van 1892.
32) Wyle Mnr. J.F. van Zyl - in lewe opsigter van die "Ou Raadsaal" en Eeufeesalbum Pretoria, p. 61.
33) R.8170/92:- Alle stukke i.v.m. die Paleis van Justisie is hier bymekaar.
34) E.V.R.:- Art. 1370 dd. 9 September 1893.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en ander regters op te stel. Die terrein wat vir die oprigting van die gebou gekies is, was die twee erwe (pastorie-erf en skoolerf) regoor die Goewermentsgebou op die noordwestelike hoek van Kerkplein en Markstraat-Noord.[35)]

Die gebou is so beplan dat hy 'n kelderverdieping, grondvloer en eerste verdieping sou hê. Behalwe die hofsale is nie besluit presies watter kamers deur die verskillende amptenare gebruik sou word nie, „van daar dat de bestemming van de verskillende kamers niet op de plannen is aangegeven."[36)]

Die kelderverdieping was egter so beplan dat 'n persoon vanaf Vermeulenstraat op die grondvlak in die kelderkamers kon kom sonder om met trappe af te gaan. Van die Kerkplein moes jy met trappe opklim om op die grondvloer te kom en met trappe afgaan na die kelderverdieping. Die kelderverdieping is dus mynsinsiens grondvloer en die grondvloer van die plan alreeds eerste verdieping alhoewel 'n aansig van die gebou van die Kerkplein dit nie toon nie.[37)]

In die kelderverdieping was die selle van blanke sowel as naturelle prisoniers wat op verhoor gewag het. Die prisoniers kon, volgens die beplanning, direk na hulle selle geneem word vanaf die Vermeulenstraatingang van die gebou. Dan was daar behalwe die selle nog 29 ander kamers wat hoofsaaklik as stoorplek kon diens doen.[38)]

Die vernaamste kamers op die grondvloer was die drie hofsale (tans nog in gebruik). As van die ingang vanaf Kerkplein gebruik gemaak word, kom 'n persoon dadelik in 'n pragtige voorportaal met pilare, wat die balkon van die eerste verdieping dra, en eintlik 'n ruim wagkamer voor die hofsale is. Die hofsale is van mekaar geskeie deur gange wat uitloop op die trappe

wat / ..........

35) R 8170/92:- Paleis van Justisie. Ook Eeufeesalbum Pretoria, p. 61.
36) Publieke Werke Departement - brief 294/95 - Wierda aan die St. Sekretaris - 25 April 1895 (By R 8170/92).
37) Kyk gerus na 'n foto van die Paleis van Justisie wat vanaf Kerkplein geneem is. (Eeufeesalbum van Pretoria p. 61).
38) By R 8170/92 is geen planne van die gebou nie. Die planne is goedgunstiglik aan skrywer verskaf deur Mnr. Mitchell van die huidige P.W. Departement h/v Vermeulen- en Bosmanstraat.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat die kelderverdieping en die grondvloer verbind. Rondom die portaal, hofsale en trappe is daar voorsiening gemaak vir 29 kamers of kantore.[39)]

Die eerste verdieping word beslaan deur die portaal, hofsale en trappe wat na die volgende verdieping lei. Rondom die hofsale is voorsiening gemaak vir 33 kamers en/of kantore.[40)]

Aanvanklik sou die gebou dus ook nes die „Ou Raadsaal" uit twee verdiepings bestaan het. Vir die gedeelte is tenders gevra[41)] en die tender van J. Munro, vir 'n bedrag van £115,260, is aangeneem.[42)]

In 1896 kon die werk toe 'n aanvang neem en op 8 Junie 1897 het President Kruger die hoeksteen gelê.[43)] In dieselfde jaar het die regering egter besluit om die Paleis van Justisie te vergroot. Nog 'n verdieping moes gebou word. Die boukoste is van £115,260 verhoog na £136,247 en die tyd waarin die gebou voltooi moes word, is verleng na 31 Desember 1899.[44)]

Hierdie bykomende of tweede verdieping is met die eerste verdieping met trappe verbind maar het alleen 35 kamers en/of kantore.[45)]

Aan beide kante van die hoofingang op die grondvloer is twee torings gebou en met die koepel tussen die torings word die gebou daardeur mooi afgerond. In teenstelling dus met die Goewermentsgebou wat in die middel van die gebou 'n toring op die koepel het, het die Paleis van Justisie twee torings een aan albei kante van die koepel.[46)]

Die Paleis van Justisie is deur die sameloop van omstandighede egter nooit ingebruik geneem nie. Die eerste diens van

die / ...........

39) Plan van grondvloer.
40) Plan van eerste-vloer.
41) Staats Courant - 24 Julie 1895.
42) R 8170/92.- Tender van J. Munro.
43) Inskripsie van dag, datum en naam van lêgger op die hoeksteen by die kerkplein ingang.
44) T.A.:- Z.A.R. Publikasies - Band 121 - Verslag van die P.W.D. 1897 .
45) Plan van die tweede vloer.
46) Vergelyk die twee geboue soos afgebeeld in die ufeesalbum van Pretoria, p. 61 en p. 75.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die gebou was as hospitaal, na Junie 1900, toe Pretoria in die hande van die Britse militêre owerheid gekom het.[47]

---

3. ANDER REGERINGSGEBOUE.

Soos reeds genoem kon die Goewerments-gebou nie al die regeringsdepartemente van die Z.A.R. gehuisves het nie. Toe in 1892 besluit is om die Paleis van Justisie te bou, is terselfdertyd besluit om ook 'n groter en doeltreffender Landdroskantoor en nog 'n gebou vir regeringskantore op te rig.

Die Landdroskantoor, wat vir jare in die gebou van Austin se winkel was, waar tans die Poskantoor op Kerkplein staan, is mettertyd verskuiwe na 'n gebou effens noord van die ou gebou om plek te maak vir die Poskantoor op die hoek van Kerkplein en Kerkstraat-Wes.[48] Die Landdroskantoor en Poskantoor het in 1888 langs mekaar op erf 322 gestaan.

In 1895 het die regering toe besluit om 'n nuwe Landdroskantoor te bou en is 'n nuwe terrein gesoek.

Die moeilikheid waarmee die regering te kampe gehad het was dat hulle nie die nodige erwe besit het waarop die voorgestelde gebou opgerig kon word nie. Die erwe rondom Kerkplein was meestal bebou en om die grond in besit te kry, moes die regering dan die bestaande geboue op die erwe ook koop. Eienaars van erwe het uit hierdie toedrag van sake probeer munt slaan. So het C. Reck, die eienaar van erwe 366 en 410, sy eiendom te koop aangebied.[49] Erf 366 is die erf waarop die Capitol Bioskoop tans staan en 410 is die erf waar vroeër die motorhawe van Alderson en Flitton op die hoek van Parlement- en Pretoriusstraat was. Die regering het egter nie Reck se grond gekoop nie, maar wel erwe 452, 453 en 454 op die suid-westelike hoek van Pretorius- en die huidige Bosmanstraat vir 'n bedrag van £5,500.[50]

In /............

---

47) Eeufeesalbum Pretoria, p. 61.
48) Ibid, p.64 - Die landdroskantoor met die vlag daarop is duidelik op die foto te sien. Direk naas die landdroskantoor is die poskantoor op die hoek.
49) R 4546/92. - In die bundel is alle stukke i.v.m. die bou van die Landdroskantoor.
50) U.R.B. - Artikel 121 dd. 7 Februarie 1895.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Julie 1895 het die regering ook erwe 407 en 408 op die noord-oostelike hoek van Pretorius en Bosmanstraat bygekoop. Die geboue van Karel Wolff, die eienaar van erwe 407 en 408, moes saam met die erwe oorgeneem word en dit het die koopsom vergroot sodat die regering £12,000 vir die eiendom moes betaal.[51)]

Nieteenstaande die hoof van Publieke werke gemeen het dat die gebou van „Karel J. Wolff en Kom" nie verander kon word nie het die regering tog volgehou dat die gebou die toekomstige Landdroskantoor moes wees. Tenders vir die verandering is gevra en nog in September 1895 neem die Uitvoerende Raad die tender van Dorlas vir 'n bedrag van £1,594.10. 0 aan.[52)] Heel gou het dit egter geblyk dat nog verdere veranderings gemaak moes word en die tenderprys moes vergroot word.[53)]

In Maart 1896 was die nuwe kantore gereed en het S. Wierda aan Landdros C.E. Schutte opdrag gegee dat sy kantore verplaas moet word na die nuwe kantore op die hoek van Pretorius- en Bosmanstraat.[54)]

Intussen is ook tenders gevra vir die oprigting van nog meer regeringskantore op erf 457, wat van Matthysen, die eienaar van die „Minerale Water Inrichting", gekoop is. Hierdie vierverdieping gebou wat tans die Polisie Hoofkwartiere is in Pretoriusstraat, is toe deur J.J. Kirkness vir £30,033 gebou.[55)]

Indien die Anglo-Boereoorlog nie in 1899 uitgebreek het nie, sou die regeringskantore, in die onmiddellike omgewing van Kerkplien, dus omtrent almal in gebruik geneem gewees het.

---

## 4. DIE MARKGEBOU.

In 1888 het J.D. Celliers 'n kontrak met die regering van

die /........

51) U.R.B.:- Artikel 491 dd. 4 Julie 1895.
52) U.R.B. dd. 21 September 1895.
53) R 4546/92:- Bou van die Landdroskantoor.
54) Pa 1 - Band 12 - Wierda aan Schutte - 30 Maart 1896.
55) R 15256/97:- Dokumente i.v.m. die nuwe Regeringskantore.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Z.A.R. aangegaan vir die oprigting van 'n markhuis in Pretoria.[56] Die gebou sou op Markplein opgerig word en die grond waarop die gebou sou staan, moes van die regering gehuur word. Die huur van die grond vir die eerste 5 jaar sou £150 per jaar wees en daarna het die huur met £100 per jaar gestyg tot £700 per jaar.

J.D. Celliers het vir die doel in Oktober 1890 'n maatskappy gefloteer. Hierdie „Pretoria Markt-gebouwen Maatskappy Beperkt", sou dan die gebou oprig. Die totale koste sou £20,000 wees en daar sou in die gebou voorsiening gemaak word vir winkels, kantore, stalletjies en 'n hoofsaal vir die verkoop van markprodukte.[57]

Die regering het die reg voorbehou om die gebou na vyf-jaar oor te neem.[58] Dit het egter nie gebeur nie want in 1895 word die konsessie van die markhuis oorgemaak aan die „Pretoria Market and Estate Co. Ltd.", nadat die „Nederland-Zuid-Afrikaansche Hypotheekbank" die konsessie toe alreeds van J.D. Celliers se maatskappy oorgeneem het.[59]

Die plan van die Markgebou of Markhuis kom ooreen met die bestaande twee-verdieping gebou wat vandag nog op die suid-oostelike hoek van van der Walt- en Kerkstraat staan.[60] Die markkonsessie is ook nooit deur die Z.A.R. oorgeneem nie sodat dit nog nog na die oprigting van 'n munisipaliteit aan die „Pretoria Market and Estate Co. Ltd." behoort het.[61]

---

56) R 7154/88:- Kontrak tussen J.D. Celliers en die Z.A.R.
57) R 7154/88:- Waar alle dokumente i.v.m. die markhuis te vinde is.
58) Ibid.
59) Ibid.
60) Plan van die Markgebou in R 7154/88.
61) R 7154/88:- Dokumente i.v.m. die markhuis.

*********************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VI.

d. ## d. PRETORIA KRY 'N SPOORWEGVERBINDING MET DIE BUITEWERELD.

Dit was gebiedend noodsaaklik vir die Z.A.R. om 'n verbinding met een of ander hawe te verkry. In 1868 het President M.W. Pretorius en in 1875 het President T.F. Burgers weer probeer om Delagoabaai in besit van die Z.A.R. te kry, maar albei pogings het misluk.[1]

Ook die latere planne van President Burgers om Delagoabaai per spoor met Pretoria te verbind het nie geslaag nie.[2] In 1884 het President Kruger met sy besoek aan Europa, egter weer die spoorwegplanne van die Republiek opgeneem[3] en hierdie keer sou dit, nadat baie probleme oorbrug moes word, 'n sukses wees.

President Kruger het die toestemming van die Portugese Regering verkry om Pretoria met die Portugese spoorlyn, waarvan Edward McMurdo die konsessionaris was, te verbind.[4] Hierna het die President toe aan nege Nederlanders 'n konsessie vir die bou van 'n spoorweg oor Transvaalse grondgebied gegee en[5] hulle het toe op hulle beurt die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappy opgerig.[6]

Die nege Nederlandse Konsessionarisse A.C. Wertheim, Prof. N.G. Pierson, J. Groll, D. Maarschalk, A.L. Worfbain, G.M. Boissevain, H.J. de Marez Oyens, Prof. J.P. Moltzer en A.D. de Marez Oyens het toe op 16 April 1884 onderneem om die spoorweg vir die Transvaal te bou op voorwaarde dat die Transvaalse Volksraad die konsessie goedkeur.[7] / .........

---

1) Engelbrecht, Dr. S.P.:- Thomas Francois Burgers, p. 155 en Leyds, Dr. W.J.:- Het insluiting van de Boeren Republieken, Amsterdam, 1914, Deel 1, pp.4-8.
2) Engelbrecht, Dr.S.P.:- Thomas Francois Burgers, pp. 157 - 191.
3) Sandberg, Dr.C.G.S.:- Twintig jaren onder Krugers Boeren in voor en tegenspoed, Amsterdam,1943, p.141.
4) Van Winter, Dr. P.J.:- Onder Krugers Hollanders, Deel I, Amsterdam, 1937, p. 63.
5) Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappy:- Gedenkboek, Amsterdam, 1895, p. 2.
6) Van Winter, Dr. P.J. :- Onder Krugers Hollanders, pp. 85 en 165 - 172.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

goedkeur.[7]

Terug in Pretoria het President Kruger die konsessie ter goedkeuring voor die Volksraad gelê en in Augustus 1884 het die Volksraad die konsessie bekragtig.[8]

Dit was egter nie voor 1887 dat die N.Z.A.S.M. 'n opmetingspersoneel na die Transvaal kon stuur nie.[9] Sommige van die eerste konsessionarisse het hulle toe al onttrek en Groll en Maarschalk was oorlede sodat die konsessie deur die toedoen van Beelaerts van Blokland, konsul van die Z.A.R. in Nederland, op die name van R.W.J.C. van den Wall Bake en J.L. Cluysenaer gestaan het.[10]

Intussen het 'n nuwe probleem in Pretoria opgeduik. Die pryse wat die Z.A.R. vir die vervoer van goedere vanaf Delagoabaai kon vra was grootliks afhanklik van die tariewe wat gehef sou word op die gedeelte spoor wat onder die beheer van McMurdo gestaan het. Om die belange van die inwoners van die Z.A.R. dus te beskerm het President Kruger 'n verbod op die bou van die spoorlyn oor Transvaalse grondgebied uitgevaardig tot tyd en wyl 'n bevredigende ooreenkoms met die Portugese Regering, betreffende die vervoer van boumateriaal vir die spoorweg en latere vragpryse en reisgelde, kon verkry word.[11]

Om die N.Z.A.S.M. nie in die wiele te ry nie is aan hulle toe die konsessie vir die bou van 'n spoorlyn tussen Boksburg en Johannesburg toegesê.[12]

Intussen het die Kaapkolonie van die Oranje-Vrystaat vergunning gekry om 'n spoorlyn vanaf Colesberg na Bloemfontein te lê en indien die Transvaal 'n aan-

aansluiting /.....

7) N.Z.A.S.M.:- Gedenkboek, p. 11.
8) Van Winter, Dr. P.J. :- Onder Krugers Hollanders, p. 73.
9) Ibid, p. 172.
10) N.Z.A.S.M. :- Gedenkboek, p. 17 en Van Winter, Dr. P.J. :- Onder Krugers Hollanders, pp. 80-85 en 165 - 172.
11) Van Winter, Dr. P.J.:- Onder Krugers Hollanders, pp. 172-208 en N.Z.A.S.M.:-Gedenkboek, pp. 24-26.
12) N.Z.A.S.M.:- Gedenkboek, p. 27.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aansluiting met Bloemfontein sou wou toelaat was die Kaapkolonie gewillig om die spoorlyn oor Bloemfontein te verleng tot aan die Vaalrivier. In 1890 het die Volksraad van die Z.A.R. besluit om die voorgestelde aansluiting met Bloemfontein goed te keur en is die konsessie vir die bou van hierdie spoorlyn ook aan die N.Z.A.S.M. gegee.[13)]

Die aansluiting met Bloemfontein sou vanaf Pretoria gemaak word, maar sou nie oor Johannesburg gaan nie. Dit sou die Boksburg-Johannesburg-spoorlyn by Elandsfontein (die latere Germiston) kruis. Van 'n direkte aansluiting tussen Pretoria en Johannesburg was daar dus geen sprake nie.[14)]

Op 1 Januarie 1893 is die Elandsfontein-Pretoria-spoorlyn geopen nadat die Elandsfontein-Viljoensdrif (Vaalrivier) gedeelte reeds in September 1892 geopen is.[15)] Op 1 Januarie 1893 was Pretoria dus per spoor verbind met Johannesburg (oor Elandsfontein) met die Oranje-Vrystaat en met die Kaapkolonie.

Sedert die opening van die Pretoria-Elandsfontein-spoorlyn het daar 'n gereëlde spoorwegverbinding met Johannesburg gekom. Om 6.10 vm., 11.23 vm., 5.50 nm. en 8.00 nm. het treine van Pretoria na Johannesburg vertrek en om 10.10 vm., 4.42 nm. en 10.05 nm. het treine van Johannesburg in Pretoria aangekom.[16)] Die pryse vir enkelkaartjies was as volg : 12/- vir 'n eersteklasreiskaartjie, 9/6 vir 'n tweedeklas en 5/6 vir 'n derdeklas wat bedoel was vir "kleurlingen."[17)]

Die spoorlyn van Elandsfontein het al langs die westelike oewer van die Fonteine-dal gegaan tot nagenoeg

waar /........

---

13) Van Winter, Dr. P.J. :- Onder Krugers Hollanders, pp. 230 - 256.
14) N.Z.A.S.M. :- Gedenkboek, p.40.
15) T.A. :- Z.A.R. Publikasies, Band 183, p. 273.
16) Ibid.
17) Ibid. "Kleurlingen" is 'n algemene benaming vir nie-blankes.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waar die huidige Pretoria-stasie is. Die stasie was eenvoudig maar volledig ingerig. In die hoofgebou wat van steen was, was die dienslokale terwyl 'n reeks op sig self staande kleinere steengeboutjies die restaurant, wagkamer, dameswagkamer, „kabinetten en lampisterie bevatten."[18] 'n „Hoog perron" het die reisigers 'n gemaklike toegang tot die passasierswaens verleen.[19]

Op die ruim stasieterrein (ongeveer 38 Hektare) was die werkswinkels gebou. Hierin sou al die groter herstelwerke van die N.Z.A.S.M. gedoen word. Die oppervlakte van die gebou was nagenoeg 8000 vierkante meters en dit het 'n smeltoond met nege dubbele vuurherte, 'n groot draaitafel vir lokomotiewe, 'n gietery, wamakery met die modernste gereedskap, skilderkamers, skrynwerkersbanke en kruisspoorlyne vir lokomotiewe om goedere op te laai, gehuisves.[20]

Die gegalviniseerde sinkgeboue van die werkswinkels is in Nederland gedeeltelik aanmekaar gesit en stuks gewyse na die Z.A.R. vervoer.[21] Dit het die N.Z.A.S.M. dus nie lank gevat om sy werkswinkels in Pretoria op te rig en werksaamhede aan die gang te sit nie.

In 1890 het G.A.A. Middelberg, die besturende direkteur van die N.Z.A.S.M., in Pretoria aangekom om die Oosterlyn-konsessie enigsins te wysig[22] en nadat hy in 1891 en 1893 weer in Pretoria was het hy in 1894 hom vir die volgende paar jaar alhier gevestig om persoonlik aandag te gee aan die verskillende spoorlyne van die N.Z.A.S.M. Sy vernaamste helpers was M.E.H. Breuning, die hoof ingenieur, A. van Lennep, ook ingenieur, C.L. Plate, die

hoof / .........

18) N.Z.A.S.M. : - Gedenkboek, p. 79.
19) Ibid. Hier word 'n beskrywing van Pretoria-stasie gegee.
20) Ibid.
21) Ibid, p, 80.
22) Ibid, p. 29.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoof van beplanning, M.E. de Wildt, sekretaris-ingenieur en J.F.L. van Hasselt, werktuigkundige ingenieur.[23] Hulle kantore was almal gehuisves in die N.Z.A.S.M.-gebou wat vandag nog aan Paul Krugerstraat, die vroeëre Markstraat, naby die teenswoordige stasie staan.[24]

Tot 1892 was Dr. W.J. Leyds, staatsprokureur en na 1889 staatsekretaris van die Z.A.R., die Spoorwegkommissaris van die regering. Hy is toe deur J.S. Smit, wat landdros van Pretoria was, opgevolg.[25]

Onder die bekwame leiding van Dr. Leyds en later van J.S. Smit het die Volksraad en die N.Z.A.S.M. goed saamgewerk. President Kruger en G.A.A. Middelberg was veral goed bevriend met mekaar.

Die teenwoordigheid van die N.Z.A.S.M. in Pretoria het natuurlik as gevolg gehad dat die Hollanderelement in die dorp versterk is. Die meeste hoofamptenare van die N.Z.A.S.M. was Nederlanders en waar Pretoria die hoofkantoor van die maatskappy gehuisves het, het hierdie amptenare hulle dan ook in Pretoria gevestig. Dit het op sy beurt die persone wat teen die Hollanderelement in die Z.A.R. was die kans gegee om President Kruger met sy "Hollanders" aan te val.

S.J. du Toit, die vroeëre Superintendent van onderwys, het saam met generaal P.J. Joubert e.a. gepoog om die konsessies aan 'n Frans-Belgiese sindikaat te gee, terwyl andere soos Samuel Marks aansluiting by die Kaapse spoorweë bepleit het.[26]

Die aankoms van die eerste treine in Pretoria het ook beteken dat poskoetse, poskarre en transportwaens

van / ..........

23) N.Z.A.S.M. :- Gedenkboek, p. 35.
24) Ibid, p. 80.
25) J.S. Smit was 'n broer van generaal N.J. Smit.
26) Van Winter, Dr. P.J. :- Onder Krugers Hollanders, pp. 109 - 130 en pp. 235 - 246.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van Pretoria na anderdorpe stadigaan verdwyn het.

Aangesien President Kruger soms per spoor sou reis het die N.Z.A.S.M. twee spesiale passasierswaens laat bou vir die Staatspresident. Hierdie twee waens is met die grootste sorg vervaardig en ryklik versier. Die een was was 'n ruim salon met gemaklike sitplekke terwyl die ander wa twee kompartemente besit het wat of sitplek vir agt persone of slaapplek vir vier persone verskaf het. Verder was daar dan die nodige was- en toiletgeriewe geinstalleer.[27)]

G.A.A. Middelberg het natuurlik ook sy eie stel van twee spoorwegwaens besit, maar hulle was eenvoudiger en minder versier as die van die Staatspresident.[28)]

Hierdie spesiale spoorwegwaens was in die groot werkswinkel op die stasie gronde gestoot[29)] en dit was in hierdie spesiale spoorwegwaens van die president dat President Kruger op 29 Mei 1900 van Eerste Fabrieken na Machadodorp vertrek het om nie weer lewend na Pretoria terug te keer nie.[30)]

Die ander spoorwegwaens of passasierswaens was in drie klasse verdeel. Die eersteklastipe het kompartemente gehad sodat reisigers daarin heeltemal privaat was. Die kompartement het terselfdertyd ook slaapgeriewe gebied wat nie die geval was in die tweedeklas spoorwegwaens nie. Die tweedeklas waens was sonder kompartemente en het ruimte gebied vir 30 passasiers. Die derdeklas of passasierswaens vir "Kleurlingen" het ook net sitplekke sonder slaapgeriewe gehad.[31)]

Die lokomotiewe, waarvan een tans nog op die Pretoriase spoorwegstasie te sien is, was van die lang-skoorsteen tipe wat vandag nog af en toe te sien is, maar heelwat /................

27) N.Z.A.S.M. :- Gedenkboek, p. 87.
28) Ibid, p. 88.
29) Mondelingse gegewens van wyle Mnr. J.F. van Zyl. Sien bronnelys, p. 375, vir meer besonderhede oor wyle mnr. van Zyl.
30) Eeufeesalbum van Pretoria, p. 72. Hierdie twee spoorwegwaens is tans deel van die Kruger-museum en staan in die agterplaas van die Krugerhuis.
31) N.Z.A.S.M. :- Gedenkboek, p. 87.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat kleiner. Die sleepkrag van die lokomotiewe was baie minder as die van die huidige lokomotiewe in die Unie, maar vir die inwoners van Pretoria wat in 1893 vir die eerste keer kennis gemaak het met spoorvervoer, moes hulle verbasende sterk masjiene gewees het.

Die bouverbod op die Lourenco Marques-spoorlyn is op 24 September 1889 opgehef nadat die Portugese Regering eerstens MacMurdo se konsessie ingetrek het en tweedens 'n tariefooreenkoms met die Z.A.R. gesluit het.[32] Vanaf 1892, totdat die Oosterlyn voltooid sou wees, sou die Kaapse spoorweë dan die Witwatersrand kon bedien. Daar die Regering van Transvaal egter voorkeur gegee het aan die hawe van Lourenco Marques, is volgens die gewysigde konsessie, aan die N.Z.A.S.M. net tyd gegun tot die 31ste Desember 1894 ter voltooiing van die lyn na hierdie hawe.[33]

Die spoorlyn wat volgens die plan van die Portugese Ingenieur MaChado aangelê was, het in Junie 1892 tot Nelspruit gevorder.[34] Sedert 1893 is ook vanaf Pretoria begin met die bou van die spoorlyn, nadat die regering die verhoogde koste daaraan verbonde goedgekeur het, want die boumateriaal vir hierdie lyn moes oor die Kaapse spoorweë na Pretoria vervoer word.[35]

Op 20 Oktober 1894 het die twee gedeeltes mekaar by Balmoral bereik. Op 2 November 1894 het President Kruger die laaste bout vasgeskroef en op 18 November 1894 was die spoorlyn gereed vir die eerste "doorgaande personen-trein."[36]

Op 1 Januarie 1895 is die Delagoabaai-spoorlyn geopen en kon gereëlde treindienste in werking gestel word.[37]

Die lang begeerde spoorweg na 'n Nie-Britse of neutrale hawe was voltooi en vir die Z.A.R. was dit so 'n heuglike gebeurtenis dat in Julie 1895 die offisiële feestelike opening te Pretoria plaasgevind het.

Ter bywoning van die feestelikheid is / ........

32) N.Z.A.S.M.:- Gedenkboek, p.28.
33) de Winter, Dr.P.J.:-Onder Krugers Hollanders, Deel 1, Bylae, p.282, Art.10. 34) Ibid, Deel II, p. 155.
35) Ibid, p. 163. 36) N.Z.A.S.M. : - Gedenkboek, p.35.
37) Ibid, p. 36.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is die volgende hoogwaardigheidsbekleërs uitgenooi : Sir Henry Loch, goewerneur van die Kaap-kolonie; die Waarnemende President van die O.V.S.; die goewerneur van Mosambiek; die Goewerneur van Natal, Sir Hely-Hutchinson, al die konsuls in Pretoria; die bemanning van die Nederlandse oorlogskip „Wilhelmina"; die bemanning van die Duitse oorlogskip wat ook vir die verrigtinge na Lourenco Marques gestuur was; die Uitvoerende Raadslede; Lede van albei huise van die Volksraad; hoofamptenare van die Z.A.R.; Die personeel van die N.Z.A.S.M. in Transvaal, konsuls van die Z.A.R. in Lourenco Marques, Natal en Kaapstad en vooraanstaande inwoners van Pretoria en Johannesburg. Vir die feesmaaltyd wat in die hoofsaal van die Markgebou gehou sou word, is nie minder as 400 uitnodigings uitgestuur nie. Aan almal wat die maaltyd sou bywoon, is 'n kaart van die saal gestuur om aan te toon waar sy of haar sitplek sou wees en van watter ingang gebruik gemaak moes word. John, die eienaar van die Transvaal Hotel, het die kontrak vir die lewering van die voedsel en drank gekry, terwyl die hele reëling van die feestelikheid aan die sorg van Dr. W.J. Leyds, die Staatsekretaris opgedra is.[38)]

'n Week voor die offisiële ontvang het die bemannings van die oorlogskepe alreeds in Pretoria aangekom. Met tenniswedstryde, toutrek e.a. sport, met piekniekś by die Fonteine, met eet- en danspartye „vlogen de dagen onbegrypelyk snel om en zoo allergenoegelykst, dat wy van onze gasten de uitnodiging kregen om eenige dagen te Lorenco Marques de hunne te zyn."[39)]

Die Volksraad wat in sitting was, het van 6 tot 17 Julie verdaag. Pretoria was in feesgewaad. „De luchtig opgevatte trofeën, afgewisseld door vlaggepalen en verbonden met guirlandes en festoenen, en de verschillende poorten en bogen tusschen het station en de Marktgebouwen met hunnen vroolyke en goedgekozen kleuren vormden een verrassend effect; en over het geheel een artistieke decoratie, die de ontwerper en de ver -
vaardigers /.......

38) Sandberg Dr. C.G.S.: Twintig jaren onder Kruger's Boeren in voor- en tegenspoed, p. 157.
39) Ibid, p. 159.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vaardigers tot eer verstrekken. De Markt-halle was in een prachtige zaal herscheppen. Prachtige tafereelen, meest alle van gezichten langs den spoorweg van Pretoria naar Delagoabaai, versierden, als waren het muurschilderyen, de wanden en het fraaie panorama van Lourenco Marques en de baai den agtergrond van het marktgebouw. De pilaren met hunne kapiteelen; de decoratie aangebracht met kolossale fraaie gordynen, koorden, vergulde kwasten en franje; de keurige wyse waarop het plafond was gedrapeerd, de kunstige geschilderde wapenborden, schilden en inscriptiën; in een woord alles getuigde van bekwame en vaardige handen, die in een betrekkelyk korten tyd en met zooveel smaak zulk een feestzaal wisten te scheppen.[40)]

'n Dag voor die opening van die fees was daar al 'n bonte en digte menigte in die versierde strate van Pretoria. Hotelle en wonings was vol met gaste wat uitgesien het na die 8ste Julie 1895. Die ere-gaste vanaf Lourenco Marques is op Komatipoort deur Genl. Joubert verwelkom terwyl die gaste van die Kaap-kolonie en O.V.S. op Elandsfontein deur die Staatsprokureur verwelkom is. Met die aankoms van die trein van Lourenco Marques is kanonskote afgevuur. Die 9de Julie is die ingesetenes na die Markgebou vir die feesmaal waar die landdros van Pretoria hulle verwelkom het.

Vir die feestyd was Burgerspark, die vroeëre Botaniese Tuin en die Goewermentsgebou verlig. Voor die Goewermentsgebou was 'n gevleuelde "rad", wat as simbool van die spoorweg, met rooi, wit, blou en groen kleure versier was. Bokant die wiel (rad) was die Transvaalse wapen en die woorde : "Eendracht maakt macht" aangebring. Vir almal moes dit dus duidelik gewees het dat die N.Z.A.S.M. na aan die hart van die regering van die Z.A.R. gelê het.

Op die 10de Julie het party besoekers weer Pretoria verlaat. Die wat nog vertoef het, is eers na die Staatsmunt waar hulle

silwerpennies/..........

---

40) T.A.: - Z.A.R. Publikasies - Band,185 p. 44.
Vir Fotos van die feestelikhede sien die Eeufeesalbum van Pretoria, pp. 52 - 53.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

silwerpennies ontvang het en is toe op rytoere om Pretoria geneem. Op die 11de Julie het die Volksraadslede op uitnodiging van die Portugese Goewerneur vertrek na Lourenco Marques waar hulle ook feestelik onthaal is en op die 16de Julie eers weer in Pretoria terug was.[41)]

Die grootste hulde is aan President Kruger en G.A.A.Middelberg gebring maar daar is ook hulde aan wyle President T.F. Burgers gebring by wyse van 'n uitnodiging wat aan sy weduwee gerig was om aan die feestelikhede as gas van die Regering deel te neem.[42)] In dieselfde jaar het die Volksraad op voorstel van die Uitvoerende Raad besluit om met Mevrou Burgers se toestemming die lyk van wyle Pres. Burgers te laat opgrawe en in die kerkhof te Pretoria te laat herbegrawe, en 'n gedenksteen op die graf te plaas.[43)]

Die werk wat deur President Burgers aangepak is, is deur President Kruger met die hulp van die N.Z.A.S.M. voltooi en die Z.A.R. was uiteindelik met 'n neutrale hawe verbind. Pretoria, wat die middelpunt van die gebeurtenisse in die Z.A.R. was, het ook baie gebaat. Daar was die Spoorwegstasie, die N.Z.A.S.M.-geboue in Markstraat-suid, die werkplaas van die N.Z.A.S.M., al die amptenare van die N.Z.A.S.M. wat in Pretoria werksaam was en veral G.A.A. Middelberg wat met sy familie die sosiale lewe van Pretoria verryk het.[44)]

Na 1895 sou Pretoria ook per spoor verbind word met Rustenburg en Pietersburg, maar dit sou baie makliker met die bou van die spoorlyne gaan omdat die N.Z.A.S.M. voor 1895 die baanbrekerswerk i.v.m. die bou van spoorlyne gedoen het.

---

41) Ibid.
42) Engelbrecht Dr. S.P :-Thomas Francois Burgers, p. 405.
43) Ibid.
44) Vir meer besonderhede i.v.m. Middelberg raadpleeg die Hetzog-Annale, Jaargang 2, Eerste Aflewering, 'n Artikel van Dr. F. du T. Spies :-Briewe uit Transvaal van G.A.A. Middelberg (1896 - 1899).

**********************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K VII.

## SOSIALE AANGELEENTHEDE.

### a. DIE ALGEMENE ONTWIKKELING EN GROEI VAN PRETORIA 1881- 1899.

In Augustus 1882 het die Kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Gemeente offisieël berig van die Volksraad ontvang dat die Kerkplein voortaan nie meer as 'n mark gebruik sou word nie. In 1879 het die Kerkraad reeds 'n versoek aan Sir Owen Lanyon se regering gerig om die Kerkplein nie meer as markplein te gebruik nie en is dit ook goedgekeur maar toe die Engelse bewind in 1881 beëindig is, het die inwoners van Pretoria nog steeds op die Kerkplein mark gehou. In 1882 is die versoek van 1879 toe weer herhaal en goedgekeur.[1] Die „Uitspanningsplein" tussen van der Walt-, Prinsloo-, Kerk- en Pretoriusstraat het toe Markplein geword.[2]

Aangesien M.W. Pretorius in 1867 transport van die Kerkplein, aan die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Pretoria gegee het, het die Kerkraad ook nou transport in hulle naam van die regering gevra.[3] Vir die doel moes die Kerkplein toe weer opgemeet word. Die grootte is vasgestel op drie morge 171 vk. roede 69 vk. voete en die grense is as volg vasgelê : „Grensende ten noorde aan Markstraat en erven Nos. 275, 276, 277 en 278, ten suide door Markstraat en erven Nos. 411, 412, 413 en 414, ten oosten door Kerkstraat en erven Nos. 323, 324, 367 en 368 ten westen door Kerkstraat en erven Nos. 321, 322, 365 en 366, zoo als zeker kaart geformeerd door den Landmeter Arthur Henry Walker dd. Maart 1875 en goedgekeurd door den Landmeter Generaal op den 11 den Augustus 1875."[4]

Volgens hierdie beskrywing van die Kerkplein was daar geen straat toegelaat tussen die omliggende erwe en die Kerkplein nie. Die Kerkplein het inteendeel aan die erwe

gegrens /..........

1) R 1875/82:- Boukommissie aan Staatsekretaris 30 Maart 1882.


2) De Volksstem:- 16 Augustus 1882.

3) R 5971/82:- G. Erasmus aan Staatsekretaris - 30 Oktober 1882.

4) R 4693/83:- Registrateur van Aktes aan Staatsekretaris - 8 Oktober 1883.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Die Kerkplein sou na 1882 dus rustiger word omdat daar nie meer mark gehou sou word nie. 'n Eienaardige sameloop van omstandighede het dit so bewerkstellig dat daar toe ook kort na die verskuiwing van die mark 'n nuwe kerkgebou op die Kerkplein gebou moes word.

Die grasdak van die ou Kruisvormige Kerk op Kerkplein het tydens 'n storm ingestort nadat „de wormen byna al het houtwerk hadden verteerd."[5] Voordat die dak herstel kon word, het die kerk op onverklaarbare wyse ook aan die brand geraak en afgebrand sodat die mure gesloop moes word.[6]

Die brand in die kerk „werd in die dagen beschouwd als een oordeel Gods, omdat Shepstone daar in 1877 was ingezworen..."[7]

Hoe dit ook al sy, die gemeente van Ds. H.S. Bosman het dadelik ingespring, hulle het in die ou skoolgebou, met langs die /.......

5) De Volksstem - 16 September 1882.
6) Wolmarans, A.D.W. :- Kerkhistoriese Feiten, Pretoria pp, 11-12.
7) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die pastorie, kerk gehou en in Oktober 1883 die hoeksteen van 'n nuwe kerk op Kerkplein gelê.[8] Die tender van £16,600 vir die kerkgebou was aan Franken gegee[9] en op 23 Januarie 1885 is die nuwe kerkgebou deur Ds. Bosman en sy gemeente ingewy.[10]

Gelukkig dat daar kompetisie in die lewe is want die Gereformeerde Gemeente in Pretoria het mynsinsiens in 1885 gevoel dat ook hulle kerkgebou aandag nodig het. Hulle kerk is toe opgeknap en op 16 Oktober 1885 het Ds. J.S.L. Venter die inwydingsplegtigheid waargeneem.[11]

Sedert die begin van 1883 het Pretoria ook 'n opleidingskool vir onderwysers gekry. Die inrigting het sy klasse in die vroeëre „Prospect Semenary" gehad en die sestien ingeskrewe kandidate het onder die bekwame leiding van die heer W. Louis gestaan.[12]

Aan die behoefte vir 'n saal, waarin konserte en dies meer gehou kon word, is ook in die tussentyd voorsien. Onthou sal word dat Mevrou President Burgers begin het met die insameling van fondse vir die oprigting van so 'n gebou. Haar ideaal is met die oprigting van die Stadsaal op erf 321 aan die noord-westelike hoek van Kerkplein verwesenlik.[13] Die „Pretoria Dramatic and Musical Society" het ook terdeë gebruik van hierdie saal gemaak en gereëld hulle konsert daar gegee.[14]

Behalwe die reeds bestaande hotelle soos Gaisford se „Family Hotel", die „Masonic Hotel", die „European Hotel" en die „Royal Hotel" is daar ook op erf 459, reg agter die huidige „Ou Raadsaal" in Pretoriusstraat, die „Union Club" geopen.[15] Op die Kerkplein was daar dan nog die berugte of beroemde „Hole in the Wall" waar die „City Building Society" hulle eer-

ste /.........

8) De Volksstem - 9 Oktober 1883. 9) Ibid - 25 April 1883
10) Eeufeesalbum Pretoria, p. 40.
11) De Volksstem - 22 Oktober 1885.
12) De Volksstem - 10 Januarie 1883. Sien Hoofstuk 8 i.v.m. Onderwys.
13) Eeufeesalbum Pretoria, p. 42 - Kaart van J. v. Dooren en Oeder. 1889.
14) De Volksstem - 7 Julie 1883.
15) Ibid - 23 Augustus 1882.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ste byeenkomste gehou het. Die „Hole" was agter 'n bouvallige muur op die noordelike hoek gevorm deur Kerkstraat-Oos en Kerkplein en daardeur moes die besoeker al bukkende gaan om sy dors te les. Die muur het as gordyn gedien.[17)]

In 1884 is weer 'n poging aangewend om 'n stadsraad in die lewe te roep en alhoewel 'n komitee, deur die inwoners gekies, dorpsregulasies opgestel het, het die poging misluk. Al wat die inwoners hiermee bereik het, was dat die regering in 1887 vir alle drpe in die Z.A.R. dorpsregulasies gepubliseer het[18)] en dat nog 'n waterfiskaal en 'n gesondheidsinspekteur vir Pretoria aangestel is.[19)]

Pretoria het gegroei maar stadigaan moes die dorp ook van sy oudste en bekendste inwoners afgee. Op 15 Junie 1885 is William Skinner oorlede[20)] en op 13 Maart 1887 het nog 'n gesiene inwoner, S.J. Meintjies, heengegaan.[21)]

In 1887 hetdie regering 'n begin gemaak met die oprigting van die „Volkshospitaal." Die inrigting het twaalf erwe present gekry en sou 'n jaarlikse toelae van £500 ontvang. In Julie 1888 is die hospitaal geopen. Daar was twee kamers met ses beddens elk vir nie-betalende pasiënte en een kamer met drie beddens vir betalende pasiënte, 'n spreekkamer, badkamer,

kombuis /.............

16) Ibid - 30 September 1882.
17) De Volksstem - 20 Junie 1916 'n artikel van Ds. Bosman.
18) Staats Courant - 19 Januarie 1887 - Die regulasies word nie hier behandel nie omdat hulle in wese dieselfde is as die wat in 1898 in gebruik geneem is en alreeds in hoofstuk VI b. behandel is.
19) De Volksstem - 17 Maart 1887.
20) Willem Skinner het eers op die hoek van Skinner- en Markstraat, regoor die ou Hotel Residensie gewoon voordat hy na „Skinner's Court" ten weste van die dorp getrek het. In sy lewe was hy Bou-aannemer, Timmerman, Landdros, Stadsraadslid en vennoot van L. Devereux. Sy doodsberig beslaan 'n groot gedeelte in „De Volksstem" van 22 Junie 1885, wat bewys hoe hoog Skinner aangeskrewe was.
21) De Volksstem - 15 Maart 1887 - Meintjies was advokaat en eienaar van die meule te Leeubrug en van die plaas Arcadia. Meintjieskop is na hom vernoem.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kombuis en spens, 'n kamer vir die opsigter en 'n kamer vir die assistent opsigter. Mej. Pagett het die eerste matrone geword.[22)]

In 1887 het J.S. Smit, in die plek van J.Z. de Villiers, landdros geword[23)] en vanaf 1887 het Pretoria ook die vinnigste gegroei.

In 1888 het Sigmund Neumann 'n konsessie om gasverligting vir Pretoria aan te lê, verkry,[24)] maar dit kon klaarblyklik nie uitgevoer word nie want in Maart 1889 doen Jan van Zwieten aansoek om 'n konsessie „tot het leveren van electrisch licht in Pretoria, en buitenwyken of voorsteden."[25)]

Tot 1888 en selfs tot 1895 toe die elektriese skema in werking gestel is, moes dit vir die voetganger, wat nie 'n lig by hom gehad het nie, besonder moeilik gewees het om van die een plek na 'n ander in Pretoria te gaan. Behalwe dat die dorp baie watervore gehad het, sou so 'n persoon ook nie die roos- en draadheidings op 'n donker aand kon sien nie. Dit moes dus vir die inwoners 'n heuglike tyding gewees het toe elektriese verligting vir Pretoria in die vooruitsig gestel is.

J. van Zwieten het sy konsessie vir 50 jaar gekry en dit sou dus eers in 1939 verval het. Die konsessionaris was toegelaat om stoom of waterkrag te gebruik vir die opwekking van die elektriese krag[26)] en die plek „alwaar de fabrieks gebouwen zullen worden opgericht is gelegen aan de Noord west zÿde der stad, nabÿ de Schoolplaats tussen de Bloed en Strubenstraten." Hierdie terrein was gekies omdat die mening toe bestaan het dat „de stad zich aan die zÿde (niet) veel zal uitbreiden."[27)]

In die konsessie aan van Zwieten word die spesifikasies van die hoogte van die elektriese pale en drade ook baie mooi vasgelê /..........

22) Ibid - 3 Februarie 1887 en 5 Julie 1888. Vir meer besonderhede sien hoofstuk 7 - c.
23) De Volksstem - 21 April 1887. 24) R.3363/88;- Fred Kleyn aan die Staatsekretaris - 14 April 1888.
25) Staats Courant 25 Januarie 1893.
26) Ibid - punte 1 en 2 van die konsessie.
27) R 3363/88.- Fred Klein aan die Staatsekretaris - 14 April 1888.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vasgelê. Op Kerkplein moes die laagste punt van die draad by die buig tussen die pale 16 vt. van die grond wees. Elders kon die drade 12 vt. van die grond wees.[28] Hierdie hoogte was natuurlik vasgelê met die oog op die ossewaens met hulle tente wat nog gereëld die hoofstad besoek het. Alle pale en lampe moes deur die konsessionaris verskaf word en die pale moes van yster wees.

Alle fooie vir die verskaffing van elektrisiteit sou natuurlik na die konsessionaris gaan en daarvoor was die tarief :

a. Vir Booglampe van 500 kerskrag - 1/3 per branduur.

b. Vir Gloeiligte van 16 kerskrag - 2½d. per branduur.[29]

Om egter seker te maak dat die konsessie uitgevoer sou word, moes J. van Zwieten 'n waarborgsom van £1,000 by die regering inbetaal.[30]

Aangesien van Zwieten in 1889 al gekla het oor 'n tekort aan fondse, kon hy die konsessie nie uitvoer nie en in 1890 word die konsessie toe aan Lewis Peter Ford en Julius Jeppe (Jnr.), as twee direkteure van die „Zuid Afrikaansche Electriciteits Maatschappy Beperkt," gesedeer.[31]

Hierdie maatskappy was nie in Pretoria gevestig nie. Lewis Peter Ford, na wie Fordsburg in Johannesburg vernoem is, was eintlik die hoof van 'n agentefirma in Johannesburg voordat hy later Prokureur-Generaal van die Z.A.R. geword het.[32] Julius Jeppe, na wie Jeppestown vernoem was,[33] was ook van Johannesburg en alhoewel hulle die konsessie van van Zwieten oorgeneem het, het hulle in 1893 nog nie veel in verband met die verligting van Pretoria vermag nie. In November 1894 herroep die regering alle vorige konsessies en word 'n nuwe ooreenkoms met die „Pretoria Verlichting Maatskappy Beperk" aangegaan. Johan Rissik het vir hierdie Pretoria-maatskappy en C.K. van Trotsenburg vir die regering opgetree. Die voorskrifte vir die oprigting van pale en drade kom baie ooreen met die voor-

skrifte /............

28) Punt 12 van die konessie - St.Courant 25 Jan. 1893.
29) Punt 26 - Ibid. 30) Punt 35 - Ibid.
31) Staats Courant - 25 Januarie 1893. Van die woorborgsom word niks vermeld nie.
32) Jeppe, C.:-The Kaleidoscopic Transvaal , Preface,p.viii.
33) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


skrifte wat in die konsessie aan van Zwieten genoem is. Die tariewe vir die verskaffing van die elektriese krag word in die vergunning egter baie duideliker omskrywe as wat die geval was met van Zwieten se konsessie. Die koste sou volgens die aantal brandure, wat met meters wat die maatskappy moes verskaf, kon bepaal word. Dit sou teen 'n tarief van 1.66 pennies per uur per gloeilamp van 16 kerskrag bereken word. Een kerskrag sou volgens Duitse standaard 'n „paraffine kaars van 20 mm. middellyn, waarvan 6 stuks 500 gram weeg," wees.

Met die installering het die regering die volgende voorwaardes gestel : Die aansluiting moes aan die telefoonnet te Pretoria gemaak word en die straatverligting moes uit 77 booglampe van 7 „amperes" en 27 gloeilampe van 32 kerskrag bestaan. Verder moes in al die regeringsgeboue ook elektriese lig aangebring word. In die poskantoor moes 58 lampe, in die Staatsdrukkery moes 94 lampe, in die Staatsgebou (tans Ou Raadsaal) moes 587, in die telegraafkantoor 46, in die polisiestasie 6 en in die staatsbiblioteek moes 36 lampe aangebring word. Alle lampe moes van 8 kerskrag sterkte wees.

As die maatskappy £6000 per jaar van die regering vir die verligting kry, sou die regering nog £70 per jaar vir booglampe van 7 „amperes" en £15 per jaar vir 32 kerskrag-gloeilampe betaal. As die rekening van die maatskappy £7000 beloop dan sou die regering 5% afslag kry. Vir £8000 sou die afslag 10%,vir £9000 - 15% en vir £10,000 - 20% wees. Die regering sou drie-maandeliks sy rekeninge uit die kantoor van die Tesourier-Generaal betaal. Op maanligaande sou daar geen straatverligting wees nie. As 'n straat-lig nie brand nie, het die regering die reg voorbehou om £3 af te trek vir 'n brandingstyd van 'n nag. Voorts moes die maatskappy £1000 as waarborgsom inbetaal.

As daar enige winste was, moes 25% van die winste nadat 8% aan die aandeelhouers uitbetaal is, aan die regering oorbetaal word en die regering het die reg voorbehou om die

vergunning /.........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vergunning na 10 jaar in te trek, waarna die regering dan die eienaars van die kragstasie sou word. By insolvensie van die maatskappy verval die kontrak of indien geskille sou ontstaan, kon die partye elk 'n arbiter benoem wat dan gesamentlik 'n derde persoon sou benoem. Die vernaamste en laaste bepaling was dat die maatskappy in Pretoria moes woon.[34]

Pretoria, die setel van die regering, kon in 1895 spog met „het mooiste Gouvernementsgebouw van Zuid-Afrika" en „avonds schitteren de straten door al de electrische lichten. Het Kerkplein praalt met zyn paleisachtigen gebouwen. De jonge dames heffen met trotsche houding hare hoofden op als zy 's avonds naar de concerten of opera's gaan. Men telt vyf Rechters, twee Landdrosten met hun kantoren en honderden klerken in den Gouvernements dienst."[35]

In Augustus 1888 het die regering ook begin met die oprigting van 'n brandweerstasie in die agterplaas van die Landdroskantoor, wat nou gehuisves was net langs die nuwe Poskantoor op die noord-westelike hoek gevorm deur Kerkstraat-Wes en die Kerkplein.[36]

In 1888 het J.F. Celliers die drukkery van „De Volksstem" aan die regering vir £20,000 verkoop. 'n Gedeelte van die drukkery word toe die staatsdrukkery onder die direksie van P.W.T. Bell.[37] Die ander gedeelte van die drukpers en drukkersmateriaal is aan Wichers Jonker verkoop daar die regering blykbaar nie alles vir sy publikasies nodig gehad het nie.[38]

J.S. Smit het in 1887 landdros J.Z. de Villiers as sodanig opgevolg. Die werk het egter vir een persoon te veel geword en daarom het die regering in 1892 'n tweede landdros in die persoon van C.E. Schutte aangestel.[39] P.J. Botha en J.A. Lieben-

berg /..........

34) T.A.: - Z.A.R. Publikasies Band 150 - Pretoria : Akte van vergunning aan die „Pretoria Verlichting Maatskappy Beperk - Pretoria - 6 November 1894.
35) Du Plessis, C.N.J.:-Uit de Geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikaanders, Amsterdam - Pretoria, 1898, p. 137. 36) De Volksstem-13 Augustus 1888.
37) De Volksstem - 26 November 1888.
38) Vir meer gegewens oor „De Volksstem" sien hoofstuk 8 c.
39) Landdrosstukke Pretoria:- Pa 1 - Band 7 - 1892.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


berg is aangestel as stadsinspekteurs wie se pligte dit was om saam met die distriksgeneesheer Dr. Messum te waak oor die gesondheid van die stad. Die watertoevoer was onder die sorg van A. Goesbeek en von Mussa met W. Smit en M. Smit om hulle te help.[40]

Vir die invordering van erf- en persoonlike belasting moes die „Civiele Commisaris" sorg terwyl die registrasie van die inwoners die werk geword het van die Veldkornet en assistent-veldkornet. Op 25 September 1891 kla Melt Marais, die veldkornet, toenoor die assistent veldkornet oor die toestand „De bevolking van deze stad neemt dagelyks toe en velen der nieuwe inkomelingen verzuimen hen by my aan te melden."[41]

Oor die oprigting van die staatsgeboue het die hoof van Publieke Werke toesig gehou. Tot 1887 het Klaas van Rysse in sy hoedanigheid as waarnemende „Gouvernements Ingenieur en Architect" die werk gedoen totdat Sytze Wierda aan die einde van 1887 as sodanig aangestel is.[42]

Pretoria het selfs 'n speurderskantoor gekry. Die kantoor was aanvanklik, totdat die Landdroskantoor op die hoek van die huidige Bosman- en Pretoriusstraat voltooi was, in die ou pastorie op die hoek van Kerkplein en Markstraat-Noord gehuisves.[43]

Die opgemete erwe van Pretoria was in 1890 of almal bewoon of verkoop sodat nuwe erwe bygemeet moes word. Die eerste gedeelte wat bygemeet is, was Arcadia. Dit het ingesluit die erwe oos van Beatrixstraat, tussen Hamilton-, Edmond- en Kerkstraat en verder die erwe vanaf Beatrixstraat tot Hillstraat tussen Kerk- en Parkstraat. Ook 'n gedeelte van die huidige Sunnyside en Muckleneuk is in dieselfde jaar opgemeet.[44] Die opmeet van die erwe in Arcadia, Muckleneuk en Sunnyside is

deur /........

---

40) T.A.:-Z.A.R. Publikasies - Band 181 - Pretoria.
41) Pa 1 - Inkomende stukke 1891 - Band 7.
42) Rex, H.M.:-Enige mededelings i.v.m. die Geskiedenis van twee erwe en 'n straat. (Pretoriana, Deel 2, Nr. 3).
43) Pa 1 - Band 7 - Wierda aan J.S. Smit - 25 November 1892.
44) Akteskantore - Kaarte van Arcadia, Muckleneuk en Sunnyside.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur twee verskillende landmeters, J. Rissik en von Wielligh aangepak[45] en is deur 'n proklamasie van die regering as gedeelte van Pretoria aangeheg.[46]

Sunnyside is 'n deel van die plaas Elandspoort 193 en die gedeelte wat in 1890 opgemeet is, het 235 erwe ingesluit. Die erwe het gelê vanaf die Apiesrivier tot by Bourkestraat en vanaf Parkstraat tot by Rissikstraat.[47]

Ook Muckleneuk is 'n gedeelte van die oorspronklike plaas Elandspoort 193 wat aan G. Bronkhorst onder Transport No. 1390 van 1875 behoort het. In 1893 het M. Walker die gedeelte tussen Smithstraat tot by Klipstraat en Cross-straat, vanaf Walkerstraat oor Bereastraat uitgemeet. Die gedeelte wat von Wielligh hier opgemeet het, was die erwe vanaf Bourkestraat tot by Klipstraat en vanaf Walkerstraat tot by Bereastraat asook die erwe tussen Mearstraat en Mainstraat.[48] Eers in 1903 is die erwe vanaf Harmoniestraat tot by Mainstraat opgemeet.[49]

Walker het ook in 1898, Sunnyside vanaf Walkerspruit en Villastraat tot by Farendenstraat verder opgemeet.[50]

Die gedeeltes van Arcadia wat in 1890 nie opgemeet is nie, is vanaf 1898 tot 1925 stuksgewyse bygemeet.[51]

In 1892 was daar ook 'n uitbreiding na die weste van Pretoria. Die regering het landmeter von Wielligh belas met die opmeet van die gedeelte wat tans as Pretoria-Wes bekend is. Hierdie opmeting het erwe 1180 tot 2173 of anders gesê, die erwe tussen Lorentzstraat tot Buitekantstraat ingesluit.[52]

Goedehoop is eers in 1897 deur landmeter F.S. Watermeyer in 186 erwe, wat vanaf Boomstraat tot by Vermeulenstraat en wes van Potgieterstraat gelê het, opgemeet.[53] Hierdie erwe was egter kleiner as die gewone Pretoria-erwe. Die

gedeelte /..........

45) Ibid. 46) Staats Courant - 27 Augustus 1890.
47) Akteskantore - Kaart S 8. 48) Ibid - Kaart M 17.
49) Ibid - Kaart M 17. 50) Ibid - Kaart S 8
51) Ibid - Kaart van Arcadia. Sien ook Bylae 3 i.v.m. die gedeeltes wat hierbo beskrywe is.
52) Landmeter-Generaalkantore - Kaart 7/11.
53) Akteskantore - Kaart P 14.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedeelte het sy naam van Ds. H.S. Bosman gekry.[54]

Verder weg van Pretoria is op die plaas Les Marais, die eiendom van Nielen Marais, ook erwe opgemeet. Een gedeelte van die plaas het die naam Mayville gekry en daar is 258 erwe in 1896 deur Walker opgemeet[55] nadat op Les Marais alreeds 100 erwe in 1890 opgemeet is.[56] Gaandeweg het die armer inwoners van Pretoria na die weste en noord-weste van Pretoria verskuiwe terwyl die meer gegoede inwoners hulle in die oostelike voorstede gevestig het. Die persone wat geen grond kon bekostig nie, het 'n soort plakkerskamp op die gronde wat vandag deur die Algemene Hospitaal, Moedersbond en „V" geboue beslaan word, gevorm. En so vroeg as 1898 is van hierdie gebied al gepraat as „Die Donkiekamp."[57]

---

54) De Volksstem - 1 Maart 1912 - 'n Artikel van Ds. Bosman.
55) Akteskantore - Kaart M 6.
56) Ibid - Transport No. 707/1891.
57) Mondelinge vertelling - Mevr. Dr. W.E. Bok - Mackenziestraat 375, Brooklyn.

****************

## H O O F S T U K VII.

b. OPENBARE GERIEWE:

I. DIE STAATSBIBLIOTEEK:

Reeds in 1876 het Dr. Roorda-Smit in sy huis 'n begin met die versameling van boeke vir 'n biblioteek gemaak."[1] Hierdie biblioteek was egter nie toeganklik vir die publiek van Pretoria nie daar dit hoofsaaklik vir die Gimnasiumskool bedoel was. Die waarde van hierdie biblioteek het daarin gelê dat dit die publiek van Pretoria op 'n groot leemte wat bestaan het, gewys het.

In 1878, tydens die Engelse bewind, het Ds. Weavind, van die Wesleyaanse Kerk, die biblioteek-idee van Dr. Roorda-Smit

verder /..........

---

1) Engelbrecht, Dr. S.P.:-Thomas Francois Burgers, p.142.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verder uitgebou. Hy het 'n leeskamer in die winkel van Lys wat regoor die Raadsaal gestaan het, begin.[2] 'n Biblioteekkomitee is saamgestel en dit het uit die volgende here bestaan: Regter Kotze (president), Ds. G. Weavind (Sekr.), S. Melvill (tes.), Cooper, Rex, Kisch en F. Jeppe. Ds. Weavind het baie gou 150 ingeskrewe lede gehad onder wie hy £100 vir 'n bestelling boeke uit Engeland gekollekteer het.[3]

Hierdie biblioteek het hoofsaaklik net Engelse boeke bevat en is in 1881 gesluit omdat meeste van die Engelse Pretoria verlaat het.[4]

Nadat Ds. S.J. du Toit in 1882 as Superintendent van Onderwys aangestel is, het hy en Ds. A.J. Begemann hulle beywer om weer 'n biblioteek vir Pretoria daar te stel. Engelse en Hollandse boeke is versamel en toe 'n kamer in die ou skool op Kerkplein afgestaan is as biblioteeksaal, is Ds. A.J. Begemann as Bibliotekaris aangestel.[5] Die ruimte was weldra te klein. Die bibliotekaris wou graag nog 'n kamer in die ou skool vir sy biblioteek by gekry het maar aangesien die ou regeringskantore toe juis afgebreek is om plek te maak vir die nuwe Raadsaal (tans ou Raadsaal) en die regering dus die ou skool vir kantore gebruik het, kon die president nie aan die wens van Ds. Begemann voldoen nie.[6]

In 1887 was alle reëlings i.v.m. die pasgestigte biblioteek toe in orde en kon die publiek daarvan gebruik maak. Die een kamer in die ou skool moes ook as leeskamer diens doen, maar alleen ingeskrewe lede van die biblioteek kon van die leeskamer gebruik maak omdat die ruimte baie beperk was.[7]

In 1894 het die biblioteek al so uitgebrei dat daar boeke ter waarde van £700 was.[8] Dit was toe noodsaaklik dat meer ruimte verkry moes word. In 1895 het die biblioteek met J.F.E. Celliers as bibliotekaris en onder die naam „Pretoria Public

Library"/.....

2) De Volksstem - 16 Feb. 1917 - 'n Artikel van Ds. A.J.Begemann.
3) De Volksstem - 18 Junie 1878.
4) Ds. A.J. Begemann - De Volksstem - 16 Feb. 1917.
5) Ibid. 6) Ibid.
7) T.A.:- Z.A.R. Publikasies - Band 183 - Verslag van aangeleenthede in Pretoria.
8) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Library" na die Erasmusgebou, op die noord-oostelike hoek van Kerkplein verskuiwe. Die biblioteek was van 10 vm. tot 10 nm. oop en die intekengeld was of £3 of £2 of £1, nagelang van hoeveel boeke uitgeneem mag word. Daar was toe 5277 boekdele waarvan 3077 Hollandse en Duitse en 2200 Engelse boeke was.[9)]

En tog het die biblioteek nie lank in die Erasmusgebou gebly nie. Aangesien die biblioteek vanaf sy oprigting in 1887 'n staatsinstelling was, moes die regering sorg vir akkomadasie en is die biblioteek in 1898 na 'n ruimer lokaal in die Staatsdrukkery, in Bureaulaan, oorgeplaas.[10)]

Die biblioteek het toe tot die Anglo-Boere-oorlog so te sê 'n deel van die Staatsdrukkery gebly en dit was eers na die oorlog dat die biblioteek toe verskuiwe is na 'n „more imposing and commodious building, recently erected at the top of Market Street.[11)]

II. „PAARDETREMS."

Op 25 April 1889 het F.C. Eloff namens P.N.J. Smit by die Uitvoerende Raad aansoek gedoen om „Paardetrems" vir Pretoria aan te skaf.[12)] Dit sou nes die bekende elektriese trems op ysterspore loop maar deur perde getrek word.

Hierdie aansoek is egter nie voor die begin van 1890 goedgekeur nie.[13)] Die Uitvoerende Raad was van mening dat perde later vervang sal moet word deur stoom of 'n ander vorm van krag, maar hulle het die konsessionaris darem die versekering gegee dat hy voorkeur sou kry indien daar 'n verandering aangebring sou word.[14)]

Die konsessie van 1890 was egter onderhewig aan 'n paar voorwaardes nl. dat daar eers planne van die voorgestelde tremlyne aan die regering voorgelê moes word en dat die werk dan

binne /.......

9) Ibid - Band 184 - Pretoria aangeleenthede.
10) Municipality of Pretoria and S.A. Railways:-City of Pretoria and Districts, Johannesburg 1913, p. 63.
11) Ibid. - Die gebou is vermoedelik die gebou in Paul Krugerstraat naby die Duitse-klub waar 'n gedeelte van die Staatsdrukkery nog gehuisves is.
12) R 4110/89:- F.C. Eloff aan die Staatsekretaris - 25 April 1889.
13) U.R.B.:- 16 Januarie 1890 - Art. 31.
14) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

binne een jaar na die goedkeuring aangepak en binne twee jaar daarna voltooi moes wees.[15] Verder is bepaal dat die spoorwydte 3 vt. 6 dm. en die spore sterk genoeg moes wees om 3 ton rollende materiaal per as te dra. Dan moes die hoogste snelheid van die trems nie 8 myl per uur oorskrei nie en mag net perde of muile vir die doel gebruik word. Vyf persent van die bruto inkomste moes aan die regering oorbetaal word en dan moes die konsessionaris ook nog £1000 as waarborgsom aan die regering betaal.[16]

Dit lyk egter asof daar op die tydstip 'n konsessiejag in Pretoria aan die gang was.

Nes in die geval van die Elektriese ligverskaffingskonsessie het hierdie „Paardetrem"-konsessie van die een persoon na die ander gegaan. In November 1891 het Carel Haman die houer geword en in Julie 1895 het hy weer die konsessie oorgemaak aan die „Johannesburg City and Suburban Tramways Co. Ltd.," wat die konsessie op hulle beurt in Oktober 1895 aan die „Pretoria Tramway Co. Ltd." oorgemaak het.[17]

Die „Pretoria Tramway Co. Ltd." het eers in 1896 begin met die lê van die spoorlyne en hulle was daarmee besig tot 1898 toe die spoorlyne om Kerkplein eers klaar gelê is.[18]

Toe die spoorlyne om Kerkplein so ver gevorder het dat die perdetrems in gebruik geneem kon word, het klagtes teen die nuwe publieke vervoer ook letterlik gereën. Daar is gekla dat die oponthoud op Kerkplein te lank duur, dat daar te veel van die trems op die Kerkplein staan (dit verhinder die ander verkeer), dat die gefluit naby die Goewermentsgebou en veral naby die kamer van die Uitvoerende Raad, stoornis veroorsaak en dat die aankomende trems in Kerk- en Markstraat nie vanaf die standplaas op Kerkplein gesien kon word nie.[19]

Die /...........

---

15) R 4110/89:- F.C. Eloff aan die Staatsekretaris - 25 April 1889 en Staats Courant - 29 Januarie 1890.
16) Staats Courant - 29 Januarie 1890 - Voorwaardes re „Paardetrems."
17) R 4110/89:- Dit bevat alle dokumente i.v.m. perdetrems.
18) Ibid.
19) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die roetes was : a. Vanaf die spoorwegstasie langs Markstraat na die Kerkplein; verder met Markstraat-Noord tot in Bloedstraat; dan met Bloedstraat tot by Schubartstraat en verder met Schubartstraat af tot oor Boomstraat waar die stalle op die „Schoolplaats" was.

b. Vanaf die latere Leeubrug in Kerkstraat na die Kerkplein; van daar met Kerkstraat-Wes tot in Schubartstraat; dan met Schubartstraat tot in Skinnerstraat en met Skinnerstraat na die Renbaan, wat net langs die huidige Yskorklub lê.

c. Vanuit Kerkstraat met du Toitstraat tot op die hoek van du Toit en Esselenstraat; verder met Esselenstraat en dan in de Kockstraat tot op die noord-oostelike hoek van Krugerplein in Sunnyside.[20)]

Hierdie tremlyn maatskappy het 'n kapitaal van £65,000 in £1 aandele uitgegee. Hulle reserwefonds was £15,000 en met Johann Rissik, R.K. Loveday en E. Rooth as direkteure was die besigheid op so 'n hegte voet geplaas dat hulle na die Anglo-Boereoorlog hulle besigheid in Pretoria kon voortsit.[21)]

----------

III. ANDER PUBLIEKE VOERTUIE :

Behalwe perdetrems was daar in die negentiger jare ook huurrytuie of „Cabs" gewees.

Enig iemand mag 'n lisensie vir 'n huurrytuig by die Landdros aangevra het waarna hy dan 'n standplaas aangewys is. Daar was dan ook rytuie vir blankes en nie-blankes, wat algemeen onder die naam „kleurlingen" gegroepeer was. Die rytuie vir nie-blankes moes egter van 'n duidelike opskrif „Kleurlingen" voorsien gewees het. Die lisensiegeld was 5/- per maand per rytuig. Die drywer moes sy voertuig aan enigiemand verhuur as hy nie in gebruik was nie en hy kon nie weier nie. Sou hy weier, kon sy lisensie weggeneem word.

Elke /.............

20) R 4110/89:- Afleidings van die Kaart van J. van Dooren en J.H. Oerder wat onder hierdie „R" nommer te kry is en ook in die antwoord op die petisie van 17 Mei 1897 dd. 29 Sept. 1897 - Ook te vind by R 4110/89.

21) R 4110/89:- Lys van Direkteure en aandelekapitaal.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Elke passasier was dan geregtig op 60 lb. passasiersgoed, maar hier was die drywer beskerm want hy kon weier om meer as een persoon op te laai.

Die tarief in die stad en omgewing was :

a. 7/6 per uur vir 'n omnibus of landau en 5/- per uur vir 'n kar of „spider".

b. Ingeval die rytuig nie per uur gehuur was nie kon die eienaar een sjieling per persoon vra. Vir drie of meer persone mag hy egter nie moer as 2/6 per rit vra nie.

c. Vir ritte buite die stadsgebied moes die prys vooraf gereël of die rytuig vir 'n bepaalde aantal ure gehuur word.

Die omnibus of landau was 'n groot vier-wielige voertuig en daarom was die fooie vir die gebruik daarvan hoër as die vir die ligter „spider". Albei soorte voertuie kon egter die vervoer van dronk of siek persone weier. Goedere wat in die rytuig agtergelaat word, moes by die polisie afgegee word.

Na sononder moes die voertuie van lampe voorsien wees en die eienaar moes altyd sorg dat sy voertuig in 'n goeie toestand is.

Enige persoon wat aansoek gedoen het vir 'n „cab"-lisensie moes eers bewys gelewer het dat hy wel daartoe in staat was om 'n voertuig te beheer, alvorens 'n lisensie aan hom uitgereik is. Hier kan dus tereg gepraat word van 'n drywerslisensie wat 'n persoon moes besit.

Indien 'n eienaar van 'n „cab" van die regulasies oortree, kon hy beboet word en by meer as een oortreding kon sy lisensie selfs geskors word.[22)]

Nieteenstaande al hierdie regulasies het baie persone 'n heenkome gevind deur huurrytuigeienaar te word. Die Kerkplein was veral die voordeligste standplaas en rye huurvoertuie kon bedags om die plein aangetref word.[23)] Die perde se voer en water is bedags na die plein saamgebring en terwyl die eienaar

vir /............

22) Locale Wetten der Z.A.R., 1895:- Wet No. 16 van 1895.
23) Eeufeesalbum van Pretoria, p. 39 en p. 61.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir passasiers gewag het, het hy sy perde dan voer en water gegee.[24)]

Van hierdie huurrytuigeienaars kon glo baie knap en handig met 'n karsweep geslaan het. 'n Sekere kêrel was glo so knap dat hy 'n perdevlieg van sy perde kon afslaan sonder dat hy die perd raakslaan. Toe 'n sekere persoon hom, tydens 'n rit, vra om 'n perdebynes by sy huis vir hom ook net gou te gaan afslaan, het hy botweg geweier. Sy rede was glo dat die perdebye 'n organisasie en nie individue was nie.[25)]

Die perde wat vir die huurrytuie gebruik was, was baie goed versorg en die eienaars het gespog en gekompeteer om die mooiste paar perde te besit. Die netjieste voertuig met die mooiste perde het dan ook gewoonlik die meeste aftrek gekry.[26)]

-----------------

## IV. TELEFOONDIENS.

In 1879 is Pretoria telegrafies met die buitewêreld verbind. Op Donderdag 21 September is die laaste telegraafpaal tussen Heidelberg en Pretoria in Pretoria geplant en die aand is die heuglike gebeurtenis met 'n dinee in die hotel „European" gevier.[27)]

Gaandeweg het die inwoners van Pretoria van hierdie gerief begin gebruik maak en in die meeste regeringskantore is telefone aangebring. In November 1890 is 'n telefoonstelsel ook in die nuwe goewermentsgebou (tans Ou Raadsaal) aangebring[28)] en van toe af was telefoongesprekke aan die orde van die dag.

Kragtens Uitvoerende Raadsbesluit van 26 Julie 1892 - Artikel 579, kon die publiek in Pretoria toe aansoek doen by die telefoonkantoor vir aansluiting by die telefoondiens van Pretoria.

Die prys van 'n aansluiting het £8.15. 0 beloop. Vir 'n tweede aansluiting was die fooie £7.10.0 Die dienstye gedurende

werksdae /.......

---

24) Vertelling wyle Mnr. van Zyl. In lewe opsigter by die „Ou Raadsaal."
25) Vertelling Ds. G. Grobler van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, soos aan hom vertel deur ou inwoners van Pretoria.
26) Ibid. 27) Sien hoofstuk V b.
28) T.A.:- P.W.D. - Band 4 - P.C. Paff aan Wierda - 13 Julie 1891.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

werksdae was van 7.30 vm. tot 7.30 nm. en met feesdae was die dienstye van 9 vm. tot 10 vm. en weer van 5 nm. tot 5.30 nm.

Dit het meegebring dat die regering 'n groot personeel in die Telegraafdepartement moes aanhou. Die hoofvan hierdie departement was C.K. von Trotsenburg wat 'n salaris van £750 per jaar ontvang het. Onder van Trotsenburg was W.J. Geerling, as verantwoordelike klerk, P. Campbell, as eerste klerk en H.C. ten Haaf as die inspekteur van telegraaflyne en kantore. Hierdie persone is verder deur J.H. Ebbeler, D.A. van Trotsenburg, C. van Elden, de Braconier, B.C. Barrett, G.H. Vos, S.J. Bezuidenhout, E.W. Sprawson, T. Fox, H.T. Cooper en W. Sidgwich benewens nog 'n aantal klerk bygestaan.[29)]

Die waarde van 'n telefoon- en telegraafdiens is egter so algemeen bekend dat hier nie verder daarby stil gestaan word nie.

---

V. ALLERLEI.

Dit wil voorkom asof die Kaapse Handelsbank wat in 1874 in Pretoria opgerig is, gedurende die Engelse bewind van 1877-1881, sy besigheid in Pretoria gestaak het. In 1877 is die Standard Bank in Pretoria op die hoek van die huidige Banklaan en Kerkplein geopen net langs die toe so bekende „President Hotel" wat later die „Grand Hotel" geword het en wat gestaan het waar tans die Standard Bank-gebou is.

In 1879 het „De Bank van Afrika" onder die bestuur van W. Carson, in 1886 die Natal Bank en in 1888 „De Nederlandse Bank en Crediet Vereniging" egter bygekom. Die vooruitsigte vir Banke was blykbaar so goed in Pretoria dat in 1891 „De Nationale Bank der Z.A.R. Beperk en Staatsmunt" en die „African Board of Executors and Trust Co." ook hier 'n begin gemaak het.[30)]

Later /..........

29) T.A. - Z.A.R. Publikasies - Band 183 - Pretoria.

30) Ibid - Waar al hierdie banke gevestig was kon nie vasgestel word nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Later (1895) het die „Nederlandse Bank en Crediet Vereniging" in twee gesplits nl. in „De Pretoria Hypotheek Bank Beperkt, Direkt voor Z.A." en in „De Ned. Z.A. Hypotheek Maatskappy Beperkt."[31)]

Die bank by wie die Staat en gevolglik Pretoria, die meeste belang by gehad het, was sekerlik die „Nationale Bank der Z.A.R. Beperk en Staatsmunt", wat net langs die huidige Poskantoor in 1892 gebou is en waarvan Pres. Kruger die hoeksteen op 6 Julie 1892 gelê het.[32)]

Geld was nie meer skaars nie en om sy regmatige aandeel vir die onderhoud van die strate in Pretoria te kry het die regering toe waarskynlik tolhekke net buite Pretoria op die weë wat na die stad gelei het, opgerig. Daar was een te Sesmylspruit, een te Daspoort, een waar tans Beatrixstraat en Zoutpansbergweg mekaar by die sirkel by die huidige "V" geboue ontmoet en een op die pad na Oos-Transvaal, vermoedelik waar die „Doll's House" tans is.[33)]

Die tolhekke was daar om geld van die plaasboere, wat produkte op die mark kom verkoop het, te vorder. Die tolbeamptes het egter nie net boere met plaasprodukte voorgekeer nie maar alle persone wat van die pad gebruik gemaak het laat betaal. Die tarief was ses pennies vir 'n perd, 'n sjieling vir 'n kar en perde en twee sjielings vir 'n wa en osse. As 'n boer nie geld gehad het as hy na die dorp gegaan het nie, is bv. sy wa se domkrag in pand gehou totdat hy dit kom los het. Later het die boere in opstand gekom teen die gebruik van tolhekke en is die een by die begin van Beatrixstraat met 'n span osse weggesleep. Dit was die einde van die tolhekke.[34)]

Die driwwe rondom Pretoria was in die negentiger jare maar in 'n treurige toestand. Die een deur Apiesrivier in Kerkstraat-

Oos /........

31) Ibid - Band 184 - Afdeling Pretoria.
32) Pretoriana, Deel 1, Nr. 2, pp. 4 - 10.
33) Pretoriana, Deel 1, Nrs. 3 - 4. Mnr. C. Morgan : Herinnerings uit Oud-Pretoria. Ook mededeling Kom. Luderitz van Hercules.
34) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oos was die meeste gebruik en daarom het die regering in 1894 'n brug oor die Apiesrivier laat bou onder die toesig van S. Wierda, die hoof van Publieke Werke. J. Kirkness was die kontrakteur en hy het die brug in 1895 voltooi.[35] In 1898 het die regering hekwerk langs die kante van die brug laat aanbring[36] en van toe af was Arcadiabrug bekend as Leeubrug omdat koperleeus op die punte van die hekwerk geplaas is.

Een van die verenigings waaraan sedert 1892 seker die meeste vooraanstaande Pretorianers behoort het, was die Landbougenootskap van Pretoria. Daar die regering van die Z.A.R. nie 'n landboudepartement gehad het nie was die doel van die vereniging om die landbou vooruit te help en aan te moedig. Die stigter van die vereniging was Kommandant-Generaal P.J. Joubert en hy is heelhartig bygestaan deur Karl. F. Wolff, voorheen koopman te Johannesburg; Sir Jacobus de Wet, Britse agent in Pretoria, A.J. (Doel) Zeederberg, kontrakteur vir perde- of poskoetse; T.W. Beckett, bekende handelaar in Pretoria; J.D. Erasmus, ou Volksraadslid; R.T.N. James van Silverton na wie Jameshalt op die Delagoabaai spoorweg genoem is; Dr. Straud; Gen. Nic. Smit, die held van Majuba; Pres. Kruger; A.H. Nellmapius, die konsessionaris van Eerste Fabrieke; J.F. Celliers, stigter van die Volkstem; Mnr. Smuts, assistent-sekretaris van die genootskap; Frikkie Eloff; T.N. de Villiers; Komdt. J.M.A. Wolmarans; J. Goldswain, 'n boer by Silverton, en Komdt. Henning Pretorius van die Staatsartillerie.[37]

In 1894 het Rooth en Wessels (prokureurs) van die Landdros toestemming gekry en is die Pretoria Klub op erf 277, waar tans die Reserwe-bank gebou is, opgerig.[38]

Nes /.........

35) T.A.: - Z.A.R. Publikasies - Bande 183 en 184 - Pretoria.
36) Staats Courant-9 Mrt. 1898 en R 955/98; - Hoof publieke werke aan Staatsekr. - 22 Jan. 1898 Kirkness was weer die kontrakteur.
37) Eeufeesalbum Pretoria, p. 50 en „De Zuidafrikaanse Post" - 9 November 1905: - 'n Artikel van C. Beelaerts van Blokland.
38) Pa 1 - Band 9 - Rooth & Wessels aan Landdros - 9 Mei 1894 en kaart van J. van Dooren en J.H. Oerder by R 4110/89.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nes Johannesburg, het Pretoria dus ook verbasend uitgebrei en gegroei na die ontdekkingvan goud op die Witwatersrand.

**********************

## H O O F S T U K   VII.

### c. HOSPITALE, DIE MUSEUM EN DIERETUIN IN PRETORIA.

#### a. DIE VOLKSHOSPITAAL.

Mevrou Burgers, eggenote van die gewese president, en die dames van Pretoria het begin met die fondseinsameling vir 'n hospitaal in Pretoria.[1] Die eerste hospitaal is toe opgerig op 'n stuk grond waar vandag die brandweerstasie van Pretoria staan,[2] maar na die Eerste Vryheidsoorlog is daar pogings aangewend om 'n Volkshospitaal op te rig. Die ou hospitaal was vermoedelik gedurende die Engelse-bewind van 1877-1881 gebruik, maar gedurende die beleg van Pretoria, Desember 1880 - April 1881, moes dit diens doen as Offisiers-menasie.[3]

Na 1881 het die offisiers-menasie weer hospitaal geword maar toe is, soos alreeds gesê, besluit om 'n Volkshospitaal op te rig op 'n stuk grond naby die Artilleriekamp.[4]

In 1888 het die hospitaal 'n staatsinrigting geword. Op 2 Julie 1888 is die Staats- of Volkshospitaal toe geopen met M.E. de Jongh as matrone en Joan Sedserff as hoofverpleegster. Leonora du Toit, A. Ahnelt en M. Scrutton was die verpleegsters in die blanke-afdeling terwyl Alida van Malsen die naturelle-afdeling behartig het. Dr. J.B. Knobel was die hospitaaldokter. Die Hospitaalraad het uit die volgende here bestaan : J.S. Smit (Voorsitter) J.S. Marais (Vise-Voorsitter), F.P.J. van Nikkelen Kuyper, E.F. Bourke, J. van Alphen, J.F. Celliers, F.A. Grunberger en F.C. Stiemens (sekretaris).[5]

In September 1892 is die regulasies vir die Volkshospitaal

gepubliseer /...........

---

1) Sien Hoofstuk IV - c van hierdie werk vir meer besonderhede.
2) H.C. Marais in „Die Brandwag" van 1 Augustus 1910.
3) Afleiding van die feit dat die Offisiersmenasie na 1881 hospitaal geword het. As daar 'n ander hospitaal was sou die menasie nie as hospitaal gebruik gewees het nie.
4) Z.A.R. Publikasies - Band 185 p. 220.
5) Z.A.R. Publikasies - Band 183 , p. 249 en De Volksstem 5 Junie 1888.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gepubliseer en is die naam van die hospitaal deur wetgewing vasgelê.[6] Netsoos die huidige reëlings van die huidige Volkshospitaal, is die destydse Volkshospitaal opgerig en instand gehou deur die Regering en deur bydraes van die publiek. 'n Skenking van £25 het 'n persoon lewensreg gegee vir 2 pasiënte per jaar. 'n Skenking van £50 het 'n persoon 'n besermheer van die hospitaal gemaak en reggegee tot 3 pasiënte per jaar.[7]

Die skaal van betaling was die volgende :

12/- per dag vir 'n enkelprivaatkamer.

8/- per dag vir 'n dubbelprivaatkamer en

5/- per dag vir 'n bed in 'n algemene kamer.

Private pasiënte moes vir hulle eie dokters betaal. Hospitaalpasiënte is natuurlik op Staatskoste verpleeg.[8]

Alle besoekers aan die hospitaal moes hulle name teken in die besoekersboek met 'n opgaaf van redes vir die besoek.[9]

Die besoekdae was Woensdae, Vrydae en Sondae en die besoekure was in die somer van 4 nm. tot 7 nm. In die winter was die besoekure vroeër en wel van 2 nm. tot 5 nm.[10]

Die Volkshospitaalgebou van 1888 bestaan vandag nog. Vandag is dit egter as die „Malan Tehuis" van die Suid- Afrikaanse Spoorweë bekend. 'n Besoek aan die Te Huis in Potgieterstraat, tussen die Verdedigings Hoofkwartier en die Tronk, sal enige bejaarde inwoner van Pretoria weer laat terugdink aan die dae toe die gebou nog hospitaal was.

---------------

b. DIE LEPROSE-GESTIG.

Die huidige gestig is met 'n besluit van die Tweede Volksraad van 22 September 1897 en van die Eerste Volksraad van 12 Oktober 1897 formeel goedgekeur.[11] Dit was egter nie die begin van hierdie inrigting nie.

Die /........

6) Staats Courant - dd. 28 September 1892.
7) Ibid - Regulasies van die Volkshospitaal - Art. 4.
8) Ibid - Art. 28. 9) Ibid - Art. 52. 10) Ibid - Art. 53.
11) Locale Wetten 1897, p. 294 - E.V.R.B. - dd. 12 Oktober 1897 - Art. 1489 en T.V.R.B. dd 22 Sept. 1897 Art. 1216.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die eerste bekende geval van Lepra in die Z.A.R. het op 10 September 1888 voorgekom. 'n Jong seun van 11 of 12 jaar is by die baksteenoonde te Pretoria in 'n besmetlike toestand aangetref. Die bevinding van die distriksgeneesheer was dat hy aan lazarus gely het en hoewel dit skynbaar 'n „uitgebrande geval was, het dit heelwat ontsteltenis veroorsaak, aangesien daar toe van Staatsweë nog geen voorsiening vir die afsondering van lepralyers was nie.[12)]

Aanvanklik wou die Staatsekretaris (W.E. Bok) die pasiënt laat opneem in die plaaslike hospitaal, maar toe die hospitaal-raad (Commissie) die toelating geweier het, het Landdros J.S. Smit en Goewermentsingenieur en argitek, S. Wierda, 'n plek aan die Daspoortrand, waar die Bantulelokasie tans geleë is, uitgesoek vir die oprigting van die nodige geboue.[13)]

Op 25 Februarie 1890 was die leprosebarak en die appas-serswoning voltooi en in gebruik geneem. Die gebou het net uit 4 kamers bestaan en aangesien elke kamer slegs twee pasiënte kon bevat, was daar net vir 8 pasiënte voorsiening. Dr. Gordon B. Messum was destyds die distriksgeneesheer vir die leprose-gestig teen 'n besoldiging van £100 per jaar.[14)]

Rondom die gestig en tuine was daar 'n hoë omheining sodat die geboue „behoorlyk afgesloten worden van het publiek ver-keer."[15)] Die gronde was egter so ruim dat met die Kinderpokke epedemie van 1893 daar klaarblyklik van die Leprosegestig gebruik gemaak is om persone af te sonder.[16)]

In 1896 het die Landdros van Pretoria opdrag gekry om voorsiening te maak vir melaatse persone van ander distrikte[17)] en toe is dit dat die Regering besluit het op die oprigting van die gestig op 'n gedeelte van die dorpsgrond, ongeveer 6 myl ten weste van die dorp.[18)] Hierdie terrein aan die helling van die

Daspoortrand /....

12) Pretoriana, Deel 3, No. 1 :- Dr. I. le Roux : Lepra in die S.A.R.
13) Ibid. 14) Ibid.
15) Ibid en Locale Wetten 1897, p. 294.
16) R 11802/93:- Regulasies vir die Lusaretto en Quarantaine Kamp.
17) Landdros Pretoria - Band 19 a - 1896.
18) Locale Wetten 1897, p. 294.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daspoortrand was om verskeie redes baie geskik vir die doel waarvoor dit gekies is. Dit was gesond, weg van die dorp, daar was grond vir tuine en 'n fontein om die nodige water te verskaf. Dan was die terrein ook ver genoeg weg van enige publieke verkeer, sodat die aanraking met die pasiënte so te sê uitgesluit was en tog was dit nie te ver weg van die dorp om behoorlik oor die inrigting toesig te hou nie.[19)]

Altesame sou 83 geboue opgerig word. Daar was geboue vir die administrasie, geboue vir 64 manlike lyers, 10 getroude pare (2 kamers elk) en 'n huis vir 20 kinders van besmette ouers. Dan was daar plek vir 48 blanke vrouens en 80 meide, plek vir 20 besmette kinders en 'n gebou vir 96 kaffers.[20)]

In 1899 is die plaas „Pankoppen" groot 2,494 morge en behorende aan P. Viljoen vir £4000 aangekoop en ingerig as'n melaatse kolonie vir sowat 280 persone.[21)] Van die lyers is toe van die Pretoria-inrigting (Weskoppies of Wesfort) na Pankoppen, naby Pienaarsrivier, vervoer daar die inrigting te Pretoria kort na die voltooiing te vol was.[22)]

Met Kersfeestye het die inwoners van Pretoria of skenkings in geld òf in ware aan die Leprosegestig gemaak en op die manier het hulle die lyding van die lydendes probeer versag.[23)]

---

c. <u>DIE KRANKSINNIGE GESTIG</u>:

Hierdie inrigting is in Mei 1892 geopen met J.M.A. Wolmarans, J.H.M. Kock en C.E. Schutte as kuratore. W. J. Geerling was die sekretaris en Dr. G.B. Messum die geneesheer.[24)]

Die kuratore het aan die hoof van die inrigting gestaan. Hulle het die aanstelling en indiensneming van die hele personeel behartig. Aansoeke tot opname van persone in die inrigting moes aan hulle gerig word en hulle moes jaarliks op 1 Mei

verslag /..........

19) De Volksstem - 2 September 1896. 20) Ibid.
21) Pretoriana, Deel 3, No. 1 :-Dr. I. le Roux : Lepra in die S.A. Republiek. 22) Ibid.
23) De Volksstem - 4 Januarie 1899.
24) Z.A.R. Publikasies - Band 183 - Verslag oor die Kranksinnige gestig.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verslag gee aan die Regering.[25]

Die inrigting was ongeveer sewe minute se stap van die Renbaan in Pretoria-Wes,[26] naby die Botaniese Tuin, toe die kwekerye vanaf Burgers Park na die gronde in Pretoria-Wes oorgebring was.

Vanaf die opening van die inrigting in Mei 1892 tot 20 November 1893 is 57 pasiënte, waarvan 8 betalende pasiënte was, opgeneem. Hiervan was 20 blanke mans, 14 blanke vrouens , 22 manlike kleurlinge (alle nie-blankes is kleurlinge genoem) en een kleurlingvrou. Van die 57 is 8 genees, 3 in 'n verbeterde toestand ontslaan en een kleurling is daar dood.

Op 20 November 1893 was daar 45 pasiënte waarvan 26 blankes was. Tien van die blankes was egter vanaf geboorte kranksinnig (idiote) en die staat het dit toe goed gedink om ook 'n heenkome vir sulke persone daar te stel.[27]

Die verpleegkoste vir 'n pasiënt was £8 per maand maar van behoeftiges is 'n bydrae, na hulle vermoë, gevra. Vir opname was 'n mediese sertifikaat nodig.[28]

Uit die jaarverslag van 1895 - 1896 blyk dit dat die pasiënte, nes in die geval van die Leprosegestig, tot 'n groot mate selfvoorsienend was. Die pasiënte het hulle tuine self bewerk en baie groente self verbou.[29]

Die totale koste vir die instandhouding en oprigting van geboue, lone en verpleegkoste het vir die tydperk Mei 1892 tot 31 Desember 1895 £34,219.9.11d. bedra. Die jaarlikse toelae van die Staat was £5,500 en alhoewel daar verwag is dat pasiënte iets moes bydra vir die verpleging was die inkomste verkry van betalende pasiënte maar £74.10. 7 vir die jaar 1895.[30]

Die personeel het bestaan uit 'n huisvader, 'n huismoeder, 5 oppassers, 'n tuinman, 'n kleurlingoppasser, 4 vroue oppassers en 'n assistent vir die huishouding. Tot 31 Desember 1895 het

die /.........

25) Staats Courant - 16 Augustus 1893.
26) Z.A.R. Publikasies - Band 183 - Verslag van die Kranksinnige gestig (1892 - 1893). 27) Ibid.
28) Ibid.
29) De Volksstem - 17 Junie 1896.
30) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die inrigting 116 pasiënte behandel en van hierdie totaal is 25 genees.[31)]

Sonder dat Pretoria dus juis bewus was van die smart en lyding in die inrigting het die Kranksinnige Gestig dus nes die Leprosegestig sy goeie werk voortgesit. Met Kersfeestye het die koerante skenkings aangemoedig en die inwoners van Pretoria het mildelik bygedra.[32)]

-----------------

d. DIE MUSEUM :

Die oprigting van 'n museum dateer sover terug as 16 September 1876 toe Dr. Roorda-Smit, in belang van die onderwys aan die "Gymnasium te Pretoria met die oprigting van 'n museum begin het.[33)]

In die jare daarna het die "Gymnasium natuurlik voortgegaan met sy versameling van voorwerpe vir die skoolmuseum. Dit was eers in 1892 dat 'n begin gemaak is met die oprigting van 'n Staatsmuseum.[34)] Dr. W.J. Leyds, Staatsekretaris, het die voortou geneem en die volgende here is aangestel as kuratore : Dr. N. Mansvelt (voorsitter), Dr. J.W. Fockers, Dr. G.W.S. Lingbeek, J. Klimbe, Geo Leith en Dr. Breyer (sekretaris.)[35)]

Die begin van Staatsmuseum was in'n klein kamertjie in die toring van die Raadsaal vanwaar dit na 'n jaar na die Markgebou, op die hoek van Kerk- en van der Waltstraat, oorgeplaas is.[36)]

In die Markgebou het die museum egter so 'n wegsteekplekkie gehad dat 'n wegwyser by die ingang van die Markgebou aangebring moes word.[37)] En tog het die publiek van Pretoria die daarstelling van 'n museum so verwelkom dat nie minder as 7199 persone die museum vanaf sy oprigting tot 20 November 1894 besoek het nie.[38)]

Die /..........

31) Ibid. 32) De Volksstem - 4 Jan. 1899.
33) De Volksstem - 23 September 1876.
34) Pretoriana, Deel I, Nr. 1 :-Dr. V. FitzSimons: Historical collections of the Transvaal Museum. Ook Municipality of Pretoria & S.A.R.:-City of Pretoria and Districts p. 54.
35) Z.A.R. Publikasies - Band 184, p. 77.
36) Pretoriana, Deel 1, No. I:Dr.V.FitzSimons: Historical collections of the Transvaal Museum. 37) Landdrosstukke Pretoria: Band 8 - 7 Nov.1893. 38) Z.A.R.Publikasies: - Band 184, p.77.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die museum het onder andere die volgende afdelings bevat: a. Historiese voorwerpe. b. Minerale. c. Natuur-historiese voorwerpe (Voëls, insekte en bokke) en d. Kaffer curiosa afkomstig van Malaboch. Verder het die inrigting erkenning van die "Zuid-Afrikaansche Musea" en van die oudste instellings van die aard te Amsterdam en Leiden ontvang.[39]

Die meeste diere in die museum is tot 1896 versamel deur Krantz wat 'n uitgebreide tog na die Sabie- en Olifantsrivier onderneem het. Van die raarste voorwerpe was seker 'n skaapkop met 5 horings (afkomstig van H.T. Meyer van Piet Retief) en 'n leeu op 'n bok wat hy bespring het.[40]

Gaandeweg het die ruimte in die Markgebou so min geword dat die Regering begin dink het aan die oprigting van 'n permanente Museum. In Maart 1898 het die Staat tenders gevra vir die oprigting van 'n Museum[41] en op 22 Julie 1899 het Dr. Mansvelt die hoeksteen van die gebou gelê op die grond wat vroeër behoort het aan J.F. Celliers aan Boomstraat.[42]

Die Anglo-Boereoorlog het die oorplasing van die museumstukke na die gebou in Boomstraat egter so vertraag dat dit eers in 1902 gedoen is.[43]

---

e. DIE DIERETUIN :-

In April 1899 het Dr. Gunning, direkteur van die Staatsmuseum, die Kuratore versoek om by die museum ook lewende diere aan te hou sodat die dierelewe beter bestudeer kon word.[44]

Aangesien in die agterplaas van die museum in die Markgebou toe alreeds 'n klompie diere in hokke aangehou was,[45] was dit nie moeilik om die Kuratore tot so 'n besluit oor te haal nie.

Die / ..........

---

39) Z.A.R. Publikasies.- Band 184, p. 77.
40) De Volksstem - 4 April 1896.
41) Staats Courant - 2 Maart 1898.
42) Inskripsie op die hoeksteen van die Ou Museum in Boomstraat.
43) Pretoriana, Deel 1, No. 1:-Dr. V. Fitz Simons : Historical Collections of the Transvaal Museum.
44) De Volksstem - 8 April 1899.
45) Ibid - 17 November 1898.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die bobbejane, ape, nag-ape, rooikat, muishond, meerkatte, jakkals, uile, arende, valke, koekoek, skilpaaie, luislang, rotte, muise, duiker, steenbok, kraanvoël en 100 verskillende soorte kleiner voëls is toe na hokke op die terrein van die voorgestelde Museum oorgebring.[46)]

Dit was dus die begin van die Dieretuin te Pretoria op die grond wat vroeër aan J.F. Celliers behoort het. Nie alleen was die dieretuin 'n bate vir die museum nie, maar dit was ook 'n aanwins vir Pretoria.

In 1899 het Pretoria dus weer iets teruggekry wat hy vanaf die stigting van die dorp in 1855 verloor het. Die Apies-rivier-vallei het weer wildsbokke, voëls en wilde diere begin huisves, al was dit maar in hokke, soos hy dit gedoen het voordat die beskawing die natuurlewe verdring het.

---

46) Land en Volk - 25 Julie 1899.

********************

## HOOFSTUK VII.

## SOSIALE AANGELEENTHEDE.

### d. WATERVOORSIENING EN PARKE 1890-1899.

Tot 1889 het die inwoners van Pretoria water, vir huis-houdelik doeleindes of uit die dorpsvoor of uit putte wat hulle self gegrawe of laat grawe het, gekry. Aan die begin van Maart het L.G. Forstman, die eienaar van die "European Hotel," egter 'n akte van ooreenkoms met die Regering van die Z.A.R. aangegaan wat die hele toestand van watervoorsiening in Pretoria verander het.

Die konsessionaris het hom verbind om waterleidingspype na en in erwe van Pretoria te lê en hulle dan te voorsien van suiwer en skoon drinkwater. Die water kon van tyd tot tyd deur die Regering getoets word en as bevind sou word dat die water nie aan die norm wat die Regering sou vaslê beantwoord nie, moes die konsessionaris toesien dat die water wel volgens die norm gelewer word. Alle koste met die lê van pype moes

deur /......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur die konsessionaris gedra word.

Aan die anderkant het die Regering hulle gebind deur die konsessie vir 50 jaar vanaf datum te gee en aan die konsessionaris die reg te gee om water uit die Apiesrivier te verkry, maar daar moes genoeg water in die dorpsvoor gelaat word om aan die vereistes van die dorp, soos dit toe was, te voldoen.

Verder is bepaal dat die water in die leidingspype genoegsaam moes wees om ten alle tye aan die eise van die publiek te voldoen. Ses maande is toegelaat vir planne en tekeninge waarna die pype binne agtien maande gelê moes word. Indien paaie en strate met die lê van die leidingspype beskadig sou word, moes die konsessionaris die strate of paaie op sy koste herstel.

Die regering behou die reg om die konsessionaris aan te sê om leidingspype na strate te lê of om leidingspype te sluit of op te breek. Alle aansoeke sou skriftelik gedoen moes word. Dan moes die konsessionaris gratis water verskaf aan alle publieke kantore, gevangenisse en hospitale en 300,000 gallon water per jaar beskikbaar stel vir 12 krane waar die publiek verniet water kon kry.

Hierteenoor het die Regering onderneem om die terrein waarop die waterwerke opgerig sou word, gratis te verskaf en om indien die inkomste van die watervoorsiening nie 12% van die totale koste per jaar dek nie dan uit die regeringskas 8% van die aanlegkoste te waarborg.

Indien rioolpype, Tremspore, Spoorweglyne of Telegraafkabels gelê sou word, moes dit in aanmerking geneem word. Ook moes die konsessionaris brandkrane op sekere plekke in die stad beskikbaar stel en 'n waarborgsom van £1000 betaal.

Alle water sou natuurlik deur watermeters gemeet word en die tariewe wat die publiek moes betaal was die volgende :
Vir die 1e 100 gallon was die koste 1/9, vir die 2e 100 gallon 1/6, vir die 3e 100 gallon 1/3 en vir die 4e 100 gallon 1/-, vir meer dan 400 gallon sou die water teen 1/- per 100 gallon bereken word.

Vir /.........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vir besproeiing was dit 10/- vir die 1e 1000 gallon, 9/- vir die 2e, 8/- vir die 3e, 7/6 vir die 4e, 7/- vir die 5e en dan 6d. minder vir elke 1000 gallon meer tot 8000 gallon, vir die 9e duisend gallon was dit 5/3 per duisend en van die 10e duisend en meer 5/- per duisend gallon.

Vir elke jaar kon die koste aangegaan vir oprigting plus 1% vir 'n Reserwefonds en 8% vir rente op die kapitaal afgetrek word uit die inkomste. Van die balans moes 25% aan die Regering oorbetaal word. Indien persone aansoek gedoen het vir die aanlê van water na hulle persele en die watergebruik dan sou opsê kon sulke persone verantwoordelik gehou word vir die aanlêkoste.[1)]

Hierdie konsessie kon alleen aan 'n maatskappy oorgedra word en nog in 1889 het L.G. Forstman kennis gegee dat hy lid geword het van die „Pretoria Waterworks Syndicate" en dat die konsessie oorgedra is aan genoemde sindikaat.[2)] Die plek van waar die water uit die Apiesrivier geneem kon word, kon deur die maatskappy self gekies word maar moes bokant die dorpsdam in die Fonteine wees.[3)] Die plek wat toe deur die Maatskappy gekies is, is vermoedelik dieselfde plek as waar die pompstasie vandag nog is.

In 1891 is ook reëls en regulasies vir die lewering van water aan die inwoners van Pretoria, opgestel. Hierdie reëls en regulasies (24 in totaal) het baie ooreengekom met die wat in 1889 deur die Regering neergelê is, behalwe die wat handel oor die aansluiting by huise.

Die geleidingspype by huise mag verbind word met waterbakke, putte of ander opgaarplekke, mits dit die drukking van die water van die Maatskappy kon staan. Geen direkte aansluiting aan stoomketels of warmwatertoestelle mag egter gemaak word nie.[4)]

Die /.........

---

1) T.A.: - Z.A.R. Publikasies - Band 150 - Pretoria - waar 'n kopie van die akte van watervoorsiening voorkom. Dit behels in totaal 32 artikels.
2) R 8872/89: - „Pretoria Water Works" aan Staatsekr. - 29 Aug. 1889.
3) U.R.B. dd. 26 November 1889 - Art. 732.
4) T.A.: - Z.A.R. Publikasies - Band 150 - Pretoria. 'n Voorbeeld van die reëls en regulasies vir die lewering van water aan die inwoners van Pretoria.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die koste van die lê van pype in woonhuise is bereken volgens die grootte van die huis. Die koste was 5/- per kamer met 'n minimum van 10/- vir 3 kamers en 'n maksimum van 30/- vir sewekamers of daarbowe gaande.[5)]

In 1891 het Pretoria toe watertoevoer in pype na die geboue gehad. In 1891 het die Regering ook nog 'n verdere ooreenkoms met die "Waterleiding Maatschappy Beperkt" aangegaan om die strate van Pretoria nat te spuit in droë tye.[6)] Die strate moes deur waterkarre natgespuit word en by versuim met die uitvoering van die ooreenkoms kon die Maatskappy beboet word. As vergoeding sou die Regering £3350 per jaar in driemaandelikse paaiemente aan die Maatskappy betaal.[7)]

In 1892 het Arcadia en Muckleneuk ook aansoek gedoen om aangesluit te word aan die waterstelsel van Pretoria maar dit is geweier. Dr. Leyds het gemeen dat die water in die vore alreeds verminder het sedert die aanlê van water in Pretoria en as die uitbreiding toegestaan sou word, sou die water in die vore nog minder word. Die arm mense kon nie die hoë prys vir watertoevoer betaal nie en was aangewys op die watervore vir hulle waterbehoeftes.[8)]

Met die bou van die brug oor Apiesrivier het Kirkness te kampe gehad met onderaardse water en hierdie water is toe weggepomp na Arcadia. Die Pretoria Waterleiding Maatskappy het die werk gedoen en so die waterkwessie vir Arcadia opgelos.[9)]
Tot 1899 het Arcadia, Sunnyside en ander buitewyke nog steeds gesukkel met onvoldoende watervoorraad,[10)] aangesien die gebiede uitgebrei het en die watertoevoer na die gebiede nie vergroot kon word nie. Die Apiesrivier kon in 1899 nie meer aan die behoeftes van Pretoria voorsien nie.

Alhoewel /.........

5) Ibid - Art. 15.
6) R 737/91:- Gouvernements Ing. & Arc. aan St.Sekr.-20 Jan.1891.
7) Ibid.
8) R 4530/92:- De Jongh & Stegmann aan St. Sekr.-28 April 1892.
9) Pa 1 - Inkomendestukke Band 8 - Oktober 1893.
10) R 4834/99:- Landdros van Pta. aan St. Sekr.-4 April 1899.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Alhoewel nêrens in die ooreenkomste melding gemaak word van watervoorsiening aan Parke nie, kan aangeneem word dat die Maatskappy ook gratis water aan die parke van Pretoria verskaf het. Die ou Botaniese Tuin wat in 1874 op 18 erwe begin is, het sedert 1881 'n Ry- en Wandelpark en in 1895 Burgerspark geword terwyl die Botaniese Tuin toe verskuiwe is na nagenoeg die terrein waar die Kranksinnige Gestig later opgerig is in Pretoria Wes.[11)]

In 1892 is 'n stuk grond aan die Westekant van Pretoria groot 96 erwe, en begrens deur Parkstraat aan Prinsepark, Visagiestraat, Kerkstraat en die Reisiesbaan, ook nog as park en boomkwekery aangelê. Die terrein sou dan as sportvelde vir verskillende sportsoorte soos krieket, "Lawn Tennis," Polo en dergelyke klubs kon diens doen en moes dan vir die doel ingerig word terwyl bome ook aangeplant moes word.[12)]

Hierdie park tussen Visagie-, Kerk-, Parkstraat en die Reisiesbaan het in 1904 Prinsepark geword ter nagedagtenis van prins Christiaan Victor van Schleswig-Holstein, 'n klein-seun van Koningin Victoria, wat op 29 Oktober 1900 in Pretoria aan ingewandskoors oorlede is.[13)]

Toe Berea Park Estate in Julie 1898 deur landmeter F.S. Watermeyer in 30 erwe opgemeet is, het die Regering ook daar voorsiening gemaak vir 'n park. 'n Stuk grond is vir die doel aan Scheidingstraat oopgelaat en dit sou die huidige Bereapark-ontspanningsterrein word.[14)]

Soos alreeds gesê, was daar in die ooreenkomste vir water-voorsiening aan Pretoria geen melding gemaak vir toevoer na die Parke nie, maar ons weet tog self dat grasperke, blomme en bome baie water nodig het en hierdie water moes ook uit die

Apiesrivier /........

---

11) T.A. - Z.A.R. Publikasies - Band 179 - Pretoria.

12) Staats Courant dd. 6 April 1892.

13) Eeufeesalbum Pretoria, p. 86.

14) Akteskantore - 'n Kaart van Berea Park, te vinde by die kaarte van Pretoria.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Apiesrivier geneem word. Pretoria wat in 1855 op baie plekke te veel water gehad het sodat Landdros du Toit moes skrywe dat die water oral rondstroom, het vanaf 1899 aan 'n kroniese watertekort gely sodat elke keer nuwe waterbronne vir die stad bygesoek moes word.

---

## H O O F S T U K VII.

## SOSIALE AANGELEENTHEDE.

### E. DIE NIE-BLANKEWOONBUURTES IN PRETORIA.

Met die opmeting van Pretoria in 1857 - 1859 het A.F. du Toit nie voorsiening gemaak vir 'n naturellewoonbuurt nie.

Die naturellebediendes het gewoonlik in 'n buitekamer of bediendekamer op die perseël van die werkgewer geslaap. So het selfs hele naturellefamilies by die werkgewers in die buitegeboue gewoon en hulle kinders is ook in die geboue gebore.[1)]

Daar Pretoria maar stadig gegroei het, het hierdie toestand nie baie probleme veroorsaak nie. Oral in Pretoria het naturellegesinne gewoon. Op die grond waar die S.A.N.L.A.M.-gebou tans staan, het vir baie jare ou aie Sebien met haar familie gebly en die bewoners van die omliggende erwe het nie hierteen beswaar aangeteken nie.[2)]

Met /..............

---

1) Pretoriana, Deel 3, No. 1, Dr. J. Baumbach :-'n Lewenskets van Eerwaarde Frans Motau. - F. Motau se ouers het gewoon waar die hoofposkantoor tans staan en daar is F. Motau gebore op die 27ste April 1866.

2) Mondelingese gegewens van Mevr. de Swaan van St. Patricksweg 215, Muckleneuk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die heropmeting van die dorp, deur A.H. Walker in 1875, het die Regering ook nog nie voorsiening vir aparte woonbuurtes vir blankes en nie-blankes gemaak nie.[3] In Junie 1867 het die Uitvoerende Raad egter al voorsiening gemaak vir die geestelike welvaart van die nie-blankes of, soos die algemeen gebruiklike benaming in daardie tyd was, van die kleurlinge. Hulle het naamlik op aansoek van Dr. Wangemann, van die Berlynse Sendingsgenootskap, 12 erwe net buite die opgemete gebied van Pretoria, aan die Sendingsgenootskap vir die oprigting van 'n kerk en skool gegee.[4]

In 1870 het Grünberger, sendeling van die Berlynse Sendingsgenootskap in Pretoria, toe op die 12 erwe 'n kerk in Boomstraat gebou en ook self daar gaan bly.[5] Die twaalf erwe het gaandeweg die naam van Skoolplaas aangeneem[6] en ook gaandeweg die naturelle uit Pretoria na daardie omgewing getrek.[7]

In 1874 het die Staatsekretaris die Landdros opgedra om die Veldkornet te gelas om „op te nemen hoeveel kaffers er op de stasie en op private erven in dit dorp wonen."[8] Die plan was seker toe al om 'n aparte woongebied vir die naturelle daar te stel, maar ongelukkig het niks daarvan totstandgekom voor 1888 nie.

In Augustus 1888 het Landmeter G. Greeff in opdrag van die Regering 'n stuk grond, wes van die Skoolplaas (waar die Sanitêre werke van die Stadsraad tans is) opgemeet in 67 erwe en dit het Marabastad, die eerste naturelle woonbuurt van Pretoria geword.[9]

Die 67 erwe, wat in die elmboog, gevorm deur Skinnerspruit en Apiesrivier, gelê het, het gegrens aan die grond waarop die

die /..........

3) Akteskantore - Walkerkaart van Pretoria 1875.
4) U.R.B. - 5 Junie 1867 - Art. 4.
5) Pretoriana, Deel 3, No. 2 :- Dr. T.S. van Rooyen : Die Kronieke van Wallmannsthal. (Byskrif by foto p. 16)
6) Sien Hoofstuk 3(c) van hierdie werk, onder die hoof Berlynse Sendingsgenootskap, i.v.m. die naam Skoolplaas.
7) Landdros van Pretoria - Inkomende stukke 1874 en BB 628/74 - Staatsekretaris aan die Landdros 27 April 1874.
8) BB 628/74 - Staatsekretaris aan die Landdros-27 April 1874.
9) Landmeter-Generaalkantore - Kaart 31/61.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meule naby die teenswoordige sanitêrewerke, op die ou Rustenburg-pad, gebou was. Een van die strate in Marabastad was dan ook Molenstraat. Die ander strate se name was Marabastraat, Noordstraat en De Kortestraat.[10)]

Die naam van die naturelle lokasie is ter ere van Kaptein Maraba, van Marabastad naby die teenswoordige Pietersburg, gegee. Sommige naturelle beweer dat Maraba self, vir 'n tydlank, in Pretoria gewoon het, maar later weer terug is na Pietersburg. Dan is daar legendes dat Maraba 'n naturelle konstabel in Pretoria geword het, maar die ou naturelle meen dat dit nie moontlik is nie want 'n kaptein moes toesig hou oor sy volk en sou nie 'n werk aanvaar nie.[11)]

Toe die naturelle dus uit die dorp verwyder is, het die staat ook maatreëls getref om die ander nie-blankes, soos Indiërs en Kaapse kleurlinge na aparte woonbuurtes te verskuiwe.

Volgens die Transvaalse grondwet, en ook volgens Volksraadsbesluit van 18 Junie 1855, is kleurlinge, d.w.s. ook Indiërs, nie toegelaat om Transvaalse burgers te word en vaste eiendom in die Republiek te besit nie.[12)]

Deur die Shepstone-anneksasie en ook deur die Konvensies van Pretoria en Londen, is die regsposisie van kleurlinge in Transvaal verander. Artikel 14 van die Londense Konvensie het bepaal dat kleurlinge die reg het om heen en weer te reis of te woon en dat hulle handel kon drywe en grond kon besit of huur.[13)]

Deur hierdie bepaling het Asiate en ander kleurlinge die Transvaal ingestroom en hulle hoofsaaklik in die dorpe gevestig. Ook Pretoria was 'n slagoffer van hierdie instroming, vanuit Natal en die Kaapkolonie.

Die sametrekking van die Indiërs was hoofsaaklik in van der Walt- en Prinsloostraat tussen Kerk- en Vermeulenstraat.

Waar /.............

---

10) Landmeter-Generaalkantore : Kaart 31/61 - Marabastad.
11) Mondelinge gegewens van ou-naturelleinwoners van Lady-Selborne.
12) Locale Wetten der Z.A.R., 1849 - 1885, p.31.
13) Leyds, W.J. :-De Eerste Annexatie van de Transvaal, p. 422 en Artikel 14 van die Londense Konvensie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Waar hulle winkels opgerig het, het hulle ook gewoon en dit het nodig geword om die posisie van Asiate in die Transvaal met wetgewing vas te lê. Die Volksraad het die erns van die toestand besef en gevolglik word op 1 Junie 1885 die bekende Wet No.3 van 1885 aangeneem. Hiervolgens kon geen Asiaat burgerreg verkry en vaste eiendom besit nie, en die regering sou die reg hê om bepaalde strate, wyke en lokasies vir sulke persone aan te wys.[14]

Klagte oor indringing van Asiate het egter toegeneem en versoeke word aan die regering gerig om die verdere immigrasie van Indiërs te belet. Aan die anderkant was die Indiërs ook nie tevrede met die wet van 1885 nie. Hulle het beweer dat die wet slegs wonings tot sekere strate, wyke en lokasies beperk, en nie besighede nie en hulle het hulle op die Britse Regering beroep.[15]

Die wet van 1885 is egter nie streng toegepas nie, want die Londense Konvensie (Art. 14) was nog nie herroep nie. In Maart 1894 het die regerings van Transvaal en Brittanje ooreengekom om die hoofregter van die Oranje-Vrystaat (Melius de Villiers) te vra om as arbiter op te tree om die bepaling van wet No. 3 van 1885 t.o.v. woonplekke en besigheidsplekke duideliker te omskrywe. Die bevinding van regter de Villiers was egter dat albei partye gebonde bly aan wet No. 3 van 1885 maar dat indien 'n geskil ontstaan oor die uitleg van die wet, alleen die howe van die land daaroor uitspraak kon gee.[16]

Hierdie toetsing het in 1898 gekom toe 'n Indiër aansoek gedoen het om 'n handelslisensie in Kerkstraat en die aansoek geweier is. Die Indiër het hom toe beroep op die uitspraak van die hooggeregshof en die saak moes toe dien.[17]

Die /.............

14) Locale Wetten - Wet No. 3 van 1885.
15) Van der Walt, Dr. A.J.H. en andere :-Geskiedenis van Suid-Afrika II, Kaapstad,1951,pp. 552 - 553.
16) Ibid,pp. 553 - 554.
17) De Pers- 3 Januarie 1899.


© University of Pretoria

Die uitspraak van die hof was dat Indiërs in lokasies moet woon volgens die besluit van die Regering. Indiërs wat nog in stryd met die wet, in dorpe woon en handel drywe, moes voor of op 1 Januarie 1899 na lokasies verhuis. Die wat groot ondernemings gehad het, kon egter aansoek doen vir verlenging van die verhuisingsdatum.[18]

Van die Indiërs het aansoek gedoen om eers hulle voorrade te verkoop voor die verhuising na 'n lokasie.[19] Die aansoek is toegestaan. Die Indiërs wat voor 1889 eienare van standplase geword het en die wat 'n huurkontrak voor dieselfde jaar gehad het, kon egter op die persele bly woon en kon daar voortgaan met hulle besigheid.[20]

Om voorsiening te maak vir die Indiërlokasie het die Regering opdrag gegee om 'n stuk grond grensende aan Goede Hoop en Wes van Steenoondspruit tussen 'n verlenging van Struben- en Boomstraat te laat opmeet.

Landmeter von Wielligh het die werk aangepak en 'n lokasie bestaande uit 380 erwe uitgemeet. Die uitgangspunte vir sy opmeting was Parkstraat (net langs die ou Kerkhof), Lorentzstraat (net langs Yskorklub), Strubenstraat en Boomstraat. By 'n verlenging van die strate is 'n blok grond toe ingesluit wat hy opgemeet het.[21]




Die /........

18) Ibid.
19) Pa 1 - Landdros Pretoria - Band 18 b - Staatsekretaris aan Landdros - 4 April 1899.
20) Ibid - 4 April 1899 en 29 Junie 1899.
21) Landmeter-Generaalkantore - Kaart 48/77 en latere vergroting van die gebied, soos vervat in Kaart 27/91.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Noord-Suidstrate het almal van Strubenstraat af begin tot oor Boomstraat met Jerusalemstraat as die middelstestraat. Aan weerskante van Jerusalemstraat het 4 strate geloop (tesame 8) en die strate is genoem : Eerste-, Tweede-, ens. tot Agtstestraat.

Strubenstraat was die mees suidelikste van die Oos-Wesstrate. Hierdie strate het egter name en nie nommers gehad nie. Beginnende van Strubenstraat het ons die volgende strate gekry : Nawabsstraat, Bloedstraat, Aurungazeebstraat, Boomstraat, Mogulstraat en Barberstraat.

Noord van Boomstraat is dus nog twee Oos-Wesstrate bygemeet, sodat die Indiër-lokasie so te sê aan Marabastad gegrens het. Aan Strubenstraat was daar egter 'n blok wat nie in erwe opgemeet was nie. Hierdie blok sou die toekomstige Staatsgevangenisterrein wees. Al die ander blokke het bestaan uit 8 erwe, elk.[22)]

Om voorsiening te maak vir die Kaapse Kleurlinge is die gedeelte tussen Bloed- en Strubenstraat vanaf Jerusalem- tot by Agtstestraat as Kleurlingwoonbuurt afgesonder maar vanaf Agtstestraat tot teen die Steenoondspruit is nog drie strate bygemeet. Sodat die Noord-Suidstrate toe in totaal elf was.[23)]

Die erwe waarop Indiërs, in die Blanke woonbuurt gewoon het was 325, 373, 338, 340, 294, 339, 295, 247, 205, 163, 78, 36, 31, 7, 48, 376, 424, 79, 103 en 334. Ook op Trevenna en Prinshoff was daar Indiërs woonagtig.[24)] Die meeste van hulle het egter na die Indiërlokasie verskuiwe en hulle winkels het hulle in Boomstraat opgerig.

In Prinsloostraat, Kerkstraat, Vermeulenstraat en Scheidingstraat het daar heelwat Indiërs bly woon, omdat hulle toe alreeds voor die hofuitspraak van 1898 daar woonagtig was. Hulle is vandag nog op die persele woonagtig of doen tans nog besigheid op die persele.

Baie /........

---

22) Ibid.
23) Landmeter-Generaalkantore - Kaart 27/91.
24) Pa I - Landdros Pretoria - Band 15 - St. Sekr. aan die Landdros - 27 November 1897.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Baie Indiërs het met die uitbreek van die oorlog in 1899 Transvaal verlaat, maar na die vrede het hulle teruggekeer en hul sake hervat, hoewel die vredesverdrag van 1902 en Ordonansie 5 van 1903 die woonreg van Indiërs in Transvaal beperk het tot diegene watin Transvaal en die Vrystaat was toe die vrede gesluit is. Billikheidshalwe is Indiërs wat Transvaal verlaat het weens die oorlog, toegelaat om terug te keer. Selfs Indiërs wat vroeër nie in Transvaal gewoon het nie, het daarin geslaag om toegang tot die provinsie te kry.[25)]

Was dit nie vir Art. 14 van die Londense Konvensie nie, sou Pretoria dus nie Indiërs in die sentrale stadsgedeelte gehad het nie.

---

25) Van der Walt, Dr. A.J.H. en andere :-Geskiedenis van Suid-Afrika 11, p. 555.

*********************

## H O O F S T U K VII.

## SOSIALE AANGELEENTHEDE.

### F. ALLERLEI SAKE TOT 1899.

#### a. WAAR SOMMIGE INWONERS VAN PRETORIA GEWOON HET.

Die bedoeling is nie hier om 'n lys van die bekendste inwoners van Pretoria voor 1899 te maak nie. Die bedoeling is alleen om, waar dit bekend is, die ou woonplekke van persone weer in herinnering te roep.

Pres. S.J.P. Kruger se woning in Kerkstraat Wes bestaan gelukkig vandag nog. Dit was egter nie die eerste Krugerhuis nie. Die eerste huis van die latere President het in 1868 waar die naturelle-poskantoor vandag is, gestaan. In 1881 het Paul Kruger nog twee erwe grensende aan sy huis (306 en 307) bygekoop. Op een van die aangekoopte erwe was 'n woonhuis en daar het die President in 1881, dus nog voor sy amptelike verkiesing as President gaan woon tot 1884 toe sy derde huis, die huidige Krugerhuis, voltooi was. Presiese gegewens oor die datums van die bou en voltooiing is nie te vind nie omdat dit 'n private

transaksie /.........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

transaksie van die President was, waaroor daar nie skriftelike bronne bestaan nie.

Die bouer was Charles Clark, 'n Engelsprekende van Pretoria wat in Pres. Burgers se tyd al hier was en deur Pres. Kruger gewoonlik as een van sy „mak Engelse" beskrywe is. Clark se vennoot, Fred Herbert, het by die aanmaak van die sement, melk gebruik omdat melk dan 'n beter bindmiddel sou wees as water. Die bakstene het Clark in sy steengroewe, wat op die terrein waar tans die spoorweë se goedereloods in Visagiestraat is, gemaak.

Die Presidentswoning was geen luukse gebou nie. Behalwe die gebruiklike kombuis, eetkamer en slaapkamers was daar twee ontvangskamers. Een vir die president en een vir sy gade. Dan was daar die verandas, waarvan die President ruim gebruik gemaak het.

Die twee marmerleeus wat vandag weerskante van die ingangspaadjie lê, is eers na 1896 daar geplaas. Dit is geskenk deur die mynmagnaat, Barney Barnato, wat die President besoek het en behoefte daaraan gevoel het om sy verering vir Kruger in tasbare vorm te toon.[1)]

(Gelukkig dat die gebou deur die toedoen van die Unieregering vir die nageslag bewaar gebly het en op 6 April 1936 tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is.)

Naby die hoek op die erf ten weste van die huis van die President, het die President se skoonseun, Frikkie C. Eloff, gewoon, in dieselfde huis wat die President van 1881 tot 1884 bewoon het. In 1888 het dit Eloff se eiendom geword en hy het daar gewoon totdat hy op Eloffsdal gaan bly het. Kort voor die President se vertrek na Europa in 1900 het die gesin Eloff weer in die huis gaan woon.[2)]

Die onmiddellike buurman van die President was Ignatius

Ferreira./.........

1) Gegewens i.v.m. die Krugerhuis is oorgeneem uit
de Kock, Dr. W.J. :-Die Krugerhuis Pretoria, Pretoria,1949.

2) de Kock, Dr. W.J. :-Die Krugerhuis Pretoria,pp. 27 - 28.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ferreira, wat aan die oostekant van die Krugerhuis van 1888 tot 1892 gewoon het. Na Ferreira het J.W. Mogg die President se buurman geword, totdat die regering die huis in 1896 gekoop en dit as polisie-hoofkwartier gebruik het.[3)]

Regoor die President se huis was die Gereformeerde Kerk met die pastorie en langs die pastorie die huis van die regerings-argitek, Sytze Wierda. Regoor Wierda het in die begin van die jare negentig oubaas Daniël Palm gewoon en hoër op, na die Plein se kant, het in die vroeë tyd ook Ds. S.J. du Toit en generaal Hendrik Schoeman hulle tuiste gehad.[4)]

Kerkstraat-Wes en omgewing was dus in die tagtiger jare die vernaamste woonbuurt van Pretoria, maar in die negentiger jare het die Suid-Oostelike gedeelte van die stad (rondom Burgerspark) die meeste hoogwaardigheids-bekleërs gehuisves.

Kommandant-Generaal P.J. Joubert se woning, op die Noord-Oostelike hoek van Visagie- en die huidige Paul Krugerstraat, is deur die Kommandat-Generaal self gebou.[5)] Die klip vir die fondament het die Kommandant-Generaal in Meintjieskop laat kap. Waar die Staatsargief in die Uniegebou gehuisves is, was glo die gat waar die klip, vir meeste van die huise se fondamente uitgekap is.[6)]

Die eerste twee-verdiepinghuis in Pretoria, was die van Piet Marais in Proesstraat, byna regoor die teenswoordige ou Gymnasium. Die huis is later bewoon deur H. Bousfield, die eerste Biskop van Pretoria.[7)]

E.F. Bourke het in die bekende „Bartin Keep", op die Noord-Oostelike hoek van Jacob Mare- en Paul Krugerstraat, gewoon.[8)] Skuins teenoor E.F. Bourke, aan Paul Krugerstraat was die Middelbergfamilie in die bekende N.Z.A.S.M.-huis woon-

aktig /............

3) Ibid, p. 28.
4) Ibid.
5) Gegewens van Dr. W.E. Bok - Mackenziestr. 375, Brooklyn.
6) Gegewens Mnr. Basson - Hoof van die Besoekersburo van die Stadsraad van Pretoria.
7) Ds. H.S. Bosman in De Volksstem" - 20 Junie 1916.
8) Mevr. de Swaan, St."Patricksweg 215, Muckleneuk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

agtig. Die Middelbergs se huis was vir baie jare, tot net voor die Anglo-Boereoorlog in Januarie 1899, die saamkomplek van die musikante van Pretoria. Dr. W.J. Leyds en Mevr. Middelberg het die gaste menige aand op klavier- en vioolspel vergas.[9)]

Carl Ziervogel, die skenker van die Ziervogelstudiefonds, het vlak voor die majestueuse Eikeboom ten Ooste van die Griekse Kerk in Proesstraat gewoon in die huis wat vroeër aan Adv. J. Preller behoort het. Carl Ziervogel was belastinggaarder en die vader van die latere Ds. Ziervogel van Zeerust. Met die goudontdekking het hy sy plaas in Boksburgdistrik verkoop vir £100,000 en toe die huis van Eddie Meintjies aan Meintjieskop gekoop. Die huis was later bewoon deur prokureur Paul Nel en nog later deur wyle Generaal Hertzog. In sy testament het Carl Ziervogel £10,000[10)] nagelaat vir die opleiding van Transvaalse seuns.

J.C. Nielen Marais, die vader van Hennie, Melt, Sophie, Georgie, Mevr. Niemeyer, Mevr. Rex en Mevr. Dougall, het waar die „Drielelie poskantoor" tans in Sunnyside is, gewoon. Na die Anglo-Boereoorlog het Emily Hobhouse in die huis 'n spin- en weefskool vir Afrikaanse dogters begin.[11)] (Volgens Mevr. de Swaan, wou Emily Hobhouse die Afrikaanssprekende dogters met die spin- en weefskool weer laat belangstel het in hulle self, maar die Anglo-Boereoorlog het so 'n verbittering gebring dat die skool nie lank bestaan het nie.)

Waar die „Ou Stadsaal" tans is, was die huis van Kaptein von Brandis en waar Marshalls se winkel, op die Noord-Oostelike hoek van Andries- en Pretoriusstraat tans is, het Mevr. de Swaan en Mevr. Greenlees as dogters gewoon. Hulle tuin het tot waar die teenswoordige Salisbury-Huis staan,[12)] gestrek.

Henry /.........

9) Hertzog-Annale, Tweede jaargang, Eerste aflewering, p. 49 en p. 139.
10) Ds. H.S. Bosman in „De Volksstem" - 20 Junie 1916.
11) Ibid en Mevr. de Swaan.
12) Mevr. de Swaan en Mevr. Greenlees.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Henry Nourse's Cottages was agter die huidige S.A.N.L.A.M.-gebou, maar Nourse self het waar die nuwe Volkskasgebou opgerig word, gewoon. Waar die Hotel Culemborg tans staan, was die huis van Mnr. Verdoorn. Dr. W.J. Leyds het self 'n tydlank daar gewoon, voordat hy, skuinsoor die huidige kantoor van die Nederlandse Gesantskap in Prinsloostraat, gaan woon het.[13)]

In Jacob Marestraat het baie vooraanstaande Ou-Pretorianers gewoon. Op die Suid-Westelike hoek van Andries- en Jacob Marestraat het Mnr. Hollard gewoon nadat hy vroeër skuins teenoor die huidige Turkstras in Andriesstraat gebly het. George Heys se woning „Melrose-House" in Jacob Marestraat, tussen Andries en v.d. Waltstraat was tydens die Anglo-Boereoorlog die hoofkwartiere van Lord Kitchener en Lord Roberts en in dieselfde huis is ook die geskiedkundige vredesonderhandelinge afgesluit en die Vrede van Vereniging onderteken.[14)] Op die Noord-Westelike hoek van Andries- en Jacob Marestraat was die woning van N.J.R. Swart, die Staatsekretaris van Pres. Burgers. Sy woning het Oos, na Burgerspark, gefront. Reg agter N.J.R. Swart, teenoor die huidige Hotel Casino, het J.J. Kirkness die kontrakteur wat die „Ou Raadsaal" en menige ander gebou, opgerig het, gewoon.[15)]

Regter Kleyn het op die Suid-Westelike hoek van van der Walt- en Jacob Marestraat, gewoon. (Regter Kleyn se dogter is met die latere Regter, Dr. W.E. Bok, getroud en sy vertel dat hulle huis „Parksicht", die eerste huis in Pretoria was, wat elektriese ligte besit het.[16)]

Generaal Nicolaas Smit, die held van Amajuba en broer van Landdros Smit van Pretoria, het in Visagiestraat gewoon. Net langs die generaal het sy broer Landdros en latere Spoorwegkommissaris J.S. Smit gewoon. Landdros J.S. Smit se huis het

die / ..........

---

13) Ibid.
14) Dr. W.E. Bok, Mevr. de Swaan, Mevr. Greenlees. Praagh, L.V.: The Transvaal and its Mines, Londen en Johannesburg, 1906, p. 230 beweer dat dit die huis van Hollard was, maar dit is foutief. Sien ook Eeufeesalbum, p. 77 waar „Melrose-House" genoem word. 15) Mevr. de Swaan.
16) Mevr. Dr. Bok en Mevr. de Swaan. Die Boere-afgevaardigdes was tydens die onderhandelings met die vrede van Vereniging, in „Parksicht" tuis.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die latere privaat-hotel „Eaton Hall" geword.[17)]

Tesourier Generaal Boshoff, van die Z.A.R., se woning was op die Suid-Westelike hoek van van der Walt- en Visagiestraat en hy het al daardie ou Eikebome in Visagiestraat geplant.[18)]

Regter J. Kotze het die huis van William Skinner, regoor die Ou Residensie Hotel in Markstraat, gekoop en daar gaan woon.[19)]

In Boomstraat en omgewing het vroeër natuurlik ook baie vooraanstaande persone gewoon. Jan F. Celliers se woning het gestaan waar tans die Dieretuin is. Langs Jan F. Celliers se „Rus in Urbe" was weer Tielman de Villiers se „Belle Ombre"[20)] en dan het Melt van der Spuy, die sekretaris van die Eksamenraad, tot die Engelse-besetting van Pretoria in 1900 ook nog in Boomstraat gewoon. (Mevr. Melt van der Spuy beweer dat in hulle agterplaas in Boomstraat nog'n trommel met dokumente begrawe lê. Pres. Kruger het glo net voor die oorgawe van Pretoria, die dokumente deur M. du Toit (die latere Kol. Mick du Toit) daar laat begrawe.)[21)]

In die suidelike deel van Pretoria, naby die ingang tot die fonteinevallei, staan 'n huis wat voorheen die eerste mynkommissaris, C.J. Joubert, gehuisves het. Die huis maak tans deel uit van 'n sakeperseel, waar groente verkoop word. Aangesien die regering die huis laat bou het en C.J. Joubert 'n vername betrekking in diens van die Z.A.R. beklee het, is op die mure van die huis die Staatswapen en die wapen van die Nederlande aangebring.

In 1948 het die wapens nog op die mure gepryk. Die verf was nog helder ofskoon dit hier en daar begin afskilfer het.[22)]

Die oudste huis in Pretoria is seker die huis van Bras Perreira op die Noord-Oostelike hoek van Skinner- en Paul Krugerstraat. Hierdie huis dateer uit die sestiger jare en sal seker

as /..................

17) Dr. W.E. Bok en Mevr. Greenlees.
18) Dr. W.E. Bok. Mevr. de Swaan kon die woonplek bevestig maar nie die boomaanplanting nie.
19) Kotze, Sir John :-Biographical Memoirs and Reminiscences, p.404.
20) De Volksstem - 20 Junie 1916.
21) Mevr. v.d. Spuy - Lawley Str. 108, Waterkloof.
22) Die Volkstem - 5 Aug. 1948.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as 'n voorbeeld, van die boustyl van daardie jare, vir die nageslag bewaar word.[23)]

---

b. BESIGHEDE RONDOM KERKPLEIN IN 1899.

In Kerkstraat-Oos, beginnende by Andriesstraat en eindigende op die Plein, d.w.s. van Oos na Wes, het op die linkerkant die volgende geboue respektiewelik gestaan. : Robert Hamilton; Harvey Greenacre & Co.; E.J. Lotteryman & Co.: Metrople Bar; Frank Stevens se skoenwinckl; Goevernements Opmetingskantoor; Wm. Miller & Co.; C. Basson & Co; M. Hartfield; Schultis, Schwar & Co.; A.C. Evens; Mackay Bros.; C. Greatrex & Son; Economic Clothing Co., Harvey Greenacre & Co. en Kerkplein.[24)]

Aan die regterkant van Kerkstraat-Oos vanaf Andriesstraat na Kerkplein, was daar : Joel Leon (Kruideniersware); W.H. Dobbie; Central Pharmacy; J. Louttit; 'n Leë winkel; Cafe Royal; Natural Bread Depot; E. Formund (meubels); The Press Printing & Publishing works; Tivoli Bar; A.S. Nicóll; R.S. Minto (oorlosiemaker); Jas. Bowers (afnemer); S. Balzam (oorlosiemaker); W. Bloxham (haarsnyer); 'n Leë winkel; Die Arugus Co.; W.M. Cuthbert; Mortgage Buildings; R.O. Basson (Boekwinkel); Carlton Bar en Kerkplein.[25)]

Aan die Noordekant van Kerkplein het die volgendebbesighede aan Kerkplein gefront (van oos na wes): Tancred en Lunnon (prokureurs); Burgers en Pienaar; Old Club Boarding house; Die Paleis van Justisie. Aan die Suidekant van die Kerkplein (oos na wes) : Die Standard Bank; Grand Hotel; W.E. Burmeister & Co. en die huidige „Ou Raadsaal." Aan die Oostekant van die Plein (Noord na Suid) was : Die Erasmus Gebou, Lewis & Marks-Gebou; Mortgage gebou; Harvey, Greenacre & Co.; Bourke Trust Gebou; Bank van Afrika; De Villiers & de Kock en die Natal Bank. Aan die Westekant (van suid na noord) was : Romyn & Dyer; S. Watermeyer; President Theatre; S.A. Hotel; Nederlandse Bank

C.J. Roosegarde;/...

23) Dr. W.H.J. Punt en Pretoriana, Volume 2, No. 1:- Die voorwoord deur Dr. W.H.J. Punt.
24) Longland's Pretoria Directory for 1899 en Z.A.R. Publikasies Band 150.
25) Ibid.

© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

C.J. Roosegarde; S.A. Explosives Factories; Law Chambers; Nel & Lorentz; Rooth & Wessels; African Board of Executors and Trust Co. Ltd.; Paul Nel; Niemeyer & Marais; J.H. Ball; Wellington Bar; Die Poskantoor en die Nasionale Bank en Goevernements Munt.[26]

---

26) Ibid.

**********************




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## DIE KRUGERBEWIND IN PRETORIA.

a. KERKLIKE AANGELEENTHEDE :

In 1881 was daar drie Hollandse Kerke in die Transvaal. Behalwe die Nederduitsch Hervormde Kerk was daar die Gereformeerde Kerk wat in 1859 deur Ds. D. Postma gestig is en die Nederduitsch Gereformeerde Kerk wat vanaf die Kaapkolonie na die Transvaal oorgebring was.

Hierdie drie kerke het in wese nie baie van mekaar verskil nie en gaandeweg het die gemeentelede van die kerke begin voel dat daar moontlikhede bestaan dat die drie kerke verenig kan word. Die eerste pogings om so 'n vereniging te probeer bewerkstellig het van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk gekom en die voorstel is met algemene stemme deur die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat sy sitting vanaf 28 November 1881 te Heidelberg gehou het, verwelkom.[1)]

Kommissies uit die verskillende kerke sou dan op 31 Oktober 1882 mekaar te Pretoria ontmoet om die moontlikhede van 'n Kerkvereniging verder te bespreek.

Op die genoemde datum het die afgevaardigdes van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk en van die Nederduitsch Hervormde Kerk dan ook in Pretoria byeengekom. Die Gereformeerde Kerk het egter nie afgevaardigdes gestuur nie en ook nie geantwoord op die uitnodiging om die samesprekings by te woon nie.[2)] Dit is vermoedelik omdat die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in hulle eredienste Gesange gesing het en dat die sing van Gesange juis die rede vir afstigting in 1859 was.[3)]

Aangesien /.........

---

1) Gerdener, Dr. G.B.A.:-Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep, Kaapstad, 1930. pp, 369-372 - Notule van die tiende (buitengewone) Algemene Kerkvergadering te Standerton.
Wolmarans, A.D.W. :-Kerkhistoriese Feiten, Pretoria, p.10.

2) De Volksstem - 22 November 1882 en Gerdener, Dr. G.B.A.:- Boustowwe, p. 374.

3) Postma, Ds. D. :-De Geschiedenis van de stigting en ontwikkeling der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, Paarl, 1905, pp. 276 - 277.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aangesien die Kerk op Kerkplein op hierdie tydstip afgebrand was, het die samesprekings in die ou skool (toe hulpkerk van die Nederduitsch Hervormde Gemeente) net langs die pastorie, waar tans die Paleis van Justisie pryk, plaasgevind.

Na heelwat besprekings het die twee kommissies hulle pad oopgesien om die Kerkvereniging by hulle onderskeie kerke aan te beveel vir verdere oorweging. Die aanvanklike haakplek oor wat die naam van die nuwe Kerkgenootskap sou wees is uit die weg geruim toe besluit is om tydelik die naam Nederduitsch Hervormd of Gereformeerd aan te beveel.

Nadat die Algemene Kerkvergadering van die twee kerke die voorstelle oor die voorgestelde kerkvereniging aangeneem het, het die tweede samespreking in 1885 weer in Pretoria plaasgevind. Weer het die samesprekings gevlot. Die naam sou oor 'n aantal jare gelaat word as Nederduitsch Hervormd of Gereformeerd maar daarna sou besluit word op of „Nederduitsch Hervormd" of op „Nederduitsch Gereformeerd." In die praktyk was die Kerkvereniging dus 'n voldwonge feit.[4)]

In 1888 is die naam van die nuwe Kerkgenootskap weer ter sprake gebring. Sommige afgevaardigdes op die Kerkvergadering het gemeen dat die Kerkvergadering oor die naam kon besluit terwyl andere gemeen het dat alleen die gemeentelede van elke gemeente die beslissing kon gee oor wat die naam moes wees. Onder die groep wat gemeen het dat die Algemene Kerkvergadering kon besluit oor die naam, was daar ook nog verdeeldheid. Sommiges het gemeen dat daar tussen die twee name „Nederduitsch Gereformeerd" of „Nederduitsch Hervormd" gestem moes word, terwyl andere weer gemeen het dat elke gemeente kon stem oor welke naam hulle wou gebruik. So uiteenlopend was die menings toe dat daar weer 'n skeuring ontstaan het. Instede van een Kerk was daar toe

vier / ...............

4) Gerdener, Dr. G.B.A.:-Boustowwe pp. 382 - 293, Wolmarans, A.D.W. : Kerkhistoriese Feiten, pp. 11-16, De Volksstem - 17 Desember 1885 en Die Gefedereerde Sondagskoolkommissie van die Nederduitsch Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika : Die Katkisasieboek, Bloemfontein, Derde druk, 1952, p. 374.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vier: Die Gereformeerde Kerk wat van die begin af nie wou saam werk nie, Die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk (Verenigde Kerk), Die Nederduitsch Hervormde Kerk met Ds. Goddefroy en Ds. van Belkum en die Nederduitsch Hervormde Kerk met die „Prokuratie-Kommissie" aan die hoof wat anders as wat Ds. van Belkum en Ds. Goddefroy gewou het, selfs van die wêreldhof gebruik sou maak om hulle regte en eiendomme te beskerm. 5)

Die „Kerkplein" van Pretoria het deur die Kerkvereniging van 1882 en die skeuring in 1888 ongelukkig in die gedrang gekom.

Met die oprigting van die Goewermentsgebou op die Kerkplein in 1888 het die pilare van die gebou nie op erf 412 te staan gekom nie, maar wel op die grond van die Kerkplein. Die Kerkraad van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk het toe hierteen beswaar gemaak, op grond van die Transportakte van 1867 waarin M.W. Pretorius die hele Kerkplein, wat tot aan die daarom-liggende erwe gegrens het, aan die N. Hervormde Kerk oorgemaak het. Toe die N. Hervormde Kerk in 1882 met die N. Gereformeerde Kerk verenig het, het die eiendom toe oorgegaan op die naam van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, wat toe ook in 1883 by die regering aansoek gedoen het om die Kerkplein op die nuwe Kerkgenootskap se naam te laat registreer. Hierdie oordrag het die regering in 1883 erken, sodat hulle die beswaar van die Kerk nie as ongegrond kon beskou nie. Afgesien van die onenigheid op kerklike gebied wat toe bestaan het, het die regering toe met die predikant van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente van Pretoria onderhandel. Die predikant, Ds. H.S. Bosman, het voorgestel dat die regering die grond waarop die pilare te staan gekom het, sou koop vir 'n bedrag van £8,000. Die Kerkraad sou dan die Kerkplein alleen beskou as die grond rondom die Kerk, begrens deur 'n lyn vanaf Markstraat-Suid na

Kerkstraat-Wes, / .......


---

5) Wolmarans, A.D.W.:-Kerkhistoriese Feiten, p. 43 en Gerdener, Dr. G.B.A.:-Boustowwe, pp. 451 - 453 en p. 500.
Die doel is nie om dieper in die Kerk-troebele te delf nie, maar om die aandeel wat Pretoria in die Kerkstryd gehad het enigsins te benader.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kerkstraat-Wes, van Kerkstraat-Wes na Markstraat-Noord, van Markstraat-Noord na Kerkstraat-Oos en van Kerkstraat-Oos na Markstraat-Suid. (Sien Skets).[6]




Die regering was nie te vinde vir Ds. Bosman se voorstel nie en het voorgestel dat hulle as vergoeding vir die grond van die Kerk, waarop die pilare van die Goewermentsgebou staan, 'n aantal gemakshuisies op die aan die Regeringbehorende of gewese pastorie-erf vir die kerk sou oprig. (Die pastorie-erf is gekoop met die doel om die Paleis van Justisie daar op te rig.) Ook sou die regering dan 'n water geleidingslyn vir die Kerk na die Kerkplein aanlê.[7]

Hierdie voorstel van die regering is weer deur die Kerkraad verwerp. Hulle was gewillig om die hele Kerkplein, behalwe ± 30 tot 40 vt. rondom die kerk, aan die regering oor te maak in ruil vir 8 erwe elders in die dorp en dan nog £12,000 of in ruil vir 'n plein van 12 erwe.[8]

Twaalf erwe in Pretoria wat nog onbeboud was, was op die tydstip nie meer so maklik te verkry nie en daarom het die regering aangebied om 8 erwe in 'n blok en nog £4000 te gee vir die Kerkplein. Die Kerk sou dan, indien hulle hierdie

voorstel /.........

6) R 5460/90:- Kerkraad (N.H. of G. Gemeente) aan St.Sekr.- 13 Januarie 1890.
7) SB 270/90:- Leyds aan N.H. of G. Gemeente - 19 Januarie 1890.
8) R 1273/90:- H.J. Schoeman en D.J. Erasmus aan St. Sekr. - 21 Januarie 1890.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorstel aanvaar, verplig wees om van hulle regte op Kerkplein afstand te doen en transport daarvan te gee, behalwe van die grond rondom die Kerk. Die regering sou die gemeente nog die reg gee om die plein as kerkplein te gebruik op Sondae en feesdae.[9]

Voordat hierdie aanbod egter deur die Kerkraad van Ds. H.S. Bosman se gemeente kon aanvaar word, het daar beswaar teen die voorgestelde ruiling gekom. Die Nederduitsch Hervormde Kerk wat in 1888 nie met die Kerkvereniging wou saamgaan nie het 'n interdik by die Hoë Geregshof aangevra teneinde die Registrateur van Aktes te belet om eiendomme wat op die naam van die Nederduitsch Hervormde Kerk gestaan het op die naam van enige ander kerk te transporteer.[10]

Alhoewel die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Pretoria, onder Ds. H.S. Bosman, met die Kerkvereniging saamgegaan het, het hulle nagelaat om die Kerkplein op die naam van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente te laat oorplaas. Die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat in 1888 nie verder met die Kerkvereniging wou aangaan nie, het dus die Kerkplein nog as hulle eiendom beskou.

Verskeie persone het nou van hulle laat hoor. Ds. Goddefroy het namens die Nederduitsch Hervormde Kerk hom op gewese President M.W. Pretorius beroep maar sou ook wag totdat die Hoë-Geregshof oor die Kerkplein uitspraak gegee het.[11] Dr. Leyds het akkoord gegaan met Ds. Goddefroy, maar hy het 'n skikking tussen die partye voorgestel.[12] Ook President Kruger en gewese President M.W. Pretorius het belang gestel. M.W. Pretorius het daarop gewys dat hy die plein as Kerkplein aan die

Nederduitsch /..........

9) BB 604/90:- Leyds aan H.J. Schoeman en D.J. Erasmus - 31 Januarie 1890.
10) Wolmarans, A.D.W. :-Kerkhistoriese Feiten, p. 27.
11) R 12014/90:- Alg. Kom. Ned. Herv. Gemeente aan St.Sekr.- 1 September 1890.
12) BB 3705/90:- Leyds aan Ned. Herv. Gem. - 9 September 1890.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Nederduitsch Hervormde Kerk geskenk het maar dat die Kerk die Kerkplein nie kon laat toedraad nie omdat dit op die kruispunt van twee strate lê. Hy het voorts verklaar dat indien die regering wel die Kerkplein sou oorneem daar nie op die Kerkplein gebou mag word nie omdat dit 'n versiering vir die dorp is „en moet bewaard blyven voor het nageslagte op deze grondslag en op geen andere."[13)]

Op hierdie tydstip was die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente selfs gewillig om af te sien van geldelike vergoeding vir die Kerkplein as hulle grond in ruil daarvoor kon kry. Die 30 vt. grond om die Kerkgebou sou natuurlik dan nog Kerkeiendom bly maar dan moes die regering die transport in die naam van die Nederduitsch Hervormde Kerk vernietig.[14)]

Toe President Kruger sien, dat die kerklike geskille, oor die kerkeiendom, sulke gevaarlike afmetings begin aanneem, het hy op 25 Maart 1891 voorgestel dat die betrokke partye op 'n meer vredeliewende wyse die bestaande kerkkwessies moes oplos. Die president het hulle uitgenooi om op 24 Augustus 1891 onder sy voorsitterskap in die Tweede-Volksraadsaal 'n byeenkoms te belê en indien moontlik „dan in liefde en vrede de bestaande geschillen uit de weg te ruimen."[15)]

Op die genoemde datum het die partye toe vergader. President Kruger het op baie taktvolle wyse die vergadering gelei maar die partye kon nie tot 'n vergelyk kom nie. Die wens tot 'n vreedsame oplossing is egter deur alle partye aanvaar en die president kon toe na vier dae die samesprekings afsluit.[16)]

Aangesien daar 'n interdik van die Hooggeregshof gevra was en die interdik nie teruggetrek is nie, het die hof op 23 Februarie 1892 uitspraak gegee. Die hof se bevinding was dat

alleen / ..........

---

13) R 1913/90:- M.W. Pretorius aan Reg.-12 Febr. 1890. - Hoe die Stadsraad van Pretoria by hierdie ewigdurende Serwituut van M.W. Pretorius verby gaan kom as die Holford-plan uitgevoer gaan word, is moeilik te verstaan.
14) R 546C/90:- By hierdie brief (reeds aangehaal) is ook ander stukke wat handel oor kerksake.
15) Gerdener, Dr. G.B.A.:-Boustowwe, p. 498 en Wolmarans t.a.w. p. 43.
16) Gerdener, t.a.w., p. 503 en Wolmarans t.a.w., pp. 43 - 48.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

alleen deur wetlike aksie teen die Nederduitsch Hervormde Kerk die transportakte van die Kerkplein en ander eiendomme in hulle naam getransporteer, verander kon word.[17)]

Instede van verdere wetlike aksie te neem, het Ds. Bosman en ander predikante van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeentes getrag om tot 'n skikking met die Nederduitsch Hervormde Gemeentes te kom.[18)]

Die twee groepe in die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk het in 1894 tot 'n vergelyk gekom[19)] en kon die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeentes toe net met een groep samesprekings oor die kerkeiendomme aanknoop. Intussen is ook verneem dat die regering bereid was om die kerk en Kerkplein vir £50,000 te koop mits die belanghebbende groepe oor die verdeling ooreen kon kom.[20)]

Hierdie skikking het vroeg in 1899 plaasgevind. Aangesien die erwe wat in besit van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente was ook tersprake gekom het, is toe besluit dat die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Pretoria £12,500 en erwe 944, 945, 959 en 960 aan Mare- en Scheidingstraat en die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeente £37,500 en erwe 942, 943, 957 en 958 ook aan Mare- en Scheidingstraat sou kry.[21)]

Na baie jare van twis tussen die twee genoemde kerke, het die Kerkplein dus in 1899 Regeringseiendom geword.

---

17) Ibid, pp. 510 - 521 en Ibid, p. 50.

18) Gerdener, Dr. G.B.A.:-Boustowwe, p. 522, Wolmarans, A.D.W.:- Kerkhistoriese Feiten, p. 70 en Engelbrecht, Prof. Dr. S.P.:- Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Derde Hersiene uitgawe, Pretoria 1953, pp. 344 - 353.

19) Engelbrecht, t.a.w. pp. 348 - 353.

20) R 546C/90:- Kerksake.

21) R 2042/99:- H.S. Bosman en A.D.W. Wolmarans aan Regering van die Z.A.R. - 9 Februarie 1899.

********************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K 8.

## DIE KRUGERBEWIND IN PRETORIA.

### b. ONDERWYS IN PRETORIA 1881 - 1899.

President Burgers se onderwyswet, wat baie moontlikhede ingehou het, is onder die Shepstone-regering as nie geskik vir Transvaal beskou nie. Dr. J. Vacy Lyle, Shepstone se huisdokter, is aangestel om die toestande op onderwysgebied na te gaan en 'n rapport daaroor uit te bring.[1] Na die publikasie van Lyle se rapport het die Superintendent van Onderwys, van Gorkom, sy pos neergelê en hy is opgevolg deur Dr. Vacy Lyle self,[2] wat 'n heel ander rigting op onderwysgebied as President Burgers ingeslaan het. Die Gimnasium is gesluit en Lyle het godsdiensonderrig in sy leerplanne ingevoer. Goewermentskole is alleen in die distrikte opgerig, waar die behoefte die dringendste was. Alle ander skole het „grants-in-aid" ontvang.[3]

Ongelukkig vir President Burgers en vir Dr. Vacy Lyle was die tydperke waarin hulle onderwysstelsels toegepas moes word te kort. Ds. H.S. Bosman, wat na Dr. Vacy Lyle se dood in 1779, Superintendent van Onderwys geword het, het grootliks dieselfde beginsels as Lyle toegepas. Ds. Bosman was 'n onderwysman, wat kon bewys word met sy oprigting van die „Prospect Seminary," maar ook hy het tot 1881 nie veel op die gebied van onderwys tot stand gebring nie.

Na 1881 het die oog van die „Driemanskap", op Ds. S.J. du Toit, van die Paarl, geval. Nadat Ds. S.J. du Toit in die verband gepols is, is aan hom die betrekking, as Superintendent van Onderwys in Transvaal, aangebied en hy het die pos aanvaar.[4]

Die nuwe Superintendent het sy werksaamhede in Pretoria op 13 Maart 1882 aanvaar en vasgestel dat daar net drie staat-

skole / .........

---

1) Government Gazette - 7 Januarie 1878.
2) Lugtenburg, Dr. A.H. :-Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836 - 1900, Pretoria - 1925, p.119.
3) Ibid, pp. 119 - 121.
4) R 3578/81:- Ds. S.J. du Toit aan St. Sekr. - 26 Aug. 1881 en R 3994/81:- Ds. S.J. du Toit aan St. Sekr. - 29 Sept. 1881.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skole in die Transvaal was. Hierdie skole was in Potchefstroom, Utrecht en Zeerust.[5] In Pretoria was daar net staatondersteunde skole maar geen staatskool nie. Hulle was die Loreto Kloosterskool onder Biskop Jolivet, die „Prospect Seminary" onder Mej. Malherbe, die St. Etheldridaskool onder die „Lord Bishop", die „Pretoria Academy" onder J. Gawrie, die „Pretoria Charity School" onder R. Collins en die Dorpskool onder van Manen.[6]

Die Loreto Kloosterskool is natuurlik in die klooster op die hoek van Bosman- en Skinnerstraat gehou. Die „Prospect Seminary" was op erf 383 d.w.s. op die hoek van Prinsloo- en Kerkstraat, die St. Etheldridaskool was in Skinnerstraat naas die Duitse Kerk, die „Pretoria Academy" in Pretoriusstraat regoor die huidige aanklagtekantoor, die „Pretoria Charity School" van R.D. Collins was op die hoek van Skinner- en van der Waltstraat terwyl die Dorpskool vermoedelik naas die pastorie op die Kerkplein was.[7]

Die meeste van die genoemde skole was natuurlik kerkskole en hét onafhanklik van die staat ontwikkel. Die „Prospect Seminary" het later die Ebenhaezerskool en nog later die opleidingskool onder die heer W. Louis geword en daar behoort 'n bietjie meer omtrent die skool gesê te word.

Die „Prospect Seminary" is deur Ds. H.S. Bosman begin en vir die onderhoud van die skool het hy die lidmate van sy gemeente ingespan. Van elke lidmaat is 'n sjieling per jaar vir die onderhoud van die skool gevra. In 1881 het die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk egter die beheer van die skool oorgeneem en dit toe die Ebenhaezerskool genoem. In 1882 het die Regering drie vertrekke van die Ebenhaezerskool teen £4 per maand gehuur om huisvesting aan die voorgestelde „Hooge School" onder W. Louis te bied.

Ds. S.J. du Toit / ......

5) Lugtenburg, Dr.A.H.:- Gesk. v.d. Onderwys in die S.A.R., p.133.
6) T.A.:- Z.A.R. Publikasies:- Band 179 - Skole in Pretoria.
7) Gegewens omtrent die ligging van die skole kon moeilik bekom word. Behalwe die „Volksstem", Pretoria Eeufeesalbum en Z.A.R. publikasies is ook Mnr. A.K. Bot, Dr. W.E. Bok, Mev. Greenlees en Mev. Verdoorn (almal ou inwoners) geraadpleeg.

© University of Pretoria

Ds. S.J. du Toit het in sy Onderwysprogram voorsiening vir Staatondersteunde skole gemaak en 'n Opleidingskool of „Hooge School" wat deur die staat beheer en gefinansieër is. Toe later 'n Voorbereidingskool by die Opleidingskool noodsaaklik geword het, is die Ebenhaezerskool van die Nederduitsch Hervormde Kerk gekoop uit fondse wat, onder leiding van Prof. Harting, gedurende die Eerste Vryheidsoorlog, in Nederland versamel is.[8)]

In Januarie 1883 het W. Louis, vroeër onderwyser van die staatskool van Potchefstroom met sestien leerlinge die Opleidingskool in die gebou van die Ebenhaezerskool begin.[9)] Enige skolier wat die privaatskole deurloop het, kon aansoek doen vir toelating tot die Opleidingskool. Heel gou is egter uitgevind dat die standaard wat in die Opleidingskool gehandhaaf is, te hoog was vir die leerlinge wat van die privaatskole en/of Staatsgesubsidieerde skole gekom het. Die privaatskole het die leerlinge tot nagenoeg op die peil van St. III gebring. Die Opleidingskool het weer vanaf St. VI verder gegaan. Die gaping tussen St. III en St. VI moes toe enigsins oorbrug word en dit is toe dat 'n Voorbereidingskool in die lewe geroep is. Die Voorbereidingskool het vermodelik toe in die lokaal van die Opleidingskool op die hoek van Prinsloo- en Kerkstraat voortgegaan en die Opleidingskool is toe na Kerkplein oorgebring. Die aantal leerlinge van die Opleidingskool was maar gering sodat net een kamer as klaslokaal nodig was. Volgens herinneringe van C. Beelaerts van Blokland het die klaskamer voor sy inbruikneming as perdestal gedien en moes dit vermoedelik die buitegebou van die pastorie van Ds. H.S. Bosman gewees het.[10)]

Die / ..........

---

8) Lugtenburg, Dr. A.H. :-Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, pp. 137-139 en pp. 160-164.
9) „De Volksstem" - 10 Januarie 1883.
10) "Beelaerts van Blokland, C. :-Transvaal, p.14; 'n werk wat nie in die handel is nie, maar in 1903 in Nederland uitgegee is „in herinnering aan myn Transvaalsche Jeugdvrienden. 'n Kopie is in besit van Dr. F. du Toit Spies.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Opleidingskool was dan die enigste Staatskool in die Z.A. Republiek en het veral die opleiding van onderwysers en amptenare beoog. Leerlinge is van oor die hele Transvaal getrek en hulle het by die onderwyser W. Louis, wat tussen Schubart- en Bosmanstraat (toe Kockstraat) in Kerkstraat gewoon het, tuis gegaan. „Er waren toen een tiental jongens in de kost. Nicolaas Smit (de oudste zoon van den Generaal) en Koos Schoeman (de zoon van Oom Hendrik), beide omstreeks twintig jaar oud; dan Tonie en Johannes Kock, zoons van den landdrost van Potchefstroom, en August Jansen (zoon van den landdrost van Lydenburg), de twee zoons van Ds. van Warmelo in Heidelberg en Flip Watermeyer."[11] Dan het natuurlik die seun van W. Louis en nog 'n seun, C. Beelaerts van Blokland, wat met die 1883/4 deputasie na Europa, toe die Londense Konvensie verkry is, na Transvaal saamgekom het om hier vir drie jaar skool te gaan, bygekom.

Die kosgangers moes by hulle skoolpligte ook help om hulle eie groente te verbou, veral toe die heer Louis in 1884 die ou woning van President Burgers aan die Markplein gekoop het. Na die skoolure (9 tot 12 en 1 tot 3 uur) kon die kinders gaan speel. Hulle het dan meestal in „Skoeman se gat" wat aan die voet van die bergrand in Apiesrivier, waar die teenswoordige dieretuin is, gaan swem of gaan perdry. In 'n mielieland agter die presidentswoning van Pres. Kruger, het Sarel en Tjaard, seuns van die president en jong Beelaerts van Blokland ook hulle eerste pyp tabak gerook. Op 'n dag het Pres. Kruger hulle egter betrap en aldrie 'n goeie afranseling gegee.[12]

Met die koop van die ou presidentswoning aan die Markplein het die Opleidingskool ook weer na die Markplein verskuiwe tot dat in 1887 die nuwe Opleidingskool te Pretoria ingewy is.

Die / ..........

11) Ibid, pp. 13-14.

12) Ibid, pp. 16-18. In 1884 het Pres. Kruger glo nog sy eie beeskraal agter die presidentswoning gehad.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die gebou het, waar die Tandheelkundige Kliniek van die Transvaalse Onderwysdepartement in Skinnerstraat tans is, gestaan en vandat die Voorbereidingskool en die Opleidingskool in 1887 gealmalgameer het, het dit as die „Gimnasium onder leiding van die heer W. Louis een van die belangrikste skole in Pretoria geword.[13)]

Omdat die Opleidingskool of Gimnasium net voorsiening gemaak het vir die opleiding van seuns, het die inwoners van Pretoria ook in Augustus 1884 'n inrigting vir meisies, wat met die opleiding van seuns sou ooreenstem, begin. Mej. van Pommeren van Bloemfontein was aan die hoof van hierdie skool wat op 2 Oktober 1884 geopen is. Daar was dadelik al drie onderwyseresse en die 32 leerlinge is oor 5 klasse verdeel wat in drie klaskamers op die hoek van Bloed- en Markstraat gehuisves was. Nederlands, Engels, Frans, Duits, Rekenkunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, Filosofie, Handwerk, Musiek en Sang was die vakke wat geneem kon word.[14)] In 1888 het drie van die skool se leerlinge, tewete B. Begemann, M. Grunbergen en A. Begemann respektiewelik die eerste, tweede en derde pryse tydens 'n openbare wedstryd van skole in Pretoria, verower. Dit was 'n duidelike bewys van die goeie werk wat in die inrigting van Mej. van Pommeren gedoen is.[15)]

Ds. S.J. du Toit het baie vir onderwys in die Transvaal en vir hoëronderwys in Pretoria gedoen. Die aantal skole in Pretoria het in 1892 tot tien gestyg.[16)] Die volgende jaar, 1893, was die getal agtien met 'n leerlingtotaal van 661.[17)]

Hierdie groei was veral toe te skrywe aan die ywer van Dr. N. Mansvelt wat in 1891 die pos van Ds. S.J. du Toit oorgeneem het nadat H. Stiemens, waarnemende Superintendent van

Onderwys /..........

13) De Volksstem - 1 Aug. 1887 en mondelingse gegewens van Mnr. A.K. Bot.
14) Lugtenburg t.a.w.,pp. 169-170, Beelaerts van Blokland C: Transvaal p. 17 en Dr. W.E. Bok : Mondelinge vertelling.
15) Lugtenburg,t.a.w. p. 172.
16) T.A.: - Z.A.R. publikasies Band 181 - Pretoria.
17) Ibid - Band 182.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Onderwys, baie maal tydens besoeke van Ds. du Toit, aan die buiteland, die werk behartig het.

Daar was geen behoefte aan prinsipiële hervorming van die onderwys nie, maar wel 'n man wat sy volle aandag aan die uitvoering van die onderwyswet sou wy. „Hierdie man het die President en Volksraad gevind in N. Mansvelt, professor in Nederlands aan die Victoria-Kollege op Stellenbosch."[18)]

Volgens die onderwyswet van 1892, waarin Dr. Mansvelt sy beleid vasgelê het, was daar drie groepe skole :

a. Laerskole tot en met standerd drie.

b. Middelbareskole tot en met standerd ses.

c. Inrigtings vir hoër onderwys.[19)]

Die grootste persentasie kinders in Pretoria het net laer onderwys ontvang en dit was in Kerk- en gesubsidieerde privaatskole. Omtrent sewe persent van die kinders in die Transvaal het Middelbare onderwys ontvang, terwyl een persent onderwys bo standerd ses geniet het.[20)]

Aangesien middelbare onderwys tot die kinders van Pretoria se beskikking was en die hoër onderwys net in Pretoria kon bygewoon word, kan dit aangeneem word dat die persentasie leerlinge van Pretoria wat die middelbareskole en hoër onderwysinrigting besoek het, hoër as die van Transvaal in die algemeen moes gewees het.

Die standaard in die hoër onderwysinrigting in Pretoria was egter nie dieselfde as in Nederland nie en daarom het Dr. Mansvelt voorstelle ingedien tot die stigting van 'n spesiale skool vir leerlinge bo standerd ses.[21)]

Die naam van hierdie nuwe skool vir leerlinge bo standerd ses sou dieselfde bly as die van die skool van die heer W.

Louis /.........

18) Bot, A.K.:-Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal 1836 - 1951. Staatsdrukker, Pretoria 1951, p. 20.
19) Staats Courant - 1 Junie 1892. Dit is die beroemde wet no. 8 van 1892.
20) Bot, A.K. t.a.p., p. 22.
21) Ibid, p. 25. Lees ook Basson, M.A. :-Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys 1836 - 1907. Doktorale verhandeling. Univ. Pretoria 1950, pp. 201 - 203.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Louis, die hoof van die inrigting tot 1892, wat moes plek maak vir Dr. H. Reinink wat die rektor geword het. Dr. H. Reinink sou ook die dosent vir klassieke tale word terwyl Dr. W.J. Viljoen vir Nederlandse Taal en Letterkunde, W.A. Macfady ~~en~~ vir Engelse Taal en Letterkunde, W. Louis vir Wiskunde en Dr. H.G. Breyer vir Natuurwetenskappe aangestel is.[22]

Volgens Wet No. 8 van 1892, artikels 47-60 word die hele toekomstige beleid van die onderwys geformuleer. Aan die Staats-Gimnasium sou 'n letterkundige of klassieke departement vir leerlinge wat na 'n universiteit wou gaan en 'n wetenskaplike departement vir toekomstige ingenieurs, landmeters en amptenare wees.[23]

Aanvanklik is die Gimnasium se klasse in die ou pastorie op die hoek van Kerkplein en Markstraat-Noord gegee,[24] maar in 1897 is 'n gebou wat £40,000 gekos het[25] op die hoek van Proes- en die huidige Bosmanstraat betrek.[26]

Die President, Volksraadslede en baie belangstellende inwoners van Pretoria het die inwyding van die gebou, gedurende die eerste week van Februarie 1897, bygewoon. Na die openingsrede van die rektor, 'n toespraak van die president en 'n dankgebed van Ds. Louw, is die verrigtinge afgesluit waarna die gaste en kinders onthaal is op koek, kooldranke en vrugte en die gebou deur die aanwesiges besigtig is.[27] Hierdie gebou was op sy dae seker die pragtigste skoolgebou in die Z.A.R. Die plan was om die Gimnasium die voorloper vir 'n toekomstige universiteit te maak. Die medium van onderrig was Hollands. Die dosente moes minstens 20 uur per week les gee en die leer-

plan /............

22) T.A.:- Z.A.R. publikasies. Band 184 - Pretoria en Bot A.K.: Onderwys in Transvaal, pp. 25 - 26.
23) Ibid.
24) Pa 1 - Band 8, 1893 - Wierda aan Landdros Smit - 11 Jul.1893.
25) Bot, A.K. :-Onderwys in Transvaal, p. 26.
26) Hertzog - Annale, Tweede jaargang, Eerste aflewering, p. 77.
27) Ibid en De Volksstem 3 Februarie 1897. Sien ook Feesalbum van Pretoria, p. 49.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plan is so opgestel dat dit aan die eise wat in Nederland vir toelating tot die Universiteit gestel word, voldoen het. Dr. Reinink het die toelatingseksamen vir die Gimnasium op hoë peil gehou, hy het hom nie oor getalle bekommer nie. Sy doel was die verhoging van die standaard van die onderwys.[28)]

Met die aanname van die Mansvelt-onderwyswet in 1892 het daar weer 'n breuk gekom tussen die Voorbereidingskool en die Gimnasium of Opleidingskool van Louis. Die gevorderde leerlinge is oorgeplaas na die Gimnasium terwyl diegene vanaf standerd een tot standerd ses na die Voorbereidingskool, wat toe die naam van Staatsmodelskool gekry het, oorgeplaas is.[29)] Die Staatsmodelskool het nog die ou Gimnasiumgebou in Skinnerstraat bly bewoon totdat 'n nuwe gebou daarvoor op die hoek van van der Walt- en Skinnerstraat gebou is.[30)]

In 1894 het die staat die Opleidingskool vir dogters wat in 1894 reeds opgerig is, oorgeneem. Die nuwe skool het toe die Staatsmeisiesskool geword en is in die ou Gimnasiumgebou in Skinnerstraat gehuisves.[31)]

In 1899 sou die Staatsmeisiesskool ook kon verhuis het na hulle nuwe gebou, die huidige Hamiltonskool in Visagiestraat, maar ongelukkig het die oorlog tussenby gekom sodat die gebou 'n hospitaal geword het instede van 'n skool.[32)]

Aan die hoof van die Staatsmodelskool was Mnr. F.W. Wagner met Tromp, Boersma, van Niekerk, Möller, Nicholson, Dr. Fockens en M. Vaandrager as leerkragte.[33)]

Die leerkragte aan die Staatsmeisiesskool was Mejj. A. Adriani, Roodhuizer, Lorentz, Smith, Oosterbroek en Mevroue Lamaison, van Schouwenburg en Ribink.[34)]

Om die leerlinge van hierdie skole te huisves, is daar ook

Staatstehuise / ..........

28) Lugtenburg Dr. A.H. :-Gesk. van die onderwys in die Z.A.R., pp. 217 - 223.
29) Ibid, pp. 226 - 227.
30) T.A.:- Z.A.R. publikasies Band 187 - Skole in Pretoria.
31) Lugtenburg:-t.a.w., p. 225.
32) Mededeling Mnr. A.K. Bot.
33) T.A.:- Z.A.R. publikasies:- Band 184 - Skole in Pretoria en Eeufeesalbum van Pretoria, p. 49.
34) T.A.:- Z.A.R. publikasies - Band 184 - Skole in Pretoria.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Staatstehuise opgerig. Die Meisies-tehuis, onder die sorg van Mej. A. du Plessis, was op die hoek van Prinsloo- en Skinnerstraat.[35] Die Seunskoshuis, onder die sorg van R.D. Collins,[36] was op die hoek van Schoeman- en van der Waltstraat. Voor 1898 moes daar egter nog twee Seunskoshuise bygebou word, een in Markstraat-Noord op 'n stuk grond bekend as „Rus-in-Urbe" en een op die hoek van Struben- en van der Waltstraat.[37] Die kosgelde was dieselfde vir seuns en dogters naamlik £36 per jaar terwyl die inskrywingsfooi £3 per jaar was.[38]
Indien die Anglo-Boereoorlog nie die Krugerbewind beëindig het nie, sou die onderwys in die Transvaal nog hoër sporte bereik het. Selfs Mnr. Fabian Ware, die Transvaalse Direkteur van Onderwys in 1905, het erken dat : „Before the war the Dutch were instinctively developing their secondary education on lines which, in respect of efficiency of instruction, English people will apparently only be persuaded to follow."[39]

Vir die aanvangs-onderwys was daar van Staatsweë egter nie baie gedoen nie. Die inisiatief het gewoonlik van die ouers uitgegaan omdat algemeen aanvaar is dat dit die plig van die ouer was om te sorg vir die opvoeding van sy kind en die stigting van skole. Behalwe die reeds genoemde laerskole wat in Pretoria in 1882 bestaan het, was daar dan nog die Wesleyaanse Kerkskool in „Hartley-Hall" op die hoek van Andries- en Kerkstraat (waar tans die Nederlandse Bank opgerig word),[40] die Episkopaalse Kerkskool van W. Marren[41] en die Excelsiorskool in Vermeulenstraat.[42]

Hierdie skole het meestal subsidies van die staat ontvang, maar in hulle interne sake is nie ingegryp nie. En tog het die Pretoriase skole latere bekende Suid-Afrikaners onder hulle

geledere / ...........

---

35) Ibid - Band 187 - Skole in Pretoria.
36) Ibid - Band 184 - Skole in Pretoria.
37) Ibid.
38) Ibid - Band 187 - Skole in Pretoria.
39) Bot, A.K. : Onderwys in Transvaal, p. 27.
40) Gegewens van Eerw. Massey van die Wesley-Metodiste kerk.
41) Vereniging van Onderwyzers & onderwyzeressen in Zuid-Afrika (V.V.O.O.Z.A.):-Godenkboek: Pretoria, 1918, p. 3.
42) Gegewens van Mev. Dr. W.E. Bok - MacKenziest. 375, Brooklyn, Pretoria.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geleerde as leerlinge gehad. Ons dink hier veral aan Gen. Kemp, 'n latere Unie-minister; Piet Grobler ook later minister; Dr. W.E. Bok, later sekretaris van Justisie en regter te Kimberley; Bodenstein, latere sekretaris van Buitelandse-sake; Prof. M. Malherbe van Stellenbosch; Koos Smit, latere Administrateur van Transvaal; Fanie Bezuidenhout, die stigter van Volksbank en die latere minister Collins.[43]

In 1884 het C. Beelaerts van Blokland, die ~~latere~~ seun van die Nederlandse Konsul ~~in~~ van die ~~Unie~~ Z.A.R., self in Pretoria skool gegaan soos ons alreeds gesien het.

In 1893 het die onderwysers in Transvaal ook vir die eerste keer in Pretoria vergader met die doel om 'n onderwysersvereniging te stig. Die inisiatief het hoofsaaklik van twee Pretorianers, R.D. Collins en W. Marren uitgegaan. Hierdie eerste byeenkoms wat in die saal van die Presbyteriaanse Kerk in Schoemanstraat gehou was, het uitgeloop op die stigting van die huidige so bekende Transvaalse Onderwysers-Vereniging of kortweg genoem die T.O.[44]

Van Staatsweë is die onderwysersvereniging erken en is dit aan die stigters te danke dat onderwys vandag nog 'n professie en nie 'n amp is nie. Noglank sal die woorde van Dr. Mansvelt, op die eerste kongres : „Gy onderwyzers zyt geen huurlingen," onthou word.[45]

---

43) Gegewens van Dr. W.E. Bok - MacKenziest 375, Brooklyn, Pretoria.

44) V.V.O.O.Z.A. :-Gedenkboek, 1893 - 1918, pp. 3-4.

45) Ibid, p. 4.

*************************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## DIE KRUGERBEWIND IN PRETORIA.

### c. DIE GESKIEDENIS VAN DIE VERSKILLENDE KOERANTE IN PRETORIA TOT 1899.

Die eerste koerant in Transvaal, is te Potchefstroom uitgegee.

Cornelius Petrus Moll, die seun van die latere Landdros C.P. Moll van Pretoria, wat op 21 September 1857 met M.W. Pretorius 'n kontrak gesluit het waarin ooreengekom is dat hy weekliks 'n koerant sou uitgee, was die eerste drukker en die „Staats Courant" die naam van sy koerant.[1)]

Die eerste nommer het op 25 September 1857 verskyn en die regering het die waarde van die koerant so sterk aangevoel dat die drukpers van Moll in 1859 gekoop is. Voortaan sou die koerant die „Gouvernements Courant" genoem word.[2)]

In 1860 is die regeringskantore vanaf Potchefstroom na Pretoria oorgeplaas[3)] en in 1863 het die staatsdrukkery, onder C.P. Moll, gevolg.[4)]

In 1863 het Pretoria dus sy eerste koerant gekry. „De Staats Courant", die naam is toe weer van „Gouvernements Courant" na „Staats Courant" verander, was voorlopig uitgegee in die ou Struben-huis, waar die Reserwe-bank tans is, maar in 1864 is die drukpers na die kantoor van advokaat Hollard wat vermoedelik in die huidige Bureaulaan was en later weer na 'n gebou in Kerkstraat-

Oos / .........

1) C.P. Moll, die latere landdros, is in 1810 in Kaapstad gebore. Op elfjarige leeftyd het hy klerk in die kantoor van 'n advokaat geword en later was hy in 'n drukkery werksaam. Van 1837 tot 1838 het hy in Kaapstad 'n weekblad, onder die naam „De Meditator" uitgegee. Later is Moll na Natal waar hy in 1844, die eerste Natalse koerant, „De Nataliër en Pietermaritzburgsche Trouwe Aantekenaar" begin het. Twee jaar later het Moll met 'n nuwe koerant, „De Patriot", wat tot 1848 bestaan het begin. In 1853 het hy die „Zuid-Oost Afrikaan" uitgegee en in 1856 kom hy met 'n splinternuwe koerant „De Ware Patriot" voor die dag. In 1857 verhuis hy met sy gesin en drukpers na Potchefstroom, maar daar word hy as goewermentsekretaris aangestel. Sy seun, C.P. Moll, het toe in Potchefstroom die drukpers oorgeneem.
2) Die Volkstem - 9 Aug. 1948. ('n Artikel van Hoëvelder : „Eerste Transvaalse Koerante en ontstaan van die Volkstem" in die Bylae by genoemde koerant met datum.)
3) Sien hoofstuk III - A - van hierdie werk.
4) Sien hoofstuk III - E - van hierdie werk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Oos verskuiwe.[5] Die drukkers was C.P. Moll (Jnr.) en Daantjie Immelman en die drukpers nog die een wat die regering in 1859 van Moll gekoop het.[6]

In 1865 het Pretoria sy tweede koerant, „De Republikein", gekry, maar behalwe hierdie gegewens omtrent die koerant kan niks verder nagespoor word nie.[7] Vermoedelik het Moll en Immelman die koerant saam met die „Staats Courant", uitgegee maar die koerant moes 'n vroeë dood gehad het want die datum waarop die publikasies gestaak is, is ook onbekend.

Benewens C.P. Moll en D. Immelman, was F. Jeppe, J.P. Borrius en James C. Rous drukkers en uitgewers van „De Staats Courant"[8] en tot 1872 was dit dus die enigste blywende koerant in Pretoria.

Toe Thomas Francois Burgers in 1872, president van die Transvaal geword het, het hy al gou gevoel dat daar in die Z.A.R. behoefte was aan 'n onafhanklike of private nuusblad en drukpers. Deur sy toedoen word daar die eerste private drukpers in Pretoria opgerig. Die goewermentsdrukpers het natuurlik nog in Pretoria bestaan, maar die private drukpers kon baie bydra tot die suksesvolle deurvoering van regeringsondernemings.

Met die wete het Pres. Burgers in 1872 met Jan. F. Celliers, destyds onderredakteur van „Het Volksblad", te Kaapstad, onderhandel om in Pretoria 'n nuusblad uit te gee.

In Mei 1873 het Celliers en sy gesin hulle na Pretoria begewe om „De Volksstem" te begin. Geldelike steun vir die oprigting van die blad is van N.J.R. Swart, destyds staatssekretaris, Buchanan, die Staatsprokureur, H.G. Bergsma en Fredrick Jeppe verkry.[9]

Met Celliers se aankoms in Pretoria was sy materiaal en drukpers nog nie beskikbaar nie en moes hy ander reëlings tref. James

C. Rous, / ...........

5) Cutten, T.E.G.:- A History of the press in South Africa, Cape Town, 1935, p. 51. (6) Ibid.
7) Ibid en „Union List of South African Newspapers" - South African Public Library 1950 - Pretoria Newspapers.
8) Bylae - Die Volkstem - 9 Aug. 1948: Geskiedenis van die Volkstem.
9) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

C. Rous, die redakteur en drukker van die „Staats Courant", was gewillig om Celliers tydelik te help. Celliers en Rous het egter vennote geword en sou besigheid drywe as „drukkers, uitgevers en papierhandelaars, onder den naam en firma van Celliers en Rous, met regt aan beide vennooten om voor de firma te teekenen."[10)]

Op 8 Augustus 1873 het die eerste eksemplaar van „De Volksstem" verskyn. Dit was maar 'n halwe blad van 22" x 15", gedruk op die ou Regeringspers. Die handpers van Celliers het eers op 30 Oktober 1873 aangekom en van toe af kon die werksaamhede in die drukkery meer spoed. Die intekengeld was £1.10. 0 per jaar en omdat die blad slegs met 100 intekenare begin het, moes ruim gebruik gemaak word van advertensies om die inkomste te verhoog.[11)]

In die derde uitgawe is die Staatswapen, wat met die eerste uitgawe net onder die naam verskyn het, weggelaat om meer ruimte te kry. Die voorblad van die derde uitgawe bestaan dan ook hoofsaaklik uit advertensies. R. Winstanley en J.R. Lys het nagenoeg 'n derde van die voorblad gebruik om hulle handelsware te adverteer, terwyl R. Cottle Green, M. de Vries, James Brooks, Preller en de Villiers, R. Peacock, S.J. Meintjies en „The Hole in the Wall" hulle besighede of beroepe onder die aandag van die lesers gebring het.[12)]

Die drukkery was gehuisves in 'n geboutjie net langs die skoolgebou, wat gestaan het waar tans die Paleis van Justisie is. Toe 'n stormwind die dak van die drukkery afgeruk het, het hulle egter verhuis na 'n geboutjie in Schoemanstraat en hierna na Kerkstraat, tot tyd en wyl hulle nuwe drukkery, ook in Kerkstraat, betrek kon word. Die hoeksteen van hierdie nuwe drukkery is gelê deur C. Moll (Sen.), aangesien hy die

oudste /.........

10) De Volksstem - 28 Febr. 1874. Sien ook Cutten, T.E.G.: A History of the press in South Africa, p. 53.
11) Bylae - Die Volkstem - 9 Aug. 1948 :- Geskiedenis van die Volkstem.
12) Die Volkstem - 5 Aug. 1948 - Afdrukke van die eerste (8 Aug. 1873) en derde (22 Aug. 1873) uitgawes.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oudste drukker in die Transvaal was.[13]

Die geboutjie was reg teenoor Juta se boekwinkel wat in Kerkstraat-Oos gestaan het maar so diep terug op die erf gebou dat Eugene Marais dit beskrywe as „halfway down what is now Bureau Lane."[14]

Die drukkery was nie groot nie en „proved a great source of attraction to the pupils of the infant school. In one corner were a few cases of type, at which two men worked. In another corner was the press, a small affair, worked by a piccanin."[15]

Die groot dryfkrag agter die drukkery was Jan F. Celliers, wat in 1839 op Wellington, Kaapland, gebore is en hom sedert 1863, na sy opleiding aan die „Paarl College" aan die joernalistiek gewy het.[16] Sy maat, James Cooper Rous, is op 20 April 1840 in of naby Kaapstad gebore. Hy het as drukkersleerjong by van der Sandt en de Villiers in Kaapstad begin werk. In 1860/61 is hy na Natal waar hy in diens getree het by J.R. Lys, die latere winkelier van Pretoria. Kort hierna is hy na Pretoria waar hy in 1869 staatsdrukker van die Z.A.R. geword het. Vanaf 1873 het hy toe gesamentlike eienaar van die „De Volksstem" geword wat toe ook die „Staats Courant" vir die Z.A.R. gedruk het. Op 18 Junie 1876 is hy, as 'n betreklike jong man, oorlede.[17]

Sedert 1873 het die personeel van die Volkstem stadig gegroei. In 1874 is die medewerking verkry van die here Vogel en W.E. Bok en sedert 1877 het Dr. E.J.P. Jorissen as mede-redakteur opgetree. Ook P.W.T. Bell, die latere direkteur van die Staatsdrukkery, was vanaf 1876 tot 1888, aan die personeel verbonde.

In 1888 het Celliers die drukkery aan die Regering vir £20,000 verkoop. Dit word toe die staatsdrukkery onder direksie

van / ..........

---

13) De Volksstem - 14 Nov. 1874, De Volksstem - 3 Julie 1875 en Bylae - Die Volkstem - 9 Aug. 1948.
14) Pretoria News - 17 November 1930, p. 24.
15) Ibid.
16) Bylae - Die Volkstem - 9 Augustus 1948.
17) De Volksstem - 24 Junie 1876 - Doodsberig van Rous.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van P.W.T. Bell. Wat die koerant, „De Volksstem", betref, is dit aan Wichers Jonker verkoop met 'n gedeelte van die drukkersmateriaal. Die regering het blykbaar nie alles vir sy publikasies nodig gehad nie.

Jonker het egter in 1888 selfmoord gepleeg en in 1890 is „De Volksstem" deur 'n maatskappy oorgeneem. Aandele van £1 elk is uitgegee en die Regering van die Republiek het een van die vernaamste aandeelhouers geword.

Sedert 1890 was Dr. F.V. Engelenburg redakteur tot 1900 toe die blad, met die Engelse besetting van Pretoria, opgehou het om te bestaan. Na die Anglo-Boereoorlog is die publikasies van „De Volksstem" weer hervat en weer het Dr. Engelenburg die leisels opgeneem.[18]

Dr. Frans Vredenryk Engelenburg het in 1889 na Transvaal gekom, met die doel om hom as advokaat hier te vestig. Volgens wet moes hy egter eers drie maande wag voordat hy as advokaat kon praktiseer en dit was gedurende hierdie tyd van niksdoen dat hy deur „De Volksstem" genader is om as redakteur op te tree. Die gevolg was dat hy redakteur van „De Volksstem" geword het inplaas van as advokaat te gaan praktiseer.[19]

Aanvanklik het „De Volksstem" net eenmaal per week verskyn. Na 1877 het ook 'n Engelse uitgawe van die blad die lig gesien en na 1881 het „De Volksstem", solank die Volksraad gesit het, drie keer per week verskyn. Vanaf 1895 is benewens die halfweeklikse uitgawes ook 'n dagblad gepubliseer.[20]

In 1888 het „De Volksstem" vanaf Kerkstraat verhuis na die Suid-Westelike hoek van Proes en Andriesstraat (die geboutjie huisves tans die besigheid van „Pretoria Handbag and Shoe Renovators') en in 1890 het dit sy eie gebou betrek in Pretoriusstraat /............

18) Bylae - Die Volkstem - 9 Augustus 1948.
19) Ibid en Wallach, I. : Die volmaakte „Gentleman." (Intieme kykies op die lewe van Dr. F. V. Engelenburg.), Pretoria, 1945.
20) Bylae - Die Volkstem - 9 Augustus 1948.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

straat, net oos en dus langs die huidige Maritimegebou. In 1903 is die ou Caledoniangebou in Andriesstraat aangekoop. (Die groot saal op die tweede verdieping van die ou Caledoniangebou was een van die weinige vergadersale in die stad waar konserte, toneelopvoerings en danse gehou is.)

Gedurende die Engelse-besettingstyd van Pretoria (1900 - 1902) was die gebou 'n offisiersmenage, maar nadat die gebou in 1903 vergroot is, is „De Volksstem" daarin gehuisves.[21] (Tans is die ou gebou, regoor die Staatsbiblioteek, gesloop en het nog 'n monument van „Ou Pretoria" verdwyn.)

Die waarde van „De Volksstem" het daarin gelê dat dit 'n koerant was wat die Republikeinse regering goedgesind was. So vroeg as 1874 was dit al 'n geweldige teënvoeter vir „The Goldfields Murcury" wat op Pelgrimsrust gif gesaai het teen die regering van die Transvaal. Die vooruitgang en ontwikkeling van Transvaal as onafhanklike republiek het die koerant altyd probeer bevorder. Jan F. Celliers het menige verkeerde opvatting verander met sy hoofartikels en na hom het Dr. Engelenburg voortgegaan met die goeie werk. In die negentiger jare was die blad veral die mondstuk van Pres. Kruger en was „De Volksstem" seker die mees gelese blad in Pretoria, nieteenstaande die opposisie van „Land en Volk" en andere koerante.

Kort na die oprigting van „De Volksstem", in 1873, het Pretoria ook 'n Engelse koerant „The Transvaal Argus" gekry. Die eienaar en uitgewer was Charles Deecker wat later die eerste daaglikse koerant in Johannesburg uitgegee het. Die „Transvaal Argus" is twee maal per week uitgegee[22] en het na die Eerste Anneksasie van Transvaal (1877) tot 1880 ook die Government Gazette gedruk.[23]

Deecker se koerant het egter, behalwe onder die Engelssprekende inwoners van Pretoria, geen sirkulasie onder die

Afrikaanssprekendes /...

21) Ibid en Cutten,T.E.G.:-A History of the Press in South Africa, pp. 52 - 55.
22) Union list of South African Newspapers - Pretoria newspapers.
23) Cutten, T.E.G.:-A history of the press in South Africa,p. 52.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrikaanssprekendes gehad nie. Deecker het finansiële ondersteuning van Sir Theophilus Shepstone gevra, maar hy het nie sy weg oopgesien om publieke geld vir die ondersteuning van 'n koerant aan te wend nie. Met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog het Deecker die uitgawe van die „Transvaal Argus" gestaak en dit ook nie weer hervat nie.[24)]

En tog het die drukpers van die „Transvaal Argus", tydens die kamplewe in Pretoria (1880 - 1881) nog 'n werk gehad om te verrig. Charles Duval, 'n toneelspeler van beroep en Charels Deecker het om die eentonigheid van die kamplewe te verbreek, die drukpers van die „Transvaal Argus" gebruik en daarop „The News of the Camp" gedruk en uitgegee.[25)]

Na 1882 het „De Volksstem" heelwat opponente gehad. Op 14 Januarie 1882[26)] het John Keith die „Transvaal Advertiser" uitgegee. Sy drukpers was gehuisves in die gebou waar in die dertiger jare „Doreen's Cafe" was.[27)] (Hierdie gebou is gesloop toe die „Burlington Arcade" tussen Kerkstraat en Bureau-laan opgerig is. Die gebou het aan Kerkstraat gefront.[28)]) Die „Transvaal Advertiser" was volgens Eugene Marais „British from title line to tail end". Die sirkulasie van die blad was egter vermoedelik nie te groot nie want die publikasie daarvan is gestaak. Dit skyn asof die „Transvaal Advertiser" oorgeneem is deur „Transvaal Times" wat in 1890 opgerig is. Die „Transvaal Times" het ongelukkig ook nie 'n lang lewe gehad nie, want in 1893 het die koerant sy uitgawes ook gestaak.[29)]

Die / .............

24) Ibid.
25) Sien hoofstuk V - d, van hierdie werk waar die uitgawes van die koerant bespreek word. (Voetnoot 26 kom net na 29).
27) Pretoria News - 17 Nov. 1930, p.24:- 'n Artikel van Eugene Marais
28) Mondelingse gegewens Mev. E.C. Spruyt.
29) Union list of South African Newspapers.
26) Union List of South African Newspapers - Pretoria Newspapers en Z.A.R. Publikasies - Band 183, p. 205.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die „Transvaal Advertiser" het begin as 'n klein weeklikse koerant en was in alle opsigte 'n eenmans-koerant. Die eienaar, 'n ou Skot, John Keith, het al die verantwoordelikheid van die koerant aan Dr. John Scoble, vroeëre mynkommissaris van Pelgrimsrust, oorgedra. Dr. Schoble het sy nuus uit die „London Times" gekry, behalwe wanneer een of ander gebeurtenis die redakteur kwaad gemaak het. By sulke geleenthede het Dr. Scoble sy misnoeë met die Regering ten volle uitgespreek.

Dr. John Scoble was natuurlik goed op hoogte met toestande in die Transvaal daar hy reeds sedert 1874, in die tyd van Pres. Burgers, in die Transvaal woonagtig was.

Nadat die Lydenburgse gouddelwerye egter dood geloop het, het hy hom in Pretoria kom vestig en is hy vermoedelik vanweë sy goeie kennis van toestande in die Transvaal as redakteur van die „Transvaal Advertiser" aangestel.

Dr. Scoble het later die hulp gekry van H.C. Marais, wat met sy artikel „Amphy Bias" die populariteit en grootte van die koerant laat toeneem het. H.C. Marais het maar min skoolopleiding gehad/en hy het homself Engels geleer skrywe. In sy omgang met Dr. Scoble het H.C. Marais natuurlik Engels goed leer praat en so die vertroue van Dr. Scoble gewen, sodat sy seun, Eugene Marais, leerling-verslaggewer van die „Advertiser" geword het.[30)]

Dan / ..........

---

30) Peacock, R.:- Die Lydenburgse Goudvelde, pp. 49 - 50 en „Pretoria News" - 17 November 1930, p. 24:-'n Artikel "van Eugene Marais.

Eugene Marais, die bekende Afrikaanse digter, se vader H.C. Marais was die eienaar van 'n gedeelte van die plaas „Daspoort". Marais het sy gedeelte van die plaas toe herdoop na „Les Marais" en dit het so 'n verwarring in die Akteskantore geskep dat baiemaal gepraat is van Daspoort as 'n gedeelte van die plaas „Les Marais" terwyl dit juis net anders om is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dan was daar die „Transvaal Observer and General Gazette" wat in 1886 sy verskyning in Andriesstraat-Suid gemaak het.[31] Die koerant was onder die redaksie van Mnr. Statham wat vroeër redakteur van die „Natal Witness" was. In 1888 het die „Transvaal Observer and General Gezette" sy lesersgetal vergroot toe hy 'n Afrikaanse koerant „Land en Volk" ook uitgegee het. Eugene Marais, vroeër van die „Transvaal Advertiser", het die uitgawe van „Land en Volk", behartig en later self redakteur geword.[32]

Mnr. J. de Villiers Roos, die latere Ouditeur-Generaal van die Unie, en Eugene Marais het later die „Land en Volk"-koerant-besigheid gekoop en die Anti-Kruger, Pro-Joubert „Land en Volk" uitgegee.[33]

Nadat Marais en Roos die eienaars van „Land en Volk" geword het, het die naam van die koerant ook 'n verandering ondergaan. Dit het toe bekend gestaan as „Land en Volk, Waarheid, Vryheid en Recht." Die waarnemende redakteur was T.Y. O'Brien en die koerant het elke Woensdag verskyn. Dit was nie 'n baie dik uitgawe nie, net 4 bladsye, maar tog was die intekengeld £1 per jaar.[34]

As 'n Joubertorgaan het die koerant 'n baie belangrike rol in die Transvaal gespeel.[35] Pres.Kruger en sy Hollanderamptenare moes baiemaal deurloop. Veral met die Dinamietkonsessie aan Forstman, die aanstellings van Luit. Kol. Schiel en Kaptein Sarel Eloff as offisiere by die Johannesburgse fort en die Spoorwegkonsessies aan die N.Z.A.S.M. moes die bejaarde president dit baie ontgeld. Hy word beskuldig dat hy, wanneer hy in 'n hoekie gedrywe word sy ou taktiek van „dreigt te bedanken als de Raad niet doed zooals hy wil" weer toegepas het en dat hy nie sake volgens meriete laat bespreek het nie.[36]

„De / .........

---

31) Union list of South African Newspapers.
32) Pretoria News - 17 November 1940.
33) Ibid. (Die koerant is nog in Andriesstraat-Suid uitgegee, maar waar presies is onbekend.)
34) Afleidings gemaak uit die „Land en Volk, Waarheid, Vryheid en Recht."
35) Ibid.
36) Land en Volk - 25 Julie 1899 - Verslae van die dinamiet konsessie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

„De Volksstem" wat natuurlik 'n Pro-Kruger koerant was, het sake weer in die guns van die president geskilder, sodat met die deurlees van albei koerante 'n baie objektiewe beeld i.v.m. staatsaangeleenthede gevorm kon word.

In 1889 het Baron Gluckstein, 'n Engelse Jood, sy vorige koerant „The Bulletin", se uitgawes in Johannesburg gestaak en „The Press", asook die „De Pers" in Pretoria gedruk en uitgegee.[37)]

In 1891 het Leo Weinthal, die latere redakteur van die „Pretoria News", redakteur van „The Press" geword en in 1893 nog 'n derde koerant, „The Weekly Press," die lig laat sien. Gewese minister P.G.W. Grobler, was vir 'n tyd lank voordat hy private-sekretaris van Pres. Kruger geword het, redakteur saam met Leo Weinthal, maar hy was natuurlik verantwoordelik vir die uitgawes van „De Pers."[38)]

„De Pers", was 'n weeklikse uitgawe en 'n uitgesproke Krugerkoerant. Op die voorblad is afgedruk die Staatswapen, Kop van Pres. Kruger en 'n spoorlyn met elektriese gloeilampe, wat natuurlik gesimboliseer het die dinge wat onder die Kruger-bewind tot stand gekom het.

„The Press" en „The Weekly Press", die Engelse broers van „De Pers", was Anti-Hollander gesind maar het getrag om staatsaangeleenthede baie objektief te benader. „The Press," het daagliks verskyn en die intekengeld op hierdie koerant was £2. 5. 0 per jaar.

Die intekengeld op „De Pers" was £1.0.0 per jaar terwyl „The Weekly Press" maar 13/- per jaar in Pretoria gekos het.[39)]

In 1898 het Leo Weinthal die redakteurskap van „The Press" vaarwel gesê en „The Pretoria News" begin.[40)] Hierdie koerant is tans nog die enigste wat in Pretoria uitgegee word en dit word seker van alle koerante die meeste in Pretoria gelees.

Ander /............

37) Union list of South African Newspapers en Cutten, T.E.G. :-A history of the press in South Africa, pp. 62 - 63.
38) Ibid.
39) Afleidings by die deurlees van die koerante.
40) Union list of South African Newspapers en Cutten, T.E.G. :-A history of the Press in South Africa, p. 65.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ander koerante en publikasies wat in Pretoria die lig gesien het, maar waaroor daar nie baie gegewens bekom kon word nie was : „The busy Bee" van G.D. Sidman;[41] „Die Volksvriend"[42] The Pretoria Friend"[43] en die „Mercantile Advertiser".[44]

Op 11 Junie 1889 is in Pretoria die „Argus Printing and Publishing Co., Ltd., met hoofkantore te Johannesburg, geregistreer. Die doel van die maatskappy was om gewone drukwerk en advertensies, vir persone en besigheid te onderneem en hulle het op die wyse ook aan 'n behoefte in Pretoria voorsien.[45]

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die meeste koerante hulle uitgawes gestaak. Na die oorlog het sommiges soos „The Pretoria News", „De Volksstem" en „Land en Volk" weer die uitgawes hervat, maar soos alreeds genoem, is „The Pretoria News," die enigste koerant wat tans nog uitgegee word.

---

41) De Volksstem - 26 Februarie 1878.
42) De Volksstem - 25 Mei 1880.
43) Union list of South African Newspapers.
44) Ibid.
45) Cutten, T.E.G. :- A History of the Press in South Africa, pp. 60 - 61.

************************

## HOOFSTUK 8.

## DIE KRUGERBEWIND IN PRETORIA.

### d. PRETORIA EN DIE JAMESON-INVAL.

Die plase waarop Johannesburg vandag pryk het in 1886 nog onder die beheer van die Landdros van Heidelberg geval.[1] Met die ontdekking van goudriwwe op die plase Driefontein, Elandsfontein, Doornfontein, Turffontein, Paardekraal, Randjeslaagte, Vogelstruisfontein, Roodepoort en Langlaagte het die regering die plase oopgesit vir die afpen van goudkleims.[2]

'n Publieke vendusie sou gehou word vir die verkoop van standplase. Op 8 Desember 1886 het H.K.J. van Noorden opgetree

as / ...........

---

1) Akteskantore - Kaart van Langlaagte waarop die plaas aangetoon word as 'n plaas in Heidelbergse distrik.
2) Staats Courant - 8 September 1886.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as vendusie-afslaer en 'n menigte standplase is verkoop.[3] Hierdie datum is mynsinsiens die stigtingsdatum van die Goudstad.

Talle persone, veral Engelssprekendes, het nou na die goudvelde gestroom en oral op die Witwatersrand het mynkampe ontstaan. In 1887 was die opbrengs alreeds 19,080 onse fyngoud. In dieselfde jaar kon die mynmaatskappye ook die eerste dividende op hulle aandele betaal.[4]

Die algemene groei van die goudindustrie was verbasend. Fortuinsoekers, mediese dokters, advokate, prokureurs en delwers het by dosyne na Johannesburg gestroom sodat al heel gou van die „Uitlanders" in die Republiek gepraat kon word.

Die Regering het, nes in die geval van die Lydenburgse goudvelde, die nodige stappe gedoen om die rus en orde op die delwerye te handhaaf. 'n Goudkommissaris is aangestel, Kaptein von Brandis het Landdros geword, sestien lede van die polisiemag is aangestel om von Brandis by te staan, 'n tronk is gebou en 'n poskantoor is geopen.[5]

Die „Uitlanders" was egter nie tevrede met die regering van die Z.A.R. nie. Om hulle geledere hegter aan mekaar te snoer sodat hulle hul belange beter kon behartig, het die nuwe bevolkingsgroep in Augustus 1892 die „Transvaal National Union" in Johannesburg in die lewe geroep. By hierdie geleentheid het die voorsitter John S. Tudhope, onder meer op die „Sins of Omission" van die regering gewys en gesê : „First of these stands the neglect of education, and this point will be appreciated by all working men, because you have to pay a heavy tax and get hardly any return for it."[6]

'n Tweede grief was die Stemreg-kwessie. Die stemregwet van die Z.A.R. het bepaal dat 'n vreemdeling vyf jaar op die

veldkornetlyste / ......

---

3) Erasmus J.L.P. :-Die Rand en sy Goud, Pretoria 1944, p. 20.
4) Ibid, p. 22. Lees ook Pieterse, Dr. D.J. :-Die geskiedenis van die Myn-industrie in Transvaal 1836 - 1886, Argief jaarboek vir S.A. Geskiedenis, Pretoria 1943,
5) Erasmus, J.L.P. :-Die Rand en sy Goud p. 20 en Preller, Dr. G.S. :-Ons Goud Roman. Die Marais-dagboek, Pretoria 1935. p. 161.
6) Basson, M.A. :-Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys (1836 - 1907) Deel I, p. 212.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veldkornetlyste ingeskryf moes wees voordat hy genaturaliseer kon word. Die „Uitlanders" wou gouer genaturaliseer wees sodat hulle as stemgeregtigdes dan die staatsorde van die Z.A.R. na hulle smaak kon reël.[7)]

Derdens het hulle gepoog om Engels naas Hollands erken te kry as offisiële landstaal. Maar dit het nie net by die drie griewe gebly nie, die „Uitlanders" het op byna elke gebied van die sosiale lewe besware teen die regering van die Z.A.R. gekry en die tegemoetkomings van die regering t.o.v. onderwys, seggenskap in die regering (Tweede Volksraad) en erkenning van Engels in die howe kon hulle maar nie tevrede stel nie.

Die groot krag agter die „Uitlanders" was natuurlik Cecil John Rhodes. Die sentrale idee van sy hele lewe was om die state van Suidelike Afrika onder die Britse kroon te verenig.[8)] Om hierdie doel te verwesenlik het hy geld en invloed nodig gehad. Sir Lewis Michell sê tereg van hom : „He strove strenuously for wealth, because wealth was power, and he coveted power to gain supremacy over rival interests and because he aimed at making Kimberley a force to be reckoned with and a help to his ripening policy of Northern expansion."[9)]

Rhodes wou dus sy geld gebruik om sake op die Witwatersrand so te stuur dat die Uitlanders deur die stemreg die bestuur van die staat kon oorneem. Die vergunning dat 'n persoon twee jaar na sy aankoms kon stem vir 'n lid van die Tweede Volksraad en na nog twee jaar self lid van die Tweede Volksraad kon word, het hulle nie bevredig nie want daar was 'n verdere bepaling in die Stemregwet wat bepaal het dat 'n persoon na reg eers na 14 jaar inwoning in die Republiek, volle burgerregte kon kry.[10)]

Dan / .........

7) Hugo, M.J. :-Die Stemreg-vraagstuk in die Z.A.R, Argiefjaarboek, Tiende jaargang, Pretoria, 1947 - Behandel die hele aangeleentheid breedvoerig.
8) Fuller, T.E.:-The Right Honourable Cecil John Rhodes, London, 1910, pp. 21, 157 en 259. (Oorgeneem uit Basson M.A.: Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys p. 210).
9) Michell, L.:-The life of the Rt. Hon. Cecil John Rhodes, 1853 - 1902, London, 1910, Vol. I, p. 180.
10) Locale Wetten - Wet No. 4/1890 , Art. 9. Lees ook Hugo M.J.: Die Stemreg-vraagstuk in die Z.A.R. pp. 57 - 58 en Fitz Patrick, J.P. : The Transvaal from within, New York, 1900, p. 74.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dan was daar die vervoerkwessie wat ook baie ontevredenheid veroorsaak het. Die N.Z.A.S.M. het die monopolie oor vervoer van goedere in die Republiek gehad. Die vervoerkoste van goedere van Viljoensdrif na Johannesburg was 3/10 pennies per myl per 100 pond of 6 pennies per ton per myl. Die totale koste vir die vervoer van goedere van Oos-Londen na Johannesburg was vir die volle afstand van 665 myl 7/8 per 100 pond en hiervan het die N.Z.A.S.M. dan 1/3.3 pennies per 100 pond gevra as deel van hulle vervoerkoste.[11] Sommige Johannesburgse firmas en maatskappye het toe beweer dat die tariewe te hoog is en het toe goedere wat vanaf Oos-Londen gekom het net per spoor laat kom tot by Viljoensdrif. Van Viljoensdrif af het hulle toe die goedere per wa na Johannesburg vervoer. Om die N.Z.A.S.M. te beskerm en die ongerymdheid uit die weg te ruim, het die regering toe geantwoord met die sluit vqn die driwwe deur die Vaalrivier.[12]

Cecil Rhodes, toe Eerste Minister van die Kaapse Parlement, het hierdie optrede van die Z.A.R. as in stryd met Art. 13 van die Londen-Konvensie van 1884 gesien. Hy "zag hier zyn kans om door een conflict met Transvaal te geraken tot een federatie van geheel Zuid-Afrika en hy zette zich er toe om ook de oproerige Uitlanders aan den Rand voor deze gedachte te winnen."[13] Rhodes het met President Kruger probeer onderhandel om die driwwe weer oop te stel en toe Kruger nie wou kopgee nie, alhoewel hy bereid was om die Kaap-kolonie 2/5 van die vervoer na die Witwatersrand te gee,[14] het die Britse Regering en die Kaap-kolonie besluit om 'n gewapende mag na Transvaal te stuur om hulle griewe met geweld reg te maak. President Kruger wat die bedreiging van die vryheid van die Z.A.R. deur hierdie stap besef het, het die driwwe weer op 5 November 1895 oopgegooi en gemoedere het weer afgekoel. "The incident, however, was not lost on Rhodes, who immediately / ..........

11) Van Winter, Dr. P.J.:-Onder Krugers Hollanders, Vol. II, p.201.
12) Ibid, pp. 212 - 214.
13) Ibid, p. 216.
14) Michell, L. : The life of the Rt. Hon. Cecil John Rhodes, 1853 - 1902, Vol. II, p. 136.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

immediately began to strengthen the British South African Police Force on the Transvaal border."[15)]

President Kruger wat hiervan bewus was, het toe hy hieromtrent geraadpleeg was, geantwoord dat hy nie teen so 'n handelwyse van Rhodes kon optree nie, want het hy gesê: „As jy 'n skilpad wil doodmaak moet hy immers eers sy kop uitsteek."[16)] Die skilpad het sy kop uitgesteek met die Jameson-inval want „Rhodes's plan, like Loch's, was based upon a rising on the Rand, the placing of an armed force on the Bechuanaland - Transvaal border to support the rising."[17)]

Hierdie troepemag het onder bevel van Dr. Jameson gestaan en moes te Pitsani naby die teenswoordige Mafeking wag vir verdere opdrag. Rhodes was nie van plan om die Z.A.R. met die troepesametrekking te bedreig nie, maar die troepe kon handig gebruik word indien 'n opstand in die Republiek bewerkstellig kon word.

Die „National Union" aan die Rand met Charles Leonard, Lionel Phillips, Francis Rhodes, John Hays Hammond en George Farrar sou sorg vir die nodige aanleiding vir Dr. Jameson om in te gryp.[18)] Bogenoemde here het nl. 'n brief aan Dr. Jameson geskrywe dat hulle nie daarin kon slaag om die griewe van die Uitlanders langs vreedsame weg opgelos te kry nie en dat hulle oortuig daarvan is „that at no distant period there will be a conflict between the Government and the Uitlander population." 'n Hele relaas van wat die „National Union" probeer vermag het, word geskets en dan sluit hulle af met : „It is under these circumstances that we feel constrained to call upon you to come to our aid, should a disturbance arise here. The circumstances are so extreme that we cannot but believe that you and the men under

you / ..........

15) Ibid, p. 137.
16) Ibid.
17) Van der Poel, Jean :- The Jameson Raid, Capetown, London, New York, 1951, p. 21.
18) Fitz Patrick, J.P. :- The Transvaal from within, p. 124.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

you will not fail to come to the rescue of people who will be so situated. We guarantee any expense that may reasonably be incurred by you in helping us, and ask you to believe that nothing but the sternest necessity has prompted this appeal."[19)]

Die nodige voorbereidings vir die opstand in Johannesburg is getref. Ammunisie en wapens sou deur Dr. Jameson gebring word behalwe die gewere en patrone wat voor die tyd in Johannesburg ingesmokkel sou word.[20)] Die samesprekings i.v.m. die vlag wat gehys moes word met die opstand, wou egter nie vlot nie. Dit moes of die Union Jack of die Vierkleur wees en oor watter een gekies moes word, het 'n verdeling onder die voorgestelde opstandelinge of „Reformers" gebring.

In een saak was hulle egter roerend eens en dit is dat daar 'n opstand moes wees. Op Saterdag 28 Desember 1895 was die Reformers se planne agtermekaar. Vir die skyn is 'n publieke vergadering vir 6 Januarie 1896 te Johannesburg belê, maar die plan was om op Saterdagnag 4 Januarie 1896 die magasyn te Pretoria in besit te kry en om dan met die hulp van Dr. Jameson die regering van die Z.A.R. in hulle hande te kry. Rhodes, wat met al hierdie voorgestelde planne op hoogte gehou is, sou self teenwoordig wees.[21)]

Jameson moes wag vir die opstand maar op Sondagnag, 29 Desember 1895, het hy en sy troepe die Transvaalse grens oorgesteek op pad na Johannesburg.[22)] Hy het natuurlik gemeen dat die „Reformers" sodra hulle van sy koms gehoor het, tot aksie sou oorgaan.

Pres. Kruger en die Uitvoerende Raad was teen die einde van Desember 1895 'n opstand in Johannesburg te wagte. Op 25 Desember het die president vir C. van Boeschoten gelas om aan Kommandant-Generaal P.J. Joubert, wat met verlof in Wakkerstroom

was / ..........

19) Ibid, pp. 124 - 125 en van der Poel, Jean :-The Jameson Raid, p. 61.
20) Fitz Patrick:-t.a.w., p. 123 en van der Poel-t.a.w., pp.58-59.
21) Fitz Patrick, J.P. :-The Transvaal from within, p. 129.
22) Michell, L. : The life of the Rt. Hon. C.J. Rhodes, Vol. II, p. 137

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was, 'n telegram te stuur om dadelik na Pretoria terug te keer.

Op 27 Desember was die Kommandant-Generaal terug. Hy het dadelik ondersoek na die gerugte van 'n opstand in Johannesburg laat instel en tot die gevolgtrekking gekom dat toestande nie so sleg was dat kommando's opgeroep moes word nie. Hy het die Kommandante en veldkornette van die verskillende distrikte in elk geval gewaarsku om gereed te wees ingeval dit nodig sou wees. Intussen is die huis van die president en die artilleriekamp egter goed bewaak.[23)]

Op Maandag, 30 Desember 1895, het 'n klein groepie invloedryke ingesetenes van Pretoria hulle opwagting by die President en Uitvoerende Raad gemaak om oor die voorgestelde publieke vergadering van 6 Januarie 1896 te Johannesburg te gesels. Terwyl hulle nog besig was met die samespreking „kwam de heer Piet Joubert haastig binnen en vertelde dat hy telegrafish bericht van den Landdrost van Zeerust had ontvangen, dat Britsche troepen te Malmani de grenzen waren overgetrokken".[24)]

Nou moes die Kommandant-Generaal vinnig handel. Hy kon nie wag vir afkondiging van Krygswet nie aangesien Jameson te perd was en deur te wag vir 'n Uitvoerende Raadsbesluit aan Jameson die kans gegee sou word om Johannesburg te bereik. Kom. Gen. Joubert het dadelik aan Kommandante Malan, Cronje en Potgieter van Rustenburg, Potchefstroom en Krugersdorp respektiewelik getelegrafeer om Jameson voor te keer en wapens te laat aflê of by weiering hom dan te dwing om oor te gee. In samespreking met die regering is die Britse Hoë-kommissaris van die gebeure verwittig en hy het op sy beurt Jameson gelas om terug te keer. Luitenant Eloff het Jameson tegemoet gery om die boodskap af te gee.

Luit. Eloff het sy opdrag uitgevoer en Jameson op 31 Desember op die plaas Rietfontein, vermoedelik in die Rustenburgse distrik, aangetref, maar Jameson wou nie omdraai nie.[25)]

Rhodes /..........

23) K.G.:-C.R. 4872/96 - P.J. Joubert aan St. Pres. & U.R: 17 Sept. 1896.
24) Jorissen, Dr.E.J.P.:-Transvaalsche Herinneringe, p. 135.
25) K.G.:-C.R.4872/96 - Verslag van Jamesoninval: Kom.Gen.P.J. Joubert aan St. Pres. & U.R.:- 17 Sept. 1896.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rhodes, die skakel tussen Brittanje en die Kaapkolonie en wat ook deur die Hoë-kommissaris verwittig is, het die Koloniale Sekretaris van Brittanje dadelik in kennis gestel en hy het beveel dat Jameson dadelik teruggeroep moes word. Die Britse konsul of Hoë-kommissaris het toe 'n tweede versoek aan Jameson gestuur om om te draai, maar Jameson wou nie gehoor gee nie.[26)]

Vir twee dae was die spanning in Pretoria geweldig. Gerugte het die rondte gedoen dat die „Reformers" 'n aanval op Pretoria gaan maak, sodat Kom.-Gen. P.J. Joubert wel ammunisie na Krugersdorp kon stuur maar self nie geweet het waar die grootste gevaar sou wees nie. Eers toe Kommandant Trichardt van Middelburg in Pretoria opgedaag het, kon 'n klein afdeling van die artillerie met 'n bergkanon en 'n „Maxim" na Krugersdorp onder Kommandante Trichardt en Erasmus gestuur word.[27)]

Allo reëlings moes van albei kante haastig getref word. Kommandant Malan was Jameson egter voor en het hom op 31 Desember te Remhoogte by Krugersdorp voorgekeer. Jameson het dadelik aanvallend opgetree. Vroeg die oggend van 1 Januarie 1896 het die geveg begin. Jameson se kanonne het die Boere bestook en die ruiters het gestorm tot op 'n afstand van ± 600 tree. Hierna het 'n verbete geveg voortgeduur tot die aand om 6 uur toe Jameson probeer wegswaai het na Randjieslaagte (Randfontein). Daar is hulle toe voorgekeer deur Kommandante Cronje en Potgieter. Weer het Jameson geswaai en wel na Doornkop en toe hy ook daar gestuit word, het hy op die plaas Vlakfontein oorgegee.[28)]

Kommandant Trichardt, wat telefonies in verbinding met Kom,-Gen. Joubert was, het nadat Jameson die wit vlag opgesteek

het / ..........

---

26) Michell, L :-The life of the Rt. Hon. C.J. Rhodes, Vol.II, p. 137.
27) K.G.:- C.R. 4872/96 - Verslag van die Jameson-inval.
28) K.G.:- C.R. 4872/96 - Verslag van Kom.Gen. Joubert en Bredell H.C. en Grobler, Piet :-Gedenkskrifte van Paul Kruger, p. 129.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, opdrag ontvang om alles wat Jameson by hom gehad het in besit te neem, dit na Krugersdorp te neem en die gevangenes na Pretoria te neem.[29)]

Die opdrag van die Kommandant-Generaal is uitgevoer. „Jameson and his officers were taken to Pretoria in Carts and his men on horseback. That night they were all in gaol and no one was allowed to communicate with them while they remained there."[30)]

Intussen het die President die inwoners van Johannesburg gewaarsku om hulle binne die perke van die wet te hou. Die „Reformers" het nou oorgegaan om 'n „Reform Committee" te vorm waartoe almal wat teen die regering gekant was aangesluit het. Johannesburg het egter nie dadelik tot openbare geweldpleging oorgegaan nie. Die „Reform Committee" het sekere eise aan die regering gestel maar hieraan is geen gehoor gegee nie. Die regering het onvoorwaardelike oorgawe van Johannesburg ge-eis. Die gevolg was dat die „Reform Committee" toe begin het om gewere uit te gee en die dorp in gereedheid gebring het vir oorlog. Sir Hercules Robinson het besef dat die optrede van die „Reformers" ook die lot van Jameson en sy gevolg sou bepaal en daarom het hy dadelik na die gevangeneming van Jameson van Kaapstad na Pretoria vertrek om met President Kruger en die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. te onderhandel. Sir Jacobus de Wet, die Britse Hoë-kommissaris in Pretoria en Sir Hercules Robinson het dus, toe sake op die Witwatersrand so ernstig begin word het dat 'n rebellie enige tyd kon uitbreek alles in hulle vermoë gedoen om die „Reformers" van hulle planne te laat afsien. Deur hulle bemiddeling het die meeste opstandelinge hulle wapens neergelê en sestig van die voormanne is op 9 Januarie 1896 gearresteer en ook na Pretoria oorgebring.[31)]

Saam / .........

29) K.G.:- C.R. 4872/96 - Verslag van Kom.-Gen. Joubert.
30) Van der Poel, Jean :-The Jameson Raid, p. 130.
31) Fitz Patrick, J.P.:-The Transvaal from within, pp.137-221 en van der Poel, Jean :-The Jameson Raid, pp. 135 - 144.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Saam met die oorgawe van die „Reformers" het ook die besluit van die President en Uitvoerende Raad in samespreking met die verskillende kommandante gekom. Dr. Jameson met sy gevolg sou aan die Britse Regering oorhandig word om sy eie onderdane te straf. Die gewone manskappe is toe na Volksrust gestuur waar hulle aan die Natalse Regering oorhandig is en op 21 Januarie 1896 het Dr. Jameson, sy offisiere en gewonde manskappe, wat so ver herstel het dat hulle die reis kon meemaak, Pretoria verlaat.[32)]

Aan die gewone Johannesburg-trein was drie eersteklas waens gevoeg. Tien minute voor die vertrek van die trein het vier koetse met die offisiere onder toesig van twaalf lede van die Pretoriase Vrywilligerkorps met Kommandant Melt Maraïs en Kaptein Leon in bevel, opgedaag. Dr. Jameson, Kol. R. White, Kol. Willoughby, Kol. R. Grey, Kapt. Stracy, Kapt. White en Maj. Cross sou direk na Durban afreis, terwyl die ander offisiere op Volksrust by die manskappe, totdat hulle aan die Britse Regering oorhandig sou word, sou oorbly.[33)]

Ook aan die „Reformers" is 'n tegemoetkoming gemaak. Op 20 Januarie is aan Mitchell, Hudson, Carr, Mosenthal, Davis, Roger, Sauer, Duirs, Hilliers, Mackie Niven, Bell en Solomon, borgtog teen £2,000 elk verleen. Aan die ander Reformers is borgtog teen £200 elk toegestaan.[34)] Aan Phillips, Farrar, Rhodes, Hammond en Fitz Patrick is aanvanklik nie borgtog toegestaan nie. Vier weke later is egter ooreengekom dat die genoemde here ook op borgtog vrygelaat sou word op voorwaarde dat hulle op eie koste 'n huis in Pretoria moes huur om in te bly. Ook dat hulle vir die wag, wat hulle sou bewaak, se onderhoud moet betaal en dan nog £10,000 elk moes deponeer as borg.[35)]

Die / ..........

---

32) De Volksstem - 22 Januarie 1896.
33) Ibid.
34) De Volksstem - 22 Januarie 1896.
35) De Volksstem - 5 Februarie 1896.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die eerste verhoor was in die Landdroskantoor waar die Reformers aangekla is, maar die saal was so beknop dat besluit is om die voorlopige verhoor in die Tweede Volksraadsaal te laat plaasvind.[36)]

Op Maandag 3 Februarie het die voorlopige verhoor begin. 'n Digte skare het voor die Goewermentsgebou saamgedrom om die 60 aangeklaagdes van aangesig tot aangesig te sien. Regter-kommisaris H.W. Zeiler was op die bank, Dr. Coster, Dr. Schager, van Leeuwen en Dr. Hummel het die staat se saak gelei terwyl Advokate Wessels, Sauer en Rose Innes vir die verdediging opgetree het.[37)]

In die daarop volgende weke is die hele aangeleentheid weer van vooraf opgehaal. Die beskuldigdes het hulle saak gestel en is ondervra, getuies is aangehoor en so het dit maar voortgeduur totdat op 21 Maart 1896, die saak verwys is na die Hoog-geregshof.[38)]

Die belangstelling in die saak van die „Reformers" was so groot dat 'n groter saal as die Tweede Volksraadsaal vir die Hoog Geregshofsitting nodig sou wees. Aangesien die Marksaal die grootste saal in Pretoria was, is dit toe gekies en ingerig as 'n hofsaal. Die werk om die saal in te rig is opgedra aan A. v. den Meulen en Boukamp. Die hoofingang was in van der Waltstraat terwyl die publiek vanaf Kerkstraat of Pretoriusstraat toegang tot die saal kon kry. Aan die Pretoriusstraatkant van die saal is 'n verhoog of tribune vir die regter aangebring. Voor die tribune was die tafels vir die advokate, aan die linkerkant 'n effense verhoog vir die jurielede, regs van die tribune die getuiebank en voor die jurielede was die getuiebank van die aangeklaagdes. Die res van die saal was voorsien van sitplekke vir die publiek en aan die getuiebank

van /...........

36) De Volksstem - 5 Februarie 1896.
37) Ibid.
38) De Volksstem - 21 Maart 1896.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die aangeklaagdes was ook sitplekke vir die „Reformers." Die gedeelte van die vloer waar die werklike verhoor sou plaasvind, was met 'n tapyt bedek, die res van die vloer was met kokosmatte bedek en die balkedak was behang met groen „draperien (die) een weinig sierlikheid aanbrengt".[39)]

Vir die Hooggeregshof is regter Gregorowski van die Oranje-Vrystaat met 'n jurie benoem. Honderd-en-sestig getuies is gedagvaar en 200 jurielede was benoem omdat dit moontlik was dat die beskuldigdes sommiges van die jurielede kon afkeur.[40)]

Dr. Coster, Dr. Lohman, Dr. Hummel en Dr. Krause het vir die staat opgetree terwyl advokate Wessels, Sauer, Muller en de Villiers die advokate vir die verdediging was.

Op 25 April het die saak begin dien. Die Marksaal was te klein vir die publiek om in te kom. Gevolglik is alleen aan die persone wat toegangsbewyse besit het, toegang verleen. Na vier dae kon die regter die saak opsom en op Maandagmiddag, 29 April 1896, het hy sy uitspraak gegee. Eerstens was die gewone „Reformers" aan die beurt en daarna het die vier hoofbeskuldigdes hulle vonnis moes aanhoor. Die „Reformers" is veroordeel tot 2 jaar gevangenisstraf met 'n boete van £2000 elk of een jaar ekstra gevangenisstraf as die £2000 nie betaal kon word nie. Daarna is hulle vir drie jaar van die Z.A.R. verban, maar die verbanning was onderworpe aan die goedkeuring van die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. Hierna is die vier hoofbeskuldigdes een vir een geroep en oor elkeen is die doodvonnis uitgespreek.

Regter Gregorowski het egter sy vonnis so uitgespreek dat hy gehoop het dat die President en Uitvoerende Raad die doodvonnis sou verander.[41)]

Die uitspreek van die vonnisse het 'n driekwartier in beslag geneem. Die „Reformers" was merkbaar aangedaan en terwyl

hulle /..........

39) De Volksstem - 22 April 1896.
40) Ibid.
41) De Volksstem - 29 April 1896.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle onder sterk polisiebegeleiding weggeneem is, het die publiek die hofsaal in stilte verlaat.[42)]

President Kruger het hom onder al hierdie omstandighede baie grootmoedig gedra. Hy het die „Reformers" in die Pretoria-tronk besoek en saam met die Uitvoerende Raad al die vonnisse van regter Gregorowski verander. Op 30 Mei is die gevangenes vrygelaat op voorwaarde dat hulle die £2000 dadelik betaal en vir die daaropvolgende drie jaar hulle nie met die binnelandse en buitelandse politiek van die Z.A.R. sal bemoei nie. Rhodes, Hammond, Farrar en Phillips is op die elfde Junie ontslaan met 'n boete van £25,000 elk en op belofte dat hulle vir vyftien jaar nie in die aangeleenthede van die Z.A.R. sal inmeng nie. Net Rhodes wou die belofte nie aflê nie en hy het liewer die verbanning van Transvaalse bodem aanvaar.[43)]

Cecil Rhodes, wat as gevolg van die Jameson-inval as Eerste-Minister van die Kaap-kolonie bedank het, het £62,000 tot die boetes, wat betaal moes word, bygedra.[44)]

Hy, nes die „Reformers" moes die gelag van Jameson se oorhaastige optrede betaal.

---

42) De Volksstem - 29 April 1896.

43) Fitz Patrick, J.P. :-The Transvaal from within, pp 251 - 284.

44) Michell, L.:-The life of the Rt. Hon. C.J. Rhodes, Vol. II,

*************************

## H O O F S T U K 8.

## DIE KRUGERBEWIND VAN PRETORIA.

### e. DIE VERDEDIGING VAN PRETORIA.

President Thomas Francois Burgers het met sy presidentswording die leemte van 'n artillerie-afdeling in die Z.A.R. gevoel. Met 'n paar kanonne wat hy uit Europa present gekry het, het hy toe in Pretoria 'n vrywillige „Artellerie Corps" op die been gebring.[1)] Die „Pretoria Rifle Corps" het toe ook nog bestaan en saam met die artillerieafdeling

was / ..........

L.W. Vir voetnoot 1) - blaai om.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


was Pretoria dus in 'n mate teen 'n vyandelike aanval beskerm.[2)]

Dan was daar natuurlik nog die bepaling in die grondwet dat alle manspersone tussen die ouderdomme 16 en 60 jaar dienspligtig ten tye van oorlog was.[3)] Op die kommandostelsel, met die veldkornet as die sentrale figuur tussen die burgers en die staat, kon dus ook ter eniger tyd, ingeval van 'n vyandelike aanval, gereken word.

Met die Eerste-Vryheidsoorlog van 1880-1881 en die gevolglike beleëring van Pretoria, het die „Pretoria Rifle Corps" en „Artellerie Corps" opgehou om te bestaan. Sommige van die lede van die twee korpse het by die vrywilligerkorpse van die Engelse aangesluit terwyl ander lede weer by die Boere-kommando, wat die dorp beleër het, aangesluit het. Tot werklike gevegte in Pretoria het dit egter nie gelei nie. Skermutselinge en gevegte het rondom Pretoria plaasgevind maar geen poging is aangewend om die Britse magte uit die dorp te verjaag nie.[4)] Forte en blokhuise was wel opgerig om die dorp te beskerm, maar gelukkig het die strydende magte nie nodig gehad om van hierdie forte gebruik te maak nie en die Britse troepe het na die ondertekening van die Pretoriase Konvensie, die forte weer gesloop.[5)]

In 1881, na die Vryheidsoorlog, toe die noodsaaklikheid van 'n verdedigingsorganisasie, wat bestand sou wees ook teen buitelandse vyande, besef is, is 'n „Artillerie korps van die Zuid-Afrikaanse Republiek" gestig.[6)] Pretoria, die setel van die regering van die Z.A.R., het met hierdie stigting van 'n artilleriekorps ook die middelpunt van die verdedigingsmagte van die Z.A.R. geword.

Net buite die dorp en wes van die kamp wat in 1880-1881

opgerig / ............

1) Sien Hoofstuk IV -e van hierdie werk vir meer besonderhede.
2) Ibid.
3) Eybers, G.W. :-Select Constitutional Documents Illustrating South African History, 1795 - 1910 , London, 1918, pp.363 - 392 : Die Grondwet van die Z.A.R. - Art. 96 - 126.
4) Sien Hoofstuk V - d van hierdie werk vir meer besonderhede.
5) Ibid.
6) Locale Wetten, 1849 - 1885, p.1029 :-V.R.B. dd. 17 en 18 Okt. 1881 - Artikels 117 - 119 en 122.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opgerig was vir die soldate en burgerlikes wat in Pretoria beleer was, het die regering 'n artilleriekamp vir die artilleriekorps opgerig,[7] onder direkte bevel van 'n kaptein. Onder die kaptein was daar 'n eerste luitenant, sersante, korporaals, bombardiers en artilleriste.[8]

In dieselfde jaar is ook 'n tweede korps „die Transvaalse Rydende Politie" op die been gebring.[9] Hierdie korps sou in vredestyd die werk van polisie doen maar die doel was dat hulle in oorlogstyd ingespan kon word vir die verdediging van die dorp.

'n Jaar later, 1882, is die twee korpse verenig onder die naam „Die Transvaalse Artillerie korps" ook die „Transvaalse Skutterkorps" genoem, wat belas was met beide polisie- en verdedigingsdiens.[10] Hierdie naam is later weer gewysig tot die „Rydende Staatsartillerie en Polisiekorps", kortweg genoem die R.A. en P.[11]

Nou het die Z.A.R. 'n staandemag gehad en Pretoria moes hulle huisves. Aan die hoof van die R.A. en P. was Kommandant Henning Pretorius, wat, hoewel hy van artillerie weinig verstaan het (wat hy ook nie verberg het nie) tog 'n deeglike offisier uit die ou Boereskool was, vir wie sy offisiere die hoogste respek gehad het, weens sy persoonlike dapperheid en gemoedelikheid.[12] Kaptein Zboril, 'n Oostenryker van geboorte en 'n man wat in die Oostenrykse leër diens gedoen het, was Adjudant en Schiel, wat aanvanklik instrukteur moes wees, was magasynmeester.[13]

In 1890 het die artillerie 'n onderafdeling, die veldtelegrafie, onder die bekwame leiding van 'n jong Nederlandse telegrafis, P.C. Paff, bygekry.[14]

P.C. Paff is van die Nederlandse regering vir twee jaar geleen omdat President Kruger die telegraafdiens in die Z.A.R.

uit / ...........

---

7) Eeufeesalbum van Pretoria, pp.42-43 'n Kaart van 1889 van J. van Vooren en J.H. Oerder met aanwysing van die Artilleriekamp.
8) Locale Wetten, p. 1031:-Art. 20 van Wet No.4 van 1881.
9) Ibid:- Wet No.5 van 1881. 10) Ibid:-Wet No. 8 van 1882.
11) Haupt,D.J.:-Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek, M.A. Verhandeling. Universiteit van Pretoria, 1946, p.5. Ook Locale Wetten, p. 1365.
12) Schiel,O:-23 Jahre sturm und sonnenschein in Süd-Afrika, Leipzig 1902, p. 173.
13) Haupt, D.J. :-Die Staatsartillerie van die S.A.R., pp 8-9.
14) V.R.B. dd. 13 Mei 1890 - Art. 90.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uit die hande van die uitlander-beamptes, van wie die meeste Engels-sprekend was, wou neem. „Hy is in Oktober 1888 in Holland aangestel as telegrafis vir die Suid-Afrikaanse Republiek - met twee jaar verlof van die Nederlandse Goewerment."[15] In November 1888 het Paff diens aanvaar as telegrafis maar aan die einde van sy leendienstydperk het hy in die Z.A.R. gebly en is hy as hoof van die veld-telegrafie aangestel. Kommandant-Generaal P.J. Joubert het Luitenant Paff met die nodige materiaal en instrumente voorsien en spoedig het die leerling-telegrafiste die kuns verstaan om boodskappe telegrafies, heliografies of met vlae te stuur.[16]

Nadat 'n begin gemaak is met die opleiding van telegrafiste het Kommandant-Generaal Joubert op aandrang van Kommandant Henning Pretorius toegesien dat die R.A. en P. ook ten minste 'n beter skolastiese agtergrond gekry het. Van die lede van die R.A. en P. is verwag dat hulle gedurende hulle dienstyd moesleer lees en skryf en vir die doel is T. Kroon aangestel as Luitenant-onderwyser.[17]

Die belangstelling wat die Regering in die verdediging van die land gestel het, het so aansteeklik gewerk dat die publiek van Pretoria ook belang gestel het. Die Pretoriase Vrywilliger-Korps[18] het nou aansoek gedoen om 'n subsidie van die Regering.[19] Kommandant Melt Marais en Kaptein P.J. Ferreira het ook getrag om 'n spesiale uniform vir die Vrywilliger-Korps te kry en die Regering was die saak so goed gesind dat hulle behalwe die subsidie van £4 vir die voetafdeling en £6 vir die berede-afdeling (per hoof)[20] ook 'n spesiale uniform[21] vir die Korps toegestaan het.[22]

Met / ..........

15) Haupt, D.J.:-Die Staatsartillerie van die S.A.R., p. 13.
16) Ibid pp., 13 - 14. 17) Ibid, p.19.
18) Die Pretoriase Vrywilligers-Korps het mynsinsiens sy ontstaan te danke aan die Eerste Vryheidsoorlog toe Pretorianers as Vrywilligers saam met die Britse troepe, Pretoria sou beskerm het.
19) R 12005/94:- Vrywilliger Korps aan St. Sekr. - 5 Des. 1894.
20) E.V.R. dd. 31 Aug. 1895 - Art. 1258.
21) Voorbeelde van die spesiale uniform van die Vrywilligers-Korps is in die ou Museum in Pretoria te sien en dit was van blou materiaal wat met koorde versier is, gemaak.
22) BB 131/94:- St. Sekr. aan M. Marais - 5 Desember 1894.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die Jameson-inval (1895-1896) het die Artillerie, Kommandant Henning Pretorius het nie self bevel gevoer nie maar Kommandant Trichardt, hulle so goed van hulle taak gekwyt met die geveg te Doornkop (Krugersdorp) dat die Engelse „de witte vlag uitstaken zoodra onze kanonnen begon te vuuren."[23)]

Hierdie optrede van die Artillerie en die insident van die Jamesoninval het die Regering laat besluit om die Artillerie uit te brei. Die hele verdedigingstelsel is omskep in agt afdelings: a. Die staf met die Kommandant, 1e Luitenant-adjudant, 5 ordenanse en 'n skrywer. b. Die rydende artillerie met 'n kaptein, Luitenant, 3 Tweede-Luitenante, 'n adjudant onderoffisier, 'n opper wagmeester, 'n fourier, 16 korporaals, 6 trompetters en 200 manskappe. c. Die bergartillerie met 'n kaptein, 'n Luitenant, 3 Tweede-Luitenante, 'n adjudant onderoffisier, 1 opperwagmeester, 6 wagmeesters, 'n fourier, 8 korporaals, 4 trompetters en 100 manskappe. d. Die veldtelegrafie met 'n Luitenant, 'n opsigter adjudant-onderoffisier, 2 wagmeesters, 3 korporaals en 20 manskappe. e. Die „Intendance" met 'n kaptein, 'n Luitenant, 'n sersant, 'n korporaal, 'n kleremaker, 'n skoenmaker en 10 manskappe. f. Die geneeskundige afdeling met 'n mediese dokter, 'n perdedokter, 'n sersant en 12 hospitaalsoldate. g. Die hofsmedery met 'n opsigter adjudant-offisier en 6 leerlinge. h. Die orkes met 'n musiek kapelmeester, 'n trompet-majoor, 'n instrukteur en 16 musikante.[24)]

Die vergrote verdedigingsmag had egter nog geen uniforms nie,[25)] maar ook hierin het die Regering voorsiening gemaak. In 1897 het daar eenvormigheid onder die geledere geheers. Daar was twee uniforms. Die klein of „exercitie" tenue en die groot tenue wat net op spesiale geleenthede aangetrek is. Die klein tenue het bestaan uit 'n atilla met fluweelkraag en reg oor-die-bors-lopende „Zyden treif" en drie rye vergulde koper-knope. Die rybroek was die wye model met blou bies. Die

groot / ..........

23) K.G.4872/96:- Verslag van Komd.Gen.Joubert aan Pres. & Uitv. Raad i/s Jameson-inval - 17 September 1896.
24) De Volksstem - 25 Maart 1896.
25) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groot Tenue was nes die klein tenue maar met versiersels op die skouers, kraag en arms.[26)]

Die grootste probleem was egter om die nodige behuisingsgeriewe vir die soldate daar te stel. Die ou artilleriegeboue was nie meer doeltreffend genoeg nie en die Regering het toe besluit om die ou geboue af te breek en op dieselfde plek 'n nuwe en meer doeltreffender gebou op te rig.[27)] Totdat die nuwe gebou voltooi was, moes die soldate in tente, tydelike geboue en selfs in die perdestalle hulle intrek geneem het.[28)] Die nuwe twee-verdieping artillerie-barakke was egter weldra voltooi en het toe genoeg ruimte gebied om die artilleriste te huisves.[29)]

Hierdie gebou wat in 1898 voltooi is, bestaan vandag nog. Dit vorm deel van die Verdedigings Hoofkwartiere se geboue in Potgieterstraat. Na die Anglo-Boereoorlog is daar net voor aan die gebou aangebou sodat die ou gebou tans weggesteek is agter die latere aangeboude deel.[30)]

Vir die vergrote Staats-artillerie moes daar ook die nodige wapens en geskut aangekoop word. Vir die doel het die Z.A.R. van die beroemde Creusot-fabriek in Frankryk en van die ewe beroemde Fried Krupp-fabriek te Essen, die nodige swaargeskut en „maxims" aangekoop.[31)]

Vir die artilleriste het daar toe 'n besige tyd aangebreek. Gereëlde oefeninge is op Kwaggaspoort - ten weste van Pretoria-gehou. Aanvanklik het verteenwoordigers van die wapenfabrieke hulle geskut gehanteer en gedemonstreer, maar weldra het Majoor Erasmus, Majoor Wolmarans[32)] en Kaptein Pretorius die kuns om die

wapens /.........

---

26) K.G. - band 481, pp. 727 - 738. In die aangehaalde stuk word ook die uniforms van die offisiere en adjudant onderoffisiere van die verskillende afdelings behandel. Hierdie gegewens is ook oorgeneem in Haupt, D.J.:—Die Staatsartillerie van die S.A.R., pp. 52-57.
27) De Volksstem - 7 Julie 1897. 28) Ibid.
29) Eeufeesalbum van Pretoria, p.33 'n foto van die Artillerie-barakke in die negentiger jare.
30) 'n Lugfoto van die Verdedigings Hoofkwartiere se gebou (in besit van Mnr. Basson die hoof van die Besoekers buro van die Stadsraad van Pretoria) toon dit baie mooi aan.
31) De Volksstem - 11 Feb. 1897.
32) Majoors Erasmus en Wolmarans het met regeringsondersteuning in die bekende militêre Akademie te Breda, in Nederland 'n offisierskursus deurloop. (Haupt. p. 21.)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wapens te hanteer net so goed verstaan.[33] Vir die Pretorianers was dit dus niks snaaks om 'n gereelde kanongebulder ten weste van die dorp te hoor nie.

Selfs in Pretoria is op verskeie geleenthede saluutskote met kanonne afgevuur. Die verjaarsdae van hooggeplaasde persoonlikhede en feesdae is met kanongebulder onder die aandag van die inwoners gebring as hulle dit nie self onthou het nie. Op 20 Januarie was die verjaarsdag van die Kommandant Generaal met saluutskote gehuldig, op die 27ste Januarie die verjaarsdag van die Keiser van Duitsland, op 27 Februarie is die slag van Amajuba herdenk, op die 9de April die verjaarsdag van die koning ~~in~~ van ~~Engeland~~ België weer gehuldig. Op 7 Mei het die kanonne die opening van die Volksrade aangekondig, op 4 Julie is die onafhanklikheid van Noord-Amerika (V.S.A.) gevier en op die 14de Julie is die inneming van die Bastille in Frankryk tydens die Franse Rewolusie herdenk. Op 31 Augustus is weer die verjaarsdag van die koningin van Nederland gehuldig en so ook op die 28ste September die van die koning van Portugal. Op 5 Oktober is die verjaarsdag van die President van die O.V.S. en op 10 Oktober die van President Kruger gehuldig. Dan was daar nog saluutskote op die 16de Desember (Dingaansdag), op 21 Januarie vir die koning van Swede en Noorweë, op 14 Maart vir die koning van Italië, op 8 April vir die koning van Denemarke en met die sluiting van die Volksrade.[34] Later is die begin datum van die Volksrade se sittings verskuiwe en toe het die saluutskote op 1 Mei instede van 7 Mei geval. So ook het die verjaarsdae van die Presidente en konings wat mekaar opgevolg het verskil en dan is die datums van die saluutskote ook dien ooreenkomstig verander.[35]

In 1897 is Kommandant Henning Pretorius oorlede. In sy plek is kommandant S.P.E. Trichardt van Middelburg toe benoem as Luitenant-Kolonel (Kommandant) van die Staats Artillerie.[36]

---

33) De Volksstem - 15 Februarie 1899.
34) Z.A.R. Publikasies, Band 183 van 1894, p.248.
35) Ibid.
36) De Volksstem - 2 Oktober 1897.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

En so goed het hy hierdie pos gevul dat die Staatsartillerie gedurende die Tweede Vryheidsoorlog onsterflike roem verwerf het.

Na die Jameson-inval is die Staatsartillerie dus uitgebrei, maar die Jameson-inval het ook veroorsaak dat vir die veiligheid van die stad ook forte op die omliggende rante en berge aangebring is.[37)]

Die noodsaaklikheid „doet zich daarom voor met alleen elke inval van vreemde troepen te kunnen tegengaan, maar ook om De hoofdstad, de zetel der Regeering en de ziel van het land oninneembaar te maken."[38)]

Om die beste advies te kry het die Regering die hulp van die Creusot Wapenfabriek van Frankryk ingeroep. Met die doel het die verteenwoordiger van die Creusot-fabriek, 'n gewese artillerie-offisier, na rype beraadslaging met Majoor Erasmus (in 1896 nog kaptein), Lutz die Stadsingenieur, Werner die siviele ingenieur van Johannesburg en Luitenant Paff van die militêre-telegrafie die wyse waarop Pretoria „een oninneembaar vesting gemaakt kan worden" bestudeer.[39)] Die eerste wat hulle getref het, was die besondere ligging van Pretoria, wat die stad en omgewing uitstekend geskik gemaak het vir verdediging. Geleë tussen twee rye berge met opskietende koppies kon forte op verskeie plekke opgerig word om alle paaie en spoorlyne na en van die stad te beheer.[40)]

Na lange besigtiging en beklimming van koppies en berge en opmetings met behulp van die soldate onder Luitenant Paff het die Creusot-verteenwoordiger toe sy rapport uitgebring. Daar was sewe punte wat hy, Gunsberg, beskou het as strategiese plekke om Pretoria. Op die sewe punte sou hy dan aanbeveel om forte te bou. (Sien sketskaart op volgende bladsy).


Sketskaart / .........

---

37) K.G.:- Band 203, Deel II - Stukke re forte om Pretoria.
38) Ibid - Aanhaling uit die rapport van die Creusot Wapenfabriek.
39) Ibid.
40) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




X = Magaliesberg.

Y = Daspoortrand.

Z = Time ball-hills of Witwatersberge.

PUNT A : Schanskop : Hierdie fort beheer of sou beheer, die hele eenkant van Pretoria en die pad na Johannesburg met die spoorweglyne na Johannesburg en Lourenco Marques. Vanaf hierdie punt het jy 'n uitsig van 30 kilometers (1 kilometer is 5/8 myl) sodat, indien daar 'n elektriese observasietoring aangebring word, dit onnodig sou wees om 'n ander obserwasietoring op 'n ander punt op te rig. Met die obserwasietoring kon selfs in die nag alle bewegings van 'n vyand, en spesiaal langs die pad van Johannesburg, waargeneem word.

PUNT B : Kwaggaspoort : Hierdie fort sou alle paaie wat uit die suide kom van Krugersdorp en Potchefstroom en die vallei aan die suidekant van die Daspoortrand beheer. Aanvalle uit die Weste en Suid-weste kon daardeur afgeweer word.

PUNT C. Daspoortrand : Die fort sou die valleie noord en suid van die Daspoortrand beheer waardeur die posisies van B en D versterk sou word.

PUNT D: Magaliesberg-Wes : Hierdie punt beheers die vallei ten noorde van die berg en die pad na Rustenburg uit die Noord-Weste.

PUNT E: / ...........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

PUNT E: Wonderboompoort : Die punt beheer die pad na Waterberg en kon aanvalle uit die Noorde afweer.

PUNT F: Derdepoort : Die fort sou die vallei ten Noorde en ten Suide van die berg en die spoor na Lourenco Marques beheer. Ook die paaie na Middelburg en Zoutpansberg kon deur hierdie punt beheer word.

PUNT G: Strubenkop : Dit beheer die spoorweg van Lourenco Marques en die toegangspaaie van die Ooste en Suid-Ooste en die stad self.

Die afstande tussen die punte is die volgende :

A tot B is 7900 meters.
B tot C is 4700 meters.
C tot D is 6750 meters.
C tot E is 10,000 meters.
E tot F is 6350 meters.
F tot G is 6650 meters.
en A tot G is 7200 meters.

Die plan van Gunsberg verteenwoordiger van die Creusot Wapenfabriek, was om by die punte eenvoudige gepanserde Koepeltorings met kanonne van 65 mm. te bou. Indien die Regering die messelwerk, beton, bommagasyn en ammunisiemagasyn self sou aanpak, sou sy firma dan die verdere oprigting en voltooiing van die forte behartig. Aangesien die regering nog oor die oprigting van die forte moes besluit het Gunsberg toe vier begrotings ingesluit. Sy A-skema vir 7 torings, 'n soeklig en 90 mm. kanonne sou £72,925 beloop, die B-skema met dieselfde as A behalwe dat 65 mm. kanonne gebruik word kos £53,241. Sy C-skema was dieselfde as A maar hier sou 14 gepanserde torings opgerig moes word teen 'n koste van £140,720 en sy D-skema soos die B-skema, maar ook met 14 torings, sou dan £101,352 kos.[41]

Die Regering het egter nadat besluit is om die forte te bou ook die Krupp-firma genader vir kwotasies. Volgens hulle kwotasies / ............

41) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kwotasies sou hulle „snellaad vesting kanonnen", wat 'n skietafstand van 10,500 tree gehad het, kon lewer teen £1529.6. 0 stuk.[42)]

Behalwe die voorgestelde oprigtingsmoontlikhede word in die stukke geen verdere melding gemaak van die verdere besluite van die Regering nie. Te oordeel na koerantverslae is daar egter net vier forte opgerig. Een te Schanskop, een te Klapperkop, een te Wonderboom en een op die Daspoortrand.

Fort Schanskop is eerste aangepak. 'n Duitse firma het in Maart 1896 daarmee begin, maar wanneer dit voltooi is kon nie met sekerheid vasgestel word nie.[43)] Die tweede fort wat opgerig is, was Klapperkop en die derde was Wonderboom.[44)] Albei, Schanskop en Klapperkop, moes egter voor 3 September 1897 voltooi gewees het want op die datum was Wonderboomfort gereed om oorgeneem te word.[45)]

Op 4 September 1897 het die Uitvoerende Raad, die Kommandant-Generaal en die hele artillerie die fort in ontvangs geneem van H.C. Werner die bouer en Lutz die ingenieur.[46)]

'n Jaar later is ook die fort op die Daspoortrand in ontvangs geneem deur die Vise-President, S.W. Burger, en die Artillerie. Die bouers was Grunberg en Leon en Lutz was weer die Ingenieur.[47)]

Elk van die forte het plek gehad vir twee kanonne met hulle lope na Pretoria. Die geweergate „loop-holes" het ook na die stad gekyk, omdat die paaie na die forte van die Stadskant gekom het. Die forte was dus eintlik ingerig vir hulle eie verdediging. Water was naby die forte in opgaardamme en T.W. Beckett het £5000 se kosvoorrade verskaf wat in die forte gehou was, ingeval van nood.[48)]

Of / ...........

---


42) K.G. 203, Deel II - re forte om Pretoria - Verslag van die Fried Krupp-firma.
43) The Sunday Times - 30 September 1928.
44) Ibid.
45) De Volksstem - 3 September 1897.
46) Ibid - 4 September 1897.
47) Ibid - 11 November 1898.
48) The Sunday Times - 30 September 1928.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Of die forte wel aan hulle doel, nl. die verdediging van Pretoria, beantwoord het, sal in die volgende hoofstuk gesien word.

*************************




A - Schanskop
B - Klapperkop
C - Wesfort
D - Wonderboomfort

Die vier forte om Pretoria

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# H O O F S T U K IX.

## DIE ANGLO-BOEREOORLOG.

### a. PRETORIA EN DIE POLITIEKE VERTROEBELINGE 1895 - 1899.

Namate die oorlogswolke oor Transvaal saamgepak het, het die naam Pretoria meer en meer in die wêreldnuus verskyn. Soos die gebruik was, is die naam „Pretoria" dikwels gebruik, wanneer die Z.A.R. bedoel is, of wanneer verwys is na Pres. Kruger of sy buitelandse beleid. Pretoria het bekend geword in Duitsland, Frankryk, Holland, Engeland, Spanje, Portugal en elders.

Met die bou van die forte rondom Pretoria en die lewering van krygsmateriaal aan die Z.A.R. het die Franse bestellings ter waarde van £151,000 van die Republiek ontvang. Daarteenoor het die Duitsers bestellings ter waarde van £550,000 gekry.[1] Duitse, Franse, Italiaanse, Hollandse en Portugese verteenwoordigers het in Pretoria vertoef en politici het mekaar in Pretoria ontmoet.

So het Sir Hercules Robinson in 1896 vir Pres. Kruger kom besoek met die doel om vir die Reformers" te pleit.[2] Barney Barnato het die President kom bedank vir sy „generous action after the Raid," en het in oorlegpleging met Leo Weinthal, die redakteur van die „Pretoria News", twee marmerleeus as verjaarsdaggeskenk aan die President gestuur.[3] Hoofregter Sir Henry de Villiers, verskyn in 1897 om 'n kompromie tussen die Volksraad en die hoofregter van Transvaal, Sir John Kotze, te tref.[4]

Regter Kotze wat voorheen van mening was dat hy nie as regter die bevoegdheid besit het om oor die regsgeldigheid van 'n volksraadsbesluit te beslis nie, het in 1896-1897 daarop aanspraak gemaak dat hy wel die bevoegdheid sou

besit /............

1) Scholtz, G.D.:- Die oorsake van die tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, Tweede band, Johannesburg, 1948, p.24.
2) Vulliamy, C.E.:-Outlanders, London, 1938, p. 232.
3) Ibid, p. 246, De Kock, Dr.W.J.:- Die Krugerhuis, Pretoria 1949, p. 30 en Juta, Marjorie:-, The pace of the ox, London, 1936, pp. 256-257.
4) Scholtz, G.D.:- Die oorsake van die tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, Tweede Band, p. 188.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



besit. Dit het op 'n krisis uitgeloop. Die hele aangeleentheid het voortgespruit uit 'n siviele saak tussen Brown en die staat omdat die Goudkommissaris nie aan 'n sekere Brown se aansoek om 1,200 "prospecting claims" wou voldoen nie. Brown het hom nie hieraan gesteur nie en die "claims" afgepen maar die Volksraad het sy optrede as ongeldig verklaar.[5)]

Regter Kotze het egter tydens die verhoor van die saak, vir Brown gelyk gegee ten koste van die Volksraad. Om hulleself te beskerm, het die Volksraad toe Wet No.1 van 1897 gemaak, wat die magte van regters vasgepen het en beslis het datdie Hooggeregshof nie die reg het om wette van die Volksraad te toets nie.[6)]

Sir Henry de Villiers se voorstel was dat die regters nie in die toekoms die reg sou hê om wette van die Volksraad te toets nie maar dat die Grondwet so verander sou word dat die magte van die Volksraad beperk word om die onafhanklikheid van die Hooggeregshof te waarborg.[7)]

Toen hierdie kompromie het Kotze weer beswaar gemaak omdat hy van mening was dat die regters die Grondwet moes help verander. President Kruger moes egter die Volksraad se goedkeuring vir so 'n handeling kry en toe hy nie gou genoeg na Kotze só mening hieromtrent gehandel hêt nie, het Kotze Wet No. 1 van 1897 nie erken nie. Pres. Kruger het hom toe op Wet No. 1 van 1897 beroep en hoofregter Kotze ontslaan.[8)]

Pretoria het die verloop van hierdie botsing met belangstelling gevolg en nadat staatsprokureur Gregorowski as waarnemende regter benoem is, was daar wel persone wat toen die ontslag van Kotze gekant was, maar alle advo-

kate / .............

---

5) Kotze, Sir J.B.:- Memoirs and Reminiscenes, Volume 2, Cape Town, pp. XIV - XXVI. 6) Ibid.
7) Botha, P.R.:- Die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds, Amsterdam, 1926, Hoofstuk IV.
8) Kotze, Sir J.G.:- Memoirs and Reminiscenes, Volume 2 pp. - XXXIII - XXXIV.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kate het die President se optrede aanvaar.[9] Regter Kotze wou hom nie aan die President se beslissing onderwerp nie, hy het die Transvaal verlaat en hom beroep op die Britse regering. Aangesien die hele aangeleentheid egter van binnelandse aard was kon die Britse regering niks vermag nie.[10]

In 1896 het dit ook nodig geword dat die staat moes ingryp in die huishouding van die President. Dit was nie meer raadsaam dat die President na die Raadsaal sou loop nie en voortaan sou hy met sy staatskoets onder begeleiding van tien berede man van die staatsartillerie na en van die Raadsaal geneem word.[11]

Sedert 1896 is ook gevoel dat die Oranje-Vrystaat en die Z.A.R. nouer moes saamwerk en mekaar moes steun terwille van hulle verdere behoud en ontwikkeling. Veral die vyandige houding van Engeland jeens die Republieke het hulle nader na mekaar gebring. Die twee Volksrade van die Republieke het toe ook daartoe oorgegaan om 'n "Traktaat van Handel en Vriendskap" en 'n "Politiek Verbond" met mekaar te sluit.[12]

Met die besoek van die Transvaalse afvaardiging na Bloemfontein in 1897 het President Kruger juis berig ontvang dat die "Transvaalse Gezant jonkheer Belaerts van Blokland gestorven was" en op aanbeveling van President Steyn is Dr. W.J. Leyds in die pos aangestel. Die pos van Staatsekretaris is toe deur F.W. Reitz gevul.[13]

Intussen is die staatsartillerie van die Z.A.R. vergroot, forte is rondom Pretoria gebou en wapens is van Duitsland en Frankryk ingevoer. Daar is egter gevoel

dat / ...............

9) Botha, P.R. :- Die Staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds, p.80.
10) Kotze, Sir J.G. :- Memoirs and Reminiscenes, volume 2, pp. XL - XLI
11) Juta, Marjorie : - The pace of the ox, p. 251.
12) Van der Merwe, N.J. :- Marthinus Theunis Steyn, Deel 1, Bloemfontein, 1921, pp. 138-139.
13) Ibid, pp. 139-141.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat President Steyn ook op sy beurt die Transvaal moes besoek om intiemer kennis te maak met die regering van die Z.A.R. Onder voorwendsel van 'n bespreking van die Standerton-Vrede-spoorlyn het President Steyn in September 1898 in Pretoria aangekom. Landdros Schutte, Kol. Trichardt van die Staatsartillerie, die Ouditeur-Generaal, die Tesourier-Generaal, die Voorsitter van die tydelike Stadsbestuur, die direkteur van die N.Z.A.S.M. en die kommissaris van Polisie is deur die Staatsekretaris gelas om vir die onthaal van die President van die O.V.S. te reël.[14)]

Die strate is vir die geleentheid versier, ereboë is opgerig en „behalve een feest in het Park en een gastmaal, bezochten we forten en artillerie oefeningen en vaccine station en zweminrichtingen en een museum en de spoorwegwerkplaatsen en wat niet al."[15)]

Uit koerantberigte en onderlinge gesprekke het die inwoners van Pretoria gevoel dat 'n uiteindelike botsing tussen die Z.A.R. en Groot Brittanje onvermydelik was. Almal was in afwagting op die vonk wat die stryd sou begin en voorbereidings moes getref word.

Die Pretoriase Vrywilliger-korps is onder Kaptein S.H. de Korte georganiseer en 'n ambulans-afdeling onder Tweede Luitenant H.S. Staub is daaraan toegevoeg.[16)] Die regering van die Z.A.R. het egter nog getrag om met onderhandelings en toegewings die stryd te voorkom.[17)]

In /...............

---

14) Pa 1 :- Band 17 - St. Sekr. aan Landdros - 2 September 1898 en van der Merwe, N.J.:- Marthinus Theunis Steyn, p. 148.

15) Hertzog Annale, Tweede jaargang, Eerste aflewering; Briewe van G.A.A. Middelberg, p. 162.

16) De Volksstem - 22 Februarie 1897.

17) Die onderhandelings en toegewings kan in Scholtz se werk baie mooi nagegaan word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In Januarie 1899 was Dr. Leyds in Pretoria terug om die een en ander met die Regering persoonlik te bespreek. Op die reis na Suid-Afrika was Leyds in voeling met E.A. Lippert, wat belang gehad het by die dinamiet-konsessie van Forstman en ook met die myn-magnate in noue voeling was. Hulle sou dan, in samewerking met Pres. Kruger, trag om 'n versoening tussen Pretoria en Johannesburg te bewerkstellig.[18)]

Die spanning wat daar as gevolg van die Uitlanders en hulle eise bestaan het is verder vergroot deur die imperialistiese beleid van Groot Brittanje maar 'n versoening tussen die regering van die Z.A.R. en die Uitlanders sou dan die kanse op 'n oorlog verminder het.

Hierdie poging van Leyds en Lippert wat ook op 'n mislukking uitgeloop het, was maar een van dergelike pogings wat aangewend is om die oorlog tussen Groot Brittanje en die Republieke te voorkom.

President Steyn het ook probeer om versoenend op te tree. Hy het op 31 Mei 1899 'n samespreking tussen Pres. Kruger en Milner in Bloemfontein gereël.[19)] Alhoewel die samesprekings tot die 5de Junie 1899 geduur het, is niksbereik nie.[20)]

Pres. Kruger het die hele bespreking te Bloemfontein dan ook in die lig gesien dat dit nie so seer stemreg vir die Uitlanders was, wat Brittanje wou hê nie, maar dat Brittanje die Transvaal onder Britse vlag wou sien.[21)]

Terug /......

18) Sandberg, Dr.C.G.S.:-Twintig jaren onder Kruger's Boeren in voor- en tegenspoed, Amsterdam, 1943 pp. 189 - 193.
19) Vulliamy, C.E.:-Outlanders, pp.273-275.
20) Scholtz, G.D.:- Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, pp. 228-236.
21) Vulliamy, C.E.: Outlanders,pp.273-275;Sandberg, Dr. C.G.S.:Twintig jaren onder Krugers Boeren, pp. 197-198 en Scholtz, G.D.: Die oorsake van die tweede Vryheidsoorlog, pp.228-236. Die notule van die verrigtinge is te vind in die Transvaalse Groenboek 4/1899 en die Britse Blouboek C 9404.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Terug in Pretoria het die 74 jarige President die ~~leisels~~ gedeeltelike beheer i.v.m. buitelandse verwikkelinge oorgegee aan J.C. Smuts, die staatsprokureur, Reitz, die staatsekretaris, Schalk Burger, die latere Vise-President wat waargeneem het in Pres. Kruger se afwesigheid toe hy in Europa was, A.D.W. Wolmarans en J.H.M. Kock, albei laasgenoemdes lede van die Uitvoerende Raad. Onstuimige besprekings in die Volksraad was aan die orde van die dag. Selfs Fischer, van die Vrystaat, se besoek aan Pretoria kon gemoedere nie kalmeer nie.[22)]

Hierop het Hofmeyr, die vroeëre bondgenoot van Cecil Rhodes en T.C. Herholdt, lid van Schreiner se Kaapse kabinet, besluit om hulle sienswyse persoonlik aan die Transvalers te verduidelik. Op 1 Julie het hulle uit Kaapstad na Pretoria vertrek. Hulle het verklaar dat in geval van oorlog daar nie op die steun van die Kapenaars gereken moes word nie, want hulle was Britse onderdane en daarby was hulle ongewapen.[23)]

Onder die omstandighede is op 7 Julie 1899 'n nuwe wetsontwerp, wat sekere toegewings i.v.m. die verlening van stemreg aan die Uitlanders bevat het, gepubliseer. Na sewe jaar sou alle Uitlanders volle stemreg kon bekom en die wat voor die inwerkingtreding van die wet, in die Transvaal was, kon na sewe jaar vanaf hulle aankoms die stemreg verkry.[24)]

Chamberlain, die Britse ~~Eerste~~ Minister van Kolonies, was ook nie met die toegewing, vervat in die stemregwet te vrede nie. Milner se voorstel, van vyf jaar inwoning en daarna volle stemreg, moes ten alle koste deurgevoer word. Greene, die Britse ~~Ambassadeur~~ agent in Pretoria het in hierdie tyd 'n belangrike skakel tussen Pretoria en Londen gevorm. Smuts het op sy eie probeer om tot 'n vergelyk met Greene te kom, maar Chamberlain en Milner wou nie kop gee nie. Die Republiek wou geen inmenging in sy binne-

landse /........

---

22) Scholtz, G.D.:-Die oorsake van die tweede Vryheidsoorlog, pp. 246-249.
23) Ibid, pp. 249-250 en Hofmeyr, J.H. en Reitz F.W.:-Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr, Kaapstad, 1913, p. 596.
24) Ibid, pp. 251-255.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terwyl daarop aanspraak.
landse aangeleenthede gehad het nie ~~en~~ Chamberlain ~~wou die nog~~
gemaak het nie teenstaande
d~~aartoe~~ ~~behou~~ ~~volgens~~ die Pretoria Konvensie van 1881.[25]

Die hele Augustus van 1899 was diplomate in Pretoria en Londen met mekaar in voeling. Begin September is die Britse troepemagte in Suid-Afrika versterk en geleidelik na die Transvaalse-grens verskuiwe. Ingelyks het die Republiek ook begin bewapen en „trains with guns and ammunition were rumbling up to Pretoria."[26]

Met die Volksraadsitting van 7 September 1899 is bekend gemaak dat Portugal die invoer van wapens na die Republiek, deur Lourenco Marques, verbied het. Dit moes 'n gevoelige slag vir die Z.A.R. gewees het en tog het lede gevoel dat hulle nie hulle onafhanklikheid vir die vrede sal verruil nie. Hulle het beswaar gemaak teen die troepemagte op die grense en was bereid om die wapens op te neem om hulle grense te beskerm.[27]

September 1899 was vir albei partye 'n maand van voorbereiding. Talle vrouens en kinders het Johannesburg verlaat. In Pretoria en elders in die Z.A.R., is opnames van die aantal dienspligtige burgers gemaak. Pretoria het 4,000 man beskikbaar gehad en die wat oor perde beskik het, het gewere en ammunisie van Veldkornet Melt Marais ontvang. Die N.Z.A.S.M. het twee gepanserde treine in gereedheid gebring en Dr. Kolff het 'n kursus in verbandleer in Pretoria gehou.[28]

Op 29 September 1899 het die Uitvoerende Raad 'n konsep-proklamasie waarby „de Krygswet van kracht word verklaard, goedgekeurd en getekend, zodat in dien nodig ze elk ogenblik kon worden gepubliceerd."'n Groot aantal Pretorianers het, dieselfde dag, „order ontvangen" om gereed te wees om te vertrek. Verskillende „depecheryders" moes op 1 Oktober na die kommandos

op / ........

25) Omdat Smuts se voorstelle nie aanvaar is nie, word dit nie hier behandel nie. 'n Volledige verloop van die aangeleentheid is te kry in Scholtz se reeds aangehaalde werk, pp. 259-269.
26) Valliamy, C.E.:-Outlanders, p. 279.
27) De Volksstem - 9 September 1899.
28) Ibid - 23 September 1899.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

op die grense om aan te sluit by die artillerie wat op 28 September na die grense gestuur.is.[29]

Amptenare, wat in Pretoria werksaam was, het opdrag gekry om na hulle oorspronklike distrikte te vertrek en om hulle daar aan te meld vir kommando-diens. Militêre „wielryders" sou Saterdagaand, 30 September 1899, om 10 uur die aand vertrek na die kommandos, waar hulle ingedeel sou word.[30]

Op 30 September 1899, om 2 uur die middag, het die Pretoria-kommando, gewapen met Mausers en Martini Henris van die Veldkornetskantoor na die Goewerments-gebou (Ou Raadsaal) gemarsjeer om die Kommandant-Generaal „te presenteren voor hun vertrek naar de grens." Dieselfde middag om 5 uur het die eerste honderdtal na Volksrust vertrek, waarna die ander sou volg. Kaptein Pretorius en 'n gedeelte van die artillerie is ook na Volksrust gestuur. Ds. Postma sou ook saamgaan as bediener van die „Woord", onder die Pretoria-Kommando.[31]

Alle burgers in Pretoria was op 30 September 1899 nog nie opgekommandeer nie. Terwyl dit nog gedoen word het die eerste al vertrek. Veggeneraal Kock sou na die Natalse grens gaan en Genl. Piet Cronje is na Klerksdorp gestuur. Die Hollander-Korps wat in Pretoria gevorm is sou op 2 Oktober ook na die Natalse grens vertrek en die Volksraadslede sou tot 2 Oktober in Pretoria bly. Alle kantore, behalwe die Telegraaf- en Kommandant Generaalskantore is op 30 September gesluit.[32]

---

29) Ibid - 29 September 1899.

30) Ibid.

31) Ibid - 30 September 1899.

32) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## H O O F S T U K IX.

### B. DIE ULTIMATUM EN VERDERE VERLOOP VAN GEBEURTENISSE TOT MEI 1900.

Terwyl die Transvaalse regering al begin het om militêre maatreëls te tref, het die Vrystaatse regering nog 'n laaste poging aangewend om die vrede te bewaar.

Die troepesametrekkings op die Transvaalse grense was egter bedoel om die Z.A.R. te dwing om „whatever terms Her Majesty's Government might decide to impose," aan te neem.[1] Pres. Steyn se laaste poging het dus ook misluk.

Dr. W.J. Leyds se mening was dat die Boeremagte so gou as moontlik, voordat Brittanje gereed sou wees vir die stryd, moes aanval.[2] Vandaar die besluit, na „ernstig telegrafisch overleg der beide presidenten Kruger en Steyn om op 9 October 1899 het ultimatum aan den Britschen agent te doen overhandigen."[3]

Op Maandag 9 Oktober, het Staatssekretaris F.W. Reitz van die Suid-Afrikaanse Republiek om vyfuur in die namiddag aan Conyngham Greene, Britse agent in Pretoria, 'n nota oorhandig. Daarin is daarop gewys dat, hoewel die Konvensie van Londen geen reg aan Brittanje verleen om hom met die binnelandse aangeleenthede van die Republiek in te laat nie, die Britse regering hom tog in die afgelope tyd die reg aangematig het en dat hy selfs nou begin om troepe op die grense van die Republiek saam te trek. Hierdie daad word deur die Republiek beskou as 'n bedreiging van sy onafhanklikheid en om hierdie rede voel die Transvaalse regering hom nou verplig om die volgende eise te stel :

1. Dat alle geskille tussen die twee state deur arbitrasie besleg sou word.
2. Dat alle troepe op die grense van die Republiek onmiddellik verwyder moet word.

3. / ..........

1) Scholtz, G.D.:-Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, p. 290.
2) Leyds, Dr. W.J. :-Eenige correspondensie uit 1899, den Haag, 1919, No. 187 , p. 174.
3) Sandberg, Dr. C.G.S.:-Twintig jaren onder Krugers Boeren in Voor- en Tegenspoed, p. 215.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3. Dat alle troepeversterkings wat Suid-Afrika na 1 Junie 1899 bereik het, binne 'n redelike tydperk verwyder sou word.

4. Dat Britse troepe wat nog ter see was, nie in Suid-Afrika geland sou word nie. Indien die antwoord van die Britse regering nie bevredigend was nie, sou daar om vyfuur die namiddag van 11 Oktober 'n staat van oorlog tussen Brittanje en die Republiek heers.[4)]

Die Ultimatum was deur D.N.R. van Hoytema, klerk van Buitelandse sake opgestel, deur beide die Presidente en die p~~rivaa~~ onderstaat-t-sekretaris van ~~Pres. Kruger~~ Buitelandse sake, P.G.W. Grobler, goedgekeur. F.W. Reitz het as Staatssekretaris van die Z.A.R. geteken en H.C. ten Haaf, éerste klerk van Buitelandse sake het dit aan W. Conyngham Greene, die Britse agent of ambassadeur in Pretoria, oorhandig.[5)]

Conyngham Greene het die ultimatum dadelik na Milner, in Kaapstad, deurgestuur. Op sy beurt het Milner dit na Chamberlain deurgestuur. Chamberlain was voorberei vir enige gebeurlikheid en was dus verheug oor die verloop van omstandighede in Transvaal. Hy het in Engeland 'n boek, "The Transvaal from within", deur J.P. Fitzpatrick geskrywe, laat uitgee. Die boek sou dan 'n regverdiging vir die Britse regering, om tot oorlog met die Transvaal oor te gaan, verskaf en propageer.[6)] Noudat hy 'n ultimatum van Transvaal ontvang het, het hy dus nie nog nodig gehad om, indien Brittanje 'n ultimatum aan die Transvaal sou rig, redes vir sy optrede te soek nie. Die antwoord aan die Transvaal was dus dat Brittanje nie aan die eise, vervat in die ultimatum, kan voldoen nie.[7)]

Reeds / ..........

---

4) Scholtz, G.D.:-Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, p. 291 na aanleiding van Britse Blouboeke 9530, pp 65-67.
5) Sandberg, Dr. C.G.S.:-Twintig jaren onder Kruger's Boeren in voor- en tegenspoed, p. 212. Lees ook Weeber, E.J.:-Op die Natalse Front, Nasionale pers, Kaapstad, Bloemfontein, 1940, pp 2-25.
6) Vulliamy, C.E.:-Outlanders, p. 281.
7) Ibid, pp. 285-286 en Headlam, Cecil :-The Milner papers London, 1933, pp 1-3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Reeds op 10 Oktober 1899 was Conyngham Greene in besit van die Britse regering se antwoord, maar hy het die antwoord eers op 11 Oktober aan F.W. Reitz oorhandig. Om vyfuur die middag van 11 Oktober 1899 was die Z.A.R. en Brittanje toe in 'n staat van oorlog.[8)]

Dit was die begin van die einde van 'n onafhanklike Boererepubliek. Ook die begin van die einde van Pretoria as die setel van die Regering van die Z.A.R.

Reeds op 30 September 1899 het daar stilte by die spanning in die rustige stad geheers. In opdrag van die Regering is alle siviele sake en „rechterlyke procudures" vanaf 30 September gestaak.[9)] Wet No. 18 van 29 September 1899 was toe al van toepassing en het persone gewaarsku teen oproer, opbenbare geweld, hoogverraad, ophitsing en opstokery.[10)]

Alle manlike dienspligtige burgers wat nie in noodsaaklike regeringsdiens of vir die verdediging van die stad teen moontlike kafferonluste nodig was nie, het Pretoria alreeds verlaat.[11)] Die Staats-Meisieskool was al sedert 19 September gesluit omdat die gebou ingerig moes word as hospitaal[12)] en 'n „Relief Committee", bestaande uit die Anglikaanse, Presbeteriaanse, Wesleyaanse en ander kerklike genootskappe se predikante, is in die lewe geroep.[13)]

Vanaf 30 September 1899, het die soekligte van die twee suidelike forte, Schanskop en Klapperkop, die dreigende onheil nog verder beklemtoon.[14)]

Ten opsigte van die Uitlanders was sake in Pretoria op 30 September 1899 nog nie gereël nie. Daar was sprake van dat die Engelssprekendes en Hollanders wat in Pretoria wou bly 'n permit, vir hulle verblyf, by die Regering moes kry, maar daar

was / .........

8) Sandberg, Dr. C.G.S.: T.A.W., p. 212 en Scholtz, G.D.: T.a.w., p.292.
9) Staats Courant - 30 September 1899.
10) Ibid - 10 Oktober 1899.
11) De Volksstem - 30 September 1899.
12) Land en Volk - 19 September 1899.
13) The Press - 29 September 1899.
14) Ibid - 30 Sept. 1899.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

was nog geen definitiewe reëlings nie, omdat die oorlog nog nie aangesê was nie.[15)]

Op 10 Oktober 1899 het Pretoria, anders as in die verlede, geen openbare feestelikhede geken nie. Die President het stil aan sy woning deurgebring alhoewel gaste soos van ouds na Kerkstraat-Wes gekom het om hom 'n handdruk te gee: die laaste maal dat hy op Transvaalse grond sou verjaar.[16)]

Op 11 Oktober was die President weer op kantoor en het die Britse agent Greene die President gaan groet voordat hy Pretoria verlaat het.[17)]

Op 11 Oktober is 'n Buitengewone „Staats Courant" ook gepubliseer waarin al die voorlopige reëlings ingeval van oorlog gepubliseer is.

Aan alle vreemdelinge of uitlanders in die Z.A.R. is volle stemreg gegee, mits hulle die wapens, saam met die Burgers van die Z,A.R. teen Brittanje opneem. Alle burgers van die Z.A.R. is opgeroep vir Krygsdiens behalwe die Volksraadslede van albei huise, Amptenare, Kerkraadslede, Onderwysers, Bestuurders van besighede en maatskappye, liggaamlik-gebreklike manlike burgers en skoliere, wat vrystelling van Krygsdiens verkry het. Elke burger moes sorg vir eie klere, geweer en 30 patrone of kon genoemde artikels by sy veldkornet kry. Die burgers wat vrystelling gekry het moes elk £15 oorlogsbydrae gee behalwe natuurlik die leerlinge wat nog nie dienspligtig was nie.

Alle Britse onderdane kon of die land verlaat of na aflegging van 'n eed van getrouheid aan die Z.A.R., met 'n permit in Transvaal bly woon. Ook ander persone van Europese afkoms kon aansoek doen om 'n permit.[18)]

Fort Daspoort-Rand is onder die bevel van Adjudant H.F.D. v.d. Merwe met 27 manskappe geplaas, Fort Klapperkop onder Adjudant A.S.D. Erasmus met 31 man, Fort Wonderboom onder Adjudant B.J. Espach / ........

15) Land en Volk - 4 Oktober 1899. 16) De Kock,Dr.W.J.:-Die Krugerhuis,p. 62. 17) Sandberg,Dr.C.G.S.:-Twintig jaren onder Kruger's Boeren,p. 213.
18) Buitengewone Staats Courant - 11 Oktober 1899. - Uit Johannesburg het ± 30,000 persone die Transvaal verlaat maar in Pretoria het die meeste Britse-Onderdane bly woon.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

B.J. Espach met 27 man en Fort Schanskop is onder Adjudant G. Kinnear met 36 man geplaas.[19]

Op 18 Oktober is, volgens Uitvoerende Raadsbesluit - Artikel 908 dd. 3 Oktober 1899, alle skole gesluit. Aan hoofde van skole is maandeliks 'n toelae van £10 betaal en aan onderwysers £7.10. 0 terwyl ongetroude hoofde £5.0.0 en ongetroude onderwysers £4 per maand toelae betaal is. Kwekeling-onderwysers het £2 per maand ontvang.[20]

As voorsorgmaatreël teen moontlike brand is in Pretoria 'n Vrywilliger Brandweerkorps met hoofstasie by die Pretoria Waterleiding Maatskappy-kantore in Pretoriusstraat, tussen Andries- en van der Waltstraat, op die been gebring. 'n Hulpstasie is by die kantoor van die Tydelike Stadsbestuur in Kerkstraat-Wes opgerig.[21]

Snags is Pretoria aan die sorg van Nagpolisie toevertrou. Die stad is in sewe wyke opgedeel met 'n wykskantoor in elke wyk. Die stasie of kantore van die verskillende wyke was as volg geleë : Wyk I in die Burgerregerwe, Wyk II op die hoek van Mark- en Skinnerstraat, Wyk III by G. Heys in Strubenstraat, Wyk IV by die Delfos Broers in Andriesstraat, Wyk V op die hoek van Kerk- en du Toitstraat, Wyk VI op Jubileeplein in Sunnyside en wyk VII in Pretoriusstraat, in Arcadia.[22]

Vir die beskerming van rus en orde in Pretoria is 'n subkomitee onder die Tydelike Stadsbestuur in die lewe geroep. Waar die stad alreeds in wyke verdeel was, sou die sub-komitee van drie lede dan in elke wyk moes sorg vir die rus en orde van daardie wyk. As skakel tussen die „Tydelike Stadsbestuur" of „Hoof Komitee" moes die Luitenant van Polisie dien. Alle instruksies van die Hoof Komitee sou aan die Luitenant van Polisie gegee word en hy moes dit weer oordra aan die sub-komitee. /........

19) K.G.-Band 203 II - Stukke re forte om Pretoria.
20) Staats Courant - 18 Oktober 1899.
21) Ibid.
22) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tee. Die sub-komitee moes weer daagliks rapporte by die Luitenant van Polisie inhandig en hy sou dan 'n finale rapport oor die toestand van die dorp by die Hoofkomitee inhandig. Die Sub-komitee moes met die nagpolisie en spesiale polisie saam werk. 'n Boek met eedvorms waarin lede van die publiek wat ondervra word en wat die polisie moes teken moes aangehou word. Elke wyk het ook 'n wykstempel gekry om stukke te stempel voordat dit na die Luitenant van Polisie ingestuur word.[23)]

Verder moes die Sub-Komitee 'n lys van bewoonde en onbewoonde geboue asook 'n lys van alle inwoners in die wyk opstel. Hulle kon persone vir diens opkommandeer, onder-offisiere oor manskappe aanstel of reëling tref i.v.m. die diensure van die spesiale polisie. Die Luitenant van Polisie, onder wie die spesiale polisie sorteer het, moes egter sy toestemming vir die reëling van diensure gee.

Die spesiale polisie het 'n lapeletiket met die stempel van die Komitee en die handtekening van een van die lede van die sub-komitee, as kenteken gedra. Hulle was gewapen met rewolwers en het die reg tot ondervraging gehad.

Van 6.30 nm. tot 5 vm. het geen persoon die reg gehad om op straat, sonder 'n permit, te loop of te ry nie. Indien persone die stad wou verlaat moes hulle ook permitte, vir die doel, van die Sub-Komitee verkry. Nuwe aankomelinge moes 'n paspoort hê en hom aanmeld by die Sub-komitee. Indien so 'n persoon nie die nodige stukke besit of hom aanmeld nie was hy strafbaar met 'n boete van £5 of 14 dae gevangenisstraf. Die persone wat hulle van buite Pretoria in die stad wou vestig moes dadelik, met hulle aankoms, by die Hoof-Komitee hulleself gaan aanmeld. By gebreke hiervan was hy strafbaar met 'n boete van £25 of een maand gevangenisstraf. Dit het ook gegeld vir Britse onderdane.

Nie-blankes wat op straat verskyn het moes 'n pas van hulle werkgewer gehad het terwyl hulle heeltemal belet was om met rywiele deur die strate te ry.

By / ........

---

23) Staats Courant - 22 Nov. 1899 met U.R.B.:-Art. 977 dd.16Nov.1899.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

By oortreding van enige van die regulasies is die strawwe opgelê deur die Luitenant van Polisie.[24]

Die Hoof-komitee het bestaan uit Potgieter (Burgermeester), Loveday, Wilson, van der Byl, Dr. Lingbeek, Dr. Messum, Kruger, Maritz, Meintjies, Bosch (Sekr.), Lutz (Stadsingenieur), Westmaas (Tegniese Assistent) en Olie (Sekretaris van die Stadsingenieur).[25] Met die oorlog het baie van die lede op kommando gegaan en in Junie 1900 was nog net die Engelssprekende lede en Westmaas, van der Byl en Olie in die Stadsbestuur of Hoof-komitee.[26]

Terwyl alles so stil en rustig in Pretoria verloop het, het dit egter nie so rustig op die grense gegaan nie. Die krygsgevangene wat tot 11 November 1899 na Pretoria gestuur was het die groot totaal van 1,481 beloop en die getal het weekliks gegroei.[27] Die offisiere onder die krygsgevangene is in die Staatsmodel-skool in van der Waltstraat aangehou,[28] terwyl die manskappe en onder-offisiere in 'n kamp op die reisiesbaan in Pretoria-Wes versorg en bewaak is.[29]

H.C. Bredell was belas met die Krygsgevangene en hy het hulle by hulle aankoms in Pretoria, in Kochstraat (vandag Bosmanstraat) by die stasie laat vergader. Vandaar is hulle in viere of na die Staatsmodelskool of na die reisiesbaan weggemarsjeer.[30]

Onder die Krygsgevangene wat op 18 November 1899 in Pretoria aangekom het was ook 'n korrespondent van die „Morning Post" van Londen. Aanvanklik wou Bredell hom na die reisiesbaan gestuur het, maar hy het tog van plan verander en die korrespondent, wat niemand anders as Churchill, die huidige Eerste Minister van

Brittanje /........

24) Ibid.
25) De Volksstem - 11 Maart 1899 - Lede van die Tydelike Stadsbestuur. (Die voorletters van die persone ontbreek.)
26) Vergelyk Pretoriana, Deel 2, Nr. 1 :A.C. Kotterer in 'n onderhoud met H.P.A. Behrens.
27) De Volksstem - 11 November 1899.
28) Ibid - 18 November 1899 en Brandt, Johanna :-The petticoat Commando, London, 1913, p. 9.
29) Ibid - 17 November 1899.
30) Ibid-18 November 1899.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Brittanje, was nie, na die Staatsmodelskool gestuur vir bewaking.[31)]

Langs die Staatsmodelskool het die Rooikruis toe nog 'n hospitaal vir gewondes opgerig. Hierdie hospitaal, net noord van die skool op die gronde waar tans die kantore van die departement sensus en statistieke is, was in stand gehou deur die firma John Jack. Die verpleegsters was almal winkelmeisies van die firma Bourke en die dokter, wat by die hospitaal op diens was, was Dr. Haylett.[32)]

Saam met Churchill was 'n sekere Kaptein Aylmer Haldane wat ook te Ladysmith gevange geneem is. Heelgou was die twee besig met planne beraam om te ontsnap. Op 12 Desember 1899 slaag Churchill daarin om oor die draadheining aan die agterkant van die skool te spring sonder dat 'n wag hom sien maar ongelukkig vir sy maat het 'n wag iets gehoor en voordat hy ook die hasepad kon kies, het die wag sy verskyning gemaak en die plan gedeeltelik laat skipbreuk ly.[33)]

Haldane het toe 'n pop in Churchill se bed gaan maak en sodoende verhoed dat sy ontsnapping nog dieselfde aand bekend geword het.

Dr. Gunning, hoof van die afdeling wat toesig moes hou oor die krygsgevangenes in die Staatsmodelskool, het toe die ontsnapping van Churchill bekend geword het, die wagte vermeerder en strenger toesig oor die krygsgevangenes gehou.[34)]

Die volgende dag is lasbriewe „tot Huiszoeking" in Pretoria uitgereik maar toe was Churchill al in Witbank. Hy het na sy ontsnapping daarin geslaag om op 'n vragtrein na die ooste te kom wat hom tot in Witbank gebring het. Vandaar is hy na Lourenco Marques, per skip na Durban en het hy by die Britse magte tydens hulle opmars na Pretoria weer aangesluit.[35)]

Haldane /......

31) Ibid en Brandt, Johanna :-The peticoat Commando, p.9 en Thomson Malcolm:-The Life and Times of Winston Churchill, Londen, 1940, pp.45-63
32) De Volksstem - 21 Nov. 1899.
33) Haldane, Captain Aylmer:-How we escaped from Pretoria, London, 1900, pp. 23-25.
34) Ibid en Thomson Malcolm :-The life and times of W.Churchill, pp.45-63.
35) Eeufeesalbum Pretoria - pp. 70-71.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Haldane moes toe 'n ander plan maak. Hy het naamlik 'n valdeur in sy kamer se vloer ontdek en toe daar gerugte was dat die offisiere ook na die kamp op die reisiesbaan oorgebring sou word, het hy en nog twee maats Le Mesurier en Brochie hulle onder die valdeur versteek. Ongelukkig het die verskuiwing nie so gou plaasgevind as wat hulle verwag het nie en moes die drie van die 26ste Februarie 1900 tot 16 Maart onder die vloer van die kamer deurbring.

Gelukkig was daar darem beweegruimte tussen die muurtjies waarop die balke van die vloer gerus het en dan het die ander krygsgevangenes so goed vir kos en water gesorg dat die drie dit die hele tyd onder die vloer kon uithou. Op die 16de Maart is die Krygsgevangene-offisiere toe van die Staatsmodelskool verplaas na die reisiesbaan en daardie nag het die drie toe uit die verlate gebou ontsnap.[36]

Ook hulle drie is na Witbank toe en nes Churchill is hulle toe ook gehelp om in Lourenco Marques aan te land. Per skip is hulle toe Durban toe waarna hulle weer by hulle eenhede aangesluit het.[37]

Kommandant-Generaal P.J. Joubert het ongelukkig in Maart 1900 beserings op kommando opgedoen en is na Pretoria vir behandeling gestuur. Op 27 Maart om 11 nm. is die Kommandant-Generaal oorlede. 'n Roudiens is op 29 Maart om 3 uur die middag in die kerk op kerkplein gehou, waarna die stoflike oorskot van die Kommandant-Generaal met militêre eerbewys na die spoorwegstasie vervoer is. Vandaar is die ontslapene na Volksrust vervoer om op sy plaas Rustfontein in die Dist. Wakkerstroom, begrawe te word.[38]

Genl. Louis Botha het Kommandant-Generaal Piet Joubert opgevolg en sy plek ook goed volgestaan maar tog was dit 'n gevoelige slag vir Pres. Kruger want met die dood van Joubert het Pres. Kruger alhoemeer alleen begin staan.

---

36) Haldane, Captain Aylmer : How we escaped from Pretoria.

37) Ibid.

38) Buitengewone Staats Courant - 28 Maart 1900.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K IX.

## C. DIE OORGAWE VAN PRETORIA.

Aan die begin van Mei 1900 was dit duidelik dat die Boeremagte nie die aanrukkende Engelse-magte na Johannesburg en Pretoria sou kon stuit nie. Op 7 Mei 1900 het die Eerste en Tweede Volksraad toe 'n gesamentlike sitting in Pretoria gehad om te besluit of Pretoria teen die oprukkende Engelse magte verdedig sou word en of die Johannesburgse myne vernietig moes word.

Die eerste vraag is gou opgelos. Daar Genl. Louis Botha in bevel van die Transvaalse Boeremagte was, sou dit uiteindelik aan hom oorgelaat word om te besluit oor die verdediging van Pretoria. Die tweede vraag was nie so maklik opgelos nie. Staatsekretaris Reitz wou die goudmyne van Johannesburg laat opblaas maar Pres. Kruger het hom teëgegaan. Die president se mening was dat afgesien van die uitslag van die oorlog die skade wat berokken sou word met die vernietiging van die myne tog op die skouers van die bevolking sou neerkom. Hulle sou met belastings die skade moes betaal.

En alhoewel daar toe tog 'n poging aangewend was om die myne op te blaas het Genl. Louis Botha se optrede in samewerking met Dr. Krause, spesiale Kommandant vir Johannesburg, dit verhoed.[1] Op 29 Mei 1900 het Genl. Botha Johannesburg besoek en Dr. Krause opdrag gegee om die stad nie te verdedig nie, om alle voorrade onder die burgerlike bevolking, wie se mans op kommando was, te verdeel en om alle weerbare manne uit die stad verwyder te kry. Op 30 Mei 1900 het Lord Roberts, by monde van Majoor Francis Davis die onvoorwaardelike oorgawe van Johannesburg geëis en alhoewel nie onvoorwaardelik nie is die stad op 31 Mei 1900 aan Lord Roberts oorhandig.[2]

Met / .........

---

1) Brandt, Johanna :-The petticoat Commando, pp. 15-23 en Sandberg, Dr. C.G.S.:-Twintig jaren onder Krugers Boeren in voor- en tegenspoed, pp. 302-303.

2) Brandt, Johanna :-The petticoat Commando, pp. 24-31 en Sandberg : t.a.w., pp. 309-310.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Met die bedreiging van Johannesburg het dit ook duidelik geword dat Pretoria in die hande van die Engelse magte sou val. Pres. Kruger en sy uitvoerende raad het derhalwe besluit om Pretoria te verlaat.

Laat die agtermiddag van 29 Mei het die president van sy geliefde eggenote en familie afskeid geneem. Tant Sina moes weens ouderdom en siekte in Pretoria agterbly. F.C. Eloff, Skoonseun van die President, sou haar oppas, „selfs al neem die Engelse Pretoria in."[3)]

Die aand van 29 Mei het die president en 'n paar van sy ondergeskiktes Pretoria verlaat op pad na Machadodorp wat die nuwe tuiste van die Transvaalse Regering sou word.[4)] Die man wat so baie vir Pretoria gedoen het, het gegaan om nooit weer as lewende terug te keer nie.

Op 29 Mei het die regering ook offisieël besluit om Pretoria vrywilliglik oor te gee aan Lord Roberts of sy verteenwoordiger. Genl. Lukas Meyer en Genl. Schalk Burger het namens die regering die laaste bevele vir die handhawing van rus en orde aan P.J. Potgieter die burgemeester gegee. Potgieter moes met die hulp van waarnemende Kommandant-Generaal L.F. de Souza die nodige ingesetenes oproep tot die handhawing van rus en orde. Alle vreemdelinge en weerbare manskappe van die Republiek moes die stad verlaat. Om die krygsgevangenes te beheer moes ses van die Engelse offisiere na Waterval geneem word om toesig te hou oor die krygsgevangenes totdat die Engelse magte die dorp beset het.[5)]

Die vertrek van die regering het ongelukkig verwarring in Pretoria gebring. Potgieter en de Souza was nie by magte om rus en orde te handhaaf nie. Allerlei gerugte het die rondte gedoen en die mense was so opgewonde dat nulle tot enige wanhoopsdaad oorgehaal kon word. Daar was ook verskil in mening oor die

opdrag /.........

3) de Kock, Dr. W.J.:-Die Krugerhuis, p. 17 en p.45.

4) Eeufeesalbum Pretoria, p. 72.

5) Eeufeesalbum Pretoria, p. 73 - Afdruk van die opdrag aan die burgemeester. Lees ook Batts, H.J.:-Pretoria from within., London, 1900, p. 164.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opdrag aan die burgemeester. Sommiges het die opdrag van die regering verontagsaam want hulle het Pretoria alreeds verlaat en kon volgens die persone nie meer gereken word as die wettige outoriteite nie. Volgens die persone moes die bevele van Genl. L. Botha afgewag word. Andere wou weer sonder die bevele van Genl. Botha handel en volgens die opdrag aan Potgieter die stad oorgee. Ten einde raad het Potgieter 'n publieke vergadering op 30 Mei byeengeroep en daar is 'n veiligheidskomitee van nagenoeg dertig lede onder die voorsitterskap van T.W. Beckett gekies. Nie Potgieter en de Souza nie maar Beckett en Bourke het toe die leiding geneem.[6)]

Ordeloosheid was egter aan die orde van die dag. Vroeg die oggend van 31 Mei het 'n grootskaalse plundering van Staatseiendom begin en ook Beckett en Bourke met hulle komitee was nie by magte om dit te belet nie. Op die nag van 30 Mei is by die regeringsmagasyn op die hoek van die huidige Paul Krugerstraat en Visagiestraat (waar tans die Transvaalse Museum is) ingebreek. Die heel nag deur en selfs die môre van 31 Mei 1900 het wit en swart mekaar verdring om so veel moontlik van die voorrade uit die magasyn te bekom. Onder die voorwendsel dat dit nie in die hande van die Britte sou val nie het een en almal, burgers en twyfelagtige karakters hulle so goed moontlik self gehelp.[7)]

Gelukkig het Genl. Botha op hierdie „swart dag" in Pretoria se geskiedenis in die dorp opgedaag.[8)] Binne afsienbare tyd is rus en orde herstel en die nodige maatreëls getref om verdere plundering te voorkom. Daar Pretoria en omgewing krygsoperasiegebied geword het, het Genl. Botha alle vorige reëlings i.v.m. die handhawing van rus en orde in die stad herroep en die stad onder die bestuur van drie militêre goewerneurs geplaas. Die veiligheidskomitee van Beckett en Bourke is ontbind en Landdros Boshof, Kommandant P.F. Zeederberg en C.G.S. Sandberg het die

beheer / ............

6) Sandberg, t.a.w., p. 310, Batts, t.a.w., pp. 164-165 en Eeufeesalbum Pretoria, p. 74.
7) Batts, t.a.w., p. 163 en Eeufeesalbum Pretoria, p. 74.
8) Eeufeesalbum, p. 74.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beheer oorgeneem.

Dag en nag sou voortaan wag gestaan word. Alle manlike ingesetenes wat nie te oud of te jonk of liggaamlik ongeskik was nie is volgens rooster op diens geplaas met die opdrag om enige iemand wat iets onreëlmatigs doen te arresteer. Met 'n ferm hand het die militêre goewerneurs opgetree en alle verdere plundering met die optrede voorkom.[9)]

Intussen het die Britse magte van Johannesburg na Pretoria opgeruk en is die baie bekende „We are marching to Pretoria" deur die begeleidende orkes oor en oor gespeel. Die Britse leër van nagenoeg 30,000 man kon onmoontlik gestuit word en tog het Genl. Botha weerstand gebied. „Die belangrikste verdedigingslinie het langs die Hennopsrivier gestrek, van Irene tot ongeveer Quaggapoort en die hoofgeveg het op 4 Junie plaasgevind."[10)]

Die oggend van 4 Junie 1900 het die bombardering van Pretoria begin. Die verbaasde en verdwaasde inwoners van Pretoria het soos 'n verskrikte kudde sonder herder begin rondmaal. Bomme het in die omgewing van Schanzkop, Klapperkop en Sunnyside ontplof en bomskerwe en oorverdowende gedonder het die paniekbevange inwoners nog meer in spanning gebring. Sommiges het gejuig, sommiges het onder brûe geskuil en anderes het die stad in alleryl verlaat.

Teen die middag het die Engelse deur die Boere-linies ten suide van die stad gebreek en 'n heuwel ten weste van Pretoria beset. Die Boeremagte het teruggeval en gaandeweg het die gebulder van kanonne bedaar. Vanaf die reeds genoemde heuwel ten weste van Pretoria (die huidige Proklamasieheuwel) het Kol. H. de B. de Lisle, namens Lord Roberts die onvoorwaardelike oorgawe van Pretoria geëis. 'n Engelse kaptein het onder 'n wit vlag die rapport vir die oorgawe van die stad gebring en Quin, die ordonans van Mike du Toit het hom na die huis van Genl. Botha geneem.[11)]

Aangesien / .........

9) Sandberg;-t.a.w., pp. 310-313.
10) Eeufeesalbum Pretoria, p. 75.
11) Eeufeesalbum Pretoria, p. 75, Sandberg;-t.a.w., p. 313, Brandt; t.a.w. p.313, Batts;-t.a.w., pp 167-171, M.E.R.:-Oorlogsdagboek van F.L. Rothmann, Kaapstad, 1947, p.75 en Muller, Genl.C.H.: Oorlogsherinneringe, Pretoria, 1936, p.73 - Mike du Toit was verbonde aan die Staatspolisie van die Z.A.R.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aangesien Genl. Botha op daardie tydstip nog nie tuis was nie het Robert Emmett, swaer en adjudant van die generaal, een van die militêre goewerneurs van Pretoria na die huis van Genl. Botha ontbied. C.G.S. Sandberg het dadelik, nadat hy die boodskap van Emmett ontvang het, na die huis van Botha gejaag en die Britse offisier daar aangetref.

Genl. Botha het dadelik na sy tuiskoms 'n krygsraad byeengeroep en die het besluit om met Lord Roberts 'n wapenstilstand te sluit en dan die volgende dag 'n samespreking tussen Lord Roberts en Genl. Botha te reël. Die vraag was net of Lord Roberts met die besluit van die Krygsraad sou instem. Dit sou dus nodig wees om nog dieselfde nag antwoord te ontvang van die Britse bevelvoerder en daarom is Sandberg en Sarel Oosthuizen, van die Krugerdorpse Kommando, gelas om saam met die Britse offisier na die Britse linies terug te keer en 'n antwoord van Lord Roberts te kry.

Die antwoord van Roberts was dat hy nie met die voorwaardes, wat Botha gestel het, te vrede was nie en dat hy 'n onvoorwaardelike oorgawe van Pretoria eis. Botha het toe maar besluit om die stad oor te gee en hy en sy burgers het na „Eerste Fabrieken", Oos van Pretoria teruggeval.[12)]

Sonder enige verdere gewapende verset het Pretoria dus ook in die hande van die Engelse gekom. Winston Churchill en die „Duke of Marlborough" was van die eerste persone uit die Engelse geledere om Pretoria binne te kom. Hulle is dadelik na die Offisiers-kamp om die krygsgevangene-offisiere van die blye nuus, dat Pretoria in Engelsehande was te verwittig. Vroeg die oggend is klein eenhede Britse soldate beveel om die vernaamste geboue in die stad te bewaak en is wagte rondom die stad uitgesit.

Die krygsgevangenes, offisiere en manskappe is ontset en almal het gewag vir die roemryke segetog of intog van Lord Roberts. „Union Jacks" het alreeds voor die Standard- en Natalbank gewapper en „individuals were seen wearing the colours of

the / .........

12) Sandberg, t.a.w., pp. 315-317.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


the Queen in their coats. Many of the ladies were especially decorated."[13)]

Kort na twee-uur die middag het die groot oomblik aangebreek. Lord Roberts en Lord Kitchener met hulle stafoffisiere het statig Kerkplein binne gery. Hulle het posisie naby die kerk op kerkplein ingeneem en gesalueer toe die Union Jack om drie uur gehys is.[14)] Vir 'n tweede maal is die Britse vlag in Pretoria gehys. Vyf Junie 1900 was die begin van die einde van Pretoria as setelplaas van die regering van die Z.A.R.

Na drie uur het die troepe by hulle Veldmaarskalk met sy staf verby gemarsjeer. „Thousands and thousands of soldiers in kaki, travelstained, footsore and famished, marched in, and at a given command, sank to the ground, in the open square facing Government Buildings."[15)]

Na die plegtigheid op Kerkplein moes voorsiening gemaak word vir huisvesting van die troepe vir die nag. Sunnyside is uitgekies as kampterrein en duisende tente is nog voor donker die aand daar opgeslaan.

Die gronde rondom „Harmonie", die eiendom van die van Warmelo's, was veral uitgekies „as a suitable suburb for the more important members of the military forces."[16)] (Sien sketskaart.)




13) Batts, t.a.w., pp. 172-174.
14) Ibid, pp. 174-176 en Brandt, t.a.w. p.33. 15) Brandt, t.a.w. p. 33. 16) Brandt, t.a.w. pp. 36-38 - Ook die sketskaart is oorgeneem - Ibid, p. 37.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die militêre hoofkwartiere was in die huis van E.T. Bourke en Lord Roberts het tydelik, totdat hy die huis in Jacob Marestraat betrek het, in die vroeëre huis van die Britse Konsul, Conyngham Greene gaan bly. Soos op die sketskaart aangetoon het Lord Kitchener 'n huis naby Rissikstraat bekom terwyl die „Provost. Marshal", Majoor Poore in die huis van J. van Boeschoten tuisgegaan het.[17)]

So het Pretoria op 5 Junie 1900, sonder enige skade aan wonings en geboue die tuiste geword van Lord Roberts en Lord Kitchener. Vanuit Pretoria sou die oorlog teen die Boeremagte voortgesit word. In Pretoria sou die inwoners met 'n nuwe regering kennis maak en in Pretoria sou die vrede van Vereniging deur albei partye onderteken word.

Vir baie persone was die oorgawe van Pretoria die beëindiging van die oorlog en tog was dit maar net die begin van 'n nuwe fase in die stryd. Vir nog amper twee jaar sou die burgers die stryd volhou en as dit nie was dat so baie van die Boere tou opgegooi het nie kon Pretoria moontlik weer soos in 1881 in Boerehande oorgegaan het.

Meermale in die geskiedenis is dit al genoem dat met die oorgawe van Pretoria die regering van die Z.A.R. voortvlugtende geword het. Mynsinsiens is dit, indien die stelling aanvaar word, juis 'n daad van liefde teenoor Pretoria, want daardeur het die erwe van ons vadere vir ons kinders erwe gebly.

---

17) Ibid. (Skrywer hiervan kon ongelukkig nie 'n Hollandse eksemplaar van die boek van Johanna Brandt in die hande kry nie).

**********************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K IX.

## d. DIE TYDPERK 5 JUNIE 1900 TOT 31 MEI 1902 IN PRETORIA.

5 Junie 1900 was 'n dag waarop gemengde gevoelens in Pretoria geheers het. Sommiges was bly dat Lord Roberts in Pretoria was, andere het gehoop dat sy koms net tydelik was en nog anderes was in afwagting oor wat die toekoms vir hulle sou inhou.

Lord Roberts, bygestaan deur Generaal-Majoor J.G. Maxwell, het egter ook besef dat die publiek nie in die duister gehou moes word nie en op 9 Junie 1900 is die eerste reëlings getref en kennisgewings uitgereik.[1)]

Tussen 7 nm. en 6.30 vm. moes alle burgerlike persone tuis wees. Geen naturelle is in die dorp toegelaat nie. Alle drinkplekke moes sluit behalwe die met spesiale permitte, asook alle juwelierswinkels. Geen persone is met rywiele in die dorp toegelaat nie en indien persone hulle nie aan hierdie reëlings wou onderwerp nie sou hulle gevange geneem word daar die dorp met sy inwoners onder die Krygswet sorteer het.[2)]

Pogings is ook aangewend om publieke geriewe so gou moontlik beskikbaar te stel. Die „African Banking Cor. Ltd.," die „Bank of Africa Ltd.", „De Ned. Bank en Krediet Ver. van Z.A.", „De Nasionale Bank der Z.A.R.", Die „Natal Bank" en die „Standard Bank" was van die sestiende Junie daagliks van 9 vm. tot 12 vm. oop en die daaglikse mark is weer gehou. Om die ingesetenes ook te verseker dat hulle volle beskerming onder wet sou geniet is die oprigting van die Hoëgeregshof gelas sodat persone hulle daarop kon beroep indien hulle sou voel dat hulle op een of ander manier veronreg is.[3)]

Omdat Lord Roberts nie by al sy pligte as opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika ook nog die regering van die verowerde gebiede kon behartig nie het hy in alle

groot /..........

---

1) Government Gazette - 9 June 1900.

2) Ibid.

3) Government Gazette - 16 June 1900.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groot dorpe Militêre Goewerneurs aangestel. In Pretoria het sy keuse op Generaal-Majoor J.G. Maxwell geval en Gen. Maj. Maxwell het die pos met onderskeiding vir sy owerheid gevul. Hy het van alle inwoners van Pretoria 'n eed van neutraliteit geëis.[4)]

Op 20 Junie het hy alle wapens opgeëis. Alle wapens moes voor of op 23 Junie ingehandig word by die militêre owerheid wat op hulle beurt kwitansies vir ontvange wapens sou gee. Hiermee is beslis voorkom dat persone in die dorp 'n opstand kon begin.

Alle ander stedelike aangeleenthede van Pretoria is aan die Burgermeester R.K. Loveday oorgedra.[5)] R.K. Loveday se kantore was nog in Kerkstraat-Wes[6)] maar alle werk van die munisipaliteit was onderhewig aan die goedkeuring van die Militêre Goewerneur.[7)]

Die munisipaliteit of stadsraad onder R.K. Loveday en ander voormalige lede van die Stadsraad wat nog voor die oorgawe van Pretoria op die raad gedien het is gelas om deur te gaan met die uitvoering van gesondheidsmaatreëls. Die koste vir die uitvoering van hulle pligte sou deur die militêre owerheid gedra word.[8)]

Hierdie maatreël van Gen. Maj. Maxwell was 'n poging om plaaslike regering so ver moontlik geskei te hou van militêre regering en is heelhartig deur Lord Roberts gesteun.[9)]

Deur die optrede van die Militêre Goewerneur het hy toe daarin geslaag om baie van die Boere te laat inval by die nuwe regering. Pretoria het stil en rustig geword. Die daaglikse roetine van polisie wat die strate patroleer, van mediese be-

amptes /............

---

4) Ibid - 19 June 1900.
5) Ibid - 20 June 1900.
6) Ibid.
7) Britse Blouboeke - Band 64 p. 13 - Proklamasie van Lord Roberts - 27 Julie 1900.
8) Wypkema, A :-De ontwikkeling van de Munisipaliteiten van Transvaal, pp. 63-64.
9) T.A. :-Military Administration - Band 25 - J.G. Maxwell aan Lord Roberts - 25 September 1900 en vice versa - 27 September 1900.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

amptes wat hulle rondtes doen en soldate wat kom en gaan het die inwoners nie meer gehinder nie. Dit het gelyk of die Pretorianers selfs vergeet het dat 'n oorlog aan die gang was, want na die oorgawe van Pretoria het die Boere-magte nooit 'n poging aangewend om Pretoria weer terug te neem nie.

Waar nodig het die „Provisional Town Council" onder Loveday werk probeer verskaf aan behoeftige inwoners of persone wat die stryd gewonne gegee het[10)] en daagliks het die inwonerstal van Pretoria aangewas as gevolg van persone wat of van die oorlog teruggekeer het of wat van die plase af weggetrek het dorp toe. En tog was daar onder al die kalmte 'n fyn netwerk van spioenasieaktiwiteite van Boere-kant in Pretoria aan die gang.[11)]

Dit was egter 'n waaghalsige onderneming vir spioene om in Pretoria te kom. Behalwe die vier Boereforte, Klapperkop-, Skanskop-, Wonderboomfort en Wesfort wat in Engelse hande oorgegaan het is ook 'n menigte van blokhuise op alle strategiese punte in en om Pretoria opgerig.[12)] Hierdie blokhuise was miniatuur forte en was tussenin verbind met draadversperrings, sodat toegang tot die dorp, behalwe met die paaie of strate wat na die dorp gelei het onmoontlik was. Dan was daar ook die stelsel van permitte en passe wat die inwoners moes kon toon as dit opgeëis word deur die polisie. Briewe is gesensor sodat geen kommunikasie met spioene moontlik was nie en tog het persone soos die van Warmelos, moeder en dogter, Willem Botha, Kaptein Naude, Mev. Joubert en andere gedurig met die Boere-magte in verbinding gewees en selfs met Pres. Kruger wat in Europa was.[13)]

Hierdie blokhuise was vanaf Pretoria in alle rigtings langs die hoofpaaie en spoorlyne aangebring en dit het Lord Kitchener die kans gegee om vanaf Pretoria deurmiddel van „these chains

of / ..........

---

10) T.A.: - Military Administration - Band 32.
11) Brandt, Johanna :-The petticoat Commando pp. 157-355.
12) T.A.: - Geological Survey Map - Jeppe 1904 en Protheroe, Ernest : Lord Kitchener - London, 1916, pp. 258-259.
13) Brandt, Johanna :-The petticoat Commando, - Hoofstukke VI tot XL.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of little forts", sy „sweeping movements"[15] te reguleer.[14]

In Pretoria was daar nie minder as agte sulke blokhuise nie want behalwe dat Lord Kitchener en Lord Roberts hulle in Pretoria bevind het, was Pretoria ook die hoofkwartier van die Britse strydmagte in Suid-Afrika.[16]

Die woning van Heys in Jacob Marestraat, tussen Andries- en van der Waltstraat was die militêre hoofkwartiere van Lord Roberts en Lord Kitchener[17] en in dieselfde huis is die vrede van Vereniging ook later onderteken deur die Boere-afgevaardigdes en Lord Milner en Lord Kitchener as verteenwoordigers van die Britse Kroon.[18]

Gen. Maj. Maxwell se hoofkwartier was die Goewermentsgebou (tans ou Raadsaal) op die Kerkplein[19] terwyl die paleis van Justisie deur die toedoen van Leigh Woods, vermoedelik 'n mediese dokter, die „headquarters of the Irish Hospital under the chief supervision of Sir William Thompson"[20] geword het in Julie 1900.


Die vermoede dat die oorlog binne ses maande na die oorgawe van Pretoria sou oor wees, was 'n hopelose misgissing want vanaf die begin van 1901 het die beroemde guarilla-oorlog begin. Die Boere-magte het nie meer met groot kommandos aangeval nie, maar in kleiner en beweeglike kommandos aangeval en teruggeval en so oral die vyand se verbindings verbreek en spoorlyne opgeblaas.

Ten einde raad het Lord Kitchener toe besluit dat daar ten alle koste 'n einde aan die oorlog moes kom en het hy besef dat solank die vrouens en kinders van die Boere op die plase bly

woon /............

14) Protheroe, Ernest :-Lord Kitchener, p. 258.
15) Ibid, p. 259.
16) Om die ligging van die blokhuise vas te stel, sien bygaande kaart op die volgende bladsy.
17) Batts, H.J:-Pretoria from within, p.193 en Inskripsie by die hoof ingang van Melrose-huis. Die huis is deur die Geskiedkundige Monumente Kommissie tot Nasionale Monument verklaar.
18) Engelenburg, Dr. F.V.:-General Louis Botha, - Pretoria en London, 1929, p. 93.
19) Brandt, Johanna :-The petticoat Commando, p. 113.
20) Batts, H.J. :-Pretoria from within, pp.193 - 194.

© University of Pretoria




* S A
Geological Survey Map
Jeppe 1904

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

woon het, die Boere-magte altyd van kleding en voedsel voorsien sou word. Hy het dus nou die vrouens en kinders van die strydende Boere in groot konsentrasie-kampe laat plaas[21] en plaaswonings en kosvoorrade en vee van die Boere doelbewus vernietig.[22]

Die Konsentrasie-kampe was die begin van die einde. Waar pogings om vrede te bewerkstellig tussen die strydende magte voor 1901 op dooie punte uitgeloop het, daar het dit na 1901 wel vrugte afgewerp.

In Februarie 1901 het Mevr. Louis Botha haar man besoek op kommando en het Gen. L. Botha aan Lord Kitchener deurmiddel van sy vrou laat weet dat hy bereid sou wees om te onderhandel oor vrede indien die onafhanklikheid van die Transvaal en die Oranje-Vrystaat nie op die spel is nie.[23]

Die onderhandeling het toe op 28 Februarie 1901 te Middelburg, Tvl. tussen Gen. Botha en Lord Kitchener plaasgevind en alhoewel Lord Kitchener onwillig was om vrede te maak soos Gen. Botha aanvanklik laat weet het, het die samespreking tog oor die moontlikheid van vrede op voorwaardes gegaan.[24]

Hierna was Lord Kitchener en Gen. Botha herhaalde kere met mekaar in verbinding en alhoewel Gen. Botha nie bereid was om vrede te maak op die voorwaardes wat Brittanje aangebied het nie, was[25] die saadjie van vrede maak klaar gesaai. Generaal en Vise-President Schalk Burger het ook begin onderhandel oor vrede[26] totdat op 9 April 1902 samesprekings tussen die Transvaal en Oranje-Vrystaat oor vrede te Klerksdorp gehou is.[27]

Op 12 April 1902 het die eerste samesprekings in Pretoria tussen die strydende magte plaasgevind. Pres. Steyn het die samesprekings/.........

21) Prothero, Ernest:- Lord Kitchener, p.257 en Brand, Johanna:- The petticoat Commando, pp. 106-112. Lees ook Otto, J.C.:- Die Konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boere-oorlog, 1899 1902. Ongepubliseerde D. Litt.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1948. 22) Ibid.
23) Britse Blouboeke - Band 64 - cd 528 - Telegram 121.
24) Ibid, cd 546.
25) Britse Blouboeke - cd 663 - No. 3.
26) Ibid, cd - 1096 - Band 68.
27) Kestell, J.D.:- Christiaan de Wet, Kaapstad, Bloemfontein, Maritzburg en Stellenbosch, 1920, p.135.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

samesprekings gelei en dit was duidelik na die vyf dae van onderhandelings[28] dat Transvaal die stryd wou staak.

Op 18 April het De Wet en Hertzog van Pretoria vertrek nadat gereël was dat 'n volgende samespreking tussen die Boere-republieke op 15 Mei 1902 weer te Vereniging sou plaasvind.[29] Daar sou de Wet dan verslag doen van hoe sy burgers voel, daar hy eers die Vrystaters wou gaan pols het oor vrede.

Die samespreking van 15 Mei en die daarop volgende dae te Vereniging is hier nie ter sake nie, maar die feit bly staan dat op 19 Mei 'n tweede afvaardiging in Pretoria was om met Lord Milner en Lord Kitchener te onderhandel.[30] Gen. J. Smuts, Gen. S.W. Burger, F.W. Reitz, L.J. Meyer, J.C. Krogh, Gen. J.B.M. Hertzog, Gen. L. Botha, Gen. de la Rey en Gen. C. de Wet, Pres. Steyn, J.C. Brebner en C. Olivier is aangestel om namens die Boere te onderhandel[31] en alhoewel die samesprekings aanvanklik nie wou vlot nie kon die Boere-afgevaardigdes op 29 Mei 1902 met 'n konsep vrede van Vereniging die 60 Boere-afgevaardigdes weer te Vereniging ontmoet.[32]

Op 31 Mei 1902 is die vrede van Vereniging deur albei strydende magte in Pretoria aanvaar en onderteken[33] en was dit die einde van die geskiedenis van Pretoria as setel van die regering van die Z.A.R.

Die munisipale instellings van Gen. Maj. Maxwell van 1900 en die wysigings daarvan soos in Februarie 1902,[34] wat mynsinsiens 'n voortsetting was van die Tydelike Stadsbestuur van 1897 onder die Z.A.R., is al wat nog van die ou stelsels in Pretoria na 31 Mei 1902 oorgebly het. Selfs die wapen van die Z.A.R. op die gewel van die Goewerments gebou (tans ou Raadsaal) moes plek maak vir die Britse wapen, soos Boere-instellings moes plek maak vir die van Milner.

---

28) Engelenburg Dr. F.V.:-General Louis Botha, p. 87.
29) Kestell, J.D.:-Christiaan de Wet, pp.137-138.
30) Ibid, p. 139.
31) The Milner Papers, p. 350 en Crafford F.S.:-Jan Smuts (Vertaling van F.A. Venter), Kaapstad, 1947, pp. 63-64.
32) Ibid en Kestell J.D.:-Christiaan de Wet, p.140.
33) Headlam, Cecil:- The Milner Papers, London, Toronto, Melbourne & Sydney, 1933, p.363.
34) Pretoria Municipality en S.A.R.:-The City of Pretoria and Districts, p. 72.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# STRAATNAME VAN OU PRETORIA.

Die oorsprong van die straatname van Pretoria is in die omgang taamlik algemeen bekend. Sommige strate het egter van name verander en dan is daar sommiges waarvan die herkoms nie bekend is nie. Die strate van Pretoria-Sentraal (Ou-Pretoria), daarenteen, is meer bekend en die oorsprong van die name is ook redelik goed opgeteken.[1]

In 'n werk oor Pretoria sal dit dus ook nie onvanpas wees om hier 'n alfabetiese lys van straatname, met die herkoms van die naam, te gee nie. Aangesien hierdie werk net handel tot ± 1902 sal hier net stil gestaan word by die straatname van Ou-Pretoria omdat die huidige voorstede van die stad meestal na 1902 ontwikkel en gegroei het.

ABATTOIRWEG : Hierdie straat was oorspronklik Kortstraat en het vanuit Visagiestraat oor Minnaar- tot in Jacob Marestraat gegaan, toe die erwe in 1880 deur landmeter F.H. Ruple opgemeet is. Nadat die slagpale in Visagiestraat gevestig is, is die straat herdoop tot Abattoirweg, maar is sedertdien weer gesluit en het die straat aan weerskante erwe geword. Vandag vorm daardie terrein deel van die S.A.S. en Hawens se goedere loodse in Visagiestraat.[2]

ANDRIESSTRAAT: heet na Andries Francois du Toit, die persoon wat die die stad uitgemeet het en ook die eerste landdros van Pretoria was. Andries F. du Toit, gebore in Eerste Rivier, Stellenbosch in 1813, is in 1883, te Middelburg, Tvl., oorlede. (Vir meer besonderhede oor hierdie persoon word verwys na : J.H. Breytenbach, Andries Francois du Toit. Sy aandeel in die Transvaalse geskiedenis).[3]

Arlouisstraat:

---

1) Dr. F.J. du Toit Spies het in die verskillende uitgawes van Pretoriana getrag om soveel moontlik gegewens te versamel i.v.m. die Straatname van Pretoria-Sentraal. Die Genootskap Oud-Pretória beskik ook oor 'n volledige lys van straatname en gee in baie gevalle ook 'n kort oorsig van die herkoms van die name.

2) Pretoriana, Deel 2, Nr. 1, p. 13.

3) Pretoriana Deel 1, Nr. 2, p.17. Sien ook Pretoriana, Deel 2, Nr. 2, p.14, waar melding van 'n ander uitleg gemaak word en Preller, Dr. G.S.: Ou-Pretoria, p. 78.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ARLOUISSTRAAT: Hierdie straat loop vanuit Prinsloostraat tussen Pretorius- en Schoemanstraat ooswaarts vir 'n halwe blok en swaai dan noordwaarts om in Pretoriusstraat tussen Prinsloo- en du Toitstraat uit te loop. Volgens Mnr. P.J.H. Basson van die Pretoriase Publisiteitsvereniging sou die straat vernoem wees na die heer W. Louis van die Staatsgimnasium. Die „Ar" voor „Louis" is vermoedelik 'n aanduiding dat die heer Louis van Arnhem in die Nederlande afkomstig is.

BANKSTRAAT: Met die uitmeet van Kerkplein (toe Markplein) was daar net twee strate, Markstraat en Kerkstraat, wat toegang tot die plein verleen het. Aangesien die plein die vernaamste sentrum van Pretoria, in die beginjare van die stad, uitgemaak het, het die vernaamste geboue ook rondom die plein ontstaan. Om dus meer bouplek vir geboue naby die Kerkplein te kry het daar toe in die sewentiger jare nog vier verbindings of strate na Kerkplein ontstaan. Twee vanuit Vermeulen- en twee vanuit Pretoriusstraat sodat die vier hoeke van die plein toe ook deurgange na Vermeulen- en of Pretoriusstraat gehad het. Die Suid-Oostelike verbinding is genoem Bankstraat omdat die ou Standard Bank en die ou Natalse Bank aan weerskante van hierdie straat gestaan het.[4)]

BEREA PARKLAAN: Dit is die laan wat by Bereapark verbyloop.[5)] Hierdie park het eers na 1902 ontstaan en geen verklaring van waarom die naam Berea gegee is kon juis gegee word nie.

BLOEDSTRAAT. Hierdie straatnaam dateer vanaf die Burgeroorlog van 1862-1864. Gedurende die onenighede wat ontstaan het (sien hoofstuk 3 b) is Schoeman se huis omsingel en brandwagte, op verskillende punte, uitgesit. Op Sondag 14 September het Jacobus Francois du Toit, 'n seun van Andries F. du Toit, wat onderweg was na Schoeman, onwetend van die wagte, nie met die gebruiklike „Werda", van die wagte, stilgehou nie. Toe hy nie gehoor gee

nie /.......

4) Pretoriana, Deel 1, Nr. 1, p.17 - Sien ook Pretoria - na Deel I, Nrs. 3 - 4, p. 37 'n artikel van Mnr. C.J. Beanes.

5) Pretoriana, Deel 1, Nr.1, p.17.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie is agt skote op hom afgevuur. Die perd onder hom is gedood en die ruiter is in die skouer verwond.

As gevolg van die bloed, wat noodwendig moes gevloei het, het die straat, waarin die voorval plaasgevind het, die naam van Bloedstraat gekry.[6)]

BLOEMSTRAAT: Gelukkig dat hierdie naam vandag nog bestaan. Dit herinner ons aan die dae toe Pretoria, in die somer-maande, soos 'n roostuin moes gelyk het. Die meeste erwe was omhein en op die draad het die rankrose met hulle pragtige trosse blomme gepryk. 'n Soet geur het saans die lug gevul en waar Pretoria tans die Jakaranda-stad genoem word, moes Pretoria in 1870-1880 die Rose-stad gewees het.[7)]

BOOMSTRAAT: „Hierdie naam vertel 'n verhaal van romantiese dae toe Pretoria nog jonk was en daar langs die straat wat toe die noordelike buitegrens van die dorp gevorm het, digte bome gestaan het om hom af te skei van die boswêreld verder weg waar snags nog leeus en tiers geboer het." (Aldus Dr. Breytenbach.)[8)] Noord van die straat was nie opgemete erwe nie. Die bome op die erwe en langs die strate in die opgemete gedeelte, is met verloop van tyd uitgehaal om plek te maak vir geboue en tuine, maar die bome (doringbome, wag-en-bietjie- en buffelpeerbome) langs die straat het gebly. Die naam van die straat is dus nie gegee toe sierbome langs die straat geplant is nie, maar wel toe die natuurlike plantegroei en bome nog ongeskonde langs Boomstraat gegroei het.

BOSMANSTRAAT. Hierdie straat is na Ds. H.S. Bosman, bekende predikant en onderwysman van Pretoria, genoem. Ds. H.S. Bosman is in 1848 op 'n plaas in die distrik Victoria-Wes gebore. Sy ouers verhuis kort hierna na Potchefstroom. In 1864 is hy na die

Suid-/..............

6) Genootskap Oud-Pretoria (ongepubliseerd) :-Lys van Straatname, Pretoriana, Deel 1, Nr. 1, p. 17 en Preller, Dr. G.S. :-Ou-Pretoria, p. 79.
7) Kotze, Sir John :-Biographical Memoirs and Reminiscences, p.447 en Genootskap Oud-Pretoria:-Lys van straatname.
8) Pretoriana, Deel 1, Nr. 1, p. 17.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Suid-Afrikaanse Kollege Stellenbosch, toe na die kweekskool aldaar en uiteindelik na die Teologiese skool van Edinburgh en die Universiteit van Utrecht. In 1876 is hy as predikant van die Hervormde gemeente van Pretoria georden. Gedurende die laaste jare van die eerste Britse besetting van Transvaal ageer hy as waarnemende Superintendent van Onderwys. Ook daarna is hy bekend vir sy bemoeiing met onderwyssake. In 1926 lê hy sy bediening neer en is op 2 Mei 1933 oorlede.

Vir 'n tyd voor 1942, toe die straat na Bosmanstraat vernoem is, was die straat bekend as Kochstraat. Die naam het ontstaan as gevolg van 'n fout wat in die Akteskantore ontstaan het. Die kaart van A.F. du Toit en van Landmeter Walker toon albei Kockstraat aan. Op die Kopiekaart 23 Mei 1936 is die straat nog Kockstraat gemerk, maar later is die „k" uitgekrap en 'n „h" is in die plek daarvan gemaak.

In 1874 het Antonie Gerhardus Kock, landdros te Potchefstroom van Pres. Pretorius transport geneem van erwe 362 en 406 wat gelê het van Kerkstraat tot in Pretoriusstraat, aan die westelike kant van die teenswoordige Bosmanstraat. In transporte 1874/285 en 1874/287 word die eiendom beskrywe as geleë aan Antonie Kockstraat.

Die verwarring het later by oorskrywe van aktes en straatname gekom na die opmeting van Landmeter Walker in 1875 toe van die „k" 'n „h" gemaak is. In die erwe-boeke van Pretoria Akteskantore kry ons albei vorms: Kock- en Kochstraat en later is toe net van Kochstraat gebruik gemaak.

Bosmanstraat was dus Kochstraat en Kochstraat was Kockstraat en die was Antonie Kockstraat.[9)]

<u>BROWNSTRAAT</u>: heet na Tom Brown, 'n boukontrakteur, maar verdere gegewens is nie bekend nie.[10)]

<u>Bureaulaan</u>:/ ............

---

9) Pretoriana, Deel 1,Nr. 2,p.16, Deel 1,Nrs. 3-4,p.34 en Deel 2,Nr. 1,p.13 en Beelaerts van Blokland,C (Private uitgawe):- Transvaal, p.14.
10) Pretoriana, Deel 1,Nr.,2 p.17.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BUREAULAAN: (Ook bekend as Aasvoëlstraat). Die straat of laan was ook nie op die kaart van A.F. du Toit nie. In 1875 het A.H. Walker die dorp weer oor-opgemeet en toe het die straat ook nog nie bestaan nie, maar aangesien die Hooggeregshof van die Z.A.R. na 1881 in Andriesstraat gestaan het, waar vandag 'n gedeelte van Hamilton se winkel is, het die prokureurs en advokate hulle in die onmiddellike omgewing van die Hooggeregshof gevestig. Om meer bouruimte te kry is toe vanaf die Suid-Oostelike hoek van Kerkplein (toe nog Markplein), nes in die geval van Bankstraat, 'n verbinding, maar in hierdie geval na Andriesstraat, gemaak. Die straat het sy naam gekry vanweë die feit dat dit die kantoorsentrum (buro) van die stad in die dae van die Z.A.R. was. Vandag is dit nog enigsins die geval.[11)]

BURGERSPARKLAAN: Hierdie laan grens aan die Noorde-kant van Burgerspark. Die naam van die laan is te wyte aan die feit dat dit aan die park grens en die park is weer vernoem na President Thomas Francois Burgers (1834-1881), president van die Suid-Afrikaanse Republiek van 1872 tot 1877.

Aanvanklik was die park die Botaniese Tuin, toe die Ry- en Wandelpark en toe Burgerspark. Toe daar nog nie baie bome aangeplant was nie het Pretorianers daar krieket gespeel, maar dit was nooit 'n krieketveld nie.[12)]

CHRISTINASTRAAT: Hierdie straat het vanaf Minnaarstraat tot in Jacob Marestraat geloop, maar is toegemaak deur die S.A.S. en Hawens. Die spoorwegpolisie se aanklagkantoor is op die hoek van die gewese Christinastraat en Minnaarstraat. Die vroeëre naam was Pleinstraat, omdat dit eers op Pretoriusplein, waar vandag die tuine voor die stadsaal is, uitgeloop het. Volgens die Akteskantore het die herdoping eers na 1931 plaasgevind toe die erwe 880 en 884 by Pretoriusplein gevoeg is deur 'n Stads-

raadbesluit/............

11) Pretoriana, Deel 1, Nr. 2, p. 16.

12) Sien hoofstuk IV c van hierdie werk en Pretoriana, Deel 1, Nr. 2, p.17.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

raadhesluit van 28 September 1931. (Sien die Walkerkaart P.14 Akteskantore). In 1931 is die ou geboue op Pretoriusplein afgebreek om die huidige Stadsaal daar te bou. Op die Suid-Westelike hoek van die blok, dit is die Noord-Oostelike hoek van Bosman- en Minnaarstraat, het 'n groot rooibaksteen huis, met name „Christina Villa" gestaan. Vermoedelik het die naam van die gebou iets te doen met die herdoping van Pleinstraat na Christinastraat.[13)]

CLARASTRAAT IN MAREVILLE: Die grond waarop Mareville uitgemeet is, het behoort aan ses onmondige Van Wykkinders en toe die weesheer die grond verkoop is dit gekoop deur Johanna Magdalena Catharina van Wyk (gebore Mare). Van Mare kom vermoedelik die Mareville maar na wie die straat vernoem is kon nie nagespoor word nie. Vermoedelik kon van Catharina die verkorting Clara gemaak word, maar dit is in elk geval nie die gebruiklike verkorting van Catharina nie.[14)]

DORLASSTRAAT: Hierdie straat is vernoem na die familie Dorlas en loop net oos van die huidige Tegniese Kollege vanaf Kerkstraat na Vermeulenstraat.

DE WAALSTRAAT: Die straat heet volgens Mnr. C.J. Beanes na E.H. de Waal, inspekteur-generaal van invoerregte gedurende die latere jare van die Suid-Afrikaanse Republiek. Hy is ook een van die Boere wat na die Tweede Vryheidsoorlog na Oos-Afrika emigreer het.[15)]

DU TOITSTRAAT: Die straat heet, nes Andriesstraat, na Andries Francois du Toit, die man wat aan „Arcadia" sy naam gegee het en wat die dorp in 1857 - 1859 uitgemeet het. Du Toit het van M.W. Pretorius 'n stuk grond geruil vir 'n Basoeto-ponie en die grond die naam „Arcadia", gegee. Die grens tussen die dorpsgebied en Arcadia was du Toitstraat en vir jare was du Toitstraat dus die oostelike grens van Pretoria.

As /..........

---

13) Pretoriana, Deel 2, Nr. 1, p.13 en Deel 2, Nr. 3, p.17.
14) Pretoriana, Deel 2, Nr. 1, p.13.
15) Pretoriana, Deel 2, No. 3, p. 17 en Deel 3, Nr. 1, p.11.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

As beloning vir die opmeting van Pretoria het A.F. du Toit die reg gekry om ook sy grond, Arcadia in erwe op te sny. Hierdie erwe van du Toit het vanaf du Toitstraat tot teen Beatrixstraat en vanaf Schoemanstraat tot Boomstraat gelê.

Hierdie erwe het du Toit later aan Stephanus Meintjies vir £1,200 op 'n skuldbewys van drie maande verkoop. By betaling het Meintjies met Goewermentsnote wat 2/6 in die pond werd was betaal, sodat du Toit maar ± £150 gekry het vir sy 82 erwe, wat Oos van du Toitstraat gelê het.[16]

<u>ERASMUSLAAN</u> : is genoem na generaal D.J.E. Erasmus, wat saam met die Pretoria-kommando, Ladysmith beleër het met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog. Die straatnaam bestaan egter vandag nie meer nie omdat daar verwarring gekom het tussen die straat en die laan, alhoewel dit geen naam het nie, wat vandag nog bestaan in die Erasmusgebou op Kerkplein. Vroeër het die straat vanaf Proesstraat na Boomstraat langs die Apiesrivier geloop. Vandag is die straat vermoedelik bekend as Edwardstraat.

<u>EDWARDSTRAAT</u>: Hierdie straat net wes van die Apiesrivier in Arcadia is op die grond wat later aan die bekende Eddie Meintjies behoort het en sommige van die ou inwoners van Pretoria soos Mevr. de Swaan en Mevr. Greenlees wat self twee Meintjies dames was, meen ook dat die straat na Eddie Meintjies vernoem is. Aangesien die straat egter eers na die groot vloed in Pretoria (1909) Edwardstraat geword het, wil dit egter voorkom asof dit na L. Edwards 'n klipkapper by die Uniegebou wat met die kanalisering van die Apiesrivier met die brûe gehelp het en te Proesstraat 284 gewoon het, vernoem is. Volgens vertellinge aan Mnr. P.J.H. Basson het L. Edwards sy werkswinkel, tydens die kanalisering op die wal van Apiesrivier tussen Schoeman- en Pretoriusstraat gehad en dat die klippe vanaf Meintjieskop al langs die Apiesrivier, vermoedelik

in / .............

---

16.) Sien hoofstuk 2 b van hierdie werk, Pretoriana, Deel 1, Nr. 2, ~~p.1~~ p.17 en Preller, Dr.G.S.:-Ou Pretoria, p.78. Vir meer besonderhede oor du Toit word verwys na J.H. Breytenbach:- Andries Francois du Toit, Argief jaar-boek, 1942, deel II).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die ou Erasmuslaan, na sy werkplek geneem is.

FEHRSLAAN: heet na landmeter Fehrsen wat 'n seun was van Dr. Fehrsen wat vroeër 'n praktyk in Pretoria gehad het. Die straat loop vanaf Proes- na Bloedstraat tussen Schubart- en Bosmanstraat.[18)]

FORDSTRAAT: heet na George Ford die eienaar van die vroeëre „Pretoria Engineering and Wagon Works" in Vermeulenstraat. Ford was self grofsmid maar sy besigheid het so uitgebrei vanaf 1878, toe hy hom in Pretoria gevestig het, dat hy heelwat persone in diens geneem het en self tyd gehad het vir munisipale aangeleenthede. George Ford, die grofsmid het toe stadsraadslid geword.[19)]

FOUNTAIN LANE : Hierdie straat vorm 'n smal of nou deurweg van Pretorius- na Schoemanstraat en is op die grens tussen erwe 456, 457 en tussen 504 en 505 gemaak. Die straat is vernoem na die hotel Fountain wat vroeër in hierdie straat geleë was.[20)]

GRANDSTRAAT: loop uit Potgieterstraat, weswaarts na Steenoondspruit en is geleë in Goedehoop. Die naam is vermoedelik nie aan 'n persoon gekoppel nie, maar hou alleen die verwagting van 'n mooistraat in.[21)]

JACOB MARESTRAAT: Jacob Mare was een van drie broers, Voortrekkers, wat vanuit Natal na Transvaal verhuis het. Hy was nog in die slag van Bloedrivier. Die ander broers was Dietlof Siegfried Mare, die bekende landdros van Soutpansberg en Frederik Korsten Mare. Jacob Mare was 'n kleurvolle figuur. Hy het lid van die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. geword en was ook bekend as Jors Voeter, omdat hy so kwaai kon spook om sy mening deur te druk. Sy dogter Sarie was die Sarie Marais (die spelling van die van is willekeurig verander) wat deur M.T. Toerien

in / ..........

---

17) Sien Lochhead:-Guide Handbook,p.332 - Waar die naam van L. Edward voorkom.
18) Genootskap Oud-Pretoria:-Lys van straatname en Mevr. de Swaan - St. Patricksweg 215, Muckleneuk.
19) MacMillan, A:-The city of Pretoria,p.95 en Pretoriana,Deel 1,Nr. 2,p. 18.
20) Kaart van Pretoria-sentraal,en Pretoriana,Deel 1,Nr. 2,p.18.
21) Kaart van Pretoria-sentraal.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die bekende lied van die naam besing word.[22)]

KERKSTRAAT: Dit is die hoofstraat van Pretoria. Die naam herinner ons nog aan die ou geskiedkundige kerkie wat in 1854 gebou en in 1857 ingewy is. Hierdie kerkie was die beginpunt van Andries Francois du Toit se opmeting van Pretoria en vir jare daarna die middelpunt van Pretoria. Tot 1904 het daar nog 'n kerk op Kerkplein gestaan; toe is dit afgebreek om plek te maak vir die fontein wat deur S. Marks geskenk is en later na die dieretuin verplaas is. Die plein rondom die kerk was eers bekend as Markplein maar na die Eerste Vryheidsoorlog, toe die mark verskuiwe is na die huidige Markplein het die plein Kerkplein geword.

Kerkplein maak 'n onderbreking in Kerkstraat. Oos van Kerkplein is die straat algemeen bekend as Kerkstraat-Oos en Wes van die plein as Kerkstraat-Wes.

Kerkstraat-Oos het in 1857, toe du Toit die dorp uitgemeet het, net geloop tot by du Toitstraat, maar vandag is dit die hoofweg uit Pretoria na die hele Oos-Transvaal en Kruger-Wildtuin.

Kerkstraat-Wes het in 1857 net geloop tot by Potgieterstraat. Vandag is dit die hoofweg uit Pretoria na Krugersdorp en Rustenburg.

As geheel is Kerkstraat nagenoeg sewe myl lank. Die straat is wyd (ossewaens het vroeër in die straat gedraai) en seker een van die besienswaardigste strate in die hele Transvaal. Langs die straat is die Ou-Kerkhof, die Kruger-Huis, Kerkplein met die Krugerstandbeeld en al sy ou geskiedkundige geboue, die huidige mark van Pretoria, die Tegniese Kollege van Pretoria, die standbeeld van Genl. Louis Botha op die Unie-gebougronde en die woning van die Administrateur van Transvaal.

LEWISSTRAAT: Hierdie straat in Riverdale is vermoedelik na Lewis van die bekende firma Lewis en Marks vernoem.

LOOPSTRAAT: Hierdie straat loop Oos-Wes tussen Scheiding- en Tullekenstraat. Die naam is baie onpersoonlik en die naam is vermoedelik /.............

22) Pretoriana, Deel 2, Nr. 1, p.16.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vermoedelik maar gegee na aanleiding van die talryke Loopstrate in ons land.[23)]

MARGARETHASTRAAT: Net noord van Boomstraat het 'n Mnr. de Waal na wie de Waalstraat vernoem is gewoon. Sy twee dogters was Margaretha en Joey en Margarethastraat, wat parallel met de Waalstraat loop, is na Margaretha de Waal genoem.

Die vermoede dat die straat na Margaretha Tulleken genoem is lyk baie onwaarskynlik te wees, omdat die Tullekens naby die huidige Berea Park gewoon het.[24)]

MINNAARSTRAAT: heet na J.C. Minnaar, registrateur van Aktes in die dae van die Z.A.R. Hans (J.C.) Minnaar was eers eerste klerk in die akteskantore onder J.J. (Kruppel Koos) Meintjies en het in 1888 Registrateur van Aktes geword. Na 1902 wou Hans Minnaar nie meer die pos van Registrateur van Aktes gehad het nie en het hy hom teruggetrek in sy woning wat naby die huidige Z.A.N.L.A.M. gebou was.[25)]

PALEISSTRAAT: Hierdie straat was eers bekend as „Court Lane" en het na die bou van die Paleis van Justisie die huidige naam gekry. Die naam „Court Lane" is toe te skrywe aan die Landdroskantoor wat in 1885, toe die straat gemaak is, langs die Ou-Poskantoor (waar tans die Hoof-Poskantoor staan) gestaan het. Die straat het die Noord-westelike hoek van Kerkplein met Vermeulenstraat verbind en 'n verlenging van die straat sou dan voor die Landdroskantoor verbygeloop het.

Volgens die opmeting van du Toit en later van A.H. Walker, was daar nie ruimte gelaat vir 'n straat tussen die Noord-westelike hoek van Kerkplein en Vermeulenstraat nie. Om die straat dus te bou het H.J. Juta, D.M. Kisch, P.J. Marais, A.H. Nellmapius, Jorissen en Tobias en „Cornforth & Co., almal persone wat grond besit het op of naby die Noord-westelike hoek van

Kerkplein/ .........

23) Kaart van Pretoria-sentraal en Pretoriana, Deel 2, Nr.1, p.16.
24) Pretoriana, Deel 1, Nrs. 3-4, p. 31 en Deel 2, Nr. 1, p. 16.
25) Mevr. de Swaan - dogter van J.J. Meintjies - St. Patricksweg 215, Muckleneuk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kerkplein, 'n petisie op 24 Maart 1885 aan die staatsekretaris gestuur, om hulle die reg te gee om die straat te maak.

Om die straat te kon maak sou dit egter nodig gewees het om 'n gedeelte van die Ou Skoolgebou af te breek. Die afbreek en herbouing van die gebou sou die ondertekenaars van die petisie self onderneem. Landdros J.Z. de Villiers het by die Staatssekretaris aanbeveel dat die versoek toegestaan word, omdat dit „eene groote verbetering en zelfs verfraaijing van de stad" sou wees en die aansoek is toe toegestaan.26)

PARLEMENTSTRAAT: Aan hierdie straat is net soos in die geval van Paleisstraat 'n geskiedenis verbonde.

Met die oprigting van die „Ou-Raadsaal" op erwe Nos. 412 en 411 het 'n gedeelte van erf No. 411 nog aan R.C. Green behoort. Daar dit vir die staat wenslik sou wees om ook die gedeelte van Green in besit te kry om te verhoed dat die lig vir die westelike deel van die Goewermentsgebou belemmer sou word, ingeval op die gedeelte gebou word, is die grond toe van Green gekoop. Op die gedeelte was daar egter 'n servituut van 'n deurweg van 24 voet wyd vanaf Pretoriusstraat tot by Kerkplein en aangesien die deurweg toe alreeds in gebruik was, moes die regering die servituut oorneem.

Die deurweg het toegang verleen tot Kerkplein en is die deurweg eers „Church Lane" genoem maar die naam is later verander na „Theatre Lane" omdat die „President Theatre" (voorheen die Alhambrasaal) aan die deurweg gefront het.

Oor hierdie grond het die staat tot in 1907 beskik toe dit oorgedra is aan die Stadsraad van Pretoria, wat toe daarna die grond uitsluitend vir straatdoeleindes gebruik het. Van 1907 is die deurweg toe bekend as Perlementstraat maar dit was nie voor 1921 dat Parlementstraat sy huidige breedte gekry het nie.27)

Parsloestraat./.........

---

26) Pretoriana, Deel 1, Nr. 1, p. 6, Pretoriana Deel 2, Nr. 1, p.16. Pretoriana, Deel 1, Nrs. 3-4, pp. 35-36 en R3918/84.
27) Rex, H.M.: Enige mededelings i.v.m. die geskiedenis van twee erwe en 'n straat. (In Pretoriana, Deel 2, Nrs. 2, 3 en 4, en Deel 3, Nr. 1). Sien ook Pretoriana, Deel 1, Nr. 3-4 p, 36 en Deel 2, Nr. 3, p.18.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

PARSLOESTRAAT: Dit is eintlik 'n private straat wat loop vanuit Proesstraat, tussen Potgieter- en Schubartstraat en uitloop in Schubartstraat, tussen Vermeulen- en Proesstraat. Die straat is volgens Mnr. P.J.H. Basson na die Parsloe-familie in Pretoria vernoem.

PAUL KRUGERSTRAAT. Met die uitmeting van Pretoria was hierdie straat as Markstraat bekend. Die ou naam herinner aan die dae toe op die Kerkplein, waarop die straat uitgeloop het, ook mark gehou was. Na die Eerste Vryheidsoorlog is die mark toe vanaf Kerkplein verskuiwe na die huidige Markplein maar die straat het nog sy naam behou tot 1938 toe dit met die Ossewatrek herdoop is tot Paul Krugerstraat.

Die huidige naam van die straat is ter ere van Pres. S.J.P. Kruger, watvanaf 1883 tot 1902 president van die Z.A.R. was, gegee.[28)]

PIERNEEFSTRAAT: heet na die vader van Mnr. J.H. Pierneef die bekende kunsskilder. Hy was 'n timmerman van beroep en het die preekstoel vir die Gereformeerde Kerk, tans in die ou Museum, Boomstraat, gemaak.

Die Pierneef-familie het net voor die Anglo-Boereoorlog op Prinshof gewoon, 'n gedeelte van die grond wat vroeër aan J. Prinsloo behoort het. Die Pierneefs het egter aan die westekant van Apiesrivier gewoon terwyl J. Prinsloo se grond deur die Apiesrivier gestrek het tot waar die Algemene Hospitaal tans is.[29)]

POTGIETERSTRAAT: Sommige gegewens dui daarop dat Potgieterstraat na die bekende Voortrekker kommandant Andries Hendrik Potgieter vernoem is. Ander gegewens dui weer aan datdie straat na die Potgieter-familie asgeheel vernoem is. Aangesien die straat nog sy naam van A.F. du Toit ontvang het en du Toit aan ander

strate / ..........

28) Sien ook Pretoriana, Deel 2, Nr. 2, p. 14.
29) Pretoriana, Deel 1, Nrs. 3 - 4, p. 32 en Deel 2, Nr. 1, p.16 en Deel 2, Nr. 2 p.3.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

strate die name van persone en nie van families gegee het nie, is die mees waarskynlikste, dat die straat na A.H. Potgieter vernoem is.[30)]

Potgieterstraat was tot 1875, toe A.H. Walker die dorp weer opgemeet het, die westelike grens van die dorp. Na 1875 het die dorp egter so uitgebrei dat Pretoria-Wes bygekom het en die westelike grens toe nog meer weswaarts verskuiwe is.

<u>PRETORIUSSTRAAT</u>: Nes in die geval met Potgieterstraat, is daar ook meningsverskil omtrent die persoon ofpersone na wie die straat vernoem is. Ook hier lyk dit die waarskynlikste dat A.F. du Toit die straat na Pres. M.W. Pretorius vernoem het. A.F. du Toit het immers in opdrag van M.W. Pretorius die dorp uitgemeet en aangesien A.F. du Toit twee strate in die dorp na homself vernoem het kan aangeneem word dat hy die man in wie se opdrag hy sy werk gedoen het, ook sou vernoem.

Aangesien die stigting van Pretoria ook tot 'n groot mate aan die entoesiasme van M.W. Pretorius toegeskrywe kon word, is dit nog meer waarskynlik dat die straat na hom vernoem is.[31)]

<u>PRINCESS PARKLAAN</u>: Die naam staan in verband met „Princess Park" ook bekend as Prinsepark. Op 29 Oktober 1900 is prins Christian Victor van Schleswig-Holstein, 'n kleinseun van koningin Victoria, in Merton Keep oorlede aan ingewandskoors. In 1904 het sy moeder, prinses Christian, Pretoria besoek en op 24 September 1904 het sy die hoeksteen van die Princess Christian Tehuis in Kerkstraat-Wes gelê. Prinse-park naby die Tehuis is na haar seun vernoem.[32)]

Die graf van Prins Christian is tans nog in goeie orde in die Ou-kerkhof aan Kerkstraat-Wes. Die laan wat verby die park loop is toe Prinsepark-laan genoem.

<u>Prinshofstraat</u> :/...........

---

30) Pretoriana, Deel 2, Nr. 1, p. 17 en Genootskap Oud-Pretoria:- Lys van straatname.
31) Preller Dr. G.S. :-Ou-Pretoria, p. 79, Pretoriana,. Deel 2, Nr. 1, p. 17 en Genootskap Oud-Pretoria :-Lys van straatname.
32) Eeufeesalbum van Pretoria, p. 86 en Pretoriana, Deel 2, Nr.2, p.13.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

PRINSHOFSTRAAT: Die naam herinner ons aan die plaas van J. Prinsloo wat aan die Noord-Ooste van die dorp gegrens het. Die Pierneef-familie het kort voor die Anglo-Boereoorlog ook op 'n gedeelte van Prinshof gewoon en die huidige stadsgebied, Prinshof, is ook na die grond van Prinsloo vernoem.[33)]

PRINSLOOSTRAAT: Hierdie naam voer ons terug na 1853 toe M.W. Pretorius die twee halwe plase Daspoort en Elandspoort van J.J.P. Prinsloo en A. v.d. Walt aangekoop het met die doel om op die twee plase 'n dorp aan te lê.

Prinsloostraat heet na J.J.P. Prinsloo, een van die eienare van die grond waarop die dorp aangelê is.[34)]

PROESSTRAAT: is genoem na Dr. adv. B.C.E. Proes wat Staatsekretaris van die Z.A.R. na J.H. Visagie geword het. Proes moes saam met Pres. M.W. Pretorius bedank as gevolg van die Keate-uitspraak.[35)]

QUEENSTRAAT : Hierdie straat vorm 'n verbinding tussen Vermeulenstraat en Kerkstraat-Oos maar was volgens die opmetings van A.F. du Toit en A.H. Walker nie as straat uitgemeet nie. Nes Parlementstraat het die straat mettertyd oor twee erwe ontstaan totdat dit as straat aanvaar is. Die Queenshotel het tot onlangs in die straat gestaan. Vermoedelik is die straat na die hotel en die hotel na koningin Victoria vernoem. Sodat straat en hotel tog maar die naam van die koningin huldig.[36)]

READSTRAAT: heet na Ralf Read, 'n handelaar wat ook lid van die Transvaalse Provinsiale Raad geword het. Die straat loop Oos-Wes en eindig teen Apiesrivier. Sy ingang is vanuit Scheidingstraat en dit lê tussen van der Walt- en Prinsloostraat.[37)]

Rhodeslaan:/.....

---

33) Pretoriana, Deel 2, Nr. 1, p.17 en Deel 2, Nr. 2, p.3.
34) R310/53:- M.W. Pretorius aan die Volksraad - 23 Augustus 1853 en Preller, Dr. G.S.: Ou-Pretoria, p.80.
35) Preller Dr. G.S.:-Ou-Pretoria, p. 79 en Pretoriana, Deel. 2, Nr. 1, p. 17.
36) Pretoriana, Deel 2, Nr. 1, p.17 en Genootskap Oud-Pretoria:- Lys van straatname.
37) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

RHODESLAAN: heet waarskynlik na die bekende Cecil John Rhodes, wat tydens die Jameson-inval Eerste-minister van die Kaap-kolonie was. Cecil Rhodes se broer was een van die Reformers aan die Witwatersrand wat in Pretoria verhoor was en wat tot die dood veroordeel was.

Cecil Rhodes het na die Jameson-inval bedank as Eerste-minister van die Kaap-kolonie. Hy het egter'n groot deel van die boetegelde van die Reformers betaal en waarskynlik is die straat juis as gevolg van hierdie daad na hom vernoem.[38)]

RIDER HAGGARDSTRAAT: Die straat is vernoem na Rider Haggard die skrywer van die roman „Jess". Haggard het 'n tydlank in Transvaal gewoon tydens die bewind van Shepstone, as registrateur van die hooggeregshof onder sir John Kotze. Sy huis „Jess's Cottage" was tussen die spoorwegstasie en die Bereasaal geleë.

Hy het in 1875 na Natal gekom as sekretaris van Sir Henry Bulwer, Luitenant-goewerneur van Natal. Daarna het hy Shepstone na Transvaal vergesel en verlaat die gebied weer saam met hom in 1879.[39)]

RIVERDALE-LAAN: is in die buurt van die Apiesriver in Riverdale. Hierdie straat gaan uit Prinshofstraat weswaarts en dan weer noordwaarts verby die ou Staatsdrukkerysportsgronde tot teen die Apiesrivier.[40)]

SCHEIDINGSTRAAT: Toe A.F. du Toit die dorp in 1857, volgens sy self vervaardigde plan, uitgemeet het was dit die grens van die dorp aan die suide en vandaar die naam. Die straat het toe net vanaf Markstraat ooswaarts geloop. Die verlenging van Scheidingstraat tot in Kockstraat (Bosmanstraat) is eers na 1887 gemaak.[41)]

SCHOEMANSTRAAT: heet na die bekende kommandant-generaal Stephanus Schoeman wat op Klein-Schoemansdal, net noord van

Boomstraat /..........

38) Pretoriana, Deel 2, Nr. 1, p. 17.
39) Eeufeesalbum van Pretoria, p. 34 en Pretoriana, Deel 2, Nr. 1, p. 17.
40) Sien die kaart van die Pretoria-Publisiteitsvereniging. Junie 1953.
41) Sien ook Pretoriana, Deel 2, Nr. 2, p.14.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Boomstraat, gewoon het. In 1854 het hy Piet Potgieter as kommandant-generaal van Zoutpansberg opgevolg en in 1858 het hy kommandant-generaal van die Z.A.R. geword. By afwesigheid van M.W. Pretorius na 1860 het hy ook vir 'n tydjie as waarnemende staatspresident opgetree. Met die Burgeroorlog van 1862-1864 was hy die hoof van die burgers wat in botsing gekom het met die Krugergroep. Bloedstraat het sy naam juis te danke aan 'n voorval uit hierdie onstuimige tydperk. Na 1864 tree Stephanus Schoeman uit die openbare lewe en bly in Pretoria woonagtig tot sy dood, 19 Junie 1890.[42)]

SCHUBARTSTRAAT: Anton Frederik Schubart, Nederlander van geboorte en opgelei aan die Universiteit van Utrecht, na wie die straat vernoem is, was 'n klein mannetjie met 'n boggelrug. Schubart was staatsekretaris onder Pres. M.W. Pretorius, maar is later deur die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek ontslaan. Nog later word hy hoof van die Staatsmuseum in Pretoria en sterf in die begin van die jare 90.[43)]

SENTRAALSTRAAT: Nes Queenstraat, dateer hierdie straat eers na 1902. Die opmetings van du Toit en Walker toon nie die straat aan nie. Deur die uitbreiding van Pretoria, na die Ooste, het daar 'n behoefte ontstaan vir meer ruimte vir besighede en is vermoedelik op die grens tussen erwe 359 en 360 (vroeër 374 en 375) en 393 en 394 (vroeër 422 en 423) 'n deurweg vanaf Kerkstraat na Pretoriusstraat verkry. Waar hierdie straat, indien dit sou bestaan het voor 1902, nouliks as sentraal gegeld het, is dit wel die geval tussen die huidige besighede in Kerkstraat-Oos.[44)]

SHEPHERDSTRAAT: loop van Oos na Wes en strek van Prinsloo- na du Toitstraat, tussen Struben- en Proesstraat. Aangesien die /.............

42) Ibid. Ook Eeufeesalbum van Pretoria, p.19 en hoofstuk 3 b van hierdie werk.
43) Pieterse, J.J.:-Die geskiedenis van Pretoria tot 1877, p.82, Engelbrecht, Dr. S.P.:-Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 2e druk, p. 284 en Pretoriana, Deel 2, Nr. 2, p.14.
44) Akteskantore:-Walkerkaart 1875 en Pretoriana, Deel 2, Nr.2, p. 15.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die „Home of the Good Shepherd" in die straat geleë is, is dit baie waarskynlik dat die straat na die inrigting genoem is en nie aan 'n persoon gekoppel is nie.[45]

SKINNERSTRAAT: heet na W. Skinner. Skinner was 'n Engelsman van geboorte en is, saam met sy swaer L. Devereux, deur A.W.J. Pretorius, van Natal na die Transvaal gebring om sy woonhuis vir hom op Grootplaas te bou. Na A.W.J. Pretorius se dood het Skinner en Devereux hulle as boukontrakteurs in Pretoria geves-tig en aldaar het hulle in die sestiger jare, tydens die diens-tyd van Ds. A.J. Begemann, die kerk op Kerkplein herbou.

Skinner het sy huis op die hoek van Markstraat en Skinner-straat gebou en daar gewoon tydens sy ampstyd as Landdros van Pretoria. In 1778 het regter J.G. Kotze die huis, „The Bungalow", van Skinner gekoop. Skinner het toe verhuis na sy plasie „two miles out of town to the west of the race-course, called 'Skinners' Court." Daar het hy toe gewoon tot sy dood op 15 Junie 1885.[46]

SPRUITSTRAAT: Hierdie straat lê in Goede Hoop. Goede Hoop is die naam wat Ds. Bosman aan daardie voorstad gegee het en Spruitstraat herinner aan die spruit wat, nes die straat, van die middestad se kant geloop en in Steenoondspruit gevloei het.[47]

SKINNERLAAN: Die straat lê naby Prinsepark en loop Noord-Suid vanaf Visagiestraat na Skinnerstraat. Omdat dit in Skinner-straat uitloop is dit vermoedelik Skinnerlaan, na William Skinner, genoem.[48]

STRUBENSTRAAT: heet na kaptein Johan Marinus Struben, 'n Hollandse mariene-offisier wat in 1850 na Natal emigreer het en daar die pos van magistraat beklee het. Hy het in 1854 as kan-didaat /......

45) Pretoriana, Deel 2, Nr. 2, p.15.
46) Preller, Dr. G.S.:-Ou-Pretoria, p. 43, Eeufeesalbum van Pretoria, p.18 en Kotze, Sir John :-Biographical Memoirs and Reminiscences, pp. 406, 408, 409.
47) Sien ook Pretoria, Deel 2, Nr. 4, p.14.
48) Preller, Dr. G.S.:-Ou-Pretoria, p. 43, Eeufeesalbum van Pretoria, p. 18 en Kotze, Sir John :-Biographical Memoirs and Reminiscences, pp. 406, 408, 409.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

didaat gestaan vir die eerste presidentsverkiesing van die Oranje-Vrystaat en teen J.P. Hoffman uitgeval. Na die dood van sy vrou in 1855 onderneem hy 'n reis met 'n kapkar na Pretoria waar hy hom ook mettertyd gevestig het. In die sestiger jare word hy lid van die volksraad en later staatsekretaris van die Z.A.R. Hy sterf in Pretoria op 7 Julie 1869.

Kaptein Struben was die vader van Hendrik Wilhelm en Frederick Pine Theophilus Struben, twee broers wat veral bekendheid verwerf het in verband met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand. Volgens sommige gegewens is Strubenstraat na die twee broers genoem, maar dit lyk my meer moontlik dat hulle vader in die naam herdenk is.[49]

TULLEKENSTRAAT: Tullekenstraat loop vanaf Railwaystraat na Berea Parklaan en lê tussen Loop- en Clarastraat. Aling van Tulleken of sy broer, na wie die straat heet, het vermoedelik in die buurt gewoon.[50]

TURNERSTRAAT: heet na E. Turner, 'n stadsraadslid. Turnerstraat is ook 'n skepping van moderne Pretoria. Dit is 'n nou straatjie uit Bloedstraat na Strubenstraat net langs van der Waltstraat en dit kruis Brownstraat.[51]

VAN DER BYLSTRAAT: is genoem na Piet van der Byl, 'n gesiene inwoner van Pretoria. Hy was die vader van die bekende Dr. Hendrik van der Byl.

Die straat is ook eers na 1902 in Pretoria gemaak. Dit loop uit Schoemanstraat na Skinnerstraat, tussen Prinsloo- en du Toitstraat..[52]

VAN DER WALTSTRAAT: Nes Prinsloostraat, is van der Waltstraat

genoem /.....

---

49) Pretoriana, Deel 2. Nr. 4 p.14 en Erasmus, J.L.P.:-Die Rand en sy goud, pp. 22-23.
50) Genootskap Oud-Pretoria:-Lys van straatname en Pretoriana, Deel 2, Nr. 1, p. 16 en Deel 3, Nr. 1, p.11. (In 1889 was 'n sekere Aling van Tulleken die eerste klerk of assistent van die posmeester-generaal Isaac van Alphen. Later het Aling van Tulleken posmeester van Johannesburg geword).
51) Kaart van Pretoria-Sentraal, opgestel deur die Stadsraad van Pretoria en Pretoriana, Deel 2, No. 4, p. 14.
52) Ibid.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

genoem na een van die twee eienars van wie M.W. Pretorius die grond, waarop Pretoria aangelê is, in 1853 aangekoop het. A. v.d. Walt was die eerste veldkornet van Pretoria, en totdat A.F. du Toit in 1857 as landdros van Pretoria aangestel is, het die hele bestuur van Pretoria feitlik op hom gerus.

Van der Walt se woning het in die buurt van die Spoorweg-stasie en die hotel Belgrave gestaan en totdat M.W. Pretorius se huis aan Kerkplein in 1856 voltooi was, was sy beskeie woning die eerste regeringskantoor in Pretoria.

Van der Walt was ook die persoon wat Pretoria in sy begin-jare van water voorsien het. M.W. Pretorius het wel die plan aan die hand gegee om die water van die Fonteine na Kerkplein te bring, maar A. v.d. Walt moes die dam maak en watervoor uit-haal.[53]

VERMEULENSTRAAT: Hierdie straat heet na Kootjie Vermeulen, 'n bekende ingesetene en Heemraad van Pretoria gedurende die vroegste dae van sy bestaan. Op 27 Mei 1856 vind die eerste sit-ting van die volksraad in Pretoria in sy huis plaas, waarskynlik ook latere volksraadsittings tot tyd en wyl die eerste raadsaal in gebruik geneem is of totdat M.W. Pretorius se huis aan Kerkplein voltooi was.

Hierdie huis was in Pretoriusstraat geleë waar later die Volkstem-kantoor opgerig is, regoor die ou magistraatshof. Ver-meulen was blykbaar goed bevriend met Andries Pretorius en[54] het ook aan die slag van Boomplaas deelgeneem.

VAN LENNEPSTRAAT: Dit is 'n kort straatjie wat Oos-Wes loop uit Prinsloostraat tot aan die Apiesrivier en die straatjie lê naby Minnaarstraat. Volgens mondelingse gegewens, heet die straat na jhr. van Lennep, die Nederlandse gesant in Pretoria,[55] tydens die Tweede Wêreldoorlog.

Voor 1902 het die straat nie bestaan nie.

Visagiestraat /........

53) Sien hoofstuk II a en b waar die pligte van A. v.d. Walt meer breedvoerig bespreek word.
54) Pretoriana, Deel 2, Nr. 4, p. 15.
55) Ibid, Deel 3, Nr. 1, p.11.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VISAGIESTRAAT: heet na J.H. Visage wat Staatsekretaris van die Z.A.R., tydens die stigting van diePretoria-gemeente, in 1854 was. Hy was ook sekretaris aan die kant van die Boere tydens die sluiting van die Sandrivierkonvensie. Visage was 'n gesiene inwoner van Pretoria en is in 1884 oorlede. Die ekstra „i" in die naam van die straat het waarskynlik as gevolg van die uitspraak ingekruip.56)

WESTSTRAAT: Hierdie straat loop van Vermeulen- na Kerkstraat en lê naby Schubartstraat, Oos van Potgieterstraat.

Dit is baie onwaarskynlik dat hierdie straat na 'n persoon vernoem is. Mynsinsiens is die straat Weststraat genoem omdat dit in Kerkstraat-Wes uitloop.57)

WILLOWSTRAAT: Hierdie straat is die voortsetting van waar Railwaystraat en Berea Parklaan inmekaar loop en lei na die fonteine.

Aangesien in die omgewing waar die straat die Apiesrivier kruis in die beginjare van Pretoria wilgerbome gestaan het is die straat, as gevolg van die wilgerbome, Willowstraat genoem.58)

*************

Toe A.F. du Toit die dorp in 1857 uitgemeet het kon hy nie aan al die strate hulle name gegee het nie. Die prominentste strate het egter hulle name gekry. Potgieter-, Boom-, du Toit- en Scheidingstraat wat die grense van die uitgemete dorp in 1857 - 1859 gevorm het, het seker hulle name gehad. So ook Kerk- Vermeulen-, Pretorius- en Schoemanstraat. Die ander strate is seker gaandeweg van name voorsien namate die dorp gegroei het. Bloedstraat is 'n voorbeeld hiervan, want die voorval wat daar afgespeel het/hot eers in 1862 voorgekom.

Baie van die strate is eers na 1902 gemaak en van name voorsien, maar omdat hulle almal strate uitmaak van die gedeelte wat tans Pretoria-Sentraal uitmaak is hulle in hierdie hoofstuk behandel. (Sien bygaande kaart van die Pretoria-Publisiteitsvereniging van Junie 1953.)


---

56) Ibid. 57) Kaart van Pretoria Sentraal
58) Pretoriana, Deel 3, Nr. 1, p.11.

***********

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Pretoria-Sentraal

Pretoriase Publisiteits Vereniging

1953.

Sketskaart by Straatname

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

B Y L A E 2 - R.558/75.

Middelburg 6 Maart 1875

Aan W.E.W[de]
Staats Secretaris
H. Stiemens

Achtings waardigen
Heer

Ik heb u Eds schryven van den 1ste Maart 1875 No.320 - gistere namiddag de 5 deser ontvangen, en heden den 6[de] diende dese tot antwoord met gevoel van de meeste Eerbied en Respecten

1 [sten] Het Dorp Pretoria is opgemeeten, volgens, de door my vervaardigde plan. Door my begonnen op de hoek pennen rondom de Kerkplein uitgelegd door de Heeren Louw Devereax en Jan Visagie zonder Compas ofEenig instrument met een ketting van 50 voeten rylands maat; en een verrekyker in 1857 en ik vervatte in 58 en 59 elk Erf is genombered van 1 tot 20 verre het loopt, elk Erf eenerlei maat - Elk Erf is 75 treden lang of liefs elk $\frac{3}{225}$ foet reilands voeten lang

Elk van - 40 treden breet of liefs - $\frac{3}{120}$ reilands voeten breet. de straten - 26 treden en 2 voeten liefs ter $\frac{3}{80}$ voeten reilands breet. uitgeslooten Prinsloo straat, de eenige is op last des gezachts den Hoog Edelen, tien voeten smaller genoomen; dus (70) zeeventig voeten breet; om de blokken op de Kipbult te doen uitkoomen met de lyn van du Toit [s] straat, tegens Arcadia.

2[dens] verder op eenerlei wyzen van pen tot pen, eene groote en lengten gemeten.

3 dens De dam van het Dorp was 1857 gelegd door Veld Cornet Andries van der Walt, en Frans Schutte per tender en uitgebragt tot boove v d Walts huis. Verder heb ik de voor in 1858 uitgehaald, en tot by de Kerk gebragt. de dam was in Lucas Bronkhorst veld; maar door zyn Hoog Edelen Pretorius geruild voor 12 Erven gelegen voor Postmas kerk, de blok daar Heer Paul Krugers gebouw op staat; en door Jan Visagie Secretaris van W. Rensburg; getransporteerd op Lucas B[T] dus is de dam met dat

grond /.......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

grond onder de zelve tot tegens v d Wt na Jan du Prees, dorpseigendom - dam toen de Dorp gemeton was in 59 of 60 is op op last en toestemming van ons Govt; Krygsraad, Veldcornet, met te vredenheid my aangewezen, de dam van Arcadia met haare loop; en de Jaar daarop is door Heer Pretorius, en Rade, mit generaal Schoeman, een beschrevene accoordbeslooten, tusschen Pretorius grond, de onderdorp; en Schoemans grond, aangewezen klein Schoemansdals dam, met besluit dat Heer Schoeman, dat straat onder zyn watersloot vry en open publiek Straat laten zoude vanaf du Toits straat, tot waar de zelve in de spruit valt, daar nude statie bestaat.

4dens De baak van het Dorpstraat in de poort, regt over de baak van ou Frans Schutte, die circa 4 voeten hoog in de swart roode rif klip staan boven zyde de pad naar Lucas - wel in een regte lyn van dat baak tot aan deze zyde vervat dat, zelfde rif, rif de rant uit en juist daar de water voor door de rif komt, een of twee treden boven de sloot in dat rif, staat Dorpsbaak No. 1 - dan van daar in een regte lyn op de hoogste van de rant uit, west van tot bove in de groot Hoek, in de afhang van de rant in de nek, daar staat de 9de baak van daar N Wt de vaal kliprige bult over, op de hoogte, daar de afloop naar Badenhorst kant gaat, staat Middelbaak van daar over de laagte naar Magaliesbergskant; waar de groot plaat tussen stant, staat No 3, van daar in een regte lyn naar se 20 minute baak van Daspoort Over aaprivier tegens de rand agter Prinshofshuis, zigtbaar hoog 4de baak dan met Aaprivier op tot de dam; dat heeft V C. v d Walt my altoos gewezen voor de echte baken al de bossen zyn weg gekapt dat ik nu twyfel in staat te kunnen zyn allen aan te wysen.

Jan du Prees of Cootje Vermeulen weeten het wel -

de buiten Dorplyn begint bove Frekie Mare zyn erven, de buiten lyn van Scheidings straat op dan de buitenlyn van de Moolen Erf, de Buiten lyn van blok Erven west van

Postmas / ........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Postmas Kerk; met Potgieters straat af, met de straat onder Schoemans watervoor op tot du Toits straat op, in de Scheidings straat

Nu vertrouw en hoop ik dus aan U Eds verzoek met bovenstaande inlichtinge ten vollen te hebben voldaan.

En verblyve met hooge achting

U Eds D. W dienaar
vriend
A F du Toit Senior.

*********************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

B Y L A E 5.

BRIEF VAN M.W. PRETORIUS AAN PRES. KRUGER OOR KERKPLEIN (R1913/90 BY R 546^c/90).

Pretoria 8 February 1890

Hoog Edel Achbaare Heer

By desen heb ik de eer de ontvangs te erkennen van U. H. Edel schryven dd. 8 Febru.

Myn antwoord is dinende om u seggen dat ik het pliyn daar aangeweezen heb in het midden van het dorp daar waar het groote kerk nu staat in dat gegeven heb als een kerkpliyn maar aangesien het pliyn op publieke Hoofstraaten van Pretoria ligt blyft het pliyn ook vry voor het publiek om over te ryden zoo dat de kerk het niet mog toemaken ook niet vol huizen mag laten bouwen daar het plein daar door vernietig worde en al het Gouvernement het pliyn van de kerk geheel overneemt mog het Gouverment dit ook niet toemaken en bebouwen want dat plein is een versursel van het dorp en moet bewaard blyven voor het nageslagte op dese grondslag en op geen andere heb ik dat pliyn afgestaan op die gronslag heb alle de erven gekoch om de pliyn het is my verhaal dat een gedeelte van de pliyn staat op de naam van markpliyn dat is gedaan buiten my daar weet ik niets van

ik heb de te zyn

Hoog Edele Heer U Ed Wellege

Dienaar

M.W. Pretorius.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# LITERATUUR EN BRONNELYS.

(a) LITERATUUR: I. . Gepubliseerde Biografiese, Historiese, Kultuur historiese en Opvoedkundige werke :


BATTS, H.J.: Pretoria from within, London,1900.

BELLAIRS, LADY : The Transvaal War 1880 - 1881, Blakwood, 1885.

BOT, A.K. : Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal, 1836 - 1951. Pretoria,1951.

BOTHA,P.R. : Die staatkundige ontwikkeling van die S.A. Republiek onder Kruger en Leyds, 1844 - 1899. Amsterdam, 1926.

BRANDT, JOHANNA : The petticoat Commando or Boerwomen in secret service, London,- Second Edition,1913.

BREDELL, H.C. en GROBLER P. : Gedenkskrifte van Paul Kruger,- in Afrikaans oorgesit deur J.M. de Lange en J. Ploeger, J.L. v. Schaik. Pretoria, 1947.

BREYTENBACH, J.H. : Andries Francois du Toit, Sy aandeel in die Transvaalse Geskiedenis, Argief Jaarboek,1942 Deel II.

BREYTENBACH, J.H. : - Die tweede Vryheidsoorlog, Deel I en II. Kaapstad, 1948 en 1949.

BULPIN, T.V.: The Golden Republic, Cape Town, Geen datum.

CACHET, F. LION : De Worstelstryd der Transvalers, Amsterdam,1882.

CRAFFORD, F.S.: Jan Smuts.(Vertaling van F.A. Venter), Kaapstad,1947.

CUTTEN, T.E.G.: A. History of the Press in South Africa, Cape Town, 1935.

DE KIEWIET, C.W. : The Imperial Factor in South Africa, Cambridge, 1937.

DE KOCK, W.J. : Die Krugerhuis, Pretoria,1949.

DE VILLIERS, R.B.: Ons stad ons Tuis, Johannesburg,1951.

DU PLESSIS, C.N.J. : Uit de Geschiedenis van de Z.A. Republiek en van de Afrikaanders, Amsterdam,1898.

DU TOIT, PROF. DR. S.: Kerkgeskiedenis, Calvyn Jubileum Boekefonds, Tweede hersiene uitgawe, 1945.

DU VAL, CHARLES : With a show through Southern Africa, London, 1885.

ENGELBRECHT, S.P.: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Tweede hersiene en vermeerderde Uitgawe.Pretoria en,Kaapstad, 1936 en Derde Hersiene uitgawe.Pretoria,1953.

ENGELBRECHT, S.P., GEMSER, B., GEYSER, A.S., VAN SELMS, A en DE ZWAAN, J. : Hervormde Teologiese studies, Pretoria, September 1948.

ENGELBRECHT, S.P. : Thomas Francois Burgers. J.H. de Bussy, Pretoria,1933.


ENGELENBURG, F.V. /........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ENGELENBURG, F.V. : General Louis Botha, Pretoria & London, 1929.

ERASMUS, J.L.P. : Die Rand en sy Goud, J.L. van Schaik Beperk. Pretoria, 1944.

EYBERS, G.W.: Select constitutional documents illustrating South African History, 1795-1910. London, 1918.

FITZ PATRICK, J.P. : The Transvaal from within, New York, 1900.

FULLER, T.E.: The Right Honourable Cecil John Rhodes, Longmans, Green & Co., London, 1910.

GEDENKBOEK : Vereniging van Onderwysers en Onderwyzeressen in Zuid-Afrika, (V.V.O.O.Z.A.), Pretoria, 1918.

GERDENER, G.B.A.: Boustowwe, vir die geskiedenis van die Ned. Ger. Kerk in die Transgariep, Kaapstad 1930.

GEREFORMEERDE SONDAGSKOOLKOMMISSIE VAN DIE NED. GEREF. KERKE IN S.A. : Die Katkisasieboek, Derde druk Bloemfontein, 1952.

GIE, S.F.N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika Deel II, 1795 - 1918, 3de druk. Stellenbosch, 1939.

HALDANE, CAPTAIN AYLMER : How we escaped from Pretoria, London, 1900.

HALL, H.E. & PAVER F.R.: Pretoria, - The administrative Capital of South Africa, Johannesburg, 1910.

HEADLAM, CECIL: The Milner Papers, London, Toronto, Melbourne & Sydney, 1933.

HERRING, G. : The Pilgrim Diggers of the Seventies, Central News Agency, Pretoria, 1949.

HOFMEYR, J.H. & REITZ, F.W. : Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr, Kaapstad 1913.

HOLLANDER, EEN: Toen en Tans. H.A.U.M. Kaapstad, Geen datum.

HUGO, M.J. : Die stemreg, - Vraagstuk in die Z.A. Republiek, - Argief-jaarboek, 10de Jaargang, Pretoria, 1947.

JEPPE, CARL : The Kaleidoscopic Transvaal, London, 1906.

JEPPE FRED EN KOTZE, J.S. : Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849-1885. Pretoria, 1887.

JORISSEN, E.J.P.: Transvaalse Herinneringen, 1876-1896. Pretoria, 1897.

KALFF, S. : Onder een Worstelend Volk, Haarlem, 1899.

KESTELL, J.D. : Christiaan de Wet, Kaapstad, Bloemfontein, Maritzburg en Stellenbosch, 1920.

KOTZE, John : Biographical Memoirs and Reminiscenes, Cape Town, 1934 and Volume II 1949

KRUGER, D.W.:/ .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

KRUGER, D.W. : Die Weg na die See, Argief-jaarboek, 1ste Jaargang, Deel I, 1938.

LEYDS, W.J. : Die eerste Annecatie van de Transvaal, Amsterdam, 1906.

LEYDS, W.J. : Eenige correspondensie uit 1899, den Haag, en Gravenhage, 1919.

LEYDS, W.J. : Het insluiting van de Boeren Republieken, Deel I en II. Amsterdam, 1914.

LOCHHEAD : Guide, Handbook and Directory of Pretoria, Pretoria, 1912.

LONGLAND AND REID'S : Pretoria Directory 1898., Pretoria, 1898.

LUGTENBURG, A.H. : Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek, 1836 - 1900. Pretoria, 1925.

MACMILLAN, A : The City of Pretoria, Johannesburg, 1903.

MALAN, J.H. : Die opkoms van 'n Republiek, Bloemfontein, 1929.

MALCOLM, THOMSON : The life and times of Winston Churchill, London, 1940.

MALHERBE, E.G.: Education in South Africa, 1652-1922, Cape Town, 1925.

ME.R. : Oorlogsdagboek, Kaapstad, 1947.

MICHELL, LEWIS. The Life of the Rt. Hon. Cecil John Rhodes, 1853-1902, Vol. I & II. London, 1910.

MOFFAT, ROBERT : Missionary Labours and Scenes in Southern Africa, London, 1842.

MONYPENNY & BUCKLE : Life of Disraeli 6 Vols, London, 1910.

MULLER, C.H. : Oorlogsherinneringe, Kaapstad, Bloemfontein en Pretoria, 1936.

NATHAN, Manfred : Paul Kruger, His Life and Times, Durban, 1941.

PELZER, A.N.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I Wordingsjare, Kaapstad, Amsterdam, 1950.

PIETERSE, D.J. : Die geskiedenis van die Myn-industrie in Transvaal 1836-1886, Argief Jaarboek. Pretoria, 1943.

POTGIETER G. EN THEUNISSEN, N.H. : Hendrik Potgieter. Johannesburg, 1938.

POSTMA, D. : De Geschiedenis van de stigting en ontwikkeling der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, Paarl, 1905.

PRAAGH, L.V. : The Transvaal and its Mines, London & Johannesburg, 1906.

PRELLER, G.S. : Andries Pretorius, Pretoria, 1937.

PRELLER, G.S. :Dagboek van Louis Trichardt, Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth, 1938.

PRELLER, G.S. : Ons Goud Roman. Die Marais-Dagboek, 1849-1865. Pretoria, 1935.

PRELLER, G.S. / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

PRELLER, G.S. : Ou Pretoria, Die Volkstem Drukkery, Pretoria, 1938.

PRELLER, G.S. : Voortrekkermense IV, Kaapstad, Stellenbosch en Bloemfontein, 1925.

PRETORIUS, H.S. en KRUGER D.W. : Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849, Pretoria, 1937.

PROTHEROE, ERNEST : Lord Kitchener, London, 1916.

PRETORIA MUNCIPALITY AND S.A. RAILWAYS: The city of Pretoria and Districts, Johannesburg, 1913.

PRETORIASE PUBLISITEITS VERENIGING EN S.A. SPOORWEË: Pretoria, Kaapstad, 1948.

REYBORN & JAMES: Pretoria classified industrial and commercial directory, 1951 - 1952, Pretoria, 1952.

ROORDA-SMIT, J.A. : Het Goed Recht der Transvaalsche Boeren, 2de Druk, Utrecht, 1881.

SANDBERG, C.G.S. : Twintig Jaren onder Kruger's Boeren in voor- en tegenspoed, Amsterdam, 1943.

SCHIEL, O. : 23 Jahre sturm und sonnenschein in Süd-Afrika, Leipzig, 1902.

SCHOLTZ, G.D. Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Johannesburg, Band 1, 1947. Band II, 1948.

STADSRAAD VAN PRETORIA: Die stad van Pretoria, Amptelike Gids, Kaapstad, 1952.

STADSRAAD VAN PRETORIA MET ENGELBRECHT, S.P., AGAR HAMILTON, J.A.I., PELZER, A.N. en BEHRENS, H.P.H.: Eeufees Album, Pretoria, 1952.

STOCKENSTRÖM, ERIC : Geskiedenis van Suid-Afrika II, Stellenbosch, 1923.

STUART, J. : De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika, Amsterdam, 1854.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS: Hertzog-Annale, Tweede Jaargang - Eerste Aflewering, Pretoria, 1953.

THOMAS, C.H. : Origin of the Anglo-Boer War Revealed, London, Geen datum.

TROMP, T.M.: Herinneringen uit Zuid-Afrika, Leiden, 1879.

UYS, C.J. : In the era of Shepstone 1842, 1877. Loveday Press, Cape Province, 1933.

VAN DER POEL, Jean : The Jameson Raid, Cape Town, London, New York, 1951.

V.D. WALT A.J.H., WIID. J.A., GEYER, A.L. : Geskiedenis van Suid-Afrika I. Kaapstad, Bloemfontein en Johannesburg, 1951.

VAN OORDT, J.F. : Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek. Amsterdam, Kaapstad, 1898.

Van / ......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VAN RIEBEECK VERENIGING : Andrew Smith Diary I & II, Kaapstad, 1939 en 1940.

VAN WINTER, P.J. : Onder Krugers Hollanders Deel I en II, Amsterdam, 1937.

VAN ZYL, P.H.S. : Die Helde-album, Johannesburg, 1944.

VULLIAMY, C.E.: Outlanders, - A study of Imperial Expansion in South Africa 1877-1902, London, 1938.

WALLACH, I: Die volmaakte „Gentleman," (Intieme kykies op die lewe van Dr. F.V. Engelenburg.), Pretoria, 1945.

WANGEMAN, DR. : Ein Reise - Jahr in Süd-Afrika, Berlyn, 1868.

WEEBER, E.J. : Op die Natalse Front, Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth, 1940.

WICHMANN, F.A.F. : Die Wordings-geskiedenis van die Z.A. Republiek, - Argief-jaarboek, 4de Jaargang, Deel II, 1941.

WOLMARANS, A.D.W. : Kerkhistoriese Feiten 1 en 11, Wallachs, Pretoria, Geen datum.

## II. Ongepubliseerde Werke :

BASSON, M.A. : Die Britse Invloed in die Transvaalse Onderwys, (1836-1907). Ongepubliseerde D.Ed.proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1950.

BEELAERTS VAN BLOKLAND, C.: Transvaal, 'n Ongepubliseerde werk, Nederland 1903, ('n Kopie daarvan is in besit van Dr. F. du T. Spies - Universiteit van Pretoria.)

HAUPT, D.J. : Die Staatsartillerie van die Suid-Afrikaanse Republiek, Ongepubliseerde M.A. Verhandeling, Universiteit van Pretoria 1946,

MOUTON, J.A. : Gen. Piet Joubert in die Geskiedenis van Transvaal tot 1884, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria 1935.

OTTO, J.C. : Die Konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, Ongepubliseerde D. Litt proefskrif, Universiteit Pretoria 1948.

PEACOCK, R.: Die geskiedenis van die Lydenburgse Goudvelde tot 1881, Ongepubliseerde M.A. verhandeling, Universiteit van Pretoria 1950.

PEACOCK, R. : Die Geskiedenis van Hercules, Ongepubliseerde uitgawe met Poskoets besoek aan Hercules, Pretoria, 1952.

PIETERSE, J.J. : Die geskiedenis van Pretoria tot 1877, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1942.

WYPKEMA, A. : De ontwikkeling van de Munisipaliteit en van Transvaal met spesiale behandeling van die van Potchefstroom, Pretoria en Johannesburg, Ongepubliseerde M.A. verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1923.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(b) KOERANTE EN TYDSKRIFTE :

Die Volksstem 1873 - 1899, 1910, 1916, 1930, 1938 en 1948.

The Pretoria News - 1898 - 1899 en 1930.

Land en Volk, Waarheid Vryheid, Recht - September 1899, 1902 en 1903.

De Pers - 1889 - 1899.

The Press - 1889 - 1899.

The Weekly Press - 1899.

Die Brandwag - 1910 en 1919.

Die Huisgenoot - 1938.

Die Gids. - 1934.

Historiese Studies - 1939 - 1940.

Ons Vaderland - 1930.

Pretoriana Deel I Nr. I tot Deel 4 Nr. 2.

The Transvaal Argus - 1866.

The News of the Camp 1880 - 1881.

(c) ARGIVALE BRONNE:

(a) UITGEGEWE BRONNE - TRANSVAALSE ARGIEF.

De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek - 1849 - 1899 (10 dele).

Notulen der Verrichtingen van den H. Ed.achtbaren Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek - 1858 - 1899.

Notulen der Verrichtingen van den achtbaren Tweeden Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek 1890-1899.

Staats Courant van de Zuid-Afrikaansche Republiek 1859 - 1899.

Publikasies van de Zuid-Afrikaansche Republiek : -

Bande 150, 179 tot 188.

„Military Administration" Publikasies : -

Band 22 tot 27 - Munisipale en Mediese sake.

Bande 154 tot 155 - Prisoners of War.

Bande 163 tot 164 - Permits to Pretoria.

Band 214 - Officers in Pretoria.

Band 233 - Rules of Pretoria - Hospitals.

S.A. Argiefstukke : Transvaal No. 1 tot 4.

Z.A.R. Groenboeke No. 1 tot 4.

Government Gazette - 1877 tot 1881 en 1900 tot 1902.

b. /......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(b) BRITSE AMPTELIKE PUBLIKASIES:

Britse Bloubocke : Bande 63 tot 68 met spesiale aandag aan :

cd 461 - Korrespondensie tussen Lord Roberts en Gen. L. Botha.

cd 528 - Onderhandelings tussen Gen. L. Botha en Lord Kitchener.

cd 546 - Brief van Gen. L. Botha aan Lord Kitchener.

cd 522 - Lord Kitchener aan die Britse Sekretaris van oorlog.

cd 663 - Toespraak van Gen. L. Botha aan Burgers.

cd 828 - Verslae oor militêre toestande.

cd 824 - Lord Kitchener aan die Britse Sekretaris van oorlog.

cd 1096 - Voorwaardes van oorgawe.

(c). ONUITGEGEWE BRONNE - TRANSVAALSE ARGIEF :-

1. Staatsekretaris : a. Inkomende stukke 1853 - 1899 (R).

b. Brieweboeke re Uitgaande stukke vir dieselfde tydperk. (B.B.)

2. Uitvoerende Raad, notule en besluit 1858 - 1899 (U.R.B.)

Landdros van Pretoria : 1. Bande 1 - 20 - Inkomende stukke 1857 - 1900 (Pa 1).

2. Bande 21 - 29 - Minute Register - 1879 - 1900.

3. Uitgaande stukke - Bande 30 - 71 - 1857 - 1900 (Pa 11).

4. Band 71 a - Briewekopieboek.

5. Bande 73 - 87 Huweliksdokumente 1874 - 1900.

6. Bande 88 - 90 - kontrakte.

7. Band 91 - Boek van Bydrae.

8. Bande 92 - 93 - Inkomste en uitgawe 1857 - 1863.

9. Band 94 - Paybook - 1877 - 1878.

10. Band 95 - Belastings op plase en erwe - 1860 - 1882.

11. Bande 96 - 98 - Losstukke 1877 - 1900.

12. Bande 166 - 168 - Gesondheidskomitee 1893 - 1900.

13. / .......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

13. Bande 169 - 186 - Tydelike stadsbestuur 1897 - 1900.

14. Bande 187 - 188. - Kommissie van Rus en Orde. 1899 - 1900.

15. Band 181 - Erfbelasting.

16. Band 185 - Botaniese Tuin 1876 - 1877.

17. Bande 203 - 211 - Notule hofsittings 1857 - 1877.

18. Bande 132 - 163 Hospitale 1887 - 1900.

19. Bande 510 - 518 - Notule Kriminele hof.

20. Band 553-Hooggeregshof 1860 - 1899.

4. Publieke Werke Departement - (P.W.D.)

5. Kommandat-Generaalstukke - (K.G.)

6. Die Joubert-Versameling.

7. Die Lauts-Versameling.

8. Die Preller-Versameling.

9. Die Engelbrecht-Versameling.

(d) AKTESKANTORE PRETORIA :

1. Erweboeke van Pretoria.

2. Die Walkeropmetingskaart van Pretoria.

3. Kaarte van Pretoria-sentraal, Pretoria-Wes, Arcadia, Sunnyside, Muckleneuk, Daspoort, Hermanstad, Pretoria-Tuine, Mayville, Eloffsdal, Gezina, Capital Park en Booysens.

(e) LANDMETER-GENERAALKANTORE PRETORIA:

1. Kaarte van Goedehoop, Marabastad en die Indiërlokasie.

2. Ook kaarte soos by die Akteskantore om te dien as kontrole.

(f) DIE STADSRAAD VAN PRETORIA :

Kaart van A.F. du Toit - 1857.

(g) PRIVATE VERSAMELING VAN PROF. DR. S.P. ENGELBRECHT: Dokumente oor Pretoria.

(h) PUBLIEKE WERKE DEPARTEMENT: Planne van die „Ou Raadsaal", Paleis van Justisie, Ou Landdroskantoor" en ander Regeringsgeboue.

(i) VERTELLINGE V . :

a. Mevr. Verdoorn - Palm Court - Arcadia - Sy was

'n / ........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Mej. Marais, dogter van J.C. Nielen Marais en 'n jong meisie in Pretoria voor die Anglo-Boereoorlog.

b. Mevr. de Swaan en Mevr. Greenlees - Albei van St. Patricksweg 215, Muckleneuk - Albei is dogters van J.J. Meintjies die Registrateur van Aktes voor 1888. Albei was op Pretoria in die skool en kon toestande in Pretoria voor die Anglo-Boereoorlog nog goed onthou.

c. Dr. En Mevr. W.E. Bok - Mackenziestr. 375, Brooklyn. Dr. Bok is'n seun van W.E. Bok die vroeëre Staat-sekretaris en Mevr. Bok is 'n dogter van regter Kleyn in die dae van die Z.A.R. As jongmense voor die Anglo-Boereoorlog kan hulle nog baie lekker oor die ou dae gesels en vertel.

d. Mnr. John A. Peacock - Holtzstraat 18, Krugersdorp-Wes - Hy is 'n seun van R. Peacock die grofsmid en ingenieur van Pretoria in die tyd van Pres. Burgers. Alhoewel oor die negentig jaar kon hy nog goed onthou van die Eerste Anneksasie van Transvaal deur Shepstone.

e. Mnr. James, M. Peacock - Doornfontein, Thabazimbi - 'n broer van J.A. Peacock, se geheue is nog goed vanaf die Eerste Vryheidsoorlog tot en met die vrede van Vereniging en kon hy baie interessante dinge oor sake in Pretoria vertel. (Hy is sedert die onderhoud oorlede).

f. Wyle Mnr. J.F. v. Zyl - In lewe opsigter van die "Ou Raadsaal" was 'n jong werknemer van die N.Z.A.S.M. voor die Anglo-Boereoorlog en kon nog lewendig gesels oor die Republiek se dae.

g. Mnr. J. Heap - Gerrit Maritzstraat 510, Hercules. 'n Britse Soldaat wat met die Anglo-Boereoorlog na Suid-Afrika gekom het en net na 5 Junie 1900 hom in Pretoria gevestig het.

******************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# PERSOONSREGISTER.

## A.

Ahnelt, A 231.
Albertyn, Ds. P.K. 19.
Andrews, J. 118.
Anstruther, Luit. Kol. 161.
Arnoldi, Dr. B.G. Ad. 49,56, 64, 85, 129, 132.
Austin, H. 53, 64, 73, 117.

*******

## B.

Bake, R.W.J.C. van den Wall, 202.
Baikie, Sameul 194.
Bannatyne, G. 147, 170.
Bantjies, J.G. 23, 88, 90.
Barbour, Dr. 132.
Barkly, H. 135.
Barrett, B.C. 228.
Bechtle, A. 122, 124, 125, 126.
Beckett, T.W. 34, 86, 117, 147, 148, 163, 170, 230, 306, 327.
Beckett, Mevr. T.W. 86.
Beelaerts van Blokland 202.
Beelaerts van Blokland, C. 266, 267, 273.
Beetge, A. 5.
Begemann, A. 268.
Begemann, B. 268.
Begemann, Dr. A.J. 82, 83, 91, 92, 95, 102, 103, 108, 113, 222.
Bell, P.W.T. 218, 277, 278, 293.
Bellairs, Kol. 162, 167, 174.
Bernato, B. 250, 308.
Bergsma, H.G. 275.
Beyers, P. 184.
Bezuidenhout, F. 273.
Bezuidenhout, Piet. 158.
Bezuidenhout, S.J. 228.
Blohm, C. 117.
Bodenstein, 273.
Bodenstein, C. 139, 140, 178.
Boersma, 271.
Boissevain, G.N. 203.
Bok, W.E. 153, 155, 157, 177, 233, 273, 277.
Bok, Dr. W.E. 253 (
Borrius, J.P. 275.
Bosch, J. 187, 188, 322.
Bösenberg, Dr. 132.
Boshoff, C. 77.
Boshoff, Landdros, 327.
Boshoff, Pres. 73, 75.
Boshoff, Tes. - Gen. 254.
Bosman, Ds. H.S. 83, 86, 108, 127, 129, 144, 145, 148, 177, 212, 213, 259, 260, 263, 264, 265, 266, 341, 342.

Bosman, /.......

## B. (Vervolg).

Bosman, J.W. 187.
Botes, F. 68.
Botha, D. 24, 102, 103, 108, 113, 222.
Botha, Gen. L., 324, 325, 327, 328, 329, 337, 338.
Botha, Mev. L. 337.
Botha, Kom. Hans, 161, 168.
Botha, P.J. 59, 88, 89, 181, 184, 218, 327, 331.
Botha, Willem 334.
Boukamp, 294.
Bourke, E., 147, 148, 170, 184, 231, 251, 327, 331.
Bousfield, H. 251.
Bouwer, B.D. 187.
Bradley, 161.
Brandt, Pres. 81, 97, 172, 173, 174.
Brebner, J.C. 338.
Bredenhand, J. 116.
Bredell, H.C. 322.
Bremner, G. 97.
Breyer, Dr. H.G. 236, 270.
Brink, 111.
Brochie, 324.

(Vervolg op bls.376a.)

*********

## C.

Calderwood, 163.
Camberlain, 312, 313, 314, 317.
Cambell, P. 228.
Carnarvon 101, 135, 151, 152, 153, 154, 155.
Carr, 293.
Carson, W. 228.
Celliers, J.D. 199.
Celliers, J.F. 98, 133, 134, 158, 163, 218, 222, 230, 231, 237, 238, 254, 275, 276, 277, 279.
Churchill, 49.
Churchill, Kapt. 170.
Churchill, W. 322, 323, 329.
Clark, 163.
Clark, C. 250.
Cluysenaer, 202.
Cobit, J. 90.
Colley, Gen. 160, 168, 169, 170, 172.
Collins, R.D. 265, 272, 273.
Cooper, 222.
Cooper, H.T. 228.
Coster, Dr. 294, 295.
Cottlegreen, R. 276.
Cowen, T. 132.
Crawford, Huge, 145, 150.
Cronje, Gen. Piet, 158, 315.
Cronje, Kom. 290, 291.
Cross, Maj. 293.

************

D. / .........

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

B. (Vervolg).

Brodrick, A. 73, 91, 117.
Bronkhorst, G.S. 4, 5.
Bronkhorst, P. 35, 52.
Brooks, 118.
Brooks, James, 91, 276.
Brown, T. 342.
Browne, 160.
Buchannan, 275.
Buchannan, J. 104, 150.
Budke, 115.
Bührmann, H.T. 10, 11, 37, 115.
Bulwer, H., 135.
Burger, J.J. 9.
Burger, Schalk, 306, 313, 326, 337, 338.
Burgers, B.J. 97.
Burgers, Pres. T.F. 97, 98, 99, 100, 101, 103, 104, 105, 107, 108, 109, 114, 115, 116, 129, 136, 139, 140, 141, 142, 150, 151, 152, 201, ~~202~~, ~~204~~, 210, 253, 264, 267, 275, 296, 343.

Burgers, Mevr. Pres. 116, 210, 213.
Burham, 150.
Burr, Kapt. 168.
Byerly, 163.

*************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

D.

D'Arcy, R.H.K. 161, 169.
Davis, 275.
Davis, Maj. Francis, 325.
De Braconier, 228.
Deecher, Charles, 166, 167, 170, 279, 280.
de Jongh, M.E. 231.
de Kok, K.J. 44.
de Korte, Kapt. S.H. 311.
de Lange B. 64.
de la Rey, Gen. 338.
de Lisle, Kol. H. de B. 328.
Dely, W.A. 106, 160.
de Marez Oyens, D.D. 203.
de Marez Oyens, H.J. 203.
de Meillon, J. 90, 117, 118.
de Sousa, L.F. 326, 327.
de Swaan, Mevr. 252.
Devereux, L. 32, 34, 45, 71, 92.
de Villiers, Adv. 295.
de Villiers, 275.
de Villiers, Sir H. 173, 174, 308. 309
de Villiers, J.A. 145.
de Villiers, J.Z. 182, 183, 215, 218.
de Villiers, Regter Melius. 246.
de Villiers, T.N. 121, 124, 129 184, 230, 254, 268.
de Vries, M. 95, 132, 133, 275.
de Waal, J. 117.
de Wet, Gen. C. 338.
de Wet, Sir J. 230, 292.
de Wet, Regter, 163.
Dingaan, 4.
Disraeli 135.
Dorlas, 199.
Duirs, 293.
du Plessis, Mej. A. 272
du Preez, Jan, 35, 125.
du Toit, A.F. (Inspekteur van Slagpale in 1897 en nie Landdros du Toit nie). 187.
du Toit, A.F. 33, 34, 35, 36, 37, 38, 40 38, 40, 41, 42, 43, 44, 45, 46, 48, 49, 50, 51, 52, 53, 57, 58, 59, 60, 61, 62, 64, 68, 69, 77, 79, 80, 88, 102, 119, 120, 121, 122, 124, 125, 126, 180, 243, 339, 340.
du Toit, Gert, 34.
du Toit, Leonara, 231.
du Toit, Mick, 254, 328.
du Toit, Ds. S.J. 110. 120
du Val, Charles, 166, 167, 170, 280.

*********

E.

Ebbeler, J.H. 228.
Egerton, 116.
Eloff, 179.

Eloff /......

E. (Vervolg).

Eloff, Luit. 290.
Eloff, F.C. 223, 230, 250, 325.
Eloff, Sarel, 282.
Emmett, Robert, 329.
Engelenberg, Dr. F.V. 278, 279.
Erasmus, D.J. 38, 129.
Erasmus, J.D. 230.
Erasmus, Kom. 291.
Erasmus, Majoor, 301, 303, 319.
Espach, B.J. Adj. 319, 320.
Evans, C. 49, 86, 134, 137.
Evans, Mevr. C. 86.

************

F.

Fabian Ware, 272.
Farrel J. 53, 57.
Farrer, George, 288, 293, 296.
Faure, D.S. 19.
Ferreira, Kapt. 299.
Ferreira, I. 250, 251.
Field, 117.
Finley, E.H. 62.
Fitspatrick, 293.
Fitzpatrick, J.P. 317.
Fisher, A. 313.
Fleishman, E. 117.
Fockers, Dr. J.W. 236.
Fockers, 271.
Forstman, L.G. 190, 191, 238, 240, 282, 312.
Ford, G. 346.
Ford L.P. 216.
Fox 163.
Fox, T. 228.
Francken, 213.
Francken, M. 114, 189, 190.
Frere, Sir B. 152.
Fuge, 97.

*********

G.

Gainsford, 117.
Geerling, W.J. 228, 234.
Gildea, Luit. Kol. 162, 168.
Gladstone, 176.
Gluckstein, Baron, 283.
Goesbeck, A. 219.
Goddefroy, 259.
Goldswain, J. 230.
Graham, Dr. 32.
Grawie, J.
Greeff, G. 244.
Green, Conningham, 313, 317, 318, 319, 331.
Green, B.C. 117, 118, 134, 147, 1 170.
Greenlees, Mevr.
Gregerowski, Regter, 295, 296.
Grey, Kol. 293.
Grobbelaar, Hans, 39.
Grobler, J.H. 74.

Grobler / ......

© University of Pretoria

G. (Vervolg).

Grobler, P. 273, 283, 317.
Grott, J. 201; 202
Grunberg, 306.
Grunberger, F.A. 37, 108, 231, 244.
Grünberger, M. 268.
Gunning, Dr. 237, 323.
Gunsberg, 303, 305.

*******

H.

Haggard, Rider, 35.
Haldene, Kapt. Aylmer. 328.
Hall, R.T. 149.
Haman, Carel 224.
Hammond, J.N. 288, 293, 296.
Harting, Prof. 266.
Hartley, 86.
Hawkins 163.
Hayes, G. 253.
Haylett, Dr. 323.
Henderson, J. 136.
Hely-Hitchinson, Sir. 208.
Herbert, Fred, 250.
Herholdt, J.C. 313.
Herman, 90.
Hertzog, Gen. J.B.M. 252, 338.
Heygate, Gen. 160.
Heyjenks, 114.
Hill, 160.
Hilliers, 293.
Hippert, G. 117.
Hobhouse, Emily, 252.
Hofmeyr, J.H. 179, 313.
Hoffman, 117.
Holland, 163, 253, 274, 335.
Holtzhauzen, 25.
Holtzhuizen, R.J. 84.
Hooker, Dr. 112.
Hoyge, 12.
Hudson, 293.
Human, Hans, 49.
Hummel, Dr. 294, 295.

*******

I.

Immelman, D. 275.
Impey, 108.

*******

J.

Jackson, J.N. 85, 102, 103.
Jackson, R. 132.
Jameson, Dr. 288, 289, 290, 29 291, 292, 293, 296.
Jameson se offisiere, 293.
James, 163.
James, R.T.N. 230.
Jamsen, H. 267.
Jansen, Roelof, 11, 34, 49, 5 50, 78.
Jansen van Rensburg, W.C. 76, 78, 80, 81, 84, 89.

Janse /.....

J. (Vervolg).

Janse van Vuuren, J.R. 23.
Jeppe, F. 136, 182, 222, 275.
Jeppe, J. 216.
John, 208.
Jolivet, 150.
Jonker, W. 218, 278.
Jorrison, Dr. E.J.P. 107, 115, 140, 151, 153, 277.
Joubert, C. 92.
Joubert, C.J. 254.
Joubert, Kom. Frans, 161.
Joubert, P.J. 154, 155, 157, 158, 159, 172, 173, 179, 180, 205, 209, 230, 251, 289, 290, 291, 292, 299.
Joubert, Mevr. 334.
Jovilet, 265.
Jula, C.J. 113, 115, 117, 132, 143.

********

K.

Katz, 150.
Keet, 163.
Keith, John, 280, 281.
Kemp , Gen. 273.
Kimberley, Lord, 178, 179.
Kinnear, Adj. 320
Kirch, D.M. 118, 125, 139.
Kirkness, J.J. 191, 194, 199, 230, 241, 253.
Kirsten, 117.
Kisch, 222.
Kitchener, Lord, 253, 330, 331, 334, 335, 337.
Kleyn, Regter, 253.
Klimbe, J. 236.
Knobel, Dr. J.B. 231.
Knothe, J. 86, 87.
Koch, I.I. 191
Koch, J.P.
Koch, J.H.M. 313, 314.
Kock, J.H.M. 234, 308, 309.
Kock, A.G. 342.
Kock, Tonie, 267.
Kock, Johannes, 267.
Kolff, Dr. 314.
Kotze, Arnoldus, 61.
Kotze, J.G. 100, 101, 144, 145, 150, 155, 160, 195, 222, 254.
Krantz, 237.
Krause, Dr. 295, 325.
Kroon, T. Luit. 299.
Krough, J.C. 129, 338.
Kruger, G. 39, 40.
Kruger, S.J.P. 72, 74, 75, 79, 80, 81, 92, 99, 101, 102, 110, 138, 140, 151, 152, 153, 154, 155, 157, 158, 159, 165, ~~172~~, 173, 177, 178, 179, 180, 182, 184, 188, 191, 192, 202, ~~203~~, ~~204~~, 206, 207, 210, 229, 230, 249, 250, 254, 261, 262, 267, 279, 282, 283, 287, 288, 289, 296, 298, 302, 308, 309, 310, ~~311~~, 312, 313, 316, 317, 324,

325 /......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

K. (Vervolg).

325, 326, 334.
Kruger, Sarel. 188.
Kruger, Tjaart, 322.
Kuyper, Nikkelen, 106.

********

L.

Lace, 28.
Lanyon, Sir O. 146, 150, 155, 160, 162, 169, 174, 177, 211.
Lamaison, Mevr. 271.
Lauts, Prof. U.G. 20, 63.
Lawrie, J. 108, 169.
Le Mesurier, 324.
le Mesurier, Maj. 162, 164.
Leon, Kapt. 293, 306.
Leonard, Charles, 288.
Leyds, Dr. W.J. 208, 236, 241, 251, 253, ~~309~~, 310, ~~311~~, 312, 316, 261.
Liebenberg, J.A. 218.
Leith, Geo. 236.
Lincke, O. 113, 114.
Lindeque, Wed. P. 43.
Lindley, Daniel, 19.
Lingbeek, Dr. 184, 188, 236, 322.
Lippert, E. A. 312.
Lithauer, J.J. 147, 148, 170.
Loch, Sir Henry, 208.
Löding, 115.
Lohman, Dr. 295.
Lombaardt, H. 56.
Lorentz 271.
Lostdrager, J. 77.
Lottering, G. 187.
Lottering, B. 187.
Louis, W. 213, 265, 267, 268, 269, 270.
Louw, Ds. 270.
Loveday, R.K. 164, 184, 188, 225, 322, 333, 334.
Lutz, L.E. 187, 188, 303, 306, 322.
Lyne, 88.
Lyle, Dr. 264.
Lys, J.R. 49, 50, 55, 64, 70, 73, 91, 93, 102, 115, 117, 130, 131, 132, 133, 134, 136, 137, 145, 182, 222, 276, 277.

*******

M.

Maarskalk, D. ~~203~~ 201, 201.
Macdonald, 201.
Macfady, W.A. 270.
Machado, 207.
MacMahon, 201.
MacMurdo, ~~203~~, ~~204~~, ~~205~~ 201, 207.
Malan, Kom. 290, 291.
Malherbe, Prof. M. 273.
Malherbe, Mej. 265.

Mansvelt, /.....

M. (Vervolg).

Mansvelt, Dr. 236, 237, 268, 269, 273.
Marais, Eugene, 276, 282, 312.
Marais, H.C. 281.
Marais, J.C.N. 134, 252.
Marais, J.S. 231.
Marais Kinders. 252.
Marais, Kom. Melt, 219, 293, 299, 314.
Marais, P.J. 70, 95, 104, 117, 132.
Mare, F.K. 78, 84, 88, 89, 181.
Mare, Jacob, 346.
Maritz, 4, 188, 322.
Marks, Sameul, 205, 247
Marlborough, 329.
Marquard, 100.
Marreu, W. 272, 273.
Matseli, 1.
Matthysen, 199.
Maxwell, Gen. Maj. J.C. 332, 333, 335, 338.
McCorkindale, 113.
McGibbon, 111.
McKenzie, 160.
McLea, J.H. 111, 112, 113.
Meintjies, B. 116.
Meintjies, E.P.A. 184, 188, 252, 322.
Meintjies, J.J. 122.
Meintjies, S.J. 52, 95, 124, 129, 184, 214, 251, 276.
Meintjies, W.R. 147.
Melvill, 222.
Melvill(e) 118, 122.
Merensky, A. 86.
Messum, Dr. G.B. 184, 188, 219, 233, 234, 322.
Meyer, C. 92.
Meyer, H.T. 237.
Meyer, Gen. L. 187, 326, 338.
Mitchel , Sir Lewis, 286.
Middelberg, G.A.A. 208, 210, 252.
Milner, Sir A. ~~309~~, ~~310~~, 312, 313, 317, 335.
Minnaar, J.C. 248.
Mitchell, 293.
Moffat, Robert, 2.
Mogg, J.W. 251.
Moll, C. 71, 72, 89, 91, 181, 274, 275, 276.
Moll, Landdros, G.P. 274.
Moll, G.P. (Junior), 275.
Moltzer, Prof. J.P. ~~203~~. 201
Montgomery, Luit. Kol. 145.
Moodie, G.M. 91, 99, 136, ~~201~~.
Moraba, 245.
Marcom, 138, 145.
Mosenthal, 293.
Muller, adv. 295.
Munro, J. 197.
Musi, 1.
Mynhardt, G.
Mzilikazi (Silkaats) 2, 4.

*********

N. /......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## N.

Naude, Kapt. 334.
Neetling, G. 167.
Nel, P. 252.
Nelnapius, A.H. 230.
Nicholson, 271.
Nikon, 163.
Niven, M. 293,
Noble, Mevr. 106.
Nourse, H. 253.

******

## O.

O'Brien, T.Y. 282.
Olie, 188, 322.
Olivier, C. 338.
O'Neill, 173.
Oosterbroek, 271.
Oosthuizen, Sarel, 329.
O'Riedell, Kapt. 106, 131.
Osborn, M. 122, 148, 153,
Owen, 12.

*******

## P.

Paff, Luit. P.C. 194, 298, 299, 203.
Pagett, Mej. 215.
Palm, D. 251.
Payne, R. W, Wm. 55.
Peacock, R. 132, 276.
Peerebosen, 115.
Perreira, Bros. 254.
Perreira, B.P. 117.
Phillips, Lionel, 289, 293, 296.
Pierson, Prof. Nic. ~~203~~.201
Pieterse, F. 43.
Pondo's, 160.
Poore, Maj. 331.
Postma, Ds. D. 83, 84, 257.
Potgieter, A.H. 4, 5, 9, 11, 12, 13, 19, 27.
Potgieter, C. 78.
Potgieter, Komdt. 290, 291.
Potgieter, P.J. (Burgemeester). 13, 15, 188, 322, 326, 327.
Preller, C.F. 77, 78, 79, 80, 91, 92.
Preller, J.C. 63, 95,111,115, 129, 133, 134, 147, 148, 160, 170, 182, 252, 276.
Preller, M. 77, 79.
Prinsloo, J.J.P. 14, 16, 28, 33, 39, 42, 45, 57, 59, 62, 64, 68, 77, 88, 95, 181.
Pretorius, A.W.J. 6, 10, 11, 12, 13, 15, 18, 21, 22, 28, 29, 31, 32, 66, 181.
Pretorius, Barend, 50.
Pretorius C.P. 50, 190, 191.
Pretorius, F. 156.
Pretorius, H.A. (Bart), 16, 31, 32.

Pretorius /.....

## P. (Vervolg).

Pretorius, Henning Komdt. 165, 230, 298, 299, 300, 302.
Pretorius, N.S. 50, 190.
Pretorius, Kapt. 301, 315.
Pretorius, M.W. 13, 14, 15, 16, 17, 18, 20, 23, 25, 26, 27, 28, 29, 33, 34, 35, 36, 39, 40, 41, 42, 43, 46, 48, 49, 50, 52, 57, 62, 67, 68, 72, 73, 74, 80, 81, 83, 92, 93, 95, 98, 110, 120, 124, 125, 148, 157, 158, 159, 173, 177, 190, 201, 211, 259, 261, 274.
Pretorius, Z. 62, 63.
Proes, B.C.E. 159.

********

## R.

Rademeyer, J. 77.
Ras, H. 31, 32.
Rawlands, Kol. Hugh, 152.
Reck, C. 198.
Redpath, 163.
Reinints, H. 270, 271.
Reitz, Ex-Pres. 184, 313, 316, 317, 318, 325, 338.
Rex, 131, 222.
Rhind, J. 104.
Rhodes, Cecil John, 286, 287, 288, 289, 291, 296, 309, 313.
Rhodes, Frances, 288, 293, 296.
Ribink, 271.
Rissik, J. 189, 216, 220, 235.
Roberts, Lord, 253, 325, 326, 328, 329, 330, 331, 332, 335.
Robertson, Dr. 19.
Robinson, Sir Hercules, 173, 174, 292, 308.
Robinson, Wm. 97.
Roger, 293.
Roodhuizen, 271.
Roorda-Smit, Dr. J.A. 107, 108. 109, 114, 115, 221, 236.
Roos, 160.
Roos, J. de V. 282.
Rooth, E. 225, 230.
Rose-Innes Adv. 294.
Roth, G.A. 132.
Rous, J.C. 275, 276, 277.
Ruple, F.H. 339.
Rutherford, Dr. 163.
Russel, 115.

********

## S.

Sandberg, C.G.S. 327, 329,
Sauer, Adv. 294, 295.
Sauer (Reformer) 293.
Scheepers, M. 43.
Schiel, 184, 282, 298.
Schiffman, 177.
Schoeman (Boer) 90.
Schoeman, Kom. Gen. S. 35, 36,

37 /.....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

37, 38, 39, 40, 41, 44, 45,
49, 51, 61, 74, 75, 76, 77,
78, 79, 80, 81, 82, 92, 93,
177, 251, 340.
Schreiner, 313.
Schryver, F. 77.
Schubart, 61.
Schurman, W. 77.
Schutte, C.E. 183, 184, 199,
218, 234, ~~310~~.311
Schutte, J.F. 49, 53, 64, 65,
69, 89, 102, 181.
Schutte, W. 35, 53.
Sedserff, Joan, 231.
Sekoekoeni, 142, 145, 152.
Shorley, Rev. G. 106, 125.
Shepstone, 30, 101, 109,122,
135, 136, 137, 138, 139,
140, 141, 142, 145, 146,
1 151, 152, 153, 155, 202,
212, 264, 279.
Sidgwich, W. 228.
Sidman, G.D. 284.
Simmonds, J.W. Leslie-. 189.
Skinner, W. 32, 71, 95, 102,
103, 104, 117, 133, 145,
147, 170, 181, 182, 214,
254.
Smellekamp, J.A. 9, 24.
Smit, Erasmus, 19.
Smit, F.A. 187.
Smit, J.S. 183, 215, 218,
231, 233, 253.
Smit, K. 273.
Smit, M. 187, 219, 267.
Smit, N.J. 31, 32, 179, 230,
253.
Smit, P. 5, 53.
Smit, P.N.J. 223.
Smit, W. 187, 219.
Smith, Andrew, 4.
Smith, Mej. 271.
Smith, Sir Harry, 10.
Smithers, A.H. 106.
Smuts, 230.
Smuts, J.C. 313, 338.
Solomon, 293.
Sprawson, E.W. 228.
Spruyt, J.W. 72.
Statham, 282.
Staub, Luit. 311.
Steyn, Kom. -Gen. H. 79.
Steyn, Pres. 310, 311, 312, 316,
338.
Stiemens, F. 115, 164, 231.
Stiemens, H. 63, 64, 77, 78,
79, 80, 81, 93, 102, 103,
113, 115, 122, 286.
Stracy, Kapt. 293.
Straud, Dr. 230.
Struben, E. 147, 170.
Struben, J.H.M. 49, 53, 70,
89, 91, 95, 134.
Struben, J.W. 62, 64, 104.
Stuart, J. 44, 67.
Sturgis, J. 117.
Sussens, (Broers) 169.
Sutherland, 188.
Swart, Ds. N.J.R. 84, 85,
95, 111, 122, 137, 160,
253 / ......

S. (Vervolg).
253, 275.

*********

T.

Tayler, Dr. 132
Ten Haaf, H.C. 228, 317.
Thompson, Sir William, 335.
Trichardt, Kom. 291, 292, 300,
302, ~~310~~.311
Tromp, 271.
Tsjaka, 2, 4.
Tudhope, J. 285.

**********

U.

Uys, Jacobus, 39.

********

V.

Vaandrager, M. 271.
Van Alphen J. 231.
Van Belkum, 259.
Van Boeschoten, 104, 106, 289,
331.
Van Breda, 111.
Van den Meulen, 294.
Van der Byl, 184, 188, 322.
Van der Hoff, Ds. D. 20, 21,
22, 24, 28, 29, 32, 37, 82, 83.
Van der Hoove, T.H. 145.
Van der Linde, 71, 91, 95.
Van derRysse, 189, 190.
Van der Spuy, Melt, 254.
Van der Walt, A. 6, 14, 28,
35, 37, 38, 40, 42, 45, 50, 53,
69, 125.
Van der Walt, H.P.J. 31.
Van Elden, C. 228.
Van Gorkom, W.J. 107.
Van Heerden, W.J. 97.
Van Hoytema, D.N.R. 317.
Van Leenhof, J.G.C. 56, 57, 62,
77, 80, 88, 89, 90, 102, 160.
Van Leeuwen, Dr. S. 294.
Van Lennep, 149.
Van Levetzow, 108.
Van Malsen, Alida, 231.
Van Manen, 265.
Van Niekerk, 271.
Van Nikkelen Kuyper, F.P.J. 231.
Van Noorden, H.K.J. 284.
Van Pommern, 268.
Van Reenen, 160.
Van Rensburg, W. 38.
Van Rysse, K. 219.
Van Schouwenburg, 271.
Van Trotsenburg, C.K. 216, 228.
Van Trotsenburg, D.A. 228.
Van Warmelo, Ds. 86, 267.
Van Warmelo (Mevr. & Mej.) 334.
Van Wyk, L. 125.
Venter, Ds. J.S.L. 85, 213.
Venter, P.A. 84.

Vercuil/..

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## V. (Vervolg).

Vercuil, C. 78.
Verdoorn, 160, 253.
Vermeulen, Hendrik, 31, 33, 34, 39, 49, 53.
Vermeulen, Kootjie, 31, 33, 34, 53, 191,
Victor, Prins Christian, 242.
Viljoen, Kom. 80, 81, 92.
Viljoen, P. 234.
Viljoen, Dr. W.J. 270.
Visage, J.H. 32, 34, 41, 42, 45.
Von Brandis, Kapt. 252, 285.
Von Mussa, 147, 169, 219.
Von Wielligh, 220, 247.
Von Zwieten, Jan, 215, 216, 217.
Vorster, M.W. 182.
Vos, G.H. 228.

**********

## W.

Wagner, F.W. 271.
Walker, A.H. 52, 119, 120, 121, 122, 124, 125, 211, 244.
Walsh, 150.
Wangemann, Dr. G. 86, 87, 244.
Watermeyer, F.S. 242.
Weavind, Ds. G.
Weeber, J. 77.
Weeber, O.C. 94.
Weeber, P. 77.
Weinthal, L. 283.
Werner, H.C. 306.
Wertheim, A.C. ~~293~~. 201.
Wessels, Ad. 294, 295.
Wessels, 230.
Westmaas, 188, 322.
White, 91.
White, Kol. R. 293.
Whitehead, Percy, 136.
Wierda, Z. 184, 191, 192, 195, 199, 219, 230, 233, 251,
Wills, J.H. 104.
Wilson, 188, 322.
Winstanley, R. 117, 276.
Wolff, K. 199, 230.
Wolmarans, A.D.W. 313.
Wolmarans Kom. J.M.A. 230, 234.
Wolmarans, Maj. 301.
Wolmarans Oud. F.G. 20, 24.
Wood, Sir E. ~~172~~, 173, 174.
Woods, Leigh, 335.
Wyan, 150.
Wypkema, A. 127, 129.

**********

## Y.

Ysebrand, H.G. 188.

********

## Z.

Zboril, Kap. 298.
Zeederberg, D. 160, 230.
Zeederberg, P.F. 327.

Zeiler / ....

## Z. (Vervolg)

Zeiler, H.W. 184, 294.
Ziervogel, C. 252.
Ziervogel, Ds. 252.
Ziervogel, J.F. 115.
Zwarts, G. 77.

**************

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# PLEKREGISTER.

## A.

AndriesOhrigstad, 9, 10.
Apiesriver, 1, 2, 4, 5, 6, 7, 14, 15, 16, 17, 23, 25, 27, 28, 35, 39, 48, 51, 52, 65, 68, 70, 149, 241, 243, 244.
Arcadia, 36, 44, 45, 46, 51, 52, 124, 220, 241.

**********

## B.

Balmoral, 207.
Bechuanaland 288.
Bereapark 242.
Biertuin 149.
Bloemfontein 205, 268, 312.
Boksburg, 205.
Boomplaas, 6, 10.
Botanies Tuin, 125, 242.
Bronkhorstspruit 161, 162.
Burgerspark, 114, 209, 242, 251.

*********

## C.

Camdeboo, 97.
Charleston, 194, 195.
Colesberg, 205.

*********

## D.

Daspoort, 5, 7, 17, 28, 29, 33, 68, 79, 120.
Delagoabaai, 9, 201, 202.
Derdepoort, 11, 13, 18, 168.
Dieretuin, 237, 238.
Dorpskut, 54.
Durban, 194, 293, 312.

*********

## E.

Eerste bewoners van Pretoria en Omgewing pp. 1 - 7.
Elandsfontein, 120, 168, 203, 209.
Elandspoort, 5, 7, 17, 21, 23, 28, 29, 35, 68, 130, 135, 220.
Elandsrivier, 12.

********

## F.

Fonteine 208.
Fort Commeline 163.
Fort Daspoortrand 304, 306, 319.

Fort /.....

## F. (Vervolg).

Fort Derdepoort 305.
Fort Klapperkop, 306.
Fort Kwaggaspoort 304.
Fort Royal, 163.
Fort Schanskop, 304, 306, 318, 320, 328.
Fort Strubenskop, 305, 318, 319, 328.
Fort Tully, 163.
Fort Wonderboompoort, 305, 306, 309.

**********

## G.

Garsfontein, 5.
Gimnasium 221, 251.
Goedehoop 220.
Goewermentsgebou (Ou Raadsaal) 68, 71, 181, 189, 195, 197, 209.
Graaff Reinet, 4, 97, 113.
Groenkloof, 70, 120.
Groot Brittanje, 10.
Grootplaas, 32.
Groot Marico, 4.

*********

## H.

Hanover, 97.
Hartebeestpoort 1.
Heidelberg, 94, 159, 257, 284.
Hekpoort, 10, 11.
Hercules, 148.
Hornsnek, 7.
Hotel Belgrave, 6.
Hotel European, 190, 213, 238.
Hotel Family, 213.
Hotel Grand, 193.
Hotel Masonic, 213.
Hotel President, 193.
Hotel Royal. 213.

*********

## I.

Indiërlokasie, 248.
Inwonerslys (1875) 127, 128.

**********

## J.

Johannesburg, 205, 206, 216, 287, 289, 290, 292, 293, 304, 325, 326.

**********

## K.

Kaapstad, 18, 20, 22, 100,275, 277 / ......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## K. (Vervolg).

Kamp (1881) 163.
Kalkheuwel, 15.
Kapain, 4.
Kerkhof, 95.
Kerkplein 33, 41, 45, 48, 50, 72, 73, 91, 126, 146, 148, 162, 176, 177, 182, 183, 192, 193, 194, 195, 196, 198, 199, 211, 212, 224, 225, 226, 259, 261, 262, 263, 265, 270,
Kew (Engeland) 112.
Kimberley, 161, 204, 273, 286.
Kirkwall, 194.
Klerksdorp, 315, 337.
Klipbult, 144.
Klipriver, 43.
Kloppersdrif, 43.
Koedoespoort, 7, 29, 120.
Kommandonek, 43.
Kranksinnige Gestig, 234, 236.
Krokodilriver, 2, 43.
Krugersdorp, 290, 291, 292, 304.
Krugerhuis, 250, 251.
Kwaggaspoort, 304.

***********

## L.

Landdroskantoor 39, 41, 57, 58, 198, 199.
Langfontein 97.
Leprosegestig, 232, 233, 234.
Les Marais, 120.
Lissabon, 203.
Loretokloosterskool, 149.
Lourenco Marques, 5, 99, 201, 202, 203, 207, 209, 210, 314.
Lydenburg, 9, 10, 13, 14, 15, 16, 17, 20, 21, 22, 23, 24, 26, 27, 29, 30, 37, 78, 93, 135, 145, 161, 267, 303.

**********

## M.

Machadodorp, 326,
Magaliesberg, 1, 2, 4, 7, 10, 14, 43, 81, 303.
Majuba, 170, 172, 173.
Malmanie, 290.
Marabastad, 74, 244, 245.
Mark 90, 91.
Markgebou, 199, 200, 208, 209, 236, 237.
Markplein, 54, 91, 98, 116, 125, 144, 153, 200, 267.
Marksaal, 294.
Meintjieskop, 2, 231.
Middelburg, 122, 291.
Mooiplaas, 120.
Mooirivier, 5, 7.
Moot 1.
Mosega, 4.

Muckleneuk /...

## M. (Vervolg).

Muckleneuk, 52, 220, 241.
Munisipaliteit, 89, 90, 132, 133, 134, 145, 146, 183, 211.
Museum, 236, 237.

***********

## N.

Natal, 4, 9, 10, 32.
Nederland, 19, 202, 269, 270.
Nelspruit, 207.
Newcastle, 136.
Nooitgedacht, 68.

**********

## O.

Ohrigstad, 5, 11, 13.
Olifantsriver, 11.
Oos-London. 287.
Oranje Vrystaat 2, 6, 10, 23, 36, 295.
Orkney Eilande 194.
Ou Stadsaal 252.

********

## P.

Paardekraal, 158.
Paardetrems, 183.
Paleisvan Justisie 195.
Pankoppen, 234.
Pelgrimsrust, 281.
Pienaarsrivier, 25, 26, 234.
Pietersburg, 210.
Pietermaritzburg, 7, 8.
Poortjie, 23.
Poskantoor, 94, 198, 269, 270, (272, 273, 274, 275.
Poskoetsen, 62, 93, 94.
Potchefstroom, 4, 7, 8, 12, 17, 19, 20, 23, 24, 25, 27, 28, 29, 30, 36, 42, 43, 60, 61, 62, 66, 67, 74, 79, 80, 81, 82, 93, 158, 160, 165, 167, 274, 290, 303.
Pretoria, 1, 4, 7, 8, 22, 23, 24, 26, 29, 30, 33, 36, 267, 268.
Pretoria Philadelphia, 21, 22, 24, 25, 31.
Pretoriusplein 126.
Pretoria-Wes 220.
Prinsepark 52, 242.
Prinshof, 52.

**********

## R.

Randfontein, 291.
Remhoogte, 291.
Republiek Natalia, 8.

Rietfontein /......

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

R. (Vervolg).

Rietfontein, 120.
Rooiberg, 43.
Rustenburg, 12, 14, 15, 17, 20, 21, 23, 24, 27, 28, 29, 42, 74, 75, 81, 94, 148, 210, 290, 303.

***********

S.

Sandfontein, 120.
Schoemansdal, 62.
Schoemansdal (Klein) 51, 93.
Schoolplaats, 225.
Sesmylspruit, 167, 168,
Silkaatsnek, 81.
Skeerpoort 43.
Skinnerspruit, 244.
Soutpansberg, 38.
Staatsmunt 209.
Stadsraad, 147, 148, 182, 184, 135.
Standard Bank, 149.
Standerton, 257.
Steenoondspruit, 51, 68, 124.
Stellenbosch, 269, 273,
Suid-Afrikaanse Republiek 8.
Suid-Wes-Transvaal, 2.
Suikerbosrand, 13, 16, 17, 26, 27.
Sunnyside, 113, 148, 220, 241, 328, 330.
Swartkop(pies), 120, 168.

*********

T.

Telegraaf, 149.
Transvaal, 2, 6, 9, 10, 11, 12, 13, 14, 18, 19, 20, 21, 23, 24, 26, 29, 31, 32, 35, 36, 269, 272, 273, 274, 275, 276, 278.
Tronk, 58, 68, 72, 116.

**********

U.

Ulundi House, 138, 140, 176.
Utrecht, 29, 265.
Utrecht (Ned.) 97.

********

V.

Vaalrivier, 11, 43, 60, 205.
Van der Merwesdrift, 11.
Vegkop, 4.
Vereniging, 338,
Viljoensdrif, 205, 287.
Vleiplaas, 97.
Vli

Vlieëpoort /..

V. (Vervolg).

Vlieëpoort, 43.
Volkshospitaal, 116, 183, 214, (232.
Volksrust, 136, 293, 315.
Volksstem De, 98.
Vrywilliger-Korps, 131.

********

W.

Wakkerstroom, 289.
Wallmannsthal, 87.
Warmbad, 23, 27.
Waterberg, 62.
Waterkloof, 5.
Watervoor, 50, 51, 53, 54, 69.
Welgevonden, 120.
Wesfort, 234.
Weskoppies, 234.
Wildebeesthoek, 7.
Witwatersberge, 1.
Witwatersrand, 287.
Wonderboom, 1.

**********


Z.

Zandrivier, 12.
Zoutpansberg, 9, 20, 27, 29, 78.
Zoutpansbergdorp, 9, 10, 23.
Zeerust, 252, 265.

***********


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




© University of Pretoria